UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE AFRIKANERS SE LAASTE HALFEEU IN ANGOLA, 1928–1975

deur

FRANS JOHANNES NICOLAAS STASSEN

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE (GESKIEDENIS)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria
2009

Promotor: Prof. J.S. Bergh
Medepromotor: Prof. F. Pretorius

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir Talita, Liesl, Nicol en Anna,
Erla en Nicole

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INHOUD

Voorwoord *10*
Bedankings *11*
Nota oor die spelling van name *12*
Afkortings *14*
Illustrasies *17*
Tabelle *19*
Kaarte *20*

AGTERGROND | *21*

Inleiding *21*
Doel *21*
Die Dorslandtrekke en die Afrikaners in Angola *23*
Angola *26*
Afrikaners in diaspora *30*
Relevansie en betekenis *32*

DEEL I

Hoofstuk 1
DIE ROL VAN DIE OMGEWING | *35*

Geomorfologie *35*
Riviersisteme *36*
Geologie *39*
Klimaat *40*
Grondtipes *42*
Plantegroei *44*
Dierelewe *45*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL II

Hoofstuk 2
DIE GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING VAN ANGOLA TOT 1975 | *47*

Portugal en die Portugese "mentaliteit" *48*
Die Portugese besetting van Angola (1576–1839) *50*
Slawerny en dwangarbeid in Angola (1486–1961) *51*
Die kolonisasie van die binneland van Angola (1839–1910) *57*
Angola en die Portugese republiek (1910–1926) *62*
Angola en die *Estado Novo* tot aan die begin van die bevrydingstryd (1933–1961) *64*
Die bevrydingstryd (1961–1975) *69*
Angola ná die Angelierrevolusie (1974–1975) *73*

Hoofstuk 3
DIE BEVOLKING VAN ANGOLA | *76*

Administratiewe verdeling en bevolkingstatistiek *76*
Inheemse bevolking *77*
Mestiços *80*
Assimilados *81*
Blanke bevolking *82*
Duitsers *89*
Ander blankes *92*
Protestantse sendelinge *93*
Onderwys *98*

Hoofstuk 4
DIE EKONOMIE VAN ANGOLA | *103*

Landbou *104*
Veeboerdery *109*
Mynbou en ander industrieë *110*
Infrastruktuur *112*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL III

Hoofstuk 5
DIE DORSLANDTREKKE EN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1874–1928) | *118*

Voorlopers van die Dorslandtrekke (1868–1873) *118*
Die eerste drie Dorslandtrekke (1874 –1880) *119*
Vestiging in Angola (1881–1890) *122*
Latere trekke na Angola (1891–1928) *124*
Redes waarom die Afrikaners na Angola getrek het *128*
Die repatriasie van 1928 ..... *145*
Trekredes in 1928 ..... *146*

Hoofstuk 6
DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958) | *158*

Redes waarom sommige Afrikaners in 1928 in Angola agtergebly het *158*
Getal Afrikaners wat in 1928 in Angola agtergebly het *168*
Afrikaners wat ná 1928 na Angola teruggekeer het *169*
Afrikaners wat ná 1928 Angola verlaat het *175*
Getal Afrikaners in Angola teen 1958 ..... *179*
Geografiese verspreiding *180*
Plekke waar die Afrikaners ná 1928 in Angola gebly het *186*

Hoofstuk 7
EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958) | *204*

Die ontstaan van ’n tradisie om selfstandig te boer *204*
Landbou *205*
Gemengde bestaansboerdery *209*
Kontantgewasse *210*
Veeboerdery *211*
Transportry *212*
Huursoldate *219*
Jag *221*
Bosbou *230*
Mynbou *232*
Ander ekonomiese aktiwiteite *233*
Omvang van die armoede *237*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oorsake van die armoede *241*
Die trekgees *249*
Afrikaners in meer gegoede omstandighede *250*
Pogings om die armoede aan te spreek *252*

Hoofstuk 8
MATERIËLE KULTUUR VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958) | *254*

Behuising *254*
Kleredrag *270*
Vervoermiddele *272*
Voedsel *275*

Hoofstuk 9
GEESTELIKE KULTUUR VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958) | *279*

Afrikaanse leesstof *280*
Afrikaanse radio-uitsendings *282*
Afrikaanse taal *283*
Afrikaanse volksfeeste en sosiale byeenkomste *288*
Boererate en bygeloof *291*

Hoofstuk 10
ONDERWYS ONDER DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958) | *294*

Die ontstaan van die onderwysprobleem voor 1928 ..... *294*
Die voortsetting van die onderwysprobleem ná 1928 ..... *297*
Pogings om onderwysprobleem aan te spreek (1946 –1953) *302*
Jan Diederiks se besigheidsplanne (1946 –1953) *305*
Die Plaassoekkommissie (1952) *306*
Die Kosskoolkommissie (1955) *308*
Die skool op Tunda (1956 –1958) *309*
Die Vliegtuigkommissie (1957) *312*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 11

GODSDIENSTIGE LEWE VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958) | *315*

Die Gereformeerde Kerk (1881–1928) *315*
Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1910–1928) *316*
Kerklike bearbeiding van die Afrikaners (1928–1953) *318*
Die bediening van ds. P.S. van der Walt (1953–1958) *327*
Die bediening van ander kerkgenootskappe (1928–1958) *333*

Hoofstuk 12

VERHOUDING MET ANDER GEMEENSKAPPE (1928–1958) | *337*

Die Portugese koloniste *338*
Die Portugese owerheid *347*
Ander blankes in Angola *357*
Die inheemse bevolking *358*
Slawerny *363*
Die "mak volk" *366*
Die Angola-Boere in Suidwes-Afrika *371*
Die Afrikaners in Suid-Afrika *374*

Hoofstuk 13

MAATSKAPLIKE TOESTANDE ONDER DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958) | *375*

Sedelike peil *375*
Saamwonery *378*
Losbandigheid en "verportugesing" *381*
Buite-egtelike kinders *383*
Egskeidings *384*
Seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn *387*
Ondertrouery *396*
Misdaad onder die Angola-Boere *398*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL IV

Hoofstuk 14
DIE REPATRIASIE VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA IN 1958 | *402*

Ontstaan van die repatriasiegedagte *402*
Redes waarom sommige Afrikaners van Angola in 1958 getrek het *407*
Verskillende gedagtes oor repatriasie *409*
Beskikbaarheid van plase in Suidwes-Afrika *414*
Die aanloop tot die repatriasie *414*
Die Humpata-fees (1957) *416*
Die Volkskomitee vir Angola-Boere *421*
Die begin van die repatriasie *425*
Die Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante *430*
Organisasie van die repatriasie *432*
Welsynsdienste en onderwys *437*
Bevolkingsregistrasie *439*
Plasing in arbeidsame betrekkings *441*
Persone van gemengde herkoms *445*
Repatriasie na Suidwes-Afrika *447*
'n Terugkeer na Angola *449*
Teruggekeerdes wat weer na Suid-Afrika verhuis het *452*
Persone wat in Angola agtergebly het *453*
Afsluiting van die repatriasie *455*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL V

Hoofstuk 15
DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1958–1975) | *458*

Redes waarom sommige Afrikaners ná 1958 in Angola gebly het *458*
Nuwe intrekkers in Angola *462*
Getal Afrikaners in Angola ná 1958 en hulle verspreiding *466*
Jan Diederiks *467*
Ekonomiese omstandighede *469*
Onderwys *470*
Kontak met die Afrikaanse geesteswêreld *471*
Kerklike bearbeiding *472*
Die bevrydingstryd (1961–1975) *476*

Hoofstuk 16
DIE LAASTE AFRIKANERS VLUG UIT ANGOLA (1975) | *478*

Hoofstuk 17
BETEKENIS | *491*

BYLAES
Bylae 1: Geografiese name *494*
Bylae 2: Afrikaners wat in 1928 in Angola agtergebly het *496*
Bylae 3: Afrikanervroue wat teen 1928 met Portugese mans getroud was en in Angola agtergebly het *501*
Bylae 4: Afrikanervroue wat teen 1928 met Portugese mans saamgeleef het en in Angola agtergebly het *503*
Bylae 5: Afrikaners wat ongeveer 1958 in Angola gewoon het *505*

BRONNE *510*
REGISTER *558*

© University of Pretoria

OPSOMMING

Gedurende die laat negentiende eeu het verskeie georganiseerde trekke die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) verlaat. Die eerste van hierdie trekke het in Mei 1874 vertrek. Nadat die eerste drie trekke verenig het, het die trekkers hulle ná bykans sewe jaar in Januarie 1881 by Humpata op die Huíla-hoogland in die Portugese kolonie Angola gevestig. Veral die tweede trek is gekenmerk deur onbeskryflike lyding as gevolg van honger en dors in die Kalahariwoestyn en malaria aan die Okavango. Vanaf 1892 tot 1894 het drie verdere groot trekke gevolg. Ná die laaste groot trek in 1907 het die Portugese owerheid verdere Boeretrekke verbied. Mettertyd het die trekkers hulle ook op ander plekke op die hooglande van Angola gevestig en ’n groot Afrikaanse gemeenskap gevorm. Hulle het ’n bestaan gemaak uit hoofsaaklik veeboerdery, jag en transportry. Hul bestaansmoontlikhede het mettertyd al hoe minder geword. In 1928 is ongeveer 2000 Angola-Boere na Suidwes-Afrika gerepatrieer.

Hierdie studie ondersoek die gemeenskap Afrikaners wat tussen 1928 en 1975 in Angola gewoon het. Daar word aangetoon dat die geografie, bevolkingsamestelling en ekonomiese ontwikkeling, sowel as die historiese verloop van gebeure in Angola in die algemeen as ’n Portugese kolonie tot 1975, ’n belangrike invloed op die geskiedenis en nedersettingspatroon van die Angola-Boere uitgeoefen het.

Die gemeenskap van 386–471 Afrikaners wat ná 1928 in Angola agtergebly het, is aan die vergetelheid en verwaarlosing oorgelaat en is later as ’n “lewende fossiel” en slagoffers van hulle eie behoudendheid bestempel. Mettertyd het grootskaalse verarming ingetree en die meerderheid kon nie meer ’n menswaardige bestaan in Angola voer nie. Sommige het wel nog ’n lewe uit gemengde boerdery, transportry en jag probeer maak, dekades nadat hierdie lewenswyse elders uitgesterf het. Die behuising, kleredrag en vervoermiddele van sommige persone het die tekens van hulle armoede getoon.

Die band met hulle volksgenote in Suid-Afrika is lewend gehou deur enkele Afrikaanse boeke, tydskrifte en koerante, asook radio-uitsendings, volksfeeste en periodieke besoeke van predikante van die Hervormde Kerk. Die opvoeding van die kinders is grootliks verwaarloos en slegs enkele kinders het ’n skoolopleiding geniet. Op kerklike gebied het hulle eweneens agteruitgegaan en hulle het, met die uitsondering van ’n tydperk van vyf jaar, slegs ’n paar kortstondige besoeke van Hervormde predikante ontvang.

Op maatskaplike gebied het die meerderheid Angola-Boere ’n hoë sedelike peil ge-

© University of Pretoria

handhaaf. Sommige persone se sedelike peil was nogtans kommerwekkend laag en enkele gevalle van losbandigheid, "verportugesing" en verhoudinge oor die kleurskeidslyn het voorgekom.

Die verhoudinge met ander bevolkingsgroepe – die Portugese koloniste, die inheemse bevolking en die "mak volk" – was normaalweg goed, maar die meerderheid Angola-Boere het hulself as 'n aparte etniese groep geïdentifiseer en hierdie identiteit gehandhaaf.

Aandag word geskenk aan die redes vir besluite wat individue van hierdie diaspora-gemeenskap op verskillende tye geneem het om óf in Angola te bly óf om weer te trek. Vanaf 1958 tot 1963 is die meerderheid van die ongeveer 600 Afrikaners in Angola na Suidwes-Afrika en Suid-Afrika gerepatrieer, terwyl die res in Angola agtergebly het. Hierdie groepie Afrikaners het hul Afrikanerskap daar onder moeilike omstandighede gehandhaaf. Met die uitbreek van die burgeroorlog in 1975 in Angola het die laaste Afrikaners uit Angola gevlug en het die verbintenis van die Angola-Boere met Angola ná byna 'n eeu tot 'n einde gekom.

Hoewel die nalatenskap van die Angola-Boere in Angola relatief gering is, het hulle oor 'n lang tyd merkwaardige deursettingsvermoë in moeilike omstandighede aan die dag gelê.

SLEUTELWOORDE

Afrikaners; Angola; Angola-Boere; diaspora; Dorslandtrek; identiteit; migrasie; Portugal; repatriasie; Trek

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SUMMARY

During the late nineteenth century a number of organized treks left the South African Republic (ZAR). The first of these treks left in May 1874. Seven years later, in January 1881, and after the amalgamation of the first three treks, the trekkers settled at Humpata on the Huíla highlands in the Portuguese colony of Angola. The second of these treks in particular was marked by suffering beyond description as a result of hunger and thirst in the Kalahari Desert and malaria near the Okavango. From 1892 to 1894 three further major treks followed. After the last major trek in 1907 the Portuguese government prohibited further treks. In time, the trekkers also settled elsewhere on the highlands of Angola and formed a large Afrikaner community. They made a living mainly from stock farming, hunting and transport riding. In time their means of livelihood were reduced. In 1928 about 2000 Angola Boers were repatriated to South-West Africa.

This study investigates this community of Afrikaners who lived in Angola between 1928 and 1975. It is shown that the geography of Angola, the composition of its population and its economic development, as well as Angola's historical development in general until 1975 as a Portuguese colony, had a major influence on the history and settlement patterns of the Angola Boers.

The community of 386–471 Afrikaners that remained in Angola after 1928 fell into oblivion and neglect and was described as a "living fossil" and the victim of its own conservatism. The majority still practised mixed farming, transport riding and hunting, decades after this way of life had become obsolete elsewhere. In time, futher large-scale impoverishment set in and the majority could no longer make a decent living in Angola. Their housing, clothing and modes of transport bore witness to their poverty.

The ties with their kindred in South Africa were kept vibrant by a few books, magazines and newspapers, as well as radio broadcasts, popular celebrations and the periodic visits by ministers of the Hervormde Kerk. The education of their children was, to a large extent, neglected and only a few children benefited from a primary education. In religious matters too they showed signs of deterioration. With the exception of a period of five years they only received a few periodic visits from ministers of the Hervormde Kerk.

Socially, the majority of the Angola Boers maintained highly moral standards. However, some members of the community were alarmingly depraved and a number of cases

© University of Pretoria

of licentiousness, acceptance of Portuguese mores and relationships with people of colour occurred.

Normally, relations with other ethnic groups – the Portuguese colonists, the indigenous population and the "mak volk" (their erstwhile labourers and slaves) – were good but the majority of Angola Boers identified themselves as a separate ethnic group and preserved this identity.

Attention is given to the reasons for the decisions by individuals of this diaspora community at different times to either stay in Angola or migrate again. From 1958 to 1963 the majority of the 600 Afrikaners in Angola were repatriated to South-West Africa and South Africa, while a number stayed in Angola. There, this small community of Afrikaners preserved its ethnic identity under difficult circumstances. In 1975, with the outbreak of civil war in Angola, the last Afrikaners fled Angola and, after nearly a century, the ties of the Angola Boers with Angola were severed.

Although the legacy of the Angola Boers is relatively small, they showed remarkable perseverance over a considerable period of time and under difficult circumstances.

KEYWORDS

Afrikaners; Angola; Angola Boers; diaspora; identity; migration; Portugal; repatriation; Trek; Thirstland Trek

© University of Pretoria

CURRICULUM VITAE

Die graad D.Phil.

Frans Johannes Nicolaas Stassen

Frans Johannes Nicolaas Stassen is op 8 Junie 1963 gebore en matrikuleer in 1981 aan die Hoërskool Hangklip, Queenstown. Hy behaal die graad B. Ing. (Chem.) (cum laude) aan die Universiteit van Pretoria in 1985. Daarna sit hy sy studie voort aan die Universiteit van Pretoria, waar hy die grade B. Ing. (Chem.) (Hons.) (cum laude) en M. Ing. (Chem) in onderskeidelik 1987 en 1991 behaal, en die Universiteit van Suid-Afrika, waar hy die graad B.A. (cum laude) in 1992 behaal. Hy is tans werksaam in die boekebedryf as uitvoerende direkteur van ’n uitgewery en ’n groep boekwinkels.

In die proefskrif **Die Afrikaners se laaste halfeeu in Angola, 1928–1975** slaag die promovendus daarin om die Afrikanergemeenskap in Angola op ekonomiese, sosiale, materiële, geestelike, godsdienstige en maatskaplike gebied indringend te ondersoek, te ontleed en te beskryf. Die meerderheid Angola-Boere het hulself as ’n etniese groep geïdentifiseer en hierdie identiteit gehandhaaf en tot 1975 ’n leefwyse voortgesit wat dekades gelede elders uitgesterf het. Die promovendus dui oortuigend aan dat, hoewel hulle nalatenskap in Angola relatief gering is, hulle oor ’n lang tyd merkwaardige deursettingsvermoë in moeilike omstandighede aan die dag gelê het.

Promotor:	Prof. J.S. Bergh
Medepromotor:	Prof. F. Pretorius
Eksterne eksaminatore:	Prof. E.L.P. Stals (Emeritusprofessor RAU en Windhoek Akademie)
	Dr. H.F. Heese (Universiteit van Stellenbosch)

Handtekening – Promotor: _____

© University of Pretoria

VOORWOORD

Toe ek aanvanklik in die Afrikaners van Angola belanggestel het, het die heroïese geskiedenis van die Dorslandtrek my aangegryp. Feitlik alle aspekte van die lewe van die Dorslandtrekkers nadat hulle in Angola aangekom het, het my ook eindeloos geboei. Ek kon ure lank na vertellings oor die eksotiese lewe in Angola luister. Nadat ek Angola in 2003 besoek het, het ek besluit om hierdie studie aan te pak. Met die navorsing en sintese van hierdie werk moes dikwels maagdelike terrein omgeploeg word. Ek hoop dat die vreugde wat ek tydens die navorsing en skryf van hierdie werk ervaar het, uit die bladsye daarvan sal deurskemer.

Geen historikus kan daarop aanspraak maak dat hy/sy die laaste woord oor ’n bepaalde tema gespreek het nie. Toekomstige historici sal ongetwyfeld tot bykomende perspektiewe en gevolgtrekkings kom wanneer hierdie veld weer indringend ondersoek word. Dit is immers eie aan Geskiedenis – wat as die “nimmereindigende diskussie” deur Pieter Geyl bestempel word.

© University of Pretoria

BEDANKINGS

Dit is baie moeilik om navorsing van hierdie omvang te onderneem sonder om hulp van ’n groot aantal persone te ontvang. Ongeveer 500 mense het hulp van die een of ander aard tydens die navorsing verleen. Dit is dus bykans ’n onbegonne taak om almal hier by die naam te bedank. Ek wil nogtans graag enkele persone uitsonder.

In die eerste instansie wil ek graag dr. Hans Heese, prof. H.G. van der Westhuizen en dr. Kobus van Tonder, wat omvangryke navorsing oor die Afrikaners van Angola gedoen het en hulle inligting aan my beskikbaar gestel het, bedank. Dit het my gehelp om baie vinniger met die onderwerp vertroud te raak as wat ek andersins sou kon doen. Verskeie ander persone, soos oom E.T. (Roosevelt) Meyer, Doc Immelman, Wouter van Zijl, Gunther von Schumann, dr. Jan Goris, Paul van Zijl, me. Kotie le Grange en me. Corlia Borstlap, het ook inligting oor die Afrikaners van Angola tot my beskikking gestel.

Ek is ook dank verskuldig aan ongeveer 100 persone met wie ek persoonlike onderhoude en 50 persone met wie ek telefoniese onderhoude gevoer het. Hierdie persone het die verlede vir my lewendig gemaak deur die ou foto’s, anekdotes, geslagsregisters, briewe en herinneringe wat hulle opgediep het. In die besonder wil ek graag Marthie Voigt, oom Willie Ludeke, Joey de Klerk, Hannie Truter en oom E.T. Meyer vir die interessante gesprekke en hulle voortdurende belangstelling uitsonder. Die afsterwe van talle persone nadat ek met hulle onderhoude gevoer het, was ’n voortdurende vingerwysing na die dringendheid van hierdie studie en ’n groot verlies vir die kulturele geheue van die Afrikaners.

Voorts is ek besondere dank verskuldig teenoor me. Helena Grego (SGL), me. Erika Terblanche (NALN), Nándor Sarkady & Riek van Rensburg (NHK), me. Joke Botha (GKSA) en die personeel van talle ander argiewe wat my bygestaan het om inligting in die hande te kry.

Fritz Berkemeier van die Livraria Histórica e Ultramarina in Lissabon het talle moeilik bekombare boeke oor die koloniale geskiedenis van Angola vir my opgespoor. In die loop van die afgelope vyf jaar het hy Afrikaans aangeleer en kan dit nou goed praat. Ek kon weer my Portugees baie verbeter deur hom en sy vrou Francisca vier keer in Lissabon te besoek.

Me. Magda Geringer van die Departement Geografie aan die Universiteit van Pretoria het die kaarte vir hierdie proefskrif geteken, terwyl Frans Pietersen die foto’s wat vir illustrasies gebruik word, gerestoureer het.

© University of Pretoria

Verskeie van my personeellede, soos Marniel Botha, Littlejohn Galloway, Leti Kleyn, Christoff Mans, Ronèl Riekert, Kristèl Roets, Jurgen Schreck en Peet van Aardt, het vir korter of langer periodes hulp aan my verleen, byvoorbeeld deur boeke of materiaal in argiewe op te spoor.

Wat die laaste stadiums van die werk betref, is ek oneindig dank verskuldig aan dr. Jeanette Ferreira wat ten spyte van druk werksaamhede die proefskrif geredigeer en toegesien het dat dit vlot lees. Ek is ook dank verskuldig aan die entoesiasme, toewyding en noukeurigheid van Amelia du Plessis (née de Vaal) en Kristèl Roets wat as proeflesers die laaste foutjies uitgestryk het. Laastens het die bekwame en veelsydige Hanli Deysel die uitleg behartig.

Ek wil graag my dank en waardering uitspreek teenoor prof. O.J.O. Ferreira en me. Marthie Voigt, wat die manuskrip in ’n finale vorm gelees en waardevolle terugvoer gegee het.

Ek wil graag my besondere dank uitspreek teenoor my promotor en medepromotor, prof. Johan Bergh en prof. Fransjohan Pretorius van die Universiteit van Pretoria, wat met hulle voorstelle, korreksies en kritiek finale vorm aan die teks help gee het en wie se belangstelling en betrokkenheid op prys gestel word.

© University of Pretoria

NOTA OOR DIE SPELLING VAN NAME

In die geval van Angola word die spelling van name bemoeilik omdat woorde op verskillende maniere gespel is voordat die ortografie gemoderniseer is. In Portugees is die spelling in 1911 en weer in 1945 hervorm. In hierdie proefskrif word plekname en geografiese name meestal soos die algemeen aanvaarde Portugese ortografie teen die sewentigerjare van die twintigste eeu gespel. In sekere gevalle word uitsonderings gemaak – byvoorbeeld die name van plekke en geografiese kenmerke wat bekend is aan Afrikaanse lesers. Dus word die rivier Zambezi as sulks gespel hoewel dit in Portugees Zambeze gespel word. Die naam Alto Zambeze vir 'n geografiese streek word egter behou. Die rivier Kunene word as sulks gespel hoewel die spelling Cunene vir die distrik behou word. Die rivier Kongo word as sulks gespel hoewel dit die Zaire in Portugees heet. Die spelling Congo vir 'n streek van Angola word nietemin behou om dit van die Belgiese Kongo te onderskei. Die naam Bié word deurgaans gebruik hoewel die vorme Bihé en Viye ook bekend is.

Die spelling van plekname word verder gekompliseer deur die feit dat baie plekke wat vroeër name in Afrikatale gehad het, herdoop is met koloniale Portugese name en ná 1975 weer herdoop is, dikwels deur die oorspronklike naam weer in gebruik te neem. In hierdie proefskrif word sover moontlik die Portugese naam gebruik wat gedurende die tydperk 1928–1975 in gebruik was. In Bylae 1 word 'n lys ou en nuwe name van plekke in Angola gegee. In die geval van lande word eweneens die tydgenootlike name van lande gebruik. In Bylae 1 verskyn 'n lys ou en nuwe name van lande.

Sedert 1978 het die Angolese regering begin om die Portugese spelling van sekere plekname te verander om 'n Afrika-ortografie te reflekteer. Die mees algemene verandering was om *cu* na *kw* en *ku* voor vokale en konsonante onderskeidelik te verander, byvoorbeeld Cuango wat Kwango word en Cunene wat Kunene word.

Met die uitsondering van prins Hendrik die Seevaarder (Henrique in Portugees) word persoonsname van Portugese oorsprong gespel soos die gebruik in Portugees is.

Hoofletters in die titels van publikasies en artikels word konsekwent in ooreenstemming met die titelblad of titel van die oorspronklike publikasie gedoen, soos die aanvaarde biblioteekkundige praktyk in sommige kringe is.

© University of Pretoria

AFKORTINGS

Afkortings in die teks

ACVV	Afrikaanse Christelike Vrouevereniging
AEB	Afrika Evangelisasie Bond
AGS	Apostoliese Geloofsending (van Suid-Afrika)
AHA	Arquivo Histórico de Angola
AHU	Arquivo Histórico Ultramarino
ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
CFB	Caminho de Ferro de Benguela
CFM	Caminho de Ferro de Moçâmedes
DGS	Direcção Geral de Segurança (Direktoraat-generaal vir Sekuriteit)
DRK	Demokratiese Republiek van die Kongo
Diamang	Companhia de Diamantes de Angola (Diamantmaatskappy van Angola)
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge
FAPLA	Forças Armadas Populares para a Libertação de Angola (Populêre Gewapende Magte vir die Bevryding van Angola)
FNLA	Frente Nacional de Libertação de Angola (Nasionale Front vir die Bevryding van Angola)
GKSA	Gereformeerde Kerk
MEI	Maatskappy vir Europese Immigrasie
MFA	Movimento das Forças Armadas (Beweging van die Gewapende Magte)
MPLA	Movimento Popular de Libertação de Angola (Populêre Beweging vir die Bevryding van Angola)
NG	Nederduits Gereformeerde (Kerk)
NGK	Nederduits Gereformeerde Kerk
NHK	Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
NHSV	Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging
OMEG	Otavi Minen- und Eisenbahngesellschaft
PIDE	Polícia Internacional e de Defesa do Estado (Internasionale Polisie en Polisie vir die Beskerming van die Staat)
RDB	Reddingsdaadbond

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SAOG	Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap
SAUK	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
SAVF	Suid-Afrikaanse Vrouefederasie
SGL	Sociedade de Geografia de Lisboa
SWA	Suidwes-Afrika
SWAPO	South-West Africa People's Organisation
SWAWEK	Suidwes-Afrika Water- en Elektrisiteitskorporasie
TAP	Transportes Aéreos Portugueses
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
UNITA	União Nacional para a Independência Total de Angola (Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola)
UP	Universiteit van Pretoria
US	Universiteit van Stellenbosch
UPA	União das Populações de Angola (Unie van die Bevolkings van Angola)
VLU	Vroue-Landbou-Unie
VNO	Verenigde Nasies Organisasie
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek

Afkortings in die voetnote

AHA	Arquivo Histórico de Angola, Luanda
AHU	Arquivo Histórico Ultramarino, Lissabon
ATK	Angola Boer Trek Kaokoveld Sections
BIN	Suidwes-Afrika Administrasie: Immigrasie-reeks
BTS	Buitelandse Sake
CS	Colonial Secretary
DGU	Direcção Geral do Ultramar
FJNS	Private versameling, F.J.N. Stassen
GG	Office of the Governor General
GH	Government House
GKSA	Gereformeerde Kerkargief, Potchefstroom
GOV	Governor's Office
HU	Gereformeerde Gemeente Humpata
JCU	Junta Consultiva do Ultramar
KAB	Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad

© University of Pretoria

MC	Ministério das Colónias
MHG	Meester van die Hooggeregshof
MU	Ministério do Ultramar
NALN	Nasionale Afrikaanse Museum en Letterkundige Navorsingsentrum, Bloemfontein
NAN	Nasionale Argief Namibië, Windhoek
NHK	Kerkargief, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria
NWV	Namibië Wetenskaplike Vereniging, Windhoek
PIO	Principal Immigration Officer
PM	Prime Minister
PU	Ferdinand Postma Biblioteek, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom (nou Noordwes-Universiteit)
QU	Gereformeerde Gemeente Que
SAB	Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria
SAM	Archiv der Schweizer Allianz Mission (Alliance missionnaire Évangélique Suisse), Winterthur, Switserland
SAUK	SAUK Klankargief, Johannesburg
SEMU	Secretaria de Estado da Marinha e Ultramar
SS	Staatsekretaris
SSA	Staatsekretaris, Buitelandse Sake-Afdeling
SWAA	Suidwes-Afrika Administrasie
SWAS	Suidwes-Afrika Administrasie AS-Reeks
TAB	Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria
UJ	Africana-versameling, Universiteit van Johannesburg
US	Dokumentesentrum, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch
VOL	Departement Volkswelsyn en Pensioene SWA Streekkantoor
VWN	Departement Volkswelsyn
WITS	The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg
ZBU	Zentralbureau des kaiserlichen Gouvernements

© University of Pretoria

ILLUSTRASIES

Figuur 1: *Droëry van olifantbiltong op rotse in Angola* *222*

Figuur 2: *'n Tipiese toneel in die jagveld van Angola* *222*

Figuur 3: *'n Afrikanerwoning wat van gras gebou is* *257*

Figuur 4: *'n Afrikanerwoning wat van gras gebou is* *257*

Figuur 5: *Die netjiese woning van gras van Frans Milho* *258*

Figuur 6: *Japie Piorek se werf op Tunda* *258*

Figuur 7: *'n Boerewoning op die wal van die Okavango* *259*

Figuur 8: *Armoede en swaarkry by die Van der Merwe-gesin* *259*

Figuur 9: *'n Afrikanerwoning van pale en klei* *260*

Figuur 10: *'n Afrikanerwoning met rousteenmure en 'n grasdak* *260*

Figuur 11: *Nog 'n woning van verarmde Afrikaners in Angola* *261*

Figuur 12: *Die netjiese werf van die De Klerk-gesin* *261*

Figuur 13: *Die De Klerk-gesin se netjiese baksteenwoning* *262*

Figuur 14: *Die netjiese grasdakwoning van Eduard Storbeck* *262*

Figuur 15: *'n Tydelike grasskerm wat as woning benut word* *263*

Figuur 16: *'n Tydelike woning van Afrikaner-delwers* *263*

Figuur 17: *'n Tydelike grasskerm wat as woning benut word* *264*

Figuur 18: *'n Tydelike grasskerm vir 'n kerkbyeenkoms of troue* *264*

Figuur 19: *Pedro Milho se bakoond by Pocólo* *265*

Figuur 20: *Pedro Milho se hoenderhok by Pocólo* *265*

Figuur 21: *'n Afrikanervrou met 'n swart kappie* *271*

Figuur 22: *'n Netjiese Afrikaanse bruidspaar* *271*

Figuur 23: *'n Tipiese Afrikanergesin in Angola* *271*

© University of Pretoria

Figuur 24: *'n Ossewa, wat toe nog in gebruik was* *274*

Figuur 25: *'n Houtslee in gebruik* *274*

Figuur 26: *Die dogters se slaapsaal by Paul van der Walt se skool* *311*

Figuur 27: *'n Doopsertifikaat van T.V. Vapaavuori in Afrikaans* *311*

Figuur 28: *Ds. Paul en Mimie van der Walt by hulle vragmotor* *330*

Figuur 29: *Netjiese kerkgangers tydens 'n erediens* *330*

Figuur 30: *'n Arm gesin Portugese "kolonies" by Palanca* *340*

Figuur 31: *Jan Slagveld van der Merwe* *340*

Figuur 32: *Vlugtelinge uit Angola in 1975* *480*

Figuur 33: *Vlugtelinge uit Angola* *480*

Figuur 34: *Portugese vlugtelinge uit Angola by 'n vlugtelingkamp* *481*

Figuur 35: *'n Konvooi Portugese vlugtelinge uit Angola* *481*

Figuur 36: *Die 78-jarige Anna Margarida Erasmus Hayes* *482*

Figuur 37: *Afrikanervlugtelinge in 1975* *482*

Figuur 38: *Afrikanervlugtelinge in 1975* *483*

© University of Pretoria

TABELLE

Tabel 1:
Totale bevolking van Angola en persentasie blankes, 1900–1970 ..... *77*

Tabel 2:
Etnies-linguistiese samestelling van die swart bevolking van Angola, 1960 *78*

Tabel 3:
Getal Afrikaners en Afrikanergesinne in Angola, 1926 ..... *128*

Tabel 4:
Verspreiding van die Afrikaners in Angola, 1958 ..... *185*

Tabel 5:
Statistiek Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Angola, 1953–1958 *331*

Tabel 6:
Stand van die repatriasie met die afsluiting daarvan, 1963 ..... *456*

Tabel 7:
Verspreiding van die Afrikaners in Angola, 1970 ..... *452*

© University of Pretoria

KAARTE

Kaart 1:
Administratiewe verdeling van Angola, 1975 ..... *37*

Kaart 2:
Geomorfologie van Angola *38*

Kaart 3:
Klimaat van Angola *43*

Kaart 4:
Landbou in Angola *106*

Kaart 5:
Mynbou in Angola *113*

Kaart 6:
Geografiese verspreiding van die Afrikaners in Angola, ongeveer 1958 ..... *181*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

AGTERGROND

Inleiding

Hierdie proefskrif handel oor wat P.A. Nannings noem "de treurige maar ook de schone toestanden … van Angola Boeren".[1] Die skrywer en Angola-Boer P.J. van der Merwe het hulle beskryf as "brandarm maar edel van inbors" en "begaafde mense, maar wat gedoem is tot die armblankedom onder die Portugese".[2] Die Afrikaners van Angola het 'n besonder ryk en geskakeerde lewe gehad. 'n Studie van hulle leefwyse en geskiedenis behoort vir ons eie tyd van belang te wees. Dit is waarskynlik nie heeltemal nutteloos om te weet hoe die leefwyse van 'n klein minderheidsgroepie in 'n vreemde land daar uitgesien het nie. Die feit dat hulle leefwyse onherroeplik verby is, maak hierdie studie nie waardeloos nie.

Doel

Die doel van hierdie studie is om 'n beeld te vorm van die Afrikanergemeenskap in Angola gedurende die tydperk 1928–1975 en om dié gemeenskap te beskryf. Die onderwerp van die studie is dus die Afrikaners wat gedurende hierdie tydperk binne die geografiese grense van Angola woonagtig was.

Hierdie werk is in vyf dele ingedeel.

Deel I word gewy aan 'n geskiedenis waarvan die verloop van tyd skaars waarneembaar is – die verhouding en interaksie van die mens en sy omgewing; 'n geskiedenis van eindelose herhaling, van ewig herhalende siklusse, waar alle verandering stadig is.[3] Om die geskiedenis van die Afrikaners in Angola beter te verstaan, is dit nodig om ook verwante dissiplines te raadpleeg. Die doel van deel I is nie om kortliks die belangrikste berge, riviere, mineraalvoorkomste, klimaat, grondtipes, plantegroei en dierelewe op te noem

---

1 P.A. Nannings, "Dankbetuiging van Angola Boeren", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17.
2 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 217. Dit is belangrik om te onderskei tussen die Angola-Boer en skrywer P.J. van der Merwe en die historikus P.J. van der Merwe. In die res van hierdie proefskrif word 'n duidelike onderskeid tussen die twee persone getref en daar behoort hopelik geen verwarring te ontstaan nie, hoewel albei tegelykertyd skrywer en historikus was.
3 F. Braudel, *The Mediterranean and the Mediterranean World in the Age of Philip II*, p. 20.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en nie in die res van die werk daarna te verwys nie. Hierdie faktore het 'n belangrike rol in die geskiedenis van Angola en die Afrikaners van Angola gespeel.

Deel II word gewy aan 'n geskiedenis waarvan die verloop meer waarneembaar is, met stadige en meer herkenbare ritmes. 'n Mens sou dit 'n sosiale geskiedenis kon noem – die geskiedenis van groepe en groeperinge.[4] In hierdie deel word bevolkingsgroepe van Angola en hulle ekonomiese aktiwiteite en hoe dit die lewe van die Afrikaners van Angola beïnvloed het, ondersoek. Dit is dus van belang om te weet hoe Angola voor die moderne tyd daar uitgesien het. Omdat daar min lande is waarvan die geskiedenis so weinig bekend is as Angola, is dit nodig om hier en daar meer uitgebreid die agtergrond te skets ten einde die geskiedenis van die Afrikaners van Angola beter te verstaan.

Eers in dele III tot V van hierdie studie kom tradisionele geskiedskrywing en die onderwerp van hierdie verhandeling aan die beurt – *l'histoire événementielle* – die geskiedenis van gebeurtenisse: die gebeure op die oppervlak van die getye van die geskiedenis wat direk deur die onderstrominge in dele I en II beïnvloed word. Dit is die geskiedenis van kort, vinnige en amper onvoorspelbare fluktuasies. Dit is die interessantste deel van die geskiedenis en die rykste aan menslike belang.[5]

Die *terminus a quo* is geneem as 1928, die jaar toe die meerderheid Afrikaners Angola verlaat het en 'n minderheid verkies het om te bly. Dit is die jaar wat as die eindpunt geneem word in die meeste studies oor die Afrikaners in Angola; waarná daar gekonsentreer word op die Angola-Afrikaners wat na Suidwes-Afrika gerepatrieer is. Sodoende word vergeet van die Afrikaners wat in Angola gebly het. Die *terminus ad quem* is geneem as die aanvang van die burgeroorlog in 1975 toe die laaste Angola-Afrikaners uit die land gevlug het.

Die volgende sal ondersoek word:

- Die geskiedenis van Angola en die wyse waarop dit die Afrikaners van Angola se geskiedenis beïnvloed het
- Alle fasette van hulle leefwyse op ekonomiese, opvoedkundige, godsdienstige, maatskaplike en kulturele gebied
- Die redes vir besluite wat op verskillende tye geneem is om óf in Angola te bly óf weer te trek
- Die wyse waarop hulle hul as 'n etniese groep geïdentifiseer het, hierdie groepsidentiteit gehandhaaf het en die wyse waarop dit teenoor die identiteit van ander groepe gestel is

4 F. Braudel, *The Mediterranean and the Mediterranean World in the Age of Philip II*, p. 20.
5 *Ibid.*, p. 21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Dorslandtrekke en die Afrikaners in Angola

Vandag het die Dorslandtrekke in ’n mate uit die historiese geheue van die Afrikaners verdwyn. ’n Gesaghebbende werk van meer as 650 bladsye oor die geskiedenis van die Afrikaners (2004) deur ’n leidende historikus, Hermann Giliomee, wy slegs een paragrafie daaraan.[6]

In 1897, toe baie van die oorspronklike Dorslandtrekkers nog geleef het, het A.J. van der Walt, ’n skrywer oor die Dorslandtrek, bevind dit is moeilik om betroubare inligting daaroor in te win.[7] J.L. Hattingh het eweneens opgemerk dat oor feitlik al die Dorslandtrekke min primêre bronne bewaar gebly het.[8] Hierdie stelling is deur latere navorsers oor die onderwerp herhaal.[9] J. von Moltke het gevolglik beweer:

> Die ongelukkige gevolg hiervan is dat ’n menigte wanindrukke oor die geskiedenis van die Dorslandtrekke, hul oorsake en hul betekenis, lank genoeg kans gekry het om in die volksgedagte wortel te skiet.[10]

Verskeie boeke is al oor die Dorslandtrekke en die Afrikaners in Angola gepubliseer.[11] Die meeste hiervan beklemtoon die heroïese aspekte van die Dorslandtrek, of is redelik oorsigtelik of fragmentaries van aard. Vir bykans honderd jaar ná die Dorslandtrekke het daar geen werk verskyn wat op ernstige navorsing berus nie.

Die eerste omvattende en omvangryke werk vir die tydperk tot 1895 in dié verband is deur Hattingh (1975) onderneem. Dit is die enigste werk wat die verskillende trekke uit die twee Boererepublieke in samehangende verband ondersoek, beskryf en probeer verklaar. Dié werk bestaan uit vier dele. Eerstens word die patroon van blanke uitbreiding en vestiging tot 1900 kortliks en inleidend aangestip. Tweedens word elkeen van die afsonderlike trekke (na gebiede wat die huidige Angola, Zimbabwe, Mosambiek en Botswana beslaan) ondersoek. Derdens word gepoog om die trekneiging grondig te ondersoek.

---

6 H. Giliomee, *Die Afrikaners: ’n Biografie*, p. 148.
7 A.J. van der Walt, *Afrikaner, wees uzelf! Historisch-Romantische Schetsen (op die waarheid gegrond)*, p. 153.
8 J.L. Hattingh, “Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895”, p. vii.
9 J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 204–205; W.A. de Klerk, *Die Laer*, p. 343.
10 TAB: A.1694, J. von Moltke, “Die Dorslandtrekke en hul betekenis vir die beskawing van Wes- en Suidwes-Afrika”, p. 1, en “Die oorsake van die Dorslandtrekke (1874–7)”, p. 1.
11 Sien o.a. A. Alberts, *In Vreemdelingskap*; A. Alberts, *Swart weerlig*; J.A. Coetzee, *Dorsland-trekkers*; J.A. Coetzee, *Die swerwers: Sketse uit die Dorsland Trek*; J.A. Coetzee, *Dorsland-awontuur*; J.A. Coetzee, *Groot Avontuur: Sketse uit die Dorslandtrek*; J.P. Jooste, *Gedenkboek van die Dorslandtrek*; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*; G.S. Preller, *Voortrekkers van Suidwes*; J.G. Prinsloo & J.G. Gauché, *In die woeste weste*; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie gedeelte van sy studie is van besondere belang vir insig in die "trekgees" oor die algemeen. Vierdens word verdere trekke ná 1902 kortliks ondersoek.[12]

Die omvangrykste studie oor die Dorslandtrekke is dié van N.A. Burger (1978). Dit behels 'n diepgaande en besonder volledige beskrywing van die eerste drie trekke, redes vir die Dorslandtrekke, vestiging in Angola, verdere trekke, die tydperk in Angola tot 1928 en beweegredes vir die repatriasie na Suidwes-Afrika in 1928.[13]

Al hierdie studies word gekortwiek deur die feit dat navorsers en skrywers geen Portugese of Angolese bronne geraadpleeg het nie. Bowendien dek almal gewoonlik slegs die tydperk tot 1928. Die eerste navorsing waarin daar ook van Angolese argivale bronne gebruik gemaak word, is die MA-verhandeling van H.F. Heese (1974).[14] Hoewel dit op genealogiese aspekte fokus, word 'n beduidende hoeveelheid nuttige historiese en kulturele gegewens verskaf. 'n Aantal historiese mites wat deur vroeëre skrywers gepropageer is, of feite wat deur hulle verswyg is, word ontmasker. 'n Nuttige oorsig van bestaande literatuur oor die Afrikaners in Angola word verskaf.

Die omvangrykste studie oor die Afrikaners van Angola is Heese se doktorale proefskrif (1976).[15] Hy is steeds die enigste navorser wat ook van gepubliseerde bronne in Portugees en Angolese argivale bronne gebruik gemaak het. Sy studie is ook steeds die enigste wat nie slegs oor een aspek van die Afrikanergemeenskap in Angola handel of die geskiedenis hoofsaaklik uit 'n kerkhistoriese oogpunt benader nie. Sy werk het die verdere voordeel dat dit oorwegend objektief en nie apologeties van aard is nie. Waar daar voorheen redelik volledig aandag gegee is aan kerklike, volkekundige, genealogiese en militêre aspekte, is Heese die eerste wat aandag gee aan ekonomiese aspekte en die verhouding met die Portugese owerheid.

Heese het ongelukkig geen bronne uit argiewe in Portugal (waaronder die Arquivo Histórico Ultramarino in Lissabon) geraadpleeg nie, en van 'n beperkte aantal gepubliseerde Portugese werke gebruik gemaak. So ontbreek daar byvoorbeeld 'n belangrike studie oor die kolonisasie van die Huíla-plato en ander beskouings van die Boere deur Portugese tydgenote.[16] Daar is ook bronne in Suid-Afrikaanse argiewe wat hy nie benut

---

12 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895".
13 N.A. Burger, "Die Dorslandtrek. 'n Histories-geografiese studie, 1870–1954".
14 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928".
15 H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", wat verwerk is in manuskripvorm as H.F. Heese, "Transvalianos en Estrangeiros: Afrikaners in Angola, 1880–1928".
16 Sien bv. C.A. Medeiros, *A Colonização das terras altas da Huíla (Angola): Estudo de Geografia Humana*; G.S. Dias, *África portentosa*. Heese het die Arquivo Histórico Ultramarino wel in 1978 ná die voltooiing van sy proefskrif besoek, maar dié navorsing kon nie neerslag in sy proefskrif vind nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het nie. In teenstelling met ander navorsers het hy Angola talle kere besoek om eerstehands kennis op te doen van plekke waar Boerenedersettings was. As gevolg van die beperkte aantal bronne wat nie van ’n kerklike aard is nie, moes hy later erken dat sy werk gedeeltelik die karakter van ’n gemeentegeskiedenis aangeneem het.[17]

Op kerkhistoriese gebied is ’n omvattende studie oor die Gereformeerde Kerk in Angola deur J.M. van Tonder (1998) onderneem. Dit behels onder meer ’n oorsig van die Dorslandtrekke en ’n volledige beskrywing van die tydperk in Angola tot 1928, die kerkskeuring in 1908, die trek na Suidwes-Afrika en die stigting en eerste jare van die eerste Gereformeerde gemeentes in Suidwes-Afrika.[18]

’n Soortgelyke studie oor die Nederduitsch Hervormde Kerk in Angola is nog nie onderneem nie, hoewel artikels, ’n proponentskripsie en ’n hoofstuk in ’n proefskrif al oor die onderwerp verskyn het.[19] H.G. van der Westhuizen (1994) gee wel ’n goeie uiteensetting van die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk in sy biografie van ds. Paul van der Walt.[20]

Oor die hervestiging van die Angola-Boere in Suidwes-Afrika is – as deel van ’n uitgebreide studie oor ’n verwante onderwerp – uitvoerige navorsing deur P.W. Möller (1989) onderneem.[21]

Daar is besonder min gepubliseerde inligting oor die tydperk 1928–1975. Die enigste is die genoemde biografie oor Paul van der Walt[22] en ’n Portugese artikel oor die “Boere van Angola”.[23] Daar is bykans geen argivale bronne in Suid-Afrikaanse en Namibiese argiewe oor die onderwerp beskikbaar nie. Die enigste is die argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Pretoria wat uiteraard hoofsaaklik kerkhistories van aard is.

Onder hierdie bronne oor die tydperk tot 1958 is verslae van besoeke van Hervormde predikante en ander persone aan die Afrikaners in Angola. Die verslae van die Sentrale Komitee vir Angola-Immigrante (1958–1963) bevat ’n magdom inligting oor bykans elke

---

17 H.F. Heese, “Die Afrikaners in Angola, 1880–1928”, p. iv.

18 J.M. van Tonder, “Kerkuitbreiding deur die Angolatrekke: ’n Kerkhistoriese beoordeling”, later gepubliseer as J.M. van Tonder, *Kerk in ’n beter land: Die kerkverhaal van die Dorsland- en Angola Trekkers 1873–1937*.

19 W.P. van der Merwe, “Die kerk onder die Dorslandtrekkers”, *Hervormde Teologiese Studies*, 3(1–2), 1946; pp. 10–24; Z.C. Robberts, “Die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Angola”; J.M. van Tonder, Hoofstuk 11, “Kerkuitbreiding deur die Angolatrekke: ’n Kerkhistoriese beoordeling”, pp. 279–312.

20 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*.

21 P.W. Möller, “Die koms van die Angola-boere”, Hoofstuk 3 van “Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950”, pp. 126–198.

22 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*.

23 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6 (1), 1958, pp. 11–31.

© University of Pretoria

Afrikaner in Angola, soos genealogiese verbande, ouderdomme, sedelike peil, ingesteldheid teenoor werk, ensovoorts.

Geskrewe bronne is vir die doel van hierdie proefskrif aangevul met persoonlike onderhoude wat op band opgeneem is, dit wil sê mondelinge geskiedenisse. Die Afrikaners wat teen 1958 in Angola gewoon het, kon bykans almal geïdentifiseer word en sommige kon opgespoor word. Dit word aanvaar dat hierdie mondelinge inligting betroubaar is omdat dit hoofsaaklik oor herhalende ervaringe (daaglikse roetine) en die samehang van aspekte van die daaglikse lewe (gewone sosiale verhoudinge) gaan. Die onderliggende aanname is dat persoonlike herinneringe 'n effektiewe instrument is om die verlede te herskep mits dit in samehang met ander beskikbare bronne benut word.[24] Hierdie mondelinge inligting is so ver moontlik gekontroleer deur dit met sowel die vertellinge van ander informante as gepubliseerde bronne te vergelyk. Daar is dus sorg gedra om die probleme aan te spreek wat gepaardgaan met mondelinge geskiedenis gebaseer op herinneringe.

Onderhoude is gevoer met onder andere pioniers, afstammelinge van pioniers wat gebeurtenisse persoonlik beleef het en persone wat Afrikaners in Angola in hierdie tyd besoek het. Dit was waarskynlik die laaste geleentheid om onderhoude te voer met mense wat nog die repatriasies van 1928 en 1958 beleef het.

Angola

Angola is 'n integrale deel van Suider-Afrika. Tot die sestigerjare van die twintigste eeu was daar egter min kontak tussen Angola en Suid-Afrika. Vanaf 1975 tot die einde van die Koue Oorlog in 1989 was die twee lande in 'n regionale oorlog betrokke, hoewel die burgeroorlog in Angola tot 2002 geduur het. Sedertdien is daar in streeksverband nietemin voortdurend kontak deur middel van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG). Weens sy fabelagtige olierykdom speel Angola 'n toenemend belangrike rol in dié streek.[25]

Die belangrikste probleem wat 'n navorser oor Angola in die gesig staar, is die gebrek aan beskikbare en betroubare inligting oor dié land en leemtes ten opsigte van sekere terreine.[26] Enige studie oor Angola word gekniehalter deur die fragmentariese kennis en

24 Kyk J. Tosh (with S. Lang), *The Pursuit of History*, pp. 314–315, 321.
25 P. Chabal, "Preface", p. vii, in P. Chabal & N. Vidal (Eds), *Angola: The Weight of History*.
26 F.W. Heimer, "Education, economics and social change in rural Angola: The case for the Cuíma region", in F.W. Heimer (Ed.), *Social Change in Angola*, p. 112; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p vii.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebrekkige begrip van die Angolese sosiale werklikheid – in Angola self maar ook in die wêreld as 'n geheel. Die bietjie navorsing wat reeds oor Angola gedoen is, illustreer hoogstens hoe min ons van Angola weet en van Angola verstaan.[27] Teen 1961 het 'n gesaghebbende nog beweer: "Today Angola and Moçambique, save for their busy ports, are still among the least known parts of Africa."[28] Dis vandag steeds die geval.

Die relevansie en onbekendheid (in dieselfde asem!) van Angola word miskien die beste geïllustreer deur die feit dat "Waar is Angola?" een van die mees algemene vrae gedurende 2006 aan die Google-soekenjin was.[29]

Een van die belangrikste en omvangrykste onderwerpe in die geskiedenis van Angola is die kolonisasie van Angola. Hieroor het nog geen omvattende werk verskyn nie.[30] Die plantasie-eienaars, die welgestelde "expatriates", die groot nyweraars en bankiers, die blanke proletariaat, die ontevrede jong dienspligtiges, die ongeletterde blanke kleinboere, die hoopvolle sosiale beplanners en die geïsoleerde handelaars in die binneland (*sertão*) vorm heterogene gemeenskappe waaroor nog geen wetenskaplike werke verskyn het nie omdat hulle nie by bestaande koloniale stereotipes inpas nie.[31]

Gedurende die grootste deel van die tydperk wat deur hierdie proefskrif gedek word, was Portugal in die greep van die Salazar-diktatuur. Die sensuur wat toegepas is, het tot gevolg gehad dat min inligting oor die Portugese kolonies die buiteland bereik het. Dit was so effektief dat dit vandag nog vir historici moeilik is om die toestande in die Portugese kolonies gedurende die dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu te ondersoek.[32]

Die burgeroorlog wat op die einde van die Salazar-diktatuur en die dekolonisasie van Angola gevolg het, het die verkryging van inligting oor Angola verder bemoeilik. Bowendien word nuwe navorsing oor die koloniale tydperk in Angola, en selfs Angola oor die algemeen, gekortwiek deurdat historiese navorsing oor Angola gedurende die laaste dertig jaar feitlik gestagneer het. Daar bestaan nie 'n poel deskundiges oor die geskiedenis van Angola nie.[33]

Daar het nog geen omvangryke werk oor die geskiedenis van Angola uit 'n Afro-sentriese oogpunt verskyn nie, hoewel 'n hoofstuk in 'n onlangse boek probeer aantoon dat 'n etniese groep ('n "kreoolse elite", wat "Afro-Portugese" genoem word) deur die

---

27 F.W. Heimer, "Preface", in F.W. Heimer (Ed.), *Social Change in Angola*, pp. 5–6.
28 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 104.
29 L. Pretorius, "Wie is Borat? Hoe skree 'n mens? Wie kook in 2006?", *Beeld*, 29 Des. 2006.
30 P. Chabal, "Preface", p. vii, in P. Chabal & N. Vidal (Eds), *Angola: The Weight of History*.
31 D. Birmingham, "Themes and resources of Angolan history", *African Affairs*, vol. 73, no. 291, 1974, p. 200.
32 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 13; M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 44.
33 P. Chabal, "Preface", p. vii, in P. Chabal & N. Vidal (Eds), *Angola: The Weight of History*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eeue 'n belangrike rol in die geskiedenis van Angola gespeel het en tans in beheer van die Angolese staat en rykdom is. Hoewel dié nuwe perspektief op die geskiedenis van Angola welkom is, word die term "Afro-Portugese" nooit voldoende gedefinieer nie. Die gebruik van dié term is dus problematies en selfs aanvegbaar. Dié artikel is bowendien op 'n herinterpretasie van bestaande gepubliseerde bronne, en nie op die ontginning van nuwe bronne nie, gebaseer.[34]

Die ongeorganiseerde toestand van argiewe waarin materiaal oor Angola gedeponeer is, het ook navorsing bemoeilik.[35] Die Arquivo Histórico Ultramarino (AHU) in Lissabon huisves vier eeue se dokumente oor die Portugese kolonies (van die vroeë sestiende eeu tot 1975) en is die grootste bewaarplek van dokumente oor feitlik alle aspekte van die Portugese koloniale geskiedenis. Maar net 'n beperkte aantal dokumente is niebevredigend en onvolledig gekatalogiseer. Ongeag die onderwerp is dit vir navorsers dus dikwels nodig om deur alle bekende materiaal van 'n spesifieke kolonie te gaan. Dit is vir een persoon onmoontlik om te vermag. Die gevolg is dat navorsers dikwels ná maande se werk onseker is of hulle alle dokumente ter sake vir hulle navorsing geraadpleeg het.[36] Die AHU is al soos volg beskryf:

> Instead of a dusty treasure house whose contents have been organized and assessed, what the researcher usually finds is a labyrinth of uncataloged [sic], unknown, and uncared-for musty documents, slowly deteriorating in the damp cellars of decrepit buildings.[37]

Geen navorser het ooit argiewe in Portugal vir argivale materiaal oor enige aspek van die geskiedenis van die Angolese Afrikaners vir enige tydperk van 1881–1975 geraadpleeg nie. Gevolglik het ek in die loop van navorsing vir hierdie proefskrif drie besoeke aan die Arquivo Histórico Ultramarino in Lissabon gebring. Die beskikbare materiaal was van baie beperkte omvang. Eerstens was 'n groot klomp materiaal nie ontsluit nie en gevolglik nie vir navorsers beskikbaar nie. Tweedens is dokumente oor die Afrikaners van Angola beperk omdat slegs sake wat belangrik genoeg was om onder die koloniale owerheid se

---

34 M. Newitt, "Angola in Historical Context", pp. 19–92 (spesifiek p. 19), in P. Chabal & N. Vidal (Eds), *Angola: The Weight of History*. Op p. 53 word "Afro-Portugese" feitlik met *assimilados* gelykgestel, terwyl dit op p. 65 na twee verskillende groepe verwys.

35 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 13.

36 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 19–20; J.C. Curto, "The Angolan manuscript collection of the Arquivo Histórico Ultramarino; Lisbon: Toward a working guide", *History in Africa*, vol. 15, 1988, pp. 163–165.

37 J.C. Curto, "The Angolan manuscript collection of the Arquivo Histórico Ultramarino; Lisbon: Toward a working guide", *History in Africa*, vol. 15, 1988, p. 163.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aandag te bring daar gedeponeer is. Plaaslike aangeleenthede is gevolglik nie onder hulle aandag gebring nie. Derdens is navorsing bemoeilik omdat Afrikaners (of Boere) vir die tydperk ná 1928 nie meer as 'n afsonderlike groep (of probleem) gesien is nie en gevolglik nie as sulks in dokumente opgeneem is nie. Alle materiaal wat binne hierdie beperkinge toeganklik was, is vir die doel van hierdie projek benut.

Ook in die Arquivo Histórico de Angola (AHA) in Luanda is eers teen die einde van die sestigerjare van die twintigste eeu 'n behoorlike en akkurate opname van die materiaal gemaak. Die versameling is terselfdertyd ontsluit en die materiaal aan navorsers beskikbaar gestel.[38] Teen 1977 is dié argief steeds as "nearly unworkable" bestempel.[39] Heese het die Arquivo Histórico de Angola gedurende Desember 1973 en Maart 1975 besoek en bevind dat daar weinig materiaal vir Suid-Afrikaanse historici is. Alle relevante materiaal wat hy oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis kon opspoor (ongeveer duisend dokumente), is deur Heese gekopieer en in die Transvaalse Argiefbewaarplek (nou Nasionale Argief, Pretoria) gedeponeer.[40] Ná Heese se besoek het geen Suid-Afrikaner die Angolese argiewe besoek nie; die land is in 'n volskaalse burgeroorlog gedompel en baie munisipale argiewe is waarskynlik vernietig.

As gevolg van die gebrek aan gepubliseerde en argivale inligting oor baie aspekte van die Angolese geskiedenis was dit vir navorsers noodsaaklik om hulle kennis aan te vul met mondelinge oorleweringe. In die geval van sekere onderwerpe het dit dramatiese nuwe insigte gebring, veral waar dit deur argeologiese, linguistiese en antropologiese data bevestig kon word.[41]

Agtergrondinligting oor Angola gedurende die tydperk 1928–1975 is in enkele algemene werke beskikbaar. Dit kon aangevul word met sporadiese verwysings na Afrikaners in Angola wat in koerante, kerkblaaie en tydskrifte verskyn het. Daarbenewens het ek twee besoeke in 2003 en 2008 aan Angola gebring.

---

38 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 20; J.C. Miller, "The archives of Luanda, Angola", *The International Journal of African Historical Studies*, vol. 7(4), 1977, p. 551.

39 J.C. Miller, "Angola before 1900: A review of recent research", *African Studies Review*, 20(1), Apr. 1977, p. 104.

40 H.F. Heese, "Bronne vir Suid-Afrikaanse historiese navorsing in die Arquivo Historico de Angola in Luanda", *S.A. Argiefblad*, no. 19, 1977, pp. 19–22. Dié versameling dokumente is beskikbaar as Aanwins A.1417 H.F. Heese-versameling in die Nasionale Argief, Pretoria.

41 D. Birmingham, "Themes and resources of Angolan history", *African Affairs*, vol. 73, no. 291, 1974, pp. 190–191.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaners in diaspora

Teen 1927 was daar Afrikanergemeenskappe in verskeie Afrikalande. T. Blok, 'n historikus van die Afrikaners in Rhodesië, het gevolglik beweer: "Deur die trekgees is die Afrikaanse taal reeds tot in Noord-Afrika deurgedring." Hy het selfs optimisties bespiegel "dat die tyd mag kom dat Afrikaans die algemeen erkende taal van die blanke bevolking, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Sentraal-Afrika word".[42] Met Nederlands wat een van die amptelike tale in die Belgiese Kongo was, het ook ander die wens uitgespreek dat "ons taal sal klink van die Kaap af tot aan die Kongo".[43]

B.M. du Toit is die enigste navorser wat 'n etnologiese model vir etniese gemeenskappe in diaspora op Afrikanergemeenskappe toegepas het. Volgens hierdie model is noodsaaklike komponente vir so 'n studie die dokumentasie van 'n historiese basis vir die verstrooiing, die besef van die groep dat hulle tot 'n eie etniese groep behoort, 'n identiteit wat hierdie groep van ander onderskei en die een of ander vorm van 'n groepsgeheue wat die groep erken en wat hulle in die huidige situasie saambind. Hoewel dit nie 'n noodsaaklike voorvereiste is nie, kan 'n "mite van terugkeer" ter sprake wees. Wanneer 'n groep migreer, aanpas en integreer in die nuwe samelewing kan daar nie meer van 'n diasporagemeenskap gepraat word nie.[44]

Volgens Van Hear moet 'n etniese groep, om as 'n diasporagemeenskap geklassifiseer te word, aan drie kriteria voldoen: Dié bevolking moet in twee of meer gebiede buite hulle oorspronklike tuisland gevestig wees, hulle verblyf daar moet relatief langdurig wees (hoewel nie noodwendig permanent nie) en daar moet die een of ander (voortgesette) wisselwerking tussen die tuisland en die nuwe gasheerland(e) wees. Kortliks, 'n diaspora is veelvoudig ("multiple"), transnasionaal en terugkerend ("recurrent").[45]

Die Afrikaners van Angola sou as 'n "immigranteminderheid" geklassifiseer kon word. "Immigranteminderhede" is kategorieë of groepe wat oor staatsgrense heen na ander gemeenskappe trek. Hulle bring beperkte ekonomiese hulpbronne, geniet dikwels nie volle wetlike regte en burgerregte nie, beklee 'n minderwaardige posisie in die samelewing en ondervind verskillende vorme van diskriminasie.[46]

Du Toit het navorsing oor Afrikanergemeenskappe in Oos-Afrika, Argentinië, Mexiko

---

42 T. Blok, *Die Adendorff Trek*, p. 7.
43 A.J. van der Walt, *Noordwaarts!*, p. 203.
44 B.M. du Toit, "Boers, Afrikaners, and Diaspora", *Historia*, 48(1), Mei 2003, pp. 15–54.
45 Soos aangehaal in D. Pearson, *The Politics of Ethnicity in Settler Societies*, p. 69.
46 D. Pearson, *The Politics of Ethnicity in Settler Societies*, p. 13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en Texas onderneem[47] maar hy het sy model oppervlakkig en met beperkte sukses op hierdie gemeenskappe toegepas. Hy het geen navorsing oor die Afrikaners van Angola gedoen nie.

Omvangryke studies oor die geïsoleerde Afrikanergemeenskappe in Suidwes-Afrika (Namibië),[48] Botswana,[49] Rhodesië (Zimbabwe),[50] Zambië,[51] Oos-Afrika (Kenia en Tanzanië),[52] Argentinië,[53] Mexiko[54] en Texas[55] is reeds onderneem. 'n Hele paar van hierdie studies is slegs van 'n kerkhistoriese aard.

Ná die Anglo-Boereoorlog was daar ook sprake van verhuising na Peru, Chili, Venezuela, Madagaskar, Zanzibar en Java.[56] Afrikaners het ook al na lande soos die Soedan, Uganda, Rwanda en Burundi getrek. In die voormalige Belgiese Kongo was daar by onafhanklikheid 'n groot aantal Afrikaanssprekende blankes in dié land.[57] Geen studie is ooit oor Afrikaners in enige van hierdie lande onderneem nie.

---

47 B.M. du Toit, *The Boers in East Africa: Ethnicity and Identity*; *Colonia Boer, an Afrikaner Settlement in Chubut, Argentina; Boer settlers in the Southwest*; "A Boer Settlement that was never Settled: Tamaulipas, Mexico", *Historia*, 49(1), Mei 2004, pp. 48–70.

48 G.P.J. Trümpelmann, "Die Boer in Suidwes-Afrika".

49 M. & M. Russell, *Afrikaners of the Kalahari: White Minority in a Black State*.

50 C. Groenewald, *Ons Afrikaners in Rhodesië*; S.F. Pretorius, "A History of the Dutch Reformed Church in Zimbabwe, with Special Reference to the Chinhoyi Congregation". S.P. Olivier, *Die pioniertrekke na Gazaland & Many Treks Made Rhodesia* (die Engelse vertaling daarvan) het oor die verskillende trekke na Gazaland navorsing gedoen.

51 J.P. Roux, "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zambië, 1895–1975".

52 L.J.S. Changuion, "Die verhuising van Boere na Oos-Afrika, 1902–1914"; J.J.H. du Plessis, "Die ontstaan, stigting en vroegste geskiedenis van die N.H. of G. gemeente Meru in Duits-Oos-Afrika (Tanzanië)"; B.M. du Toit, *The Boers in East Africa: Ethnicity and Identity*; G. Groen. "The Afrikaners in Kenya, 1903–1969"; W. Malan, *Baanbrekers van Duits-Oos-Afrika*; A.J.B. Rawlins, "Die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk in Brits-Oos-Afrika en Duits-Oos-Afrika"; A.J.B. Rawlins, "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Afrika"; E. Rex, "Die werk van ds. M.P. Loubser veral in Brits-Oos-Afrika (Kenia) en Duits-Oos-Afrika (Tanzanië), 1909–1935"; P.E.S. Smith, "'n Agtergrond tot die vestiging van die Afrikaner-kerke in Ekwatoriaal-Oos-Afrika (Kenia, Tanganjika en ander gebiede)"; V.E. d'Assonville, *Kerk op die Wit Hooglande*.

53 F.R.P. de Bruyn, "Die kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië, 1903–1915"; F.R.P. de Bruyn, "Die Stryd om Kerklike Eenheid onder die Afrikaners in Argentinië, 1915–1954"; F. de Bruyn, *Die Boerestry(d)ders [sic] van die Argentynse Pampas*; B.M. du Toit, *Colonia Boer, an Afrikaner Settlement in Chubut, Argentina*; L.E. Peralta & M.L. Morón, *En las tierras del viento ... Ultima travesia Boer, 1902–2002*.

54 B.M. du Toit, "A Boer Settlement that was never Settled: Tamaulipas, Mexico", *Historia*, 49(1), Mei 2004, pp. 48–70.

55 B.M. du Toit, *Boer settlers in the Southwest*.

56 M.R. Gerstenhauer, "Burenansiedlung und Burenpolitik in Südwestafrika", *Zeitschrift für Kolonialpolitik, Kolonialrecht und Kolonialwirtschaft*, Jg. 6, Nr. 1, Januar 1904, p. 57; G.P.J. Trümpelmann, "Die Boer in Suidwes-Afrika", pp. 132–133; L.J.S. Changuion, "Die verhuising van Boere na Oos-Afrika, 1902–1914", pp. 9–10. C. de Jong, *Veeteeltbedrywighede van Westerse boere op Java, 1900–1960, onder wie Afrikaners van Ceylon, 1903–1960*, het wel oor die Afrikaners op Java geskryf. Dié werk bestaan uit artikels wat aanvanklik in *Pretoriana* gepubliseer is.

57 J. van Rooyen, *The New Great Trek: The Story of South Africa's White Exodus*, p. 7; J.P. Roux, "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zambië, 1895–1975", pp. 128–142 het navorsing van beperkte omvang oor die Afrikaners in die Belgiese Kongo gedoen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ná onafhanklikheid van hierdie Afrikalande het die meeste Afrikaners sedert die sestigerjare van die twintigste eeu na Suid-Afrika teruggetrek sodat kwynende Afrikanergemeenskappe net in Argentinië, Namibië, Botswana en Zimbabwe oorgebly het.

Relevansie en betekenis

Die gemeenskap verwag 'n interpretasie van die geskiedenis wat vir die hede relevant is. Hierdie studie word dus onderneem met die veronderstelling dat dit vir die samelewing voordelig sal wees om 'n deeglike en betroubare geskiedenis te hê van 'n Afrikanerminderheid wat hom met 'n mate van sukses in 'n vreemde land met vreemde mense met vreemde gewoontes gehandhaaf het. Die hoop word uitgespreek dat hierdie studie sal bydra om die hede met groter duidelikheid te beoordeel.

In 'n studie wat oor die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Angola onderneem is, word vermeld dat dié studie van nut kan wees vir die kerk "wanneer lidmate oor groot afstande en oor landsgrense heen bedien moet word".[58]

Die verlede is fundamenteel verskillend van die hede. Hoewel dit onwetenskaplik sou wees om hierdie navorsing sonder meer op huidige omstandighede toe te pas, is daar tog 'n bepaalde parallellisme in menslike ervarings. Enige veralgemening sal waarskynlikhede eerder as sekerhede wees.

Ná die politieke omwenteling van 1994 in Suid-Afrika is daar weer sprake van 'n grootskaalse migrasie van Afrikaners van Suid-Afrika na ander (hoofsaaklik Engelssprekende) dele van die wêreld, in so 'n mate dat dit in Bybelse en historiese terme as 'n "Eksodus", "Nuwe Groot Trek" en "diaspora" beskryf word. Daar word beraam dat 15 000 Afrikaners die land jaarliks sedert 1994 verlaat het.[59]

Hoewel tyd en omstandighede verskil, is daar tog historiese parallelle in die redes waarom hierdie "Nuwe Groot Trek" plaasvind, byvoorbeeld die pogings van 'n minderheid wat hom teen 'n meerderheid (en wat hy beskou as 'n vyandige regering) probeer handhaaf, die strewe na beter opvoedingsgeleenthede vir hulle kinders en onsekerheid oor eiendomsreg op grond. Hierteenoor is daar nuwe beweegredes soos die ongekende vlakke van misdaad en geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing, regstellende aksie, korrupsie en onbevoegdheid op alle regeringsvlakke en (omgekeerde) rassisme.[60] Daar is nog geen

58 J.M. van Tonder, "Kerkuitbreiding deur die Angolatrekke: 'n Kerkhistoriese beoordeling", p. i.
59 J. van Rooyen, *The New Great Trek: The Story of South Africa's White Exodus*.
60 B.M. du Toit. "Boers, Afrikaners, and Diaspora", *Historia*, 48(1), Mei 2003, pp. 41–46; J. van Rooyen, *The New Great Trek: The Story of South Africa's White Exodus*, pp. 72–114.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omvattende studie onderneem om te ondersoek of hierdie emigrasie nie dalk deels die resultaat van globalisering en deel van 'n wêreldwye verskynsel is nie.

Die aktualiteit van emigrasie word weerspieël deur 'n "Kom huistoe-veldtog" wat geloods is om Suid-Afrikaners in die buiteland aan te moedig en by te staan om na Suid-Afrika terug te keer.[61] Verder het die Kommissie vir Buitelandse Bediening (bestaande uit verteenwoordigers van die drie Afrikaanse susterkerke) in 2004 'n komitee van drie lede aangewys om aandag te gee aan die bediening en pastorale versorging van Suid-Afrikaners wat in Afrika woon en werk.[62]

Afrikaners het gesogte immigrante in baie Afrikalande (en selfs wêreldwyd) geword, enersyds omdat hulle vertroud is met die omstandighede in Afrika en die reputasie het dat hulle eerlike en hardwerkende werknemers is en andersyds omdat hulle vaardighede het wat in hulle gasheerlande ontbreek. In ekonomiese terme is hulle "goeie waarde vir geld" as werknemers.

Afrikaners is nie net gesog as werknemers in Afrikalande nie, maar ook as werkgewers. Maatskappye wat deur Afrikaners gelei word, het ná 1994 groot opgang in Afrika gemaak. Hulle beskik dikwels oor die kapitaal, finansiële vaardighede en entrepreneurskap wat in die meeste Afrikalande ontbreek. Afrikaners kom reeds eeue lank met swart werknemers oor die weg en het selfs die reputasie verwerf dat hulle hul beter verstaan as hulle Europese werkgewers (hoewel Afrikaners ook die reputasie as harde maar eerlike werkgewers verwerf het).

Enige ekstrapolasie van hierdie navorsing oor die geskiedenis van die Afrikaners van Angola vir die tydperk onder bespreking na ander gemeenskappe en tydperke sal nogtans versigtig en tentatief gedoen moet word. Hierdie studie behoort desnieteenstaande nuttig te wees om 'n aanduiding te kry van die breë patroon van die geskiedenis van Afrikaners, nie net in Afrika nie maar ook in Suid-Afrika.

Interessante, meer regstreekse parallelle kon geïdentifiseer word. Die versugting van Afrikaners in Angola in 1927 in 'n petisie aan genl. J.B.M. Hertzog sal byvoorbeeld in 2009 vir Afrikaners nie te vreemd klink nie:

> Ons kan hier nie praat van 'n donkere toekoms of vooruitsig nie: daar is geen toekoms, geen vooruitsig meer vir ons of ons kinders in hierdie land; glad hoegenaamd nie, dis buitekant die kwessie. Ons word stelselmatig vernietig en moet te gronde gaan as U Eksel[l]ensie en U Regering nie tussenbeide kom en ons help in die hopelose toestande. U Eks. begrijp wat dit beteken om oorgelewer te wees aan die willekeure en grille van

61 Solidariteit. <http://www.komhuistoe.co.za>.
62 Anoniem. <http://www.onsweb.co.za/Briewe.htm>.

© University of Pretoria

> een Regering, die ons onsimpatiek is en toon op baja maniere onse verportugesing òf verarming en vernietiging te bedoel.[63]

Hier is dit miskien nodig om iets oor veralgemening en stereotipering te sê. Wat soms van enkele individue gesê word, is nie noodwendig vir die hele groep of selfs vir die meerderheid waar nie. Die Afrikaners van Angola in die tydperk 1928–1975 was nie ’n homogene groep nie. Diversiteit het bykans elke aspek van hulle bestaan gekenmerk. Dit was ’n groot uitdaging om dié diversiteit in hierdie studie te akkommodeer en om soms selfs veralgemenings te maak ten einde ’n geheelbeeld van die groep te vorm. Daar was tog baie gemeenskaplike kenmerke wat die taak vergemaklik het om ’n sinvolle en wetenskaplik verantwoorde sintese te vorm.

63 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 1., Petisie F.J. van der Walt e.a. – Genl. Hertzog, 20.11.1927.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL I

Hoofstuk 1
DIE ROL VAN DIE OMGEWING

Geomorfologie

Angola (4º22' S tot 18º02' S) lê in die oorgangsone tussen ekwatoriale Afrika (met tropiese reënwoude) en suidelike Afrika (met droë en selfs woestynlandskappe). Effens suid van die 12º S-breedtelyn is die Lunda-waterskeiding, wat vanaf Benguela in 'n wes-suidwes-oosnoordoos-rigting na Katanga en Zambië loop, die waterskeiding tussen die Kongo-bekken aan die een kant en die Kalahari-bekken, die Zambezi-riviersisteem en die Kunene aan die ander kant. Die Lunda-waterskeiding is die ruggraat van die Planalto, die plato of hooglande in die middel van Angola.[1] Dit kan as "a rib of the great 'backbone' of Africa" bestempel word.[2]

Aan die westekant word die hooglande afgesluit deur 'n steil platorand, die Montanha Marginal, wat suidwaarts tot in Namibië strek. Wes van die platorand daal die land trapsgewys tot by die Atlantiese kus. Die morfologiese bou van Angola word dus deur die Lunda-waterskeiding en die oorgangsone van trapsgewyse plato's aan die Atlantiese kus beheers.[3]

Vier geomorfologiese sones kan onderskei word:[4]

1. Die droë en halfdroë kusstrook met 'n breedte van 15–200 km en gewoonlik laer as 400 m bo seespieël, wat van die Kunene tot aan die Kongo strek.
2. 'n Verdere kusstrook (oos van die vorige strook), bestaande uit 'n oorgangsone van trapsgewyse plato's (subplato's), 400–1000 m bo seespieël.

---

1 R.S. de Brito, "Aspectos gerais da geografia física de Angola", in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, p. 13; M. Kuder, *Angola*, p. 1.
2 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 72.
3 M. Kuder, *Angola*, p. 1.
4 R.S. de Brito, "Aspectos gerais da geografia física de Angola", in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, pp. 15–19; N. Gonzaga, *Angola; Pequena monografia*, p. 13; M. Kuder, *Angola*, pp. 1–2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3. Die sentrale hoogland wat vanaf die plato van Malanje in die noorde tot by die Moçâmedes-spoorlyn strek met die Lunda-waterskeiding as oos-wes-as (ook die Benguela-plato of die Bié-plato genoem). Gedurende die tydperk wat hierdie studie dek, het die meerderheid Afrikaners op die sentrale hoogland van Angola gewoon.
4. Die oostelike helfte van Angola met geleidelike daling van die sentrale hoogland na die ooste.

Aan die kus is daar vier groot sandriwwe wat in 'n noord-suid-rigting lê en deur die noordwaartse kusstrome van die weggespoelde bogrond van die steil kus en alluviale sedimente van groot riviere gevorm word: die landtonge van Baía dos Tigres en Porto Alexandre (nou Tombua) (beide bestaande uit sedimente van die Kunene), die landtong van Lobito (die *Restinga*) (bestaande uit sedimente van die Catumbela) en die Ilha (Eiland) van Luanda (bestaande uit sedimente van die Cuanza). Deur hierdie landtonge word vier inhamme afgeskort waardeur vier van die beste hawens aan die weskus van Afrika gevorm word. Lobito is al bestempel as "the finest harbour on the West Coast of Africa". Die riviermondings is nie geskik vir hawens nie.[5] Die transportpaaie het gewoonlik een van die hawens as begin- of eindpunt gehad sodat dit van tyd tot tyd deur die Boeretransportryers besoek is. Weens die ongesonde klimaat het min Afrikaners in die hawestede gewoon.

Riviersisteme

Die riviersisteme van Angola word deur die geomorfologie bepaal. Van die platorand vloei talle snelvloeiende riviere met talle stroomversnellings en watervalle na die kus. Van die Lunda-waterskeiding vloei riviere soos die Cuango en die Cassai noordwaarts na die Kongo-bekken, terwyl die Zambezi, Cuando, Cubango (Okavango) en Kunene suidwaarts wegvloei. In die sentrale gedeelte van Angola vloei die Cuanza, die waterrykste en langste rivier in Angola, met 'n wye boog deur al die geomorfologiese sones na die Atlantiese Oseaan.[6]

Die meeste van Angola se riviere mond direk of via die Kongo-sisteem in die Atlantiese Oseaan uit. Die Zambezi mond in die Indiese Oseaan uit, terwyl die riviere in die


5 M. Kuder, *Angola*, p. 4; T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 39; J.T. Tucker, *Drums in the Darkness*, p. 30; J. Miller, *A framework for U.S. assistance in Southern Africa*. Country resource paper: Angola, p. 1–2.
6 N. Gonzaga, *Angola*; *Pequena monografia*, pp. 21–22; M. Kuder, *Angola*, pp. 4–5.

© University of Pretoria



Kaart 1: Administratiewe verdeling van Angola, 1975

© University of Pretoria



Kaart 2: Geomorfologie van Angola[7]

7 Oorgeteken uit M. Kuder, *Angola*, fig. 1, tussen pp. 2–3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

suidooste in die sand van die Kalahari-bekken verdwyn. Op die meeste riviere is skeepvaart nie moontlik nie. Die Cuanza is egter vir ten minste 200 km vanaf die monding bevaarbaar, terwyl die Kunene en Cubango (Okavango) gedurende en ná die reëntyd bevaarbaar is. Die meeste riviere vloei dwarsdeur die jaar, maar enkele riviere in die droë suide vloei seisoenaal.[8]

In die suide ontspring die Kunene op die Lunda-waterskeiding naby Huambo en vloei dan suid voordat dit wes na die Atlantiese Oseaan vloei en die grens met Namibië vorm. Die suidooste van die land word beheers deur die sisteem van die Cubango met die Cuito en Cuando wat mettertyd daarmee verenig. Die Cubango ontspring ook op die Lunda-waterskeiding op die Bié-hoogland en verdwyn later in die Okavango-moeras. Aan die linkeroewer van die Cubango is verskeie takriviere soos die Cutato, Cuchi, Cuelei, Cuebe, Cueio en Cuatiri.[9]

Omdat die riviere vir groot dele van die jaar ondeurdringbare versperrings gevorm het, het die meeste transportroetes parallel aan mekaar van die kus na die binneland geloop.

Geologie

Die belangrikste geologiese formasies van Angola is oor groot gebiede versprei. Die grootste deel van die land bestaan uit die Suid-Afrikaanse kontinentale voetstuk: kristallyne stollingsgesteentes van basiskompleks- en prekambriese gesteentes. Plek-plek kom intrusiewe graniet- en diorietgesteentes voor. Sedimentêre gesteentes van die kontinentale Karoo-sisteem van die Trias (bestaande uit sandsteen, skalie en leiklip) strek vanaf die Kongo-bekken na die noorde van Angola tot by Baixa de Cassanje. Hierdie geologiese sisteem beslaan die grootste deel van Suid-Afrika, asook kleiner dele van Namibië, Botswana en Zimbabwe.[10]

Feitlik die hele ooste van Angola en die grootste gedeelte van die suide van Angola word bedek met Pleistosene Kalahari-sand. Aan die kus kom tersiêre en kwaternêre afsettings van Atlantiese seesand plek-plek by Porto Alexandre (nou Tombua), Moçâmedes (nou Namibe), Benguela, noord van die Cuanza-monding, suid van die Kongo-monding en Cabinda voor. Tussen die kus en die basiskompleks is ’n smal strook kalkafsettings uit

8 A.B. Herrick et al., *Area Handbook for Angola*, p. 24; N. Gonzaga, *Angola; Pequena monografia*, pp. 22–23; M. Kuder, *Angola*, p. 5.
9 N. Gonzaga, *Angola; Pequena monografia*, pp. 24–25; M. Kuder, *Angola*, pp. 9–11.
10 N. Gonzaga, *Angola; Pequena monografia*, pp. 16–17; M. Kuder, *Angola*, pp. 11–12.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Kryttydperk wat strek van Ambrizete (nou Nzeto) tot suid van Benguela.[11]

Angola is potensieel een van die rykste lande in Afrika. Verskeie delfstowwe kom in Angola voor. Die rykdom van die land kan selfs as "legendaries" bestempel word.[12] Teen 1970 is die meeste delfstowwe slegs in 'n geringe mate ontgin. Die feit dat Kalahari-sand feitlik twee derdes van die land se gesteentes bedek, bemoeilik die ontdekking en ontginning van delfstowwe. Die belangrikste delfstowwe is diamante, yster en olie. Mangaan, goud, koper, lood, fosfaat, uraan, wolfram, sink en tafelsout kom ook voor.[13]

Die meeste Afrikaners het die land in 1928 (voordat die meeste diamantmyne ontdek is) en 1958 (voordat die belangrikste olievelde in bedryf gestel is) verlaat, sodat hulle min voordeel uit die latere skouspelagtige vooruitgang van die land getrek het. Enkele Afrikaners het wel 'n bestaan as myners gemaak en die voorkoms van minerale het die plekke waar hulle hulle gevestig het, bepaal.

Klimaat

Angola se klimaat word deur die breedte van die land, die geomorfologie van die land, die koue Benguela-stroom en die heersende suidoos-passaatwinde bepaal. Die land lê in die oorgangsgebied tussen die ekwatoriale hoogdrukgebied en die subtropiese antisikloon-gebied. In teenstelling met die noorde wat meer bewolk is en waar die reënval hoër is, is die suide se lug helderder en die reënval laer. In die somer val daar in die suide sterk reënbuie as gevolg van die invoer van vogtige lug uit die Atlantiese Oseaan deur die hoog-drukgebied. In die winter word, behalwe vir 'n smal strook aan die kus, die weer in die suide deur die suidoos-passaatwinde beheers, hoewel die wind nie besonder sterk is nie.[14]

Aan die suidkus word die weer tot op die breedtegraad van Benguela deur die Benguela-stroom bepaal. Die Benguela-stroom veroorsaak ook die mesotermiese klimaat en die Namib-woestyn by Moçâmedes.[15] Die grootste deel van Angola, geleë tussen 1000 en 1500 m bo seespieël, het 'n gematigde mesotermiese klimaat met 'n gemiddelde tempe-ratuur bokant 20 ºC. Wanneer die hoogte tot 1600–2000 m toeneem, kan dit koud word. In die droë seisoen daal die temperatuur soms tot onder vriespunt. Die gemiddelde jaarlikse

11 M. Kuder, *Angola*, pp. 11–12.
12 A. Malaquias, *Rebels and Robbers*, p. 25.
13 M. Kuder, *Angola*, p. 107, kaart tussen pp. 106–107; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, pp. 222–227.
14 R.S. de Brito, "Aspectos gerais da geografia física de Angola", in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, p. 20; M. Kuder, *Angola*, pp. 13–14.
15 A.B. Herrick et al., *Area Handbook for Angola*, p. 12; M. Kuder, *Angola*, p. 14.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

temperature wissel tussen 14,6 ºC by Humpata (2300 m bo seespieël) en 27,4 ºC by Nóqui (200 m bo seespieël) aan die oewer van die Kongo. Die jaarlikse temperatuurverskil is gering en wissel tussen 2,8 ºC by Chão de Chela en 9,1 ºC by Pereira de Eça (nou Ondjiva). Die daaglikse temperatuurverskil wissel tussen 11 ºC aan die kus en 17 ºC in die binneland, na gelang van seisoen en afstand vanaf die kus. Junie in die binneland en Julie-Augustus aan die kus is die koudste maande.[16]

Die reënseisoen duur vanaf September-Oktober tot April-Mei in die noorde en van Desember tot Maart in die suide. Dit wissel dus van meer as agt maande in die noordooste tot minder as vier maande in die suide.[17] Die droë seisoen word *cacimbo* genoem, die naam van die tipiese oggendmis wat gedurende die droë maande aan die kus voorkom.[18]

Die suidwestelike hoek van Angola is deel van die Namib-woestyn wat tot aan die loop van die Oranjerivier op die grens van Namibië en Suid-Afrika strek.

Die reën val gewoonlik sterk, soms meer as 1 mm per minuut, sodat erosie ’n probleem is. Die gemiddelde jaarlikse reënval wissel tussen 10 mm by Porto Alexandre (nou Tombua) tot 1500 mm by Nova Lisboa (nou Huambo) en 1800 mm op die hoogste dele van die Lunda-waterskeiding. Op die Planalto wissel dit gewoonlik tussen 1000 en 1500 mm. Ryp kan in die winter op die hoogland voorkom en dou kom feitlik dwarsdeur die jaar voor.[19] Vir eeue lank het die wisselvalligheid en onvoorspelbaarheid van die reënval die geskiedenis van Angola bepaal.[20]

Vier klimaatstipes kan vir Angola onderskei word:

1. Woestynagtige (dor) klimaat (tipe E), Waterindeks –60 tot –40: by Luanda en in ’n kusstrook van tot 120 km tussen Lobito en Moçâmedes.
2. Halfwoestynagtige klimaat (tipe D), Waterindeks –40 tot –20: oos van die woestynagtige klimaatsone en soms aan die kus tot aan die suidelike grens van Angola; asook ’n stukkie van die Cabinda-enklave.
3. Subtropiese (hoëveld-) klimaat (tipe C), Waterindeks –20 tot 20: ’n dun noord-suid strook oos van die halfwoestynagtige klimaatsone en ’n breë strook in die suide van die land; asook die res van Cabinda.

---

16 R.S. de Brito, “Aspectos gerais da geografia física de Angola”, in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, p. 21; M. Kuder, *Angola*, pp. 14–16.
17 M. Kuder, *Angola*, pp. 14–16.
18 N. Gonzaga, *Angola; Pequena monografia*, p. 27; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 5.
19 R.S. de Brito, “Aspectos gerais da geografia física de Angola”, in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, pp. 21–22; M. Kuder, *Angola*, pp. 16–18.
20 J. Dias, “Angola”, in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 321–322.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Tropiese klimaat (tipe B), Waterindeks 20 tot 100: die grootste deel van Angola, veral die noordooste. Die mees tropiese klimaatsones (tipes B_3 en B_4, Waterindeks 60 tot 100) kom by die mees hoogliggende gebiede voor.[21]

Volgens Do Nascimento kan drie streke as geskik vir permanente bewoning deur blankes beskou word: die hooglande van Benguela, Malanje en Huíla.[22] Dit is ook die streke van Angola waarin die meeste Afrikaners gewoon het.

Grondtipes

Altesaam 11 grondtipes kan in Angola onderskei word, maar van die drie belangrikste grondtipes (tropiese rooigrond, sandgrond en kalkgrond) beslaan matig lateritiese ferrisols en meer lateritiese ferrallitiese grond driekwart van die land.

Tropiese rooigrond kom in die noorde van Angola in die omgewing van die tropiese reënwoude, bladwisselende vogtige woude en nat savanne voor. Ferrisols, afgewissel met ferrallitiese grond, kom op die westelike deel van die Planalto tot suid van die Cuanza voor. Op die groot vlaktes van die Planalto kom gedegradeerde kleigrond van geringe vrugbaarheid voor. Teen berghange word klei- en leemgrond aangetref wat deur onlangse verwering en erosie blootgelê is. In die swak gedreineerde vleie kom turfgrond voor. Op die tropiese rooigrond kom ondeurdringbare bosveld en savannevlaktes voor.

In streke met dorre en semidorre klimaat in die suide gaan die rooigrond in rooibruin of droë rooi sandgrond oor wat min gelateriseer is, en met droë woude, droë savanne, sukkulentesavanne en doringsavanne bedek is.

In die Namib in die suide kom bruin tot rooibruin grond met doringsavanne, droë grasse en sukkulente aan die kus voor. Meer na die binneland, in die kusstrook wes van die eskarp kom droë, kalkagtige grys grond in die dor tot semidorre klimaatstreek voor, hoofsaaklik bedek met savanne met doringstruike en sukkulente.

In die noordelike kusgebied, noord van die Cuanza, dele van die Baixa de Cassanje en onder die eskarp by Sá da Bandeira (Lubango) kom donker, swaar kalkgrond in die tropiese en subtropiese klimaatstreke voor, bedek met *mutiati*-woud (mopaniewoud), akasias (doringbome en doringstruike) en kremetartbome.[23]

---

21 R.S. de Brito, "Aspectos gerais da geografia física de Angola", in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, pp. 22–25; M. Kuder, *Angola*, p. 19.
22 H. Marquardsen, *Angola*, p. 83.
23 M. Kuder, *Angola*, pp. 23–24.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 3: Klimaat van Angola[24]

24 Oorgeteken uit M. Kuder, *Angola*, fig. 4, p. 15.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Plantegroei

Die oorwegende plantegroei in Angola is savanne. Tropiese reënwoude kom slegs in twee gebiede in die noorde voor: die bergland van die Cabinda-enklave (Maiombe) en die Dembos-gebied (die eskarpgebied noord van die Cuanza). Die reënval wissel hier van 1400–1600 mm per jaar en die reënseisoen duur agt maande. Lang stroke tropiese woud kom ook langs rivierlope en in klowe voor. Dit is semi-immergroen of bladwisselende vogtige woude met bome van 30–40 m hoogte, in Maiombe selfs tot 60 m hoog. In die Dembos-gebied was die woude teen 1970 al plek-plek uitgekap om plek vir koffieplantasies te maak.

Afwisselende vogtige woude en nat savanne kom in die Lunda-streek in die noorde van Angola en aan die noordgrens van die Uíge-distrik voor. Verder suid verminder die woude sodat vlaktes met uitgestrekte, bykans boomlose savanne in twee stroke, aan die westelike deel van die Planalto en langs die eskarp, tot ver suid voorkom. Plek-plek kan stroke brandbestande, immergroen woud langs rivierlope en in klowe aangetref word. Die uitgestrekte grasvlaktes het grotendeels as gevolg van brande en kap-en-brand-landbou ontstaan. Op die hoogste berge, hoër as 2300 m bo seespieël, kom bergplantegroei voor.

Die grootste deel van Angola (met ’n reënval van 800–1300 mm per jaar en ’n reënseisoen van 5–7 maande) word ingeneem deur bladwisselende droësavannewoude. Dit beslaan feitlik die hele Planalto, oorwegend op Kalahari-sand, en word *panda*-woud (*mata de panda*) genoem. Die belangrikste bome is verskillende spesies *Berlinea*, *Brachystegia* en *Combretum*. Nuttige houtsoorte soos *Guibourtia coleosperma* (bastermopanie, Rhodesiese mahonie of kiaat of *mussibi*), *Erythrophleum africanum* (swarthout of *mucusso*) en *Pterocarpus angolensis* (kiaat of dolfhout) word ook hier aangetref.

Feitlik die hele kusstrook – behalwe die Namib in die suide – met ’n jaarlikse reënval van minder as 800 mm (gewoonlik 200–350 mm) en ’n droë seisoen van 7–9 maande, word bedek deur doringsavanne en sukkulentesavanne. Die belangrikste plantegroei is verspreide grasse, xeromorfe struike en sukkulente in die sukkulentesavanne en kremetarte (*Adansonia digitata*), kandelaarbome, akasiaspesies en Euphorbias in die doringsavanne. In die Cassanje-depressie (Baixa de Cassanje) word ook sukkulentesavanne aangetref.

In die suidweste en suide kom mopaniewoud (ook *mutiati*-woud genoem) voor, met mopanie (*Colophospermum mopane*) as die oorwegende boomspesie. Die terrein tussen die mopanies bestaan uit eetbare, soet gras sodat hierdie gebied (deur die Boere die Sandveld genoem) ’n belangrike gebied vir veeteelt is. Gevolglik is die meeste Afrikaners in die suide van Angola in die Sandveld aangetref. Oos van die Cubango (Okavango) bestaan die plantegroei uit doringstruike en akasiawoude, waaronder *Acacia mellifera* (hakiesdoring of wag-’n-bietjie).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Noord van die Kunene-mond aan die kus lê die twee droogste plantegroeistreke van Angola parallel aan mekaar. Effens meer in die binneland kom semiwoestynsteppe voor, bestaande uit verspreide grasse, dwergstruike, *Hyphenae*-spesies (palms) en *Euphorbiaceae*, afgewissel deur doringsavanne en sukkulentesavanne. Aan die kus, die noordelike deel van die Namib, is die plantegroei uiters gering en kom woestynplantegroei voor. Die bekendste plant is die *Welwitschia mirabilis*, wat oorspronklik deur Friedrich Welwitsch in Angola ontdek is, maar ook in Namibië voorkom.[25]

Dierelewe

Teen die twintigerjare van die twintigste eeu is ’n besonder groot verskeidenheid wild nog in die land aangetref.[26]

Die belangrikste gebiede in Angola wat dierelewe betref, is die Kunene-bekken, die gebied van die Cubango (Okavango) en enkele gebiede in die noorde, middel en ooste van Angola. Met die indringing van die bevolking na die binneland (as gevolg van beter padverbindings) en die toenemende beskikbaarheid van vuurwapens het grootwildgetalle teen 1970 sterk afgeneem. Olifante, wat vroeër dwarsdeur die land voorgekom het, het teen 1970 nog slegs in enkele gebiede in die noorde voorgekom, met enkeles in die suidooste en suidweste. Die belangrikste redes hiervoor is dat hulle natuurlike habitat vernietig is deur die inheemse bevolking se landerye en blankes se jagtogte.[27] Hoewel hulle as gevolg van die ongesonde klimaat hul nie permanent daar kon vestig nie, kon die meeste Afrikaners gewoonlik in die winter in die jagveld aangetref word.

Verskeie soorte antilope het in 1970 nog in die land voorgekom, onder andere kameelperde, sebras, wildebeeste en buffels. Roofdiere soos luiperds het nog dwarsdeur die hoogland voorgekom, maar leeus en hiënas het afgeneem. In riviere het krokodille en seekoeie nog voorgekom. Gorillas en sjimpansees kon in woude in Cabinda gevind word. Ander aapsoorte het wydversprei voorgekom. Voëls was talryk.[28]

Die reuseswartwitpens (*Hippotragus niger variani*), swartrenoster (*Diceros bicornis*), kameelperd (*Giraffa camelopardalis*), gemsbok (*Oryx gazella*), gorilla (*Gorilla gorilla*), wildehond (*Lycaon pictus*), silwervos (*Vulpes chama*), jagluiperd (*Acinonyx*

25 R.S. de Brito, “Aspectos gerais da geografia física de Angola”, in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, pp. 26–32; M. Kuder, *Angola*, pp. 20–23.
26 Sowel H. Marquardsen, *Angola*, pp. 102–107 en J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, pp. 245–298 verskaf ’n baie lang lys van die mees algemene diersoorte wat in die land aangetref is.
27 M. Kuder, *Angola*, p. 25; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 34.
28 M. Kuder, *Angola*, p. 25.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

jubatus) en volstruis (*Struthio camelus*) was beskermde wild.

Die *Anopheles*-muskiet het malaria feitlik dwarsdeur Angola versprei. *Glossina palpalis* (as draer van slaapsiekte) en die tsetsevlieg, *Glossina morsitans*, (as draer van nagana by hoefdiere, veral beeste) is selde op die hoogland aangetref. Omdat 'n groot aantal Afrikaners aanvanklik 'n bestaan uit transportry gemaak het, het die voorkoms van die tsetsevlieg hul transportryery tot die suide en sentrale hooglande van Angola beperk. Doeltreffende veterinêre maatreëls het gehelp om die voorkoms van hierdie siektes te beperk.[29]

Daar is beweer dat Angola waarskynlik die land rykste aan bye in Afrika was.[30] Reisigers in Angola het dikwels die talle byekorwe wat hulle aangetref het, vermeld. Vandag nog is dit algemeen in Angola.[31] Angola was een van die grootste produsente ter wêreld van byewas. Omstreeks 1840 was dit naas slawe en ivoor Angola se belangrikste uitvoerproduk.[32] Na die ineenstorting van die rubberhandel aan die begin van die twintigste eeu was die vervoer van byewas na die kus een van die belangrikste handelsaktiwiteite van die Boeretransportryers. Gedurende die veertigerjare van die twintigste eeu is ongeveer 1900 t jaarliks geproduseer. Teen die sestigerjare het dit afgeneem tot 700–900 t jaarliks.[33]

As gevolg van die koue Benguela-stroom het daar teen 1970 nog groot getalle vis aan die kus voorgekom.[34] Geen Angola-Boere was egter in hierdie bedryf betrokke nie.

---

29 N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 45; M. Kuder, *Angola*, p. 25.
30 H. Marquardsen, *Angola*, p. 106.
31 C.E. Ivens, "Vice-Consulat de Belgique à Mossamedes (Angola): Rapport No. 1", *Recueil consulaire contenant les rapports commerciaux des agents belges a l'étranger, tome 100*, 1898, p. 8; Th. Delachaux & Ch.-E. Thiébaud, *Land und Völker von Angola*, pp. 22–23.
32 D.C. Wheeler & C.D. Christensen, "To rise with one mind: The Bailundu War of 1902", in F.W. Heimer (Ed.), *Social Change in Angola*, p. 56; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, pp. 63–64; J. Dias, "Angola", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 382 n. 10.
33 A.J.A. Cardoso, *Angola: Your neighbour*, pp. 24, 94; I.S. van Dongen, "Agriculture and Other Primary Production", p. 267, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
34 N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, pp. 47–48; M. Kuder, *Angola*, p. 25.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL II

Hoofstuk 2
DIE GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING VAN ANGOLA TOT 1975

Daar is nie veel van die geskiedenis van Angola voor die "ontdekking" daarvan deur Portugese seevaarders in die vyftiende eeu bekend nie. In die prehistoriese tyd (die Steentydperk) het die huidige geografiese gebied 'n groot bevolking gedra. Eeue voor die aankoms van die Portugese het Bantoesprekende-immigrante uit die Ystertydperk, waaronder die huidige Mbundu, in die gebied ingetrek. Angola het ten tye van die Portugese "ontdekking" daarvan uit 'n groot aantal onafhanklike koninkryke bestaan. Die belangrikste hiervan was die Kongo-koninkryk van die Bakongo, wat in hierdie tyd op die hoogtepunt van sy mag was. Dit het dele van drie huidige Afrika-state (Angola, die Demokratiese Republiek van die Kongo en die Republiek van die Kongo) beslaan. Die koninkryk is in vyf provinsies verdeel, waarvan vyf deur ondergeskikte heersers en een deur die Manikongo (die Kongo-koning) regeer is. Dit het 'n bevolking van ongeveer 100 000 gehad. Effens verder suid in die omgewing van die Cuanza was die Ndongo-koninkryk van die Mbundu, waarvan die heerser, N'gola a Kiluanje, 'n skatpligtige van die Manikongo was. Die huidige naam van die land Angola is van dié heerser se ampstitel afgelei. Verder suid het die Ovimbundu verskeie kleiner koninkryke tot stand gebring. Eeue later het die Ovimbundu 'n reputasie as "belangrikste handelaars in Afrika suid van die ewenaar" verwerf. Heel in die suide van Angola het 'n paar Ovambo-stamme gewoon. Hulle politiese organisasie en invloed was egter gering.[1]

Die Weste het vir die eerste keer van Angola kennis geneem toe die Portugese seevaarder Diogo Cão in 1483 die mond van die Kongo (06º06' S) en Cabo de Santa Maria (13º27'15" S) bereik het en op beide plekke *padrões* (gedenksuile, enkelvoud *padrão*) opgerig het. In 1484 het hy Cabo Negro (15º40' 30" S) bereik. Betrekkinge met die Kongo-koninkryk is op 'n basis van gelyke beregtiging tussen die konings van Portugal en Kongo opgeneem. Die Kongo-konings en hulle families is gedoop en het die name van

1 D. Birmingham, *Trade and conflict in Angola*, pp. 1–2; M. Kuder, *Angola*, pp. 28–29; A. Malaquias, *Rebels and Robbers*, pp. 23–25; M. Newitt, "Angola in Historical Context", pp. 19–22, in P. Chabal & N. Vidal (Eds), *Angola: The Weight of History*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Portugese konings aangeneem. In 1518 het Henrique, een van die seuns van die Kongo-koning Afonso, die eerste swart biskop uit Afrika met die Kongo-koninkryk as bisdom geword.[2] Die volgende swart biskop uit Angola, Eduardo André Muaca, sou eers vier en ’n half eeue later, op 11 Maart 1970, aangewys word.[3]

In 1556 het die koninkryk N’gola hom onafhanklik van die Kongo-koninkryk verklaar. Teen hierdie tyd het Portugal al hoe meer in hierdie gebied suid van die Kongorivier begin belangstel.[4]

Portugal en die Portugese “mentaliteit”

Die geskiedenis van Angola is nou verweef met dié van Portugal. Ná ’n halwe millennium van Romeinse kultuur en ’n halwe millennium van Arabiese kultuur – geskei deur ’n kort Germaanse tydperk – is die begin van die einde van Islam in Portugal ingelei toe Engelse kruisvaarders Lissabon in 1147 verower het. Daarna was Portugal vir die grootste deel van sy geskiedenis ’n monargie, eers onder die Avis-dinastie (1385–1580) en later onder die Braganza-dinastie, ’n sytak van die Avis-dinastie (1640–1910). Van 1580 tot 1640 is dit deur Spanje geannekseer en deur die Spaanse koningshuis regeer.[5] Die tydperk ná 1640 word grootliks gekenmerk deur wanorde, veral gedurende die tydperk 1820–1851 toe daar 40 regerings in ’n tydperk van 31 jaar aan bewind was.[6] Portugal het gevolglik as “the sick man of Western Europe” bekend gestaan – ’n samelewing wat op buitelandse hulpbronne geleef het en nie op die vrugte van sy eie harde werk en spaargeld nie. ’n Portugese historikus en intellektueel, Herculano, het dit só verwoord: “In beskawing is ons twee trappe onder Turkye en ongeveer dieselfde aantal trappe bokant die Hottentotte.”[7]

Die geskiedenis van Portugal word onlosmaaklik aan die see gekoppel. In “Mar português”, een van die bekendste gedigte in Portugees, skryf Fernando Pessoa:

---

2 J. Duffy, *Portuguese Africa*, pp. 17–18; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, pp. 38–39; N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 98; M. Kuder, *Angola*, p. 28; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 14, 16.
3 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 18.
4 M. Kuder, *Angola*, pp. 28–29.
5 D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 16–17, 204–205.
6 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 11; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, p. 128.
7 R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 27, my vertaling. Lande soos Engeland het dieselfde geringskattende siening van die Portugese gehad. Sien G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 6–7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Soutbelaaide see, hoeveel van jou sout
> is trane van Portugal?
> Om jou te deurkruis, het hoeveel moeders gehuil,
> het hoeveel seuns tevergeefs gewag,
> het hoeveel verloofde meisies nooit getrou nie,
> sodat jy aan ons kon behoort, o see![8]

Vanaf 1415 met die inname van Ceuta aan die kus van Marokko tot ongeveer 1515 het Portugal 'n goue eeu beleef, genoem *o Século Maravilhoso* (die wonderbaarlike eeu) in die Portugese literatuur. Gedurende hierdie eeu het die Portugese groot dele van die aardbol met die *Descobrimentos* (ontdekkingsreise) "ontdek". Die inisiatief vir hierdie ontdekkings het van prins Hendrik die Seevaarder (1394–1460) uitgegaan en word in die Portugese nasionale epos *Os Lusíadas* deur die digter Luíz Vaz de Camões besing. Die ontdekkingsreise van Gil Eanes, Diogo Cão, Bartolomeu Dias, Vasco da Gama en Pedro Álvares Cabral is vandag nog algemeen bekend. Die "ontdekking" van Angola deur Diogo Cão was een van die resultate van die *Descobrimentos*. Portugal was egter sedertdien nooit weer die wêreldmoondheid wat dit toe was nie.[9]

Skrywers vind dit oor die algemeen moeilik om die "mentaliteit" van die Portugese te verstaan. Terme wat al in hierdie verband gebruik is, is "psigologiese probleme" soos "minderwaardigheidskomplekse", "morele korrupsie", "ekstreme sensitiwiteit ten opsigte van die nasionale roeping", "vrees vir buitelandse invalle", "nasionale paranoia" wat uiting vind in *saudade* (melancholie) en die sing van *fados* (liedere wat oor die noodlot handel), 'n gebrek aan selfrespek, 'n gebrek aan vooruitgang, stagnasie en degenerasie, terwyl die bevolking selfs as die "kaffers van Europa" bestempel is.[10]

Kritiek, gegeur met veragting, is 'n kenmerk van bykans elke verslag of berig oor Angola deur Britse reisigers en skrywers. Hierdie kritiek het neerslag gevind in die Portugese bewussyn van hulle ekonomiese agterstand en 'n "nasionale minderwaardigheidskompleks", 'n nasionale onsekerheid, 'n intense wantroue van vreemdelinge en 'n paranoïese vrees vir buitelandse invalle. Dit sou die Portugese buitelandse beleid ten opsigte van Angola ten nouste beïnvloed. Portugese staatsmanne het op hulle beurt 'n uitdagende en uittartende houding teenoor die buiteland ingeneem.[11]

---

8 F. Pessoa, "Mar português", *Mensagem* (my vertaling).
9 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 10–11.
10 *Ibid*., pp. 12–15.
11 *Ibid*., pp. 15, 17, 102; M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 24.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Portugese besetting van Angola (1576–1839)

Vir die eerste paar eeue van Portugese kolonisasie het rassewrywing min voorgekom. Met die toenemende getalle blankes in die suide van die land, het rassekonflik 'n al hoe groter rol begin speel, veral oor grond en arbeid. In Angola was konflik oor grond egter nooit so 'n groot probleem as elders in Afrika nie omdat die land 'n lae bevolkingsdigtheid gehad het. Dit het nietemin hier en daar tot plaaslike konflikte aanleiding gegee.[12]

Die vriendskaplike betrekking tussen Portugal en die inheemse koninkryke in Angola het verander toe Paulo Dias de Novais as "generaalkaptein, veroweraar en eerste goewerneur van die koninkryke Angola en Kongo" Luanda teen 1576 gestig het. Luanda het spoedig 'n handelsentrum en 'n belangrike uitvoerhawe vir slawe na São Tomé en Princípe en later Brasilië geword.[13]

Die Portugese besetting van Angola was vir eeue lank onbeduidend. Die belangrikste redes was die geringe ekonomiese belang van Angola teenoor Brasilië en die Ooste, bykans ondeurdringbare bergkettings in die binneland en onbevaarbare riviere met talle watervalle en stroomversnellings.

Teen 1617 is Benguela effens suid van die huidige ligging van Benguela gestig.[14] Caconda, geleë op die hoogland van Angola dieper in die binneland, is in 1682 deur die Portugese gestig, verskeie kere vernietig en in 1768 weer opgebou.[15] Vir meer as honderd jaar was dit die verste voorpos van die Portugese beskawing. Die gunstige klimaat daarvan is dikwels deur skrywers besing. T.E. Bowdich het byvoorbeeld getuig:

> The country is elevated, the air pure and comparatively cool, and the surrounding scenery rich and diversified; so that all travellers who have been there, concur in describing it as the most delightful spot they have either seen or heard of throughout Western Africa.[16]

---

12 A.B. Herrick et al., *Area Handbook for Angola*, p. 29; M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 168.

13 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 48; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 47; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, pp. 111–116; N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 105; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 38; M. Kuder, *Angola*, p. 29; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 84. Sommige van hierdie bronne gee 1575 as die stigtingsdatum van Luanda aan.

14 A. Schachtzabel, *Im Hochland von Angola*, p. 10; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 60; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, p. 158; M. Kuder, *Angola*, p. 29.

15 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 97; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 64.

16 T.E. Bowdich, *An account of the Discoveries of the Portuguese in the Interior of Angola and Mozambique*, pp. 10–11.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanaf 1641 tot 1648, toe hulle aan 'n ekspedisie uit Brasilië oorgegee het, het die Nederlanders Luanda en Benguela beset om sodoende beheer oor die slawehandel te verkry.[17] Kort tevore het Nederland by verskillende geleenthede groot dele van die Portugese se oorsese handelsryk ingepalm, waaronder Java, Malakka en Ceylon in die Ooste, 'n deel van die Brasiliaanse kus en dele van Guinee en die belangrike fort São Jorge da Mina (Elmina) aan die kus van Afrika.[18] Vir die Portugese met hulle verknogtheid aan die Rooms-Katolieke Kerk was die Nederlanders niks anders as Calvinistiese ketters wat uitgedelg moes word nie.[19]

Die letsel wat hierdie besetting van Luanda in die Portugese psige gelaat het, kan in 'n mate gepeil word deur in aanmerking te neem dat 15 Augustus, die datum waarop die Nederlanders verdryf is, tot aan die einde van die koloniale tydperk in Angola 'n nasionale vakansiedag was, terwyl Salvador Correia de Sá e Benevides, die bevelvoerder van die ontsettingsmag vanaf Brasilië, by geleentheid bestempel is as die belangrikste persoon in die geskiedenis van Angola.[20] Hierdie Nederlandse besetting, saam met die wedywering tussen Nederland en Portugal oor die handel in die Ooste, sou drie eeue later moontlik 'n rede wees vir die Portugese antagonisme teen die Boere, wat as "Hollanders" (*Holandeses*) bestempel is.[21]

Slawerny en dwangarbeid in Angola (1486–1961)

Slawerny is een van die sentrale temas in die Angolese geskiedenis. Brasilië is reeds in 1500 deur die Portugese seevaarder Pedro Álvares Cabral "ontdek". Groot plantasies is aangelê om suiker, tabak en koffie met slawearbeid te produseer. Die kolonisasie van Angola was 'n direkte gevolg van die probleem om arbeid aan die plantasies in Brasilië te voorsien.[22] Gedurende die sewentiende en die agtiende eeu het die slawehandel vanuit Angola na Brasilië toegeneem. Dit was die vernaamste rede vir buitelandse belangstelling

17 J. Duffy, *Portuguese Africa*, pp. 65–67; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, pp. 183–193, 200–205; N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, pp. 108–109; M. Kuder, *Angola*, p. 29; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 86.
18 R.H. Chilcote, *Portuguese Africa*, p. 10.
19 D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 68.
20 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 13; J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 19; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 55; P.K. Huibregtse, *Angola: The real story*, p. 14.
21 US: Aanwins 222, K.V. 31 (7/2), "Oom Andries Alberts van Humpata", p. 9; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 34–35, 50; A. Alberts, *Swart weerlig*, p. 16.
22 F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 36; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 50; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 28–29, 58–59, 88.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in Angola. Angola is vanuit Brasilië bestuur (sodat dit van 1648 tot 1822 in effek 'n kolonie van Brasilië was), terwyl Portugal feitlik alle belangstelling in Angola verloor het. Slawerny was teen die einde van die agtiende eeu vir 88% van Angola se inkomste verantwoordelik.[23]

Die volle impak van slawerny sal seker nooit bereken kan word nie. 'n Portugese historikus het bereken dat 1 389 000 Angolese slawe tussen 1486 en 1641 weggevoer is – gemiddeld 9000 per jaar. In die agtiende eeu het dit toegeneem tot 25 000 slawe per jaar en teen die begin van die negentiende eeu selfs 30 000 per jaar. Dit beteken dat vir bykans vier eeue lank gemiddeld 10 000 slawe jaarliks van Angola na die Amerikas verskeep is. Daar word bereken dat 13 miljoen mense in die binneland van Angola in die loop van 400 jaar gevang is om vier miljoen slawe aan skepe aan die kus te voorsien. Dit is een van die redes waarom Angola tot vandag toe 'n relatiewe lae bevolkingsdigtheid het.[24]

Die ekonomiese ontwikkeling van Angola is aan bande gelê omdat die mees produktiewe lede van die samelewing weggevoer is en onproduktiewe artikels vir slawe geruil is. Nuwe siektes is versprei, wat verder bygedra het om die bevolkingsgetalle laag te hou.[25]

'n Mens moet versigtig wees om nie met negentiende-eeuse selfversekerdheid te beweer dat slawerny tot die grootskaalse ontvolking van die binneland gelei het, dat dit 'n bron van enorme rykdom was vir die Europeërs wat daarby betrokke was of dat dit sonder twyfel net nadelig vir die inheemse bevolking was nie. Slawe was, per slot van rekening, die mees bemarkbare kommoditeit vir die Afrikane wat nie self in slawerny verkoop is nie. Slawe was boonop die mees geredelike manier om handelsgoedere (byvoorbeeld ivoor) van die binneland na die kus te vervoer.[26]

Boonop sou geredeneer kon word dat die lae bevolkingsdigtheid van Angola die tradisionele landbousisteem (kap-en-brand) moontlik gemaak het. Omdat dit die hoogste opbrengs per arbeidseenheid van enige landbousisteem oplewer, het 'n arbeidsurplus ontstaan wat vir die slawe- en ivoorhandel beskikbaar was en in die vorm van slawe uit-

---

23 A.B. Herrick et al., *Area Handbook for Angola*, p. 32; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 78; M. Kuder, *Angola*, p. 29; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 87, 99.

24 B. Davidson, *The African Awakening*, p. 56; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 93–98. Die syfers van J. Dias, "Angola", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825 1910)*, pp. 322–323, verskil effens hiervan maar die ordegrootte is dieselfde.

25 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 93–98.

26 A.B. Herrick et al., *Area Handbook for Angola*, p. 32; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 42.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevoer is. Die arbeidsurplus bied ook ’n moontlike verklaring waarom tegnologie nooit ontwikkel is om handearbeid te vervang nie, want daar was altyd oorgenoeg arbeid beskikbaar om as algemene draers te dien, graan fyn te maal en water in kleipotte aan te dra.[27]

Afrikane in die binneland het groter belang by die instandhouding van slawerny gehad as Europese handelaars aan die kus.[28] Dit is dus geensins verbasend nie dat slawehandel in die binneland nog voorgekom het dekades nadat die vervoer van slawe oor die Atlantiese Oseaan deur Britse tussenkoms aan bande gelê is.

Die verlies aan mensegetalle is waarskynlik vergoed deur die hoër bevolkingsgroei wat die verbouing van nuwe gewasse soos mielies en maniok (kassawe) teweeggebring het.[29] Daar sou ook geredeneer kon word dat die oorskakeling na hierdie gewasse die arbeidsurplus nog verder sou vergroot het en op dié manier tot Angola se onderontwikkeling bygedra het. Daar sou selfs geredeneer kon word dat Portugal se kolonisasiepogings in Afrika tot Portugal se onderontwikkeling bygedra het omdat die meeste handelsaktiwiteite in die hande van Brasiliaanse, Engelse en Indiese kapitaal en entrepreneurs was.[30]

Een nalatenskap van slawerny is die feit dat die huidige grense van Angola in ’n groot mate die gebied aandui waarvandaan slawe deur die Portugese slawehandelaars weggevoer is.[31]

Ná die onafhanklikheid van Brasilië (die belangrikste mark van die Angolese ekonomie) in 1822, ’n beleidsverandering om Brasilië se arbeidsbehoeftes ná 1850 met Europese arbeiders te bevredig en die latere beperkings op die slawehandel, het die Angolese ekonomie gestagneer. Die aantal blanke Portugese in Luanda het van 1601 persone in 1845 tot 830 in 1851 afgeneem.[32] In die res van die land was daar maar 100 blanke Portugese.[33]

Beleidsverandering ten opsigte van Angola het eers gekom onder die bewind van markies De Sá da Bandeira. Die uitvoer van slawe van Angola na Brasilië is op 10 Desember 1836 verbied met die oogmerk om arbeid te belê in die skepping van ’n nuwe, derde ryk (naas dié van Portugal en Brasilië) in Afrika eerder as om arbeid na Brasilië uit te voer.

---

27 M. Newitt, *Portugal in Africa*, pp. 12–13.
28 R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 42.
29 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 97.
30 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 13.
31 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 98.
32 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 76; M. Kuder, *Angola*, p. 29; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, p. 100.
33 P. Anderson, “Le Portugal et la fin de l’ultra-colonialisme”, *Partisans* 7, Novembre–Décembre 1962, p. 70.

© University of Pretoria

Hierdie verbod kon egter nie toegepas word nie. Teen 1843, sewe jaar nadat transatlantiese slawerny amptelik beëindig is, het die inkomste daaruit nog 66% van Angola se inkomste opgelewer. Eers teen 1845 kon die verbod op transatlantiese slawerny suksesvol deur die Britse vloot afgedwing word.[34]

Sá da Bandeira se oogmerk was om Portugal se voorspoed te herstel deur hernuwing van Portugal se imperiale lotsbestemming. Dit sou eers ’n eeu later, gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu, bereik word. Slawerny in die Portugese kolonies self is eers in 1858 deur Sá da Bandeira verbied. Volgens hierdie wetgewing sou alle slawe in die Portugese kolonies ná 20 jaar vrygestel word en hulle sou vanaf 1869 ’n interim, ongedefinieerde status as *libertos* geniet. In dieselfde jaar is slawekinders vrygestel en op 29 April 1875 (met inwerkingtreding drie jaar later) is alle vorms van slawerny verbied. Slawerny sou eers diep in die twintigste eeu in Angola uitgeroei word.[35]

Hoewel slawehandel aan die kus van Angola tot ’n einde gekom het, is die ergste vorms daarvan (soos dit deur die inheemse bevolking in die binneland beoefen is) onverstoord voortgesit.[36] In 1894 het die sendeling Héli Chatelain drie redes uitgesonder waarom slawerny nog in die binneland van Angola beoefen word: die inheemse gebruik waarvolgens die oom aan moederskant in matriliniêre samelewings oor die reg beskik het om sy broerskinders te verkoop, die afwesigheid van tronke en voortgesette oorloë tussen verskillende stamme (waartydens krygsgevangenes as slawe verkoop is).[37]

In 1899 is wetgewing aangeneem waarvolgens inboorlinge in die Portugese kolonies ’n “morele en wetlike verpligting” het om te werk. Inboorlinge kon kies hoe hulle hierdie verpligting wou vervul, maar die owerheid kon hulle verplig om op enige plek en wyse en vir enige werkgewer te gaan werk indien hul nie bewys kon lewer dat hulle hierdie verpligting vervul het nie.[38] Arbeiders wat vrywillig sonder die staat se tussenkoms gewerk het, is *voluntários* genoem – teenoor die *contratados* wat verplig is om arbeidskontrakte

---

34 J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 68–69; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, p. 299; D.L. Wheeler, “The Portuguese in Angola, 1836–1891”, p. 12; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 99; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, p. 121; V. Alexandre, “A questão colonial no Portugal itocentista”, in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 55–60.

35 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 77; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 69; N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 117; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 59; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 121, 136; N.A. Bailey, “Native and Labor Policy”, p. 167, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; V. Alexandre, “A questão colonial no Portugal oitocentista”, in V. Alexandre & J. Dias (Eds), N*ova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 101–102.

36 J. Johnston, *Reality versus Romance in South Central Africa*, p. 51.

37 W.A. Cadbury, *Labour in Portuguese West Africa*, pp. 71–72.

38 J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 132, 182–184.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan te gaan.[39] Hierdie wetgewing sou die basis word van latere wetgewing (tot dit in 1961 afgeskaf is) wat tot die ergste misbruike aanleiding gegee het.

Gedurende die twintigste eeu was die *palmatória* ('n houtskyf met vyf gaatjies in die vorm van 'n kruis daarin aan 'n houtplank, waarmee slae toegedien is) en *chicote* ('n tipe sweep) nog algemeen gebruik tydens lyfstraf vir die geringste oortredings, aanvanklik van slawe en later van *contratados* en *serviçaes*.[40]

Volgens J.B. Thornhill is die eienaarskap en pryse van slawe in die openbaar bespreek, slawe was gewoonlik betroubaar en gedweë en het nie van hulle eienaars weggeloop nie, teenoor die meerderheid vrye arbeiders wat diewe en dronkaards was en boonop die laagste sedes gehad het.[41]

Teen 1905–1906 was slawemarkte, slawekaravane, slawekettings en dooie slawe langs die slaweroetes nog algemeen in Angola nieteenstaande die amptelike afskaffing van slawerny.[42] Teen 1906 het die Britse joernalis Henry W. Nevinson ná 'n besoek aan Angola en São Tomé bevind dat beendere en lyke van gestorwe slawe op die slaweroetes, boeie en slawekaravane nog 'n algemene gesig in Angola was. "That path [into the interior] was strewn with dead men's bones. […] These are the skeletons of slaves who have been unable to keep up with the march, and so were murdered or left to die." Die bevolking was so gewoond aan slawerny dat niemand dit vreemd gevind het nie. Slawerny is nie noodwendig as 'n slegte of skadelike instelling beskou nie. Slawe kon nog openlik in handelshuise gekoop word.[43] Soms was al die inwoners van 'n dorpie die slawe van een ryk handelaar.[44] Daar is geskat dat minstens die helfte van die bevolking die slawe van die res van die bevolking was.[45]

Die onmiddellike gevolg van Nevinson se boek *A Modern Slavery* (1906) was 'n onwillige boikot van kakao afkomstig van São Tomé deur Britse nyweraars soos Cadbury en Bournville in 1908–1909 en 'n opspraakwekkende hofsaak in November 1909 waar Nevinson se bevindings bevestig is. Origens is die geldigheid daarvan vanaf 1909 tot

---

39 J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 184; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 33.

40 H.W. Nevinson, *More changes, more chances*, p. 81; W.A. Cadbury, *Labour in Portuguese West Africa*, p. 112; C.F. McDonald, *Op vlug deur donker Afrika*, pp. 169–170; J.T. Tucker, *Drums in the Darkness*, p. 140; T.E. Wilson, *Angola Beloved*, p. 206; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 134–137; B. Davidson, *The African Awakening*, pp. 217–218; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 52.

41 J.B. Thornhill, *Adventures in Africa under the British, Belgian and Portuguese flags*, pp. 184, 191.

42 W.A. Cadbury, *Labour in Portuguese West Africa*, pp. 117–121.

43 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, pp. 57, 85–86, 111–117, 120–121, 152, 159–160, 163, 167, 171; H.W. Nevinson, *More changes, more chances*, pp. 61, 65, 68.

44 A. Schachtzabel, *Im Hochland von Angola*, p. 87.

45 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, p. 49; L. Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, p. 11.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1924 deur publikasies soos *Labour in Portuguese West Africa* (William Cadbury) en *Portuguese Slavery: Britain's Dilemma* (John Harris) bevestig.[46]

Die woord "slawe" is nooit in amptelike dokumente vir hierdie arbeiders gebruik nie, wel die woorde *serviçaes* (enkelvoud *serviçal*) en *contratados* (kontrakwerkers). Alles is op 'n "wettige" manier gedoen en kontrakte is selfs met die *serviçaes* aangegaan. Behalwe vir die regsterme, het die stelsel min van slawerny verskil.[47] In die vorm van kontrakarbeid het slawerny tot 1961 in Angola bestaan.[48]

In die dertigerjare van die twintigste eeu was dit nog algemeen dat kinders deur hulle familielede (veral die oom aan die ma se kant) as slawe verkoop is. Dit was, soos reeds genoem, deels die resultaat van die matriliniêre stelsel.[49] Gevalle van ontvoerings wat met slawerny verband hou, is deur reisigers aangeteken.[50] In die binneland van Angola het huishoudelike slawerny ("domestic slavery", of eerder "tribal slavery") en skuldslawerny tot in die twintigerjare van die twintigste eeu voorgekom.[51] In 1928 het inboorlinge langs die Okavangorivier nog slawe uit Angola aangekoop. Die owerheid in Suidwes-Afrika het later met die skuldiges afgereken.[52]

Nadat slawerny in Angola afgeskaf is, was daar voortdurend vrae gevra oor die gebruik van dwangarbeid.[53] Dwangarbeid het drie vorms in Angola aangeneem. In die ergste vorm, wat deur Nevinson as "plantation slavery" bestempel is, is ongeveer 4000 werkers jaarliks na Mosambiek en São Tomé en Príncipe vir vyf jaar "harde arbeid" verskeep. Selde het iemand teruggekeer.[54] Teen 1929 was dit nog moontlik om slawe vasgeketting aan die dek van 'n skip na São Tomé te sien.[55]

---

46 H.W. Nevinson, *More changes, more chances*, pp. 86–89, 95–97; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 136.
47 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, pp. 27, 37, 57–58, 173; J.B. Thornhill, *Adventures in Africa under the British, Belgian and Portuguese flags*, pp. 193–196; M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 109.
48 B. Davidson, *The African Awakening*, p. 58.
49 Vgl. o.a. H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, pp. 51, 100–101; H.W. Nevinson, *More changes, more chances*, p. 73; Th. Delachaux & Ch.-E. Thiébaud, *Land und Völker von Angola*, p. 96; H. Monnier, *En Angola pour Jésus-Christ*, pp. 41–42; J.T. Tucker, *Drums in the Darkness*, p. 140.
50 W. Jaspert, *Afrikanisches Abenteuer*, pp. 57–58; W. Jaspert, *Through unknown Africa*, pp. 72–73.
51 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, p. 14; A. Schachtzabel, *Im Hochland von Angola*, p. 87; W. Jaspert, *Afrikanisches Abenteuer*, pp. 181–183; W. Jaspert, *Through unknown Africa*, pp. 226, 228; D.C. Wheeler & C.D. Christensen, "To rise with one mind: The Bailundu War of 1902", in F.W. Heimer (Ed.), *Social Change in Angola*, pp. 56, 79.
52 Union of South Africa, *Report presented by the Government of the Union of South Africa to the Council of the League of Nations concerning the administration of South West Africa for the Year 1929* (U.G. No. 23–'30), p. 58 par. 365–366.
53 Vgl. die roman van Pepetela, *Yaka*, pp. 112–113. Kyk ook NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", pp. 117–118.
54 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, pp. 13, 48–49, 158 n. 1, 176; H.W. Nevinson, *More changes, more chances*, p. 76; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 120–124.
55 D. Birmingham, "The tolerance and intolerance of Héli Chatelain in Angola 1885–1890", p. 13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede vorm van dwangarbeid het langtermynwerkers aan die belangrikste besighede en staatsondernemings verskaf. Daarvolgens was enige werker wat nie oor 'n skriftelike dienskontrak beskik het nie, verplig om vir kontraktuele dwangarbeid "gerekruteer" te word.[56]

Die derde vorm van dwangarbeid was die mans, vroue en kinders wat deur die *chefe do posto* opgekommandeer kon word om die paaie (wat in die reënseisoen verspoel het) en openbare werke in stand te hou. Dié sisteem het tot misbruike aanleiding gegee en was een van die belangrikste redes vir die latere opstande in 1961. Hierdie drie vorms van dwangarbeid is deur die Portugese regering geregverdig as noodsaaklik en selfs voordelig.[57] Die vrouens en kinders wat met mandjies, stukke boombas en selfvervaardigde gereedskap die paaie in stand gehou het, het dikwels verbasing van reisigers uitgelok.[58]

José Mendes Ribeiro Norton de Matos (goewerneur-generaal van Angola, 1912–1915, en hoë kommissaris, 1921–1923) het slawerny in hierdie nuwe gedaante (dwangarbeid) probeer regverdig as synde noodsaaklik vir die bou van 'n ekonomiese infrastruktuur en vir die beskikbaarstelling van goedkoop arbeid aan voornemende koloniale beleggers.[59] Die heersende siening van koloniale moondhede ten opsigte van dwangarbeid is akkuraat saamgevat deur 'n bevooroordeelde Engelse besoeker aan Angola in die twintigerjare van die twintigste eeu:

> The curse of African Governments is the inherent laziness of the negro, who will not work if he can possibly avoid it. It is absolutely necessary to carry out public works in new African colonies: roads, bridges, railways, and buildings have to be constructed; and without some system of forced or induced labour, European colonization in Africa would be impossible.[60]

Die kolonisasie van die binneland van Angola (1839–1910)

Sedert die middel van die negentiende eeu was daar beskeie kolonisasiepogings in Moçâmedes (1839) en die hoogland van Huíla (1845). Tog het daadwerklike Portugese besetting beperk gebly tot die oewer van die Kongo, die binneland van Luanda tot by

---

56 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 120–124.
57 *Ibid*., pp. 120–124.
58 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 115; W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, p. 7; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 12.
59 D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, p. 157. W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, pp. 41–42, huldig die mening dat dit juis Norton de Matos was wat slawerny teen 1913 in Angola uitgeroei het. Hierdie mening word egter nie gestaaf deur die talle verspreide gevalle van slawerny wat ná 1913 opgeteken is nie.
60 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 45.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Malanje en die Cassanje-depressie (Baixa de Cassanje), die binneland van Benguela en gedeeltes van die Lunda-waterskeiding.[61]

Die meerderheid ontdekkingsreise in die Angolese binneland is aanvanklik nie deur Portugese onderneem nie, maar deur reisigers van ander nasionaliteite soos die swart Angolese Pedro João Baptista en Amaro José (1802–1815), die Hongaarse skeepsluitenant Ladislaus Magyar (1849–1857), die Skot David Livingstone (1854–1856), die Duits-Oostenrykse plantkundige Friedrich Welwitsch (1853–1861), die Fransman Charles (Carlos) Victor Aubert Duparquet (1868), die Engelse geoloog Joachim John Monteiro (begin van die 1870's), die Engelsman Lovett Cameron (1875) en die Duitser A.E. Lux (1875–1876).[62]

Die belangrikste redes waarom die Portugese nie die binneland van Angola beset het nie was gebrek aan mannekrag, Portugal se klein bevolking, klimaat, siektes, swak organisasie, teenstand van die swart stamme in die binneland en die formidabele geografiese versperrings wat toegang verhinder het.[63] Teen 1877 het die Portugese goewerneur Albuquerque beweer dat daar nouliks van 'n Portugese besetting van Afrika gepraat word:

> […] die belangrikste [Portugese] nedersettings word soos vele ander eilande verswelg in 'n onbeperkte oseaan van inboorlinge; gevolglik is dit ongelukkig nodig om te erken dat ons ryk in die binneland denkbeeldig is.[64]

'n Ekonomiese krisis in Portugal in 1870 het die Portugese gesindheid teenoor Afrika verander.[65] Daar is daarna met hernieude belangstelling na Angola gekyk. In Lissabon is die Sociedade de Geografia de Lisboa in 1875 gestig om geografiese kennis van die Portugese koloniale gebiede uit te brei.[66] Ontdekkingsreise deur Portugese soos Capelo en Ivens (1877–1880 en 1884–1885), Serpa Pinto (1877–1879) en Henrique de Carvalho (1884–1887) na die binneland van Angola het gevolg.[67]

---

61 M. Kuder, *Angola*, pp. 29–30.
62 J. Falkenstein, *Afrikas Westküste. Vom Ogowe bis zum Damara-land*. I. Abteilung, p. 11; H. Marquardsen, *Angola*, pp. 16–19; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 261.
63 J. Duffy, *Portuguese Africa*, pp. 79–80; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 60.
64 AHU: Pasta 47, No. 267, Brief Goewerneur Albuquerque – Lissabon, soos aangehaal in D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", pp. 241–242, & D.L. Wheeler, *Portuguese Expansion in Angola since 1836: A Re-examination*, p. 1 (my vertaling).
65 D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, p. 145.
66 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 197; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 107; M. Kuder, *Angola*, p. 31; M. Newitt, *Portugal in Africa*, pp. 29–30; V. Alexandre, "A questão colonial no Portugal oitocentista", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825– 1910)*, p. 96.
67 J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 107–108; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", pp. 254–261, 324–325; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 59–60; A.H. de O. Marques, "Organização geral", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 135–140.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geen ontdekkingsreisiger in Angola het die verbeelding meer aangegryp nie as António Francisco da Silva, beter bekend as Silva Porto. Vir bykans 50 jaar het hy die binneland van Angola gedomineer vanaf sy kamp by die gehuggie Belmonte, naby die moderne stad wat later Silva Porto genoem sou word. Van hier af het hy uitgebreide handelsekspedisies na die binneland georganiseer en ’n groot handelsryk opgebou. Vir latere Portugese skrywers sou Silva Porto die rolmodel wees van die Portugese vermoë om goeie verhoudinge met die inboorlinge op te bou. Sy selfmoord het in 1890 tot die Chindunduma-veldtog en die oopstelling van die Bié-hoogland vir kolonisasie deur die Boere gelei.[68]

Die sogenaamde “Scramble for Africa” word dikwels gesien as een duidelik identifiseerbare historiese gebeurtenis waarvoor een algemene verklaring gebied kan word. Die kompleksiteite van die wedloop, die diversiteit van Afrika en sy bevolkingsgroepe en die verskillende belange en dryfvere van die koloniale moondhede maak een algemene teorie vir die verdeling van Afrika nie haalbaar nie. Dit kan beter verstaan word deur dit as ’n reeks samehangende gebeurtenisse te interpreteer.[69]

Die huidige morele weersin in kolonialisme en imperialisme het sy oorsprong in die Westerse idee dat enige sisteem wat nie op die instemming van die bevolking berus nie, immoreel is. Terselfdertyd het ekonomiese interpretasie van die geskiedenis kolonialisme uitgewys as ’n monsteragtige masjien wat op die eksploitasie van die inheemse bevolking gerig is. Hierdie ongesofistikeerde, selfs kru, siening van kolonialisme, word algemeen aanvaar, maar dra min daartoe by om die interaksie tussen Afrika en Europa te verstaan en te verklaar.

Die verdeling en besetting van Afrika deur Europese moondhede het op ’n tydstip plaasgevind toe daar ’n enorme kloof tussen die onderskeie gemeenskappe van Europa en Afrika bestaan het. Ten spyte van indrukwekkende kulturele prestasies in Afrika het die wetenskaplike en tegnologiese golf van die aanvanklike natuurwetenskaplike en latere Industriële Revolusie wat Europa vanaf die sewentiende en agtiende eeu getref het, nog nie deur Afrika gespoel nie. Die enorme wetenskaplike en tegnologiese agterstand van Afrika het die Europese besetting van Afrika moontlik gemaak.[70]

Met die Berlynse Wes-Afrika Konferensie (15 November 1884 – 26 Februarie 1885), waar die koloniale moondhede oor die “verdeling van Afrika” besluit het, is die vereiste van “effektiewe okkupasie” gestel. Portugal het daarna die eerste doelgerigte

---

68 G.S. Dias, *Silva Porto (Crónicas Angolanas)*; J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 104–105; O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, pp. 282–283; L. Kandjimbo, “Silva Porto, uma legenda do Bié: Silva Porto, a Bié legend”, *Austral*, s.d., pp. 51, 53–59.

69 R.O. Collins, *Europeans in Africa*, p. 71.

70 *Ibid*., pp. 158–160.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pogings aangewend om die res van Angola effektief te beset.[71]

'n Idee van die inboorlinge se opinie oor die Portugese kan gevorm word uit die feit dat die inboorlinge van Humbe die Portugese verag het en as 'n klein bietjie beter as Boesmans beskou het omdat die Portugese nie beeste aangehou het nie en nie lande bewerk het nie.[72]

Gedurende die negentiende eeu het buitestanders dikwels die woord "dekadent" gebruik om na die Portugese kolonies te verwys. Dit sou onder meer kon beteken dat die effek van die tropiese klimaat en die verhoudings met swart vroue, en die gepaardgaande verwatering van die Portugese kultuur, tot gevolg gehad het dat Portugese ondernemings as gevolg van die gebrek aan inisiatief en kragteloosheid tot niet gegaan het. Dit sal dalk meer relevant wees om te praat van die Afrikanisering en spesialisering van die ekonomiese aktiwiteite van Portugese handelaars, aangesien die slawe- en ivoorhandel toenemende sofistikasie en ontwikkeling van uitgebreide handelsnetwerke vereis het.[73]

Tot die einde van die negentiende eeu het Portugal maar 10% van die grondgebied in Angola effektief beset. 'n Reeks koloniale oorloë teen onafhanklike swart stamme wat tot in daardie stadium nog nie onder Portugese bestuur was nie, het gevolg en tot 1915 geduur. In die suide van Angola het Boere-vrywilligers aan die meeste van hierdie oorloë deelgeneem.[74]

Vurige Britse filantropie, gekoppel aan plundersieke Britse kommersiële en koloniale belange en skemas, het enige verdere Portugese koloniale uitbreiding die nekslag toedien.[75] Die ou Portugese droom om Angola met Mosambiek te verbind (die sogenaamde "Rose-coloured Map" of *mapa cor-de-rosa*), is verydel deur Belgiese en Britse Imperialisme, soos vergestalt deur koning Leopold II en Cecil John Rhodes ("from the Cape to Cairo").[76] Die eeue oue goeie verhouding tussen Engeland en Portugal het op 11 Januarie 1890 'n nekslag gekry toe Portugal 'n ultimatum van Brittanje ontvang het om aan die

---

71 J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 109–111; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 99; L. de Matos, "A fixação das fronteiras de Angola", in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, pp. 76–77; M. Kuder, *Angola*, p. 30; V. Alexandre, "A questão colonial no Portugal oitocentista", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 112–114.

72 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 161.

73 M. Newitt, *Portugal in Africa*, pp. 13–14.

74 M. Kuder, *Angola*, p. 31; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 59, 61–62.

75 J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 101.

76 F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, pp. 78–79; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 215; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, pp. 103–104; M. Kuder, *Angola*, p. 31; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 26; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 131, 146–147; V. Alexandre, "A questão colonial no Portugal oitocentista", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 116.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zambezi-hinterland te onttrek. Dit het tot onmiddellike opstande in Lissabon en die bedanking van die Portugese regering gelei. Dit was een van die redes wat tot die val van die Portugese monargie twintig jaar later (in 1910) bygedra het. Voorts het dit diep letsels in die Portugese psige gelaat, wat selfs 'n halfeeu later nog nie geheel het nie.[77] Kort ná die voorval, in 1891, het J. Johnston, 'n besoeker aan Lissabon, opgemerk: "[A]lready we see their eyes flash and fists clenched menacingly when the word 'English' is whispered in their presence."[78] In Angola het die ultimatum onder die Portugese bevolking aanleiding gegee tot 'n bestendige en diepgewortelde weersin in Engeland en Engelse oor die algemeen.[79]

Teen die einde van die negentiende eeu was Angola se belangrikste probleme dwangarbeid, voortgesette slawerny, die uitvoer van arbeiders na São Tomé en Príncipe, ondoeltreffendheid, korrupsie in die Portugese koloniale diens, die verarmde ekonomie, rassediskriminasie en die swak onderwyssisteem. Die blanke setlaars in Angola se belangrikste griewe gedurende hierdie tyd was die gebrek aan finansiële outonomie, die verskeping van *degredados* na Angola en min belangstelling van die Portugese owerheid in Angolese vraagstukke en arbeidsvraagstukke.[80]

In 1901 is 'n merkwaardige boek – *Voz d'Angola clamando no deserto: Offerecida aos amigos da verdade pelos naturães* (Die stem van Angola roepende in die woestyn: aangebied aan die vriende van die waarheid deur die inboorlinge) – gepubliseer; saamgestel uit 'n aantal artikels deur swart en *mestiço* outeurs. Vier punte van kritiek teen die Portugese beskawing van Angola is uitgesonder. Eerstens was die inboorlinge van Angola gretig om "beskaaf" te word, maar die Portugese "beskawing" het ver te kort geskiet aan die hoë ideale waarop Portugal aanspraak gemaak het. Opsommend sê die outeurs:

> Portugal het, sedert dit hierdie kolonie meer as 400 jaar gelede verower het, min gedoen vir die vooruitgang van hierdie land, nóg in materiële aangeleenthede nóg in letterkundige of morele aangeleenthede … die mense word onmenslik behandel soos in hulle voormalige primitiewe toestand … Dit is 'n skandelike misdaad teen die beskawing om hierdie baie ryk kolonie stagnant te laat.[81]

---

77 F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 80; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, pp. 309–310; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, pp. 77, 128; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 146–147, 151; D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 114; V. Alexandre, "A questão colonial no Portugal oitocentista", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 117.

78 J. Johnston, *Reality versus Romance in South Central Africa*, p. 22.

79 Vgl. die roman van Pepetela, *Yaka*, pp. 38–39, 48, 50 & 241.

80 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 99, 104.

81 Soos aangehaal in D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 106 (my vertaling).

© University of Pretoria

Tweedens is daarop gewys dat, hoewel die meeste Angolese "onbeskaaf" is, hulle onmisbaar vir die ekonomie is. Derdens was daar 'n diskrepansie tussen die verligte wette wat in Lissabon aangeneem word en die onopgevoede, ongemanierde Portugese wat sedert 1870 die land binnegekom het. Hulle, en nie die regering in Lissabon nie, was die ware vyande van vooruitgang in Angola. Misdaadstatistiek het daarop gedui dat die blanke Portugese vir die meeste misdaad in Angola verantwoordelik was, hoewel die swart Angolese die meerderheid in die land was. Vierdens was emansipasie van die swart Angolese onvermydelik, nieteenstaande die feit dat hulle onderdruk is.[82]

Teen 1904 het die samesteller van 'n geografiese werk oor Afrika opgemerk:

> But it is obvious that there is no future for Angola as a Portuguese colony. It is mainly unfit for European settlement, and its great natural resources can never be developed by a country which has herself entered on a long period of decadence, and which has no industrial products wherewith to effect a "balance of trade" with her African possessions.[83]

In Portugal het koloniale sake die laagste prioriteit geniet. Die Portugese betrokkenheid in Afrika teen die einde van die negentiende eeu was eerder die skepping van 'n hand vol vasbeslote individue teenoor 'n apatiese publiek en regering wat slegs deur krisisse soos die ultimatum van 1890 geaktiveer kon word.[84]

Angola en die Portugese republiek (1910–1926)

Republikeinse ekstremisme het in 1908 tot die sluipmoord op koning Carlos gelei. Toe die koningshuis op 5 Oktober 1910 val, is 'n republiek ingestel. Die republiek was maar van korte duur en die republikeinse tydperk is gekenmerk deur onstabiliteit, geweld en chaos. Gedurende die 16 jaar van die republiek was daar 45 regerings. In 1920 alleen was daar sewe verskillende regerings. Dit was duidelik dat Portugal as gevolg van sy interne probleme nie in staat was om sy kolonies doeltreffend te bestuur nie. Die gebeure in Portugal sou 'n direkte invloed op die bestuur van Angola hê, byvoorbeeld die diktatoriale optrede deur die goewerneurs.[85]

---

82 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 107.
83 A.H. Keane, *Stanford's Compendium of Geography and travel (New Issue). Africa. Vol. II: South Africa*, p. 162.
84 R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, pp. xi, 336–337.
85 R.H. Chilcote, *Portuguese Africa*, p. 21; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 11–12, 120–121; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 65–66.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onder Norton de Matos (goewerneur-generaal, 1912–1915, en hoë kommissaris, 1921–1923) en Vicente Ferreira (hoë kommissaris, 1926–1928) is die eerste pogings aangewend om die land sosiaal en ekonomies te ontwikkel, administratiewe bestuur uit te brei tot in die mees afgeleë distrikte en beslag te gee aan beplande Portugese koloniale ontsluiting van die land.[86]

Gedurende Norton de Matos se tweede termyn (1921–1923) het sy beleid van "eenheid" vir Angola voorrang bo enige burgerlike vryhede en politieke regte van die bevolking geniet. Streng maatreëls is getref teen enige bedreiging vir die eenheid van Angola. Hierdie bedreigings kon van enige van 'n aantal bronne kom: buitelanders (soos die Angola-Boere en Duitse immigrante), Protestantse sendelinge, buitelandse konsessies, Europese handelsunies en -assosiasies, polities bewuste *assimilados* of amptenare wat nie De Matos se beleid uitvoer nie. Vir elke groep het hy 'n dekreet of wet gehad om hulle aan bande te lê. Dekrete om buitelandse grondbesit te beperk, was een van die redes waarom die meeste Angola-Boere in 1928 die land verlaat het. Verskerpte paspoortbeperkings en immigrasiekontrole was daarop gemik om Duitse immigrasie te beperk. Dekreet 77 van 1921, wat die onderrig van Portugees aan skole verpligtend gemaak het en die onderrig van ander tale beperk het, was gemik op die sendingskole en was ook 'n belangrike rede vir die uittog van die Angola-Boere in 1928. Verskeie Europese en *assimilado*-assosiasies is verbied en persvryheid is aan bande gelê.[87]

Norton de Matos se outokratiese bewind is hewig gekritiseer in Francisco Pinto da Cunha Leal, 'n voormalige eerste minister van Portugal (Desember 1921 – Februarie 1922), se boek *Calígula em Angola*, waarin hy onder meer beskuldig word van tirannie, moord, korrupsie, beperking van persvryheid en verdrywing van die Protestantse sendelinge.[88] Norton de Matos het waarskynlik wye steun vir sy drakoniese maatreëls onder die plaaslike Portugese bevolking geniet. Pepetela, die bekendste Angolese skrywer, het dit soos volg opgesom: "At that time the whites were not divided […] They were all united against the English, the Boers and other Protestants."[89]

---

86 M. Kuder, *Angola*, pp. 31–32.
87 F. Soremekun, "A History of the American Board Missions in Angola, 1880–1940", pp. 184–186; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 122–123; Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, pp. 57–58.
88 F.P. da Cunha Leal, *Calígula em Angola*, soos aangehaal in J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 252.
89 Pepetela, *Yaka*, p. 39.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Angola en die *Estado Novo* tot aan die begin van die bevrydingstryd (1933–1961)

Op 28 Mei 1926 is die Portugese republiek deur ’n staatsgreep onder leiding van ’n paar generaals omvergewerp. Op 5 Julie 1932 het hulle ’n voormalige professor in Ekonomie aan die Universiteit van Coimbra, dr. António de Oliveira Salazar (1889–1970), as eerste minister aangestel. Hy was terselfdertyd minister van finansies (1926, 1928–1940). Hy was alleenheerser in Portugal tot 25 September 1968, ná hy deur ’n beroerte in Augustus verlam is. Dr. Marcelo Caetano (1906–1980) is twee dae later, op 27 September 1968, as eerste minister aangestel.[90]

Die tydperk 1933–1974 het as die *Estado Novo* (nuwe staat) bekend gestaan. Die koloniale ideologie van die *Estado Novo* was ’n kombinasie van die regering se doelwit om ’n koloniale mentaliteit uit die maritieme tradisie van die goue eeu van Portugese ontdekkingsreise, die historiese realiteite van die Portugese oorsese beleid en die realiteite van die hede te skep. Daar was ’n besondere trots verbonde aan die feit dat Portugal die derde grootste koloniale moondheid was. Portugal se koloniale besittings in Afrika is die “Derde Ryk” gedoop. Portugal se destydse houding teenoor sy kolonies in Afrika kan opgesom word in die woorde: “Afrika is vir ons ’n morele regverdiging en ’n *raison d’être* as moondheid. Daarsonder is ons ’n klein nasie, daarmee is ons ’n groot moondheid.”[91]

In daardie stadium het Portugal se kolonies die volgende ingesluit: die Kaap-Verdiese Eilande, São Tomé en Príncipe, Angola, Mosambiek en Portugees-Guinee in Afrika, Goa, Damão en Diu in Indië, Macau in China en Portugees-Timor in Asië.

In 1926 is die *Estatuto Político, Civil, e Criminal dos Indígenas das colónias dos Angola, Guiné e Moçambique* (Politieke, burgerlike en kriminele wet van die inboorlinge van die kolonies van Angola, Portugees-Guinee en Mosambiek) gepromulgeer. Dit sou die basis van die *Acto Colonial* (Koloniale Wet) van 1930, die *Lei Orgânica do Ultramar Português* (Organiese Wet van die Portugese Kolonies) van 1954 en verdere wetgewing in die vyftigerjare vorm.[92] Hierdie wet het ’n einde gemaak aan die beskouing dat die inheemse bevolking vanselfsprekend in die Portugese samelewing opgeneem sou word.

---

90 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 11–12; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 131–132.

91 J. Duffy, *Portuguese Africa*, pp. 270, 276 (my vertaling); J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 150; kyk ook R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 338 en G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 5–6.

92 N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, pp. 82–84; Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, p. 64.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die inboorlinge (*indígenas*) is as 'n groep geïdentifiseer wat volgens 'n proses van *assimilação* (assimilasie) in die *não-indígena* (nie-inboorling-) groep van die samelewing opgeneem kan word.[93]

Die doel met Portugal se beskawingsmissie (*missão civilizadora*) was:

> gradually raising them to our level so that in time we will make them as Portuguese as the Portuguese of the Mother-Country, distinct from these only in their colour. […] The practical result of our assimilation policy is that the educated natives of the Colony consider themselves truly Portuguese, neither do they aspire to any nationality other than that, of which they are very proud.[94]

Die wêreldwye resessie wat op die Groot Depressie van 1929 gevolg het en die sluiting van markte in Brasilië en Amerika het Portugal gedwing om met 'n nuwe oog na sy kolonies te kyk en nuwe maniere te vind om welvaart in sy kolonies te skep en dit na Portugal oor te dra.[95]

"Lusotropicology" of "Lusotropicalism" (*lusotropicalismo*) is 'n konsep wat deur die Brasiliaanse sosioloog en antropoloog Gilberto Freyre ontwikkel is en kan gedefinieer word as "the systematic study of the ecological-social process of the integration in tropical environments of Portuguese, descendants of Portuguese and continuators of Portuguese". Die Portugese en Spaanse koloniale uitbreiding het daarvolgens 'n Christosentriese (en spesifiek 'n Rooms-Katolieke) karakter ingeneem, in teenstelling met die etnosentriese karakter van die koloniale uitbreiding van die Protestantse Europese moondhede. Portugese koloniale uitbreiding sou voorts meer "wetenskaplik" en "eerlik" wees as dié van ander "oneerlike" koloniale moondhede.[96]

Volgens Lusotropikalisme het daar met die Portugese uitbreidings gedurende die vyftiende eeu 'n nuwe beskawing ontstaan, waarvolgens die Portugese nie die tropiese gebiede verander het nie, maar die Portugese in "Lusotropicals" verander het. Gevolglik is sosiale en rasseharmonie in Portugese gebiede bereik wat ongekend in ander tropiese lande is. Assimilasie en integrasie is deur rassevermenging bewerkstellig. Rassevermenging was van die begin af onafskeidbaar deel van Portugese kolonisasie en dit was op die lang duur die enigste manier om rassekonflik te beëindig. Brasilië was die ideale

---

93 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 291; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 130.
94 A.J.A. Cardoso, *Angola: Your neighbour*, pp. 71, 75.
95 D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 170–171.
96 G. Freyre, *Integração portuguesa nos trópicos*. Portuguese integration in the tropics, pp. 75, 80, 85–86, 95, 127. Kyk ook G. Freyre, *Aventura e Rotina*, p. 399, vir sy siening van die geskiktheid van die Boere in Angola as koloniste.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

model vir Lusotropikalisme. Enige foute wat deur Portugese politici in Portugese kolonies gemaak is, is afgeskryf as "Arianismes" wat veral in navolging van die "etnosentriese Boere-Calviniste" in Suid-Afrika gedoen is. Freyre meen selfs dat Portugese slawerny, in teenstelling met die slawerny van ander lande, 'n goeie instelling was omdat dit die manier was om kultuur na 'n uiteindelike "Lusotropikale" simbiose te verbeter.[97]

Lusotropikalisme het die ideologiese raamwerk gevorm waarvolgens Portugal sy kolonies gedurende die *Estado Novo* bestuur het. Dit het egter heelwat teenkanting gekry en is mettertyd as 'n mite ontmasker.[98] Mario Pinto de Andrade het in die vyftigerjare verklaar: "Lusotropikalisme, wat nie eens geldig is om die totstandkoming van Brasilië te verklaar nie, is geheel en al vals vir die koloniale omstandighede in Afrika."[99]

Die propaganda dat daar nie rassediskriminasie in Angola bestaan nie, is weerspreek deur residensiële diskriminasie, *assimilados* wat nie dieselfde werkgeleenthede as blankes gehad het nie en nie na dieselfde skole as blankes gegaan het nie en die min geleenthede waar blankes en *assimilados* op dieselfde sosiale voet verkeer het.[100]

In Angola het daar nooit rasgebaseerde ideologieë en rasgebaseerde wetgewing soos in die Britse kolonies gedurende dieselfde tyd ontstaan nie. Die sentrale owerheid in Lissabon het nooit rasgebaseerde maatreëls ondersteun nie en inderdaad baie gedoen om die Lusotropikale mite te bevorder dat hulle 'n unieke nierassige samelewing sou geskep het.[101]

Portugese amptenare en intellektuele en buitelandse skrywers het normaalweg kapsie gemaak teen beskuldigings van rassisme. Hulle was van oordeel dat daar wel 'n mate van 'n rassevooroordeel by die Portugese was, maar dit was minder op kleur, afkoms en fisieke voorkoms gebaseer as op kulturele, sosiale, ekonomiese en politieke verskille.[102] Hierdie beskouing is deur latere kommentators as 'n mite geïdentifiseer, onder meer omdat die meeste Portugese nie in staat was om tussen ras en kultuur te onderskei nie en omdat die sisteem van rassevooroordeel en rassediskriminasie steeds bestaan het.[103]

Daar is ook aangevoer dat gekleurde en swart mense, hoewel hulle nie die hoogste

---

97 G. Freyre, *Integração portuguesa nos trópicos*. Portuguese integration in the tropics, pp. 96, 99–100, 102–103, 127; R.H. Chilcote, *Portuguese Africa*, pp. 47–48; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 3–5; Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, pp. 92–93.
98 R.H. Chilcote, *Portuguese Africa*, pp. 51, 135.
99 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. xxiii.
100 Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, p. 119.
101 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 170.
102 D.M. Abshire & N.A. Bailey, "Current Racial Character", pp. 202–205, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 212.
103 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 212.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

poste beklee het nie, wel op die laer vlakke in diens geneem is en daar nooit 'n rigiede kleurskeidslyn was nie.[104] Hierdie bewerings is later ook as 'n mite ontmasker.[105]

Teen die einde van die jare sestig van die twintigste eeu is die hoop nog uitgespreek dat indien veelrassigheid in Angola en Mosambiek suksesvol geïmplementeer kan word, en dit ekonomiese ontwikkeling kan bevorder, dit tot 'n verbetering in rasseverhoudinge in Rhodesië en Suid-Afrika kan lei.[106]

In 1947 het Henrique Galvão (volksraadslid vir Angola in die Portugese parlement, inspekteur in die koloniale diens en skrywer van verskeie boeke oor Angola) 'n verslag oor arbeidstoestande in Angola opgestel waarin korrupsie, dwangarbeid en wanadministrasie aan die kaak gestel is. Die verslag is onderdruk en Galvão is in Portugal voor die hof gedaag en tronkstraf opgelê. Hy was vir sewe jaar in die tronk voordat hy in 1959 daarin geslaag het om te ontsnap. Hy het min gesê wat nie voorheen reeds gesê is nie, maar sy gesaghebbende posisie en latere vervolging aan die hand van die polisie het aan sy geval prominensie verleen en van hom die woordvoerder van miljoene onderdrukte Angolese gemaak.[107]

Op 11 Junie 1951 is die koloniale status van Angola en ander Portugese kolonies opgehef en is hulle as "oorsese provinsies" (*províncias do ultramar* of *províncias ultramarinas*) by Portugal ingelyf, met verkose verteenwoordiging in die Portugese parlement.[108]

Latere wetgewing, die *Estatuto dos Indígenas* (Wet op Inboorlinge), No. 39 666 van 20 Mei 1954, het ten doel gehad om aan alle inwoners, ongeag ras, Portugese burgerskap te verleen. Die bevolking is tussen "beskaafde" (*civilizados*) en "niebeskaafde" burgers verdeel, met "beskaafde" burgers wat heelwat meer voorregte gehad het. Volgens dié wetgewing was 'n *indígena* 'n Afrikaan, of die afstammeling van 'n Afrikaan, wat deur inheemse reg regeer word en nog nie die vlak van beskawing bereik het sodat hy onder dieselfde wetgewing as 'n Portugese burger kan val nie.[109]

Teen 1950 is die amptelike beleid van Portugal soos volg deur Angola se handelskommissaris in die Unie van Suid-Afrika verwoord:

> The raw native is unacquainted with the most elementary principles of hygiene, whether with regard to his dwelling or his feeding or still to the care of his body; he works his

104 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 170.
105 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. xxiii.
106 D.M. Abshire & M.A. Samuels, "Introduction", in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*, p. xi.
107 J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 186–187.
108 J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 214; M. Kuder, *Angola*, p. 32; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 131.
109 M. Kuder, *Angola*, p. 32; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 131; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 124–125, 186; L. Henderson, *The Church in Angola*, p. 296.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> lands by using the most primitive implements and processes; he raises his cattle by following the teachings of nature learnt in the observation of the life of wild animals around him; he practises fetish-worship, endowing trees, streams and all inanimate objects with life and believing that they can influence him for good or evil.
>
> This raw native has to be looked at as an adult with a child's mentality […] He needs to be tutored as if he were a minor. […]
>
> What he consequently requires is protection and teaching, until he grows up and, as a civilized man, can take his place besides us. […]
>
> The result of the foregoing is that we do not practise racial discrimination. What we want to see is that the individual, be he white, yellow or black, should possess moral and civic education and culture – should be, in a word, a civilized man.[110]

Die volgende vereistes is vir 'n *assimilado* gestel: Hy moes ten minste 18 jaar oud wees, Portugees kon praat en beskik oor voldoende opvoeding, 'n goeie karakter, 'n skoon polisie- en weermagrekord en 'n beroep waarmee hy genoeg verdien om hom en sy gesin te onderhou. Nadat hy 'n geslaagde petisie ingedien het, is 'n *bilhete de identidade* (identiteitskaart) aan hom uitgereik.[111]

In praktyk is daar nie daarin geslaag om die *indígenas* in die "beskaafde samelewing" te assimileer nie. Teen 1950 was minder as 1% van die swart bevolking *assimilados*. Hulle is boonop tussen "twee vure" vasgevang omdat hulle deur nóg die blanke nóg die swart bevolking aanvaar is.[112] Trouens, die feit dat daar teen 1950 in Angola slegs 30 000 *assimilados* uit 'n totale bevolking van meer as vier miljoen was, is die duidelikste bewys (tesame met die lae geletterdheidspeil) dat Portugal se "beskawingsmissie" (*missão civilizadora*) misluk het.[113] Hierteenoor was 100% van die blankes en 88,8% van die *mestiços civilizados*.[114]

Dieselfde tydskrif (*Harper's Magazine*) wat Nevinson in 1904 gestuur het om arbeidstoestande in Angola te ondersoek, het in 1954 (presies vyftig jaar later) vir Basil Davidson gevra om presies dieselfde te doen. Davidson het in 1955 fel kritiek teen die arbeidsisteem in Angola uitgespreek, aanvanklik in twee invloedryke artikels in *Harper's Magazine* en later in sy boek *The African Awakening*. Sy bevinding was: "there are

---

110 A.J.A. Cardoso, *Angola: Your neighbour*, pp. 71–72.
111 F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 121; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 295; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 165; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 132; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 125.
112 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 126.
113 J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 10.
114 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 151.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plenty of people inside Angola who still live and work as slaves". Hy het verder bevind dat daar wel minder wreedheid as in 1904 was, maar dat daar waarskynlik meer slawe in die vorm van *contratados* as in 1904 is en die lot van 'n slaaf en 'n *contratado* nie wesenlik verskil nie. Davidson se kritiek het dieselfde opskudding veroorsaak as *A Modern Slavery* vyftig jaar vroeër. Hoewel kritiek uitgespreek is op grond daarvan dat sy bevindings berus het op waarnemings tydens 'n betreklike kort verblyf in Angola (slegs drie weke) en die aanhaling van anonieme informante (beide vorms van kritiek is ook teen *A Modern Slavery* uitgespreek), kon die kern van sy feite nooit oortuigend betwis word nie (net soos in die geval van *A Modern Slavery*).[115]

Aan die begin van 1961 het Ghana 'n klag by die Internasionale Arbeidsorganisasie (International Labour Organisation) gelê met bewerings dat daar in die Portugese kolonies nog van dwangarbeid gebruik gemaak word. 'n Kommissie van ondersoek van dié organisasie was tevrede met die bona fides van die Portugese regering dat daar nie meer van dwangarbeid gebruik gemaak word nie en het dus Ghana se klag verwerp.[116]

Teen die einde van die vyftigerjare was die Salazar-regime gesus deur die rustige toestande in die Portugese kolonies, asook deur die regime se propaganda dat Portugal 'n unieke gawe het om nuwe, veelrassige gemeenskappe te skep en dat dit onrus en die groei van onafhanklikheidsbewegings in die Portugese kolonies sou verhoed. Vanaf 1958 was daar egter ondergrondse trillinge waarneembaar wat spoedig tot uitbarsting sou kom en dreig om die Salazar-regime tot 'n val te bring.[117]

Die bevrydingstryd (1961–1975)

Sedert die einde van die vyftigerjare van die twintigste eeu het die "winde van verandering" oor die kontinent Afrika begin waai en die eertydse koloniale state het die een na die ander onafhanklikheid verkry. Op 30 Junie 1960 het Angola se noordelike buurland, die Belgiese Kongo, onafhanklik geword en die Demokratiese Republiek van die Kongo is uitgeroep.[118] Dit het beteken dat 'n deel van die Bakongo in 'n onafhanklike land gebly het en 'n deel nog onder 'n koloniale owerheid gestaan het. Op 15 Augustus 1960 het Franse

115 B. Davidson, *The African Awakening*, pp. 54, 191, 195–196, 228; F.C.C. Egerton, *Angola without prejudice*, pp. 2–3.
116 R.H. Chilcote, *Portuguese Africa*, p. 13; N.A. Bailey, "Native and Labor Policy", pp. 171–172, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
117 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 200.
118 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 168; L. Henderson, *The Church in Angola*, p. 265.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kongo (Kongo-Brazzaville) as die Republiek van die Kongo onafhanklik geword. In die loop van dieselfde maand het sewe ander Afrikastate onafhanklik geword. Die onafhanklikheidsaspirasies van Angola se bevolking is gevolglik aangewakker.

In 1961 het Angola die toneel geword van, tot in daardie stadium, die bloedigste koloniale insurgensie-oorlog in Afrika suid van die Sahara.[119] Die gewapende stryd in Angola is ontketen deur 'n geïsoleerde insident toe kaptein Henrique Galvão, 'n voormalige Portugese koloniale amptenaar en parlementslid, op 23 Januarie 1961 'n luukse Portugese skip, die *Santa Maria*, in die Karibiese See gekaap het met die aanvanklike doel om na Fernando Po en Spaans-Guinee, en van daar na Angola, te seil. Uiteindelik het hulle na Recife in Brasilië geseil. Tydens 'n tweede onsuksesvolle, geïsoleerde insident het 100–200 persone, gewapen met knopkieries en messe, op 4 Februarie 1961 twee tronke en 'n polisiestasie in Luanda aangeval. Dit het op sy beurt gelei tot 'n groot aantal insidente waar blanke burgerlikes, gesteun deur die polisie, nagtelike vigilante-aanvalle op swartes in die *muceques* en swart woongebiede van Luanda geloods het en enige iemand wat verdag gelyk het voor die voet geskiet het.[120]

Op 15 Maart 1961 het 'n groot aantal terroriste, wat in die Kongo opgelei is en gewapen is met *catanas* (machetes of pangas), voorlaaiers en tuisgemaakte gewere, die Kongolese grens na Angola oorgesteek en blanke nedersettings oor 'n front van 400 km aangeval. Op die eerste dag is 200–300 blankes en talle swartes doodgemaak en vermink. Aan die einde van die eerste week het dit aangegroei tot nog honderde blankes en ongeveer 6000 swartes. Daar was aanvanklik geen Portugese militêre teenwoordigheid in hierdie gebied nie. Die aanvanklike inval is opgevolg deur vigilante-aanvalle deur Portugese setlaars op persone in swart dorpies wat van simpatie met die terroriste verdink is. Teen Junie 1961 was gedeeltes van die distrikte Congo, Luanda, Cuanza Norte en Malanje steeds onder die rebelle se beheer. Ná die ontplooiing van Portugese troepe is die terroriste teruggedryf na afgeleë en onbereikbare gebiede en teen die einde van daardie jaar is Portugese beheer oor hierdie gebiede herstel. Daar word beraam dat 2000 blankes en 50 000 swartes gedurende hierdie tyd vermoor is. Later het Holden Roberto van die UPA verantwoordelikheid vir die aanvanklike aanvalle aanvaar.[121] In die Afrikaanse letterkunde het dié gebeurtenisse

---

119 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 129.

120 A. Ehnmark & P. Wästberg, *Angola and Mozambique*, pp. 13–17; J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 214–215; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, pp. 342–343; G. Martinelli. "Conflict in Portuguese Africa", pp. 406–407, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 20, 175–176; L. Henderson, *The Church in Angola*, pp. 265–266; D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 133; F.T. Pimenta, *Brancos de Angola: Autonomismo e Nacionalismo (1900–1961)*, p. 171.

121 A. Ehnmark & P. Wästberg, *Angola and Mozambique*, pp. 17–23; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 216; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, pp. 343–345; G. Martinelli. "Conflict in Portuguese Africa",

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

neerslag gevind in die roman *Ons wag op die kaptein* van Elsa Joubert (1963).[122]

Die onsekere toestand het daartoe gelei dat ’n gedeelte van die bevolking na die Kongo (om Portugese wraakaanvalle te vermy) en ’n gedeelte na Luanda (om wraakaanvalle deur die terroriste te vermy) gevlug het. Die noordelike gedeeltes van Angola teenaan die Kongolese grens is grootliks ontvolk. Daar word geskat dat tussen 200 000 en 600 000 vlugtelinge na die Kongo uitgewyk het.[123]

Die oorsake van die *acontecimentos* (gebeure) in 1961 is waarskynlik ’n kombinasie van die griewe van die Angolese bevolking: ’n daling in die koffieprys, verlies van hulle grondgebied, ’n gewelddadige botsing op een koffieplantasie, die onafhanklikheid van die Belgiese Kongo en aanmoediging van die VNO.[124]

In die konflik het rassehaat ’n groot rol gespeel, in die aanvalle en moorde op blanke setlaars in die noorde sowel as die latere vigilante-aanvalle op swartes in die stede. Die onafhanklikheidsoorlog het egter nie in ’n blote rassestryd oorgegaan nie. Beide die Portugese regering en die drie onafhanklikheidsbewegings het baie gedoen om rassisme in hulle onderskeie geledere uit te roei, hoewel dit sekerlik nie volkome moontlik was nie.[125]

Portugal se onmiddellike reaksie ná die gebeure van 1961 was om ’n aantal hervormings deur te voer. Op 6 September 1961 is die *Estatuto dos Indígenas* herroep en is aan alle inwoners van Portugese kolonies gelyke toegang tot burgerregte verleen. Vanaf September 1962 is aan alle inwoners ’n *bilhete de identidade* uitgereik. Enige inwoner kon om volle Portugese burgerregte aansoek doen en volle stemreg verkry deur ’n eenvoudige verklaring te maak, sonder om ’n toets te slaag of ’n fooi te betaal. Teen die middel van 1965 is meer as ’n miljoen Angolese op die burgerlyste geregistreer. In São Tomé het die hele bevolking met die uitsondering van trekarbeiders burgerskap verkry. Ten tweede is ’n aantal onderwyshervormings deurgevoer ten einde onderwys toegankliker te maak. Ten derde is dwangarbeid en alle vorme daarvan afgeskaf.[126] Beperkte radio-uitsendings in inheemse tale is selfs toegelaat.[127]

---

pp. 407–408, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; T.E. Wilson, *Angola Beloved*, pp. 242–243; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 175; L. Henderson, *The Church in Angola*, p. 266.

122 Persoonlike onderhoud: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005.

123 G. Martinelli. “Conflict in Portuguese Africa”, pp. 409–410, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.

124 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 180.

125 A.B. Herrick *et al*., *Area Handbook for Angola*, p. 2. Kyk ook O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, pp. 368–373, vir die wreedheid wat met die rassisme gepaard gegaan het.

126 N.A. Bailey, “Native and Labor Policy”, pp. 166–167, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 186, 188.

127 A.B. Herrick et al., *Area Handbook for Angola*, p. 77.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is te betwyfel of die hervormings die gewenste resultaat gehad het; die bevolking se aspirasies is kennelik nie bevredig nie. Dit het waarskynlik eerder die frustrasie vermeerder en die inheemse bevolking verder van die owerheid vervreem. Hulle het hierdie nuwe wetgewing waarskynlik nie verstaan nie. Dit het ook nie die fundamenteel ongelyke verhouding in die Angolese samelewing reggestel nie. Die inheemse bevolking was steeds tweedeklasburgers met beperkte opvoedkundige en ekonomiese geleenthede.[128]

In Desember 1961 het Portugese vertroue in hulle vermoë om hul koloniale ryk te beskerm 'n verdere terugslag gekry toe die Indiese leër die Portugese besittings in Goa, Damão en Diu sonder noemenswaardige weerstand oorgeneem het. Portugal het vir die eerste keer in sy koloniale geskiedenis van 500 jaar besef dat hy nie meer 'n imperiale moondheid is nie.[129]

UPA het kort daarna met ander bewegings saamgesmelt om FNLA te vorm. 'n Tweede rebellebeweging, UNITA, gelei deur Jonas Savimbi, het teen 1966 vanuit Zambië (ná Zambië in 1964 onafhanklik geword het) met aktiwiteite in die omgewing van die Benguelaspoorlyn in die ooste van die land begin. Terselfdertyd het 'n derde rebellebeweging, MPLA – gelei deur die digter en mediese dokter Agostinho Neto en wat tot in daardie stadium nie baie aktief was nie en nou 'n herlewing getoon het – in die distrikte Moxico en Cuando-Cubango 'n tweede front geopen.[130]

Nie een van hierdie drie bewegings kon ooit daarin slaag om 'n nasionale bevrydingsbeweging te word nie. Elkeen het 'n sterk etniese basis gehad waarvan nie een ooit suksesvol kon wegbreek nie – FNLA, MPLA en UNITA het die meeste van hulle ondersteuners getrek uit onderskeidelik die Bakongo (Kikongo- en Franssprekend, meestal Baptiste), die Mbundu (Kimbundusprekend, meestal Metodiste) en die Ovimbundu (Umbundusprekend, meestal Kongregasionaliste).[131] Gevolglik het elke bevrydingsbeweging 'n ander (Protestantse) sendingtradisie, lingua franca en geografiese ondersteunersgebied gehad.[132] Hulle het boonop meer energie gebruik vir onderlinge gevegte as vir gevegte teen die gesamentlike Portugese vyand.[133] Hulle kon gevolglik nie daarin slaag om Portugal militêr uit Angola te verdryf nie. Die Portugese leër was boonop meer suksesvol om

---

128 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 186, 188–189.
129 J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 9.
130 G. Martinelli. "Conflict in Portuguese Africa", pp. 413–414, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 203, 205.
131 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 264–265; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 121; L. Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, pp. 128–129.
132 J. Miller, *A framework for U.S. assistance in Southern Africa*. Country resource paper: Angola, p. I–20; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 121; D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 156.
133 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 228–229.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

swart troepe te rekruteer. Toe Portugal in 1975 aan Angola onttrek het, was daar drie keer meer swart Angolese in die Portugese leër as in die onafhanklikheidsbewegings se leërs.[134]

Gedurende hierdie tyd het daar ook ’n gewapende stryd in Mosambiek en Portugees-Guinee (later Guinee-Bissau) ontstaan. In Portugal is diensplig van twee tot vier jaar verleng. Mettertyd is 40 000 tot 60 000 Portugese troepe in Angola, dieselfde getal in Mosambiek en 20 000 tot 30 000 troepe in Portugees-Guinee ontplooi. ’n Groot aantal swart troepe (19 000 in Angola, 40% van die totaal) is in die Portugese leër opgeneem en het volle rassegelykheid geniet. Militêre uitgawes het mettertyd 40% van die Portugese begroting opgeslurp, maar dit is ten volle gekompenseer deur die gunstige handel tussen Portugal en sy kolonies in Afrika.[135]

Angola ná die Angelierrevolusie (1974–1975)

Op 22 Februarie 1974 is generaal António de Spínola se boek *Portugal e o futuro* (Portugal en die toekoms) gepubliseer. Dit het die amptelike beleid dat Portugal se koloniale konflikte militêr opgelos moet word, bevraagteken en ’n sosio-politieke oplossing aanbeveel. Dit het voorts kritiek uitgespreek teen die *Estado Novo* se siening dat Portugal se heil in Afrika opgesluit lê. Dit het beklemtoon dat Portugal se ekonomiese toekoms in Europa lê en dat Portugal se “beskawingsmissie” (*missão civilizadora*) ’n mite was.[136]

Op 25 April 1974 is ’n nuwe era ingelei en ’n einde aan die *Estado Novo* gemaak toe ’n groep junior offisiere van die Portugese leër – die Movimento das Forças Armadas (MFA), gelei deur generaal António de Spínola – ’n staatsgreep (die “Angelierrevolusie”) uitgevoer het. Dit was die einde van die diktatuur wat Portugal vir bykans ’n halfeeu lamgelê het. ’n Tydperk van ekstremisme, wat radikale landbouhervorming en nasionalisering van groot ondernemings behels het, is op 25 November 1975 deur ’n teenstaatsgreep beëindig. Dit was die begin van ’n demokratiese, sosialistiese republiek met António Ramalho Eanes as president en Mário Soares as eerste minister, die eerste verkose houers van hierdie poste in bykans ’n halfeeu.[137]

---

134 M. Newitt, “Angola in Historical Context”, p. 79, in P. Chabal & N. Vidal (Eds), *Angola: The Weight of History*.

135 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 53; G. Martinelli. “Conflict in Portuguese Africa”, pp. 426–429, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.

136 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 21–22, 239. Kyk ook G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. xxiii.

137 D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 184, 192; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 54.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir die Portugese kolonies sou die gevolge van die gebeure van 1974 verreikend wees. Op 15 Januarie 1975 het die Portugese regering by Alvor in Portugal 'n ooreenkoms met die drie bevrydingsbewegings onderteken waarvolgens 'n oorgangsregering bestaande uit 'n koalisie van die drie bewegings aan die bewind geplaas sal word, met die Portugese setlaars as 'n vierde mag wat magsbalans moes verseker. Daar is ooreengekom dat die land op 11 November 1975, ná 'n algemene verkiesing, onafhanklik sal word.[138]

Binne twee weke ná die oorgangsregering op 31 Januarie 1975 die landsbestuur oorgeneem het, het hernieude gevegte tussen die drie bewegings uitgebreek. In die daaropvolgende maande het skermutselings tussen die drie bewegings toegeneem en het wet en orde dwarsdeur die land in duie begin stort. Dit was duidelik dat nóg die oorgangsregering nóg die Portugese leër die lewe en eiendom van die inwoners kon beskerm. Die meeste swart Angolese kon nêrens heen vlug nie, maar die blankes het na Portugal as 'n toevlugsoord begin kyk.[139]

In Julie 1975 het Portugese setlaars landuit begin vlug. Teen November 1975 het 90% van die land se 350 000 blankes gevlug.[140] 'n Geskatte 235 315 vlugtelinge van alle rasse is met 'n lugbrug geëvakueer.[141] Die onderlinge skermutselings tussen die bevrydingsbewegings het geëskaleer en 'n burgeroorlog, aangeblaas deur buitelandse intervensie, het gevolg.

Op 11 November 1975 is die laaste Portugese soldate gedurende die nag aan Angola onttrek en die laaste goewerneur-generaal, admiraal Leonel Cardoso, het die mag nie aan een politieke party oorhandig nie, maar aan "die mense van Angola" as 'n geheel. Dieselfde dag het die MPLA die Volksrepubliek van Angola in Luanda uitgeroep. FNLA en UNITA het op hulle beurt gesamentlik die Demokratiese Volksrepubliek van Angola in Huambo (Nova Lisboa) uitgeroep.[142]

Die burgeroorlog het binne twee jaar Angola se ekonomie en infrastruktuur verwoes en meer mense is dood as gedurende die voorafgaande dertien jaar tydens die bevrydingstryd.[143]

Gedurende 1976 is verdere duisende Portugese met 'n tweede lugbrug geëvakueer. Die eksodus van Portugese vlugtelinge het die ekonomie ontwrig en tot verminderde welvaart van die land gelei. Aan die ander kant het dit van 'n potensiële bron van wrywing

---

138 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 244–245.
139 *Ibid*., pp. 244–245; Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 236.
140 D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 147.
141 Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 236.
142 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 21, 23, 246, 248, 253–254; D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 193–194.
143 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 258.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die toekoms ontslae geraak.[144] Die groot getalle *retornados* wat in 1975–1976 vanaf verskillende Portugese kolonies na Portugal "teruggekeer" het, het sowat 6% van die bevolking van Portugal uitgemaak. Groot probleme moes oorbrug word om aan almal huisvesting te verskaf. Dit was aanvanklik vir die Portugese vreemd om groot getalle gekleurde en swart mense op straat te sien.[145]

Die tydperk ná 1975 word gekenmerk deur 'n diepgewortelde nasionale Portugese geheueverlies ten opsigte van Afrika. Die ouer geslag probeer van hulle bitterheid vergeet en die jonger geslag meen dat hulle niks met die verlede te doen gehad het nie.[146] Generaal Galvão de Melo, 'n lid van die junta wat die Caetano-regering oorgeneem het, het Portugal se 500 jaar koloniale betrokkenheid in Angola soos volg bestempel:

> Ons het min voordeel uit Afrika getrek en Afrika het min voordeel uit ons getrek. Die Portugese bevolking en die bevolking van Afrika het onbekend aan mekaar gebly: vreemdelinge.[147]

144 Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 236.
145 O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, pp. 378–383.
146 D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 195–196.
147 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 224. Daar is 'n element van waarheid in dié stelling, maar dit vertel nie die volle verhaal nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 3
DIE BEVOLKING VAN ANGOLA

Administratiewe verdeling en bevolkingstatistiek

Aan die einde van die koloniale tydperk het Basil Davidson, 'n kenner van Angola, opgemerk: "Angola's people are among the most deprived of any people anywhere."[1] J.M.R. Norton de Matos (goewerneur-generaal van Angola, 1912–1915, en hoë kommissaris, 1921–1923) het hierop uitgebrei: "Die klein bevolking van Tropiese Afrika kan aan twee groot plae toegeskryf word: siekte en die eksploitasie van die mens deur die mens."[2]

Eeue lank, tot diep in die twintigste eeu, het die inwoners van Angola onder tropiese siektes soos malaria, geelkoors, slaapsiekte, haakwurm, melaatsheid, rivierblindheid, elefantiase en algemene kindersiektes soos waterpokkies en masels gely. Veral die kus en die direk aanliggende hinterland van die kus is as "die witman se graf" beskou. Aan die ander kant het "ingevoerde" Europese siektes soos waterpokkies, veneriese siektes en tuberkulose weer die getalle van die plaaslike bevolking laag gehou. Die meeste van hierdie siektes kon eers met die koms van moderne medisyne suksesvol bekamp word.[3]

Die resultaat van slawehandel is vandag nog merkbaar in Angola: Dié land het 'n besonder lae bevolkingsdigtheid en groot gedeeltes kan as 'n "mensleëwoestyn" bestempel word. Dit is dus geen wonder nie dat die bevolkingsdigtheid van Angola besonder laag is: 4,5 persone per vierkante kilometer teen 1970, die helfte van die bevolkingsdigtheid van die res van Afrika.[4]

Angola beslaan 1 246 700 km^2 en was teen 1970 in 15 distrikte ingedeel. Elke distrik (*distrito*) is weer onderverdeel in een of meer *concelhos*. Daar was altesaam 85 *concelhos*. In gebiede met 'n lae bevolking of ontwikkeling het so 'n geografiese eenheid 'n *circunscrição* geheet en dit is administratief bestuur (teenoor bestuur deur gekose ver-

1 B. Davidson, *In the eye of the storm: Angola's People*, p. 14.
2 J.M.R. Norton de Matos, *A província de Angola*, 1926, soos aangehaal in D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 359 & D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 1 (my vertaling). Norton de Matos word ook as Norton de Mattos gespel.
3 J.T. Tucker, *Drums in the Darkness*, pp. 178–179; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 5; D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 20.
4 F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 36; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teenwoordigers in die *concelhos*).[5] Die heel kleinste administratiewe eenheid was ’n *posto* met ’n *chefe do posto* aan die hoof daarvan.[6]

Van 1900 tot 1970 het die bevolking van 2,7 miljoen tot 5,8 miljoen toegeneem (kyk Tabel 1). Terselfdertyd het die aantal blankes van 9198 (0,34% van die totale bevolking) tot ’n geskatte 290 000 (5,01%) toegeneem. Die rede vir hierdie toename is verhoogde immigrasie uit Portugal vanaf die veertigerjare. Teen 1970 was slegs 11% van die totale bevolking verstedelik. Slegs ses stede het meer as 20 000 inwoners gehad: Luanda (500 000), Nova Lisboa (90 000), Lobito (88 000), Sá da Bandeira (35 000), Benguela (35 000) en Malanje (33 000). 42% van die bevolking was jonger as 15 jaar. Dit word veral aan die verlaagde kindersterftesyfer toegeskryf.[7]

Jaar	*Inwoners*	*Aantal blankes*	*% Blankes*
1900	2 716 000	9 198	0,34
1913	2 921 500	13 800	0,47
1920	3 131 200	20 700	0,66
1931	3 343 500	59 493	1,80
1940	3 738 010	44 084	1,18
1950	4 145 266	78 826	1,90
1960	4 840 719	172 529	3,57
1970 (geskat)	5 793 559	290 000	5,01

Tabel 1: Totale bevolking van Angola en persentasie blankes, 1900–1970[8]

Inheemse bevolking

Daar is ’n groot aantal etniese en linguistiese groepe in Angola. Die meerderheid van die swart mense hoort tot die Bantoevolke, maar daar is minderhede van minder as 15 000

5 R.S. de Brito, “Aspectos gerais da geografia física de Angola”, in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, p. 13; N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 94; M. Kuder, *Angola*, p. 26.
6 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 118.
7 M. Kuder, *Angola*, pp. 26, 28, 227; O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, p. 178.
8 M. Kuder, *Angola*, p. 226; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 20, 228. Vir 1970 word die syfers van Bender eerder as dié van Kuder gebruik. Bender toon aan dat skattings van 500 000 oordrewe is en dat 290 000 (gebaseer op verslae van die VNO) meer realisties is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat tot ander etniese groepe hoort.[9] Onder die nie-Bantoe-groepe is daar ’n Khoisan-groep, bestaande uit beide Khoi (Namas) en Boesmans, en ’n Vátua-groep.[10] Tabel 2 gee ’n aanduiding van die etnies-linguistiese samestelling van Angola se swart bevolking. Soms word die Nhaneca-Humbe as een groep beskou, terwyl die term Ganguela ’n versamelnaam vir ’n groot klomp stamme is.

Groep	***Aantal persone***	***Aantal persone***
Não-indígenas swartes		41 756
Assimilados		37 873
Indígenas		4 562 606
Bakongo (taal Kikongo)	621 787	
Ganguela	329 259	
Lunda-Chokwe	396 264	
Humbe	114 832	
Mbundu (taal Kimbundu)	1 053 999	
Nhaneca	138 191	
Ovambo	115 442	
Ovimbundu (taal Umbundu)	1 746 109	
TOTAAL	**4 562 606**	**4 604 362**

Tabel 2: Etnies-linguistiese samestelling van die swart bevolking van Angola, 1960 [11]

Die Bantoe-groepe het gemeenskaplike sosiale, ekonomiese, politieke en godsdienstige kenmerke. Hulle deel ’n gemeenskaplike wêreldbeeld. Hoewel die belang van patriliniêre en matriliniêre betrekkinge van groep tot groep verskil, is familiebetrekkinge deurslaggewend vir huwelikspatrone, ekonomiese verantwoordelikhede, toegang tot grond, po-

9 M. Kuder, *Angola*, p. 33.
10 A. de Almeida, “Alguns velhos e novos conceitos sobre os povos não bantos de Angola”, in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, pp. 148–184; Th. Delachaux & Ch.-E. Thiébaud, *Land und Völker von Angola*, pp. 125–130; A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 97–98; M. Kuder, *Angola*, p. 34.
11 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 256.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

litieke gesag en spirituele aangeleenthede. Hierdie kommunale gemeenskappe, wat op familiebetrekkinge gebaseer is, se spirituele en simboliese wêreldbeeld het direk met die individualistiese, kommersiële, sekulêre wêreldbeeld van die Europese setlaars gebots. Vanaf 1920 is die swart bevolking toenemend geproletariseer, hulle grond is toenemend onteien en hulle is toenemend van politieke prosesse uitgesluit.[12] Volledige proletarisering is teen die einde van die sestigerjare van die twintigste eeu voltrek.[13]

Portugese sendelinge en handelaars was die voorlopers van die Westerse "beskawing". Teen 1970 was bykans al die swart inwoners van Angola op die een of ander manier deur die Portugese "beskawing" beïnvloed.[14]

Aanvanklik het die inheemse bevolking in familieverband in klein dorpies gewoon met 'n *soba* (hoofman), 'n raad van ouer manlike stamlede en 'n vergaderplek in die middel van die *sanzala* (kraal), soos die gebruik by baie ander stamme in Afrika is.[15]

Sosio-kultureel kon die swart mense van Angola teen 1970 in vyf groepe ingedeel word. Vier groepe het bestaan uit jagter-versamelaars, veeboere, landbouers en vissers wat in tradisionele stamstrukture onder die bestuur van hoofmanne leef. Met die toename in verstedeliking kon 'n vyfde groep *destribalizados* (ontstamdes) teen 1970 onderskei word. Hulle het aanvanklik aan die buitewyke van stede, maar later in die stede, gewoon en 'n lewe gemaak as arbeiders, handwerkers, handlangers, kokke, huishulpe en vakleerlinge, terwyl hulle vroue klein landerye aan die buitewyke van stede bewerk het en die produkte op informele markte verkoop het. Behalwe om wasgoed te was, het vroue gewoonlik nie as huishulpe gewerk nie (mans wel). Jong meisies het net in vreemde huishoudings gewerk om vaardighede in handwerk, naaldwerk en kookkuns met die oog op die huwelik en 'n eie huishouding te verwerf.[16]

Angola se ekonomie het teen 1970 grootliks op die handearbeid van swart Angolese berus. Swart handearbeid het die grootste deel van die plantaardige verbruiks- en uitvoergoedere geproduseer en die grootste deel van die veeboerdery was van hierdie arbeiders afhanklik. In industrieë en myne het hulle die grootste deel van die werkers uitgemaak. Hulle was ook die grootste verbruikers en leweransiers van produkte vir klein winkeltjies.[17]

---

12 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 73–74.
13 H. Pössinger, "Interrelations between economic and social change in rural Africa: The case of the Ovimbundu of Angola", in F.W. Heimer (Ed.), *Social Change in Angola*, pp. 36–43.
14 M. Kuder, *Angola*, p. 44.
15 A.J.A. Cardoso, *Angola: Your neighbour*, p. 30.
16 M. Kuder, *Angola*, pp. 36–39.
17 *Ibid*., pp. 44–45.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mestiços

Die *mestiços* (vroulik *mestiças*) is hoofsaaklik die resultaat van rassevermenging (*miscigenação* of *mestiçagem*) tussen Portugese mans en inboorlingvroue. Geen stigma was daaraan verbonde nie. Dit is in werklikheid van owerheidsweë aangemoedig en goedgekeur as ’n manier “om die ras te verbeter” en ’n nierassige gemeenskap te skep. Baie *mestiços* is buite-egtelik gebore omdat Portugese in die kolonies ’n informele houding teenoor die huwelik gehad het. In afgeleë distrikte was dit in elk geval moeilik om by die owerheid uit te kom om sodanige huwelike te registreer.[18] Daar word bereken dat slegs 5% van alle huwelike gedurende hierdie tyd in Angola wetlik geregistreer is.[19]

Gedurende die negentiende eeu het die *mestiços* die grootste deel van die Portugese gemeenskap gevorm en hulle het die handel gedomineer. Met die toename in blanke immigrasie (en gevolglik blanke vroue) het hulle getalle as ’n persentasie van die totale bevolking en gevolglik ekonomiese belangrikheid afgeneem. In staatsposte is hulle deur Portugese immigrante vervang hoewel hulle opvoedingspeil baie hoër as dié van die immigrante was. Dit het tot ’n groot mate van ontevredenheid in hulle geledere aanleiding gegee. Gevolglik het hulle dikwels die leierskorps van die latere onafhanklikheidsbewegings gevorm.[20]

Die *mestiços* het van 3112 in 1900 (0,06% van die totale bevolking), tot 7500 in 1920 (0,18% van die totale bevolking) tot 29 648 in 1950 (0,7%) tot 53 392 in 1960 (1,1%) toegeneem, ’n toename van 80% in die voorafgaande tien jaar. Hulle is veral in Luanda en die ander groot stede aangetref. Die toename in die gekleurde bevolking is toegeskryf aan die oormaat blanke mans (in vergelyking met blanke vroue) in die stede, eerder as nasionaliteit, koloniale beleid of moraliteit.[21] Daar is voorspel dat die teenwoordigheid van 50 000 Portugese troepe ná 1961 tot ’n toename in die *mestiços* sou lei.[22]

---

18 D.M. Abshire & N.A. Bailey, “Current Racial Character”, pp. 202–204, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
19 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 100.
20 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 2; M. Newitt, *Portugal in Africa*, pp. 142–143; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 154.
21 M. Kuder, *Angola*, p. 52; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 19–54.
22 D.M. Abshire & N.A. Bailey, “Current Racial Character”, p. 209, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Assimilados

Die twintigste-eeuse beleid van *assimilação* het sy oorsprong in die natuurlike proses van vermenging tussen die Portugese en die inheemse bevolking. 'n Groot aantal swart mense en *mestiços* is in die Portugese kultuur geassimileer. Hulle was vryswartes, die seuns van hoofmanne en konings en *mestiços*. Hulle posisie in die samelewing het nie van hulle kleur of ras afgehang nie, maar van hul persoonlikheid en opvoeding. Geen wetlike beperking het ten opsigte van hulle werk, onderwysgeleenthede of stemreg gegeld nie.[23]

Gedurende die negentiende eeu was die meeste van Angola se geskoolde werkers en geestelikes swart *assimilados*. In 1853 was al vyf die Portugese priesters in Angola swart. Gedurende die tydperk 1912–1925 was daar ten minste twee *mestiço* burgemeesters en verskeie stadsraadslede in Luanda se stadsraad.[24]

Eers laat in die negentiende eeu is daar pogings aangewend om die *assimilados* aan bande te lê. In 1901 is byvoorbeeld 'n wet aangeneem wat 'n sertifikaat in die vakke Geografie en Latyn vir telegrafiste vereis het. Beide vakke is indertyd nie in Angolese skole onderrig nie, slegs in Portugal. (Daar was in elk geval geen sekondêre skole in Angola voor 1919 nie.) In 1921 met Norton de Matos se verdeling van die Angolese staatsdiens in twee dele, vir Europeërs en *assimilados* afsonderlik, het die diskriminasie 'n hoogtepunt bereik. In 1929 is die hele bevolking verdeel in *indígenas* en *não-indígenas* (laasgenoemde bestaande uit blankes en *assimilados*) en is wetlike beperkinge op die bevordering van *assimilados* ingestel. Eers in die sestigerjare is hierdie beperkinge van die wetboek verwyder.[25]

Dit was nie noodwendig voordelig om 'n *assimilado* te word nie. Hulle is wel vrygestel van inboorlingbelasting en kontrakarbeid, het vryheid van beweging geniet, kon in die staatsdiens werk en in die Europese gemeenskap opgeneem word. Hulle kon egter nie kommunale grondregte verkry nie, moes Europese belasting betaal, het nie toegang tot gratis mediese sorg en onderwys gehad nie en moes noodgedwonge met armblankes en *mestiços* vir dieselfde poste kompeteer. Die proses om as *assimilado* geregistreer te word, was boonop omslagtig en duur. Dit is dus geen wonder nie dat nie almal wat vir *assimilado*-status gekwalifiseer het daarvoor aansoek gedoen het nie. Teen 1950 was daar maar ongeveer 30 000 *assimilados* in Angola.[26]

---

23 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 93–94.
24 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 94–96; J. Dias, "Angola", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 512–514.
25 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 96–98.
26 J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 165; M. Newitt, *Portugal in Africa*, pp. 138–139.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Blanke bevolking

Die blanke bevolking van Angola was vir eeue lank maar gering. Teen 1846 was die totale blanke bevolking maar 1830 persone. Benguela, Angola se tweede grootste blanke nedersetting, het ’n bevolking van 38 mans en een vrou gehad. Twee jaar later het 22 van hulle van koors gesterf.[27]

Daar was hoofsaaklik drie groepe blankes: staatsamptenare, misdadigers (manlik *degredados*, vroulik *degredadas*) en handelaars. Die staatsamptenare het gewoonlik nie lank gebly nie en het nie hulle gesinne na Angola gebring nie. Onder die staatsamptenare was daar ook Portugese soldate. Die meeste soldate was swartes of Indiërs (van Goa) wat onder die bevel van ’n blanke offisier gestel is. Die ander twee groepe het permanent in Angola gebly, maar omdat hulle nie hul gesinne saamgebring het nie en verhoudings met swart of *mestiça*-vroue aangeknoop het, waarvan die nageslag mettertyd in die groter swart bevolking verdwyn het, het hulle nooit ’n beduidende groep geword nie. Boonop is hulle getalle deur tropiese siektes uitgedun en hulle lewensverwagting was gevolglik kort.[28]

Handelaars (*sertanejos*, afgelei van *sertão*, dit wil sê “binneland”) in die binneland van Angola was vir eeue lank die voorposte van die Portugese beskawing in Angola. Daar word beweer dat sommige van hulle so verafrikaniseer geraak het dat hulle die plaaslike inheemse tale beter as Portugees kon praat en dat hulle hul Westerse kleredrag vir dié van die inboorlinge verruil het (benewens die feit dat hulle met inheemse vroue verhoudings aangeknoop het). Hierdie akkulturasie het waarskynlik handelsvoordele ingehou.[29]

Behalwe hulle lae getalle was die lae kwaliteit van die Portugese bevolking ’n voortdurende probleem. Vir ’n groot deel van die koloniale geskiedenis was ’n beduidende aandeel van Angola se blanke bevolking *degredados* (veroordeeldes vir moord, poging tot moord, roof, geweld en verkragting wat na die Portugese kolonies verban is). Van die 9200 blankes in Angola in 1898, was 1163 (waaronder 271 vroue) *degredados*. Hierdie getal het teen 1912 verdubbel. *Degredados* het ’n kwart van Luanda se blanke bevolking gevorm. Aan die begin van die dertigerjare van die twintigste eeu het misdadigerkolonies nog by plekke soos Forte Roçadas voorgekom. Die verbanning van *degredados* na Angola is eers in

27 O.S. Barata, “Aspectos das condições demográficas de Angola”, in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, p. 123; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 65; M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 148.

28 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 148; A.H de O. Marques, “Organização geral”, in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 143.

29 J. Dias, “Angola”, in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 392–394.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1932 gestaak en 2500 van hulle is tussen 1930 en 1940 na Portugal teruggestuur.[30]

Degredados was grootliks verantwoordelik vir die negatiewe beeld wat die meeste Portugese van Angola gehad het en een van die belangrikste redes waarom vrye Portugese huiwerig was om na Angola te gaan. In Angola was daar min beheer oor *degredados*. Die meerderheid het uit diefstal, bedrog, geweld en prostitusie 'n bestaan gemaak. Drankmisbruik, ledigheid en lae morele waardes het hierdie probleme vererger.[31]

Gedurende die negentiende eeu is 'n paar kolonisasiepogings met beperkte sukses geloods. In 1836 is gepoog om 'n kolonie vryblankes by Catumbela (tussen Benguela en Lobito) te vestig, maar dit het misluk.[32] In 1840 is 'n klein *presídio* by Moçâmedes gevestig.[33] In 1844 was daar 'n verdere kolonisasiepoging met koloniste uit die Algarve en die Asore.[34] In 1845 is Huíla uiteindelik met beperkte sukses beset.[35] Van hier af kon militêre veldtogte suid tot by die Kunene onderneem word. In 1881 het die Orde van die Heilige Gees (Congrégation du Saint Esprit et du Saint Coeur de Marie) onder vader Charles (Carlos) Duparquet die eerste sendingstasie op die hoogland hier gestig. Huíla was ook belangrik as 'n steunpunt op die roete tussen Moçâmedes en Caconda verder noord.[36]

Die eerste suksesvolle kolonisasiepoging was eers in 1849 toe 170 Portugese uit Pernambuco in Brasilië hulle ná 'n slaweopstand by Moçâmedes gevestig het. Hulle is in 1850 gevolg deur 'n verdere 130 mense van dieselfde plek. Van hulle het later na Luanda en Huíla getrek.[37]

---

30 Th. Delachaux & Ch.-E. Thiébaud, *Land und Völker von Angola*, p. 93; M. Kuder, *Angola*, pp. 60–61; O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, p. 132; J. Dias, "Angola", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 443.

31 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 57–58, 61, 92.

32 *Ibid*., p. 64.

33 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 81; N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, p. 302; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 66; A.H de O. Marques, "Organização geral", p. 142; J. Dias, "Angola", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825 –1910)*, pp. 421, 441.

34 M. Kuder, *Angola*, pp. 56–57; A.H de O. Marques, "Organização geral", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 142.

35 N. Gonzaga, *História de Angola, 1482–1963*, p. 302; C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, p. 141.

36 G.S. Dias, "O padre Duparquet e os Boeres da Huíla", *Portugal em África*, 2 (3), 1946, p. 28; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 66; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 97; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 64; M. Kuder, *Angola*, pp. 56–57; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 54.

37 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 82; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 98; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 70; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 234; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 66; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 71–72; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 71; A.H de O. Marques, "Organização geral", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 143.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1860 het ’n paar vissermanne uit die Algarve hulle by Porto Alexandre gevestig.[38] In 1867 is ’n Portugese *colonato* by Bibala gevestig.[39] Die eerste suksesvolle kolonisasiepoging in die binneland was eers in 1881 met die aankoms van 55 Boeregesinne met 295 gesinslede ná die Dorslandtrek.

Die 9198 blankes in Angola in 1900 was hoofsaaklik beperk tot die hawedorpe en ’n paar plekkies langs die Luanda-spoorlyn tot by Malanje. Van die net meer as 100 blanke vroue in Luanda was 92 *degredadas*.[40] In die binneland was wel ’n paar handelaars, sendelinge en soldate, maar daar was bykans geen Portugese landbouers nie.[41]

Sedert 1840 het daar ’n klein “plantersklas” in Angola ontstaan, bestaande uit eienaars van die plantasies waar suikerriet, koffie en katoen verbou is. Hulle het die setlaarpolitiek gedomineer. Hierdie klas was altyd klein en nie altyd tot blankes beperk nie. Hulle het ’n onsekere bestaan gevoer. Gedurende slegte tye het baie lede van die plantersklas teruggeval en weer ’n bestaan as handelaars probeer maak. Teen 1940 was ’n kwart van die blankes in Angola handelaars en slegs 10% landbouers.[42]

Vanaf 1907 het die waarnemende goewerneur-generaal Henrique Mitchell de Paiva Couceiro tevergeefs gepoog om die Portugese regering van die noodsaak van ’n sterker Europese besetting te oortuig. Die meeste Portugese emigrante het na Brasilië en ander gebiede in die Amerikas uitgewyk.[43] Teenoor ongeveer ’n miljoen Portugese wat tussen 1900 en 1940 na Brasilië geëmigreer het, het slegs ongeveer 35 000 na Angola geëmigreer.[44]

In 1912 het Portugese amptenare die blanke (Portugese) setlaars as “generally poor, ignorant and illiterate and, for those very reasons, without much ambition, withdrawn and lacking initiative” beskryf.[45] ’n Engelse reisiger in Angola, aan die begin van die twintigste eeu, het die Portugese setlaars, weer eens met ’n tikkie Engelse hovaardigheid, as “the

---

38 R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 67, gee 1867 aan, teenoor C.A. Medeiros, “Le phénomène de la colonisation et quelques problèmes de la mise an valeur du sud-ouest de l’Angola”, *Revue canadienne des études africaines/ Canadian Journal of African studies*, XI(1), 1977, p. 74, & J. Dias, “Angola”, in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 444; O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, pp. 338–339, wat die datum as 1860 aangee.

39 M. Kuder, *Angola*, p. 57.

40 R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, pp. 38–39; M. Kuder, *Angola*, p. 59; G. Bender, “Planned rural settlements in Angola, 1900–1966”, in F.W. Heimer (Ed.), *Social Change in Angola*, p. 237.

41 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 97.

42 M. Newitt, *Portugal in Africa*, pp. 156–159.

43 H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907 – Junho 1909)*, pp. 149–159; M. Kuder, *Angola*, p. 59.

44 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 98.

45 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 69.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vicious scum of white men that the Portuguese have brought into Africa" bestempel,[46] terwyl 'n ander Engelse reisiger gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu hulle beskryf het as "Portuguese settlers, wan, barefooted, and poorly dressed, who were living like the poor in Portugal".[47] Nog later is van die "grim backwardness of Portuguese Angola" gewag gemaak.[48]

Angola is as 'n natuurlike opvangsgebied vir Portugal se surplus bevolking beskou.[49] Die meeste van hierdie Portugese koloniste (*colonos*) het beoog om hulle permanent in Angola te vestig en nooit na Portugal terug te keer nie, behalwe in die verre toekoms en dan slegs as vakansiegangers en besoekers.[50]

Van 1940 tot 1970 het Angola se blanke bevolking meer as sesvoudig toegeneem (van 44 083 tot 'n geskatte 290 000). Dit was meestal grondlose plaaswerkers, bouwerkers en padwerkers wat hulle in die Angolese stede gaan vestig en diens verrig het wat vroeër deur swartes gedoen is: as kelners, koerantverkopers, stoormanne, deurwagters en dienspersoneel. Hierdie stroom het ná 1959 toegeneem toe minimumlone vir 'n aantal beroepe vasgestel is en arbeiders hoër salarisse in Angola as in Portugal kon verdien.[51] Die belangrikste redes vir emigrasie na Angola was die armoede in Portugal en oordrewe verhale van voorspoed in Afrika.[52] Die Portugese kolonies het gedurende hierdie tyd ongeveer 50% van die emigrante uit Portugal getrek, dubbel soveel as Brasilië.[53]

Teen 1950 was slegs 2746 blankes (waarvan 'n beduidende persentasie nie van Portugese afkoms was nie) in die landbou betrokke. Benewens 'n paar staatsamptenare het slegs 1205 persone (wat *mestiços* en swartes ingesluit het) professionele beroepe beoefen. Dit was minder as 'n halfpersent van die blanke bevolking. Die meerderheid van die Portugese bevolking was in die handel, industrieë en staatsdiens betrokke.[54]

Gedurende die vyftigerjare van die twintigste eeu het die Portugese regering verdere kolonisasieskemas geloods. Die belangrikste hiervan was by Cela en Matala. Volgens elke projek moes 1000 Portugese gesinne met massiewe staatshulp ($100 000 per gesin by Cela, en $25 000 per gesin by Matala) in *colonatos* gevestig word. Die *colonatos* was

---

46 J.B. Thornhill, *Adventures in Africa under the British, Belgian and Portuguese flags*, p. 191.
47 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 153.
48 B. Davidson, *The African Awakening*, flapteks.
49 A.J.A. Cardoso, *Angola: Your neighbour*, p. 7.
50 I. Schönberg, *Die weiße Brille*, p. 67.
51 I. do Amaral, *Aspectos do povoamento branco de Angola*, pp. 54, 78; M. Kuder, *Angola*, p. 62.
52 J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 203.
53 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 164.
54 Direcção dos Serviços de Economia, *Angola: Província de Portugal em África*, p. 78; I. do Amaral, *Aspectos do povoamento branco de Angola*, p. 53,78; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 99–100, 231–233.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

landboukolonies waar aanvanklik blanke kleinboere – uit Portugal, Madeira en die Asore – en in later jare swart kleinboere met staatsondersteuning gehelp is om hulle op lappies grond te vestig. Teen 1960 is slegs 300 gesinne per projek in die *colonatos* gevestig. In die lig van die geweldige bedrae wat hiervoor aangewend is, die koloniste wat na die stede gevlug het sodra dit vir hulle moontlik was en die swartes wie se grond onteien is om vir die blankes ruimte te maak, moet hierdie pogings as mislukkings beskou word.[55] Teen 1972 was daar altesaam 31 *colonatos* in verskillende dele van die land.[56]

Daar was ook 50 000 Portugese troepe wat ná 1961 in die land ontplooi is.[57]

Teen die middel van die sestigerjare het Angola die tweede grootste blanke bevolking in Sub-Sahara-Afrika (naas die Republiek van Suid-Afrika) gehad.[58] Sá da Bandeira (Lubango) en Moçâmedes was die enigste stede in Sentraal-Afrika met meer blanke as swart inwoners.[59] Hoewel die nuwe Portugese immigrante se wit velkleur vir hulle van groot voordeel was, was dit nie voldoende om die agterstand ten opsigte van onderwys, vaardighede en kapitaal te oorkom nie.[60] Teen 1950 het ongeveer die helfte van die bevolking ouer as vyf jaar nog nooit skool bygewoon nie. Slegs 40% van die bevolking het die vier jaar primêre skool voltooi.[61]

Die onopgevoede setlaarsbevolking se minderwaardigheidskompleks het bygedra tot ’n kwaadaardige vorm van rassisme wat alle klasse van bo tot onder geïnfekteer het. Dit het tot talle voorbeelde van “klein apartheid” en rassediskriminasie aanleiding gegee, hoewel daar wetlik geen diskriminasie bestaan het nie. Die Portugese owerheid in Lissabon het hulle egter as vry van enige vorm van rassisme beskou en kon nie insien dat blanke rassisme die hervormings van die sestigerjare besmet het nie.[62]

Met die stroom ongeletterde Portugese immigrante na Angola gedurende die vyftiger-

---

55 J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 198–199; R.H. Chilcote, *Portuguese Africa*, p. 8; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 139; A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 69–72; G. Bender, “Planned rural settlements in Angola, 1900–1966”, in Heimer, Franz-Wilhelm (Ed.), *Social Change in Angola*, pp. 241–242, 263–264; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 95–131.

56 P.K. Huibregtse, *Angola: the real story*, p. 19.

57 D.M. Abshire & N.A. Bailey, “Current Racial Character”, p. 209, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.

58 *Ibid*., pp. 205–206. Voorheen het Algerië die tweede grootste blanke bevolking in Afrika gehad maar die meeste blankes het ná die burgeroorlog na Frankryk gevlug.

59 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 41; A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 62; M. Kuder, *Angola*, p. 75; P.K. Huibregtse, *Angola. the real story*, pp. 201–202; C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, pp. 28, 673; O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, p. 126.

60 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 170.

61 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 69.

62 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 70 O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, p. 179.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en sestigerjare is daar gevrees dat tradisionele verdraagsaamheid teenoor ander rasse verminder en enkele gevalle van rassewrywing het voorgekom. Dit het gelyk asof dit al hoe moeiliker word om die verskil tussen rassegelykheid en kulturele ongelykheid te handhaaf. Dit het egter nie 'n wydverspreide probleem geword nie.[63]

Binne die blanke gemeenskap van Angola is 'n skerp onderskeid getref tussen blankes wat in Portugal gebore is en blankes wat in Angola gebore is. Die *Estado Novo* het blankes wat in Angola gebore is as *euro-africanos* geklassifiseer. Hulle is as tweedeklasburgers behandel en daar is amptelik teen hulle gediskrimineer. Hulle identiteitskaarte (*bilhetes de identidade*) was byvoorbeeld nie in Portugal geldig nie en hulle kon nie vrylik na Portugal reis nie.[64]

Diskriminasie teen die Portugese wat al langer in Angola gevestig was, het tot gevolg gehad dat hulle bande met Portugal losser was as dié van die nuwe geslag Portugese setlaars (*colonos*), veral ná die immigrasiegolf wat Angola ná 1945 getref het. Die geleidelike identifikasie van die setlaars met Angola en hulle gevolglike verwerping van Portugal was 'n belangrike faktor in die ontstaan van blanke nasionalisme in Angola.[65] In die suide van Angola het afstammelinge van die eerste koloniste uit Madeira en Brasilië in elk geval byna geen bande met Portugal gehad nie. Dié geringe verbintenis het mettertyd selfs minder geword. Namate hulle verafrikaniseer geraak het, het hulle later in *africânderes angolanos* (Angolese Afrikaners) ontwikkel.[66]

Die feit dat Angola se ekonomiese belange ondergeskik aan dié van Portugal gestel is (mielies en katoen is teen kunsmatig lae pryse aan Portugal verkoop en vervaardigde goedere is weer ten duurste na Angola uitgevoer), het seker nie in geringe mate nie bygedra tot die ontluikende blanke nasionalisme in Angola.[67] Daar was gevolglik by verskeie geleenthede sprake van blanke separatistebewegings en bewegings ten gunste van outonomie in Angola.[68]

---

63 J. Duffy, *Portuguese Africa*, pp. 298–299; L.H. Gann & P. Duignan, *White settlers in tropical Africa*, p. 95.

64 F.T. Pimenta, *Brancos de Angola: Autonomismo e Nacionalismo (1900–1961)*, pp. 128–129; F.T. Pimenta, "Angola's whites: political behaviour and national identity", *Portuguese Journal of Social Science*, 4(3), 2005, pp. 175–176; F.T. Pimenta, "The National Identity of Angolan White Settlers", in D.R. Curto & A. Rappas (Eds), *Colonialism and Imperialism: Between Ideologies and Practices*, pp. 45–46.

65 F.T. Pimenta, "Angola's whites: political behaviour and national identity", *Portuguese Journal of Social Science*, 4(3), 2005, pp. 175–177; F.T. Pimenta, "The National Identity of Angolan White Settlers", in D.R. Curto & A. Rappas (Eds), *Colonialism and Imperialism: Between Ideologies and Practices*, pp. 45–46.

66 F.T. Pimenta, *Brancos de Angola: Autonomismo e Nacionalismo (1900–1961)*, p. 51.

67 *Ibid.*, pp. 130–133. Kyk ook W.G. Clarence-Smith, "Capital accumulation and class formation in Angola", in D. Birmingham & P.M. Martin, *History of Central Africa*, Vol. 2, pp. 164–165, & G. Clarence-Smith, *The third Portuguese empire, 1825–1975*, p. 165, vir katoen.

68 J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 197; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", pp. 73, 78, 177; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 95, 102.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Angola was daar 'n verdere geografiese verdeling omdat die blankes van meer afgeleë distrikte die sentrale bestuur vanuit Luanda net so verafsku het as Lissabon se outoritêre heerskappy.[69]

Klas was ook 'n verdere verdelende faktor. Die ryk nyweraars, leidende sakemanne en die belangrikste amptenare in Luanda het aan die bopunt van die sosiale leer gestaan. Professionele mense soos dokters, regsgeleerdes, onderwysers en gegradueerdes het 'n effens laer trap beklee. Koffiebaronne van die plantersklas, ryk handelaars en die rykste veeboere het 'n amper gelykwaardige posisie beklee. Die middelklas het uit staatsamptenare, klerke, kleinhandelaars, die meeste veeboere en die bopunt van die werkersklas (veral werkers op die spoorweë en hawens) bestaan. Op sosiale vlak was hulle ongeveer op dieselfde trap as die leidende *assimilados*. Aan die onderpunt van die sosiale leer was die armblankes: ongeskoolde arbeiders, handwerkers (soos skoenmakers), taxibestuurders, bankrot boere, werkloses en bedelaars. Baie lede van hierdie klas (soos 20% van die blankes in Luanda) het tussen swartes in krotbuurte soos die *muceques* of *bairros de lata* (blikkiesdorpe) gewoon.[70]

Gedurende die koloniale tydperk het die blanke setlaars merkwaardig min seggenskap oor hulle eie sake gehad. Nóg die monargie, nóg die republiek, nóg die *Estado Novo* was bereid om hulle inspraak op sentrale regeringsvlak te gee. Hulle gebrek aan mag was maar al te duidelik te sien in hul onvermoë om te organiseer toe die Portugese regering besluit het om in Afrika te kapituleer.[71]

---

69 F.T. Pimenta, "Angola's whites: political behaviour and national identity", *Portuguese Journal of Social Science*, 4(3), 2005, p. 177; F.T. Pimenta, "The National Identity of Angolan White Settlers", in D.R. Curto & A. Rappas (Eds), *Colonialism and Imperialism: Between Ideologies and Practices*, p. 47.

70 F. Tenreiro, "Angola: Problemas de geografia humana", in Anon., *Angola: Curso de extensão universitária ano lectivo de 1963–1964*, p. 54; A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 4–5; O. Ribeiro, *A colonização de Angola e o seu fracasso*, pp. 145, 177; F.T. Pimenta, *Brancos de Angola: Autonomismo e Nacionalismo (1900–1961)*, pp. 119–120; F.T. Pimenta, "Angola's whites: political behaviour and national identity", *Portuguese Journal of Social Science*, 4(3), 2005, p. 178; F.T. Pimenta, "The National Identity of Angolan White Settlers", in D.R. Curto & A. Rappas (Eds), *Colonialism and Imperialism: Between Ideologies and Practices*, pp. 47–48.

71 M. Newitt, *Portugal in Africa*, pp. 173–174.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Duitsers

In 1857 was daar 'n onsuksesvolle poging om 32 Duitse koloniste by Huíla in die distrik Moçâmedes te vestig.[72] Toe die Dorslandtrekkers in 1881 aangekom het, was daar bykans geen spoor meer van die Duitsers nie.[73]

Sedert die stigting van die Duitse kolonie Duits-Suidwes-Afrika in 1884 tot ná die einde van die Eerste Wêreldoorlog het die Portugese 'n verlammende, paranoïese vrees vir die Duitsers op hulle suidelike grens gehad.[74] Daar was byvoorbeeld 'n geheime ooreenkoms tussen Brittanje en Duitsland om Angola tussen dié twee moondhede te verdeel indien Portugal in gebreke sou bly om sy lenings terug te betaal. Toe die inhoud van die verdrag bekend geword het, was Brittanje verplig om 'n nuwe verdrag aan te gaan om die eerste verdrag te kanselleer.[75]

Hierdie vrese is waarskynlik versterk deur die Angola Bund – bestaande uit inwoners van Duits-Suidwes-Afrika en die suide van Angola – wat in 1912 gestig is om toenadering tussen die twee lande te soek en mettertyd die suide van Angola by Suidwes-Afrika in te lyf.[76] Boonop het Duitse kapitaliste terselfdertyd spoorweg- en mineraalkonsessies in

---

72 US: Aanwins no. 73, 73/3/2 *Verslagen en mededelingen van het Nedl. Aardr. Genootschap*, 1886, p. 14 (Die jaartal word hier as 1855 aangegee.); J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 83; H. Marquardsen, *Angola*, p. 10; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 234; H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, p. 27 (Die jaartal word hier as 1847 aangegee.); R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 67; M. Kuder, *Angola*, pp. 56–57; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 72; R.J.C. da Silva, "Subsídios para a História do Colonização do Distrito de Moçâmedes durante o Século XIX", *Studia*, 34, Junho 1972, pp. 481–485 & 36, Julho 1973, pp. 310–317; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 61; C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, pp. 148–150; V. Alexandre, "A questão colonial no Portugal oitocentista", in V. Alexandre & J. Dias (Eds), *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 69.

73 US: Aanwins no. 73, 73/3/2 *Verslagen en mededelingen van het Nedl. Aardr. Genootschap*, 1886, p. 14; J.L. Cachet, "Een bezoek bij de Afrikaansche emigranten te St. Januario, Humpata", II, *Het Zuid Afrikaansch Tijdschrift*, X, Aug. 1882, pp. 67–68; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, pp. 118–119, 161–162; A. von Danckelmann, "Ein Besuch in den portugiesischen Kolonien Südwestafrikas, Sommer 1883", *Deutsche Geographische Blätter* (Geographische Gesellschaft in Bremen), Band VII, Heft 1, 1884, pp. 61–62; H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, p. 69; M. Arndt, *Umkurika: Jägerjahre in Angola*, p. 33; NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", p. 9.

74 D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 182; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 50. 'n Idee van hierdie vrees kan gevorm word in F. Paxeco, *Angola e os alemãis*, hoewel hierdie werk se ontleding van die verhouding tussen Angola en die Duitsers baie gebrekkig is. Kyk ook A. de Moraes, *Memórias de Angola*, pp. 85–107.

75 FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 4–5; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 74–75.

76 J.M.R. Norton de Mattos, *Memórias e trabalhos da minha vida*, IV, pp. 116–118; A. de Moraes, *Memórias de Angola*, p. 12; Anon., "Angola Bund", *The Cape Argus*, 12 Nov. 1912; H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", p. 164.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die suide van Angola probeer opkoop.[77] Onder meer is die poging van die Otavi Minen- und Eisenbahngesellschaft (OMEG) om 'n spoorlyn na Baía dos Tigres (Porto Alexandre) te bou as 'n poging tot Duitse ekspansionisme beskou.[78] Koloniale Duitsers het gevoel dat Porto Alexandre die natuurlike hawe is om die binneland van Ovamboland te ontsluit en dus deel van Duits-Suidwes-Afrika moes wees.[79] Van hierdie aanvanklike planne van Duitsland om Angola as deel van sy "ekonomiese invloedsfeer" te annekseer, het niks gekom nie.[80]

Agterdog en wantroue van die Portugese owerheid jeens Duitsers het dikwels daarop uitgeloop dat Duitse reisigers van spioenasie verdink is en óf moes vlug óf aangehou is.[81] Vir dié doel is Manuel Lourenço Godinho aangestel om op vreemdelinge (waarby die Boere spesifiek ingesluit is) te spioeneer en aan die owerheid verslag te doen. Sy fantasieë het sulke afmetings aangeneem dat hy ná 'n paar jaar afgedank is.[82]

Selfs die Nederlander Pieter van der Kellen, wat al meer as 30 jaar in Angola gebly het en met die Ordem da Torre e Espada (Orde van die Toring en die Swaard) vir sy deelname in die inboorlingoorloë vereer is, is gedurende die Eerste Wêreldoorlog aangehou omdat hy daarvan verdink is dat hy met Duitse spioene kontak gemaak het.[83] Kort ná sy aankoms in Angola (1884) was daar reeds pogings om hom te deporteer omdat hy toe al daarvan verdink is dat hy 'n Duitse spioen is.[84]

Die Portugese en Duitsers (later die Engelse) in Suidwes-Afrika het mekaar oor en weer beskuldig dat die ander party die Kwanjamas en ander inboorlinge van gewere voorsien het.[85]

---

77 E.M. Chilver & U. Röschenthaler, *Cameroon's Tycoon: Max Esser's Expedition and its Consequences*, p. 8; D.L. Wheeler, *Portuguese Expansion in Angola since 1836: A Re-examination*, p. 14.

78 E.L.P. Stals, "Die Aanraking tussen Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika, 1850–1915", p. 323; H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", p. 106.

79 K. Schwabe, *Mit Schwert und Pflug in Deutsch-Südwestafrika*, p. 278; E.M. Chilver & U. Röschenthaler, *Cameroon's Tycoon: Max Esser's Expedition and its Consequences*, pp. 8, 123.

80 H. Drechsler, "Germany and South Angola, 1898–1903", *Présence africaine*, vol. 14–15, 1962, pp. 51–69.

81 U. von Dewitz, "Reisen in dem Portugiesischen Westafrika. I. Bis Mossamedes. II. Mossamedes", *Deutsche Kolonialzeitung*, Jg. 4, Heft 4, 15. Feb. 187, pp. 116–117; E.M. Chilver & U. Röschenthaler, *Cameroon's Tycoon: Max Esser's Expedition and its Consequences*, p. 120; J.M.R. Norton de Mattos, *Memórias e trabalhos da minha vida*, IV, pp. 134, 138–139; W. Jaspert, *Afrikanisches Abenteuer*, pp. 12, 142–143; W. Jaspert, *Through unknown Africa*, pp. viii, 177; A.M. de F. Soares, *As operações militares no sul de Angola em 1914–1915*, p. 11.

82 H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, pp. 224–226; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 79–80, 95.

83 AHU: Ministério das Colonias. Direcção Geral das Colonias do Ocidente e Oriente. Sala 5. 6A Rep. No. 867. Miscelânea (1919–1921).

84 Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, pp. 158, 160. Kyk ook H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", pp. 53–54.

85 K. Schwabe, *Mit Schwert und Pflug in Deutsch-Südwestafrika*, pp. 278–279; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, Vol. II, pp. 80–81; A. Schachtzabel, *Im Hochland von Angola*, p. 40; A. Schachtzabel, *Angola: Forschun-*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is 143 Duitsers uit Angola gedeporteer, hoewel Portugal in daardie stadium nog neutraal was. As redes is aangevoer spioenasie, wapensmokkelary en opsweping van die inheemse bevolking.[86] Ná 'n insident by die Portugese fort Naulila op 17 Oktober 1914, waartydens drie Duitsers deur Portugese soldate doodgeskiet is, het 'n Duitse mag onder Victor Franke op 18 Desember die fort aangeval en 'n groot oorwinning behaal. In daardie stadium het Portugal nog nie oorlog teen Duitsland verklaar nie. Die Duitse Schutztruppe het in Mei 1915 aan die Unieverdedigingsmag oorgegee. Portugal het eers in 1916 formeel teen Duitsland oorlog verklaar.[87]

Nadat die Suid-Afrikaanse regering Duits-Suidwes-Afrika in 1919 as 'n mandaatgebied oorgeneem het, het die "Duitse gevaar" verdwyn en is dit vervang deur *o perigo da União Sul Africana* (die gevaar van die Unie van Suid-Afrika).[88] In die lig van Suid-Afrikaanse planne om Suidwes-Afrika, Basoetoland, Swaziland, Rhodesië en Betsjoeanaland in te lyf, is daar gevrees dat die Unie van Suid-Afrika beoog om tot by die ewenaar uit te brei en 'n "Verenigde State van Suider-Afrika" of 'n "Afrikanerryk" uit te roep. Hierdie uitbreidingsplanne het ook ontsteltenis in België en Frankryk veroorsaak.[89]

Angola was een van die eerste kolonies in Afrika wat ná die Eerste Wêreldoorlog Duitse setlaars toegelaat het.[90] Veral Duitse ingenieurs was gesogte werkslui vir die instandhouding van Duitse masjinerie.[91] Nadat Duits-Suidwes-Afrika 'n Suid-Afrikaanse mandaatgebied geword het, het baie Duitsers uit Suidwes-Afrika hulle in Angola gevestig.

---

gen und Erlebnisse in Südwestafrika, p. 49; A. de Sá, Albino, "Artur de Paiva", *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 23, Outubro–Novembro–Dezembro de 1968, p 48; P. Johansson, *The Trader King of Damaraland Axel Eriksson*, pp. 70, 143–144.

86 K. von Krosigk, "Kontakte durch deutsche Pflanzer und Unternehmer in Angola", *DASP-Hefte*, vol. 35–36, 1992, p. 120.

87 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 75–76; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 397–399; E.L.P. Stals, *Die rol van Viktor Franke in Suidwes-Afrika 1896–1915*, pp. 63–64; E.L.P. Stals, "Naulila", *Historia*, 13(3), Sept. 1968, pp. 186–191.

88 FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 6–8; G.S. Dias, *África portentosa*, p. 13.

89 Adolfo Pina, "A nova política Sul-Africana", *A Província de Angola*, 9 de Dezembro de 1924, p. 1 & 13 de Dezembro de 1924, p. 1; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 8–10; J.H. de F. Leal, "Os Boers", *O comércio*, 12 de Janeiro de 1928, soos vertaal deur Anon., "Die Angola-Boere: Wat 'n Portugees van hulle denk", *Ons Vaderland*, 3 Febr. 1928; J.M.R. Norton de Mattos, *Memórias e trabalhos da minha vida*, II, pp. 184–217.

90 W. Mattenklodt, *Afrikanische Jagden und Abenteuer*, pp. 117–118, 210–211; H. Marquardsen, *Angola*, p. 170; K. von Krosigk, "Entwicklungsanstösse deutscher Siedler in Angola", *DASP-Hefte*, vol. 17, 1989, p. 24; K. von Krosigk, "Kontakte durch deutsche Pflanzer und Unternehmer in Angola", *DASP-Hefte*, vol. 35–36, 1992, p. 121; E. Jüngert, *Siebzig verweht I: Tagebücher 1965–1970*, pp. 322 & 336.

91 A. Schachtzabel, *Im Hochland von Angola*, p. 13; A. Schachtzabel, *Angola: Forschungen und Erlebnisse in Südwestafrika*, pp. 17, 183–184.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Duitsers oor die algemeen is gevolglik deur die inheemse bevolking *vakua otavi* (die mense van Otavi) genoem.[92] Teen die twintigerjare van die twintigste eeu was daar ongeveer 220 Duitsers wat hulle op die hoogland van Benguela, gedeeltelik tussen Ganda en Caconda en gedeeltelik in die omgewing van Bailundo, die Libolo-hoogland, die suidelike hoogland en Malanje gevestig het.[93] Teen 1932 het dit aangegroei tot 800 Duitsers wat hulle onder meer op die Libolo-hoogland, by Mombolo, Chicuma, Caluquembe, Chinguar, Bié, Ganda en in die Caconda-distrik gevestig het.[94]

Teen 1970 was die ongeveer 1200 Duitsers in Angola die grootste groep nie-Portugese blankes in Angola. Hulle het hul toegespits op die verbouing van sisal (by Ganda en Chicuma) en koffie (by Calulo in die omgewing van Libolo) en handelsondernemings. Dit was ’n welvarende en goed funksionerende gemeenskap en daar was selfs ’n Duitse skool by Leeukloof naby Chicuma, wat later na Benguela verskuif is.[95] ’n Tweede private Duitse primêre skool is later by Calulo in die noorde gevestig.[96]

Ander blankes

Tussen 1930 en 1960 het die buitelanders in Angola van ’n “paar honderd” tot 1820 toegeneem. Die meerderheid was Duitsers, Engelse en Amerikaners. Daar was ook beduidende getalle Franse, Nederlanders (handelaars), Italianers, Belge en Spanjaarde, benewens ’n klompie Suid-Afrikaners, Switsers, Brasiliane, Dene, Oostenrykers, en Noorweërs (in die visindustrie). Onder hulle was 400 sendelinge van verskillende nasionaliteite (hoofsaaklik Portugese, Franse, Amerikaners, Kanadese, Switsers en Duitsers).[97] Britte was veral betrokke in Britse handelsmaatskappye, plantasies, hidro-elektriese kragstasies,

---

92 A. Schachtzabel, *Angola: Forschungen und Erlebnisse in Südwestafrika*, pp. 46–47.
93 H. Marquardsen, *Angola*, p. 170.
94 H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, pp. 27, 65.
95 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005; M. Kuder, *Angola*, pp. 64–65; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 71, 73; K. von Krosigk, “Entwicklungsanstösse deutscher Siedler in Angola”, *DASP-Hefte*, vol. 17, 1989, pp. 24, 27, 29; K. von Krosigk, “Kontakte durch deutsche Pflanzer und Unternehmer in Angola”, *DASP-Hefte*, vol. 35–36, 1992, pp. 124; 130; I. Schönberg, *Die weiße Brille*, pp. 160, 284–288; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006.
96 M. Chapman, *Angola on the road to progress / Angola na estrada do progresso*, p. 17; K. von Krosigk, “Entwicklungsanstösse deutscher Siedler in Angola”, *DASP-Hefte*, vol. 17, 1989, p. 29.
97 H. Marquardsen, *Angola*, p. 138; H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, p. 31; L. Wells, “Angolan safari”, *Geographical review*, 30(4), Oct. 1940, pp. 553 –554; R. von Gersdorff, *Angola, Portugiesisch-Guinea, São Tomé und Príncipe, Kap Verde-Inseln, Spanisch-Guinea*, p. 17; I. do Amaral, *Aspectos do povoamento branco de Angola*, pp. 47–48, 76; N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 68; F.T. Pimenta, *Brancos de Angola: Autonomismo e Nacionalismo (1900–1961)*, p. 42 n. 27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die telegraafwese (die ondersese kabel) en die Benguela-spoorlyn.[98]

Teen 1911 was daar sprake van ’n skema waarvolgens Joodse setlaars op die Benguela-hoogland gevestig sou word, maar dit het misluk toe die owerheid nie toestemming daarvoor wou gee nie en die Joodse Kongres dit lou ontvang het.[99] ’n Italiaanse nedersetting op die Benguela-hoogland het teen die dertigerjare van die twintigste eeu weens wanbestuur misluk.[100] Enkele Amerikaners was gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu by die ontginning van olie en diamante betrokke.[101]

Protestantse sendelinge

Die Portugese onverdraagsaamheid ten opsigte van ander denominasies as die Rooms-Katolieke Kerk het ’n geskiedenis so oud as die totstandkoming van die Portugese staat in die middel van die twaalfde eeu. Die periode daarna is gekenmerk deur toenemende onverdraagsaamheid teenoor die More en die Jode en het gekulmineer in die totstandkoming van die Inkwisisie (wat in die lewe geroep is om lede van hierdie groepe wat nie die Christendom wou aanvaar nie, te verban). Ná die verbanning van die Jode en die More in 1492 het die Inkwisisie nog ’n verdere drie eeue bestaan. Die werksaamhede daarvan was nou hoofsaaklik op die Nuwe Christene (bekeerde Jode en Moslems) en hulle afstammelinge gemik. Hierdie onverdraagsaamheid is versterk deur meer as drie eeue se volgehoue oorloë ná die val van Ceuta teen die More in Afrika.[102]

Portugal het aanvanklik verskeie internasionale of bilaterale ooreenkomste eerbiedig waarvolgens godsdiensvryheid in kolonies in Afrika gewaarborg is – byvoorbeeld die Berlynse Wet (1885), die Brusselse Wet (1890), die Anglo-Portugese Verdrag (1891) en die Verdrag van St. Germain-en-Laye (1919).[103]

---

98 H. Marquardsen, *Angola*, p. 138; T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 53; A. Schachtzabel, *Im Hochland von Angola*, pp. 13, 154.

99 M.C. Proença, *A questão colonial no parlamento (1910–1926)*, pp. 60–65, 425–426; W. Jaspert, *Afrikanisches Abenteuer*, p. 96; W. Jaspert, *Through unknown Africa*, p. 117; J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 119; J.M. Gaspar, “A colonização branca em Angola e Moçambique”, *Estudos de Ciências Políticas e Sociais*, No. 7, 1958, pp. 38–39.

100 T.A. Barns, *Angolan sketches*, pp. 53–54.

101 H. Marquardsen, *Angola*, p. 138; T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 53.

102 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 11–12.

103 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 123. Die teks van die relevante artikels in hierdie ooreenkomste verskyn in J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, pp. 158–160; L. Henderson, *The Church in Angola*, pp. 240, 255.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aanvanklik was daar bykans geen Rooms-Katolieke sendingstasies in die binneland van Angola nie. Hierdie gaping is gevul deur buitelandse Protestantse sendinggenootskappe wat veral by sendingstasies, hospitale en skole betrokke was. Vir die Portugese owerheid was die Protestantse sendelinge net so 'n bedreiging as die Boere en die Duitsers, weliswaar nie met kapitaal en wapens nie, maar met vreemde idees en vreemde godsdienste. Hoewel daar sedert die koms van die eerste Baptiste sendelinge in 1878 aanvanklik min openlike konflik tussen die Portugese owerheid en die Protestantse sendinggenootskappe was, het die owerheid hulle voortdurend met wantroue bejeën. Die belangrikste redes hiervoor was Portugese se xenofobie, hulle eiesoortige nasionalisme en minderwaardigheidskompleks en natuurlik wedywering met Rooms-Katolieke sendinggenootskappe.[104] Die Mosambiekse hoë kommissaris Joaquim Mouzinho de Albuquerque het dit soos volg verduidelik:

> Even if the missionaries do not have the slightest notion of serving any interest hostile to our rule, the simple fact that they join the quality of being foreigners to a difference of religion is sufficient for them to appear, in the eyes of the natives, as rivals of the Portuguese and consequently as aids in any reaction against our authority.[105]

Die konsep van 'n buitelandse sondebok het 'n lang geskiedenis in Angola en die Portugese owerheid was altyd onwillig om te aanvaar dat hulle beleid en die optrede van die Portugese setlaars die bron van ontevredenheid onder die inheemse bevolking kon wees. Met opstande of oorloë is buitelandse sendelinge gevolglik dikwels van opstokery beskuldig en is sommige uit die land gesit.[106] Die sendeling F.S. Arnot is byvoorbeeld ná die Chindunduma-opstand in Bié (1890) daarvan beskuldig dat hy die inboorlinge opgestook het.[107] Ná die Bailundo-opstand (1902) is Amerikaanse sendelinge deur die owerheid en Portugese handelaars eweneens daarvan beskuldig dat hulle die inboorlinge opgestook het en 'n dorpie van die Amerikaanse sendelinge is selfs aan die brand gesteek.[108]

---

104 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 71, 76–77, 81; L. Henderson, *The Church in Angola*, pp. 256–257.
105 J. Mouzinho de Albuquerque, *Moçambique 1896–1898*, p. 99, soos aangehaal en vertaal deur M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 126.
106 D. Birmingham, *Portugal and Africa*, pp. 74–76; J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 111; J.T. Tucker, *Currie of Chissamba (Herald of the Dawn)*, pp. 10–12; Pepetela, *Yaka*, pp. 36, 38–39, 91, 216, 231 & 241; D.C. Wheeler & C.D. Christensen, "To rise with one mind: The Bailundu War of 1902", in F.W. Heimer (Ed.), *Social Change in Angola*, pp. 64–66, 79; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 92.
107 F.S. Arnot, *Bihé and Garenganze*, p. 21; F.S. Arnot, *Garenganze: West and East*, p. 59; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, Vol. I, pp. 214–215.
108 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, pp. 45, 141; J.T. Tucker, *Drums in the Darkness*, p. 124; J.T. Tucker, *Currie of Chissamba (Herald of the Dawn)*, pp. 76–79; F. Soremekun, "A History of the American Board Missions in Angola, 1880–1940", pp. 132–134, 139; D.L. Wheeler, *Portuguese Expansion in Angola since 1836: A Re-examination*, p. 14; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 319; Pepetela, *Yaka*, pp. 36, 38–39.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Protestantse sendingbeweging en die antislawernybeweging in die negentiende eeu het hand aan hand gegaan. Dit kan eintlik nie van mekaar geskei word nie – die afskaffing van slawerny was die stimulus vir die kerstening van Afrika en die evangelisasie van Afrika was die instrument waardeur die handel in mense beëindig kon word.[109] Die feit dat die Switserse sendingstasie Lincoln by Caluquembe vernoem is na die Amerikaanse president wat slawerny in die Verenigde State verban het, het geensins die verhouding tussen die Portugese owerheid en die sendelinge verbeter nie.[110] Daar was boonop die persepsie dat Protestantse sendelinge aan buitelandse reisigers inligting oor arbeidstoestande voorsien en sodoende die moderne voortsetting van slawerny help ontbloot het.[111]

Protestantse sendinggenootskappe soos die Switserse Mission Philafricaine was voortdurend onder druk om te bewys dat hulle slegs die welsyn van die inheemse bevolking op die hart het en nie ekonomiese of politieke oogmerke het nie.[112]

Die feit dat die Protestantse sendelinge met die inboorlinge in inboorlingtale kon kommunikeer, terwyl die Portugese *chefe do posto* min of niks daarvan kon verstaan nie, het tot verdere wantroue bygedra.[113]

Mettertyd het die Portugese owerheid maatreëls ingestel om sendinggenootskappe aan bande te lê. Reeds in 1903 moes sendelinge in sekere gebiede Portugees as taal onderrig. In 1921 het die Portugese hoë kommissaris in Angola, J.M.R. Norton de Matos, sy Dekreet 77 uitgevaardig. Daarvolgens is die onderrig van inboorlingtale by sendingstasies verbied, behalwe onder spesiale omstandighede (vir godsdiensonderrig asook om Portugees aan te leer sodat Portugees uiteindelik as onderrigtaal kan dien). Voortaan sou onderrig slegs in Portugees kon geskied. Slegs onderwysers wat ’n eksamen in Portugese taal en kultuur geslaag het, kon onderwys gee. Die gebruik van inheemse tale is verbied en godsdienstige boeke (insluitende Bybels) kon slegs in inheemse tale gedruk word indien daar ’n parallelle Portugese teks was. Selfs dit is as ’n tydelike toegewing beskou. Mense in besit van leesstof in inheemse tale is tronkstraf opgelê. Die Portugese oogmerk was dus nie net die agterstelling van inheemse tale nie, maar die eliminasie daarvan.[114]

---

109 H. Monnier, *Fondation et développement de la Mission Philafricaine en Angola, 1897–1947*, p. 11; R.O. Collins, *Europeans in Africa*, pp. 43–44; D.C. Wheeler & C.D. Christensen, “To rise with one mind: The Bailundu War of 1902”, in F.W. Heimer (Ed.), *Social Change in Angola*, pp. 65–66; L. Henderson, *The Church in Angola*, p. 86.

110 D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 75; L. Henderson, *The Church in Angola*, pp. 249–254.

111 F. Soremekun, “A History of the American Board Missions in Angola, 1880–1940”, pp. 141, 145–146, 225–229; B. Davidson, *The African Awakening*, p. 191.

112 J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 112; H. Monnier, *En Angola pour Jésus-Christ*, p. 58.

113 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 78, 80; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 106.

114 J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, pp. 110, 112; T.E. Wilson, *Angola Beloved*, pp. 56–57, 84, 167–169; F. Soremekun, “A History of the American Board Missions in Angola, 1880–1940”,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Protestantse sendingstasies wat hulle daarvoor beywer het om elke persoon in staat te stel om die Bybel in sy eie taal te kan lees, is die meeste hierdeur geraak. Die onmiddellike gevolg was dat ongeveer 200 Protestantse skole in die noorde van Angola moes sluit.[115]

Portugese vyandigheid teenoor Protestantse sendelinge word opsommend weergegee in ’n jaarverslag van die Andrew Murray Memorial Mission:

> We end the year 1921 with all our out-schools closed by order of the officials; with the native Christians forbidden by the local officials to preach anywhere, unless accompanied by a European (white) missionary; with our most mature Christian men in prison on a petty pretext, involving no real crime whatever; and even with our native Christians on the closed out-stations prohibited from meeting in their humble churches to worship God by themselves. News has just arrived that one of the nearby officials has ordered his soldiers (black) to tear down one of our native churches. This petty persecution has been going on for more than a year.[116]

Rooms-Katolieke sendingskole, waar onderwys oorwegend in Portugees geskied het, is minder deur hierdie dekreet geraak. Volgens die Portugese beskouing het “beskawing” vir die inboorlinge beteken om op kulturele gebied Portugese waardes en op godsdienstige gebied die Rooms-Katolieke geloof aan te neem. In Rooms-Katolieke sendingskole was daar ’n nouer verband tussen kulturele en godsdienstige onderwys.[117]

Pastore, leerlinge en bekeerlinge van Protestantse sendingstasies is ook deur die Portugese owerheid geteiken om vir dwangarbeid weggestuur te word of vir die leër gerekruteer te word.[118] Die Protestantse kerkgenootskappe is verder aan bande gelê deurdat slegs Rooms-Katolieke doopsertifikate en huweliksertifikate deur die owerheid erken is. Angolese wat in Protestantse kerke getroud is, het gevolglik amptelik “ongetroud”

---

pp. 184–186; 277–288; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 106; A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 77–78; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 80–81; M.A. Samuels & N.A. Bailey, “Education, Health, and Social Welfare”, pp. 179–180, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 151; L. Henderson, *The Church in Angola*, pp. 248–249; M. Newitt, *Portugal in Africa*, pp. 126–127. Die volledige teks van Dekreet 77 verskyn saam met ’n Engelse vertaling in J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, pp. 171–177 en F. Soremekun, “A History of the American Board Missions in Angola, 1880–1940”, pp. 277–282 (slegs die Engelse vertaling).

115 J.T. Tucker, *Drums in the Darkness*, p. 173, & *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 84; L. Henderson, *The Church in Angola*, p. 70.

116 *The Pioneer*, Apr. 1922, soos aangehaal deur J. Du Plessis, *The Evangelization of Pagan Africa*, p. 239.

117 D.M. Abshire, “From the Scramble for Africa to the ‘New State’”, p. 79, & M.A. Samuels & N.A. Bailey, “Education, Health, and Social Welfare”, pp. 179–180, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, p. 79; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 154; L. Henderson, *The Church in Angola*, pp. 255–256.

118 Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, p. 58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebly en hulle kinders is as "buite-egtelik" beskou. Vir toelating tot 'n skool was 'n geboortesertifikaat 'n vereiste. Lidmaatskap van die Rooms-Katolieke Kerk het dus groot voordele ingehou in hierdie land wat vir sy burokratiese rompslomp berug was.[119]

Teen 1933 was daar in Angola 239 (buitelandse) Protestantse sendelinge van 11 sendinggenootskappe wat 51 sendingstasies en 54 kerke beman het. Hierteenoor was daar 66 priesters, 53 monnike en 41 nonne van die Rooms-Katolieke Kerk.[120]

Protestantse sendelinge is dikwels aan vervolging blootgestel.[121] Tydens 'n gesprek het sendelinge van die Mission Philafricaine aan hulle bekeerlinge gevra wat hulle sal doen as die sendelinge teruggestuur word en die Bybel verban word. Sommige het geantwoord dat hulle die Bybels in 'n trommel in die woud sal begrawe en dan van tyd tot tyd sal lees, terwyl ander geantwoord het dat hulle die Bybel in die hart het en dat niemand dit sal kan wegneem nie.[122]

In 1950 was daar ongeveer 540 000 Protestante in Angola teenoor 1 500 000 (waarskynlik 'n effens oordrewe syfer) Rooms-Katolieke. In 1960 was 55,1% van die bevolking aanhangers van animistiese gelowe, 33,8% Rooms-Katoliek en 11,1% Protestants.[123]

Met die Portugese teenreaksie tydens die opstande in 1961 was daar enkele gevalle waar die besit van 'n Bybel deur die blanke vigilantes beskou is as genoeg bewys dat iemand dislojaal teenoor die owerheid is. In sommige gevalle is die Bybels afgeneem. In ander gevalle is die Bybels verbrand en die besitters daarvan tereggestel. Die Portugese owerheid het die Protestantse sendingstasies en sendelinge die sondebokke van die opstand gemaak. Amerikaanse Metodiste het die dood van 17 Metodiste-pastore aan die hand van die Portugese owerheid en vigilantes gerapporteer, 30 pastore is in die tronk gegooi en nog 90 het verdwyn. Die Baptiste in die noorde van Angola het ook swaar onder die vervolging gely. Marteling en summiere teregstellings van Protestante was aan die orde van die dag. Protestantse sendelinge wat met verlof na die buiteland gegaan het, is visums geweier by hulle terugkeer na Angola. Ander is summier uit die land gesit. Sommige Protestantse sendingstasies is deur die owerheid gesluit en ander is vernietig.[124]

---

119 J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 115; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 146.

120 J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, pp. 137, 140–141, 143.

121 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 139; D. Péclard, "Ethos missionnaire et esprit du capitalisme: La Mission Philafricaine en Angola, 1897–1907", in *Le Fait Missionnaire: Histoire et Héritages – Approche Pluridisciplinaire*, p. 58. Kyk ook SAM: HC, Brief H. Chatelain – Dr. Chamberlain, 21.11.1899.

122 H. Monnier, *En Angola pour Jésus-Christ*, pp. 55–56.

123 J. Duffy, *Portuguese Africa*, pp. 311–312; M. Kuder, *Angola*, p. 54.

124 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 139, 148; T.E. Wilson, *Angola Beloved*, pp. 243– 245; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 217; P.K. Huibregtse, *Angola. the real story*, p. 93; L.H. Gann & P. Duignan, *White settlers in tropical Africa*, p. 138; Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, p. 140; L. Henderson, *The Church in Angola*, pp. 267–268, 275–276.

© University of Pretoria

In 1965 was daar 56 (teenoor 81 in 1961) sendinggenootskappe – meestal uit die VSA, Kanada en Engeland – bedrywig, hoofsaaklik op die sentrale hoogland en in die hawestede.[125]

Met die eskalasie van die bevrydingstryd het die Portugese owerheid en die Portugese veiligheidspolisie PIDE (en later die DGS) hulle kampanje teen die Protestantse sendelinge verskerp, veral omdat hulle besef het dat die idees van Protestantse sendinggenootskappe die inspirasie van die ontluikende nasionalistiese sentimente van die drie bevrydingsorganisasies (MPLA, FNLA en UNITA) was. 'n Groot aantal Protestantse onderwysers, pastore, ouderlinge, mediese personeel en lidmate is in tronke aangehou. Sommige is onder verdagte omstandighede daar oorlede. Die aantal Protestantse sendelinge in Angola het gedurende die sestigerjare van 256 tot slegs 11 gedaal. Teen 1972 het die getal effens aangegroei tot 35. Dit is vir hulle moeilik gemaak om hulle lidmate te besoek. Hulle kon byvoorbeeld nie Nagmaal bedien sonder dat daar 'n regeringsamptenaar teenwoordig was nie. Protestantse dorpies, skole, huise en eiendom is verwoes. Die kampanje is later na dislojale Rooms-Katolieke instellings uitgebrei. Veral buitelandse sendelinge was die skyf van die aanvalle.[126]

Onderwys

Die onderwysstelsel in Angola was op die onderwysstelsel in Portugal gebaseer. In Portugal was daar 'n lang tradisie van verwaarlosing van onderwys, met formele onderwys die voorreg van die aristokrasie en die verantwoordelikheid van die Rooms-Katolieke Kerk. Die belangrikste gebreke in hierdie stelsel was die lae getal studente, onvoldoende skole, onvoldoende en ongekwalifiseerde onderwysers, die lae algemene geletterdheidspeil, die lae aansien van onderwysers, verouderde onderwysmetodes, 'n gebrek aan fondse en min belangstelling van owerheidsweë in onderwys.[127]

Die onderwysstelsel in Angola is tot 1914 deur hierdie probleme geteister. Voor hierdie datum was daar reeds van regeringskant nie net inmenging nie maar ook min daadwerklike ondersteuning en visie, dus 'n totale onvermoë om enige betekenisvolle rol op onderwysgebied te speel. Die resultaat was dat onderwys op die platteland in die hande van sendinggenootskappe gelaat is. Daar was van onderwys in Angola dus kwalik

125 M. Kuder, *Angola*, p. 55.
126 Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, pp. 140–143, 158; L. Henderson, *The Church in Angola*, pp. 275, 280–281, 283.
127 M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, pp. 16–20.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sprake voordat die Protestantse Baptist Missionary Society in 1878 met sendingwerk begin het. In die stede was daar 'n sterk tradisie van private skole. Nietemin was die onderwyspeil oor die algemeen laag en min Angolese was deel van die onderwysstelsel. Die grootste gedeelte van die samelewing het ongeletterd gebly. Hierdie tydperk word dus nie gekenmerk deur wat gebeur het nie, maar deur wat nie gebeur het nie.[128]

Onderwys aan sendingskole is aan bande gelê deur die hoë kommissaris Norton de Matos se reeds genoemde Dekreet 77 van 1921. Die gevolg was dat 'n groot aantal (veral Protestantse) skole hulle deure onmiddellik moes sluit.[129] Ernstige kritiek is uitgespreek teen die feit dat onderrig slegs in Portugees plaasgevind het. Onderrig in Afrikatale is slegs toegelaat vir godsdiensonderrig en in elementêre onderwys wanneer Portugees aangeleer moet word. Daar is bevind dat hierdie praktyk die leerlinge ontmoedig en verwar.[130]

Ná 1926 was die onderwysbeleid gebaseer op die *Estado Novo* se konsep van 'n "Lusitaniese identiteit". Leerlinge in primêre skole is vroeg reeds aan die glorieryke Portugese ontdekkingsreise (*Descobrimentos*), die wonderwerke van Onse Vrou van Fátima en Salazar se filosofie van geloof, werk en die gesin blootgestel. In verdere studiejare is leerlinge deeglik in tradisionele Portugese waardes onderrig. In teorie is geglo dat onderwys 'n nuttige instrument is om swart Angolese in die Portugese samelewing te assimileer. In die praktyk het min daarvan tereg gekom.[131] 'n Outoritêre staat sou waarskynlik nie ten gunste van die uitbreiding van onderwys wees nie aangesien dit maklik kon lei tot ontevredenheid met die bestaande politieke en sosiale toestande.[132]

Teen die twintigerjare van die twintigste eeu was die toestande op onderwysgebied beroerd. Die onderwyspeil was laag en 'n klein persentasie van die jeug het skoolgegaan. Die eerste sekondêre skool, die Liceu Salvador Correia in Luanda, het eers in 1919 sy deure oopgemaak. Teen 1929 was daar 'n tweede akademiese hoërskool, die latere Liceu Diogo Cão in Sá da Bandeira. Teen 1950 was daar nog steeds net twee hoërskole in Angola. Daar was toe altesaam 144 skole in die land (2 hoërskole, 5 tegniese hoërskole, 7 handwerkskole, 70 primêre skole en 60 plattelandse skole benewens 44 private skole).[133] Daar was verder 'n onvoldoende aantal elementêre skole, en dan ook net naby die sen-

128 M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, pp. 124–127.
129 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 80–81; M.A. Samuels & N.A. Bailey, "Education, Health, and Social Welfare", pp. 179–180, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
130 F. Soremekun, "A History of the American Board Missions in Angola, 1880–1940", pp. 184–186; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 316.
131 J. Duffy, *Portuguese Africa*, pp. 312–313; J. Duffy, *Portugal in Africa*, p. 30.
132 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 197.
133 A.J.A. Cardoso, *Angola: Your neighbour*, pp. 61–64.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dingstasies en die groter stede. Hoewel landbouskole as gewens beskou is, was daar net 'n paar naby die sendingstasies en die groter stede.[134]

Die onderrig aan die *liceu* het uit sewe jaar bestaan: twee jaar *curso suplementar*, gevolg deur drie jaar *curso geral* en afgesluit deur twee jaar se *cursos complementares* (een jaar elk in natuurwetenskap en lettere).[135]

Onderwys vir swartes is verder aan bande gelê deur rassediskriminasie en weens kulturele en ekonomiese redes.[136] Teen 1940 was daar slegs 1012 swartes in die hele land wat kon lees en skryf.[137]

Volgens lord Hailey (*An African Survey*, 1956) se (effens onakkurate) statistiek was in die jaar 1950–1951 in Angola 13 586 leerlinge in primêre skole, 2277 in sekondêre skole, 1548 in tegniese skole en 154 in normale akademiese skole, wat besonder laag is vir 'n bevolking van 4 miljoen.[138] Dit is insiggewend dat bykans die helfte van die blankes bo die ouderdom van vyf jaar in Angola geen skoolopleiding gehad het nie. Boonop het slegs 17% van hulle meer as vier jaar skoolopleiding gehad. Ná 1950 het meer as 100 000 Portugese na Angola geëmigreer en tot 'n groot toename in die getal leerlinge op skool gelei. Van 100 000 volwasse immigrante bo die ouderdom van sewe jaar het slegs 6% meer as vier jaar skoolopleiding gehad, terwyl 55% geen skoolopleiding gehad het nie.[139]

In 1950 was die geletterdheidsyfer 1% vir swartes en 77% vir blankes, teenoor 60% vir Portugal, wat onder die laagste syfers van alle Wes-Europese lande getel het. (In Portugal het die geletterdheidsyfer van 12% in 1864 tot 22% in 1900 tot 60% in 1950 toegeneem.)[140] Vir die blankes en *assimilados* ouer as ses jaar het die volgende statistiek gegeld: 12% analfabete, 71% met laerskoolonderrig, 15% met sekondêre onderrig en 2% met universiteitsonderrig. Die skoolwese het uit kindertuin, basisskole vir landelike onderrig (*ensinos rurais*, enkelvoud *ensino rural*), hoërskole en ander sekondêre skole, tegniese en ambagskole in groter sentra bestaan.[141]

Voor 1950 was die onderwys hoofsaaklik in die hande van sendelinge. Met die Onderwyswet van 1950 is onderwys aan Protestantse sendingskole verbied. Hierdie wet is

---

134 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 259; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 80–81.
135 J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 91; N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 132; A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 132.
136 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 315.
137 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 220.
138 M.A. Samuels & N.A. Bailey, "Education, Health, and Social Welfare", p. 180, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
139 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 229–230. Bender toon aan dat hierdie syfers waarskynlik baie optimisties is en dat dit waarskynlik nog slegter kan wees.
140 J. Duffy, *Portuguese Africa*, pp. 313–314; R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, p. 28.
141 M. Kuder, *Angola*, pp. 53; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 133.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

egter nooit toegepas nie. Elementêre onderwys is aan Rooms-Katolieke sendingskole toevertrou, maar geen fondse is aan hulle vir hierdie doel beskikbaar gestel nie.[142]

Eers ná 1950 is onderwys planmatig en met groot onkoste uitgebou omdat die sendingskole nie in die behoefte kon voorsien nie. Hoewel die aantal leerlinge tussen 1955 en 1961 met 54% vir primêre skole en 108% vir sekondêre skole toegeneem het, was die meeste leerlinge in sekondêre skole blank. Die geletterdheidsyfer vir swartes het toegeneem tot 3%. Slegs 1–2% van die bevolking het skoolgegaan, hoewel ongeveer 15% van die bevolking van skoolgaande ouderdom was. Hoewel dit duidelik was dat die onderwysstelsel tot mislukking gedoem was, is bykans niks gedoen om dit te verbeter nie.[143]

Ná die opstande van 1961 is die onderwysstelsel drasties verbeter. Teen die einde van die sestigerjare het onderwys soos volg daar uitgesien: Die primêre skool het uit vier studiejare bestaan, met ’n vyfde preprimêre jaar vir kinders wat nie basiese vaardighede in Portugees gehad het nie. Hoewel die sertifikaat van die vierde klas (*quarta classe*) ’n belangrike minimum kwalifikasie vir indiensneming was, het dit nie outomaties toegang tot sekondêre onderwys gebied nie. ’n Spesiale toelatingseksamen moes geslaag word om toelating tot óf tegniese sekondêre onderwys óf akademiese sekondêre onderwys (*liceu*) te verkry.[144]

Die eerste siklus (twee jaar) van die sekondêre skool is gelykstaande aan die laaste twee jaar primêre (of presekondêre) onderwys in ander lande. Ná die tweede siklus van drie jaar in die *liceu* of drie tot vier jaar in die tegniese skool was leerlinge gereed vir indiensneming vir sekere administratiewe en tegniese beroepe. ’n Verdere siklus van preuniversitêre onderwys was in *liceus* of gevorderde tegniese institute beskikbaar. Behalwe staatskole was daar ’n groot aantal privaat skole. Daar was drie tipes: Protestantse sendingskole, privaatskole en skole wat deur private maatskappye onderhou word.[145]

Tussen 1955–1956 en 1966–1967 het leerlinge aan sekondêre skole dramaties toegeneem met 351% (van 3729 tot 16 700) vir *liceus* en 620% (van 2164 tot 15 559) vir tegniese skole. Hierdie styging kan gedeeltelik aan die instroming van Portugese immigrante toegeskryf word.[146] In 1967–1968 was daar 397 395 leerlinge in die basis-, hoër- en tegniese skole (’n vyfvoudige toename in tien jaar) en ’n geskatte 400 000 leerlinge in die *ensinos rurais*. Van die 362 638 leerlinge in primêre skole was meer as twee derdes

142 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 145, 156.
143 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 134–135; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 186.
144 M.A. Samuels & N.A. Bailey, “Education, Health, and Social Welfare”, pp. 181–182, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
145 *Ibid*., pp. 182–183.
146 *Ibid*., pp. 186–187.

© University of Pretoria

manlik. In 1970 is skoolplig verleng tot ses jaar.[147]

In 1963 is ’n universiteit in Luanda, met fakulteite in Nova Lisboa (Huambo) en Sá da Bandeira (Lubango) gestig. Kursusse in landbou, medisyne, veeartsenykunde, regte, geestes- en natuurwetenskappe, ekonomie en ingenieurswese is hier aangebied. Bykans net blanke studente het universitêre onderrig geniet.[148]

147 M. Kuder, *Angola*, pp. 53–54.

148 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 133; P.K. Huibregtse, *Angola. the real story*, pp. 25–26; M. Kuder, *Angola*, pp. 53–54; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 187; L. Henderson, *The Church in Angola*, p. 298.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 4
DIE EKONOMIE VAN ANGOLA

Ná ’n tydperk van onsekerheid op finansiële markte tydens die twintigerjare van die twintigste eeu (waarin die Angolese geldeenheid as gevolg van onoordeelkundige finansiële bestuur geweldig in waarde afgeneem het) en die Groot Depressie is drastiese maatreëls ingestel om die betalingsbalans te herstel. Vanaf 1931 is Angola se ekonomie streng vanuit Lissabon beheer, die handelsbalans was positief en Angola se begroting het elke jaar geklop. Daar was min welvaart tot ná die Tweede Wêreldoorlog toe Angola ’n koffie-ekonomie opgebou het. Koffie het Angola se oligargie in staat gestel om besonder welvarend te word. Die nuwe welvaart het blanke immigrasie verder aangemoedig en tot ’n toename in blanke grondbesit en misbruik van swart arbeid gelei. Die koffiebaronne het skatryk geword maar die swart arbeiders se lot het nie verbeter nie omdat hulle steeds lae lone betaal is.[1]

Angola het tradisioneel ’n lae bevolkingsdigtheid gehad. Lae lone, primitiewe werksomstandighede, lyfstraf, wanvoeding, die ontoereikende gesondheid van die werkers, die voortgesette uitvoer van arbeid (veral na São Tomé gedurende 1920–1950), die vrees vir dwangarbeid en die tradisionele gebruike van die swartes het hierdie kroniese arbeidstekort vererger. Verdere strukturele probleme in die ekonomie was die gebrek aan kapitaal, ’n monopolistiese struktuur, proteksionisme in Portugal en ’n konserwatiewe investeringsbeleid in Lissabon en Luanda.[2]

Gedurende die vyftigerjare het die land se inkomste dramaties gestyg met die oliebronne in die noorde en die ystermyne by Cassinga wat begin produseer en nuwe lewe in die ekonomie geblaas het. Nuwe fabrieke, hidro-elektriese kragstasies en ’n olieraffinadery is gebou. Dit het die vraag na geletterde, geskoolde en halfgeskoolde werkers verhoog. Onderwys is gevolglik uitgebrei. Omdat geskoolde werkers nie plaaslik beskikbaar was nie, het groot getalle Portugese uit Portugal na Angola verhuis.[3]

Gedurende die tydperk 1920–1960 het die grootste gedeelte van die bevolking (95% swart) steeds arm gebly en hulle lewenstandaard het selfs afgeneem. Kontrak- en trek-

1 F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, pp. 108–110; D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 136–137.
2 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, pp. 138–139, 142.
3 *Ibid*., pp. 142–143; M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 221.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

arbeid het die meeste mans van die tradisionele dorpies getrek en dit het tot verbrokkelde gesinslewe en dorpslewe gelei.[4]

Die grootste deel van Angola se ekonomiese groei was afhanklik van buitelandse kapitaal. Die Benguela-spoorlyn is met Britse kapitaal gebou, terwyl die diamantmyne, olievelde en ’n groot deel van die koffieplantasies deur oorsese maatskappye beheer is. Buitelandse investering is vanaf 1937 aan bande gelê. Die skouspelagtige ekonomiese groei van Angola ná die Tweede Wêreldoorlog kon dus waarskynlik groter gewees het as buitelandse investering nie deur Salazar beperk is nie. Sedert die vyftigerjare het beperkte buitelandse investering in die petroleum- en mynbou-industrie en die koffie- en sisal-plantasies voorgekom. Nadat die gewapende opstand in 1961 uitgebreek het, is stappe geneem om die Angolese ekonomie te stimuleer en verdere buitelandse kapitaal is toegelaat. Die produksie van olie, diamante en staal het skouspelagtig toegeneem. Van 1963 tot 1973 het die land se uitvoer drievoudig gestyg. Die grootste deel van die bevolking het steeds nie in hierdie ekonomiese voorspoed gedeel nie en swart Angolese boere se landbouproduksie het gedurende hierdie tydperk selfs afgeneem.[5]

Landbou

In Afrika het landbou eers ’n belangrike ekonomiese rol begin speel ná die beëindiging van slawehandel, die afname in grootwildgetalle en nadat die verwagte ontdekkings van minerale nie gerealiseer het nie. In Kenia, Rhodesië en Suid-Afrika moes boere aanvanklik baie swaarkry. Omdat plaaslike markte nie baie groot was nie, het landbou slegs belangrik geword nadat tropiese kontantgewasse soos koffie, kakao, tee, sisal, tabak en piretrum vir die uitvoermark geproduseer is. Dit kon ook slegs gebeur nadat voldoende kapitaal en moderne boerderymetodes beskikbaar was, nadat spoorweë gebou is en nadat die inheemse bevolking ’n deel van hulle grond verloor het. Landbou op groot skaal was ook afhanklik van die suksesvolle kombinasie van private ondernemings, die koloniale administrasie en kleinboere.[6] Dit was eweneens in Angola die geval.

’n Mens moet daarteen waak om die verlies aan grond van die inheemse bevolking te oorbeklemtoon. In Angola was dié probleem minder akuut omdat die land ’n baie lae

---

4 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 142.
5 J. Duffy, *Portugal in Africa*, pp. 192–193, 203; A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 267; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 143–144, 209–212; Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, p. 67.
6 R.O. Collins, *Europeans in Africa*, pp. 121, 121.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevolkingsdigtheid gehad het en daar eintlik 'n surplus grond beskikbaar was.

In Angola het 80% van die bevolking teen 1970 van landbou geleef maar slegs 'n deel van die totale landbouproduksie het die markte bereik omdat ongeveer die helfte van die landbouaktiwiteite op bestaansboerdery toegespits was. Teen 1964 het landbouprodukte nog 20% van die totale invoer van Angola bedra maar teen 1969 het dit afgeneem tot 8,5%. Dit het bekende Portugese voedselprodukte soos koring, skaapmelkkaas, bokmelkkaas, stokvis, olyfolie, vrugte en wyn ingesluit.[7]

In 1968 het slegs een produk – koffie – die helfte van die Angolese uitvoer bedra. Waar die vier belangrikste landbouprodukte in 1968 nog 63,5% van die totale uitvoer bedra het, het dit in 1969 tot 43,2% gedaal (koffie 34,5%, katoen 3,5%, mielies 3,3% en sisal 2,1%). Ander landbouprodukte (saam met bosbou en visserye) soos hout, papierpulp, vismeel, gedroogde vis, ingelegde vis, vars vis, visolie, piesangs, kassawe (maniok), stysel, tabak, suiker, bone, palmpitte en palmolie, was, katoensaad, velle en huide, mieliemeel, kakao, rys, sesamsaad en grondboontjies het die aandeel van hierdie sektor in 1970 op ongeveer 60% (in 1968 was dit nog 70%) van die totale Angolese uitvoer te staan gebring.[8]


Landbou in Angola het in 1970 uit die volgende sektore bestaan: groot Europese bedrywe en plantasies gerig op die uitvoermark, wit en swart boerderye met produksieoorskotte en bestaansboerdery. Van ongeveer 900 plantasies was 700 toegespits op die verbouing van koffie, 170 op sisal, 30 op palmolie en 6 op suikerriet. Die produksie van katoen was amper uitsluitlik in swart hande.[9]

Koffie – *Coffea robusta* en *Coffea arabica* – word al sedert 1837 in Angola verbou. Robusta-koffie is in Angola in die laerliggende dele onder die eskarprand (400–1000 m bo seespieël) in die noordelike helfte van die land verbou. Slegs 3% van die totale koffieoes is Arabica-koffie. Dit word op verspreide plantasies op hoërliggende dele (1000 tot 1500 m bo seespieël) in die omgewing van die Benguela-spoorlyn verbou. Teen 1967 was daar 521 000 hektaar koffieplantasies, waarvan 26% deur swart Angolese, 20% deur groot maatskappye en die res deur kleiner ondernemings verbou is. Jaarlikse produksie het van 12 000 tot 20 000 t in die dertigerjare tot ongeveer 190 000 t teen die einde van die sestigerjare toegeneem. Angola was naas Brasilië, Colombië en die Ivoorkus die vierde grootste koffieprodusent ter wêreld.[10]

---

7 M. Kuder, *Angola*, p. 79.
8 *Ibid.*, p. 79.
9 *Ibid.*, pp. 79–80.
10 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 288–289; M. Kuder, *Angola*, pp. 80–83; I.S. van Dongen, "Agriculture and Other Primary Production", pp. 255, 257–258, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.

© University of Pretoria



Kaart 4: Landbou in Angola[11]

11 Oorgeteken uit M. Kuder, *Angola*, fig. 11, tussen pp. 106–107.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sisal is uitsluitlik op 170 Europese plantasies verbou, hoofsaaklik in die omgewing van die platorand in die binneland van Lobito en Benguela (850–1100 m bo seespieël en met ’n jaarlikse reënval van 750–1000 mm), tussen die Coporolo en die Catumbela met Ganda en Cubal op die Benguela-spoorlyn as die middelpunt. Die Duitsers was sedert 1920 die pioniers in die verbouing van sisal in Angola. Die produksie daarvan het van 6521 t in 1938 tot ongeveer 50 000 t jaarliks ten die einde van die sestigerjare gegroei. Die inkomste uit sisal is soms deur skielike prysdalings aan bande gelê. Gevolglik het die aandeel van sisal in die uitvoere van Angola van 12,4% in 1963 (26 982 t) tot 2,1% in 1969 (50 035 t) afgeneem. Die groot hoeveelheid kapitaal wat vir masjinerie benodig word, het die deelname van swart Angolese en minder kapitaalkragtige blankes aan die bedryf beperk.[12]

Teen die einde van die sewentigerjare was vyf van Angola se ses suikerrietplantasies op droë gebiede in die kusstrook onder besproeiing. Al ses plantasies was in besit van slegs vier groot maatskappye. Teen die einde van die sewentigerjare was jaarlikse produksie ongeveer 65 000 t. Suikerriet is al sedert die begin van die sestiende eeu in Angola verbou maar tot die einde van die neëntiende eeu is dit hoofsaaklik gebruik vir die produksie van alkohol (*aguardente*). In die twintigste eeu is dit hoofsaaklik verbou vir die produksie van suiker.[13]

Katoen is hoofsaaklik deur swart kleinboere geproduseer. Teen 1964 was daar slegs 69 blanke plase wat katoen verbou het. Dit het tot 256 in 1969 toegeneem. Katoen is reeds in 1856 na Engeland uitgevoer. Dit is in die Baixa de Cassanje, die kusstroke by Luanda en Novo Redondo (nou Sumbe) en in die binneland by Vila Nova do Seles verbou. Teen die einde van die sestigerjare is katoen ook in die distrikte Benguela, Huíla en Moçâmedes verbou. Teen 1970 is ongeveer 70 000 t katoen jaarliks in Angola geproduseer.[14]

Mielies, kassawe (maniok) en die sorghumsoorte *massambala* en *massango* in die suide is die stapelvoedsel van Angola. Mielies is die belangrikste gewas op die hooglande van Malanje, Huambo en Huíla. As gevolg van die verlaagde vervoerkoste kon dit ook langs ’n strook langs die Benguela-spoorlyn tot by Vila Luso ekonomies ontgin word. Vir ’n groot deel van die swart bevolking was dit die belangrikste kontantgewas. As gevolg van die lae inkomste van mielieboerdery het vooruitstrewende swart boere in gebiede

12 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 289–290; M. Kuder, *Angola*, pp. 83–85; I.S. van Dongen, “Agriculture and Other Primary Production”, p. 258, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
13 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 290–291; M. Kuder, *Angola*, pp. 85–86.
14 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 291; M. Kuder, *Angola*, pp. 86–88.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waar vervoerkoste na die kus laag is eerder aartappels as mielies geplant. Vir blankes was verbouing van mielies nie winsgewend nie as gevolg van die lae opbrengs per hektaar, beperkte verkoopsmoontlikhede en lae winsgrens. Mielies was teen 1970 verantwoordelik vir 3,3% van Angola se inkomste uit uitvoer. Op die wêreldmark was daar egter nie 'n noemenswaardige aanvraag daarvoor nie as gevolg van die lae kwaliteit en hoë prys. Sowat 95% daarvan is deur swart Angolese verbou maar die meeste daarvan is plaaslik verbruik.[15]

Kassawe (maniok) word waarskynlik sedert die begin van die sewentiende eeu in Angola verbou. In groot dele van Angola was die verbouing daarvan belangriker as die verbouing van mielies. In terme van volume was dit Angola se belangrikste gewas. Dit is bykans uitsluitlik deur swart Angolese verbou. Die belangrikste gebiede was by Malanje, Lunda, Moxico, Luanda, die hooglande van Bié en Benguela, Cuito Cuanavale en aan die Kunene. Stysel, tapioka, dekstrine, glukose, lym en alkohol kan uit *crueira* ('n meel van kassawe) vervaardig word. Teen die einde van die sestigerjare is 35 000–70 000 t kassawemeel en 2500–6900 t *crueira* jaarliks in Angola geproduseer. *Crueira* was verantwoordelik vir 0,6% van Angola se inkomste uit uitvoer.[16]

Bone was ook 'n belangrike stapelvoedsel in Angola, maar die grootste deel van die produksie is deur die kleinboere self verbruik. Kwaliteit was 'n probleem. Rys is ook verbou maar die opbrengs en kwaliteit daarvan was eweneens laag. Ten spyte van staatsondersteuning kon koring nie suksesvol in Angola verbou word nie: Dit moes ingevoer word om die binnelandse behoefte te bevredig.[17]

Tabak en oliepalms is teen die einde van die sestigerjare in Angola verbou, maar die opbrengs en kwaliteit daarvan was eweneens laag. In die distrikte Benguela, Huíla en Moçâmedes is tabak in 'n mate suksesvol deur blankes verbou. Ander plantaardige produkte sluit grondboontjies, sesamsaad, kasterolie en kakao in. Vrugte is veral in die omgewing van Sá da Bandeira (Lubango) en Humpata en die hooglande van Bié en Benguela verbou. Die belangrikste vrugte was sitrusvrugte, appels, pere, piesangs en pynappels. Tamaties, aartappels en vars groente is ook verbou, hoofsaaklik deur wit en swart kleinboere naby die groter stedelike sentra.[18]

---

15 M. Kuder, *Angola*, p. 88; I.S. van Dongen, "Agriculture and Other Primary Production", pp. 258–259, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
16 M. Kuder, *Angola*, p. 89; I.S. van Dongen, "Agriculture and Other Primary Production", p. 261, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
17 M. Kuder, *Angola*, pp. 89–90.
18 M. Kuder, *Angola*, pp. 91–92; I.S. van Dongen, "Agriculture and Other Primary Production", p. 264, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.

© University of Pretoria

Veeboerdery

Sowat 85% van die veeboerdery in Angola was in die hande van swart veeboere en herdersvolke. Vee was beide ’n statussimbool en ’n markgerigte kommoditeit, sodat ou en onvrugbare diere dikwels aangehou is. Die blankes het veeboerdery aanvanklik met die oog op die vleisproduksie en later ook vir suiwelproduksie beoefen. Beeste en varke was die belangrikste slagvee. Hoewel meer as twee-derdes van Angola vir beesboerdery geskik is, word 80% van die beeste in Angola in die suide en die sentrale hoogland, 700–1200 m bo seespieël, aangetref. Die benutting van veld is afhanklik van die veldtipe, reënval en die reëlmatigheid daarvan, die teenwoordigheid van bome en indringing van struike.[19]

Teen die einde van die sestigerjare was die twee grootste plae wat beesboerdery aan bande gelê het, die tsetsevlieg en longsiekte (in die suide), met behulp van doeltreffende veeartsenykundige maatreëls onder beheer.[20]

Die belangrikste veldtipes in Angola is soetveld, suurveld en gemengde veld. Soetveld (*pastos doces*) word in die suide, die suidweste en langs die kusstrook (behalwe by Moçâmedes) aangetref. In die semidorre klimaat bly die gras eetbaar en voedsaam. Die gras word aangevul deur bossies, struike en bome met eetbare blare soos mopanie (*Colophospermum mopane* of *mutiati*) en *Combretum*- en *Grevia*-spesies en die peule van die anaboom of without (*Faidherbia albida*, vroeër *Acacia albida*). Omdat nóg weiding nóg water standhoudend is, trek herders met hulle veetroppe agter water of weiding aan. Hierdie streek is die belangrikste vir beesboerdery in Angola.

Die grootste deel van Angola, die wye vlaktes van die Planalto met ’n jaarlikse reënval van 650–1500 mm, bestaan uit suurveld. Suurveld (*pastos acres*) bestaan hoofsaaklik uit plante wat in die groeiperiode eetbaar en voedsaam is maar daarna vinnig oneetbaar word. Daar is min struike met eetbare blare en die bome bestaan uit digte woude *Berlinia*-, *Brachystegia*- en *Combretum*-spesies. Veeboerdery kan hier suksesvol beoefen word mits die weiding aangevul word met hooi, kuilvoer of aangeplante weiding.

Gemengde veld (*pastos mistos*) word in die streke tussen suurveld en soetveld aangetref, met ’n jaarlikse reënval van 400–800 mm en ’n gemiddelde hoogte bo seespieël, en is heeljaar eetbaar. Geringe voer kan in die droë seisoen nodig wees, maar die probleem kan gewoonlik deur rotasieweiding opgelos word omdat soetveld en suurveld gewoonlik naby die gemengde veld beskikbaar is.

---

19 M. Kuder, *Angola*, pp. 93–94; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 138.
20 M. Kuder, *Angola*, pp. 97.

© University of Pretoria

Aangeplante weiding, veral op die sentrale hoogland, maak intensiewe veeboerdery moontlik.[21]

'n Neweproduk van beesboerdery en jag is velle en huide. Dit is plaaslik gelooi en na Portugal vir die vervaardiging van skoene en leerprodukte uitgevoer. In 1950 was daar 13 looierye in Angola.[22] Die pelse van otters, luiperds en ander katspesies is ook gebruik vir die vervaardiging van pelsklere.[23]

Suiwelprodukte is geproduseer op intensiewe boerderye op die hooglande van Bié, Huambo en Huíla in die omgewing van groot stede soos Luanda, Lobito, Benguela en Moçâmedes. Teen 1969 is jaarliks gemiddeld 16 791 t melk, 736 t kaas en 468 t botter in Angola geproduseer.[24]

'n Groot deel van varkvleisproduksie in die vorm van wors of vleis was in die hande van klein- en middelgrootte boere. Teen 1969 is jaarliks 4590 t varkvleis in Angola geproduseer.[25]

Skaapboerdery is op beperkte skaal in Angola bedryf omdat groot dele van die hoogland as gevolg van swaar reënval en die tipe weiding vir skaapboerdery ongeskik is. Karakoelboerdery was die enigste suksesvolle vorm van kommersiële skaapboerdery maar dit is deur die beperkte geskikte weiding aan bande gelê. Dit is in die halfwoestyn in die binneland van Moçâmedes beoefen. Teen 1960 was daar slegs 13 karakoelboere. In 1969 is 7500 velle van karakoellammers uit Angola in Londen verkoop.[26]

Die paar perde in Angola het aanvanklik hoofsaaklik aan die Boere behoort en is vir jag gebruik. Die belangrikste plae was die tsetsevlieg en perdesiekte.[27]

Mynbou en ander industrieë

Die belangrikste drie delfstowwe in Angola is diamante, olie en yster.[28] Ander belangrike delfstowwe is mangaan, koper, goud, bauxiet, tin, titaan, nikkel, kobalt, berillium, wolfram, ilmeniet, uraan, fosfaat, tafelsout en marmer.[29]

---

21 M. Kuder, *Angola*, pp. 94–97; I.S. van Dongen, "Agriculture and Other Primary Production", pp. 265–266, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.
22 A.J.A. Cardoso, *Angola: Your neighbour*, pp. 95, 115.
23 *Ibid*., p. 105.
24 M. Kuder, *Angola*, p. 99.
25 *Ibid.*, p. 99.
26 *Ibid.*, pp. 99–100.
27 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 330.
28 M. Kuder, *Angola*, pp. 107–113.
29 *Ibid*., pp. 113–114; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 227.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Petroleum is in 1955 naby Luanda ontdek. Verdere eksplorasie het tot die ontdekking van verskeie olievelde aan die kus in die omgewing gelei. In 1966 is olie 'n paar kilometer van die kus af by Cabinda ontdek. Sedertdien word dit ontgin deur die Cabinda Gulf Oil Company, 'n filiaal van die Gulf Oil Corporation in die Verenigde State. Dit was 'n belangrike inspuiting vir Angola se ekonomie. Teen die einde van die jare sestig was olie, naas koffie, Angola se belangrikste uitvoerproduk.[30] Nadat die burgeroorlog in 1975 uitgebreek het, het Gulf Oil $1 miljoen se olie daagliks geproduseer. Dit was 'n belangrike bron van buitelandse valuta vir die nuwe onafhanklike staat.[31] Trouens, 90% van Angola se buitelandse inkomste was van olie afkomstig.[32]

Diamante is in November 1912 in die Lunda-streek ontdek en het tot die stigting van die latere Companhia de Diamantes de Angola (Diamang) gelei. Sedert 1940 is diamante een van Angola se belangrikste uitvoerprodukte. Dit het gewoonlik ongeveer van 12–15% van die totale Angolese uitvoere en 4% van die totale wêreldproduksie behels. Die totale wêreldproduksie van diamante is gedurende die koloniale tydperk deur die Suid-Afrikaanse maatskappy De Beers Consolidated Mines Ltd. se filiaal Central Selling Organisation beheer.[33] Ná 1971 is diamante ook in Moxico, Bié en Cuando-Cubango ontdek. Nadat die burgeroorlog in 1975 uitgebreek het, het De Beers voortgegaan om Diamang se diamante te bemark hoewel die Suid-Afrikaanse regering in 'n staat van oorlog met die nuwe Marxistiese staat verkeer het. Dit was eweneens 'n belangrike bron van buitelandse valuta vir die nuwe staat.[34]

Die meeste van Angola se yster is by Cassinga gemyn, waarvandaan dit per spoor na Moçâmedes verskeep is. Teen die einde van die koloniale tydperk was ystererts die vierde belangrikste bron van buitelandse valuta.[35]

Alluviale goud is vroeër deur die Cassinga Concession Ltd. met die hulp van 200 swart arbeiders in die omgewing van die ystermyne by Cassinga ontgin, maar teen 1932 het hulle hul werksaamhede gestaak. Gouddraende kwartsare kom ook hier naby voor.[36]

---

30 D.M. Abshire, "Minerals, Manufacturing, Power and Communications", pp. 297–298, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 8, 210; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, pp. 224–227.

31 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 261.

32 D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 156.

33 D.M. Abshire, "Minerals, Manufacturing, Power and Communications", pp. 294, 296–297, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 143; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, pp. 222–223; M. Chapman, *Angola on the road to progress / Angola na estrada do progresso*, p. 38.

34 L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 36, 261.

35 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, pp. 308–309; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 224.

36 J.P. do Nascimento, "Exploração geographica e mineralogica no Districto do Mossamedes em 1894–1895", *Portugal em África*, Annexo, vol. 5, no. 60, Dezembro 1898, pp. 88–90; W. Mattenklodt, *Afrikanische*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Visprodukte was die vyfde grootste uitvoerproduk van Angola.[37] In die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu was 'n gesamentlike onderneming van Anglo American Corporation of South Africa en Companhia União Fabril, Unipesca, betrokke in vissery.[38] Geen Angola-Afrikaners het by hierdie maatskappy gewerk nie.

Hoewel hout die agtste grootste uitvoerproduk van Angola was,[39] was slegs enkele Afrikaners by bosbou betrokke, hoewel hout vir meubels, huise en ossewaens 'n belangrike rol in hul huishoudelike ekonomie gespeel het.

Angola se verwerkings- en vervaardigingsindustrieë was hoofsaaklik aan die kus geleë, veral in die omgewing van Luanda en die ander hawestede. Die verwerking van landbouprodukte en delfstowwe het twee-derdes van die industriële produksie behels. In die sestigerjare het die aandeel van industrieë in die Angolese ekonomie aansienlik toegeneem. Die belangrikste industrieë het produksie van die volgende behels: voedsel, drank (bier, vrugtesap en mineraalwater), tabak, chemikalieë, tekstielware, petroleum, sellulose en papier.[40] Ander industrieë het die vervaardiging van verwe, gifstowwe, vuurhoutjies, papier, metaalmeubels, houers, eetgerei, skoeisel, plastiekgoedere, binne- en buitebande en leergoedere ingesluit.[41]

Infrastruktuur

Gedurende die grootste deel van die koloniale tydperk in Angola was die openbare verbindingsweë uiters onderontwikkel. Dit is nie verbasend nie, gesien in die lig van die toestand van openbare verkeersweë gedurende hierdie tyd in Portugal self. In Portugal was daar teen die middel van die negentiende eeu bykans geen paaie nie, net klipperige en uitgetrapte tweespoorpaadjies (slegs 42 km geboude paaie met 16 km onder konstruksie). Die riviere was meestal onbevaarbaar. Teen 1850 was daar nog geen spoorweë nie. Hierdie toestand het tot so laat as 1924 voortgeduur met die *carro rural* ('n wa met houtwiele en 'n skreeuende as, getrek deur osse) wat steeds op die paaie aangetref is.[42]

Jagden und Abenteuer, pp. 105–106; Th. Delachaux & Ch.-E. Thiébaud, *Land und Völker von Angola*, p. 42; H. Marquardsen, *Angola*, p. 50; F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 209; M. Kuder, *Angola*, p. 114; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 18.

37 M. Kuder, *Angola*, p. 84.
38 M. Chapman, *Angola on the road to progress / Angola na estrada do progresso*, pp. 34, 94.
39 M. Kuder, *Angola*, p. 84.
40 *Ibid*., pp. 115–116.
41 I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 228.
42 R.J. Hammond, *Portugal and Africa, 1815–1910*, pp. 2–3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 5: Mynbou in Angola[43]

43 Oorgeteken uit M. Kuder, *Angola*, fig. 11, tussen pp. 106–107.

© University of Pretoria

Tot so laat as 1921 het Angola bykans geen motorpaaie gehad nie. Vervoer deur draers of Boeretransportwaens was die enigste manier om goedere van die binneland na die kus te vervoer.[44] Teen 1953 was daar slegs 85 km teerpad in die hele Angola. Teen 1960 (die jaar voor die uitbreek van die opstand) het dit tot 400 km toegeneem. Die bevrydingsoorlog was 'n belangrike stimulus vir die bou van paaie omdat paaie as noodsaaklik vir die teen-insurgensieveldtog beskou is.[45] Teen die einde van die koloniale tydperk was daar altesaam 72 300 km paaie, waaronder 8500 km teerpaaie, 27 300 km goeie grondpaaie en 36 500 km minder goeie grondpaaie (dikwels tweespoorpaadjies wat in die reënseisoen onbegaanbaar was).[46]

Die voltooiing van spoorlyne het die Angolese binneland vir bewoning deur Europeërs oopgestel en Europese kolonisasie, indiensneming van blankes, geologiese opnames van minerale en algemene ekonomiese ontwikkeling gestimuleer. Daardeur het die negentiende eeu Angola bereik.[47]

Alle spoorlyne in Angola begin by hawens aan die kus en loop parallel na die binneland, soms met enkele taklyne. Die grootste probleem wat die spoorweë moes oorwin, was die steil hoogtes in die oorgang van kus na hoogland in die binneland. Teen 1970 was die spoorlyne tegnies en bedryfsmatig in 'n uitstekende toestand. Die belangrikste spoorlyne en die lengte daarvan (taklyne ingesluit) was die volgende: die Benguela-spoorlyn (1414 km), die Moçâmedes-spoorlyn (982 km), die Luanda-spoorlyn (530 km), die Amboim-spoorlyn (123 km) en die Cuío-spoorlyn (36 km).[48]

Die Benguela-spoorlyn (CFB of Caminho de Ferro de Benguela) was die ruggraat van die verkeerswese in Angola. Teen die einde van die jare sestig het dit 'n sentrale rol in die algehele ekonomiese ontwikkeling van Angola gespeel. Dit was die enigste trans-kontinentale spoorlyn in Afrika. Dit is gebaseer op ou slaweroetes vanaf Benguela na die binneland en het dwarsdeur Sentraal-Angola vanaf die kus tot op die grens met die Kongo geloop, al met die geografiese ruggraat van die land, die Lunda-waterskeiding, en sodoende Angola met die mineraalryke Katanga en spoorlyne in Zambië, Rhodesië (nou Zimbabwe) en Mosambiek verbind.[49] Hierdie roete was een van die twee trans-

---

44 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 68.
45 G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 102, 177–178.
46 I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 237.
47 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 68.
48 M. Kuder, *Angola*, pp. 122, 238.
49 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, pp. 113–114; T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 28; F. Brandenburg, "Transport Systems and Their External Ramifications", p. 323, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; M. Kuder, *Angola*, p. 124; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, pp. 233, 236.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kontinentale handelsroetes wat Angola met die res van Afrika verbind het. Dit het die roete van die waterskeiding van die Kongo- en Zambezi-rivierstelsels gevolg omdat die weg van die minste weerstand gewoonlik al langs 'n waterskeiding lê.[50]

Daar is in 1903 by Benguela met die bou daarvan begin. Nova Lisboa is in 1911 bereik. Teen 1913 was 520 km tot Chinguar reeds voltooi. Daarna het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek en die bou van die spoorlyn is eers in 1920 hervat. Op 26 Augustus 1928 is die grens met die Belgiese Kongo bereik. Eers in 1931 is die grens met Katanga, die brug oor die Luao-rivier, bereik.[51] Die lokomotiewe het hout verbruik vir aandrywing. Bloekomplantasies is vir hierdie doel spesiaal langs die spoorlyn aangeplant.[52] Die spoorlyn is gebruik om, benewens passasiers, delfstowwe (koper, tin, kadmium, kobalt, sink en mangaanerts uit Katanga en Zambië), landbouprodukte (mielies, kassawe, suikerriet en koring uit Angola) en verwerkte produkte (waaronder meel, petroleum, papierpulp, chemikalieë, sout en sement uit Angola) te vervoer.[53] Die herstelwerkplaas by Nova Lisboa was die grootste tegniese onderneming in Angola.[54]

Gedurende die Koue Oorlog van die sestigerjare van die twintigste eeu is daar begin met die bou van die Tan-Zam-spoorlyn tussen die kopermyne in Zambië en die hawe Dar es Salaam om Zambië minder afhanklik van die Benguela-spoorlyn te maak.[55]

Die Moçâmedes-spoorlyn (CFM of Caminho de Ferro de Moçâmedes) is gebou om die hoogland van Huíla by Sá da Bandeira (Lubango) met Moçâmedes (Namibe) te verbind, die Portugese gevolglik minder afhanklik van die Boeretransportryers te maak en effektiewe militêre en politieke beheer oor die suide van Angola moontlik te maak. Daar is in 1905, twintig jaar nadat dit beplan is, met die bou daarvan begin. Eers in 1923 is Lubango bereik. In 1948 is 'n takspoorlyn suid oor Chibía (Kilometer 54) tot by Chiange (Gambos) (Kilometer 124) gebou. Vanaf 1954 tot 1961 is die spoorlyn met 503 km tot by Serpa Pinto (nou Menongue) verleng. 'n Verdere takspoorlyn van 94 km is tot by Cassinga gebou om

---

50 H.F. Varian, "The geography of the Benguella Railway", *The Geographical Journal*, 78(6), Dec. 1931, pp. 500.
51 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 119; H.F. Varian, "The geography of the Benguella Railway", *The Geographical Journal*, 78(6), Dec. 1931, pp. 497–523; T.E. Wilson, *Angola Beloved*, p. 28; M. Kuder, *Angola*, p. 124; F. Brandenburg, "Transport Systems and Their External Ramifications", p. 324, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 130; Heywood, *Contested power in Angola, 1840s to the present*, pp. ix, 40.
52 T.E. Wilson, *Angola Beloved*, p. 63; M. Kuder, *Angola*, p. 125.
53 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 119; M. Kuder, *Angola*, p. 126; F. Brandenburg, "Transport Systems and Their External Ramifications", pp. 323–324, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, pp. 128–131.
54 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 110 M. Kuder, *Angola*, pp. 126–127.
55 D.L. Wheeler & R. Pelissier, *Angola*, p. 244; F. Brandenburg, "Transport Systems and Their External Ramifications", pp. 324–325, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ystererts te vervoer. Die ouer lokomotiewe het hout gebruik maar mettertyd is lokomotiewe wat verhittingsolie en diesel gebruik, ook aangewend.[56]

Die Luanda-spoorlyn is die oudste in Angola. In 1886 is met die bou daarvan begin. In 1889 het dit die Lucala-rivier bereik (364 km) en Malanje in 1909. Planne om dit met die Benguela-spoorlyn te verbind of verder tot in die Kongo te verleng, het nooit gerealiseer nie. Beide die Amboim-spoorlyn en die Cuío-spoorlyn was in private besit, van beperkte belang en is hoofsaaklik gebruik om koffie of suikerriet na die kus te vervoer.[57]

Die belangrikste hawens, Luanda, Lobito en Moçâmedes, was met spoorlyne met die binneland verbind. Die hawe wat aan die einde van die koloniale tydperk die grootste tonnemaat hanteer het, was Cabinda, as gevolg van die uitvoer en produksie van olie en petroleum. Moçâmedes was die tweede grootste hawe as gevolg van die verskeping van ystererts van Cassinga. Hierdie twee hawens het egter min invoere hanteer. Lobito was die derde grootste, met ’n jaarlikse tonnemaat van 2,5 miljoen ton en van internasionale belang as gevolg van die verskeping van goedere van en na Zaïre en Zambië via die Benguela-spoorlyn en die dig bevolkte Benguela-hoogland. Die vierde grootste was Luanda, met ’n jaarlikse tonnemaat van 2,3 miljoen ton. Luanda was die belangrikste invoerhawe.[58]

Die lugnetwerk in Angola is sedert 1940 geleidelik ontwikkel. Teen 1970 was dit nog onderontwikkel. Binnelands is vlugte hoofsaaklik tussen die verskillende distrikshoofstede en Luanda onderneem. Luanda is ook deur buitelandse vlugte van die lugrederye TAP en Varig met Lissabon, Rio de Janeiro, Lourenço Marques, Johannesburg en Salisbury verbind.[59]

Daar is eers vanaf die vyftigerjare van die twintigste eeu planmatig in Angola se elektrisiteitsbehoeftes voorsien. Die eerste belangrike hidro-elektriese kragsentrale is eers in 1954 by Mabubas voltooi. Teen 1974 is elektriese krag deur 1542 kragopwekkers opgewek. Daarvan het ongeveer 70 hidro-elektriese kragstasies in driekwart van die land se kragverbruik voorsien, terwyl 1472 dieselkragopwekkers die res van die elektriese krag opgewek het. Die belangrikste hidro-elektriese kragstasies was by Cambambe (op die Cuanza), Mabubas (op die Dande), Lomaúm en Biópio (op die Catumbela), Matala (op die Kunene) en Luachimo. Die dam by Matala was die eerste van 28 wat volgens ’n

---

56 M. Kuder, *Angola*, pp. 127–129; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 233.
57 M. Kuder, *Angola*, pp. 122–124, 238; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, pp. 232–233.
58 I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. 238; M. Chapman, *Angola on the road to progress / Angola na estrada do progresso*, p. 26.
59 M. Kuder, *Angola*, pp. 132–133.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ooreenkoms tussen Portugal en Suid-Afrika in die bolope van die Kunene gebou sou word; dit sou mettertyd in 'n groot deel van Angola en Suidwes-Afrika se kragbehoeftes voorsien en ekonomiese ontwikkeling in dié twee lande 'n hupstoot gee. Toe die burgeroorlog uitbreek, was slegs enkele damme soos dié by Gove en Calueque en die hidro-elektriese skema by die Ruacana-waterval voltooi.[60]

Gedurende die tydperk waaroor hierdie proefskrif handel, het die kommunikasienetwerk in Angola nog in sy kinderskoene gestaan. Die belangrikste stede en dorpe was teen die einde van die koloniale tydperk met 'n telefoonnetwerk van ongeveer 30 000 telefone, benewens 'n telegraaf- en teleksnetwerk, met mekaar verbind. Internasionale oproepe is via 'n kommunikasiesatelliet gedoen. Daar was 'n hoofradiosender in Luanda en twaalf streeksradiostasies wat deur 'n geskatte 116 000 radio's opgevang kon word. Geen televisiediens was al ingestel nie.[61]

60 J. Miller, *A framework for U.S. assistance in Southern Africa. Country resource paper: Angola*, pp. IV–40, IV–42; E. Joubert, *Die nuwe Afrikaan*, pp. 93–95; D.M. Abshire, "Minerals, Manufacturing, Power and Communications", pp. 302–303, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; M. Kuder, *Angola*, pp. 116–121; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, pp. 231–232.

61 D.M. Abshire, "Minerals, Manufacturing, Power and Communications", pp. 307–308, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; I. Kaplan (Ed.), *Angola: a country study*, p. xvi.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL III

Hoofstuk 5
DIE DORSLANDTREKKE EN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1874–1928)

Voorlopers van die Dorslandtrekke (1868–1873)

Die Dorsland is die deel van die Kalahari waardeur die Dorslandtrek na Angola plaasgevind het.[1] Die Dorsland val grootliks in die Sentraal-Kalahari in die huidige Botswana en was reeds teen 1840 aan Griekwas, Transvaalse jagters en Engelse handelaars en sendelinge bekend. In 1851 het die eerste Transvaalse jagters tot by die Ngamimeer deurgedring op soek na nuwe jagvelde.[2]

In 1868 was daar sprake daarvan dat Hendrik van Zyl met ’n groep jagters na Damaraland sou trek. Dié ekspedisie het uit 14 waens bestaan. Benewens hulle jagaktiwiteite het hulle ongeveer 70 swart kinders in die omgewing van die Ngamimeer aangekoop en na Transvaal weggevoer. Onder die ekspedisielede was Hendrik Adriaan Greeff (die skoonvader van genl. J.H. de la Rey en die stigter van Lichtenburg), die bekende Transvaalse pionier en grootwildjagter Jan Viljoen, ene Jacobs, ene Engelbrecht, Barend Bouwer en Marthinus Swartz.[3] Hendrik van Zyl en sy seuns, Stephanus Oosthuizen, Cornelius Louwrens en sy seuns, Barend Bouwer, Flip Scheepers en Jan MacDonald was die voorlopers

---

1 F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 181.

2 TAB: SS 4, R450/52, Reisverslag van Pieter Daniel du Preez (1852); F.J. Potgieter, “Die Vestiging van die Blanke in Transvaal (1837–1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen mens en omgewing”, p. 179; S.D. le Roux, *Baanbrekers en Jagters van Suid-Afrika, 1760–1890*, p. 82. Kyk ook C.F. Gronum, *Boere en jagters in ou Marico*, pp. 100–101.

3 Anon., “Uebersicht über den gegenwärtigen Stand unserer Arbeit”, *Berichte der Rheinischen Missions-Gesellschaft*, Nr. 1, Jan. 1869, p. 15; John Montgomery, “Jan Viljoen’s Hunting Trip and Dreadful Privations in the Interior, as Narrated to Mr. John Montgomery, by Jan Viljoen himself”, *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette*, 24 Jun. 1869, p. 57; Nimrod, “African Reminiscences”, *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette*, 6, 13, 20 & 27 Oct. 1881, 3, 10 & 17 Nov. 1881; J.P.R. Wallis (Ed.), *The Northern Goldfields Diaries of Thomas Baines: First Journey, 1870–1871*, Vol. II, pp. 486–488; J. von Moltke, *Jagkonings*, pp. 4–5, 7; G. Du Preez (Greeff), *Stigter van Lichtenburg: Kommandant H.A. Greeff*, pp. 15–19; Z. Rowan, “Nonnie de la Rey, 1856–1923”, pp. 19–26; I. & R. Rudner, *Axel Wilhelm Eriksson of Hereroland (1846–1901)*, p. 70; J.P.R. Wallis (Ed.), *The Northern Goldfields Diaries of Thomas Baines: First Journey, 1870–1871*, Vol. II, frontispies, bevat ’n skets van die swart kinders wat weggevoer word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die latere georganiseerde trekke.[4] Dit lyk nie of hulle georganiseerde trekke beplan het om Transvaal permanent te verlaat nie, hoewel die meeste van hulle in later jare tog in Angola beland het.

Teen 1873 was daar gerugte van 'n nuwe emigrasie, die eerste groep trekkers wat beoog het om die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) permanent te verlaat. Stephanus Oosthuizen was onder die eerstes wat die ZAR verlaat het en hy het op 8 Maart 1873 van die omgewing van Zeerust vertrek.[5]

Die eerste drie Dorslandtrekke (1874–1880)

Die sogenaamde "Dorslandtrek" het eintlik uit 'n aantal afsonderlike trekke uit die ZAR bestaan.[6] Die eerste trek onder leiding van Gert Alberts sou later as die Van der Merwe-Alberts-trek bekend staan. Nadat die eerste trekkers (aanvanklik 13 gesinne) op 20 Mei 1874 by die Elandsrivier in die Groot-Marico bymekaargekom het, het hulle die ZAR in Mei 1875 verlaat.[7] Dit lyk nie of die eerste trekkers aanvanklik 'n spesifieke bestemming in die oog gehad het nie.[8]

Op die eerste trek se spoor het 'n kleiner trek gevolg, bestaande uit die gesinne van Gerhardus Marthinus Smit en Petrus Chrisparus Jacobs. Hulle het later by die Meer om-

---

4 Anon., "Die Boers im Hererolande", *Berichte der Rheinischen Missions-Gesellschaft*, Nr. 3, März 1875, pp. 67–73; J. von Moltke, *Jagkonings*, pp. 7, 86–87; FJNS: J. von Moltke: "Nuwe lig op ou Suidwes-Afrika", pp. 167–168; G.P.J. Trümpelmann, "Die Boer in Suidwes-Afrika", p. 14.

5 PU: A.F. Bezuidenhout, "Vertel deur ou tante Anna Fransina Bezuidenhout (geb. Oosthuizen)", p. 2; Anon., "Emigratie", *De Maandbode*, 1 Aug. 1873; "Het trekken naar het Noorden", *De Volksstem*, 22 Aug. 1873, p. 2; Daar is verwarring oor Oosthuizen se name. Dit kon óf Stephanus Jacobus Adriaan óf Stephanus Johannes Daniel óf Stephanus Johannes Jacobus gewees het.

6 Deur die loop van die jare het daar verskeie boeke en artikels oor die Dorslandtrekke verskyn. Onder die meer bruikbare artikels tel die volgende: A. Alberts, "Die Dorslandtrekke", *Konteks*, 12(6), Jun. 2001, pp. 18–20; J.A. Coetzee, "Die Dorslandtrek", *Historia Junior*, No. 16, Des. 1960, pp. 11–13; K. Frey, "Aus der Frühzeit der weißen Besiedlung Südwestafrikas", *Afrikanischer Heimatkalender*, 1956, pp. 89–104; D. Immelman, "Dorslandtrek: 'n Terugblik na 100 jaar", *S.W.A. Jaarboek*, 1977, pp. 43–44; A.J. Nathan, "The Angola Boers", *Lantern*, 38(2), Mei 1989, pp. 31–38; G.P.J. Trümpelmann, "Angola Boers" & "Thirstland Trek", in *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, vol. 1, pp. 491–492 & vol. 10, pp. 424–426; W.P. van der Merwe, "Dorslandtrek: Die Dorslandtrek, verblyf in Angola en hervestiging van Angolaboere in Suidwes-Afrika (1874–1937)", *Lantern*, 39(1), Febr. 1990, pp. 68–76; J.M. van Tonder, "'n Land ter bewoning (1–3)", *Die Kerkblad*, 10 Jun. 1998, pp. 30–31, 24 Jun. 1998, pp. 10–11, 12 Aug., pp. 16–18.

7 20 Mei 1874 volgens TAB: A.1694, A.N.J.D. Alberts, "Mimorando van Ammogratsie Van de Dorsland trekkers om te amogrerin tegen het Noortwes van Suid Afrika", p. 1 en D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 11; 27 Mei 1874 volgens W.W. Jordan, "Journal of the Trek Boers", *Cape Quarterly Review*, 1, 1881, pp. 145–146; "Journal of the Trek Boers to Mossamedes", in D.C.F. Moodie, *The history of the battles and adventures […]*, pp. 300–301; G.S. Preller, *Voortrekkers van Suidwes*, p. 93.

8 Anon., "Verhuizing naar het Noorden", *De Volksstem*, 11 Mrt. 1876, p. 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedraai en by die tweede trek aangesluit.[9] (Die Meer was die rivier wat uit die Ngamimeer na die Zambezi gevloei het, terwyl die Ngamimeer die Dam of die "Lake" genoem is.)[10]

Die tweede trek (aanvanklik sewe gesinne) het op 29 April 1875 by Zoutpanslaagte aan die Apiesrivier bymekaargekom en in April 1877 die ZAR verlaat. Jan Greyling is aanvanklik as kommandant en Louw du Plessis as veldkornet verkies. As gevolg van interne verdeeldheid en die gebrek aan goeie leierskap het hierdie groep se leiers voortdurend verwissel. Later het nog trekkers by hulle aangesluit, tot die groep uit meer as 100 gesinne, 128 waens, 'n geskatte 480 persone, 1958 trekosse, 7536 beeste, 483 perde, 1034 skape en bokke, 32 donkies, 213 honde en 486 stuks pluimvee bestaan het.[11] Die meerderheid van hierdie trekkers was lidmate van die Gereformeerde Kerk.[12] Hulle was by benadering uit die volgende distrikte in die ZAR afkomstig: Pretoria (50 gesinne), Rustenburg (37 gesinne), Potchefstroom (7 gesinne), Waterberg (6 gesinne), Heidelberg (3 gesinne), Marico (2 gesinne) en onbekend (4 gesinne), wat 'n totaal van 109 gesinne gee.[13]

Die derde trek (8 gesinne, 40 persone) onder Jacobus Frederik (Koos) Botha het op 24 April 1877 op die plaas Dwarsspruit by Rustenburg bymekaargekom en kort daarna die ZAR verlaat.[14]

Veral die tweede trek is gekenmerk deur onbeskryflike lyding as gevolg van honger en dors in die Kalahariwoestyn en malaria en koors aan die Okavango. Die tog het so 'n diep indruk op sommige mense gemaak dat dit al bestempel is as "the most painful chapter in the whole history of the Afrikaner race".[15] Van die ongeveer 600 persone wat uit die ZAR vertrek het, het minder as die helfte Angola bereik. Sowat 'n kwart van die trekkers

---

9 Anon., "Twee Trekkers aan die Aand van 'n Lewensdag van Durf en Daad: uit die swerwerstye van weleer", *Die Vaderland*, 29 Apr. 1933, p. 14.

10 NAN: A.100, "Verklaring van Daniel Jacobus Robbertse oor die trek van 1893", p. 3: "Wat ons die Meer genoem het[,] was die rivier wat van die Ngami-meer af loop na die Sambesirivier se kant toe, en omdat die mense gereken het dat die water van hierdie rivier die uitloop van die Ngami-meer is, het hulle hierdie rivier sommer die Meer of die Meersrivier genoem terwyl hulle die Ngami-meer die Dam of die 'Lake' genoem het."

11 W.W. Jordan, "Journal of the Trek Boers", *Cape Quarterly Review*, 1, 1881, pp. 157–159; "Journal of the Trek Boers to Mossamedes", in D.C.F. Moodie, *The history of the battles and adventures […]*, pp. 313–314; PU: C.J.H. & L.M. du Plessis, "Die Do[r]slandtrek, soals vertel deur die trekkers C.J.H. du Plessis en L.M. du Plessis", p. 1; VAB: A.37.1, Vertelling oor die Dorslandtrek van A.C. du Plessis (gebore De Klerk) & A.37.2, Vertelling oor die Dorslandtrek deur "Outa Frans du Pree".

12 Gedurende September 1876 was van die 198 volwassenes (409 siele) aan die Krokodilrivier 174 lidmate van die Gereformeerde Kerk, 18 van die NG Kerk en 6 van die Hervormde Kerk – Anon., "Kerknieuws. Emigratie", *De Maandbode*, 1 Nov. 1876.

13 Hierdie statistiek is verkry deur verwerking van die opgawe van PU: C.J.H. & L.M. du Plessis, "Die Do[r]slandtrek, soals vertel deur die trekkers C.J.H. du Plessis en L.M. du Plessis".

14 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 29.

15 L.G. Green, *Lords of the last Frontier*, p. 162.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het aan ontbering, siektes (veral malaria), die eet van giftige veldplante en jagongelukke beswyk, of is deur Boesmans vermoor, terwyl ’n ander kwart van hulle nie vir verdere ontberings kans gesien nie en na Transvaal teruggekeer het. Een moeder het in 1881 aan ds. Jan Lion Cachet verklaar: “als wij ooit weder naar Transvaal terug willen en het pad vergeten zijn, dan zullen wij het kunnen weervinden langs de graven onzer kleinen.”[16]

’n Klein groepie van ongeveer 50 persone het hulle ná hulle terugkeer by Molepolole, die hoofstat van die Bakwena-kaptein Sechele, gevestig en as jagters, timmermanne, smede en wamakers ’n bestaan gemaak. Hulle het later as “Khama se Boere” bekend gestaan. Sensasionele koerantberigte het hulle daarenteen as die “wit slawe van Molepolole” bestempel.[17]

Een groepie het tydelik by Ghanzi oorgestaan. Hendrik van Zyl, die eerste blanke wat hom omstreeks 1874 hier gevestig het, was goed bekend aan die Dorslandtrekkers. Gert Alberts se trek het in September 1875 vir drie maande hier oorgebly en daarna na Rietfontein (naby Gobabis) getrek. Van Zyl het Ghanzi ná ’n grondgeskil verlaat. Hy is uiteindelik deur Geduld, een van sy Boesman-werkers, vermoor.[18] Baie jare later (1898) het nog ’n trekgroep hulle by Ghanzi gevestig. Van hulle afstammelinge boer vandag nog daar. Daar is deurlopend met die Angola-Boere kontak behou en van tyd tot tyd het individue heen en weer tussen Ghanzi, Molepolole en Angola getrek.[19]

---

16 J.L. Cachet, “Een bezoek bij de Afrikaansche emigranten te St. Januario, Humpata”, II, *Het Zuid Afrikaansch Tijdschrift*, X, Aug. 1882, p. 81; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 136; Anon., “De Trekboeren Gevonden”, *De Zuid-Afrikaan en Volksvriend*, 7 Jan. 1880; Anon., “De Trekboeren Gevonden”, *De Maandbode*, 1 Febr. 1880.

17 U. Long (Ed.), *The Journals of Elizabeth Lees Price written in Bechuanaland, Southern Africa 1854–1883 with an Epilogue: 1889 and 1900*, pp. 414–415, 460, 505; W.J. Makin, *Across the Kalahari Desert*, pp. 23–25; E. Smith, *Great Lion of Bechuanaland*, pp. 196–197; J. Mockford, *Khama: King of the Bamangwato*, pp. 85–86; F.J. Ramsay, “The rise and fall of the Bakwena dynasty of South-Central Botswana, 1820–1940”, pp. 278–279 (Ek is dank aan prof. Fred Morton verskuldig vir hierdie verwysing.), 373–374; Anon., “Blanke Hollandsche slaven bij een Bechuanenhoofdman in Zuid-Afrika”, *Zuid-Afrika*, Sept. 1924, p. 130.

18 H. Schinz, *Deutsch-Südwest-Afrika*, pp. 385–386; H. Vedder, *Das alte Südwestafrika*, pp. 532–538; C. Duparquet, *Viagens na Cimbebasia*, p. 171; NWV: C. Duparquet, “Die Reise nach Cimbebasia 1879–1884”, p. 167; J. von Moltke, *Jagkonings*, pp. 1–42; FJNS: J. von Moltke: “Nuwe lig op ou Suidwes-Afrika”, pp. 164–173; G.P.J. Trümpelmann, “Die Boer in Suidwes-Afrika”, pp. 14–18.

19 G.B. Silberbauer, *Report to the Government of Bechuanaland on the Bushman Survey*, pp. 114–117; M. & M. Russell, *Afrikaners of the Kalahari*, pp. 16, 24–26, 28; FJNS: J. Taljaard, “Ghanzi. Nalatenskap van die Dorslandtrekkers”, pp. 14–17, 20–22, 27–28, 43.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vestiging in Angola (1881–1890)

Nadat die eerste drie trekke verenig het en vir ’n paar jaar in die noorde van Suidwes-Afrika rondgetrek het, het vader Charles (Carlos) Duparquet van die Orde van die Heilige Gees (Congrégation du Saint Esprit et du Saint Coeur de Marie) hulle aangeraai om na die vrugbare gebied by Huíla en Humpata in Portugees Wes-Afrika te trek.[20] Teen September 1880 het die gesamentlike trekgeselskap, bestaande uit 57 gesinne (270 persone), 61 waens, 840 trekosse, 2160 beeste, 120 perde en 3000 skape en bokke, in Angola aangekom.[21]

Nadat ’n afvaardiging van nege Boere onderhandelinge met die Portugese goewerneur van Moçâmedes, Sebastião Nunes de Mata, aangeknoop het, is op 18 September 1880 ’n ooreenkoms bereik waarvolgens, onder meer, grond aan hulle afgestaan is en hul onderneem het om die Portugese owerheid en wette te eerbiedig.[22] Hierdie ooreenkoms is op 28 Desember 1880 bekragtig.[23] Ds. Jan Lion Cachet het kort nadat hierdie ooreenkoms onderteken is, vermeld dat heelwat moeilikheid reeds daaruit voortgevloei het en dat hy nog meer moeilikheid voorsien omdat daar geen behoorlike tolk by dié geleentheid was nie en die twee partye mekaar misverstaan het.[24] Hierdie voorspelling was heeltemal in die kol.

---

20 C. Duparquet, *Viagens na Cimbebasia*, p. 163; C. Duparquet, “Die Reise nach Cimbebasia 1879–1884”, pp. 150–151; G.S. Dias, “O padre Duparquet e os Boeres da Huíla”, *Portugal em África*, 2(3), 1946, pp. 28–31; Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, p. 118 n.

21 W.W. Jordan, “Journal of the Trek Boers”, *Cape Quarterly Review*, 1, 1881, p. 167; “Journal of the Trek Boers to Mossamedes”, in D.C.F. Moodie, *The history of the battles and adventures […]*, p. 323. Hierdie syfers stem ooreen met ’n lys wat die Portugese owerheid in Desember 1880 gemaak het – F. Amaral, “Apontamentos para a história do estabelecimento da colonia ‘S. Januario’, nos terrenos de Humpata (districto de Mossamedes)”, I, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 2(4), 1881, pp. 305, 307–309. Volgens ’n tweede lys wat in Desember 1880 deur die Portugese owerheid gemaak is, het die trekgeselskap toe uit 60 gesinne en 277 persone bestaan – A. de A. Felner, Angola: *Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, III, pp. 196–197, “Relação do pessoal de que se compõe a colonia de S. Januario, em 28 de Dezembro de 1880”. Die getal van 3000 bokke en skape is waarskynlik nie korrek nie.

22 F. Amaral, “Apontamentos para a história do estabelecimento da colonia ‘S. Januario’, nos terrenos de Humpata (districto de Mossamedes)”, I, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 2(4), 1881, pp. 305–307; A. de A. Felner, Angola: *Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, III, pp. 192–194, “Termo d’apresentação de Boers, 18 de setembro de 1880".

23 F. Amaral, “Apontamentos para a história do estabelecimento da colonia ‘S. Januario’, nos terrenos de Humpata (districto de Mossamedes)”, I, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 2(4), 1881, pp. 309–310; A. de A. Felner, Angola: *Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, III, pp. 194–195, “Termo de declarações e de acordo com os colonos boers – Huila, 28 de dezembro de 1880”.

24 J.L. Cachet, “Een bezoek bij de Afrikaansche emigranten te St. Januario, Humpata”, II, *Het Zuid Afrikaansch Tijdschrift*, X, Aug. 1882, pp. 85–86; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 141; NAN: A.233, W.J.B. Chapman, “Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman” (1902–1916), pp. 37–38.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 4 Januarie 1881, ná ses jaar van rondswerf, het 55 tot 60 gesinne (270 tot 277 persone) hulle te São Januario de Humpata op die waterryke hoogland van Angola gevestig.[25] In 1882 het die graaf van Mayo die oorlewendes van die trek by Humpata soos volg getipeer: "A finer set of men I have never seen. Without doubt, during that terrible journey it was a case of the survival of the fittest."[26] 'n Klein groepie het direk verder noord getrek en hulle by Caconda gevestig.

Die koms van die Boere na Angola het plaasgevind teen die agtergrond van die einde van slawerny en pogings van die Portugese owerheid om blanke kolonisasie van die binneland van Angola te bevorder. Met die afskaffing van slawerny moes alternatiewe maniere gevind word om die land ekonomies te ontwikkel. Die Portugese owerheid het geglo dat die Boere in beide hierdie aangeleenthede 'n rol kon speel en hulle is gevolglik met ope arms verwelkom.[27]

Op 23 November 1882 is die Boere van Humpata sonder dat hulle daarvoor aansoek gedoen het deur die Portugese owerheid as Portugese burgers genaturaliseer.[28] Die beweegredes van die Portugese owerheid vir hierdie stap is nie uit die bestaande bronne bekend nie. Hulle sou daarna as Portugese Boere (*boers portugueses*) bekend staan.[29]

Teen 1 Julie 1883 het die Boerekolonie aangegroei tot 325 blankes en 43 swart arbeiders. Hulle het 61 huise gehad maar hulle besittings het gedurende die vorige twee jaar verder afgeneem tot 52 ossewaens, 523 trekosse, 511 beeste, 8 perde, 71 skape en 79 bokke.[30]

Met die suksesvolle onderwerping van die hoofman Chindunduma, deur Artur de Paiva in 1890 tydens die Bié-veldtog, het die Boere wat aan die veldtog deelgeneem het

---

25 F. Amaral, "Apontamentos para a história do estabelecimento da colonia 'S. Januario', nos terrenos de Humpata (districto de Mossamedes)", I, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 2(4), 1881, p 305 gee 55 gesinne met 270 persone aan. A. de A. Felner, Angola: *Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, III, gee óf 55 (p. 195) óf 60 gesinne met 277 persone (pp. 196–197) aan.

26 D.R.W. Bourke [Earl of Mayo], "A Journey from Mossamedes to the River Cunéné, S.W. Africa", *Proceedings of the Royal Geographic Society and Monthly Record of Geography*, Jul., pp. 458–473, 504 (kaart).

27 N.C. Matias, "Os boers Portugueses da Humpata: Um fracasso da Política de Assimilação Portuguesa", pp. 285–287.

28 F.J.F. do Amaral, Portaria No. 344 de 23 de novembro de 1882, *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 48, Segunda-feira 4 de dezembro 1882, pp. 792–793; AHU: Rep. 1, P. 3, No. 426, 15 de dezembro de 1882, F.J.F. do Amaral – Ministro; ook gepubliseer in M.A.F. de Oliveira, *Angolana (Documentação sobre Angola), I (1783–1883)*, pp. 559–562.

29 A. de A. Felner, Angola: *Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, III, pp. 214–215; Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, pp. 153–154.

30 A. de Paiva, "Concelho de Humpata. Relação estatistica dos boérs portuguezes estabelicidos na Humpata, relativa a 1 de julho de 1883", *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 11, 17 de março de 1884, pp. 173–178. Dis ook gepubliseer in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, pp. 131–142.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onder die indruk gekom van die geskiktheid van die Bié-hoogland vir bewoning. Gevolglik het 'n groot aantal Boere van Humpata na Bié verhuis.[31] Mettertyd het hulle hul ook elders op die hooglande van Angola (soos Mombolo, Que, Cubal, Caconda, Hanha, Sacanjimba en ander) gevestig en klein Afrikanergemeenskappies gevorm. Hulle het hoofsaaklik 'n bestaan van boerdery, jag en transportry gemaak.

Tien jaar nadat hulle hul in Humpata gevestig het, het *The Star* in Johannesburg die volgende oordeel oor die Angola-Boere uitgespreek:

> Truly these Boers are a wonderful people. They are quite capable of laying the foundations of a civilised State in regions where it has hitherto been thought that white men could not even live.[32]

Latere trekke na Angola (1891–1928)

'n Klompie kleiner trekke het gedurende 1891–1892 uit Transvaal vertrek en op die trekpad verenig in 'n "vierde trek" van 11 gesinne in 17 waens, onder Willem Prinsloo se leiding, wat teen 20 Desember 1892 in Humpata aangekom het.[33] Hulle is in die loop van 1892 gevolg deur gesinne van die Rustenburg-omgewing wat via die Ngamimeer na Angola getrek het.[34] In Junie 1892 het ongeveer 30 gesinslede van die Rustenburgse broers J.G.M.S. en W.F.A. Kirsten en hulle swaer P.G. Breedt per skip na Humpata vertrek.[35]

Op 3 Desember 1892 het nog 'n trek (die "vyfde trek") van sewe huisgesinne onder Koos Hamman van die distrik Bethal vertrek. Hulle het op 11 November 1893 in Humpata aangekom. Sommige van hulle was oorlewendes van die rampspoedige tweede Dorslandtrek wat in óf 1878 óf 1887 na Transvaal teruggekeer het.[36]

Teen die einde van 1892 het 'n verdere groep mense van die Hoëveld van Oos-Transvaal begin trek. Trekkers uit Rustenburg het teen die einde van Mei 1893 hulle plase

---

31 Anon., "Latest Boer settlement", *The Star*, 27 Oct. 1890; "The Boers in Mossamedes", *The Star*, 19 Nov. 1890; "The Subjection of Bihe", *The Star*, 20 Jan. 1891; "The Coming Exodus", *The Star*, 2 Feb. 1891.

32 Anon., "A Wonderful People", *The Star*, 9 Sep. 1890.

33 Anon., "Van Transvaal overland naar Humpata", *De Volksstem*, 22 Mrt. 1893; PU: S.C.P.M. Prinsloo, Herinneringe "Vertel deur mevrou die weduwee Susanna Catharina Petronella Magdalena Prinsloo geb. Labuschagne", p. 33; A. Alberts, "Willem Prinsloo – Dorslandtrekker", *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, Nov. 1988, p. 30; S.M. Strijdom, "Meester Opperman trek na Angola", *Potchefstroom Herald*, 2 Okt. 1992. A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 58–59, gee 12 gesinne en 18 waens aan.

34 NAN: A.100, "Verklaring van Daniel Jacobus Robbertse oor die trek van 1893", p. 1.

35 Anon., "De Humpata Trek", *De Volksstem*, 25 Mei 1892; Anon., "Zij trekken weg!", *De Volksstem*, 8 Jun. 1892.

36 M.W. Hamman, "'n Dorslandtrekker vertel", *Die Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, 1946, pp. 132–135.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlaat en by hierdie groep aangesluit.[37] In die loop van 1893 het ongeveer 100 huisgesinne van hierdie gesamentlike trek (die "sesde trek") Transvaal verlaat. Een gedeelte – bestaande uit 63 gesinne (66 waens) onder kommandant J.M. Lombard – het oor die bekende Dorsland-trekroete oor Ngami tot by Ghanzi getrek waar 'n tweede trek – 28 waens onder P.J. en J.H. Steyn, wat oor Lehututu en Kang in die suide van Betsjoeanaland getrek het – by hulle aangesluit het. Teen hierdie tyd het sewe waens by Ngami omgedraai en na Transvaal teruggekeer. Later het die trek weer in twee groepe verdeel. Ongeveer 70 gesinne het na Angola getrek, terwyl die res na Suidwes-Afrika getrek het.[38] Sommige gesinne wat aanvanklik na Suidwes-Afrika getrek het, het later ook na Angola getrek. Die lede van die "sesde trek" het nie dieselfde konformistiese karakter as die vorige trekke gehad nie en is as "baie selfstandig", "andersdenkend", "eiesinnig", "vrysinnig" en "sonderling" bestempel. Omdat hulle meer in die sentrale dele van Angola by Que, Bié, Cubal, Caconda en Mombolo gaan woon het, was hulle in 'n mate geografies en kultureel van die Afrikaners by Humpata geïsoleer.[39] Die meerderheid Afrikaners wat ná 1928 in Angola agtergebly het, sou uit die geledere van die Afrikaners in die sentrale dele van Angola kom.

Ongeveer dieselfde tyd as die laaste drie trekgeselskappe na Angola het ander burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat na Manikaland, Mashonaland, Banjailand, Gazaland, Ghanziland, Ngamiland, Damaraland en Groot-Namaland getrek.

Ná die Anglo-Boereoorlog het 'n aantal individue vir redes wat met die Anglo-Boereoorlog verband hou na Angola verhuis. Dit was meestal enkellopende mans. Onder hulle was Lukas Johannes van der Merwe (wie se vrou en een kind in die oorlog deur Engelse troepe doodgeskiet is),[40] Zacharias Christiaan de Beer (wie se vrou en twee kinders in konsentrasiekampe oorlede is)[41] en Jan Harm Labuschagne[42] van Sint Helena, Bernard Wilhelm Oppel[43] en Lodewikus Gerhardus Benade[44] van Bermuda, Willem Mar-

---

37 Anon., "De Groote Trek naar Damaraland", *De Volksstem*, 10 Jun. 1893, p. 3; Anon., "De Groote Trek naar Damaraland", *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad*, 16 Jun. 1893; NAN: A.100, "Verklaring van Daniel Jacobus Robbertse oor die trek van 1893", p. 2.

38 P.J. & I.H. [= J.H.] Steyn, "Humpatha", *Het Kerkblad*. 15 Jun. 1895; NAN: A.100, F.G.A. Siemens, Klein handgeskrewe dagboekie; "Verklaring van Daniel Jacobus Robbertse oor die trek van 1893" & Briewe J.M. Lombard – J von S. von Moltke, 30.10.1928 & 06.01.1929; SAUK: Acc. No. 168300, Onderhoud H.W. Siemens; D.J. Kotzé, *Dapper Kinders van Suid-Afrika*, p. 103; R. McDonald, "Die geskiedenis van die McDonalds en van Oupa Brits in Suidwes-Afrika", *Hertzog-Annale*, 12, 1965, pp. 43–45. Private versameling, Dr. H. Liebenberg: H.C. Grobler, "Die trek na Humpata, 1892".

39 PU: A. Alberts, "Rita McDonald: Geskiedenis van die McDonalds: Voorwoord", pp. 1–2; A. Alberts, *Swart weerlig*, pp. 59, 168.

40 Persoonlike onderhoud: J.H. Opperman, 30.06.2007; TAB: MHG 1144, Maria Elizabeth van der Merwe (gebore Erasmus).

41 D.W. de Beer & J. de Beer, *Die De Beer-familie*, p. 214; TAB: MHG 3105, Susanna Sophia de Beer (gebore Oosthuizen).

42 Persoonlike onderhoude: M.M. du Randt (née Labuschagne), 22.09.2005; J.H. Labuschagne, 23.08.2008.

43 Persoonlike onderhoud: B.W. van Niekerk (née Oppel) & G.M.M. van Wyk (née Alberts), 13.06.2007.

44 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

thinus en Elizabeth Wilhelmina Opperman,[45] Sarel Johannes du Plessis,[46] Petrus Johannes Visser,[47] Matthys Gerhardus Snyman, Philippus Jacobus Robberts en "generaal" François Joubert Pienaar (wat in Tomar in Portugal geïnterneer is).[48]

Gedurende dieselfde tyd ná die Anglo-Boereoorlog het 'n groot aantal Suid-Afrikaners na Brits-Oos-Afrika, Duits-Oos-Afrika, Rhodesië, Suidwes-Afrika, Argentinië, Chili, Mexiko, Nieu-Mexiko, Texas, Madagaskar en Java verhuis. Dit het meestal met teenkanting teen die Britse owerheid en die verarming en verwoesting tydens die Anglo-Boereoorlog verband gehou.

Die "sewende trek" het op 9 Mei 1905 van Palapye vertrek en op 8 Mei 1906 in Belmonte, Bié die laaste keer uitgespan. Dit het uit 11–12 gesinne (31 volwassenes en 27 kinders) in 13 waens uit die Waterberg bestaan.[49] 'n Groot deel van die Afrikaners wat ná 1928 in Angola gebly het, het uit die geledere van die "sewende trek" gekom.

Ná 1907 was daar geen verdere groot trekke na Angola nie, waarskynlik omrede die maatreëls wat waarnemende goewerneur-generaal Henrique Mitchell de Paiva Couceiro ingestel het om verdere trekke aan bande te lê.[50]

Benewens die groot georganiseerde trekke het individue of lede van kleiner trekgroepe vanaf 1880 tot 1927 by die Angola-Boere aangesluit. Een groep het vir sowat twaalf jaar getrek voordat hulle Angola in 1924 bereik het.[51] In 1911–1912 het 'n trek bestaande uit die weduwee Cecilia Johanna Scholtz met drie volwasse kinders asook F.N. (Frikkie) de Flamingh en S.O. (Fanie) Lambert van Grootfontein in Duits-Suidwes-Afrika na Angola getrek.[52]

By afloop van die Rebellie in 1914–1915 het Manie (Salomon Gerhardus) Maritz

---

45 Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005.
46 J.A. Heese, *Suid-Afrikaanse Geslagregisters*, Deel 8, p. 174.
47 J. von Moltke, *Jagkonings*, pp. 258–259.
48 O.J.O Ferreira, *Viva os Boers!*, verskeie verwysings.
49 NALN: Coetzee, Jan Albert (Ms 2561/83) 716.5, Brief B.J. Ludeke, Lushongule, Suid-Rhodesië – Dirk Pons & Ko. Potchefstroom, ongedateer (ca. 1925); C.J. Diederiks, "Correspondentie: West Afrika", *Het Kerkblad*, 1 Jul. 1908, p. 8; SAUK: 58/8 18/57–59(58), Onderhoud Mnr. Engelbrecht, 02.10.1958.
50 "Ofício confidencial n.o 42, do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o Cônsul de Portugal na Cidade do Cabo", 16 de Dezembro de 1907, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 14, nos. 55–58, Janeiro–Dezembro de 1957, pp. 109–110; "Ofício confidencial do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o M. S. E. N. M. U.", 25 de Junho de 1908, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 15, nos. 59–62, Janeiro–Dezembro de 1958, p. 62; AHU: JCU, Rep. 1, 27 de maio de 1909, Cx. 40. Registo Liv. 9. No. 0096, Briewe Governador Geral – Ministro, 05.03.1909, Governador Geral – Ministro, 17.05.1909, Director Geral – Ministro, Jun. 1909, Governador Geral – Ministro, 14.01.1910; H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907 – Junho 1909)*, p. 177.
51 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 5–6; N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 386–405.
52 Private versameling, prof. H.M. Roos: C.J. Scholtz, "Dagboek van C.J. Scholtz. Hoe ik van Damra Lant trek naar Portgies Lant", 204 pp.; PU: S.O. Lambert, Herinneringe "Vertel deur van Stephanus Oskar Lambert", p. 25.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en enkele van sy rebelle deur Duits-Suidwes-Afrika na Angola gevlug, voordat hulle in Angola en Portugal vir die duur van die oorlog geïnterneer is. Onder hulle was Manie Maritz (wie se vrou en kinders later by hom aangesluit het), Koos de Klerk (wat in Alcobaça op 19 Maart 1919 met Maria Catarina Leão de Almeida e Silva getroud is), Awie de Klerk, Dietlof Siegfried Maré (wat in Angola op 2 Januarie 1918 met Anna Susanna Catharina Groesbeek getroud is), Adam Boshoff, Lodewyk Engelbrecht, kmdt. A. Kamfer, Hendrik Christoffel Mans, H. Williams, Jannie de Waal en Jan du Toit. Ná die oorlog is die meeste van hulle weer terug na Suid-Afrika.[53]

In Oktober 1921 het nege gesinne van Ghanzi getrek en gedurende 1922 by Sacanjimba in Bié aangekom.[54] Gedurende die tydperk 1923–1925 het 45 Suid-Afrikaanse immigrante hulle in Angola gevestig, terwyl slegs vyf Angola verlaat het.[55]

Hierdie groot aantal individue wat by die Afrikanergemeenskap in Angola aangesluit het (of onder hulle ingetrou het), is al as 'n "agste Dorslandtrek-groep" bestempel. Onder hulle was daar ander Afrikaners, Engelssprekende Suid-Afrikaners, Engelse, elf Duitsers, ses Nederlanders, 'n Belg, 'n Italianer, 'n Pool, twee Switsers, Portugese van Portugal, Macau, die Kaap-Verdiese Eilande en Madeira en selfs 'n Portugese Jood van Marokko. Hulle was veral om twee redes belangrik. Eerstens was hulle vir die konserwatiewe, konformistiese Afrikanergemeenskap in Angola 'n intellektuele inspuiting. Daar was veral onderwysers in hierdie groep. Tweedens was hulle om genetiese redes belangrik om die gevaar van inteling in hierdie klein gemeenskappie teen te werk.[56]

Teen 1923 het ds. S.J. Strydom bevind:

> Die meerderheid van daardie Afrikaners is nie meer die Afrikaner van Suid Afrika nie. Die Vaderlandsliefde en Nasionitaliteits [sic] gevoel groei langsamerhand los van Suid Afrika, en begin 'n Angoliaanse [sic] karakter te dra. Daar is 'n Afrikaner plantje op Portugese bodem geplant, wat langsamerhand besig is zy eie vrugte te dra.[57]

Die tydperk tot 1928 is in later jare gemitologiseer tot die een of ander tydperk van 'n paradyslike, edele bestaan. Jare later het een van die Angola-Boere verklaar:

---

53 NHK: G25 3/2/2, Lidmateregister Nederduitsch Hervormde Gemeente Humpata; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp. 111–126; M. Maritz, *My lewe en strewe*, pp. 85–94.

54 J.G.W. Zahn, "Uit Angola", *Suidwes Nuus*, 20 Okt. 1922, p. 1; J.G.W. Zahn, "Uit Angola", *Suidwes Nuus*, 11 Mei 1923; A.D. Luckhoff, "Ver en gou gery, II", *De Kerkbode*, 30 Jul. 1924, p. 985; Private versameling: J.J. van der Berg: "Die Van der Bergs", p. 1; Persoonlike onderhoud: J.F. Potgieter (née Taljaard), 01.06.2008.

55 Anon., "Os estrangeiros em Angola", *A Província de Angola*, 11 de Setembro de 1926.

56 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 82–83.

57 NHK: K1/2 3/27/8, Ds. S.J. Strydom – Hoogeerwaarde Kommissie van die Algemene Vergadering, 03.12.1923, p. 18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> In die vyftig jaar het daar onder 'n gemeenskap van meer as tweeduisend siele ook geen egskeiding, misdaad, dronkenskap, dieremishandeling of bedrog voorgekom nie; geen skuld onbetaal gebly nie.[58]

Daar is geen feitelike basis vir hierdie stelling nie.

Volgens skatting was die volgende getal Afrikaners en Afrikaanse huisgesinne teen 1926 in Angola woonagtig:

	Aantal persone	***Aantal huisgesinne***
Humpata (Insluitend Palanca & Vaalkop)	300–400	100
Sandveld (Otchinjau, Curoca & Mocuma)	100–200	80
Qué, Caluquembe	200–300	50
Hoëveld (Cubal & Hanha)	100	20
Lepi (Huambo, Caála, Longonjo & Cuando)	150	30
Mombolo (Insluitend Namba, Cumbira, Dumbe)	300–400	60
Chinguar & Sacangimba	100	20
Libolo (Bailundo & Casulo)	100	20
Cassai, Diamantvelde & Congo	50	15
Verspreid wonende	200–300	50
TOTAAL	**1600–2100**	**435**

Tabel 3: Getal Afrikaners en Afrikanergesinne in Angola, 1926[59]

Redes waarom die Afrikaners na Angola getrek het

Oor die redes waarom verskillende groepe mense gedurende die laat negentiende eeu deur die droë westelike dele van Suider-Afrika na Angola getrek het, is tot op hede nie eenstemmigheid bereik nie. Dit word ook tot vandag toe nie afdoende verklaar nie. Daar kan egter aanvaar word dat dié trekke komplekse verskynsels was wat waarskynlik die gevolg van 'n hele aantal ekonomiese, godsdienstige en politieke faktore was.[60] Dit sou

58 A. Alberts, "Betekenis van die Dorslandtrek", *Tydskrif vir Letterkunde*, 3(3), Aug. 1965, p. 49.

59 SAB: BTS 86/7/1/ Vol. 1, E. Meyer, Aantekeningen aangaande de Afrikaanse of Boerenbevolking in Angola, met bizondere betrekking tot hun nasionale burgerschap (status), Maart 1926, p. 12, & Opsomming van E. Meyer se brief van 12 Sept. 1927. Die getalle van die aantal persone vir Lepi, Libolo en "Verspreid wonende" is deur my (FJNS) geskat.

60 Kyk o.a. WITS: A322f, J.L. Cachet, "Hoe ik Kerstfeest vierd te St. Januario Humpata"; P.J. Veth & J.F. Snelleman (reds.), *Daniël Veth's Reizen in Angola*, pp. 287–289; TAB: A.1694, J. von Moltke, "Die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook 'n fout wees om te dink dat al die trekke gemeenskaplike oorsake het, hoewel daar soms heelwat ooreenkomste in die oorsake van die verskillende trekke is.[61]

1. Godsdienstige redes

Hattingh meen dat daar na godsdienstige redes gesoek moet word omdat die meeste trekkers lidmate van die Gereformeerde Kerk was.[62] Die vroegste bronne noem "de ongodsdienstigheid der regering; de geheele vrijmaking der gekleurden; en andere onbestaanbare wetten" as redes waarom hulle getrek het.[63]

Onder "de ongodsdienstigheid der regering" moet ontevredenheid met die "liberale" regering van die nuwe president Thomas François Burgers (presidentstermyn 1872–1877) verstaan word.[64] Van die vernaamste besware teen Burgers was sy "dwaalleringe", sy onderwyswet wat godsdiensonderrig in skole tydens skoolure verbied het, die feit dat hy soms op Sondae gereis het, soms by danspartye en dinees aanwesig was en dat hy 'n Vrymesselaar was.[65] Pres. Burgers het veral sterk teenstand uit die geledere van die Doppers (lidmate van die Gereformeerde Kerk) gekry.[66] Dit is dus geen wonder nie dat die meerderheid Dorslandtrekkers uit die geledere van hierdie kerk se lidmate gekom het.[67] Onder die trekkers was verskeie stigterslede van die Gereformeerde Kerk soos R.J. (Dolf) Holtzhausen, S.J. Kruger, P.J. (Piet) Venter (Paul Kruger se stiefpa), J.J. (Jurie) Bekker, G.C. (Gert) Snyman, L.A. (Louw) Snyman, L.M. (Louw) du Plessis, D. Erasmus, F. Robbertse en J. Robbertse.[68]

Dorslandtrekke en hul betekenis vir die beskawing van Wes- en Suidwes-Afrika" en "Die oorsake van die Dorslandtrekke (1874–7)"; G.P.J. Trümpelmann, "Die Boer in Suidwes-Afrika", pp. 20–22; J.P. Jooste, *Gedenkboek van die Dorslandtrek*, p. 14; J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895"; J.L. Hattingh, "Die trekneiging by die Afrikaner tussen 1875 en 1895", *Die Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 7, Nov. 1975, pp. 43–61.

61 N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", p. 1.

62 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 27; J.L. Hattingh, "Die trekneiging by die Afrikaner tussen 1875 en 1895", *Die Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 7, Nov. 1975, p. 46.

63 Anon., "Emigratie", *De Maandbode*, 1 Aug. 1873.

64 Private versameling, Paul van Zijl: W.W. Jordan, "Memoirs", p. 16; H.W. Struben, *Recollections of adventures*, p. 147; Herinneringe van D.J. Erasmus in A.J. van der Walt, *Noordwaarts!*, p. 218. Dit is hierteenoor vreemd dat die leiers van die eerste trek jare later teenoor Ds. D. Postma verklaar het dat hulle geen godsdienstige besware teen die regering gehad het nie. Kyk D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 11, soos aangehaal en vertaal in G.S. Preller, *Voortrekkers van Suidwes*, p. 90.

65 F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868–1881*, pp. 109–111; J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 22–27; N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 9–24.

66 N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 12–13, 21–24.

67 Gedurende September 1876 was van die 198 volwassenes (409 siele) aan die Krokodilrivier 174 lidmate van die Gereformeerde Kerk, 18 van die NG Kerk en 6 van die Hervormde Kerk – Anon., "Kerknieuws. Emigratie", *De Maandbode*, 1 Nov. 1876.

68 B. Spoelstra, *Die "Doppers" in Suid-Afrika, 1760–1899*, p. 256.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een moontlike trekrede wat tot dusver weinig aandag van historici geniet het, was die gebrekkige leierskap van die Gereformeerde predikante, die onderlinge kerklike twiste en die "algemene doodsheid" in die Gereformeerde Kerk in Transvaal. Die feit dat ds. N.J.R. Swart as Gereformeerde predikant van Pretoria (1866–1871) bedank het om staatsekretaris van die "liberale" Thomas Burgers te word en die feit dat sy opvolger ds. J.S.L. Venter (1872–1880) 'n "dubbele rol tydens die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1877 gespeel" het, het waarskynlik in geen geringe mate nie tot die ontevredenheid van die Gereformeerde lidmate bygedra.[69] Dit sou ook 'n verklaring kon bied hoekom juis Gereformeerde lidmate van die Rustenburg-Pretoria-omgewing so 'n groot deel (sowat 80%) van die eerste drie trekke uitgemaak het.

Onder die godsdienstige beweegredes moet die soeke na 'n aardse paradys of Nuwe Jerusalem nie uit die oog verloor word nie. J.P. Claasen het reeds verwys na die verband tussen prominente Jerusalemgangers en persone wat aan die Dorslandtrek deelgeneem het.[70] Dit word gestaaf deur 'n verklaring van William Worthington Jordan: "Gert Alberts again said that his father [Andries] prophesied that the Transvaal was but a resting place for them for a time, and that they like the Children of Israel will have to cross the river Jordan. If not they their children."[71]

Dit is 'n amper woordelikse eggo van ds. Andrew Murray se woorde in 1849 oor die Jerusalemgangers: "Zij zijn degenen, die op weg zijn naar Jeruzalem en hunne tegenwoordige woningen slechts als een rustplaats beschouwen op den weg daarhenen."[72]

Die gebrek aan geestelike leierskap deur predikante het moontlik aanleiding gegee tot die belangrike rol wat profete, visioene en drome gespeel het in die hele trekbeweging. Onder die Jerusalemgangers het 'n "profetes" Mietjie Gous byvoorbeeld 'n belangrike rol gespeel.[73] Dit word ook bevestig deur 'n verklaring van Anna Francina Bezuidenhout, een van die vroegste trekkers: "Die Van der Merwes het op 'n droom van hul moeder uit Transvaal getrek; netsoas sy gedroom het, so het hulle getrek en alles het so gebeur […]"[74]

---

69 B. Spoelstra, *Die "Doppers" in Suid-Afrika, 1760–1899*, pp. 255–256, 259–260; H. Turkstra, "Die Gereformeerde Gemeente Pretoria 1859 tot 1930: 'n Kultuurhistoriese studie", pp. 58–68, 73–76, 96–97; N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 22–23.

70 J.P. Claasen, "Die Jerusalemgangers, met besondere verwysing na J.A. Enslin", pp. 102–105; J.P. Claasen, *Die Jerusalemgangers, met besondere verwysing na J.A. Enslin*, pp. 99–102. Kyk ook A. von Danckelmann, "Ein Besuch in den portugiesischen Kolonien Südwestafrikas, Sommer 1883", *Deutsche Geographische Blätter* (Geographische Gesellschaft in Bremen), Band VII, Heft 1, 1884, p. 58; N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", p. 34.

71 Private versameling, Paul van Zijl: W.W. Jordan, "Memoirs", pp. 16–17.

72 Ds. Andrew Murray soos aangehaal deur S.P. Engelbrecht, "Die Jerusalemgangers", *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, jg. 41, 1947, p. 62.

73 J.P. Claasen, *Die Jerusalemgangers, met besondere verwysing na J.A. Enslin*, pp. 51–53, 57–58.

74 PU: A.F. Bezuidenhout, "Vertel deur ou tante Anna Fransina Bezuidenhout (geb. Oosthuizen)", p. 8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Nuwe arbeidswetgewing in die ZAR en die vrees vir gelykstelling

Onder "de geheele vrijmaking der gekleurden; en andere onbestaanbare wetten" is dit moontlik dat onkunde oor die nuwe arbeidswetgewing in die ZAR en die gevolglike vrees vir gelykstelling tussen swart en blank 'n belangrike rol gespeel het.[75] In *De Volksstem* het "Dom Boer Dagon" gedurende hierdie tyd geskryf:

> God heeft een onderscheid gemaakt maar UEd. [die Volksraad] wil dat onderscheid verbreken en de Kaffers gelijk maken met ons Christenen. God heeft aan hen door kleur en haar en reuk dat onderscheid gemaakt en gezegd dat zij zullen houthouwers en waterputters zijn, maar UEd. wil dit veranderen en mij ook teen Gods woord in verzet laten komen […]"[76]

Onder "andere onbestaanbare wetten" word moontlik dat hier die nuwe arbeidswetgewing ten opsigte van swart bywoners op blanke plase in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) wat ná afloop van 'n kommissie van 1871 van krag geword het, bedoel.[77] Hieronder val moontlik ook die Paswet van 1873 wat daarop gemik was om gedwonge diensbaarheid op te hef en aan swartes die reg te gee om hulle na willekeur te verhuur.[78]

Hattingh noem die arbeidsprobleme in die ZAR as 'n moontlike trekrede. Hy slaag daarin om arbeidstoestande in Transvaal en die Vrystaat in die laaste kwart van die negentiende eeu suksesvol te ontleed.[79] Hy slaag egter nie daarin om die verband tussen arbeidsprobleme en gevolglike trekbewegings aan te toon nie. Hy het byvoorbeeld geen poging aangewend om te ondersoek of die meeste trekkers uit die distrikte met die grootste arbeidsprobleme gekom het nie.

As die probleem om arbeiders in die hande te kry een van die trekredes was, sou 'n mens verwag dat heelwat trekkers uit die Vrystaat sou kom, omdat die grootste tekort aan arbeiders gedurende hierdie tyd in die Vrystaat ondervind is. Dit was egter nie die geval nie. (In Transvaal is vyf swart gesinne per plaas aanvanklik as voldoende arbeid beskou, hoewel die arbeidsbehoefte in later jare groter was. In die Vrystaat was daar teen 1880

---

75 N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 24–26.
76 Dom Boer Dagon, "Correspondentie: Aan 'Een Boer.'", *De Volksstem*, 22 Jan. 1876, p. 3.
77 Vir 'n volledige verslag van die kommissie se werksaamhede kyk J.S. Bergh & F. Morton (Eds), *"To make them serve …": The 1871 Transvaal Commission on African Labour*.
78 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 462; N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 24; M.S. Appelgryn, *Thomas François Burgers, Staatspresident 1872–1877*, pp. 63, 101.
79 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 445–468. Anon., "Verhuizing naar het Noorden", *De Volksstem*, 11 Mrt. 1876, p. 2, noem "gebrek aan werkvolk" as 'n moontlike trekrede.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar ses swartes vir elke vyf blankes, terwyl die oorgang na intensiewe boerdery verder gevorder was, sodat die arbeidstekort in die Vrystaat veel groter was.[80])

Nie een van die trekkers het dit ooit gestel dat hulle trek omrede ontevredenheid oor die gebrek aan arbeiders nie. Hattingh meld ook dat daar geen bewys bestaan dat burgers na ander landstreke getrek het met die hoop om beter of meer werkers te bekom nie.[81] Die trek na Angola het byvoorbeeld nie die Angola-Boere se arbeidsprobleme opgelos nie want hulle moes steeds self in hulle arbeidsbehoeftes voorsien, hoewel hulle darem ook van die dienste van die "mak volk" en later van slawearbeid gebruik gemaak het.

3. Onsekere politieke toestande

'n Mens moet ook die onsekere politieke en gevolglik ekonomiese toestande in Transvaal gedurende die sewentigerjare van die negentiende eeu in ag neem. Hier kan die Transvaalse burgeroorlog, die ontruiming van Soutpansberg (Schoemansdal), die Sekoekoeni-oorlog, "naturelle-onruste", verlies van die Diamantveld en gebreke in die geldstelsel genoem word.[82]

Gedurende die sestigerjare van die negentiende eeu was daar diepe verdeeldheid in Transvaal en van nasionale bewussyn nouliks sprake. Op kerklike gebied is die samelewing verdeel in drie kerkgenootskappe. Die kerklike verdeeldheid het onderlinge wantroue en politieke verdeeldheid in die hand gewerk. Kort tevore was daar nog 'n burgeroorlog in Transvaal. Van Jaarsveld identifiseer dit as "ontbindende kragte" in die Transvaalse samelewing en bestempel dit as 'n "totaal gemis aan vaderlandsliefde" en "geen bindkrag van die regering nie".[83]

Burgers word in 'n mate ten onregte die skuld gegee vir onenigheid in die land en die daaropvolgende trekke uit die ZAR. Sy bewind het egter op 'n tydperk van groot onstuimigheid in die ZAR gevolg. Voor sy bewind het die land nooit 'n stabiele regering gehad nie. Dit is te betwyfel of enige persoon in Transvaal oor die wysheid en takt beskik het om die middelpuntvliedende kragte in die verdeelde Transvaalse samelewing te oorkom.

---

80 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 453, 459.

81 *Ibid*., pp. 466–467.

82 B. Spoelstra, *Die "Doppers" in Suid-Afrika, 1760–1899*, p. 256; N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 2–8. J.G. Perry, "The social and economic conditions of the Transvaal from 1852 to the first annexation in 1877", gee 'n uitgebreide ontleding van die ekonomiese toestande in Transvaal tot 1877.

83 F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868–1881*, pp. 101–114; J.L. Hattingh, "Die trekneiging by die Afrikaner tussen 1875 en 1895", *Die Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 7, Nov. 1975, pp. 46–49; J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 53.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Burgers was eweneens nie opgewasse vir hierdie taak nie hoewel hy met ’n oorweldigende meerderheid tot president verkies is.

Harry Struben vertel dat die “fine old ‘Dopper’ Voortrekker” Rudolf Holtzhausen die ZAR verlaat het nadat Struben as voorsitter van die grondkommissie in ’n hofsaak teen hom moes beslis het, hoewel hy gevoel het dat Holtzhausen se opponent, ene Boshoff, Holtzhausen bedreig het. Nadat Holtzhausen hom met trane in die oë bedank het, het Holtzhausen besluit om die ZAR te verlaat omdat hy ingesien het dat onder die ZAR-regering die wette nie goed was nie en onregverdigheid in die hand gewerk het.[84] Struben meen selfs dat die Dorslandtrekkers Transvaal verlaat het omdat hulle hul regering nie vertrou het nie, weens die algemene onrus en armoede as gevolg van wanbestuur.[85]

’n Nasionale bewussyn onder die Afrikaners in die ZAR sou eers met die Eerste Vryheidsoorlog (1880–1881) ontstaan.[86] Die ontdekking van goud kort daarna het die land se finansies op ’n gesonde grondslag help plaas en stabiliteit in die hand gewerk.

In die jare ná 1890 het “politieke ontevredenheid onder die Republikeinse bevolking” tot nuwe trekke uit die Vrystaat en Transvaal aanleiding gegee. Hierin het oningeligtheid, wantroue en opstokery geen geringe rol gespeel nie. Baie trekkers was spesifiek ontevrede met die bewind van Paul Kruger in die ZAR en dié van F.W. Reitz in die Vrystaat. In die presidentsverkiesing van 1893 het Kruger byvoorbeeld met ’n klein meerderheid aan bewind gekom. Daarna het baie ontevredenes die land verlaat.[87]

4. Vrees vir Britse imperialisme

Daar was ook diegene wat die trekke gesien het as tydige ontkoming van Britse Imperialisme en die latere Britse anneksasie van 12 April 1877, die sogenaamde “Rooi Dingaan”.[88] Dit is vermoedelik ’n dowwe eggo van ds. Andrew Murray se woorde oor die Jerusalemgangers in 1849:

> Er is een klein aantal, dat zich als het heilig volk des Heeren wil voorgeven, dat, wegens de verbastering der Kerk in de woestijn is gevlugt, om nog eenmaal naar het Heilige land de reize aan te nemen, en zij hebben mij, na voorafgaand onderzoek, niet kunnen goedkeuren, en wel daar ik nog onder het Engelsche Gouvernement (den Antichrist,

84 H.W. Struben, *Recollections of adventures*, p. 111.
85 *Ibid.*, p. 176.
86 F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868–1881*, pp. 121–140.
87 J.L. Hattingh, “Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895”, pp. 577–589.
88 Private versameling, Paul van Zijl: W.W. Jordan, “Memoirs”, p. 16; Herinneringe van D.J. Erasmus in A.J. van der Walt, *Noordwaarts!*, p. 218; TAB: A.787, Band 121B, “‘Jagt.’ Storie, Een langen Dorst, met goed gevolgen”, p. 218; N.A. Burger, “Die Dorslandtrek.’n Histories-geografiese studie, 1870–1954”, pp. 27–34.

© University of Pretoria

> een van de hoornen van het beest, enz.) ben […].[89]

Onder diegene wat waarskynlik gekant was teen ’n Engelse regering was enkele families waarvan familielede aan rebellekant betrokke was by die Slagtersnek-opstand van 1815. Onder hulle was die Prinsloos, Bothmas, Coetzers, De Beers en De Klerks.[90] Interessant genoeg was onder die Dorslandtrekkers ook ander families wat aan regeringskant betrokke was, onder andere die afstammelinge van veldkornet P.A. Opperman.[91] Die feit dat sommige Dorslandtrekkers familie was van mense wat by Slagtersnek betrokke was, moet dalk eerder daaraan toegeskryf word dat baie Dorslandtrekkers se voorouers voor die Groot Trek uit die Tarka (distrik Cradock) en die Baviaansrivier (distrik Somerset-Oos) gekom het.

Die belangrikste beswaar teen Engelse druk as ’n trekrede is dat geen Dorslandtrekkers ten tye van die trek (dit wil sê voor 1877) dit as een van die trekredes opgee nie. Daar is wel ’n enkele verwysing: “Zij zeggen dat de Transvaal door Engelschen overstroomd wordt en zij kunnen met hen niet zamenwonen,” maar hierdie uitspraak is deur Hendrik van Zyl se jagters gemaak en nie deur die Dorslandtrekkers nie.[92] Dit is verder vreemd omdat die periode sedert die Sandrivier-konvensie (1852) tot 1877 volgens Van Jaarsveld juis gekenmerk word deur die afwesigheid van enige Engelse druk in Transvaal. Hy identifiseer inteendeel juis die afwesigheid van enige Engelse druk as een van die oorsake van die interne verdeeldheid in Transvaal.[93]

Hierdie trekrede is ook problematies as in ag geneem word dat die eerste drie trekke voor die anneksasie plaasgevind het, geen trekke tydens die Britse bewind (1877–1881) plaasgevind het nie en latere trekke eers gevolg het toe Transvaal nie meer onder Britse bewind was nie. Dit is ook vreemd dat geen trekkers ná die anneksasie van Basoetoland (1868) en die Diamantveld (1871), en selfs later, uit die Vrystaat getrek het nie – soos wat ’n mens tog sou kon verwag as vrees vir Engelse imperialisme wel ’n trekrede was.

---

89 Ds. Andrew Murray soos aangehaal deur S.P. Engelbrecht, “Die Jerusalemgangers”, *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, jg. 41, 1947, p. 62.

90 J.A. Heese, *Slagtersnek en sy Mense*, pp. 75, 114, 116, 120–122, 130–131, 168–169, 182–183. A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 7, noem ook die name van Willem en Paul Venter, Ignatius Labuschagne en Johanna Elizabeth Margaretha Bester (x Gert Andries Jacobus Alberts), maar dit word nie deur Heese gestaaf nie.

91 J.A. Heese, *Slagtersnek en sy Mense*, pp. 75, 171–172.

92 Anon., “Aan het trekken”, *De Volksstem*, 21 Febr. 1874. Hendrik van Zyl word hier verkeerdelik Piet van Zyl genoem.

93 F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868–1881*, pp. 8, 102, 111–114.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5. Vrees vir die beskawing

Daar is selfs bespiegel, dikwels deur Engelse skrywers, dat die trekke bloot pogings was om die aankomende beskawing te ontvlug.[94] Hierdie bespiegelings kan nooit ernstig opgeneem word nie.

6. Gebrek aan grond en gevolglike bevolkingsdruk

Sommige trekkers het Transvaal verlaat omdat hulle geen grond besit het nie. Volgens William Worthington Jordan, een van die vroegste ooggetuies: "One van der Merwe told me he trekked because the Transvaal was too thickly populated."[95]

Dit moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat die totale blanke bevolking in Transvaal in hierdie jare ongeveer 30 000 was.[96] Aanvanklik het elke burger van die Zuid-Afrikaansche Republiek bo die ouderdom van 16 jaar die reg op twee plase gehad. Dit is in 1859 na een plaas verminder vir burgers wat ná 1852 die land ingekom het. Verdere grondaantekening in die Zuid-Afrikaansche Republiek is onverwags in 1869 deur die Volksraad verbied. Daar was teen 1876 nog groot dele van Transvaal wat nog onbewoon was, hoewel dit óf in ongesonde streke geleë was, óf 'n watergebrek gehad het óf deur swart stamme bedreig is. In 1883 was daar in Transvaal nog 1525 onbesette plase.[97]

Wanneer plase wel verkoop is, is dit vir onrealisties lae bedrae verkoop. Dit lyk nie of die begrip dat grond 'n beperkte kommoditeit is en dat dit mettertyd nie meer vrylik beskikbaar sal wees nie, toe al onder die Transvaalse bevolking posgevat het nie.[98] Die bewering dat 'n gebrek aan grond in Transvaal 'n belangrike trekrede vir die eerste drie

---

94 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 370; J.L. Hattingh, "Die trekneiging by die Afrikaner tussen 1875 en 1895", *Die Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 7, Nov. 1975, p. 46.

95 Private versameling, Paul van Zijl: W.W. Jordan, "Memoirs", p. 16. Kyk J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 469–509, vir 'n volledige bespreking van "grondlose burgers" as 'n trekrede.

96 F.J. Potgieter, "Die Vestiging van die Blanke in Transvaal (1837–1886) met spesiale verwysing na die verhouding tussen mens en omgewing", p. 107; F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868–1881*, p. 102. Kyk ook p. 185 n. 4. Volgens 'n sensus van die inwoners van die ZAR (TAB: SS 165, R2160/73 & R2177/73) was daar 18 211 blankes in die distrikte Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg, Soutpansberg, Wakkerstroom, Utrecht, Waterberg, en Marico. As die getal vir die distrikte Pretoria, Heidelberg, Bloemhof en Nazareth op ongeveer 10 000 tot 12 000 geskat word, was daar ongeveer 28 000 tot 30 000 inwoners in die ZAR. F. Jeppe, *Transvaal Book Almanac and Directory for 1877*, pp. 34–35 meen dat die bevolking gewoonlik op ongeveer 25 000 tot 30 000 geskat word maar dat dit selfs so hoog as 40 000 tot 45 000 kan wees.

97 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 472–474, 485, 487, 489. Op p. 485 word die jaartal 1899 vermeld, maar dit is duidelik dat dit 'n tikfout is en 1869 bedoel word.

98 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 480, 485.

© University of Pretoria

trekke was, moet dus versigtiger beoordeel word. Uit die Vrystaat, waar minder grond beskikbaar sou wees en waarvandaan gevolglik meer trekkers verwag sou kon word, was daar in elk geval geen trekkers nie.

'n Noukeurige ondersoek van die sensuslys van 1873 toon dat die meerderheid Dorslandtrekkers uit die Rustenburg-distrik voor die trek bywoners was. Gemiddeld het ongeveer drie tot vier bywonergesinne op elke plaas gewoon.[99]

Teen 1890 was grond in sekere streke van Transvaal nie meer beskikbaar nie. Die Burgerregtekommissie het in 1890 bevind dat daar 4100 burgers was wat wettige aansprake op burgerregplase gehad het. Die staat het egter nie oor soveel staatsgrond beskik dat 'n volle plaas aan elke burgerreghouer toegeken kon word nie. In 1891 is gevolglik besluit om aan elke burgerreghouer 'n paar dorpserwe in verskillende dorpe toe te ken. Dit het tot groot ontevredenheid aanleiding gegee en gou het 'n hele paar georganiseerde trekke die ZAR verlaat.[100] Daaronder was verskeie trekke na Angola tussen 1891 en 1894.

Hoewel die gebrek aan grond een van die redes was waarom hierdie mense Transvaal en die Vrystaat verlaat het, was daar selfs in 1895 nog nouliks sprake van oorbevolking in hierdie twee republieke.[101]

7. Armoede

Hattingh noem die "onvergenoegdheid van die Republikeinse bevolking weens hulle armoede" as een van die trekredes. Hy skets die slegter wordende ekonomiese omstandighede en grootskaalse verarming van die landelike bevolking in die laaste kwart van die negentiende eeu en toon aan dat trek 'n moontlike oplossing vir hierdie probleme kon bied.[102] Die tydperk voor 1877 word wel gekenmerk deur die swak ekonomie in Transvaal, skuld wat die land opgebou het, handel wat tot stilstand gekom het en waardelose papiergeld.[103]

Hierteenoor is daar getuienis van Dorslandtrekkers se tydgenote dat die Dorslandtrekkers welaf was voordat hulle Transvaal verlaat het.[104] As 'n mens kyk na die opgawe van veegetalle met die aanvang van die trek en in ag neem dat heelwat van die trekkers diakens en ouderlinge in die Gereformeerde Kerk was (en daar gevolglik na hulle opgesien is),

---

99 TAB: SS 165, R2160/73, Opgave van Personen en Plaatsen (Cencuslijsten) (1873).
100 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 477, 487–490.
101 *Ibid*., p. 509.
102 *Ibid.*, pp. 536–576.
103 F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868–1881*, p. 105.
104 Anon., "The Trek Boers. An appeal for help", *The Cape Argus*, Saturday, 6 Sep. 1879; Anon., "Die Transvaalse Trekboere in Damaraland", *Di Afrikaanse Patriot*, Deel IV, No. 160, 12 Sept. 1879, p. 1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word hierdie indruk bevestig. Hulle is egter deur die rampspoedige trek aansienlik verarm.

In die distrik Rustenburg, waarvandaan 'n groot aantal van die Angola-trekkers gekom het, was ongeveer 80% van die agterstallige belastingpligtiges Engelssprekendes.[105] As armoede een van hulle trekredes was, sou 'n mens verwag dat daar meer Afrikaanssprekende agterstallige belastingpligtiges sou wees.

8. Vrees vir nuwe belastings

In een tydgenootlike bron word "vrees voor meerdere belasting" as 'n moontlike trekrede genoem.[106] Onder die nuwe belasting wat gedurende hierdie tyd gehef is, was 'n ekstra hoofbelasting van 2/6 ter verbetering van die openbare paaie, 'n ekstra belasting van 30 sjielings ter dekking van die rente op die spoorweglening en 'n oorlogsbelasting van £2 tot £10 per burger en £12 vir vreemdelinge ter dekking van oorlogskoste.[107] Hattingh is egter van mening dat nuwe belastings wat sedert 1874 gehef is nie van die redes vir die Dorslandtrekke kon wees nie. Dit is moontlik, want hierdie belastings is eers in Junie en September 1876 ingevoer, toe sommige trekkers reeds getrek het en ander reeds op die punt gestaan het om te vertrek.[108] Dit strook ook met 'n verklaring wat die leiers van die eerste jare later teenoor ds. D. Postma gemaak het.[109] Appelgryn is daarteenoor van mening dat gerugte gedurende hierdie tyd die rondte gedoen het – dat die regering van voorneme was om belasting te hef op onder andere alle horingvee, perde, pluimvee en honde, en dat elke burger verplig sou word om elke drie jaar krygsdiens te verrig – en dat die oningeligte Transvalers sulke gerugte maklik as die waarheid sou aanvaar.[110]

Sommige trekkers was ongelukkig omdat hulle soms vir militêre diens opgeroep is en dan nie hulle lande kon bewerk nie. Die feit dat hulle volgens die nuwe krygswet geen kompensasie ontvang het vir gekommandeerde waens en osse wat tydens inboorlingoorloë in die slag gebly het nie, het tot verdere ongelukkigheid aanleiding gegee.[111]

9. Goudkoors

Hattingh noem die "verderflike goudkoors" ook as 'n moontlike trekrede vir latere trekke

---

105 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 543.
106 Anon., "Verhuizing naar het Noorden", *De Volksstem*, 11 Mrt. 1876, p. 2.
107 J.N. Susan (samest.), *Index der Staatscouranten over de jaren 1871 tot en met Juli 1881*, pp. 73, 76–77; F. Jeppe, *Transvaal Book Almanac and Directory for 1877*, pp. 44, 58; H.W. Struben, *Recollections of adventures*, pp. 143–144.
108 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 545; F. Jeppe, *Transvaal Book Almanac and Directory for 1877*, p. 58.
109 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 11, soos aangehaal en vertaal in G.S. Preller, *Voortrekkers van Suidwes*, p. 90.
110 M.S. Appelgryn, *Thomas François Burgers, Staatspresident 1872–1877*, p. 63.
111 A. Anderson, *Twenty-five years in a waggon: Sport and travel in South Africa*, p. 271.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en skryf: "Daar bestaan dus 'n verband tussen die goudkoors en die trekneiging van die negentigerjare [van die negentiende eeu]."[112] Hy slaag egter nie daarin om hierdie verband te bevestig nie. In die geval van die eerste drie trekke na Angola was dit allermins een van die trekredes en die ontdekking van goud en die gevolglike rykdom wat dit sou bring, het nog in die toekoms gelê. Dit was wel reeds teen 1859 bekend dat goud in Betsjoeanaland voorkom.[113]

10. Ekonomiese redes

Trek is die sleutelwoord in die Afrikaner-historiografie. Lawrence Green het dit soos volg gestel: "Trek! There is no more powerful word in the Afrikaans language. For that reason, no doubt, it has been taken over by English dictionaries."[114] Met een of twee uitsonderings het die ekonomiese implikasies daarvan nog min aandag geniet.[115]

Om te trek (en dus goedkoop grond in die hande te kry), was vir die trekboere die enigste manier om hulle gebrek aan kapitaal, vaardighede en ekonomiese geleenthede die hoof te bied. Dit sou egter 'n fout wees om die Boere se avontuurlus en onafhanklikheidstrewe uit die oog te verloor. Oorbeweiding en bevolkingsdruk het ook tot verdere migrasie aanleiding gegee. Stygende grondpryse en intensiewe landbou het mettertyd die doodsklok vir die trekbeweging gelui.[116] Volgens Neumark was die trekboere van die begin af by 'n markekonomie ingeskakel en was die aantrekkingskrag van markte, eerder as bevolkingsdruk, 'n belangrike dryfveer vir die trekboerbeweging.[117]

Volgens een van die Dorslandtrekkers van 1893–1894, Daniel Jacobus (Ou Daan) Robberts, het die mense getrek nadat vroeëre trekkers en familielede hulle van die gunstige toestande in Angola vertel het:

> en as gevolg van wat [hulle] die mense omtrent daardie land vertel het, het daar 'n trekgees onder hulle ontstaan. Die mense het gereken dat hulle hul posisie sou verbeter deur na Angola te trek, hoewel hulle dit goed gehad het in die Transvaal.[118]

Dit is insiggewend dat toe die enigste groot groep Afrikaners wat stelselmatig na die redes vir hul nomadiese bestaan gevra is – die armblanke trekboere in Suid-Afrika in die dertigerjare van die twintigste eeu – 96% van hulle aangedui het dat die bestaans-

---

112 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 510–535.
113 TAB: SS 29, R3192/59, Brief J.W. Viljoen – M.W. Pretorius, ongedateer (1859).
114 L.G. Green, *Lords of the last Frontier*, p. 176.
115 W.K. Hancock, "Trek", *The Economic History Review*, Second series, Vol. X, No. 3, 1958, p. 331.
116 *Ibid*., pp. 333–334, 336.
117 S.D. Neumark, *Economic influences on the South African frontier, 1652–1836*, pp. 172–178.
118 NAN: A.100, "Verklaring van Daniel Jacobus Robbertse oor die trek van 1893", p. 1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moontlikhede te gering geword het op die plek waar hulle eers gewoon het en dat hulle gevolglik weggetrek het. Slegs 4% het om ander persoonlike redes die trekpad aangedurf.[119]

11. Nuwe jagvelde

Hattingh noem die "lokstem van die jagterslewe" as een van die redes waarom so baie burgers in die laaste kwart van die negentiende eeu Transvaal en die Vrystaat verlaat het.[120] Die soektog na nuwe jagvelde het 'n belangrike rol gespeel in die geval van Hendrik van Zyl en sy jagters wat die ZAR reeds voor die Dorslandtrekke verlaat het. Die ineenstorting van die jagtersekonomie in Transvaal weens uitdunning van die wild teen die einde van die sestigerjare van die negentiende eeu sou ook 'n belangrike rede vir die Dorslandtrekke kon wees.[121] Teen 1865 was daar afgesien van 'n paar olifante by Potgietersrus bykans nie meer olifante in Transvaal nie[122] en teen 1878 was die olifante in Mashonaland[123] en sekere dele van Betsjoeanaland[124] grootliks uitgeskiet. Dit is opvallend dat baie min gesinne uit die Soutpansberg-streek aan die Dorslandtrek deelgeneem het,[125] hoewel mens die teendeel sou verwag as die wild kort tevore in daardie streke uitgeskiet is en die Boere op soek na nuwe jagvelde was.

Die meeste trekkers van die eerste drie trekke het uit die distrikte Pretoria en Rustenburg gekom, waar die wild al ten minste 'n dekade voor die trekke uitgeskiet was. Lede van die latere trekke het ook uit distrikte gekom waar die wild lank voor hulle vertrek reeds uitgeskiet was.

12. Die koms van intensiewe boerdery

Volgens Hattingh was "die koms van meer intensiewe boerdery" een van die redes waarom sekere burgers van die Vrystaat en Transvaal in die laaste kwart van die negentiende eeu

---

119 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), p. 11.

120 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 398–418, gee volledig hieraan aandag.

121 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 91. Volgens F.C. Selous, "Big game in South Africa and its relation to the tse-tse fly", *Journal of the Royal African Society*, 8(30), Jan. 1909, pp. 115, 119, 124, 126, was wild gedurende die sewentigerjare van die negentiende eeu nog volop maar teen 1880 was die wild grootliks uitgeroei.

122 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 103, 105, 399, 401. Schoemansdal is in 1867–1868 ontruim, deels as gevolg van die ineenstorting van die jagtersekonomie in die distrik Soutpansberg.

123 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 64.

124 Anon., "The Interior", *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette*, 31 Jan. 1878.

125 PU: C.J.H. & L.M. du Plessis, "Die Do[r]slandtrek, soals vertel deur die trekkers C.J.H. du Plessis en L.M. du Plessis", lys geen gesinne uit die Soutpansberg nie. H.J.W. en N.J. Grobler, J.F. Botha, J.H du Plessis, P.J.S. van Staden en F.B.R.M. Lottering (Frans Lottrie) het wel 'n tyd lank in die Soutpansberg vertoef.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie lande verlaat het.[126] Dit is interessant dat Hattingh dit as 'n moontlike trekrede opgee want 'n mens sou eerder verwag dat meer intensiewe boerdery en gevolglike stygende grondpryse die doodsklok vir die trekbeweging sou lui, soos wat elders gebeur het.[127] Dit kon egter nouliks die rede gewees het waarom die eerste drie trekke na Angola plaasgevind het. Eerstens het hierdie proses in Transvaal gedurende hierdie tyd nog in sy kinderskoene gestaan. Tweedens was daar geen trekke uit die Vrystaat na Angola nie, wat 'n mens tog sou verwag omdat hierdie proses in die Vrystaat al verder gevorder het. Derdens gee tydgenootlike bronne (van hierdie trekke) dit nie as 'n trekrede aan nie.

13. Droogtes en natuurrampe

Hattingh noem dat droogtes en ander natuurrampe moontlik 'n rol kon gespeel het maar dat dit nie dieselfde uitwerking op die boere kon gehad het as in die laaste dekade voor die aanvang van die Groot Trek in die Kaapkolonie nie.[128] Dit word nooit deur tydgenootlike bronne as een van die moontlike trekredes genoem nie.

14. Die trekgees

'n Omvangryke studie oor die trekgees en die trekverskynsel is deur die historikus P.J. van der Merwe onderneem.[129] Teen die einde van die tydperk waarin Van der Merwe sy navorsing voltooi het (die veertigerjare van die twintigste eeu), het die verskynsel nog nie uitgesterf nie. Changuion meen dat die logiese konsekwensie van Van der Merwe se studie sou wees om die lyn deur te trek na die Afrikaners in Oos-Afrika.[130] Daar is reeds probeer om die Dorslandtrekke te verklaar as die resultaat van die trekgees. Verskeie werke het reeds aangetoon dat die verskynsel van Afrikanergemeenskappe in die vreemde verband hou met die trekgees.[131]

---

126 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 419–444.
127 Vgl. W.K. Hancock, "Trek", *The Economic History Review*, Second series, Vol. X, No. 3, 1958, p. 331.
128 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 432–435.
129 P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770–1842)*; P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*; P.J. van der Merwe, *Pioniers van die dorsland*; P.J. van der Merwe, *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*.
130 L.J.S. Changuion, "Die verhuising van Boere na Oos-Afrika, 1902–1914", p. 3.
131 Sien o.a. L.J.S. Changuion, "Die verhuising van Boere na Oos-Afrika, 1902–1914", pp. 7–19; G.S. Preller, *Voortrekkers van Suidwes*; B.M. du Toit, *The Boers in East Africa: Ethnicity and Identity*; B.M. du Toit, *Colonia Boer, an Afrikaner Settlement in Chubut, Argentina*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Mens moet egter versigtig wees om al hierdie verskynsels aan die een of ander trekgees toe te skryf. Sosiale, ekonomiese, ekologiese en politieke toestande van die gemeenskap wat Van der Merwe ondersoek het, verskil net te veel van die toestande van latere gemeenskappe wat getrek het. Van der Merwe het tot die gevolgtrekking gekom:

> Daarom kan ons konkludeer dat die Groot Trek geensins 'n voortsetting was van die trek, trek, trek en steeds verder trek van die tyd van die trekboere, wat al in die tyd van Simon van der Stel begin het en tot in die allernuutste tyd [1937] onafgebroke voortgegaan het nie.[132]

Dit sou eweneens 'n fout wees om die trekverskynsel soos wat Van der Merwe dit in die veertigerjare van die twintigste eeu in die droë gebiede van Kaapland waargeneem het sonder meer te vergelyk met die Dorslandtrekke of die insidentele migrasie of nomadisme van sommige Angola-Boere gedurende die negentiende en twintigste eeu.

Omdat hulle die ekonomiese faktore onderliggend aan die trek van Afrikaners na die binneland van Afrika nie kon begryp of verklaar nie, het sekere skrywers gewag gemaak van 'n "trekgees" onder Afrikaners, wat vir hulle hierdie onverstaanbare en selfs irrasionele redes vir die trek moes verklaar.

In die geval van die Dorslandtrekke was die trekkers ook nie altyd seker van die redes vir die trek nie: "Waarom ons ons dierbare Vaderland verlaat het kan alleen die voor trekkers op Andwoord geven."[133] Een van die trekkers het in 'n uitspraak wat dikwels aangehaal word, verklaar:

> Ons had 'n roerende gees in ons hart van trek. Die rede van hierdie treklus was nie te deursien nie […] Maar 'n drywende gees van trek was in ons harte, waarvan ons self nie kon begryp wat die roerende oorsake was nie.[134]

Daar is selfs bespiegel dat hierdie trekgees sterker aanwesig is in sommige individue of families en dat daar dus die een of ander "erflike" (dit wil sê genetiese) basis daarvoor moet wees.[135] Hierdie bespiegelings is nooit deur wetenskaplike ondersoeke opgevolg of bevestig nie.

Daar is verskeie probleme met die benadering om die verskillende trekbewegings in

---

132 P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770–1842)*, p. 379.
133 TAB: A.1694, A.N.J.D. Alberts, "Mimorando van Ammogratsie Van de Dorsland trekkers om te amogrerin tegen het Noortwes van Suid Afrika", p. 1.
134 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 11, soos aangehaal en vertaal in G.S. Preller, *Voortrekkers van Suidwes*, p. 90.
135 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), p. 12.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Suid-Afrikaanse geskiedenis aan die een of ander inherente "trekgees" eie aan die Afrikaner toe te skryf.

Eerstens is dit nie 'n unieke eienskap inherent aan Afrikaners nie. Hattingh het die "trekgees" as 'n moontlike rede vir die trekke uit Transvaal en die Vrystaat teen die laaste kwart van die negentiende eeu indringend ondersoek.[136] Hy het daarop gewys dat hoewel sekere skrywers meen dat dit 'n unieke eienskap van Afrikaners is, dit 'n universele eienskap van alle mense is.[137] Die Dorslandtrekke moet dus as deel van die groter verskynsel van menslike migrasie begryp word. Sedert die vroegste tye het die verskuiwing van kleiner en groter groepe gehelp om nuwe samelewings te skep, bestaande vestigingspatrone en nedersettings te verander en om die menslike bevolking oor die aardbol te versprei.[138] Sommige skrywers beweer selfs "migration is the history of the world". Boonop is mense gebore migrante: Menslike evolusie word juis gekoppel aan die spesifieke gebeurtenis toe die vroegste protomense uit die woude na die vlaktes van Afrika beweeg het. Om van een habitat na 'n ander te beweeg en by die nuwe omgewing aan te pas, is dus onlosmaaklik deel van die erfenis van alle mense.[139]

Tweedens moet daarteen gewaak word om elke trek aan 'n bepaalde gees of mentaliteit of 'n "rustelose swerwersnatuur" toe te skryf. Dit kan dan maklik gebeur dat mitologie en geskiedenis met mekaar verwar word. Dit help ook nie om begrip van die verskynsel te bevorder nie.[140] Daar was waarskynlik eerder eksterne redes buite hul beheer vir die Dorslandtrekke.[141]

Derdens sou 'n mens kon aantoon dat hierdie "trekgees" by die meerderheid Afrikaners ontbreek. Hancock sluit hierby aan wanneer hy die wens uitspreek dat "one would like to see a statistical and historical study, as precise as the evidence permits, of one central, but seemingly half-forgotten fact of Afrikaner history … They did not all trek."[142]

In 'n studie oor die beweeglikheid van die Afrikaners, wat ongeveer die helfte van die manlike bevolking van die Kaapkolonie in 1883–1884 gedek het, het Pauw bevind dat die meeste vanne onder Afrikaners nie egalig versprei is nie en dat die beweeglikheid van Afrikaners dus oordryf word. Elke distrik het 'n unieke samestelling van vanne. Sekere

---

136 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 365–397. Kyk ook N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 35–37.
137 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", pp. 365–366.
138 *National Geographic*, Oct. 1998, soos aangehaal deur J. van Rooyen, *The New Great Trek: The Story of South Africa's White Exodus*.
139 R. King (general ed.), *Origins: An atlas of human migration*, p. 8.
140 S.D. Neumark, *Economic influences on the South African frontier, 1652–1836*, p. 3.
141 S. Pauw, "Trekgees van die Afrikaners", *Die Huisgenoot*, 11 Aug. 1944, p. 33.
142 W.K. Hancock, "Trek", *The Economic History Review*, Second series, Vol. X, No. 3, 1958, p. 339.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vanne kom slegs in sekere distrikte voor en in ander glad nie. Daar het dus oor geslagte heen min verwisseling van Afrikaners tussen verskillende distrikte en na ander dele van die land plaasgevind. Sommige van die oudste vanne (met 'n groot aantal individue) is ook oorweldigend in sekere distrikte teenwoordig. In die noordooste van die Kaapkolonie was 85% van die Venters, 66% van die Krugers, 51% van die Coetzees, 45% van die Pretoriusse en 40% van die Du Plessis's.[143] Hierdie vanne kom veral baie onder die Dorslandtrekkers voor.

Dit was verder opvallend dat families in die grensdistrikte van die Kaapkolonie groter gesinne gehad het as die families wat in die gevestigde dele agtergebly het. Die studie het ook bevestig dat Afrikaners baie familiegebonde is en dat daar nie sonder meer van 'n "bloedseenheid" van alle Afrikaners gedurende hierdie tydperk (1883–1884) gepraat kan word nie. Die sogenaamde "trekgees" het hom dus nie baie sterk in die Kaapkolonie geopenbaar nie en enige stellings daaroor is waarskynlik eerder op indrukke as feite gebaseer.[144] Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het groter mobiliteit van die Afrikaners teweeggebring, maar dit het eers ná die eerste drie Dorslandtrekke gebeur.

Vierdens bied die argument wat die verskillende trekbewegings in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aan een of ander inherente "trekgees" eie aan die Afrikaner toeskryf, nie 'n verklaring waarom daar sekere tydperke was wanneer die Afrikaners nie aan massatrekbewegings deelgeneem het nie. Die tydperke 1842–1873 (tussen die Groot Trek en die eerste Dorslandtrek) en 1877–1890 (tussen die derde en die vierde trekke na Angola) is voorbeelde van sulke tydperke.

Laastens is dit opvallend dat die "trekgees" nie in enige van die kere (in 1928, 1958 en 1975) wat Afrikaners op groot skaal Angola verlaat het, as een van die trekredes opgegee word nie – iets wat 'n mens juis by die Angola-Boere sou verwag indien die "trekgees" in so 'n buitengewone mate onder hulle voorsate aanwesig was.

Die historikus P.J. van der Merwe het drie irrasionele oorsake van mobiliteit onder die pioniersamelewing geïdentifiseer en dit benoem as die trekgees, die trekgewoonte en die trektradisie.[145]

Hoewel hy al 'n bepaalde ongemak ervaar het met die term "trekgees", het hy gevoel dat die woord al te diep ingeburger is om van die gebruik daarvan af te sien. Hy het gevolglik besluit om die woord "trekgees" te gebruik "in verband met individue wat 'n hoër graad

143 S. Pauw, "Trekgees van die Afrikaners", *Die Huisgenoot*, 11 Aug. 1944, pp. 8–9.
144 *Ibid*., pp. 9, 33.
145 P.J. van der Merwe, *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, pp. 284–299.

© University of Pretoria

van psigologiese beweeglikheid vertoon as die gewone mens". Die enkele gevalle wat hy identifiseer as voorbeelde van die "trekgees" is hoofsaaklik van anekdotiese aard en werp nie juis lig op die verskynsel nie. Hy is van mening dat dit onmoontlik is om die "trekgees" as een van die moontlike oorsake van mobiliteit te isoleer en die invloed daarvan kwantitatief te bepaal.[146]

Dit is jammer dat Van der Merwe nie meer aandag gee aan die tweede "irrasionele oorsaak van mobiliteit" (die "trekgewoonte") nie. In die res van sy werk is dit duidelik dat trek feitlik 'n "ingewortelde gewoonte" van sommige lede van die Afrikanergemeenskap was.[147] Daar sou gespekuleer kan word dat die Dorslandtrekke 'n voortsetting van 'n nomadiese leefwyse was wat reeds so vroeg as 1657 onder sommige Afrikaners begin posvat het en dat dit gevolglik tweede natuur onder die Dorslandtrekkers was.[148] Dit sou dan glad nie so 'n irrasionele oorsaak van mobiliteit wees as wat Van der Merwe beweer nie.

In geval van die derde "irrasionele oorsaak van mobiliteit" (die "trektradisie") wys Van der Merwe daarop dat "die norme en sanksies van die pioniersmaatskappy geen inhiberende krag op die trekimpuls, of die begeerte om op grond van ander oorsake te trek, uitgeoefen het nie".[149] Die feit dat die ekonomiese tradisie, boerderymetodes en histories gekondisioneerde sosiale trekgewoontes 'n belangrike rol in die "trektradisie" gespeel het, dui miskien daarop dat hierdie oorsaak glad nie so irrasioneel is as wat Van der Merwe beweer nie.

Van der Merwe sluit sy ontleding van die "trektradisie" af deur te wys op die invloed van die trekgeskiedenis in die Ou Testament op mense wat feitlik net die Bybel gelees het. Die ooreenkoms met hulle lewensomstandighede en dié van die Israeliete was net te opvallend dat hulle dit sou ignoreer.[150] Dat hierdie Ou-Testamentiese denkbeelde by die pioniersbevolking van die Kaapkolonie, die Voortrekkers en later by die Jerusalemgangers en die Dorslandtrekkers inslag gevind het, hoef dus geen verbasing te wek nie.

---

146 P.J. van der Merwe, *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, pp. 284–294.
147 *Ibid*., pp. 294–296.
148 P.J. Veth & J.F. Snelleman (reds.), *Daniël Veth's Reizen in Angola*, p. 288.
149 P.J. van der Merwe, *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, pp. 296–299.
150 *Ibid*., pp. 297–299.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die repatriasie van 1928

Mettertyd het die verhouding met die Portugese owerheid begin versuur. Nadat die Portugese by die Boere veeteelt, die kuns om ossewaens te dryf en skietkuns geleer het, het hulle begin dink dat hulle sonder die Boere oor die weg kan kom en wou van hulle ontslae raak. Die Sweedse reisiger Peter Möller het dit reeds in 1895–1896 ingesien,[151] slegs 15 jaar nadat die Boere hulle te Humpata gevestig het en meer as dertig jaar voordat die meerderheid Boere Angola in 1928 verlaat het.

Ná bykans vyftig jaar het hulle besluit om Angola te verlaat en na die destydse Suidwes-Afrika te repatrieer. Daar was weer ’n groot aantal beweegredes hiervoor, waaronder die feit dat hulle nooit volle burgerregte in Angola geniet het nie, geen eiendomsreg op hulle plase kon verkry nie, Afrikaanse skole verbied is, hulle gevoel het dat hulle geloof bedreig is en hulle geen bestaan meer kon maak van boerdery, jag en transportry nie.[152] Peter Möller het reeds in 1895–1896 die meeste van hierdie redes uitgesonder waarom die Boere in Angola die land weer een of ander tyd sou verlaat.[153]

Repatriasie het met grootskaalse finansiële en logistieke staatshulp van die Unieregering onder genl. J.B.M. Hertzog geskied. Vanaf 22 Augustus 1928 (toe die eerste groep die Kunene by Swartbooisdrif deurgegaan het) tot 27 Februarie 1929 is 1922 persone (ongeveer 373 gesinne) met die “Groot Trek uit Angola” na Suidwes-Afrika gerepatrieer.[154] Daarbenewens het ’n aantal persone in 1928 en 1929 per skip na Suidwes-Afrika en Suid-Afrika verhuis. Volgens die uitgereikte treksertifikate het 420 gesinne aanvanklik beoog om te verhuis: 152 uit Mombolo en Bié, 119 uit Humpata, 74 uit die Sandveld, 47 uit Cubal en Caconda en 28 uit Que.[155] Uiteindelik het 131 gesinne uit Mombolo en Bié, 116 gesinne uit Humpata, 72 gesinne uit die Sandveld, 27 gesinne uit Cubal en 28 gesinne uit Que verhuis.[156]

---

151 P. Möller, *Journey in Africa through Angola, Ovampoland and Damaraland*, p. 44.
152 N.A. Burger, “Die Dorslandtrek.’n Histories-geografiese studie, 1870–1954”, pp. 566–612.
153 P. Möller, *Journey in Africa through Angola, Ovampoland and Damaraland*, p. 45.
154 NAN: A.10 &SAB: BTS 86/7/1, Vol. 1, Statistieke: Aanwysende die totale getal persone met besittings wat uit die verskillende distrikte van Angola verhuis, ca. 1928.
155 NAN: A.10 & SAB: BTS 86/7/1, Vol. 1, Statistieke: Aanwysende die totale getal persone met besittings wat uit die verskillende distrikte van Angola verhuis, ca. 1928; Aanvullingslys Angola-Trekkers: Bihe en Mombolo, ca. 1928; Vervolg van Statistieke van Angola-Trekkers naar die Suidwes-gebied, ca. 1928; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 218–163. Twee treksertifikate vir Humpata virdie Nederduitsch Hervormde Kerk en ’n Hollander Henk Ring uitgereik. Hulle is nie by hierdie syfer van 119 ingesluit nie. Vir Hans Alberts is ook twee treksertifikate uitgereik, beide vir Humpata en die Sandveld. Dit is ook nie by die getal vir Humpata ingereken nie.
156 Hierdie statistiek is verkry deur die persone wat in Angola agtergebly het van die voorafgaande getalle af te trek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar het dus 373 gesinne uit Angola verhuis.[157] Nie almal aan wie treksertifikate uitgereik is, het getrek nie. Daar is ook aan baie Afrikaners in die noorde van Angola geen sertifikate uitgereik nie – vermoedelik omdat hulle nie van die voorgenome trek geweet het nie.[158]

In die Himba-chronologie het die jaar 1928–1929 die naam gekry van *Ozomburu* (Boere), *Ovahona* ("base", die Himba-naam vir belangrike persone, onder andere die Boere) of *Ovahona ovatenga* ("die eerste jaar van die Boere"). Die laaste Boere van hierdie repatriasie het Angola teen 1930–1931 verlaat. Hierdie jaar het die naam gekry van *Ovahona osenina* ("die laaste (trek) van die base").[159]

Daar is gevoel dat dit die einde van die Afrikaner se geskiedenis in Angola is en dié tydperk is later bestempel as "Ons halfeeu in Angola",[160] hoewel daar vir bykans 'n verdere vyftig jaar Afrikaners in Angola sou bly.

Vir die Angola-Boere in Suidwes-Afrika het tien jaar se swaarkry gevolg. Die redes daarvoor was droogte, veesiektes, die wêreldwye depressie en omdat ongeveer 'n derde van hulle nie in die wieg gelê was as boere nie. Volgens E.C. Bierman, wat as welvaartsbeampte ten nouste met die nedersetting van die Angola-Boere gemoeid was, was sowat twee-derdes van hulle suksesvolle boere.[161] Hoewel die Angola-Boere aanvanklik in sekere kringe sinoniem was vir agterlikheid en armoede en daar 'n stigma aan die benaming gekleef het, het heelwat van hulle later sukses behaal, hoë posisies bereik en vooruitgeboer.[162]

Trekredes in 1928

Dit is soms moeilik om tussen griewe en werklike trekredes te onderskei. Die Afrikaners van Angola het die volgende redes aangevoer vir hulle besluit om te emigreer:

---

157 Hierdie getal stem ooreen met die getal in NAN: A.273, SAB: PM 1/4/195 EM2/81 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 3, Adv. A. Broeksma, Memorandum "The Angola Boers", 01.06.1936, pp. 6 & 7.
158 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
159 G.D. Gibson, "Himba epochs", *History in Africa*, vol. 4, 1977, p. 101.
160 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*.
161 NAN: SWAA A68/5/4/70 & SAB: BTS 86/7/1, Vol. 1, E.C. Bierman, Angola Nedersetting Rapport; SAB: PM 1/4/195 EM2/81 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 3, Memorandum re. the Angola Settlement, Swakopmund, 31.12.1935; NAN: A.273 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 3, Brief J. van Rensburg – Die minister, 14.01.1936; NAN: A.273, SAB: PM 1/4/195 EM2/81 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 3, Adv. A. Broeksma, Memorandum "The Angola Boers", 01.06.1936, p. 13; NAN: A.098, E.C. Bierman, "Herrinerings [sic] E.C. Bierman", p. 28; P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, pp. 33–36.
162 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 197–198.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Die onsekere en voortdurende dubbelsinnige houding van die Portugese regering in die toekenning van eerlike, wettige burgerregte aan die Angola-Boere":[163] Die Boere het voortdurend gevoel dat hulle nie in dieselfde burgerskapvoorregte as die Portugese burgers van Angola deel nie. Hulle is gewoonlik as *estrangeiros* (vreemdelinge) beskou.[164]

Volgens artikel 2 van die heel eerste ooreenkoms van 18 September 1880 tussen die Boere en die Portugese goewerneur van Moçâmedes is ooreengekom dat hulle "onderworpe aan die voorskrifte van die Portugese wette sou wees, hoewel hulle as vreemdelinge beskou sal word". Die eerste gedeelte van hierdie bepaling van die ooreenkoms kan egter ook vertaal word as dat hulle "onderdane aan die voorskrifte van die Portugese wette sou wees".[165] Daar was altyd groot onenigheid oor die presiese vertaling van die Portugese terme van die ooreenkoms.[166] Die verskillende interpretasies van hierdie ooreenkoms het oor die jare tot baie onsekerheid en wantroue gelei.

Toe die ooreenkoms op 28 Desember 1880 bekragtig is, is weer ooreengekom dat die Boerekolonie "in alles onderworpe aan die Portugese wette en owerheid" sou wees.[167] Hierdie tweede ooreenkoms het minder ruimte vir 'n misverstand gelaat. Verskeie latere Portugese bronne het hierdie interpretasie aan die ooreenkoms geheg.[168]

---

163 NAN: A.233, W.J.B. Chapman, "Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman" (1902–1916), pp. 36–37; Anon., "Die Angola-Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

164 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 82, 93; Anon., "Oorsake van die Angola-trek. Rondspringery met burgerregte. Wel belastings maar geen voorregte", *Die Burger*, 17 Okt. 1928, p. 4; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

165 Volgens F. Amaral, "Apontamentos para a história do estabelecimento da colonia 'S. Januario', nos terrenos de Humpata (districto de Mossamedes)", I, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 2(4), 1881, p. 306 & A. de A. Felner, Angola: *Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, III, pp. 193, "Termo d'apresentação de Boers, 18 de setembro de 1880", lees dié betrokke frase: "eles ficarão em tudo sujeitos aos preceitos das leis portuguezas, embora se continuem a considerar estrangeiros". NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", pp. 14–15, & "Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman" (1902–1916), pp. 37–38, se weergawe stem ooreen met die uitleg wat die Boere aan die ooreenkoms gegee het.

166 J.L. Cachet, "Een bezoek bij de Afrikaansche emigranten te St. Januario, Humpata", II, *Het Zuid Afrikaansch Tijdschrift*, X, Aug. 1882, pp. 85–86; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 141.

167 Volgens F. Amaral, "Apontamentos para a história do estabelecimento da colonia 'S. Januario', nos terrenos de Humpata (districto de Mossamedes)", I, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 2(4), 1881, p. 310 & A. de A. Felner, Angola: *Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, III, p. 194, "Termo de declarações e de acordo com os colonos boers – Huila, 28 de dezembro de 1880", lees die frase: "uma colonia, em tudo sujeita ás leis e autoridades portuguezas".

168 Kyk onder andere A. de Cervaes, "Transvaal e Mossamedes", *O Occidente: Revista illustrada de Portugal e do Estrangeiro*, 4.º Anno, vol. IV, no. 73, 1 de Janeiro de 1881, p. 23; Anon., "Os 'Boers' em Angola", *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 5(44), Fevereiro de 1929, p. 260.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Portugese owerheid het die Afrikaners van Angola soms as Portugese burgers beskou omdat hulle of hulle voorouers volgens Portaria No. 344 van 23 November 1882 as Portugese burgers genaturaliseer is. Daarvolgens is ook voorsiening gemaak dat verdere aankomelinge as Portugese burgers genaturaliseer kan word.[169] Hierdie proklamasie is nie deur die Boere aanvaar nie. Dit het boonop slegs vir die eerste groep intrekkers gegeld.[170]

Volgens artikel 21 van die Portugese Burgerlike Kode (*Código Civil*) is naturalisasiedokumente slegs geldig as dit geregistreer word by die munisipaliteit waar die vreemdeling woonagtig is.[171] Dit wil voorkom of hierdie vereiste nie altyd nagekom is nie. Boonop is dit nie 'n uitgemaakte saak dat die goewerneur-generaal volgens die *Código Civil* die reg gehad het om die Boere *en masse* te naturaliseer sonder dat hulle persoonlik skriftelik daarvoor aansoek gedoen het nie.[172]

Dit lyk of Paul Kruger hulle nie meer as onderdane van die ZAR beskou het nie, want hulle versoek om onder die Transvaalse vlag (en dus beskerming) te trek, is deur hom afgekeur.[173] Die Portugese owerheid het hulle in die praktyk ook nie altyd as Portugese burgers beskou nie, want in 'n sensus van 1910 word hulle gelys as *brancos estranjeiros* (blanke vreemdelinge).[174]

Tussen 1882 en 1902 was daar verskeie verdere trekke waarvan die lede nie deur enige soortgelyke proklamasies as Portugese onderdane genaturaliseer is nie. Die meeste van hierdie trekkers was onderdane van die Zuid-Afrikaansche Republiek wat op 31 Mei 1902 ophou bestaan het. Die Britse konsul in Luanda, H.S. Mackie, het in 1905 verklaar: "none appear to have become naturalised in Angola".[175]

Dit is onseker of enige Boere vrywillig om Portugese burgerskap aansoek gedoen het en gevolglik Portugese onderdane was. Diegene wat dit nie gedoen het nie, vermoedelik

---

169 F.J.F. do Amaral, Portaria No. 344 de 23 de novembro de 1882, *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 48, Segunda-feira 4 de dezembro 1882, pp. 792–793; M.A.F. de Oliveira, *Angolana (Documentação sobre Angola), I (1783–1883)*, pp. 559–562; NAN: A.233, W.J.B. Chapman, "Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman" (1902–1916), p. 37.

170 J.L. Cachet, "Een bezoek bij de Afrikaansche emigranten te St. Januario, Humpata", II, *Het Zuid Afrikaansch Tijdschrift*, X, Aug. 1882, pp. 85–86; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 141.

171 SAB: GG 1897 61/66, Brief F.E. Brinjes – Secretary of State for Foreign Affairs, 20.09.1917.

172 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1., E. Meyer, Aantekeningen aangaande de Afrikaanse of Boerenbevolking in Angola, met bizondere betrekking tot hun nasionale burgerschap (status), Maart 1926, p. 17.

173 TAB: SS 1034 R688/85 Brief W.J. Leyds – Staatspresident, 13.02.1885; TAB: GOV 823 PS 16/2/05, Brief W.S.R. Brock – His Majesty's Principal Secretary of State for Foreign Affairs, 27.05.1905.

174 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 289 n.

175 Great Britain, *Portugal. Report for the year 1905 on the trade and commerce of Angola*, Cd. 2682–229, p. 14.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bykans al die nuwe intrekkers, het hulle dus in die posisie bevind dat hulle staatloos was. Die Britse regering (1905) en die Suid-Afrikaanse regering onder Louis Botha (1916) het hul egter nie verplig gevoel om hulle as Suid-Afrikaanse burgers te beskou nie en instruksies gegee dat hulle nie as Britse onderdane beskou moet word nie.[176] Hulle kon wel die reg uitoefen om volgens die instruksies van die Britse Foreign Office van 9 Januarie 1901 vrywillig aanspraak te maak op Britse burgerskap.[177] Sommige het wel hierdie opsie uitgeoefen.[178] In 1916 het 58 Angola-Afrikaners aansoek gedoen om Britse paspoorte en gevolglik Britse burgerskap verkry.[179]

Kinders uit die huwelike van Angola-Boere is volgens artikel 18 van die Portugese Burgerlike Kode (*Código Civil*) as burgers van hulle geboorteland beskou tensy hulle ná mondigwording daardie land se burgerskap afsweer. Hulle kon dus dubbele burgerskap verwerf indien hulle dit sou verkies.[180]

"Die jare lange getalm en uiteindelike weiering om die mense titelregte op hulle eiendom te laat verkry":[181] Een van die Angola-Boere se grootste probleme was om titelaktes op hulle eiendom te verkry.[182] Hoewel die Portugese koloniale administrasie berug was vir sy omslagtige burokrasie, het sommige Boere gekla dat hulle nooit titelaktes vir hulle grond gekry het nie. Boonop was dit vir die Portugese regering moontlik om te eniger tyd hierdie titelaktes te herroep sodat die Boere gevoel het dat hulle geen sekerheid ten opsigte van hulle vaste eiendom gehad het nie.[183] Die omslagtige prosedure waarvolgens

176 TAB: GOV GEN 735/05, Briewe Under Secretary of State – Acting British Consul Luanda, 16.11.1905, & Foreign Office – Acting British Consul Luanda, 21.11.1905; SAB: GG 1480, Prime Minister's Office, Minute 1546, 25.10.1916.

177 SAB GG 1480 48/802, Foreign Office sirkulêre, 09.01.1901; NAN: SWAA 890 A406/4/A, Brief Acting Secretary for the Interior – Secretary for South West Africa, 25.11.1931.

178 SAB: GG 1481 48/861 & GG 1896 61/66, Brief H.S. Mackie – Edward Grey, 18.05.1907.

179 NAN: SWAA 890 A406/4/A & SAB: GG 1896 61/63, F.S. Malan, Prime Minister's Office, Minute 1858, 05.12.1917.

180 NAN: SWAA 890 A406/4/A & SAB: GG 1896 61/63, F.S. Malan, Prime Minister's Office, Minute 1858, 05.12.1917.

181 Anon., "Die Angola-Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

182 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", p. 19; Anon., "Oorsake van die Angola-Trek", *Die Burger*, 25 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 2: Grondtietels", *Die Suidwes Afrikaner*, 9 Nov. 1928, p. 5.

183 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 52; J.B. Thornhill, *Adventures in Africa under the British, Belgian and Portuguese flags*, p. 188; Brief van M. van der Merwe, 03.10.1927, in Anon., "Afrikaners in Angola: Waarom hulle graag daar wil padgee", *Ons Vaderland*, 11 Nov. 1927, p. 16; Anon., "Oorsake van die Angola-Trek", *Die Burger*, 25 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 2: Grondtietels", *Die Suidwes Afrikaner*, 9 Nov. 1928, p. 5.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grondtoekennings gedoen is, en waarvan die meeste Boere moontlik nie kennis gedra het nie, het waarskynlik daartoe bygedra dat hulle gevoel het dat die owerheid nie titelaktes aan hulle wou oordra nie.[184] By die Portugese koloniale owerheid was dit ná 1894 en veral ná 1907 beleid om geen verdere grondtoekennings aan die Boere te maak nie.[185]

In die *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola* is sulke grondtoekennings aan sommige Boere by geleentheid wel gepubliseer. Dit het betrekking gehad op ’n baie klein fraksie van al die Boere in Angola.[186] Dikwels het ’n titelakte uit niks meer bestaan nie as ’n inskripsie in ’n register wat deur die plaaslike *chefe de posto* gehou is.[187] Slegs een Boer in Humpata het ’n wettige titelakte vir sy grond besit.[188]

Teen 1928 (bykans vyftig jaar nadat die eerste Boere hulle hier gevestig het) het die Portugese owerheid beweer dat hulle vier landmeters aangestel het om in die omgewing van Palanca plase op te meet.[189] Na bewering het sommige Boere hierna slegs klein gedeeltes van hulle oorspronklike eiendomme behou.[190] Volgens António de Quadros Flores, een van hierdie landmeters, het die meeste Boere hulle oorspronklike besit behou en dat dit slegs in enkele gevalle, byvoorbeeld wanneer hulle dit nie meer bewerk het nie of verhuis het, verklein is.[191] Teen hierdie tyd het die meeste Boere reeds dié gebied verlaat.

In aanvulling tot bogenoemde het sommige Angola-Boere gevoel dat hulle eiendom onregmatig gekonfiskeer word wanneer die Portugese owerheid eiendom waarop verbeterings aangebring is, onteien het sonder om enige kompensasie daarvoor te betaal.[192]

---

184 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, pp. 323–326, beskryf hierdie omslagtige prosedure.

185 “Ofício confidencial n.o 42, do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o Cônsul de Portugal na Cidade do Cabo”, 16 de Dezembro de 1907, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 14, nos. 55–58, Janeiro–Dezembro de 1957, p. 110; “Ofício confidencial do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o M. S. E. N. M. U.”, 25 de Junho de 1908, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 15, nos. 59–62, Janeiro–Dezembro de 1958, pp. 62–63; NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Memorandum “Angola Boers”, ongedateer (ca. 29.11.1928).

186 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927.

187 E. Janssens, “Les Boers dans l’Angola méridional”, *Bulletin de la Société Royale de Géographie d’Anvers*, vol. 22, 1898, pp. 263–274.

188 A. de Quadros Flores, *Recordações do Sul de Angola, 1914–1929*, p. 235.

189 G.S. Dias, “Angola e o problema da colonização Boer”, *Boletim da Agência das Colónias*, Ano 4.º, No. 33, Março de 1928, p. 224; G.S. Dias, *Cartas de Angola*, p. 178; G.S. Dias, “The Boers in Angola: A Portuguese View”, *The Star*, 17 June 1928 & *The Windhoek Advertiser*, 26 May 1928, pp. 2–3 (vertaling van ’n artikel wat vroeër in *O Primeiro de Janeiro* (Oporto) (23 de Fevereiro de 1928), *A Província de Angola* (20 de Março de 1928) & *Boletim da Agência das Colónias* verskyn het). A. de Quadros Flores, *Recordações do Sul de Angola, 1914–1929*, p. 234, (een van hierdie landmeters) noem slegs drie landmeters.

190 NAN: A.233, W.J.B Chapman, “An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]”, pp. 107–109; Anon., “Oorsake van die Angola-Trek”, *Die Burger*, 25 Okt. 1928; Anon., “Die oorsake van die Angola-Trek: No. 2: Grondtietels”, *Die Suidwes Afrikaner*, 9 Nov. 1928, p. 5.

191 A. de Quadros Flores, *Recordações do Sul de Angola, 1914–1929*, pp. 234–238.

192 NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Memorandum “Angola Boers”, ongedateer (ca. 29.11.1928).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Die wantroue en beledigende agterdog wat die Portugese regering altyd teen die Boere gekoester het":[193] Die xenofobie van die Portugese owerheid vir alle vreemde elemente in Angola het as wantroue en agterdog teenoor die Boere uiting gevind. Die Portugese regering het byvoorbeeld in 1926 geweier om Ernst Meyer as konsul te erken nadat die Suid-Afrikaanse regering hom as sulks aangestel het.[194] Die Portugese owerheid het hierdie versoek nie toegestaan nie, waarskynlik omdat hulle onder die indruk was dat die meeste Angola-Boere Portugese onderdane was.

Dit was 'n herhaling van gebeure in 1897. Hoewel die ZAR en Portugal die reg gehad het om wedersyds konsuls in mekaar se gebiede volgens 'n ooreenkoms van 1875 aan te stel, het die Portugese regering geweier om aan die versoek van die ZAR om J.G.M.S. Kirsten as konsul in Angola aan te stel, te voldoen. Toe die ZAR vyf jaar later ophou bestaan, het hulle nog steeds geen antwoord van die Portugese regering gekry nie.[195]

Dit is vandag moeilik om te aanvaar dat dit werklik 'n trekrede kon wees aangesien hulle al vir vyftig jaar sonder 'n konsul oor die weg gekom het en buitendien selde van die dienste van die Britse konsul in Benguela gebruik gemaak het.

Die xenofobie van die Portugese owerheid het ook uiting gevind in spioenasie op Boere, die verbod op openbare byeenkomste, deursoeking van hulle huise vir moontlike onwettige wapens en oorlogsmateriaal, arrestasie van verskeie Boere nadat hulle van spioenasie verdink is en 'n beperking op die verkope van ammunisie aan die Boere. Besoekende predikante is deur die Portugese owerheid daarvan verdink dat hulle agente van die Suid-Afrikaanse regering is.[196] 'n Suid-Afrikaanse koerant het die toestand soos volg opgesom: "[O]ns vind uit alle rapporte uit daardie wêreld, dat ons mense daar ongeveer net so sleg as kaffers behandel word deur die Portugese."[197]

Geen kompensasie ná opkommandering van eiendom in die Eerste Wêreldoorlog: Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is die meeste Boere se waens en trekosse opge-

193 Anon., "Die Angola-Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

194 NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", pp. 99–100; Anon., "Angola", *The Cape Times*, 3 March 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 3: Portugese agterdog en wantroue", *Die Suidwes Afrikaner*, 16 Nov. 1928, p. 7.

195 TAB: SSA 511 RA2080, Brief J.F. Botha, A.N.J.D. Alberts & 97 ander persone – Staats President en Hoog Edele Regeering der Zuid Afrikaansche Republiek, 09.02.1897, en uitgebreide korrespondensie wat daarop volg.

196 Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 3 (vervolg): Portugese agterdog en wantroue", *Die Suidwes Afrikaner*, 23 Nov. 1928, p. 6; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 79–80; Persoonlike onderhoud: P.J.J.S. Potgieter, 01.06.2008.

197 Anon., "Moet ons Hulle Help Uitboender?", *Ons Vaderland*, 6 Des. 1927; Anon., "Afrikaners in Angola: 'Treated like kafirs'", *The Star*, 6 Dec. 1927.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kommandeer. In die meeste gevalle is dit óf nie terugbesorg nie óf beskadig terugbesorg. Geen kompensasie is daarvoor betaal nie.[198] Daar word vermoed dat dit hier eerder oor ’n grief as ’n werklike trekrede handel omdat die trek eers bykans veertien jaar ná hierdie gebeurtenis plaasgevind het.

Die “hopelose en roekelose wyse” waarop Angola bestuur is:[199] Hieronder tel die wanadministrasie van die Portugese koloniale owerheid, die talle belastings, talle onproduktiewe amptenare en die feit dat min gedoen word om die lot van die inwoners van die land te verbeter.[200] Daar word vermoed dat dit hier ook oor ’n grief eerder as ’n werklike trekrede handel omdat Angola immers die voorafgaande halfeeu op hierdie wyse bestuur is.

Vanaf 1923 het die plaaslike escudo al hoe meer waardeloos geword. Dit was duidelik dat Norton de Matos se ekonomiese beleid misluk het. Die finale nekslag het waarskynlik in 1928 gekom toe Angola in ’n finansiële krisis gedompel is as gevolg van ’n reeks skandale wat die Banco de Angola getref het. Die plaaslike escudo kon nie meer vir buitelandse geld ingeruil word nie en moes teen ’n 20% waardevermindering teen die nuwe geldeenheid (angolar) ingeruil word. Die hele land is vanaf Junie tot Augustus 1928 geteister deur stakings en protesoptogte teen die nuwe geldeenheid.[201] Namate die finansiële krisis uitgekring het en met die daaropvolgende ineenstorting van die Wallstraat-aandelebeurs en die Groot Depressie het minstens 25% van Angola se blankes die land verlaat.[202]

---

198 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; NAN: A.233, W.J.B. Chapman, “Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman” (1902–1916), pp. 33–36; Brief van M. van der Merwe, 03.10.1927, in Anon., “Afrikaners in Angola: Waarom hulle graag daar wil padgee”, *Ons Vaderland*, 11 Nov. 1927, p. 16; Anon., “Oorsake van die Angola-trek. Rondspringery met burgerregte. Wel belastings maar geen voorregte”, *Die Burger*, 17 Okt. 1928, p. 4; Anon., “Die oorsake van die Angola-Trek”, *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928. In enkele gevalle is kompensasie wel aan Boere uitbetaal. Dit was eers in die dertigerjare nadat hulle na Suidwes-Afrika verhuis het.

199 Anon., “Die Angola-Boere-Trek”, *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., “Die oorsake van die Angola-Trek”, *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

200 Anon., “Die oorsake van die Angola-Trek: No. 4: Wanbestuur”, *Die Suidwes Afrikaner*, 7 Des. 1928, p. 5.

201 NAN: A.233, W.J.B Chapman, “An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]”, p. 113; Anon., “Die Trekboere van Angola”, *Die Burger*, 15 Sept. 1928; W.G. Clarence-Smith, “Capital accumulation and class formation in Angola”, in D. Birmingham & P.M. Martin, *History of Central Africa*, Vol. 2, p. 177; F.T. Pimenta, *Brancos de Angola: Autonomismo e Nacionalismo (1900–1961)*, pp. 94, 98–99, 103; F.T. Pimenta, “Angola’s whites: political behaviour and national identity”, *Portuguese Journal of Social Science*, 4(3), 2005, pp. 180–181; F.T. Pimenta, “The National Identity of Angolan White Settlers”, in D.R. Curto & A. Rappas (Eds), *Colonialism and Imperialism: Between Ideologies and Practices*, pp. 49–50.

202 Kyk Tabel 1: Totale bevolking van Angola en persentasie blankes, 1900–1970. F.T. Pimenta, “Angola’s whites: political behaviour and national identity”, *Portuguese Journal of Social Science*, 4(3), 2005, pp. 181–182; F.T. Pimenta, “The National Identity of Angolan White Settlers”, in D.R. Curto & A. Rappas (Eds), *Colonialism and Imperialism: Between Ideologies and Practices*, pp. 50–51.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die passtelsel wat inbreuk op die vryheid van beweging van die Boere gemaak het:[203] Daar is van die Angola-Boere verwag om passe (*guias*) te hê om van een plek na 'n ander te beweeg. Die Portugese owerheid se doel hiermee was om die bewegingsvryheid van die Boere aan bande te lê omdat hulle as 'n militêre bedreiging gevrees is. Oortredings is swaar gestraf, terwyl die inheemse bevolking van hierdie vereiste vrygestel is. Die dra van passe is veral vernederend ervaar omdat nieblankes in Suid-Afrika passe moes hê, terwyl die blankes daarvan vrygestel is. Omdat die verkryging van 'n pas met burokratiese rompslomp gepaard gegaan het en van die willekeur van onsimpatieke amptenare afgehang het, het die Boere dit as 'n besonder lastige maatreël beskou.[204]

Handelsbeperkings en hoë belastings:[205] Lisensies is vir bykans elke aktiwiteit in Angola benodig: vir huise, veekrale, brandhout, ossewaens, perde, esels, honde, vuurwapens, jag, transportry, om hout te kap en te verkoop en om mielies te ruil. Die inheemse bevolking was van hierdie belastings vrygestel. As gevolg van die groot afstande was dit dikwels moeilik om lisensies te hernu. Versuim om die lisensies betyds uit te neem of te hernu, is swaar gestraf.[206] Daar kan eweneens gevra word of hierdie werklik 'n trekrede kon wees omdat die Portugese koloniste in Angola aan dieselfde maatreëls onderworpe was en hulle nie in dieselfde mate daaroor ontevrede was nie. Die meeste van hierdie maatreëls is buitendien twintig jaar voor die Boere se trek na Suidwes-Afrika ingestel.

Onsimpatieke owerheid en 'n vyandige houding van amptenare:[207] Daar is wedersyds gevoel dat die Boere en die Portugese owerheid mekaar nie verstaan het nie. Gevolglik is die Boere "stiefmoederlik" behandel.[208] Op persoonlike vlak het die onsimpatieke owerheid uiting gevind in die vyandige en beledigende houding wat die amptenare teenoor die

---

203 Anon., "Die Angola-Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

204 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Memorandum "Angola Boers", ongedateer (ca. 29.11.1928); FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 75–77; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 5: Boere moet passe dra", *Die Suidwes Afrikaner*, 14 Des. 1928, p. 5.

205 Anon., "Die Angola-Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

206 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Memorandum "Angola Boers", ongedateer (ca. 29.11.1928); Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: [No. 6]: Geen handelsregte nie", *Die Suidwes Afrikaner*, 28 Des. 1928, p. 4; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 7: Lastige Lisensie-formaliteite", *Die Suidwes Afrikaner*, 4 Jan. 1929, p. 4.

207 Anon., "Die Angola-Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

208 Brief van M. van der Merwe, 03.10.1927, in Anon., "Afrikaners in Angola: Waarom hulle graag daar wil padgee", *Ons Vaderland*, 11 Nov. 1927, p. 16.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Boere ingeneem het. Om 'n lisensie uit te neem, het behels dat dieselfde aansoek herhaalde male ingevul moes word, dat herhaalde male onverrigter sake teruggekeer moes word en dat talle stawende dokumente elke aansoek moes vergesel. Dit het gevolglik 'n lang uitgerekte proses geword om 'n lisensie te verkry.[209] Daar kan gevra word waarom dit bykans vyftig jaar geneem het om hierdie punt te bereik. Die wedersydse onbegrip en onsimpatieke owerheid het tog al 'n lang pad gekom.

In een geval is 'n swanger vrou, Albertina Alberts, dood van die wonde wat sy op 23 Mei 1926 opgedoen het toe 'n *sipaio* ('n swart Portugese geregsdienaar) haar aangerand het nadat sy geweier het dat hy haar woning binnegaan sonder om sy magtiging te toon. Drie jaar ná die misdaad is dit nog nie bevredigend deur die Portugese owerheid ondersoek nie.[210]

Ekonomiese bestaansmoontlikhede: Die verarming van die Afrikaners in Angola, veral in die jare voor 1928, word in hoofstuk 7 meer volledig geskets. Dit het al hoe moeiliker geword om 'n bestaan in Angola te maak en die bestaansmoontlikhede het al hoe minder geword. Gevolglik het die Afrikaners baie verarm.[211] Daar was geen mark vir landbouprodukte in Angola nie. Die enigste wyse waarop 'n inkomste ná die voltooiing van die spoorlyne in die suide van Angola verdien kon word, was jag. Die Portugese owerheid het nou maatreëls begin instel om jag te beperk en hulle is op die wyse van hulle enigste kontantinkomste ontneem. Die Portugese owerheid was van mening dat hulle nomadiese jagtersbestaan nie welvaart geskep het nie en wou deur hierdie maatreëls hulle dwing om op een plek te bly en landbouers te word.[212] Die onderdrukking van jag, tesame met die verdwyning van die ossewa as vervoermiddel, was die ernstigste ekonomiese teenslae wat die Angola-Boere getref het en was onteenseglik een van die belangrikste redes waarom die Angola-Boere in 1928 besluit het om te trek.

"Veragting van die Boere se taalregte" en die "onderdrukking van moedertaal- en godsdienstige onderwys":[213] Die Angola-Boere het aangevoer dat hulle kinders se op-

209 SAB: PM 1/2/103 PM 36/6A; SAB, Brief Ernst Meyer – Sekretaris van die Eerste Minister, 10.06.1926, Bijvoegsel No. 2, "Aangaande geweer liksensies": BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 7: Lastige Lisensie-formaliteite", *Die Suidwes Afrikaner*, 4 Jan. 1929, p. 4.

210 SAB: GG 2074 66/102 bevat talle briewe oor hierdie voorval.

211 Brief van M. van der Merwe, 03.10.1927, in Anon., "Afrikaners in Angola: Waarom hulle graag daar wil padgee", *Ons Vaderland*, 11 Nov. 1927, p. 16; Anon., "Die Angola-Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 8: Angola se geldwese", *Die Suidwes Afrikaner*, 18 Jan. 1929, p. 6.

212 NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Memorandum "Angola Boers", ongedateer (ca. 29.11.1928).

213 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; Anon., "Die Angola Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voeding verwaarloos is en dat die kinders gevolglik byna ongeleerd opgegroei het. Aanvanklik was daar geen Portugese skole nie. Die paar Afrikaanse skooltjies het 'n sukkelbestaan gevoer en geen onderwyser kon lank 'n bestaan maak uit onderwys nie. Toe daar later wel Portugese skole opgerig is, was daar geen aparte skole vir blank en nieblank in Angola nie en die ouers het normaalweg geweier om hulle kinders na gemengde skole te stuur. Daar is ook aangevoer dat die paar skole waar beide Afrikaans en Portugees onderrig is, deur die Portugese owerheid gesluit is omdat Afrikaans nie as onderrigmedium gebruik mag word nie.[214]

Hierdie trekrede verdien nadere ondersoek omdat dit dikwels as die belangrikste rede opgegee word waarom die Boere in 1928 moes trek. Dit is ongetwyfeld so dat die onderwys van die Boerekinders in Angola dikwels verwaarloos is. Soms was daar vir jare lank geen Afrikaanse skole nie of daar was geen gekwalifiseerde onderwysers beskikbaar nie.[215] Wanneer daar wel 'n Afrikaanse skool in die omgewing was, is dit gewoonlik baie swak bygewoon. Teen 1926 het slegs 'n klein persentasie van die ongeveer 800 kinders van skoolgaande ouderdom skool bygewoon.[216] Benewens ouers wat weggetrek het, het die kinders nie skool bygewoon nie omrede "verminderde belangstelling" en geskille tussen die onderwyser en ouers.[217]

Die ouers se geringe belangstelling in die onderwys van hulle kinders word daarin weerspieël dat die meeste Afrikaanse skole gewoonlik ná 'n kort tydjie moes sluit omdat die ouers nie die onderwyser se salaris betaal het nie. Die onderwysers moes die een na die ander noodgedwonge die onderwys verlaat ten einde 'n inkomste te verdien.[218]

'n Aanduiding van die mate waarin die Afrikaners van Angola onderwys verwaarloos het, kan gevind word in die feit dat al die leerlinge van die beginnersklas in die Gamkarabkamp tydens die repatriasie in 1929 reeds tien jaar en ouer was en nog nie een van hulle al in 'n skool was nie.[219]

---

214 NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Memorandum "Angola Boers", ongedateer (ca. 29.11.1928); Brief van M.van der Merwe, 03.10.1927, in Anon., "Afrikaners in Angola: Waarom hulle graag daar wil padgee", *Ons Vaderland*, 11 Nov. 1927, p. 16; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 9: Verdrukking van Afrikaanse skole", *Die Suidwes Afrikaner*, datum onbekend (ca. Jan.–Mrt. 1929).

215 P. van der Smit, "Angola", *Neerlandia*, Apr. 1912, p. 79; "Uit Angola", *Neerlandia*, Jun. 1915, p. 137.

216 GKSA: HU 1.1.3, Gereformeerde Kerk, Humpata, Notule Gemeentevergadering, 4 April 1908, artikels 3–6; GKSA: Humpata Bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", 16 Aug. 1926; SAB: 1/2/103 PM 36/6A, Brief Ernst Meyer – Assistent-sekretaris van die Eerste Minister, 27.12.1926; D. Postma, "Onderwys vir Angola, Portugees W.A.", *Die Kerkblad*, 15 Mei 1923, p. 15; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, p. 88.

217 GKSA: Humpata Bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", 16 Aug. 1926.

218 Dit was die probleem met feitlik al die onderwysers. Enkele voorbeelde is P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 15; D. Postma, "Onderwys vir Angola, Portugees W.A.", *Die Kerkblad*, 15 Mei 1923, p. 15.

219 J.P. Jooste, *Gedenkboek van die Dorslandtrek*, p. 209.

© University of Pretoria

Ná 1926 het die Portugese owerheid wel gepoog om skole vir die Afrikanerkinders in Angola op te rig. Dit het nie sonder probleme gepaard gegaan nie. Aanvanklik was die gebou van die Boereskool op Palanca volgens die Portugese owerheid se eie erkenning bouvallig, ondoeltreffend en onhigiënies. Die hoë kommissaris (Norton de Matos) het desnieteenstaande geweier dat die Boere self vir hulle 'n nuwe skool bou.[220] Kort nadat die Portugese owerheid uiteindelik 'n nuwe skool vir die Afrikanerkinders op Palanca gebou het (veertig jaar nadat hulle hul daar gevestig het), het die skool leeggeloop omdat byna al die Afrikaners van Humpata na die Sandveld van Angola getrek het. Die Portugese owerheid het daarna 'n skool op Otchinjau in die Sandveld gebou. Geen Afrikaners het hierdie skool bygewoon nie omdat die Boere nie die Portugese owerheid se motiewe met die skool vertrou het nie. (Dit was kort nadat hulle die Afrikaanse skole van Hennie Venter en Paul van der Walt gesluit het.) Teen hierdie tyd was hulle in elk geval besig om voorbereidings te tref om Angola te verlaat en het hulle waarskynlik nie veel nut daarin gesien om hulle kinders vir 'n kort tydjie na die nuwe Portugese skool te stuur nie. Die skool op Otchinjau het geen swart leerlinge gehad nie, omdat daar geen swart mense in die omgewing gewoon het nie. Daarteenoor is die skool op Lubango (Sá da Bandeira) wel deur Afrikanerkinders bygewoon hoewel daar swart leerlinge in dié skool was.[221]

Dit moet ook in ag geneem word dat die Afrikaanse skool op Humpata (met slegs 31 leerlinge uit honderde kinders van skoolgaande ouderdom) eers op 22 Februarie 1926 deur 'n amptenaar gesluit is.[222] Nadat dit op 8 Maart weer geopen het in die Gereformeerde kerkgebou, is dit in Mei 1926 'n tweede keer gesluit. In dieselfde jaar is 'n skooltjie van Paul van der Walt in die Sandveld ook deur die owerheid gesluit.[223] Dit was nadat die Angola-Boere begin het om planne te maak om Angola te verlaat.[224] Nadat onderhandelinge met die goewerneur in Lubango aangeknoop is, het al die Afrikaanse skole teen 1927

---

220 FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 88, 96.

221 *Ibid*., p. 88; G.S. Dias, *Cartas de Angola*, p. 179; G.S. Dias, "Angola e o problema da colonização Boer", *Boletim da Agência das Colónias*, Ano 4.º, No. 33, Março de 1928, p. 224; G.S. Dias, "The Boers in Angola: A Portuguese View", *The Star*, 17 June 1928 & *The Windhoek Advertiser*, 26 May 1928, pp. 2–3 (vertaling van 'n artikel wat vroeër in *O Primeiro de Janeiro* (Oporto) (23 de Fevereiro de 1928), *A Província de Angola* (20 de Março de 1928) & *Boletim da Agência das Colónias* verskyn het); H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, p. 229; Machado, Ernesto. 1956. *No Sul de Angola*, pp. 354, 356, 411–413.

222 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 16; J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 543.

223 GKSA: Humpata Bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", 16 Aug. 1926.

224 Volgens J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 613, het hulle in 1925 al begin om planne te beraam om Angola te verlaat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weer heropen.[225] Geen Afrikaanse skool in die Afrikanergemeenskappe noord van Humpata is ooit deur die owerheid gesluit nie sodat die sluiting van Afrikaanse skole nie vir die Afrikaners in die noorde van Angola 'n trekrede kon gewees het nie.

Die feit dat die sluiting van die Afrikaanse skool op Humpata deur die bank as een van die trekredes opgegee word, kom dus nogal vreemd voor.

Die naturellebeleid van die Portugese owerheid en die dreigende "swart gevaar":[226] Die toenemende bedreiging van die omringende swart stamme (die "swart gevaar") en die beperkende regulasies ten opsigte van vuurwapens en ammunisie het die Boere toenemend weerloos gelaat.[227]

Twee ander probleme ten opsigte van die inheemse bevolking was waarskynlik vir die Boere belangriker redes om te trek. Eerstens het die inheemse bevolking meer bewegingsvryheid as die Boere geniet. Veediefstal het gevolglik toegeneem en oortreders is dikwels baie lig gestraf.[228] (Een van die redes waarom sommige Boere in die twintigerjare van die twintigste eeu van Humpata na die Sandveld getrek het, was omdat veediefstal daar minder was.)[229] Tweedens was dit moeilik om arbeiders in die hande te kry en die minimum lone wat deur die owerheid vasgestel is, was buite bereik van die Boere.[230]

Die arbeidspraktyke van die Portugese koloniale owerheid en die seksuele verhoudings tussen Portugese en inheemse vroue was vir die Boere 'n verdere steen des aanstoots.[231] Dit is betwisbaar of dit genoegsame redes vir die Boere was om te trek, siende dat hulle al vir bykans 50 jaar daarmee saamgeleef het.

---

225 SAB: 1/2/103 PM 36/6A, Notule Skoolraad van Angola, 20.12.1926, art. 14& 19; Briewe Ernst Meyer – Assistent-sekretaris van die Eerste Minister, 27.12.1926 & Ernst Meyer – Ds. D. Postma, 27.12.1926; NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", p. 112; J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 547.

226 Anon., "Die Angola-Boere-Trek", *Die Burger*, 11 Okt. 1928; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 2 Nov. 1928.

227 SAB: GG 1897 61/67; Brief W.J.B. Chapman – F.E. Brinjes, 21.12.1917; SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 10: Slegte naturellebeleid", *Die Suidwes Afrikaner*, 22 Mrt. 1929, p. 8.

228 NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Memorandum "Angola Boers", ongedateer (ca. 29.11.1928).

229 SAB: 1/2/103 PM 36/6A, Brief Ernst Meyer – Assistent-sekretaris van die Eerste Minister, 15.01.1927.

230 NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Memorandum "Angola Boers", ongedateer (ca. 29.11.1928).

231 SAB: GG 1897 61/67; Brief W.J.B. Chapman – F.E. Brinjes, 21.12.1917; SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; Anon., "Die oorsake van die Angola-Trek: No. 10: Slegte naturellebeleid", *Die Suidwes Afrikaner*, 22 Mrt. 1929, p. 8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 6
DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958)

Redes waarom sommige Afrikaners in 1928 in Angola agtergebly het

Angola-Boere is volgens die Kunene-ooreenkoms tot aan die einde van 1929 toegelaat om na Suidwes-Afrika te verhuis. Daarna is hulle wel toegelaat om te verhuis, maar wel as gewone immigrante, en hulle kon nie meer aanspraak maak op die voorregte en voordele wat volgens die Kunene-ooreenkoms aan die Angola-Boere toegestaan is nie.[1]

Daar is verskeie redes waarom sommige Afrikaners besluit het om in Angola te bly en nie na Suidwes-Afrika te repatrieer nie.

Sommige Angola-Afrikaners wou nie trek nie omdat hulle vaste besittings of gevestigde handelsbelange gehad het en dit moeilik gevind het om hulle besittings verkoop te kry.[2] Onder hierdie groep was Andries Johannes Daniel (Hans) Alberts en Jacobus Abraham (Koos) de Klerk, wat gesamentlik ’n saagmeule by Nene naby Humpata besit het. Die meule is maar kort tevore eers in bedryf gestel en hulle kon dit nie verkoop kry nie.[3] Die meule moes later verkoop word om skuld wat De Klerk in Suid-Afrika aangegaan het, te betaal.[4] Paul Köster, wat ’n groot koffieplantasie van 16 000 bome by Mombolo gehad het, wou dit nie net agterlaat nie.[5] Theunis de Klerk, ’n gevestigde boer by Chicuma, wou eweneens nie trek nie omdat hy sy plaas nie verkoop kon kry nie omdat hy nie kaart en transport daarvoor gehad het nie.[6]

’n Tweede groep was volledig teen die trek na Suidwes-Afrika gekant. Onder hulle was die swaers Bartolomeu José Ferreira Botha (Bart) de Paiva en Willem Adriaan Venter.[7] Willem Venter het gevoel dat die Afrikaners van Angola hulle probleme met die

---

1 NAN: SWAA 846 A68/5/4/65, Brief Direkteur Angolaboere Nedersettings – A.J.D. Alberts, 09.08.1929; SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 2, Brief Administrateur – Genl. J.B.M. Hertzog, 24.09.1935.
2 NHK: K1/2 3/27/8, Brief Joh. Alberts – Ds. A.J. Barger, 10.11.1929.
3 FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 1; Persoonlike onderhoude: H.J. Alberts (née Venter) & J.P. Alberts, 30.08.2005.
4 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Andries [= Hans] Alberts – P.P.H. Alberts, 06.04.1937.
5 Persoonlike onderhoude: E.T. Meyer, 13.07.2007 & 30.04.2008.
6 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005.
7 W.P. van der Merwe, *’n Outobiografie*, pp. 41, 49 Persoonlike onderhoude: H.J. Alberts (née Venter) & J.P. Alberts, 30.08.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Portugese owerheid meer suksesvol sou kon oplos as die leiers van die Afrikaners nie met die plaaslike *chefes*, goewerneurs en goewerneur-generaal onderhandel het nie, maar direk met die Portugese minister van kolonies.[8] Sommige van hierdie groep se familielede het gevolglik in Angola agtergebly. Een van die redes waarom Hans Alberts nie wou trek nie was dat hy nie sy skoonpa Willem Venter alleen in Angola wou agterlaat nie.[9] Sommige van Bart de Paiva en Christina Johanna Sophia Venter de Paiva se kinders was teen hierdie tyd met Portugese getroud en hulle het verkies om in Angola te bly.[10]

'n Derde belangrike rede (moontlik die belangrikste rede) waarom sommige Afrikaners nie getrek het nie, was omdat baie min persone met Portugese bloed in hulle are toegelaat is om na Suidwes-Afrika te repatrieer.

Sommige vroue wat met Portugese getroud is en saam met hulle gesinne na Suidwes-Afrika wou emigreer, se versoeke is deur die waarnemende administrateur van Suidwes-Afrika afgekeur. Volgens Herman Smit, die sekretaris van die Trekkommissie, het hulle 24 sulke aansoeke ontvang, wat almal voor die voet afgekeur is.[11] Onder hulle tel drie dogters van Joaquim Dias Milho en Catharina Cornelia Fransina Ackerman, te wete Anna Margareta Ribeiro, Martha Maria Aletta Garção en Catharina Cornelia Fransina Branco.[12] Geen rede vir die weiering is verskaf nie. Die drie susters se moeder, sowel as hulle vier broers, António (Anton), Joaquim (Joachim), Francisco (Frans) en Pedro (Piet) Milho, is egter toegelaat om na Suidwes-Afrika te emigreer. Dit was die enigste vier mans met Portugese bloed wat oogluikend toegelaat is om in 1928 na Suidwes-Afrika te repatrieer.[13]

Slegs in een geval is 'n Portugees en sy gesin toegelaat om na Suidwes-Afrika te repatrieer. Hy was 'n Portugees met die van "Biljou" (moontlik Balhão) wat die naam Karel Ackerman aangeneem het en met Isabella Frederika Ackerman getroud was.[14]

Onder die gerepatrieerdes kom verder slegs vyf kinders met Portugese vanne (te wete Balhão en De Nobrega) voor.[15] In die geval van die twee De Nobrega-kinders het die

---

8 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, pp. 183–184.
9 Persoonlike onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005.
10 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 1.
11 H. Smit, "Persoonlike indrukke en nog iets", *Die Suidwes Afrikaner*, 15 Mrt. 1929, p. 6.
12 NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Brief Waarnemende Sekretaris vir Suidwes-Afrika – C.H. Hahn, ongedateer (ca. 1928), vergesel van verklarings deur Anna Margareta Ribeiro, Martha Maria Aletta Garção & Catharina Cornelia Fransina Branco, 26.07.1928. Dieselfde dokumente is ook in NAN: ATK A.T.1. Persoonlike onderhoud: P.J.J.S. Potgieter, 01.06.2008.
13 H. Smit, "Persoonlike indrukke en nog iets", *Die Suidwes Afrikaner*, 15 Mrt. 1929, p. 6 en J.P. Jooste, *Gedenkboek van die Dorslandtrek*, p. 204 noem slegs 2 persone. P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 223, 225, 230 verskaf egter die name van al vier broers.
14 Private versameling: J.J. van der Berg: "Die Ackermans", p. 1; Persoonlike onderhoud: D. Vermeulen, 23.08.2008.
15 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 230, 262.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Portugese vader João de Nobrega in Angola agtergebly. Volgens 'n verklaring van die moeder (Cecilia Jacoba Grobler née Van der Walt) was hy al teen daardie tyd oorlede. Volgens haar het een seun, João (John), wat toe een jaar oud was, volgens Portugese gebruik by sy oom José gaan bly.[16] Dit is onseker of die egpaar wettig getroud was. In die tweede geval, dié van Johanna Elizabeth Balhão (née Opperman), is haar man Manuel da Silva Balhão in 1926 in 'n skietongeluk oorlede. Sy het met drie kinders met die van Balhão en een buite-egtelike kind Lewies Johannes (vermoedelik De Nobrega) na Suidwes-Afrika verhuis. Haar drie stiefkinders, twee seuns en 'n dogter, het in Angola agtergebly. Hulle het ná 1928 nooit weer kontak met mekaar gehad nie.[17]

Aletta Susara Elizabeth Oosthuizen, wat met die Italianer Armando Bianco getroud was, se man het haar kort ná die huwelik verlaat. Sy het alleen saam met haar kind (of kinders) na Suidwes-Afrika gekom. Sy is later weer getroud.[18]

Volgens die "Lys van persone wat nie sal trek nie" was daar twee vroue wat met Portugese getroud was (Jesina Marques en Anna Botha Correia), twee wat hulle mans verlaat het en met Portugese saamgeleef het (Jesina Fourie en Lena Badenhorst) en nege vroue wat met Portugese saamgeleef het (Lukina van der Merwe, Johanna Koekemoer, Hester van Staden, Anna Verster, Maria Verster, Helena Verster, Martha Ludeke en twee dogters van Lena Badenhorst).[19] Hierdie lys is nie volledig nie. Volgens berekening vir hierdie studie het ongeveer 39 persone verbintenisse met Portugese en nege persone met mans of vroue van ander nasionaliteite gehad en gevolglik in Angola agtergebly.

Daar was ongeveer 14 vroue wat wettig met Portugese mans getroud was, en om hierdie rede in Angola agtergebly het. In Bylae 3 verskyn 'n lys van hierdie persone. Daar word volstaan met twee voorbeelde in hierdie groep. Jesina Maria Dreyer, gebore De la Port (Delport), het aanvanklik in owerspel met 'n Portugees saamgeleef.[20] Op 16 Februarie 1917 het sy 'n buite-egtelike seun Johannes Jacobus (ook genoem João Diamantino) Pienaar by ene Pienaar gehad.[21] Sy is later op 18 Junie 1927 met Alfredo Marques da Câmara getroud. Da Câmara is vroeër, in ongeveer 1910 of 1912, met Clara Francina Verster getroud.[22]

---

16 NAN: SWAA 664 A68/5/1/3024, Verklaring van C.J. Grobler, 18.07.1945; Anon., "Seun Soek Na Ma", *Die Burger*, S.d. 1945.
17 Persoonlike onderhoud: A.M. Balhão, 25.08.2008.
18 Persoonlike onderhoud: C.C. Prinsloo, 20.04.2008.
19 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
20 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 28.09.1925, artikel 5 & 01.10.1926, artikel 10; NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
21 GKSA: QU 4.1.1, Gereformeerde Kerk Que Doopregister, 09.06.1918.
22 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 114.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Johanna Francina Jacoba Koekemoer het aanvanklik in owerspel met João Jacinto Edgar de Oliveira de Sousa geleef. Beide sy versoek om by die Gereformeerde Kerk as lidmaat aangeneem te word en hulle versoek om kerklik te trou, is deur die kerkraad onder ds. Biewenga geweier. Sy het daarop uit die Gereformeerde Kerk bedank.[23] Hulle is in 1923 voor die Portugese owerheid getroud. Hulle huwelik is later geloof as een van die beste onder die Angola-Afrikaners.[24]

'n Lys van 19 vroue wat met Portugese mans saamgeleef en gevolglik in Angola agtergebly het, verskyn in Bylae 4. Hier word dus met enkele voorbeelde volstaan. Magdalena Josina Johanna Badenhorst (gebore Botha, weduwee Bronkhorst) het haar tweede man verlaat en met 'n Portugees saamgewoon.[25] Sy het later met ene Carvalho getrou en nog later met ene Hayes.[26] Beide haar dogters, Anna Elizabeth en Isabella Catharina Maria, het met Portugese saamgeleef.[27]

Letta Sell (Aletta Johanna Christina Kirsten, getroud agtereenvolgens met Antonie Christiaan Coenraad Bojé, Petrus Jacobus Steyn en Theodoor Charles Sell) het ook in Angola agtergebly en is nog later met 'n Portugees getroud. Sy was aanvanklik onder kerklike tug en het later selfs net Portugees met mede-Afrikaners gepraat.[28] Haar dogter Antonetta Christina Bojé het in 1917 uit die Gereformeerde Kerk bedank en ná 1928 in Angola gebly. Antonetta se seun Eduardo António by Artur Monteiro is in 1913 gebore.[29]

Lukina Cornelia van der Merwe het 'n geruime tyd in owerspel geleef en daar is later na haar verwys dat sy die "bijzit is van een Portugees" (Joaquim Maria Monteiro).[30] Sy het later besluit om wel te verhuis en is in 1929 met Jacob Dirk Taljaard, 'n Angola-Boer afkomstig van Ghanzi, getroud.[31]

Johanna Susanna Viljoen het met João José Vasconcelos saamgeleef, wat eers met 'n ouer suster van haar getroud was. Voor dit was sy met Manuel Monteiro getroud of sy

23 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 10.07.1922, artikel 7; 03.10.1924, artikel 14; 28.09.1925, artikel 7; 02.04.1926, artikel 7; 01.10.1926, artikel 4 24.12.1926, artikel 6b; GKSA: Brief P. Biewenga – Algemene sinode, 1923; NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
24 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 7–8.
25 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
26 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief P.A. Nannings – P.P.H. Alberts, 11.12.1948.
27 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
28 GKSA: HU 1.1.3, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 27.04.1923, artikel 3; 21.12.1923, artikel 3; 02.08.1924, artikel 3. A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 101.
29 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Jan Georg Matheus [sic] Kersten en Johanna Hendrina (noiensvan onbekend) [= Grobler], ca. 1975.
30 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 26.09.1921, artikel 5; 17.09.1923, artikel 4; 28.09.1925, artikel 5; GKSA, Brief P. Biewenga – Algemene sinode, 1923; NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
31 Persoonlike onderhoud: J.F. Potgieter (née Taljaard), 01.06.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het ook met hom saamgeleef ná sy in 1928 met hom weggeloop het.[32]

Dit is onseker of die volgende vier vroue wettig getroud was of saamgeleef het: Maria Aletta Ackerman (met Isidro da Costa Morais),[33] Martha Aletta Maria Ackerman (met Carolino do Sacramento Monteiro, 'n Portugees van die Kaap-Verdiese Eilande),[34] Anna Catharina Maria Botha (met David Marcos Silva)[35] en Ângela Maria Dias Milho en Joaquim Martins de Nobrega.[36]

Daar was maar twee mans wat met Portugese vroue getroud was, Daniel Frederik Viljoen (getroud met 'n mej. Correia)[37] en Koos de Klerk, wat getroud was met Maria Catarina Leão de Almeida e Silva de Klerk wat hy in Portugal ontmoet het toe hy daar saam met Manie Maritz gedurende die Eerste Wêreldoorlog geïnterneer is.[38]

Benewens Afrikaners wat met Portugese getroud was, was daar ongeveer nege Afrikanervroue wat met mans van ander nasionaliteite getroud was of saamgeleef het en waarskynlik om hierdie rede in Angola agtergebly het. Onder hulle was twee vroue wat met Nederlanders getroud was: Gertruida Margaretha Sophia Bezuidenhout (met Petrus Albertus Nannings) en Anna Zacharia de Klerk (met Pieter Marthinus Greshoff).[39]

Drie en moontlik vier vroue is met Duitsers getroud. Onder hulle was Jacoba Catharina Elizabeth Coetzer (met Friedrich Sternberg) en Maria Elizabeth Diederiks (met die Pool of Duitser Johannes Hans Piorek). Sarah Margaret Chapman (wat met Paul Johann Heinrich of Paul Friedrich Heinrich Köster getroud is) het in die dertigerjare na Suidwes-Afrika verhuis. Gertbrecht Elizabeth (Betty) Peters (wat met Hermann Adolf Karl Weyhe getroud is) het eweneens in die dertigerjare na Suidwes-Afrika verhuis, terwyl Weyhe in Angola agtergebly het.[40]

Enkele vroue was getroud met mans van ander nasionaliteite. Jacomina Gertruida Elizabeth Grobler (wat met die Marokkaanse Jood José Mayer Alkaim getroud is) het aanvanklik nie saam met die ander Angola-Boere na Suidwes-Afrika getrek nie. Ná haar man ongeveer 1932 oorlede is, het sy na Suidwes-Afrika verhuis.[41] Maria Adriana Grobler

---

32 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
33 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Maria Aletta Ackerman en Isidro da Costa Morais, ca. 1975.
34 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 132.
35 Persoonlike onderhoud: J.A.B. Silva, 30.06.2007.
36 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Catarina Aletta Maria [= Catharina Cornelia Fransina] Ackerman en Joaquim Milho, ca. 1975.
37 Private versameling, H.F. Heese: H.F. Heese, "Onderhoude en Notas gemaak met Angola-nakomelinge".
38 D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp. 111–126.
39 GKSA: QU 5.1.2 Gereformeerde Kerk Que Huweliksregister, 13.04.1908.
40 Persoonlike onderhoude: E.T. Meyer, 13.07.2007 & 30.04.2008; Telefoniese onderhoud: E.P. Weyhe (née Lewis), 28.05.2008.
41 Persoonlike onderhoud: J.A. Vermaak (née Breedt), 06.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was met die Suid-Afrikaans-gebore Eduard Frederik John Storbeck getroud,[42] terwyl Martha van der Walt met ene Miller in owerspel saamgeleef het.[43]

Onder die Angola-Afrikaners wat in 1928 nie getrek het nie was daar enkele persone wat weens hulle huweliksbande met gekleurdes nie in Suidwes-Afrika aanvaar sou word nie. Onder hulle tel 'n aantal lede van die Hayes-familie[44] (vermoedelik Magrieta Christina Hayes en Valentin de Oliveira). Johanna Steyn, wat met John Victor (ook Johannes of Jim) Hayes getroud was, se bydrae as lidmaat is byvoorbeeld in 1923 teruggestuur met die mededeling dat sy deur haar huwelik nie meer 'n lidmaat van die blanke Gereformeerde gemeente is nie.[45] Sarel van Dyk se skoonseun was 'n Portugese mulat. Van Dyk se dogter was die mulat se tweede vrou en hy haar derde man.[46]

Sommige Afrikaners wat nie in 1928 getrek het nie, het vermoedelik in Angola agtergebly omdat hulle sedes nie vir die res van die groep aanvaarbaar was nie. In Hoofstuk 13 word die maatskaplike toestande onder die Afrikaners van Angola vir die tydperk 1928–1958 bespreek. Hier word slegs volstaan met die persone wat reeds voor 1928 in kerklike tugsake betrokke was en vermoedelik om hierdie rede in Angola agtergebly het. Die meeste lede van hierdie groep was lidmate van die Gereformeerde Kerk wat in Bié gewoon het.[47] (Die meerderheid Afrikaners in die sentrale dele van Angola was lidmate van die Gereformeerde Kerk.)[48]

Omdat die notules van die Gereformeerde gemeente Humpata tussen 1908 en 1922 in die Gereformeerde Kerkargief ontbreek, is alle tugsake nie bekend nie. By geleentheid is selfs dokumente wat voor die Gereformeerde kerkraad van Humpata gedien het deur die predikant, met toestemming van die kerkraad, vernietig.[49] Een van die sake wat aandag geniet het, was 'n klagskrif teen Andries Alberts wat voor die Algemene Vergadering gedien het.[50] Op die vergadering van 15 Junie 1907 is die notules van al die vergaderings vanaf 1 Junie "gearresteerd".[51] Daar was verskeie gevalle, sommige van 'n heel onsmaaklike aard,

---

42 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 143; GKSA: QU 5.1.2 Gereformeerde Kerk Que Huweliksregister, 03.07.1911.
43 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 01.10.1926, artikel 15.
44 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 88; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 92.
45 GKSA: HU 1.1.3, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 21.12.1923, artikel 6.
46 GKSA: Brief P. Biewenga – Algemene sinode, 1923.
47 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 2.
48 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 2; H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 60.
49 GKSA: HU 1.1.3, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 10.06.1907 & 12.06.1907, artikel 2.
50 GKSA: HU 1.1.3, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 01.06.1907, artikel 3.
51 GKSA: HU 1.1.3, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 15.06.1907, artikel 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat deur die kerkraad van die Hervormde gemeente van Humpata in amptelike hoedanigheid behandel is, maar wat nie genotuleer is nie uit vrees vir "wat sal die predikante van ons sê".[52] Die prentjie wat ons van die sedelike lewe van die Boere in Angola voor 1928 het, is dus noodwendig onvolledig.

'n Groot aantal gevalle van ontug en owerspel ("oortreding van die sewende gebod") het gedurende hierdie tyd voor die verskillende kerkrade gedien. Ongeveer 20 persone wat voor 1928 vir ontug voor hulle onderskeie kerkrade gedaag is, het in 1928 besluit om in Angola te bly. Verskeie van die persone wat hierbo onder saamwoonverhoudings genoem word, val in hierdie groep.

Voor die Gereformeerde kerkraad van Que het die volgende hartseer geval gedien:

> Komt in behandeling de zaak van het echtpaar Jan v.d. Walt en echtgenoote die hun dochter Cesilia, 18 jaar en belijdend lidmaat onser Kerk gedwongen hebben om met een Griek in overspel te leven en waarvoor ze geld van den Griek hebben ontvangen. Toen Cesilia weigerde om met dien man te leven heeft hare moeder haar gedreigd met een pak slagen en zoo is zij naar dien man gegaan. Toen zij 2 weken bij hem geweest was joeg hij haar in zijn dronkenschap weg. Later wilde hij haar weer hebben maar toen wilde zij niet. – De moeder van Cecilia bekende schuld en zegt de straf der kerk gewillig te zullen dragen. De vader zegt dat toen dat ding begon hij geprobeerd moest hebben om dat af te snijden.

Al drie persone is van die Nagmaal afgehou en die egpaar se ander dogters is aan hulle doopgetuies afgegee.[53]

Pieter Greshoff, 'n Nederlander, en Anna Zacharia de Klerk was 20 jaar getroud toe hulle die weduwee Maria Elizabeth Scheepers en haar dogter Susanna Maria (Sannie) by hulle ingeneem het. Hy en sy vrou is toe uitmekaar, terwyl hy en Sannie as man en vrou saamgewoon het. Hy was nie lid van die Gereformeerde Kerk nie, maar Sannie en haar ma het hierna uit die Gereformeerde Kerk bedank.[54] Sannie was self buite-egtelik gebore en die vader Scheepers (moontlik Oosthuizen) was nie by die doop teenwoordig nie.

Sannie van der Walt het, nadat sy van Frederik de Villiers geskei is, buite die eg met Piet Ludeke saamgeleef.[55] Twee kinders is uit die verbintenis gebore. Daarna het sy met Alberto Piechazeck saamgeleef voordat hulle getroud is.[56]

---

52 NHK: K1/2 3/27/8, Ds. S.J. Strydom – Hoogeerwaarde Kommissie van die Algemene Vergadering, 03.12.1923, p. 10.
53 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 01.10.1926, artikel 14.
54 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 03.10.1924, artikel 11 & 01.10.1926, artikel 16; GKSA: Humpata bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", p. 58.
55 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 28.09.1925, artikel 5.
56 Telefoniese onderhoud: E. Fourie (née Piechazeck), 15.01.2009.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sommige van die gevalle wat voor die Gereformeerde Kerk se kerkraad van Humpata gedien het, was van 'n minder ernstige aard. Onder hierdie gevalle was die geval van António Leino de Brito en sy vrou Gertruida Magdalena Steyn wat lief vir dans was.[57] Dié probleem is opgelos toe Brito na die Hervormde Kerk oorgegaan het.[58] Hulle is voor die kerkraad gedaag in 'n tyd toe dans as 'n ernstige sonde beskou is. (Toe ds. D. Postma in 1922 een van die lidmate in Angola gevra het of daar nie gedans word nie, het die persoon geantwoord: "Nee, ons is nie kaffers nie, hulle dans."[59]) Alle Afrikaners in Angola het vermoedelik nie dieselfde probleem met dans gehad nie, want daar is talle verwysings na danspartye en dansspeletjies.

Ander Afrikaners wat ná 1928 in Angola gebly het, is ook voor 1928 voor die Gereformeerde kerkraad van Que gedaag vir dans:

> Daar de leden Pieter Nannings, Margriet Bezuidenhout, Susanna Enslin en Leentje Verster zich herhaaldelijk bezondigden met het wereldsche dansen en alzoo der wereld gelijkvormig zijn geworden, en na herhaaldelijke vermaningen daarmede niet willen ophouden is met algemeene stemmen besloten de eerste trap van censuur op hen toe te passen.[60]

'n Paar lidmate wat ná 1928 in Angola gebly het, is die Nagmaal verbied weens "een drink- en danspartij". Onder hulle was Pieter Harmse en sy eggenoot, Barend Harmse en sy eggenoot, Marthinus van Dyk en sy eggenoot, Willem Ludeke, J. Ludeke en sy eggenoot, Piet Ludeke en sy eggenoot, Piet Ludeke jr., Freek Ludeke sy eggenoot Martha Ludeke.[61]

Die drie broers Flip, Henry en Martyn Behan, Margie Behan (née Groesbeek) en Maria (vermoedelik Jacomina Gertruida Elizabeth) Mayer (née Grobler) is by verskillende geleenthede gevra om hulle van die Nagmaal te weerhou weens "onbehoorlijk gedrag".[62]

Sommige van die Afrikaners van Angola (soos Hendrik de Klerk, Jacob Johannes Diederiks, Cornelis Johannes Petrus Engelbrecht, Hendrik Abraham Kruger en Albertus Stefanus Abraham Opperman) wou in 1928–1929 na Suidwes-Afrika trek, maar het in die Sandveld omgedraai, "disselboom na die noorde", toe hulle verneem van die ongunstige landboutoestande in Suidwes-Afrika, die moeilike aanpassing op waterlose plase en dat baie van die Angola-Boere se beeste in Suidwes-Afrika van gallamsiekte vrek, dit alles

---

57 GKSA: HU 1.1.3, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 27.04.1923, artikel 3.
58 *Ibid*., 21.12.1923, artikel 3.
59 D. Postma, "Angola en Ons Mense Daar", *Die Kerkblad Feesnommer*, Des. 1923, p. 21.
60 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 07.04.1913, artikel 6.
61 *Ibid*., 03.10.1924, artikel 9.
62 *Ibid*., 20.11.1922, artikel 4, 17.09.1923, artikel 4 & 20.11.1922, artikel 4.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teen die agtergrond van die wêreldwye depressie.[63] Volgens Hendrik de Klerk se dogter Hannie Truter het hy omgedraai toe hy hoor dat omstandighede nie so rooskleurig in Suidwes-Afrika is nie en dat "die vark nie met die vurk in die rug daar rondloop nie". Hulle was in later jare baie spyt oor die besluit.[64]

Volgens die sekretaris van die Trekkommissie van 1928, Herman Smit, is die "Angola-trek" in Februarie 1929 amptelik gesluit. Toe daar 'n maand later verneem is van nog trekkers wat sonder trekgeriewe op die grens wag, is van die Administrasie se vragmotors gestuur om hulle te gaan haal. Die vragmotors het leeg teruggekeer omdat hierdie gesinne na hulle woonplekke teruggekeer het nadat sommige Portugese hulle wysgemaak het dat hulle "soos die kaffers in Angola op die paaie" in Suidwes-Afrika sal moet werk.[65]

Die lede van hierdie groep het hoofsaaklik van Cubal, Caconda en Mombolo gekom en was deel van 20 gesinne (uit 47) uit Cubal en Caconda en 21 gesinne (uit 152) van Mombolo en Bié aan wie treksertifikate uitgereik is, maar wat uiteindelik besluit het om nie te trek nie.

In die geval van Gideon Fourie en 'n groep van sewe of agt gesinne het daar by Bela Vista longsiekte onder die trekosse uitgebreek nadat hulle 'n maand op trek was en nog twee maande van die grens by Swartbooisdrif was. Omdat hulle nie vorentoe of agteruit kon trek nie, het hulle die Trekkommissie om hulp gevra om oor die weg te kom. Omdat die kommissie in daardie stadium te besig was, kon hulle nie hulp verleen nie. Die trekkers het toe maar na hulle ou woonplekke teruggekeer en die koring en ander graan wat deur hulle op hulle lande agtergelaat is, gaan oes. Teen die einde van 1929 het hierdie gesinne weer probeer om na Suidwes-Afrika te verhuis.[66]

Een gesin het die grens met twee osse en 'n sleepwa probeer haal. Toe die reis te moeilik geword het, het hulle moed verloor en van hulle planne afgesien.[67] In die geval van die gesinne van Christiaan Putter en die weduwees Maria Putter en Paulina van der Merwe (née Putter) is hulle verhinder om te trek omdat hulle hul plaas verkoop het om hulle skuld te betaal, die weerlig daarna hulle osse doodgeslaan het en hulle toe weer

---

63 A. de Moraes, *Memórias de Angola*, pp. 80–81; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 1–2; Volkskomitee vir Angola-Boere, *Die Noodkreet uit Angola*; W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957; W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, p. 6; W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16; H. Smit, "Kerke alleen kan saak nie oplos nie", *Die Suidwester*, 18 Sept. 1957, p. 4; Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006; Kruger-gesin, 13.07.2007.

64 Persoonlike onderhoud: J.E. Truter (née De Klerk), 23.08.2007.

65 H. Smit, "Kerke alleen kan saak nie oplos nie", *Die Suidwester*, 18 Sept. 1957, p. 4.

66 NAN: SWAA 846 A68/5/4/65, Brief Herman Smit – Mnr. Wagner, 04.12.1929.

67 SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 28.08.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skuld moes maak om te lewe. Gevolglik het hulle Angola nie verlaat nie.[68] Toe die Vliegtuigkommissie Angola bykans dertig jaar later besoek het, het hulle vir Christiaan Putter op die plaas aangetref waar hy al sedert 1928 toe sy transportwa daar ingegee het, gewoon het.[69]

Daar was diegene wat in later jare beweer het dat hulle nie in 1928 getrek het nie omdat hulle nie van die volksverhuising geweet het nie.[70] Dit word in 'n mate bevestig deur die "Lys van persone wat nie sal trek nie", waarvolgens ongeveer 27 uit 'n groep van 41 gesinshoofde nie hulle voorneme om te trek te kenne gegee het nie "grotendeels omdat hulle van die trek nog niks geweet het nie". Hulle was boonop aan die Kommissie nie goed bekend nie.[71] Onder hulle was Hendrik Kruger en sy gesin wat te laat van die voorgenome trek gehoor het.[72] Barend Johannes Harmse se gesin wou ook in 1928 na Suidwes-Afrika trek, maar hulle was toe in die Belgiese Kongo en het vermoedelik te laat van die voorgenome trek gehoor of hulle kon die afstand nie betyds aflê nie. In 1943 het sy weduwee Johanna Susanna Catharina aansoek gedoen vir 'n permit vir haar, haar kinders en kleinkinders om te trek, maar hulle het uiteindelik nooit getrek nie.[73]

Herman Smit, wat sekretaris van die trek van 1928 was, noem ook die "moedswillige onwil, koppigheid en onverstandigheid onder party mense veral in die noorde". Dit word deur hulle self bevestig. Dit het in later jare soms gebeur dat die jonger geslag die ouer geslag verwyt het dat hulle nie in 1928 saam met die ander Afrikaners van Angola getrek het nie.[74] Die ouer geslag se antwoord was dat hulle "maar na die lig ons gegee, gehandel het".[75] Die volwasse Afrikaners van 1957 het gevoel dat hulle kinders was toe hulle ouers in 1928 die besluit geneem het om in Angola te bly en dat hulle nie daarin inspraak gehad het nie. Hulle het hul van dié besluit gedistansieer en die mening uitgespreek dat hulle nie vir dié besluit verwyt kan word nie.[76]

---

68 NAN: SWAA 846 A68/5/4/65, Brief Welvaart Beampte – Direkteur Angola Boere Nedersettings, 09.05.1930.
69 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, pp. 4–5.
70 W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, p. 6; Persoonlike onderhoud: J.O.K. Labuschagne & S.M. Labuschagne (née Horn), 15.05.2007.
71 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
72 SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 28.08.1958; Persoonlike onderhoud: Kruger-gesin, 13.07.2007.
73 NAN: BIN 8 B16, Brief J.S. Harmse – Magistraat Grootfontein, ongedateer (ca. Des. 1943).
74 H. Smit, "Kerke alleen kan saak nie oplos nie", *Die Suidwester*, 18 Sept. 1957, p. 4; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
75 W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957; J.J. Diedericks [sic], "Menings van ons lesers: 'n Noodkreet kom uit Angola", *Die Burger*, 21 Mrt. 1958, p. 9; W.A. de Klerk, "Swerwer op die sonpad: 3. Dié wat vergeet het om terug te keer", *Sarie Marais*, 27 Mei 1959, p. 51; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 199, 225–226.
76 Afrikaners in Angola (32 ondertekenaars), "Angola-Afrikaners vra om hulp", *Die Suidwester*, 4 Sept. 1957, p. 4; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 199, 225–226.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Getal Afrikaners wat in 1928 in Angola agtergebly het

Skattings oor hoeveel Afrikaners ná 1928 in Angola agtergebly het, wissel aansienlik. Nie een van hierdie skattings is akkuraat nie.

Volgens die Portugese owerheid het daar ná 1928 so min Afrikaners in Angola agtergebly dat die owerheid (wat hul vroeër deur die Boere bedreig gevoel het) van die Boere vergeet het. Die Portugese owerheid het egter nie eintlik 'n goeie idee gehad hoeveel Afrikaners in Angola woonagtig was nie.[77]

Selfs lede van die Trekkommissie se skattings was ver uit. Die skrywer P.J. van der Merwe, 'n lid van die Trekkommissie, het geskat dat twee gesinne van Humpata en 38 gesinne van die sentrale dele van Angola nie in 1928 sou trek nie.[78] Later het hy geskat dat vier gesinne by Humpata en 36 in die sentrale dele van Angola, altesaam 200 persone, nie sou trek nie.[79] Hierteenoor het Herman Smit, die sekretaris van die Trekkommissie, verwag dat daar slegs 76 Afrikaners ná afloop van die repatriasie in Angola sou agterbly.[80]

Ander kundiges oor die Afrikaners van Angola se skattings was eweneens ver uit. Volgens Heese was daar 32 gesinne uit Bié, 4 uit Humpata, 3 te Mombolo en 2 te Cubal,[81] terwyl Duffy geskat het dat ongeveer 35 gesinne, waarvan sommige die land in die volgende paar jaar verlaat het, agtergebly het.[82] Volgens Ernst Cramer het ongeveer 60 gesinne in Angola agtergebly.[83] Amptelike syfers van die administrasie in Suidwes-Afrika is ook nie baie akkuraat nie. Daarvolgens het 39 gesinne aanvanklik in Angola agtergebly.[84] Teen 1935 is dit verhoog tot ongeveer 53 gesinne en 300 siele.[85] Dr. John T. Tucker het in 1932 geskat dat daar ongeveer 150 tot 200 Afrikaners in Angola was.[86] Later het hy geskat dat daar ongeveer 300 was wat deur buitelandse sendinggenootskappe bedien is.[87]

Van die 420 gesinne aan wie treksertifikate uitgereik is, het 46 nie van die geleentheid gebruik gemaak om te trek nie: 21 (van 152) uit Mombolo en Bié, 3 (van 119) uit Humpata,

---

77 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 16–17.
78 P.J. van der Merwe, "Boere in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jul. 1947, p. 14.
79 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 209.
80 H. Smit, "Persoonlike indrukke en nog iets", *Die Suidwes Afrikaner*, 15 Mrt. 1929, p. 6.
81 H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", p. 263.
82 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 100.
83 E.L. Cramer, "Gast aus Angola ", *Afrikanischer Heimatkalender*, 1951, p. 110.
84 Union of South Africa, *Report presented by the Government of the Union of South Africa to the Council of the League of Nations concerning the administration of South West Africa for the Year 1929* (U.G. No. 23–'30), p. 37 par. 213.
85 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 2, Brief Administrateur – Genl. J.B.M. Hertzog, 24.09.1935.
86 J.T. Tucker, "Die oorblyfsel van Boere in Angola", *De Kerkbode*, 4 Mei 1932, p. 846.
87 J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 119.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2 (van 74) uit die Sandveld, 20 (van 47) uit Cubal en Caconda en geen (van 28) uit Que.[88] Dit beteken dat, hoewel feitlik al die Afrikaners van Humpata, die Sandveld en Qué getrek het, 14% van die gesinne uit Mombolo en Bié en 43% van die gesinne in Cubal en Caconda aan wie treksertifikate uitgereik is, nie getrek het nie.

Hierbenewens was daar ’n groot aantal persone wat nie beoog het om te trek nie en aan wie gevolglik geen treksertifikate uitgereik is nie.[89]

Volgens eie berekening het daar ten minste 386 en moontlik soveel as 473 Afrikaners en hulle familielede ná 1928 in Angola agtergebly. Dit was ongeveer 99 gesinne en 40 alleenlopende persone. Daar was ongeveer vyf gesinne (21 persone) uit Mombolo, 59 gesinne (161 tot 213 persone) uit Bié, 28 gesinne (59 tot 75 persone) uit Humpata, vier gesinne (9 tot 11 persone) uit die Sandveld, 42 gesinne (132 tot 149 persone) uit Cubal en Caconda en een gesin (2 tot 3 persone) uit Que. Van een gesinne (2 persone) is dit onbekend waar hulle gebly het. In Bylae 2 verskyn ’n lys van Afrikaners wat in 1928 in Angola agtergebly het.

Afrikaners wat ná 1928 na Angola teruggekeer het

’n Paar van die gesinne wat in 1928 die land verlaat het, het mettertyd teruggekeer, terwyl ander wat nog nie voorheen in die land gebly het nie, hulle in die land gevestig het. Reeds in 1929 was daar families wat na Angola wou terugkeer omdat hulle in Suidwes-Afrika swaarkry. Dit wil voorkom of hulle besluit het om maar te volhard en ’n sukses van hulle nuwe lewe in Suidwes-Afrika te probeer maak, want slegs enkele persone het onmiddellik na Angola teruggekeer.[90] Volgens amptelike statistieke het twee mans en drie vroue in 1929 en een man in 1930 na Angola teruggekeer.[91]

In 1931 het J.A. van Zyl aansoek gedoen om na sy familie in Angola terug te keer

---

88 NAN: A.10 & SAB: BTS 86/7/1, Vol. 1, Statistieke: Aanwysende die totale getal persone met besittings wat uit die verskillende distrikte van Angola verhuis, ca. 1928; Aanvullingslys Angola-Trekkers: Bihe en Mombolo, ca. 1928; Vervolg van Statistieke van Angola-Trekkers naar die Suidwes-gebied, ca. 1928; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 218–163.

89 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, “Lys van persone wat nie sal trek nie”, ongedateer (ca. 1928).

90 A. de Moraes, *Memórias de Angola*, p. 81. H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, pp. 230–236 en P.W. Möller, “Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950”, p. 195, beweer dat geen Boere na Angola teruggekeer het nie. Dit is egter nie korrek nie.

91 Union of South Africa, *Report presented by the Government of the Union of South Africa to the Council of the League of Nations concerning the administration of South West Africa for the Year 1929* (U.G. No. 23–’30) & 1930 (U.G. No. 21–’31).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omdat hy sieklik en onbekwaam vir werk was. Hy het 'n bokwa en 16 donkies besit.[92] Teen 1935 het hy weer aansoek gedoen om te trek. Hy het toe nog steeds die bokwa, maar slegs 12 donkies, besit.[93] Teen 1939 het hy die hoop uitgespreek: "As ek net kan teruggaan na Angola, na my vrou se mense, sal ons weer soas witmense en afrikaners kan lewe." Die rede wat aangevoer is vir die versoek was dat "ek met my huisgesin vergaan van ellende" en van aalmoese moes leef. In Angola het hy vroeër glo goed geleef en 450 beeste, 270 kleinvee, 5 perde, 14 donkies en een kwagga besit.[94] Volgens die landdros van Outjo kon Van Zyl nie 'n hartlike ontvangs deur die Portugese owerheid verwag nie "aangesien hulle ongelukkig die tipe is wat geen sieraad vir die samelewing is nie".[95] Van Zyl het vermoedelik nooit na Angola teruggekeer nie.

Een van die eerste persone wat na Angola teruggekeer het, was die sekretaris van die Trekkommissie, Herman Smit. Nadat sy dienste aan die einde van 1932 weens 'n gebrek aan fondse beëindig is, het hy besluit om na Angola terug te keer omdat die vooruitsigte op werk in Suidwes-Afrika nie te rooskleurig was nie en hy 'n gesin van sewe moes onderhou. Vir dié doel het die administrateur van Suidwes-Afrika 'n bedrag uit die Angolafonds aan hom beskikbaar gestel.[96] Die owerheid in Suidwes-Afrika het egter in later jare baie moeilikheid met hom gehad.[97]

Teen 1933 het die aantal dreigemente van ontevredenes om na Angola terug te keer, toegeneem. Daar was sporadies sprake daarvan dat sommige Angola-Boere na Angola wil terugkeer. 'n Hele paar Angola-Boere het by verskillende geleenthede by die owerheid aansoek gedoen om na Angola terug te keer.[98] Die trekneiging om na Angola terug te keer, was waarskynlik ook in 'n mate die resultaat van opsweping deur ontevredenes, want die naam van J.J. Folkus, wat die reputasie as 'n opstoker geniet het, het telkens onder die ontevredenes opgeduik.[99]

---

92 NAN: SWAA 1955 A406/5, Brief W. Viljoen – Die Magistraat, Outjo, 28.09.1931.
93 NAN: SWAA 1955 A406/5, Brief Maria van Zijl – Die Adminesstrasie [sic], 15.05.1935.
94 NAN: SWAA 2024 A438/556, Brief J.A. van Zyl – Dr. D.G. Conradie, 11.04.1939.
95 NAN: SWAA 1955 A406/5, Brief L.J. Reynolds – Sekretaris vir Suidwes-Afrika, 10.09.1935.
96 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 2, Brief Secretary for South West Africa – Secretary for Finance, 26.02.1935; P.J. van der Merwe, "Lewenskets van Herman Smit", *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 61, 1967, pp. 77–79.
97 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, L. le Roux (namens Sekretaris vir Suidwes-Afrika) – Hoofklerk, 07.05.1947.
98 NAN: SWAA 848 A68/5/4/95 & SWAA 1955 A406/5 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 2, bevat verskeie briewe waarin Angola-Boere aansoek doen om terug te keer.
99 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 137–138, 196. Kyk ook NAN: SWAA 848 A68/5/4/95, Brief E.C. Biermann – Privaat Sekretaris, Kantoor van die Administrateur, Windhoek: "Rapport: Angola Nedersetting Grootfontein", ongedateer (ca. 1934); NAN: SWAA 848 A68/5/4/95, Brief S.J.D. Oosthuizen & 21 ander Angola-Boere – Administrateur van Suidwes-Afrika, 02.10.1933.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die grootste rede vir hulle behoefte om terug te keer, was waarskynlik omdat hulle nie in staat was om 'n "menswaardige bestaan" in Suidwes-Afrika te maak nie. Die Groot Depressie en die groot droogte het onteenseglik baie daarmee te doen gehad. Nadat dit in 1934 gereën het, het die ontevredenheid aansienlik afgeneem en het die ontevredenes hulle in hul lot berus om aan 'n toekoms in 'n nuwe land te bou.[100]

Dit lyk nie of dit verder as dreigemente om terug te trek na Angola gevorder het nie, want volgens amptelike statistiek het slegs 31 alleenlopende Portugese mans tussen 1931 en 1938 Suidwes-Afrika verlaat, terwyl slegs vyf Portugese mans die land binnegekom het.[101] Dit was vermoedelik nie familielede van Angola-Boere nie.

Toe adv. A. Broeksma 'n afvaardiging van Angola-Boere in Suidwes-Afrika in Julie 1935 besoek het, is die voorstel dat hulle na Angola moet terugkeer met veragting afgelag. Hulle het erken dat die voorstelling dat hulle besig is om te vergaan en byna nakend rondloop, 'n verdraaiing van die feite is.[102]

Sommige Angola-Boere in Suidwes-Afrika (soos H.J., J.H. en P.J. Steyn) het teen 1933 besluit om na Rhodesië te trek.[103] Ander Angola-Boere (soos H.J.W. Grobler en D.C.R. Oosthuizen) se versoek om na die Okavango te trek, is deur die administrateur geweier.[104]

Daarna het enkele gesinne na Angola teruggekeer. Theuns van der Merwe (met 'n gesin van 14 lede) en sy broer Johannes Zacharias (bynaam Chipombo) van der Merwe het in ongeveer 1948 na Angola getrek en gedurende die vyftigerjare weer na Suidwes-Afrika teruggekeer.[105] Verskillende redes is vir hulle terugkeer aangevoer. Hulle het

---

100 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 195–197. Kyk ook NAN: SWAA 848 A68/5/4/95, Brief Alfred Meyer & 12 ander Angola-Boere van Springvale – Die welvaartsbeampte, 23.04.1934, vir boerderyomstandighede gedurende hierdie tyd & NAN: SWAA 848 A68/5/4/95, Brief S.J.D. Oosthuizen & 21 ander Angola-Boere – Administrateur van Suidwes-Afrika, 02.10.1933 & Brief Petrus Venter & 12 ander Angola-Boere – Administrateur van Suidwes-Afrika, 02.10.1933, asook L.F. Prinsloo, "Terug na Angola!", *Die Volksblad*, 22 Nov. 1933, oor die ontevredenheid gedurende hierdie tyd.

101 Union of South Africa, *Report presented by the Government of the Union of South Africa to the Council of the League of Nations concerning the administration of South West Africa for the Year 1932* (U.G. No. 16–'33), *1933* (U.G. No. 27–'34), *1934* (U.G. No. 26–'35), *1935* (U.G. No. 25–'36), *1937* (U.G. No. 25–'38) & *1938* (U.G. No. 20–'39) (1931 en 1936 uitstaande).

102 NAN: A.273, SAB: PM 1/4/195 EM2/81 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 3, Adv. A. Broeksma, Memorandum "The Angola Boers", 01.06.1936, p. 13.

103 NAN: SWAA 848 A68/5/4/95, Brief E.C. Biermann – Privaatsekretaris, [Kantoor van die Administrateur, Windhoek], 16.11.1933.

104 NAN: SWAA 848 A68/5/4/95, Briewe H.J.W. Grobler & D.C.R. Oosthuizen – Administrateur, ongedateer (ca. 1933) & Welvaartbeampte – H.J.W. Grobler & D.C.R. Oosthuizen, ongedateer (ca. 1933).

105 Persoonlike onderhoude: J.A. Vermaak (née Breedt), 06.07.2007; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; P.J. Robberts, 28.04.2008; Telefoniese onderhoud: J.Z. van der Merwe, 17.01.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

byvoorbeeld beweer dat hulle nie grond ontvang het waar hulle vee kon aanhou nie, dat hulle nie 'n bestaan in Suidwes-Afrika kon maak nie en dat wetlike en burokratiese verpligtinge hulle aan bande gelê het. "Daar [in Suidwes-Afrika] is meer beslommernisse", het Zacharias van der Merwe beweer. Hulle het verder op die onaangename Engelse teenwoordigheid in Suidwes-Afrika en die verlange na "hulle land Angola" gewys.[106]

Enkele Angola-Boere het nadat hulle in Suidwes-Afrika uitgeboer het, besluit om na Angola terug te keer. Teen 1934 het die weduwee Catharina Milho (née Ackerman) en 'n getroude seun Anton (António Dias) Milho uitgeboer. Sy het gevolglik besluit om saam met 'n ander seun, Frans (Francisco Dias) Milho, na Angola terug te trek. Hulle was toe nog steeds Portugese onderdane.[107] Frans Milho het egter eers teen 1945–1946 na Angola teruggekeer vir redes wat verband hou met die Tweede Wêreldoorlog en omdat hy nie 'n plaas van die Landraad gekry het nie.[108] Drie van die vier Milho-broers (Piet, Joachim en Frans) het mettertyd na Angola teruggetrek.

In 1937 was daar nog steeds 'n sterk hunkering onder sommige Angola-Boere in Suidwes-Afrika om na Angola terug te keer.[109] In Oktober 1940 het Magiel Prinsloo en Paul van der Walt met hulle gesinne na Angola teruggekeer. Een van Paul van der Walt se dogters het in Suidwes-Afrika aangebly, aanvanklik vir skool en later vir werk.[110] Volgens sy aansoek het hy verhuis omdat hy in Angola 'n beter bestaan kon maak.[111] Volgens Marthie Voigt het haar pa, Magiel Prinsloo, na Angola teruggetrek omdat hulle nie die beloofde plase in Suidwes-Afrika ontvang het nie en ná al die jare nog swerwers en bywoners op ander mense se plase was. In Angola kon hulle weer selfstandig op hulle eie grond boer.[112]

'n Ontleding van die geval Paul van der Walt lewer interessante inligting op. Gedurende die voorafgaande tyd (1928–1940) het hy 'n swerwersbestaan in Suidwes-Afrika gevoer. Volgens sy eie getuienis het hy 32 keer van woonplek verander en is sy aansoeke om plase telkens afgekeur. Dit wil egter voorkom of hy die plase wat hy wel ontvang het, nie

---

106 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 16.
107 NAN: SWAA 848 A68/5/4/95, Brief Welfare Officer – Consul for Portugal, Windhoek, ongedateer (ca. 1934).
108 Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007.
109 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. A. Oosthuizen – Kommissie van die Algemene Vergadering, 09.01.1937.
110 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Administrateur – Sekretaris van Binnelandse Sake, 22.11.1941; NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Mev. M. Venter – Administrateur, 11.11.1941; H.G. van der Westhuizen, "PS van der Walt – 90 jaar oud", *Konteks*, 3(5), Mei 1992, p. 8; M. Voigt, "Waardering aan die oue ds. PS van der Walt (92 jaar)", *Konteks*, 5(12), Des. 1994, p. 20; Persoonlike onderhoude: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
111 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Administrateur – Sekretaris van Binnelandse Sake, 22.11.1941.
112 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989; FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 1; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wou aanvaar nie. Boonop kon hy geen werk kry nie, hoewel hy volgens sy eie getuienis 'n knap werker was.[113] Volgens die owerheid het hy "feitlik uitgeboer" en "'n bestaan gemaak deur by privaat boere veld te huur vir die vee wat hy oorgehou het en stukwerk aan te neem".[114]

Hy het beweer dat hy in 1940 na Angola moes vlug omdat hy as 'n "gevaarlike persoon" vir die Smuts-regering beskou is.[115] By 'n ander geleentheid het hy verklaar dat hy deur die Administrasie in Suidwes "veronreg" is, dat hy as "staatsgevaarlik" beskou is en dat hy uit Suidwes-Afrika moes vlug om nie in 'n interneringskamp of konsentrasiekamp te beland nie.[116] Hierdie verklarings hou nie steek met verklarings wat hy aan die owerheid in Suidwes-Afrika gedoen het voor sy vertrek nie en waarin hy hulle vra om hom by te staan om na Angola te verhuis. Hy het selfs daarop aangedring dat die voorgeskrewe prosedure op allerhande maniere omseil moes word sodat hy na Angola kon verhuis.[117]

Daar was boonop ook 'n hele geskil oor sy eie nasionaliteit. Hy wou nóg 'n Portugese onderdaan nóg 'n Britse onderdaan wees.[118] Toe hy in 1934 die geleentheid gekry het om 'n Britse onderdaan te word, wou hy dit nie aanneem nie.[119] Dit het hom nie daarvan weerhou om in 1946 by die Britse konsul in Luanda vir 'n Britse paspoort en by die Portugese owerheid in Lubango vir 'n *bilhete de identidade* (identiteitskaart – waarin hy as 'n Suid-Afrikaner bestempel word) aansoek te doen nie.[120] Dit lyk of hy soms 'n redelik hardkoppige persoon kon wees. Van der Westhuizen verwys na "astrantheid" wat op "slimmigheid" gebaseer is.[121]

Dit lyk nie of sy voorneme om in Angola te bly lank gehou het nie. Binne 'n jaar wou hy weer na Suidwes-Afrika terugkeer.[122] Op die grens is hy voorgekeer omdat dit owerheidsbeleid was om gedurende die oorlog geen vreemdelinge in Suid-Afrika of Suidwes-Afrika toe te laat nie.[123] Die owerheid het nogtans geen beswaar gehad dat sy vrou en vier

---

113 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, pp. 202–205.
114 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Administrateur – Sekretaris van Binnelandse Sake, 22.11.1941.
115 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, pp. 206–207.
116 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 25, 27; SAUK: T76/94, Onderhoud P.S. van der Walt, 22.07.1976.
117 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief P.S. van der Walt – E.C. Bierman, 11.08.1940.
118 Kyk NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief P.S. van der Walt – E.C. Bierman, 11.08.1940 waarin hy versoek om nóg as Britse nóg as Portugese onderdaan bestempel te word. Kyk ook H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, pp. 177–179, 185, 197.
119 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Administrateur – Sekretaris van Binnelandse Sake, 22.11.1941.
120 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief P.S. van der Walt – Hoof van die Polisie Stasie, Otjiwarongo, 26.09.1946.
121 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, p. 202.
122 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Mev. M. Venter – Administrateur, 11.11.1941.
123 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Administrateur – Mev. M. Venter, 18.11.1941.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(van vyf) dogters na Suidwes-Afrika terugkeer nie.[124] Van 1946 tot 1950 het hy voortdurend probeer om na Suidwes-Afrika terug te keer.[125] Eers op 24 Oktober 1950 is hy ingelig dat hy en sy vrou vrygestel is van die Wet op Vreemdelinge, No. 1 van 1937.[126]

Gedurende die veertigerjare het 'n paar vroeëre Angola-Boere vir 'n tyd lank na Angola teruggekeer. Onder hulle was G.S. Jacobsz en sy gesin van vyf, wat in 1948 na Angola teruggekeer het en die land weer in 1957 verlaat het.[127] Theuns Duvenhage en sy gesin het in 1949 na Angola getrek, maar het voor 1958 weer na Suidwes-Afrika teruggetrek.[128] Pieter du Plessis, wat Angola as 'n baba verlaat het, het in 1949 met sy vrou na Angola getrek. Sy ouers Jan Adriaan (Jan Katang of Jan Katanga) du Plessis en Cecilia Johanna du Plessis (née Grobler) het reeds in 1948 na Angola teruggetrek, 'n paar jaar daar met beeste geboer en gejag en in ongeveer 1956 weer na Suidwes-Afrika teruggekeer omdat hulle nie meer in Angola 'n bestaan kon maak nie.[129]

Tydens 'n reis deur Suidwes-Afrika in 1948 het die skrywer W.A. de Klerk bevind dat daar weer sprake daarvan was dat sommige Angola-Boere in Suidwes-Afrika na Angola wou terugkeer.[130] Onder hulle was mev. Folkus wat in die briewerubriek van *Die Suidwester* gevra het dat die Administrasie £2000 aan elkeen moes leen om dit vir hulle moontlik te maak om na Angola terug te keer![131] De Klerk het hierdie groep wat weer na Angola getrek het, bestempel as "die rustelose siele wat maar net nie tussen Angola en Suidwes kon besluit nie": "Nou was hulle in Suidwes, vol verlange na Angola. Dan was hulle weer in Angola, vol verlange na Suidwes." Weens die hoë koste om paspoorte te bekom, het dit vir hierdie groep al hoe moeiliker en mettertyd onmoontlik geword om hierdie leefwyse voort te sit. Die Portugese regering was terselfdertyd ook nie baie geneë om hierdie groep langer te akkommodeer nie.[132]

Onder die Afrikaners wat ná 1928 na Angola verhuis het, was daar verder enkeles wat

---

124 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Administrateur – Sekretaris van Binnelandse Sake, 22.11.1941.
125 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief J.G.E. van der Walt – Sekretaris van S.W.A., 09.12.1946; Brief P.S. van der Walt – Sekretaris van Suidwes-Afrika, 01.10.1949; Brief P.S. van der Walt – Immigrasiekantoor Windhoek 15.02.1950 & Brief P.S. van der Walt – Minister van Binnelandse Sake, 26.05.1950.
126 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief Sekretaris van Suidwes-Afrika – P.S. van der Walt, 28.11.1950.
127 NAN: SWAA 722 A68/5/1/4632; NAN: SWAA 722 A68/5/1/4632, Brief G.S. Jacobs – Hoofimmigrasie-beampte, 21.07.1957 & 12.10.1957.
128 Anon., "Nog 200 Angola-Afrikaners wil terugkom", *Die Suidwester*, 22 Okt. 1958, p. 16; Persoonlike onderhoude: E.J.H. Labuschagne, 01.08.2007; J.P. Seirós, 23.05.2008; C.C. Lötter (née Duvenhage), 21.05.2009.
129 NAN: SWAA 782 A68/5/1/6428, Brief P.I. du Plessis – Sekretaris vir S.W. Afrika, 03.12.1952; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; M.A. du Plessis, 11.07.2007; C.J. du Plessis (née Du Plessis), 24.08.2008; Telefoniese onderhoud: J.E. du Plessis (née Koekemoer), 23.07.2007.
130 W.A. de Klerk, *Drie swerwers in Suidwes*, p. 67.
131 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 195–196.
132 W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, p. 6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorheen in Suidwes-Afrika gewoon het en nooit tevore in Angola gevestig was nie. 'n Theron-gesin het vir 'n paar jaar gedurende die vyftigerjare in die suide van Angola gebly voordat hulle die land weer verlaat het.[133]

Afrikaners wat ná 1928 Angola verlaat het

Enkele kinders het Angola ná 1928 verlaat om in Suidwes-Afrika te gaan studeer of werk. Mettertyd het hulle ouers hul gevolg en ook na Suidwes-Afrika getrek.

In 1941 het Cecilia Johanna Scholtz na Swakopmund verhuis om daar te gaan werk. Sy was toe al vier jaar op Outjo op skool.[134] Twee van haar susters het ook saam met hulle moeder na Suidwes-Afrika getrek, maar hulle pa is deur die Tweede Wêreldoorlog verhinder om na Suidwes-Afrika te verhuis en kon eers na afloop daarvan weer terugtrek.[135]

Maria Aletta Botha van der Walt, die dogter van Paul van der Walt, was teen 1941 op Windhoek Hoërskool.[136] Teen 1945 was twee van Van der Walt se dogters op laerskool, twee op hoërskool, terwyl die oudste al begin werk het en 'n korrespondensiekursus gevolg het.[137] Almal het mettertyd betrekkings in Suidwes-Afrika aanvaar en nie weer na Angola teruggekeer nie.[138]

Andries Alberts het Angola in 1946 verlaat om verder te studeer sodat hy later predikant kon word. Sy suster Hester Johanna Cornelia het Angola reeds vroeër verlaat om aanvanklik na Suidwes-Afrika en later na Pretoria te gaan.[139]

In 1955 was twee dogters van Hans en Dorothea Paulissen op Outjo in die skool.[140] Johannes Jacobus Raes was van 1952 tot 1958 ook op Outjo op skool,[141] terwyl Henry

133 Persoonlike onderhoude: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; C.J. du Plessis (née Du Plessis), 24.08.2008.
134 NAN: SWAA 662 A68/5/1/2014, Brief M.H. Hanssen – Secretary for South West Africa, 08.05.1941.
135 Persoonlike onderhoud: S.H. Swartz (née Scholtz), 19.04.2008.
136 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Briewe Mev. M. Venter – Administrateur, 11.11.1941 & 18.11.1941.
137 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief H.J.W. Venter – Sekretaris vir S.W.A., 05.05.1945 & Brief J.G.E. van der Walt – Sekretaris van S.W.A., 09.12.1946.
138 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2099, Brief M.M. van der Walt – Magistraat Karibib, 12.03.1947 en ander briewe wat daarop volg.
139 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2096, Briewe A.N.J.D. Alberts – Sekretaris vir Suidwes, 23.10.1946 & 28.12.1946; NHK: K1/2 3/30/14, Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 10.11.1944; NHK: K1/2 3/30/14, Brief A.J.D. Alberts – Ds. T.F.J. Dreyer, 25.11.1944; Persoonlike onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005; Telefoniese onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 21.05.2008.
140 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief H. & D. Paulissen – P.P.H. & Mara Alberts, 12.03.1955.
141 NAN: SWAA 783 A68/5/1/6455, Briewe P.J. & C.J. Robberts – Hoofimmigrasiebeampte Windhoek, 22.05.1958 & 11.08.1958; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Auguste Raes – P.P.H. Alberts, 31.07.1953; Persoonlike onderhoud: N.J. Robberts, 30.08.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daniël Behan in 1958 op Gobabis op hoërskool was.[142]

Marthie Prinsloo het in 1950 saam met ds. Storm na Suidwes-Afrika gegaan en agtereenvolgens as kelnerin en by die sentrale (poskantoor) op Otjiwarongo en Outjo gewerk. Teen 1953 word sy as verpleegster op Outjo opgelei.[143]

Kort op die spore van die meeste Angola-Boere wat na Suidwes-Afrika getrek het, het enkele persone en hulle hele gesinne besluit om ook Angola te verlaat. Barend Bartholomeus Burger het Angola in 1931 met sy vrou en 7 kinders verlaat.[144] Enkele Afrikaners het Angola voor 1935 verlaat. Onder hulle was Sarel Putter (6 gesinslede), die weduwee Maria Putter, die weduwee Paulina van der Merwe (4 gesinslede) en J.J. Nieuwenhuizen (4 gesinslede).[145]

Paul Köster het in 1934 en Oktober 1938 onsuksesvol met sy gesin na Suidwes-Afrika probeer trek. Hulle is eers op 3 April 1939 toegelaat om na Suidwes-Afrika te verhuis.[146] Teen daardie tyd was twee van sy dogters reeds in Windhoek Hoërskool en een seun het in Windhoek gewerk.[147] Sommige van sy kinders was in Duitsland op skool.[148] Omdat hy 'n Duitser was, kon hy nie soos die ander Angola-Boere 'n plaas in Suidwes-Afrika kry nie. Eers jare later is 'n plaas, Ultima Thule, aan hom toegeken.[149]

Gertbreggie Elizabetha (Betty) Peters-Weyhe en haar seuntjie Karl het Angola gedurende 1934 verlaat nadat sy van haar man geskei is. Haar man Hermann het in Angola agtergebly.[150]

Teen 1935 het die owerheid in Suidwes-Afrika 'n petisie ontvang van Angola-Boere in Suidwes-Afrika om hulle familielede in Angola by te staan om na Suidwes-Afrika te verhuis. Die redes wat hulle familielede aangevoer het, was dat hulle nie 'n lewe in An-

---

142 NAN: SWAA 783 A68/5/1/6455, Brief P.J. & C.J. Robberts – Hoofimmigrasiebeampte Windhoek, 22.05.1958.

143 NAN: SWAA 742 A68/5/1/5229, Brief M.C.J. Voigt – Sekretaris van S.W.A., 09.09.1953; SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

144 NHK: K48 6/6, Brief J. Burger – Ds. T.F.J. Dreyer, ongedateer (ca. 1956).

145 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, Brief E.C. Biermann – Hoof Amptenaar van Lande, 12.08.1935.

146 NAN: SWAA 836 A68/5/4 (v3), Brief Sekretaris vir Suidwes-Afrika – Immigrasiebeampte, Windhoek, 25.11.1934; NAN: SWAA 646 A68/5/1/1502, Brief Secretary for the Interior – Secretary for South West Africa, 03.04.1939.

147 NAN: SWAA 836 A68/5/4 (v3), Brief Sekretaris vir Suidwes-Afrika – Immigrasiebeampte, Windhoek, 25.11.1934; NAN: SWAA 646 A68/5/1/1502, Brief E.T. Meyer – Dr. Conradie, 12.10.1938; Persoonlike onderhoude: E.T. Meyer, 13.07.2007 & 30.04.2008.

148 Persoonlike onderhoud: E.T. Meyer, 13.07.2007.

149 Persoonlike onderhoude: E.T. Meyer, 13.07.2007 & 30.04.2008; Telefoniese onderhoud: E.P. Weyhe (née Lewis), 28.05.2008.

150 NAN: SWAA 836 A68/5/4 (v3), Brief E. Meyer – Sekretaris vir Suidwes-Afrika, 05.08.1932 & Brief E. Meyer – F.P. Courtney Clarke, 28.05.1934; Persoonlike onderhoud: E.T. Meyer, 30.04.2008; Telefoniese onderhoud: E.P. Weyhe (née Lewis), 28.05.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gola kon maak nie en ekonomies agteruitgegaan het. Die owerheid het geen beswaar teen die voorgenome immigrasie gehad nie, maar dit sou onder die normale immigrasiewetgewing moes geskied. Daar was ook geen fondse beskikbaar om hulle by te staan nie. Boonop het die administrateur gevoel:

> Angola is, volgens my informasie, 'n veel makliker land om 'n lewe in te maak as Suidwes-Afrika, en as hulle daar nie kan lewe nie, is ek bevrees dat hulle 'n las op die staat sal word.[151]

Die broers Flip en Henry Behan het met hulle vroue en drie kinders reeds in 1936 aansoek gedoen om na Suidwes-Afrika te verhuis "deur dat hulle in Angola nie meer kan bestaan nie".[152] Volgens die Sekretaris vir Suidwes-Afrika was hulle volgens artikel 1 van Proklamasie 23 van 1924 ongewenste immigrante omdat hulle behoeftig was. Hy het nietemin aanbeveel dat hulle onderhewig aan die betaling van 'n deposito tot die land toegelaat moet word.[153] Ná Henry Behan se dood het sy weduwee Christina Johanna Behan (née Robberts) met drie kinders en twee susterskinders Angola in 1938 verlaat en by haar vader op die plaas Graniet naby Kamanjab gaan bly.[154] Ná Flip Behan se dood in 1958 het sy weduwee Bettie Behan (née De Jager) Angola verlaat.[155]

C.L. de Jager het in 1936 aansoek gedoen vir sy pa en broer om na Suidwes-Afrika te verhuis.[156] Hoewel die aansoek toegestaan is, het hulle eers in 1958 na Suidwes-Afrika getrek.[157]

In 1938 het S.J. Vermaak namens sy skoonma Johanna van Dyk aansoek gedoen dat sy na Suidwes-Afrika kon verhuis "daar sy baie oud is en nie meer in Angola kan bestaan nie".[158]

Herman Smit het Angola in 1945 'n tweede keer verlaat en na Ondangua in Ovamboland getrek.[159]

João de Nobrega, wat as eenjarige kind in sy oom José se sorg gelaat is toe die res van sy gesin ná sy vader se dood na Suidwes-Afrika vertrek het, het in 1945 sy familie in

---

151 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 2, Brief Administrateur – Genl. J.B.M. Hertzog, 24.09.1935.
152 NAN: SWAA 1955 A406/5, Brief P.J. Robberts – Hoofamptenaar, Afd. van Lande, 26.10.1936.
153 NAN: SWAA 1955 A406/5, Brief Sekretaris – Administrateur, ongedateer (ca. 23.02.1937).
154 Persoonlike onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; H.D. Behan, 07.07.2007; Telefoniese onderhoud: N.J. Robberts, 17.09.2008.
155 Persoonlike onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; H.D. Behan, 07.07.2007.
156 NAN: SWAA 1955 A406/5, Brief C.L. de Jager – Magistraat Outjo, 17.06.1936.
157 Persoonlike onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
158 NAN: SWAA 1955 A406/5, Brief S.J. Vermaak – Magistraat Grootfontein, 18.03.1938.
159 Private versameling, mnr. E.T. Meyer: Brief Herman Smit – E.T. Meyer, 27.04.1952.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suidwes-Afrika opgespoor. Hy het aansoek gedoen om na Suidwes-Afrika te verhuis hoewel hy slegs Portugees kon praat.[160]

Cornelia Magdalena de Villiers het in 1949 van haar ma, Susara Susanna (Sannie) Piechazeck (née Van der Walt), weggeloop na Suidwes-Afrika na haar pa, Frederik Philippus de Villiers, wat reeds in 1928 na Suidwes-Afrika verhuis het nadat hy weens egbreuk van Sannie van der Walt geskei is."[161]

Mario de Sousa (getroud met Sara Maria Helena Harmse) het Angola in 1949 met sy gesin van 11 verlaat en in Gobabis gaan bly.[162] Ter motivering en verduideliking is aangevoer:

> [Hulle] behoort aan 'n goeie klas eerlike en werksame mense wat ook so's ons Boere hul nie met inboorlinge inmeng nie. […] In Angola is daar geen toekoms vir 'n boer of landbouer nie en dit was onmoontlik om sy kinders daar geleentheid te gee.[163]

Hans Alberts en sy vrou het Angola op 29 Januarie 1952 verlaat en naby Outjo in Suidwes-Afrika gaan woon.[164]

Die weduwee Anna Sophia Hayes het reeds in 1952 met ses kinders na Suidwes-Afrika probeer verhuis. As rede is aangevoer die "weduwee en haar kinders kry op die oomblik besonder swaar, en kan beswaarlik 'n lewe maak".[165] Hulle het eers in 1959 na Suidwes-Afrika gerepatrieer.

Die gesin van Johann Paulissen het Angola ongeveer 1955 verlaat. Hy het eers by 'n kliniek op Onipa in Ovamboland, toe by Tsumeb Corporation Limited in Tsumeb en nog later by I&J in Saldanha gewerk.[166]

Enkele gesinne wat gedurende die veertigerjare van Suidwes-Afrika na Angola getrek het, het gedurende die vyftigerjare weer na Suidwes-Afrika teruggetrek. Pieter du Plessis het reeds in 1952 aangedui het dat hy na Suidwes-Afrika wil terugkeer nadat hy in 1949 met sy vrou na Angola getrek het. Hulle het in 1959 na Suidwes-Afrika gerepatrieer.[167]

---

160 NAN: SWAA 664 A68/5/1/3024, Verklaring van C.J. Grobler, 18.07.1945; Anon.,"Seun Soek Na Ma", *Die Burger*, S.d. 1945.
161 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief P.A. Nannings – P.P.H. Alberts, 08.05.1949.
162 NAN: SWAA 709 A68/5/1/4262, Verklaring deur Passasier of ander persoon, M. de Sousa en ander, 20.09.1949; Persoonlike onderhoud: P.J.J.S. Potgieter, 01.06.2008; Telefoniese onderhoud: M.P. Vermeulen (née De Sousa), 14.01.2009.
163 NAN: SWAA 709 A68/5/1/4262, Brief E. Meyer – Sekretaris van Suidwes-Afrika, 25.07.1950. Dit word bevestig deur 'n telefoniese onderhoud: M.P. Vermeulen (née De Sousa), 14.01.2009.
164 NAN: SWAA 663 A68/5/1/2096, Declaration by Passenger or Other Person, A.J. Alberts, 08.03.1952; NHK: K1/2 3/33/5, Brief A.J. Alberts – Kommissie van die Algemene Vergadering, 10.11.1953.
165 NAN: SWAA 764 A68/5/1/5880, Brief L.J. Haasbroek – Sekretaris van Suidwes-Afrika, 20.12.1952.
166 Persoonlike onderhoude: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E de Klerk (née De Jager), 17.08.2007; Telefoniese onderhoud: I.E. Szilagy (née Paulissen), 21.08.2007.
167 NAN: SWAA 782 A68/5/1/6428, Briewe P.I. du Plessis – Sekretaris vir S.W. Afrika, 03.12.1952, & Sekretaris van Binnelandse Sake – Hoofimmigrasiebeampte Windhoek, 26.09.1960.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gesin van G.S. Jacobsz, wat in 1948 na Angola getrek het, het Angola in 1957 weer verlaat.[168] Die gesinne van Theuns van der Merwe (nadat hy oorlede is) en sy broer Johannes Zacharias (bynaam Chipombo) van der Merwe het gedurende die vyftigerjare weer na Suidwes-Afrika teruggekeer.[169]

Die Theron-gesin het vir ’n paar jaar in die suide van Angola gebly voordat hulle uit die land gesit is.[170] Die gesin van Hannes de Jager het Angola reeds voor 1958 verlaat sodat sy kinders ’n Afrikaanse skoolopvoeding kan kry.[171]

Paul Jacobus (bynaam Filemon) Robberts het in 1957 ’n jong Afrikanerseun, Bert van der Walt, wat erg aan malaria gely en verwaarloos voorgekom het, in die omgewing van die Cubango raakgeloop en hom na Suidwes-Afrika geneem.[172]

Getal Afrikaners in Angola teen 1958

Volgens ’n Portugese navorser was daar teen 1958 85 Angola-Boere-gesinne bestaande uit ongeveer 500 individue in Angola. Hierdie syfer is gebaseer op skattings wat die Boere self gemaak het. Die Portugese owerheid het geen idee van die aantal Boere wat in Angola gewoon het, gehad nie.[173]

My berekening dui daarop dat daar teen 1958 ongeveer 600 Afrikaners van ongeveer 140 gesinne in Angola woonagtig was. ’n Lys van hierdie persone verskyn in Bylae 5 (Afrikaners wat ongeveer 1958 in Angola gewoon het). Afstammelinge van Afrikaners wat met Portugese getroud is en gevolglik in die Portugese samelewing opgeneem is, kom nie op hierdie lys voor nie.

Teen 1954 het ongeveer driekwart van die Afrikaners van Angola (293 persone van 57 gesinne uit ’n totaal van 393 persone uit 81 gesinne volgens die skatting van die owerheid) Portugese burgerskap gehad. Slegs 100 persone (24 gesinne) het Suid-Afrikaanse burgerskap gehad.[174] Daar was enkele gevalle waar sommige lede van dieselfde gesin

168 NAN: SWAA 722 A68/5/1/4632, Brief G.S. Jacobs – Hoofimmigrasiebeampte, 21.07.1957 & 12.10.1957.
169 Telefoniese onderhoud: J.Z. van der Merwe, 17.01.2008.
170 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
171 Persoonlike onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
172 Persoonlike onderhoud: N.J. Robberts, 30.08.2008.
173 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6 (1), 1958, pp. 15, 18.
174 AHU: MU/GM/GNP. Serie 084 Pasta 3. 4A Rep. Angola Problemas políticos administrativos. (1956–1960). “Situação dos boers em Angola”, Brief Secretário Geral, Direcção dos Serviços da Administração Civil – Ministro do Ultramar, 08.04.1954. Volgens SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Brief Consul-General – Secretary for External Affairs, 12.09.1957, was daar teen 1975 slegs ongeveer 75 persone met Suid-Afrikaanse burgerskap in Angola.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

genaturaliseerde Portugese burgers was en ander nie.[175]

'n Beduidende groep was nóg Suid-Afrikaanse nóg Portugese burgers. Hulle het hul gevolglik in die posisie bevind dat hulle amptelik staatloos was en nie 'n vaderland gehad het nie. Dit is dikwels as sulks op hulle verblyfdokumente aangedui. Hulle is ook nie deur die owerheid in Suidwes-Afrika as Britse burgers beskou nie.[176] Oor die algemeen het hulle hul as Boere beskou en sommige het selfs met trots beweer: "'n Boer is nóg die een nóg die ander; hy is alleenlik 'n Boer."[177]

Geografiese verspreiding

Wanneer na die geografiese verspreiding van die bevolking in Angola gekyk word, kan drie verskillende patrone vir die inheemse bevolking, die Portugese bevolking en die Afrikaners in Angola onderskeidelik onderskei word.

Die inheemse bevolking was hoofsaaklik oor die platteland van Angola versprei. Teen 1970 was daar maar 11% van die totale bevolking van Angola verstedelik. Oor die algemeen was die bevolkingsdigtheid nie baie hoog nie omdat Angola deur die eeue 'n lae bevolking gehad het.

Die Portugese bevolking was 60% verstedelik en het hoofsaaklik in agt stedelike sentra gebly. Die meeste Portugese het hulle in Luanda (33–40% van die totaal), die "koffieprovinsies" Uíge, Cuanza Norte en Cuanza Sul en langs die drie spoorlyne vanaf die hawestede Luanda, Benguela en Moçâmedes na die binneland gevestig. Daarbenewens was daar ook Portugese gevestig in Porto Alexandre (vissery), Lunda (diamante), Cabinda (bosbou) en die *colonatos* Cela en Matala (Capelongo).[178]


Die geografiese verspreiding van die Afrikaners in Angola teen ongeveer 1958 word op Kaart 6 aangetoon. Dieselfde gegewens word ook in Tabel 4 en Bylae 5 vervat.

Geografiese faktore soos hoogte bo seespieël, die afwesigheid van tropiese siektes, die teenwoordigheid van water, mineraalvoorkomste en grondtipe en -toestand (sien Deel I) was deurslaggewend vir die plekke waar die Afrikaners hulle in Angola gevestig het.

---

175 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 16.
176 NAN: SWAA 1955 A406/5, Brief Sekretaris vir Suidwes-Afrika – J.F. Robberts, ongedateer (ca. Augustus 1932); M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 16.
177 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 16.
178 M. Kuder, *Angola*, p. 63; I. do Amaral, *Aspectos do povoamento branco de Angola*, p. 74; F.T. Pimenta, *Brancos de Angola: Autonomismo e Nacionalismo (1900–1961)*, p. 33.

© University of Pretoria



Kaart 6: Geografiese verspreiding van die Afrikaners in Angola, ongeveer 1958

© University of Pretoria

Niegeografiese faktore soos spoorlyne en die teenwoordigheid van die inheemse bevolking het ook ’n belangrike rol gespeel.

Uit vergelyking van Kaart 6 met Kaart 2 (Geomorfologie van Angola) is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid Afrikaners van Angola op die sentrale hoogland van Angola, wat vanaf die plato van Malanje in die noorde tot by die Moçâmedes-spoorlyn strek met die Lunda-waterskeiding as oos-wes-as (ook die Benguela-plato of die Bié-plato genoem), gewoon het. Soos reeds in Deel I genoem, is dit die streke wat deur Do Nascimento as geskik vir permanente bewoning deur blankes beskou is.

Die hooglande van Angola het oor die algemeen ’n baie aangename en gesonde klimaat. Hierdie deel van Angola, geleë tussen 1000 en 1500 m bo seespieël, het ’n gematigde mesotermiese klimaat met ’n gemiddelde temperatuur bokant 20 ºC. Sommige Afrikaners het op hoërliggende dele (1600–2000 m bo seespieël) gewoon, waar dit nogal koud kan word en die temperatuur soms tot onder vriespunt kan daal. Humpata (2300 m bo seespieël) tel onder die hoogliggendste dele van Angola. Die Boere het gevolglik gewoonlik in die wintermaande na die warmer jagvelde in laerliggende dele getrek. Die Huíla-hoogland in die suide is al beskryf as:

> the Huila highlands with their fine climate and scenery, medium elevation, diversity of soil and terrain, interesting and intelligent native races, and above all their close proximity to the sea.[179]

’n Engelse besoeker het gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu opgemerk dat die hoogte van die plato by Huambo en Bela Vista bo seespieël, temperatuur en reënval ’n klimaat wat geskik is vir Europese nedersetting tot gevolg het en dat die heilsaamheid daarvan gereflekteer word deur die gesonde gelaatstrekke en liggaamsbou van die talle Portugese en Boere in daardie omstreke.[180] Uit vergelyking van Kaart 6 met Kaart 3 (Klimaat van Angola) is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid Afrikaners van Angola in die subtropiese en tropiese dele van Angola gewoon het.

Die *Anopheles*-muskiet (as draer van malaria), *Glossina palpalis* (as draer van slaapsiekte) en die tsetsevlieg, *Glossina morsitans*, (as draer van nagana aan hoefdiere, veral beeste) kom selde op die hoogland van Angola voor sodat hierdie streke oor die algemeen vry is van die tropiese siektes wat in ander dele van die land voorkom.[181] In later jare kon doeltreffende veterinêre maatreëls help om die voorkoms van hierdie siektes te beperk

179 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 147.
180 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 309.
181 N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 45; M. Kuder, *Angola*, p. 25.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sodat Afrikaners ook permanent in laerliggende streke soos die Cubango en Kunene-bekken, waarheen hulle vroeër slegs in die winter getrek het, kon woon.

Die Kunene-bekken, die gebied van die Cubango (Okavango) en enkele gebiede in die noorde, middel en ooste van Angola is die belangrikste gebiede in Angola wat dierelewe betref.[182] Omdat 'n groot aantal Afrikaners 'n bestaan uit jag gemaak het, was dit vir hulle belangrik om naby hierdie jagvelde te woon.

Enkele Boere het in die Sandveld in die suide van Angola gewoon. Die weiding hier bestaan hoofsaaklik uit eetbare, soet gras (soetveld) en word aangevul deur bossies, struike en bome met eetbare blare en peule. Hierdie streek was gevolglik die belangrikste streek vir beesboerdery in Angola.

Die Boere in die ander streke het hoofsaaklik op suurveld en gemengde veld geboer. Die suurveld bestaan hoofsaaklik uit plante wat in die groeiperiode eetbaar en voedsaam is, maar vinnig oneetbaar word. Omdat die weiding deur hooi, kuilvoer of aangeplante weiding aangevul word, kan veeboerdery in hierdie streke suksesvol beoefen word. In die gemengde veld is die gras heeljaar eetbaar. Geringe toevoer was soms nodig, maar die probleem is gewoonlik deur rotasieweiding opgelos. Aangeplante weiding het intensiewe veeboerdery moontlik gemaak.

Volgens Jessen het die paar Afrikaners wat in 1928 in Angola gebly het, die beste dele van die land uitgekies en landbou en veeteelt daar bedryf.[183] Dit is nogal met 'n mate van afguns, en selfs verbittering, dat die Boere telkens, selfs in tye toe daar nog bykans geen Portugese boere in die land was nie en groot gedeeltes daarvan onbewoon was, daarvoor verkwalik is dat hulle die beste dele van Angola uitgesoek het.[184] Volgens Paiva Couceiro het die Boere hul op die beste plekke by waterbronne gevestig.[185]

Die Duitsers in Angola se verspreiding was soortgelyk aan dié van die Afrikaners: Die meeste Duitsers het in die omgewing van die Benguela-spoorlyn en die hoogland by Chicuma geboer. Die enigste verskil was dat Duitsers ook in die noorde by Uíge, Negage, Malanje, Calulo en Quibala gewoon het.[186]

Mineraalvoorkomste het in enkele gevalle die verspreiding van Afrikaners beïnvloed.

---

182 M. Kuder, *Angola*, p. 25; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 34.
183 O. Jessen, *Reisen und Forschungen in Angola*, p. 162.
184 Vergelyk G.S. Dias, *No planalto da Huíla*, pp. 86, 117–118 & 124, Anon., "Os boers de Angola", *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 4(42), Dezembro de 1928, p. 221, & Felner se opmerking hierbo.
185 H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907 – Junho 1909)*, pp. 174–177; R.J.C. da Silva, "Subsídios para a História do Colonização do Distrito de Moçâmedes durante o Século XIX", *Studia*, 35, Dezembro 1972, p. 438. Kyk ook J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 287.
186 K. von Krosigk, "Entwicklungsanstösse deutscher Siedler in Angola", *DASP-Hefte*, vol. 17, 1989, kaart op p. 25; K. von Krosigk, "Kontakte durch deutsche Pflanzer und Unternehmer in Angola", *DASP-Hefte*, vol. 35–36, 1992, kaart op p. 123.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die voorkoms van diamante in die noordelike distrikte van Angola (Lunda Sul en Lunda Norte) was daarvoor verantwoordelik dat ’n aantal Afrikaners by Henrique de Carvalho (Saurimo) en Dundo gewoon het. Vir ’n tyd lank het enkele persone by Cassinga goud gedelf, maar dit kon nie lonend ontgin word nie. ’n Hele paar Afrikaners het ’n bestaan uit delwery by die alluviale goudvelde by Chipindo, Galangue en Cuengué Central gemaak.

Wanneer Kaart 6 met Kaart 4 (Mynbou in Angola) vergelyk word, is dit duidelik dat Afrikaners slegs op ’n paar plekke waar minerale voorgekom het, gewoon het. Die redes daarvoor is tweërlei van aard. Eerstens was mynbou in Angola nog grootliks onontwikkel teen die vyftigerjare van die twintigste eeu. Tweedens het die meeste Afrikaners gedurende hierdie tyd nog selfstandig geboer en min van hulle is geproletariseer. In die enkele gevalle waar hulle by mynbou betrokke was, het hulle selfstandig vir hulle eie voordeel gemyn. Enkele Afrikaners was wel in die noorde in die diens van ’n diamantmaatskappy, Diamang.

Die Afrikaners in Bié in die noorde het met die aanleg van die Benguela-spoorlyn materiaal vir die spoorlyn met hulle ossewaens aangery. Omdat daar baie wild was, het hulle sommer daar gebly, hoewel die grond nie altyd vir landbou of veeteelt geskik was nie.[187]

Die Benguela-spoorlyn het ’n groot invloed op die ekonomiese bedrywighede van die Afrikaners in Angola uitgeoefen. Dit was die stimulus vir die stigting van verskeie nedersettings in die binneland van Angola. Van die belangrikste plekke waar Afrikaners tussen 1928 en 1975 gewoon het, was haltes op die Benguela-spoorlyn: Cubal (Kilometer 198), Ganda (Kilometer 254), Longonjo (Kilometer 343), Nova Lisboa (Huambo) (Kilometer 426), Chinguar (Kilometer 520), Cutato (Kilometer 547), Capeio (Kilometer 580), Vouga (Kilometer 605), Silva Porto (Kilometer 628), Nova Sintra (Kilometer 676) en Cuemba (Kilometer 785). Verskeie Afrikaners het ook in ander nedersettings naby haltes op hierdie spoorlyn gebly.

Baie Afrikaners het ook op plekke op die Moçâmedes-spoorlyn en sy taklyne gebly, soos Lubango, Chibía (Kilometer 54), Chiange (Kilometer 124), Matala (Kilometer 435), Dongo (Kilometer 523), Vila Artur de Paiva (Kilometer 589) en Cassinga. In gevalle soos Lubango en Chibía het hulle reeds voor die koms van die spoorlyn daar gewoon.

Wanneer na die geografiese verspreiding van Afrikaners op Kaart 6 gekyk word, is dit duidelik dat die meeste Afrikaners binne 50 km van spoorlyne af gewoon het. Die meeste van hierdie plekke is ook redelik goed met paaie verbind, hoewel die padnetwerk in Angola gedurende die koloniale tyd nie van die beste was nie. Aanvanklik het die Afrikaners in Angola in elk geval ’n monopolie in die vervoerbedryf gehad.

---

187 FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 36.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer die geografiese verspreiding van die Afrikaners met dié van Angola se inheemse bevolking vergelyk word, is dit duidelik dat albei groepe hulle oor die algemeen in die plattelandse streke met die hoogste bevolkingsdigtheid gevestig het. Dit is te verstane omdat dit die streke is wat die geskikste vir menslike bewoning in Angola is, veral omdat beide groepe van selfonderhoudende boerdery vir hulle bestaan afhanklik was. Omdat Angola egter tradisioneel 'n lae bevolkingsdigtheid het, was die kompetisie vir grond nooit so intens soos elders in Afrika nie.

Teen 1958 het die Afrikaners van Angola op die volgende plekke gewoon:

Distrik	Plek	Aantal gesinne
Cunene	Cuanhama	2
	Curoca	3
	Cuvelai	2
	Otchinjau	1
Namibe	Capolopopo	1
Cuando Cubango	Cubango	1
Huíla	Caluquembe	11
	Capelongo	1
	Chiange	6
	Chibía	1
	Chipindo	5
	Dongo	2
	Hunguéria	1
	Mulondo	2
	Ompupa	1
	Pocólo	1
	Que	4
	Vila Artur de Paiva	3
Benguela	Capala	2
	Chicuma	14
	Cubal	1
	Dongo	2
	Ganda	2
Cuanza Sul	Longolo	2
	Vila Nova do Seles	1
Huambo	Luahanda	6
	Nova Lisboa	4
	Quipeio	6
	Santo Amaro	1
Bié	Capeio	17
	Catemo (Silva Porto)	10
	Chinguar	1
	Cuemba	1
	Lomupa	2
	Quilanda (Vouga)	3
	Silva Porto	2
Moxico	Vila Luso	3
Lunda Norte	Dundo	2
Lunda Sul	Saurimo	8
TOTAAL		**138**

Tabel 4: Verspreiding van die Afrikaners in Angola, 1958[188]

188 Hierdie tabel is 'n uitbreiding van die gegewens in M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 16, wat die verspreiding van 85 Afrikaner-gesinne aantoon.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Plekke waar die Afrikaners ná 1928 in Angola gebly het

Sandveld

Dié naam word ook in Portugese bronne vir hierdie streek gebruik. Dit sluit Ediva, Obiruro, die vallei van die Chabiqua-rivier en die hoërliggende dele van die Otchinjau- en die Otchitoto-rivier in.[189] Hans Alberts, Bart de Paiva en Willem Venter het op verskillende plekke in die Sandveld soos Ompupa, Oncócua en Otchinjau, gebly omdat dit as gevolg van die beskikbaarheid van weiding en water nodig was om met hulle veetroppe rond te trek.[190]

Ompupa

Bart de Paiva het by Ompupa en Hans Alberts by Cambundo, 15 km van Ompupa af, met beeste geboer. Magiel Prinsloo en Jan Adriaan (Jan Katang) du Plessis het tydelik op Ompupa oorgestaan terwyl hulle op soek was na geskikte weiding.[191]

Oncócua, Curoca

Drie Afrikanergesinne het in 1957 by Oncócua, ’n *concelho* in die distrik Cunene, met setel in Oncócua, gewoon.[192] Die vroeëre Afrikaanse naam Palmfontein is soms vir Oncócua gebruik.[193]

Otchinjau

Hans Alberts het van Humpata na Otchinjau, ’n administratiewe *posto* in die omgewing van Cahama, distrik Cunene, getrek en teen 1937 hier geboer.[194] Teen 1957 het ’n tweede Afrikanergesin hier gewoon.[195] Die vroeëre Afrikaanse naam Vogelfontein is soms vir Otchinjau gebruik.[196]

---

189 E. Machado, “A minha missão especial ao Sul de Angola”, 10 Febr. 1925, p. 27.
190 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
191 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Verslag van sy tweede besoek aan Angola, 1948; Brief C. Prinsloo – P.P.H. Alberts, 03.03.1949; M.C.J. Voigt, “My opmerkings”, p. 2; D. Immelman, “‘Oom’ Bart de Paiva: Pionier van Angola”, *SWA Jaarboek*, 1967, p. 69; Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
192 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 127.
193 W.P. van der Merwe, *’n Outobiografie*, p. 118. Kyk ook J. von Moltke, *Jagkonings*, p. 223.
194 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Andries [= Hans] Alberts – P.P.H. Alberts, 06.04.1937; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 225.
195 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16.
196 J. von Moltke, *Jagkonings*, p. 229n.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Chilau, Otchinjau

Twee seuns van James Paulus Hayes en Anna Sofia Smit is ongeveer 1940 in Chilau, 'n handelsnedersetting van die *posto* Otchinjau, in die omgewing van Cahama, distrik Cunene, gebore.[197]

Capolopopo

Magiel Prinsloo het gedurende die vyftigerjare naby Capolopopo in die Namib, 'n plek in die omgewing van Moçâmedes, met karakoele vir 'n Duitser geboer. Sy broer Corneels het 'n paar jaar later by hom aangesluit om 'n beesboerdery oor te neem.[198]

Vila Pereira de Eça (later Ongiva)

José Diamantino Pienaar het hom in die sewentigerjare op Vila Pereira de Eça, die setel van die distrik Cunene, gevestig.[199]

Cuanhama

Twee Afrikanergesinne het in 1957 op Cuanhama, 'n *concelho* in die distrik Cunene, met setel in Pereira de Eça, gewoon.[200]

Cuvelai

Boet Hayes, sy ongetroude tweelingsusters en sy swaer Tom de Jager het gedurende die vyftigerjare op Cuvelai, 'n handelsnedersetting van die *posto* Evale, in die omgewing van Cuanhama, distrik Cunene, gewoon.[201] Hannes de Jager het voor 1954 vir vier maande tydelik hier gewoon.[202] Die Van der Merwes wat later na Otjiwarongo getrek het, het hulle ook tydelik hier gevestig.[203]

---

197 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 100.

198 NAN: BIN 8 B16, Brief C. Prinsloo – Sekretaris van Suidwes-Afrika, ongedateer (ca. Jun. 1952); FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 2; V. Wentzel, "Angola, unknown Africa", *National Geographic*, Vol. 120 No. 3, Sept. 1961, p. 366; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; M.W.U. (Basie) Prinsloo, 22.08.2008.

199 Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 228.

200 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 118.

201 NAN: SWAS 447 A67/3/3, Brief T.J.L de Jager – Administrateur, Windhoek, 20.08.1957; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 92; M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006; J.J. de Jager, 27.04.2008; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 129.

202 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Briewe J.J. de Jager – P.P.H. Alberts, 11.05.1954.

203 Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cubango

G.S. Jacobsz het vir tien jaar lank tot 1957 sy verblyf op die walle van die Cubango (Okavango) gehad terwyl hy seekoeie gejag het.[204]

Humpata

Humpata, 'n handelsnedersetting met setel in Vila de Humpata, distrik Huíla, is op 4 Januarie 1881 gestig toe die Boerekolonie van São Januario de Humpata daar gevestig is.[205] Humpata se gesonde klimaat word dikwels deur reisigers besing:

> Humpata and its surroundings are most pleasing and refreshing […] The winds at Humpata blow cool and caressingly, and the air is sparkling like champagne; the scenery is South African, a moorland region where the flower-bordered streams are burns and the heather grows on a rich chocolate soil, and the silver trees and the everlasting flowers enrich the landscape.[206]

Bart de Paiva, Koos de Klerk en Hans Alberts het aanvanklik in 1928 op Humpata gewoon.[207] Frans Milho was in die veertigerjare 'n ruk lank hier woonagtig voordat hy hom op Chiange gevestig het.[208] Willem Venter het tot met sy vrou se dood in 1942 op die plaas Kaalplaas by Humpata gewoon.[209] Magiel Prinsloo het gedurende die veertigerjare 'n ruk lank op Bosrand, Humpata geboer.[210] Van die afstammelinge van die "mak volk" het hulle by Neves, Humpata gevestig.[211]

Sá da Bandeira (Lubango)

Frans Milho was in die veertigerjare 'n ruk lank op Sá da Bandeira woonagtig.[212] Dit is die ou stad Lubango, *concelho* Lubango, distrik Huíla, wat op die Moçâmedes-spoorlyn geleë is. In 1975 is dit na die oorspronklike naam Lubango herdoop.[213]

Chibía

António Leino de Brito (in 1948–1951, en moontlik langer) en Ernesto en Dina Coelho

---

204 B. de Paiva, "Ons lesers aan die woord: Werk in Angola", *Die Suidwester*, 4 Jan. 1958, p. 6.
205 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 164.
206 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 153.
207 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 1.
208 Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007.
209 A. Alberts, "Willem A. Venter (vervolg)", *Die Hervormer*, Nov. 1976, p. 18.
210 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
211 Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
212 Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007.
213 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 248–249.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(in die sewentigerjare) het op Chibía, 'n *concelho* in die distrik Huíla, gewoon. Chibía is gedurende die koloniale tydperk na Vila João de Almeida herdoop maar in 1975 is die naam weer na Chibía, die oorspronklike naam, verander. Dit is 'n stasie op die Chibía-sylyn van die Moçâmedes-spoorlyn by Kilometer 54.[214]

Hunguéria

Gilberto de Nobrega en Piet Milho het op Hunguéria, 'n nedersetting van die *posto* Jau, *concelho* Chibía, distrik Huíla, gewoon.[215]

Chiange

Ses Afrikanergesinne het op Chiange, 'n *concelho* in die omgewing van Gambos, distrik Huíla, gewoon. Dit was ook 'n stasie op die Chibía-sylyn van die Moçâmedes-spoorlyn by Kilometer 124, en dit is ook Vila de Almoster genoem. Dit was die naaste spoorweg-stasie aan Tunda.[216] Japie Piorek en sy gesin het hier gewoon.[217] Frans Milho het 'n winkeltjie op Chiange besit waar sy kinders en skoonseun Rui de Jesus Martins gewerk het.[218] Willem Venter het tot kort voor sy dood in 1944 op die plaas Sandbult in die Sandveld gewoon.[219] Magiel Prinsloo het eers by Congo, Chiange (ongeveer 12 km van Tunda) geboer. Later het sy seun Andries hierdie boerdery oorgeneem terwyl hy (Magiel) na sy seun Magiel se plaas by Gaingongo naby Chiange (nader aan Tunda) getrek het. Nog 'n seun, Peet, het later ook 'n plaas 20 km van Congo aangelê nadat hy eers 'n ruk lank by Ruacana gewerk het.[220]

---

214 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Mara Alberts, Verslag van haar besoek aan Angola, 1946; P.P.H. Alberts, Verslag van sy tweede besoek aan Angola, 1948; Brief A.L. de Brito – P.P.H. Alberts, 08.11.1951; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 112; Telefoniese onderhoud: I.E. Katzke (née Piorek), 26.01.2009; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 96, 276.

215 Private versameling, Doc Immelman, Aantekening op kaart van Wouter van Zijl; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.01.2009; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 164.

216 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6 (1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 96.

217 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; A.F.F. Monteiro, 02.07.2007; M.O. de F.F. Piorek, 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; Telefoniese onderhoud: I.E. Katzke (née Piorek), 26.01.2009.

218 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007.

219 A.A. Alberts, "Willem Adriaan Venter 25/11/1863 – 6/4/1944", *Die Hervormer*, Okt. 1976, p. 32.

220 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief C. Prinsloo – P.P.H. Alberts, 03.03.1949; M.C.J. Voigt, "My opmerkings", pp. 1–2; Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, "Gedagtes oor Angola", 05.09.2007; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pocólo, Gambos

Tussen 1949 en 1957 was Pocólo een van vyf of ses wyke van die Hervormde Kerk met tussen 14 en 30 lidmate (sieletal 21–42).[221] Dit was 'n handelsnedersetting in die omgewing van Gambos, distrik Huíla.[222] In 1946 het ses huisgesinne wat lidmate van die Hervormde Kerk was, hier gewoon.[223] Hans Alberts, Magiel Prinsloo en Pedro (Piet Milho) het in die vroeë vyftigerjare by Pocólo gewoon.[224] Paul van der Walt het aanvanklik by Tunda met beeste geboer. In later jare was sy skool by Tunda geleë.[225] Bart de Paiva, Japie Piorek en Hannes de Jager het 'n ruk lank by Tunda oorgestaan.[226]

Capelongo

In 1946 het Tom de Jager hom tydelik by Capelongo, 'n *concelho*, distrik Huíla met setel in Matala, ook Vila de Folgares genoem, gevestig.[227] Hannes de Jager het van 1954 tot 1957 by Vila de Folgares gewoon. Een van sy kinders is by Chipongo, Capelongo gebore.[228] Flip Behan is moontlik in die Portugese begraafplaas op Chipongo, Capelongo begrawe.[229] Victor do Carmo Martins het op Capelongo gewoon.[230]

Matala

Hannes de Jager se gesin het soms by Matala, 'n nedersetting van die *concelho* Capelongo, distrik Huíla, oorgestaan terwyl hy gejag het. Dit is 'n stasie op die Moçâmedes-spoorlyn by Kilometer 435.[231]

---

221 *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1949–1957.
222 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 229.
223 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946.
224 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 2; M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16, plate 9, 10 & 11.
225 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 2.
226 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), plate 2, 7, 8 & 9; Persoonlike onderhoude: S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
227 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 75–76.
228 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Briewe J.J. de Jager – P.P.H. Alberts, 11.05.1954; NAN: SWAS 447 A67/3/3, Brief J.J. de Jager – Administrateur, Windhoek, 20.08.1957; NAN: BIN 8 B16, Brief P.J. Lombard – Sekretaris van Suidwes-Afrika, 11.09.1957; Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
229 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
230 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005.
231 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 198, 276.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Osse

Christiaan Lodewikus de Jager is op 18 September 1957 op Osse, 'n handelsnedersetting van die *posto* Vila de Folgares, *concelho* Capelongo, distrik Huíla, gebore.[232]

Mulondo

Twee Afrikanergesinne het in 1957 by Mulondo, 'n administratiewe *posto* van die *concelho* Capelongo, distrik Huíla, gewoon.[233]

Dongo, Vila Artur de Paiva

Twee Afrikanergesinne, waaronder dié van Theuns Duvenhage, het in 1957 by Dongo, 'n administratiewe *posto* van die *concelho* Jamba, distrik Huíla, gewoon. Dit was ook 'n stasie op die Moçâmedes-spoorlyn by Kilometer 523.[234] Die weduwee Hayes het in 1957 op Capuca, Dongo gewoon.[235]

Vila Artur de Paiva

Drie Afrikanergesinne het in 1957 in Vila Artur de Paiva, die setel van die *concelho* Ganguelas, distrik Huíla, gewoon. Dit was ook 'n stasie op die Moçâmedes-spoorlyn by Kilometer 589. Dit word ook Vila da Ponte, Cubango en Cuvango genoem.[236]

Cassinga

Hoewel daar nie 'n permanente nedersetting op Cassinga, 'n administratiewe *posto* van die *concelho* Jamba, distrik Huíla, was nie, het sommige Afrikaners soos Hans Alberts in hierdie omgewing vir spoelgoud gedelf. Dit was ook 'n stasie op die Cassinga-sylyn van die Moçâmedes-spoorlyn.[237]

---

232 Persoonlike onderhoud: C.L. de Jager, 12.07.2007; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 225.
233 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 211.
234 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16, plaat 2; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 140; Persoonlike onderhoud: C.C. Lötter (née Duvenhage), 21.05.2009.
235 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), plaat 3.
236 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 18, 152, 275.
237 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Joh. [= Hans] Alberts – P.P.H. Alberts, 12.11.1939; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 82.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Caconda

Caconda, 'n *concelho*, distrik Huíla, is die oudste Portugese nedersetting in die binneland van Angola en is reeds in 1685 gestig.[238]

Caluquembe

Elf Afrikanergesinne het in 1957 by Caluquembe, 'n *concelho*, distrik Huíla, naby Caconda gewoon.[239] José Francisco Monteiro het hier gewoon en geboer.[240] Twee kinders van Hannes en G.M.M. de Jager is in 1939 en 1940 hier gebore.[241] Salomon van Zyl se gesin het in 1957 by Catamba, Caluquembe gewoon maar die plek teen Oktober 1957 verlaat.[242]

Chipindo

Tussen 1949 en 1957 was Chipindo, 'n *concelho* in die distrik Huíla, een van vyf of ses wyke van die Hervormde Kerk met tussen 10 en 12 lidmate (sieletal 16–19).[243] In 1946 het vyf Afrikanergesinne hier gewoon.[244] Vier kinders van Hannes de Jager is by Maconge, Chipindo gebore.[245]

Galangue, Chipindo

'n Aantal Afrikaners het alluviale goud by die "goudvelde" van Galangue, 'n administratiewe *posto* van die *concelho* Ganguelas, distrik Huíla, gedelf.[246] Onder hulle was Artur dos Santos, Flip Behan, J.J. (Hannes) de Jager, J.J. (Koos) de Jager, Tom de Jager, Auguste Raes, Philip van der Walt en 'n "gras weduwee" De Klerk.[247] Koos de Jager het met 'n

---

238 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 47; H. Monnier, *En Angola pour Jésus-Christ*, p. 8.
239 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 61.
240 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.
241 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe, (née de Jager), 12.07.2007.
242 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6 (1), plaat 4.
243 *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1949–1957; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 105.
244 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946.
245 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe, (née de Jager), 12.07.2007.
246 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 150.
247 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 8–9; NHK: G25 3/3/2, Huweliksregister Nederduitsch Hervormde Gemeente Humpata (1926–1928); FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 12; Persoonlike onderhoude: H.D. Behan, 07.07.2007; N.J. Robberts, 30.08.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bietjie koffie en gesaaides geboer. [248] Hannes van der Merwe (bynaam Chipombo) het 'n ruk lank op Galangue gewoon.[249]

Cuengué Central

Cuengué Central was baie na aan Galangue en ongeveer 20 km suid van Chipindo.[250] Koos de Jager en sy skoonseun Flip Behan het in 1946–1948 (en moontlik langer) hier gewoon.[251] Theunis de Klerk het ongeveer 1943–1944 by Cuengué Central vir alluviale goud gedelf.[252]

Benguela

Daar het min Afrikaners in Benguela, hoofstad van die distrik, Benguela gewoon, hoewel die stad van tyd tot tyd deur transportryers en vir besigheid besoek is. Hermann Weyhe was 'n tandarts in Benguela.[253]

Que

Volgens 'n kaart van ds. W.P. van der Merwe was Que 31 km wes van Caluquembe.[254] Tussen 1949 en 1957 was dit een van vyf of ses wyke van die Hervormde Kerk met tussen 8 en 31 lidmate (sieletal 30–76).[255] 'n Kerkraadsvergadering is op 1 Augustus 1950 te Waterval, Que gehou.[256] Die Vissers het by Que gebly.[257] 'n Hele paar van die Afrikaners by Que het by Tambe gewoon.

---

248 Persoonlike onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
249 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
250 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief F.J. Behan – P.P.H. Alberts, 03.03.1947; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 114 (kaart) (Hy noem dit verkeerdelik Pequeno Central.).
251 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief F.J. Behan – P.P.H. Alberts, 03.03.1947; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Verslag van sy tweede besoek aan Angola, 1948; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, pp. 115–116 (Hy noem dit verkeerdelik Pequeno Central.).
252 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
253 Banco de Angola, "Extracto do relatório do Banco de Angola", in Anon., *Índice das actividades económicas do Ultramar*, p. 246; Persoonlike onderhoud: E.T. Meyer, 30.04.2008; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 29–32.
254 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 114.
255 *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1949–1957.
256 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Aantekeninge oor sy besoek aan Angola, 1950.
257 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoogeveld

Willie Ludeke het 'n ruk lank op Hoogeveld (Hoëveld) gewoon.[258]

Cubal

Pieter Greshoff en Sannie de Jager het op Cubal, 'n *concelho*, distrik Benguela, gewoon. Dit was ook 'n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 198.[259]

Ganda, Chicuma

Twee Afrikanergesinne het in 1957 op Ganda, 'n *concelho* in die distrik Benguela, ook Vila Mariano Machado genoem, gewoon. Dit was 'n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 254.[260] Werner Voigt het uitgebreide boerderybelange naby Ganda op die plaas Monguavolo gehad.[261]

Chicuma

Tussen 1949 en 1957 was Chicuma, 'n administratiewe *posto* van die *concelho* Ganda, distrik Benguela, een van vyf of ses wyke van die Hervormde Kerk met tussen 60 en 78 lidmate (sieletal 124–161).[262] Hier het 14 Afrikanergesinne in 1957 gewoon.[263] Die volgende gesinne het op die hoëveld van Chicuma gewoon: die Benades, Bothas, Coetzers, De Klerks, Jan Diederiks, sommige Ludekes, Oppermans, sommige Putters, Gert Scholtz, die Storbecks en Jan en Magdalena Greyling.[264] Wentzel Coetzer en sy swaer Friedrich Sternberg het by Grootberg (Chiandongolo of Chiondongolo), Chicuma gewoon.[265] Pieter Opperman se ma en Willem Opperman het 'n ruk hier gewoon.[266] Cecilia Jacoba Visser (née Bezuidenhout) is op 16 Oktober 1942 by Chiandongolo oorlede.[267] 'n Kerkraads-

---

258 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief W. & A.C.M. Ludeke – mnr. & mev. P.P.H. Alberts, 03.03.1949.
259 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 121.
260 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 151, 276.
261 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
262 *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1949–1957; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 98.
263 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16.
264 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
265 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief W.C. Coetzer – P.P.H. Alberts, 04.12.1948; H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", p. 252; Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
266 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief W.A. & C. Opperman – P.P.H. Alberts, 31.01.1948; Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005.
267 TAB: MHG 135/49.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vergadering is op 4 Augustus 1948 onder voorsitterskap van ds. W.P. van der Merwe by Dode Vallei, Chicuma gehou.[268] Theunis de Klerk en ander De Klerks het by Mooi Uitsien, waarskynlik 'n vertaling van Vista Alegre of Bela Vista, gewoon.[269] Op Windhoek, Chicuma het ook 'n paar Afrikaners gewoon.[270]

Baie Duitsers het plase van Afrikaners wat vroeër hier onsuksesvol geboer het, gekoop. Die Duitsers was pioniers in die verbouing van koffie en sisal. Mettertyd het 'n groot, suksesvolle Duitse gemeenskap ontstaan by Chicuma, wat die "Duitse Straat" genoem is.[271] Daar was onder meer 'n Duitse skool by Leeukloof, Chicuma, 'n plaas wat oorspronklik aan Josef van Dyk behoort het.[272]

Capala, Chicuma

Enkele Afrikaners, waaronder Jan Diederiks, het op Capala, 'n handelsnedersetting van die *posto* Chicuma, *concelho* Ganda, distrik Benguela, gewoon.[273] Gert Benade het hierheen verhuis nadat hy sy plaas by Driefontein, Caluquembe in 1928 aan 'n sendinggenootskap verkoop het.[274]

Dongo, Capala

Die Storbecks en Gert Scholtz het plase naby Dongo, 'n handelsnedersetting van die *concelho* Caimbamba, distrik Benguela, gehad. Dongo moet nie met 'n handelsnedersetting van die *concelho* Jamba, distrik Huíla verwar word nie.[275]

Alto Catumbela

Albertus Stefanus Abraham Opperman het 'n ruk lank op Alto Catumbela, 'n handels-

---

268 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Aantekeninge oor sy besoek aan Angola, 1948.
269 Persoonlike onderhoude: M.A. du Plessis, 11.07.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 117.
270 Persoonlike onderhoude: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; N.J. Robberts, 17.09.2008; Telefoniese onderhoud: J.Z. van der Merwe, 17.01.2008.
271 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
272 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; Telefoniese onderhoud: I.E. Szilagy (née Paulissen), 21.08.2007.
273 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6 (1), plaat 12; Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; M.A. du Plessis, 11.07.2007; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 74.
274 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
275 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 113; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 140.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nedersetting van die *concelho* Ganda, distrik Benguela, geboer voor hy in ongeveer 1939 hier oorlede is. Dit was 'n stasie op die Benguela-spoorlyn.[276]

Longonjo, Huambo

Pieter Opperman is in 1927 naby Longonjo, 'n *concelho*, distrik Huambo, gebore. Dit is 'n stasie op die Benguela-spoorlyn (Kilometer 343).[277] Cecilia Jacoba de Klerk Neves het in 1948 hier gewoon.[278]

Cuíma

Magiel Prinsloo het gedurende en kort ná die Tweede Wêreldoorlog transport van Cuíma, 'n administratiewe *posto* van die *concelho* Caála, distrik Huambo, af gery. Dit is op 'n sytak van die Benguela-spoorlyn.[279]

Nova Lisboa (Huambo)

Nova Lisboa was die hoofstad van die distrik Huambo. In 1975 is dit na die oorspronklike naam Huambo herdoop. In die dertigerjare van die twintigste eeu was daar planne om die hoofstad van Angola na Huambo te verskuif. Dit is 'n belangrike spoorwegterminus en 'n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 426.[280] Tussen 1949 en 1953 was dit een van vyf wyke van die Hervormde Kerk met tussen 7 en 12 lidmate (sieletal 19–70).[281] In 1946 het Salmon van Zyl hier gewoon.[282]

Santo Amaro

Die gesin van João de Sousa (getroud met Johanna Koekemoer) het by Santo Amaro, 'n handelsnedersetting van die *concelho* Huambo, distrik Huambo, gewoon.[283]

---

276 Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 9.
277 Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 174.
278 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief C.J. de K. Neves – P.P.H. Alberts, 17.02.1948.
280 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 124–125.
281 T.A. Barns, *Angolan sketches*, pp. 42, 110; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 160, 223.
282 *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1949–1953.
283 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946.
284 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Verslag van sy tweede besoek aan Angola, 1948, & Brief João de Sousa – P.P.H. Alberts, 06.04.1950; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 13; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 113; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 255.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Quipeio

Ses Afrikanergesinne het in 1957 by Quipeio, 'n administratiewe *posto* van die *concelho* Vila Flor, distrik Huambo gewoon.[284]

Luahanda, Bailundo

Bailundo was 'n *concelho*, distrik Huambo, gesetel in Vila Teixeira da Silva.[285] Vier (1935) tot ses Afrikanergesinne (23 persone in 1956) het op Luahanda, 'n handelsnedersetting van die *concelho* Mungo, distrik Huambo, gewoon, waaronder Gideon Fourie en sy seun Gideon Fourie (met 8 kinders teen 1967).[286] Die ander gesinne was moontlik dié van J.C.L. Opperman, Theunis Opperman, Hendrik Kruger, J.D. Pienaar en Paul de Klerk.

Cassongue

Hannes de Jager het vir 'n tyd lank in vennootskap met Amerikaners by Cassongue, 'n *concelho* in die distrik Cuanza Sul, vir goud gedelf.[287]

Longolo

Twee Afrikanergesinne het in 1957 by Longolo, 'n handelsnedersetting, *concelho* Libolo, distrik Cuanza Sul, gewoon. Dit is 'n plek in die noorde by Calulo.[288]

Mombolo

Mombolo is geleë in die distrik Cuanza Sul en word ook Omambolo, Nakamombolo of Makamombolo genoem. Hier was in die vyftigerjare nie meer Afrikaners nie, hoewel hier 'n groot Afrikaanse gemeenskap tot 1928 was. Auguste Raes het in 1956 by Monte Verde, Mombolo vir 'n Duitser, Alfred Kath, geboer.[289]

---

284 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6 (1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 82.
285 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 19–20.
286 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, lyste van die dopelinge en die persone wat aangeneem is; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 94–95; Telefoniese onderhoud: E. Fourie (née Piechazeck), 15.01.2009; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 175.
287 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 83.
288 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6 (1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 174.
289 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Auguste Raes – P.P.H. & Mara Alberts, 14.04.1956.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mussende

Gideon Fourie het in die sestigerjare van Luahanda, Bailundo na Mussende, 'n *concelho* in die distrik Cuanza Sul, getrek sodat sy kinders in die Portugese skool kan wees. Hy het op Mussende 'n bestaan as jagter gemaak.[290]

Chitunda, Amboiva

Auguste Raes het in 1953 by Chitunda, 'n handelsnedersetting van die *posto* Amboiva, *concelho* Vila Nova do Seles, distrik Cuanza Sul, gewoon.[291]

Vila Nova do Seles

Auguste Raes het in ongeveer 1957 by Vila Nova do Seles, die setel van die *concelho* Seles, distrik Cuanza Sul, gewoon. Dit is ná 1975 na Uco of Uku herdoop.[292]

Chinguar

In 1946 het ten minste twee Afrikanergesinne waaronder die Versters by Chinguar in die distrik Bié gewoon. Dit was 'n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 520.[293] In 1957 het slegs een Afrikanergesin, moontlik die gesin van Willie Ludeke, wat in 1927 hier gebore is, gewoon. Sy skoonma Sannie Enslin is later hier oorlede.[294]

Lomupa, Caluquembe of Capala

Die Botha-familie en Floris Benade het in 1957 by Lomupa, 'n handelsnedersetting, *posto* Changote, *concelho* Chinguar, distrik Bié, gewoon.[295] Pieter Opperman het hier as voorman op 'n koffieplantasie gewerk.[296]

---

290 Telefoniese onderhoud: E. Fourie (née Piechazeck), 15.01.2009; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 213–214.

291 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Auguste Raes – P.P.H. Alberts, 31.07.1953; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 15–16.

292 NAN: SWAA 783 A68/5/1/6455, Brief A.C. Raes – Hoofimmigrasiebeampte Windhoek, 07.09.1957; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Aantekeningboekie; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 277.

293 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 103.

294 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke, 29.07.2006.

295 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), plate 1, 6, 8 & 11; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 174.

296 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Ralie Putter – P.P.H. & Mara Alberts, 06.07.1956; Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cutato

Sommige Afrikaners is op Cutato gedoop. Daar is ten minste ses plekke met dié naam in Angola. In hierdie geval is dit administratiewe *posto*, *concelho* Chinguar, distrik Bié, 'n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 547.[297]

Sacanjimba

Marthinus van der Walt is in November 1948 op Sacanjimba oorlede.[298]

Capeio

Tussen 1949 en 1953 was Capeio, 'n handelsnedersetting van die *posto* Cutato, *concelho* Chinguar, distrik Bié, een van vyf of ses wyke van die Hervormde Kerk met tussen 34 en 68 lidmate (sieletal 104–125). Dit is 'n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 580.[299] Die gesinne van Cornelis Engelbrecht en sy seuns (Frederik, Cornelis, Koos, Carel en Johannes Marthinus) (9 lidmate, 12 persone), Jan, Willem en Petrus Ludeke (7 lidmate, 14 persone), Barend Ludeke (5 lidmate, 7 persone), Christina Kruger (2 persone), Barend Kruger (1 lidmaat, 2 persone), Hendrik Kruger (2 persone), Marthinus van der Walt (3 persone), Sannie van der Walt, Cecilia van der Walt, Johannes van Dyk (2 lidmate, 5 persone) en Koos Brits het in 1948 hier gewoon.[300] Die gesin van Albertus Kruger het vir 'n ruk lank op Chivanda, Capeio gewoon.[301] David Enslin het in 1956 vanaf Moxico getrek en hom hier kom vestig.[302] Pieter Nannings was tot met sy dood in 1962 hier woonagtig.[303]

Andulo

In 1935 het vier Afrikanergesinne by Andulo, 'n *concelho* van die distrik Bié, met setel in Vila de Andulo, gewoon.[304] Albertus Kruger en Hermanus Stefanus Engelbrecht se gesinne

---

297 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 128–129.
298 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief W.C. Coetzer – P.P.H. Alberts, 04.12.1948.
299 *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1949–1957; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 75.
300 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Dagboekie van sy besoek aan Angola, 1948; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 26, 160; Persoonlike onderhoud: F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.
301 Persoonlike onderhoud: Kruger-gesin, 13.07.2007.
302 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 160.
303 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 113; Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.
304 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, lyste van die dopelinge en die persone wat aangeneem is; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 16, 279.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het later ’n ruk lank hier gewoon.[305] Dit moet nie verwar word nie met die plekkie Andulo op die Benguela-spoorlyn, ook in die distrik Bié, wat later Vouga genoem is.[306]

Chilesso

Carl R. Dille van die Missão Evangélica het op 3 Oktober 1941 ’n huwelik tussen W.A. de Klerk en J.G. Ludeke by Chilesso, ’n sendingstasie van die American Board of Commissioners for Foreign Missions naby Andulo, distrik Bié, bevestig.[307]

Vouga

Drie Afrikanergesinne het in 1957 by Vouga, ’n *concelho* in distrik Bié, gewoon. Dis ’n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 605. Dit is voorheen Andulo genoem. Soms word dit ook Quilanda genoem.[308] Jacobus Petrus van der Walt het in 1948 by Chibanda, Vouga gewoon.[309] Hermanus Stefanus Engelbrecht en Albertus Kruger se gesinne het ook ’n ruk lank hier gewoon.[310]

Coriengue

Barend Ludeke het vir ’n paar maande in 1958 en weer tussen 1962 en 1975 by Coriengue, ’n handelsnedersetting van die *concelho* Andulo, distrik Bié, gewoon.[311]

Silva Porto

Silva Porto, ’n c*oncelho*, is die hoofstad van die distrik Bié. Die Silva Porto-stasie (Cunje) is op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 628. Voorheen is dit Bié of Belmonte genoem. In 1975 is dit na Cuito (ook gespel Kuito) herdoop.[312] Josua (Josia) Hamman het ongeveer 1956 hier gewoon.[313] Twee Afrikanergesinne, waaronder die weduwee Kruger, het in 1957 hier gewoon.[314] Tien Afrikanergesinne het in 1957 by Catemo, ’n wyk van Silva Porto, probeer plasies aanlê. Johannes van Dyk het vroeër hier geboer.[315]

---

305 Persoonlike onderhoud: Kruger-gesin, 13.07.2007.
306 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 16, 279.
307 NHK: K48 6/5, Huweliksakte, 03.10.1941.
308 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 279.
309 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Dagboekie van sy besoek aan Angola, 1948.
310 Persoonlike onderhoud: Kruger-gesin, 13.07.2007.
311 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; E.P.J. Ludeke, 26.07.2006; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 115.
312 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 33–34, 262–263.
313 FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 160.
314 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16, plaat 4.
315 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16, plaat 4; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 160.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cachingues

Piet Ludeke en ’n Harmse het by Cachingues, ’n administratiewe *posto* van die *concelho* Chitembo, distrik Bié, gebly.[316] Drie gesinne (dié van Pieter de Villiers, Barend Ludeke en Piet Ludeke) met 27 gesinslede het in 1970 tydelik by Cachingues, suid van Silva Porto, gekamp.[317] Erns Ludeke het gedurende die sewentigerjare van die twintigste eeu ’n stuk grond by Cachingues gekoop, maar nooit daar gaan woon nie.[318]

Cunde

Piet Ludeke en sy gesin het ná 1958 by Cunde, ’n plek tussen Silva Porto en Cachingues, gebly.[319]

Nova Sintra

In 1946 het Marthinus van der Walt en Christina Johanna Putter op Nova Sintra, ’n *concelho* in die distrik Bié, gewoon voordat hulle in 1948 getroud is. Dit is ’n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 676. Dit is ná 1975 na Catabola herdoop.[320]

Chissamba

Die weduwee Johanna Susanna Catharina Harmse het in 1943 op Chissamba, ’n handelsnedersetting van die *concelho* Nova Sintra, distrik Bié, gebly. Die United Church of Canada het hier ’n sendingstasie gehad.[321]

Camemba

Anna Susanna van der Walt en haar dogter Cecilia het in die veertiger- en vyftigerjare by Camemba, ’n handelsnedersetting van die administratiewe *posto* Gamba, *concelho* Nharêa, distrik Bié, gewoon.[322]

---

316 Persoonlike onderhoude: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006; A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 45.

317 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor ’n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970; NHK: G159 3/1/1, Doopregister, p. 48; Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, “Gedagtes oor Angola”, 05.09.2007; Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, “Gedagtes oor Angola”, 05.09.2007.

318 Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.

319 Persoonlike onderhoud: A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.

320 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 223.

321 NAN: BIN 8 B16, Brief J.S. Harmse – Magistraat Grootfontein, ongedateer (ca. Des. 1943); M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 106; H.W. Barker, *The Story of Chisamba*, pp. 50–51.

322 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Dagboekie van sy besoek aan Angola, 1948 & Aantekeningboekie; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 68.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cuemba

Johannes van Dyk het in 1947–1957 (en moontlik langer) op ’n sisalplantasie by Cuemba, ’n *concelho* in die distrik Bié, gewerk. In 1946 het ’n tweede Afrikanergesin hier gewoon. Dit is ’n stasie op die Benguela-spoorlyn by Kilometer 785.[323]

Santa Maria (via Duque de Bragança en Malanje)

Dit was die antieke setel van Duque de Bragança (later Calandula), ’n *concelho* van die distrik Malanje, waar Herman Smit in 1941 met sy gesin gewoon het.[324]

Henrique de Carvalho (Saurimo)

Tussen 1935 en 1958 het tussen ses en tien Afrikanergesinne (gemiddeld 30 persone) op Henrique de Carvalho, ’n *concelho* in die distrik Lunda Sul, gewoon. In 1975 is dit na die oorspronklike naam Saurimo herdoop.[325] Onder hierdie Afrikaners was die gesinne van Johan Riekert (5 persone), Paul Enslin (2 persone), Cornelius Prinsloo (5 persone), Hendrik Prinsloo, die weduwee Sannie van der Merwe (5 persone) en Petrus Kruger (6 persone).[326] Barend Ludeke het ook hier gewoon. Sy seun Barend Ludeke het tot ongeveer 1958 hier gewoon en toe na Vouga getrek.[327] Johannes (Hans) van der Merwe is hier gebore en het later hier gewoon.[328] Pieter Nannings het vir Jacomina Jacoba (Mina) Enslin in Lunda gaan haal nadat haar pa Pieter Enslin oorlede is en haar ma Sannie Enslin (née Harmse) nie na haar kon kyk nie.[329]

Dundo

Twee Afrikaners (waaronder Johannes van der Merwe) was op Dundo, ’n dorp by die *concelho* Chitato, distrik Lunda Norte, in diens van Diamang om leeus en “tiers” (luiperds)

---

323 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Briewe Margaretha Nannings – Mara Alberts, 30.08.1947 & Johannes van Dyk – P.P.H. Alberts, 31.01.1954; NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 123.

324 NAN: SWAA 857 A68/5/13/3, Brief Herman Smit – Administrateur van Suidwes-Afrika, 31.08.1941; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 142, 254.

325 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, lyste van die dopelinge en die persone wat aangeneem is & P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946; SAB: BTS 86/7/1/1, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 31.10.1958; M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, pp. 159, 259.

326 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Dagboekie van sy besoek aan Angola, 1948; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, pp. 160–161; Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006; B.J. Ludeke, 29.08.2005.

327 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.

328 SAB: BTS 86/7/1/1, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 31.10.1958; Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke, 29.07.2006.

329 F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te skiet wat die maatskappy se beeste aangeval het. Dit was in noordoostelike Angola, 240 km noord van Saurimo waar die setel van Diamang was. Dit was die verste noord wat Afrikaners in Angola aangetref is.[330]

Vila Luso

Drie Afrikanergesinne het in 1957 op Vila Luso, setel van die *concelho* Vila Luso, distrik Moxico, gewoon. Dit is ook Luso genoem en is voorheen Moxico en later Luena genoem. Dit was die gesinne van David Enslin (6 persone) (tot 1956), Josias Hamman (6 persone) en Petrus Ludeke (2 persone). Die weduwees Martha Klopper en Sannie van den Berg, die alleenlopende melaatse Hendrik Prinsloo en Truia Robberts het ook hier gewoon.[331]

Cazombo, Alto Zambeze

Setel van die *circunscrição* Alto Zambeze, distrik Moxico.[332] Dawid Harmse en sy susters Gertruida Margaretha Sophia (Truia) Robberts (née Harmse) en Susanna Gertruida (Sannie) Enslin (née Harmse) het teen 1948 hier gewoon. Sannie Enslin het later na Capeio getrek.[333] Dit was die verste oos wat Afrikaners in Angola aangetref is.

Nadat die meerderheid Angola-Boere in 1928 en 1929 na Suidwes-Afrika getrek het, het daar ’n gemeenskap van 386–473 Afrikaners in Angola agtergebly. Teen 1958 was daar ongeveer 600 Afrikaners woonagtig in Angola. Die geografie en bevolking van Angola, sowel as die geskiedkundige en ekonomiese ontwikkeling van Angola as ’n Portugese kolonie tot 1975, het ’n belangrike invloed op die geskiedenis en nedersettingspatroon van hierdie Angola-Boere uitgeoefen. Hoewel die lede van die gemeenskap oor die grootste deel van Angola versprei was, het die meerderheid op die platteland van die hooglande aan die binneland van die suidelike en sentrale dele van Angola gewoon. Dit was oor die algemeen die tropiese en subtropiese dele van Angola wat die geskikste was vir menslike bewoning.

---

330 SAB: BTS 86/7/1/1, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 31.10.1958; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 141.

331 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Dagboekie van sy besoek aan Angola, 1948, & Briewe J.J. Hamman – P.P.H. Alberts, 18.05.1949 & H.F. Prinsloo – P.P.H. Alberts, 25.03.1949; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 160; Persoonlike onderhoude: F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006; M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 1958, 6(1), p. 16; M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 276.

332 M. Milheiros, *Índice Histórico-corográfico de Angola*, p. 93.

333 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, “Raport” oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 4; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Dagboekie van sy besoek aan Angola, 1948; Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke, 29.07.2006 & 26.08.2006; J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 7
EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958)

Die ontstaan van ’n tradisie om selfstandig te boer

Die feit dat “Boere” ’n volksbenaming vir Afrikaners geword het, is nie bloot toevallig nie. Vir eeue lank was boerdery Afrikaners se belangrikste ekonomiese aktiwiteit. Die geredelike beskikbaarheid van grond het sekerlik in geen geringe mate hiertoe bygedra nie. Mettertyd het daar ’n diepgewortelde “tradisie om selfstandig te boer” ontstaan.[1]

Reeds vandat die eerste vryboere aan die Kaap in 1657 grond ontvang het om landbou te beoefen en hulle kort daarna (1658) die voorreg van vrye markte ontsê is, het lae pryse van landbouprodukte en swak, beperkte of wisselvallige afsetmoontlikhede (markte) die ontwikkeling van landbou in Suid-Afrika gestrem. As gevolg van die beperkte markgeleenthede was dit geen wonder nie dat die eerste tekens van armoede kort daarna (1664) onder die eerste vryboere kop uitgesteek het.[2]

Die feit dat kontant skaars was (om knegte te betaal en om beter pryse vir landbouprodukte te beding) en dat dit moeilik was om arbeiders te vind, het ook ’n verdere demper op die ontwikkeling van landbou geplaas. Boonop moes hulle met die wispelturigheid van die klimaat worstel. Vir die meerderheid van die eerste koloniste vir wie dit nie moontlik was om ’n bestaan uit landbou te maak nie, was dit dus noodsaaklik om hulle tot die veeteelt, wat lonender was, te wend. Dit het reeds voor 1662 plaasgevind. Teen 1672 was veeboerdery reeds ’n selfstandige bedryf aan die Kaap.[3]

Die veeboer en die jagter was dikwels dieselfde persoon. Behalwe vir die inkomste wat jag gebied het, is daar ook, by gebrek aan ander vorms van vermaak, vir die plesier gejag. Hierdie gewoonte het moontlik reeds voor 1670 ontwikkel. Teen 1680 was die

---

1 P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 171, 191–192.
2 *Ibid*., pp. 1–4, 7, 17–18, 55, 171, 176; J.L. Sadie, “The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy”, *Annale*, 2002/1, p. 5.
3 P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 5–6, 8–13, 20–25, 171–172; J.L. Sadie, “The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy”, *Annale*, 2002/1, pp. 5–6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eerste tekens daar dat wildgetalle aansienlik begin afneem het. Die eerste oortredings van jagregulasies het ook in hierdie tyd plaasgevind.[4]

Die oorskakeling na ekstensiewe veeboerdery, gekoppel met jag, het veroorsaak dat 'n groep boere nooit op een plek gevestig het nie, maar rondgeswerf het. Die probleme met vrye en beskikbare markte vir landbouprodukte en die gevolglike oorskakeling na ekstensiewe veeboerdery het dus sentripetale kragte geskep wat tot die latere trekbewegings na die binneland van Suid-Afrika aanleiding sou gee. Hulle het mettertyd uit voeling met markte en die monetêre ekonomie geraak omdat bykans alle handelstransaksies deur middel van ruilhandel geskied het. Die ontberinge van die Groot Trek het tot verdere verarming van die Afrikaners gelei.[5]

In die terminologie van 'n latere era: Van die vyf produksiefaktore (kapitaal, tegnologie, natuurlike hulpbronne, arbeid en entrepreneurskap) was slegs natuurlike hulpbronne in oorvloed beskikbaar.[6]

Hierdie leefwyse is byna onveranderd in Angola voortgesit. Die Portugese het die Angola-Boere gevolglik dikwels verwyt dat hulle nie op een plek gewoon en landbou beoefen het nie.'n Portugese historikus het dit soos volg gestel:

> Selde in ons lang koloniale geskiedenis het ons dit so ongelukkig getref as in ons aanvaarding en verheerliking van die Boere se kolonie, wat niks geproduseer het nie, vir hulle die beste grond toegeëien het en dit bykans onbewerk gelaat het.[7]

Landbou

Dit lyk nie of die Portugese owerheid tot die besef gekom het dat dit nie moontlik was om landbou onder hierdie ongunstige ekonomiese toestande suksesvol te beoefen nie, nie eens nadat talle kolonisasiepogings om Portugese kleinboere op die hooglande van Huíla en Benguela met grootskaalse staatshulp te vestig, die een ná die ander misluk het nie. Die meeste van hierdie Portugese kleinboere het hulle mettertyd tot kommersiële aktiwiteite gewend en handelaars in klein winkeltjies in die binneland geword. Eers in die

---

4 P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 43–47.
5 *Ibid*., pp. 42, 62; J.L. Sadie, "The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy", *Annale*, 2002/1, pp. 5–8.
6 J.L. Sadie, "The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy", *Annale*, 2002/1, p. 5.
7 A. de A. Felner, *Angola: Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, I, p. 95 (my vertaling). Soortgelyke sentimente word deur V. Ferreira, *A Política Colonial Portuguesa em Angola*, pp. 58–59 (herdruk in *Estudos Ultramarinos. Vol. II: Angola e os seus problemas (1.ª Parte)*, pp. 291–292) gehuldig.

© University of Pretoria

sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu het die Portugese owerheid besef dat dit nie moontlik is om in hierdie omstandighede suksesvol te boer nie.[8]

In ’n register van alle besighede en ekonomies aktiewe persone in Angola in 1945 is geen Afrikaners as landbouers gelys nie hoewel hulle oor die algemeen as “Boere” bekend gestaan het.[9]

Dit wil voorkom of die Afrikaners oor die algemeen baie gelukkig in Angola was. Die gebrek aan geld (of kapitaal) en werksgeleenthede was waarskynlik hulle grootste probleme en onteenseglik belangrike redes vir hulle ekonomiese agterstand.[10] As gevolg van hulle armoede was hulle nie in staat om te kapitaliseer soos blanke Boere in Suid-Afrika sedert die dertigerjare van die twintigste eeu gedoen het nie.[11] Dit was ook deels die gevolg daarvan dat dit bykans onmoontlik was om titelaktes vir hulle grond geregistreer te kry. Dit was derhalwe nie moontlik om ’n verband op hulle eiendom te registreer en sodoende kapitaal te bekom nie.[12] Klaas Putter, ’n saaiboer, het vertel dat hy jare lank genoeg geld bymekaar probeer maak het om ’n koei aan te koop.[13]

Dié probleem is vererger deur die ekonomie wat nog grootliks op ruilhandel berus het en waar harde kontant amper onbekend was. Hulle kon nie met die inheemse bevolking kompeteer nie, wat hulle produkte vir baie lae pryse by Portugese handelaars verruil het.[14]

Die lae lone wat hulle betaal het, kon ook nie arbeiders trek nie, want dit kon nie met die lone op die groot plantasies en in die industrieë kompeteer nie en die beskikbare arbeiders het gevolglik eerder daar gaan werk. Gevolglik het die Boere dikwels gekla dat die owerheid hulle nie tegemoetkom en werkers aan hulle voorsien nie.[15] Dit is opvallend dat nie een van die Boere uitgebreide boerderye gehad het wat van groot getalle swart arbeiders afhanklik was nie.[16] Daar is ook beweer dat die koste van ’n dienskontrak met ’n

---

8 C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, pp. 27, 666–667.
9 Banco de Angola, “Extracto do relatório do Banco de Angola”, in Anon., *Índice das actividades económicas do Ultramar*.
10 T.A. Barns, *Angolan sketches*, pp. 52, 188; H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, p. 31.
11 SAUK: Acc. No. 4957, J.J. Diederiks, Onderhoud met W.A. de Klerk, “Afrikaners en hul spore in Angola”, 25 Aug. 1957; H.C. Klopper, “’n Karakterisering van Dorslandafrikaans”, pp. 246, 260.
12 SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927; W.A. de Klerk, “Swerwer op die sonpad: 3. Dié wat vergeet het om terug te keer”, *Sarie Marais*, 27 Mei 1959, p. 45; W.A. de Klerk, *’n Swerwer op die sonpad*, p. 221.
13 A. Verster, “Angola-Boere”, *Die Hervormer*, 50(1), Apr. 1959, p. 16.
14 Persoonlike onderhoud: M.A. du Plessis, 11.07.2007.
15 Mev. P.H. Storm, “Ons reis na Angola”, fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen, p. 29; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), p. 2; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, “Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek”, pp. 1–2; M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 19; W.A. de Klerk, *’n Swerwer op die sonpad*, p. 222.
16 FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

arbeider te hoog was, maar dit was 'n latere ontwikkeling gedurende die vyftigerjare.[17]

Omdat hulle dit moeilik gevind het om swart arbeiders te werf, was hulle op hulself en hul familielede aangewese vir arbeid. Mans en vroue moes gevolglik die handearbeid op die plase verrig totdat hulle kinders groter was. Dit was egter nie suksesvol nie. Daar word beweer dat die Boere hulself as blankes en landhere beskou het en nie graag handearbeid wou verrig nie omdat hulle dit as ru, vernederend, onwaardig en as slegs geskik vir swartes beskou het.[18]

Na bewering het sommige opgeskote dogters kaal bolyf in die tropiese son gestaan en mielies skoffel. Hulle was bruin gebrand en het eelte op hulle hande gehad sodat daar geen verskil te sien was tussen die hande van 'n seun en 'n dogter van 17 jaar nie.[19] 'n Belangrike rede waarom min Afrikanerkinders in Angola 'n goeie skoolopleiding ontvang het, is dat sommige kinders uit die skool gehou is om as arbeiders op hulle ouers se plase te werk.

Omdat die tropiese grond oor die algemeen arm was en boonop geteister deur ongereelde en oorvloedige reën, het dit harde handearbeid geverg om die grond te bewerk en te bemes. Die opbrengs was ten spyte daarvan maar laag.[20]

Boerdery is boonop op 'n primitiewe wyse beoefen.[21] Gevolglik moes hulle hul lande met primitiewe implemente soos pikke bewerk omdat hulle nie ploeë gehad het nie.[22] In 1946 was daar een familie in Capeio "waarvan die vader [Willem Ludeke] al 12 jaar 'n invaliede is, en die moeder om die huisgesin te onderhou, met 'n kafferpik sowat twee morg grond omgekap het om koring te saai".[23]

Lyste van die besittings van die Boere wat in Angola agtergebly het, toon dat slegs

---

17 Mev. P.H. Storm, "Ons reis na Angola", fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen, p. 29; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), p. 2; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", pp. 1–2.

18 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 20; A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(3), Jun. 1959, p. 16.

19 A. Verster, "Angola-Boere", *Die Hervormer*, 50(1), Apr. 1959, p. 16.

20 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 3; M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 19.

21 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3.

22 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935; J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", V. *Die Hervormer*, 47(10), Jan. 1956, p. 6; C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35. P. de Villiers, "Bring ons terug na Unie!", *Die Brandwag*, 28 Jun. 1957, p. 30, herhaal die feite van die artikel deur C.E. Boshoff; A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(3), Jun. 1959, p. 16.

23 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17; sien ook NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946, vir 'n effense ander bewoording van hierdie aanhaling.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

twee persone, Willem Venter (290) en Paul Köster (320), meer as 50 osse en beeste in 1928 besit het.[24] Landbou was vir al die ander Afrikaners dus moeilik omdat hulle as gevolg van veesiektes en armoede geen trekdiere gehad het nie.

Die Portugese regering het landbougereedskap teen 'n geringe fooitjie aan boere beskikbaar gestel. Saad kon ook geleen word en met 10% rente terugbetaal word. Bart de Paiva was daarvan oortuig dat die meeste Afrikaners nie in saaiboerdery belang gestel het nie. "Van al hierdie fasiliteite word nie gebruik gemaak nie, daar word net gekerm omdat die wild uitgeroei is,"[25] het hy in 1958 verduidelik. Volgens dr. Maia de Loureiro, die waarnemende goewerneur-generaal in 1958, het sommige Angola-Boere selfs saad wat hulle gratis van die regering gekry het aan die plaaslike bevolking verkoop.[26]

Daar is ook beweer dat daar geen mark vir hulle produkte was nie of dat die vervoerkoste na die markte te hoog was.[27] Hulle het egter op so 'n klein skaal geproduseer en in sulke afsondering gewoon dat dit nie ekonomies was om die produkte na die markte te vervoer nie. Hulle het bowendien dikwels geen vervoermiddele besit nie.[28]

Teen die middel van die twintigste eeu het Afrikaners in Angola dus steeds geworstel met dieselfde probleme (gebrek aan markte, gebrek aan kapitaal, gebrek aan arbeid, nielonende landbou, wispelturige klimaat) as hulle voorouers in die voorafgaande drie eeue.

Omdat hulle gevoel het dat hulle nie 'n bestaan uit landbou kan maak nie, wou P.W.J. Coetzer en Klaas Putter van Chicuma in 1955 hulle plase verkoop en elders 'n heenkome soek. Die Duitsers in dieselfde omgewing het nietemin 'n goeie bestaan gemaak en het Afrikaners wat nie verder wou boer nie se plase opgekoop.[29]

---

24 NAN: A.10 & SAB: BTS 86/7/1, vol. 1, Statistieke: Aanwysende die totale getal persone met besittings wat uit die verskillende distrikte van Angola verhuis, ca. 1928; Aanvullingslys Angola-Trekkers: Bihe en Mombolo, ca. 1928; Vervolg van Statistieke van Angola-Trekkers naar die Suidwes-gebied, ca. 1928

25 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 8; B. de Paiva, "Ons lesers aan die woord: Werk in Angola", *Die Suidwester*, 4 Jan. 1958, p. 6. Kyk ook FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 160.

26 SAB: BTS 86/7/1/1, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 21.08.1959.

27 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), pp. 2–3; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", p. 2; A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(3), Jun. 1959, p. 16; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; P.W.J. Opperman, 13.09.2005; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

28 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), p. 3; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", p. 2.

29 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, pp. 3–4.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gemengde bestaansboerdery

Die meeste Boere het gemengde boerdery, bestaande uit 'n bietjie veeteelt en 'n bietjie landbou, beoefen.[30] Elke gesin het gewoonlik 'n stukkie grond gehad waar hulle mielies, koring, rys en boontjies, hoofsaaklik vir eie gebruik, verbou het. Langs elke huisie was gewoonlik 'n groentetuintjie.[31]

Jan Diederiks het benewens sy handelsonderneming en sy sisalplantasie ook 'n gemengde boerdery bedryf, naamlik "die gewone boerdery – 'n bietjie koffie, 'n bietjie van dit, 'n bietjie van dat".[32] Hannes de Jager het koring, vrugte, grondboontjies, mielies, boontjies, *suikerkan* (suikerriet) en patats verbou en dit aan Portugese kleinhandelaars verkoop. Hy het ook *aguardente* van die suikerriet en patats gestook en dit aan die plaaslike bevolking verkoop.[33]

Romero de Miranda, wat met 'n afstammeling van Afrikaners in Angola getroud is, was 'n welgestelde kleinboer en het elke duim van sy paar hektaar beplant met koffie, vrugte, groente en gesaaides.[34] In die Sandveld het hy 'n paar beeste aangehou. Daarbenewens het hy kalk by Bimbe naby Humpata ontgin.[35] Sy seun José het na sy Boere-voorsate geneig en meer daarvan gehou om in die veld te wees en te jag.[36] Fernando da Costa Teixeira, wat met Helena Elizabeth Fourie getroud was, het lemoene en pynappels verbou, 'n paar beeste aangehou en 'n paar winkels besit.[37] José Francisco Monteiro, wat met Gertruida Magrieta Sophia Piorek getroud was, het ook 'n gemengde boerdery gehad, bestaande uit beeste, mielies, koring en groente. Die botter wat hy gemaak het, het hy op Caluquembe verkoop. In later jare het hy ook met bokke geboer. Benewens sy boerdery het hy ook transport gery.[38]

Hulle het gestuit teen die realiteit dat die inheemse bevolking landbouprodukte

---

30 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006.

31 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 19; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 8; Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005, G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.

32 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005; Telefoniese onderhoud: J.J. Diederiks (sy seun), 30.08.2005.

33 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

34 Anon., "Doc Immelman is terug en vertel van voorbereidings vir festa. Swak paaie noodsaak vroeë omdraai in Angola", *Die Suidwester*, 12 Aug. 1959; Anon., "Terroriste veg met Rooi hulp in Angola", *Die Suidwester*, 4 Aug. 1962; Persoonlike onderhoud: D.F. Immelman, 02.07.2007.

35 Persoonlike onderhoud: D.F. Immelman, 02.07.2007.

36 Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.

37 Persoonlike onderhoud: D.M. Ludeke (née Teixeira), 29.08.2005.

38 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.

© University of Pretoria

goedkoper kon produseer en gevolglik 'n mededingende voordeel op plaaslike markte (soos die Portugese kleinhandelaar in die omgewing) gehad het. Die meeste Angola-Boere het dus net genoeg graan vir eie gebruik gesaai omdat saaiboerdery nie vir hulle lonend was nie.[39] In die woorde van Willem Ludeke:

> [D]ie lewe is maar swaar[.] die graan het nou soo ge val laat det amper nie help om te saai nie[.] is dit nog soo an hou dan weet ik nie waar van ons moet leef nie[.] det gaan maar swaar ver he arme mens om te leef[.] ik werk mij ge daan en dan het jij nog niks nie[.] dit is al wat ons armes moet van leef is uit die ge saaides en nou het dit soo geval laat ik nie weet wat moet ik doen[.] ik het en huis vol wat ik moet voor sorg en die waar de is soo duur en onbe taal baar[.] ik het slaape loose nagte[.][40]

Willem de Klerk, een van die suksesvolste Afrikaners, het daarenteen 'n saaiplaas besit en vooruitgeboer.[41]

Die tipe leefwyse waaraan die Angola-Boere sedert die vroegste tye van die trekboergeskiedenis gewoond was, het mettertyd verbygegaan. Dit het al hoe moeiliker geword om hierdie bestaansboerdery, waarin kontant byna geen rol gespeel het nie, voort te sit. Teen 1957 was die bestaansboerdery wat hulle beoefen het een van die redes vir hulle benarde ekonomiese posisie.[42]

Kontantgewasse

In 'n register van alle besighede en ekonomies aktiewe persone in Angola in 1945 is daar slegs drie verwysings na plantasie-eienaars van Portugese of Duitse afkoms wat met Afrikanervroue getroud was. Hulle is onder "Agricultura e agricultores" by Chicuma gelys. Dit was Álvaro Castelões da Fonseca, Eduard Storbeck en Werner Voigt.[43]

Sommige Afrikaners het 'n bestaan uit koffieplantasies probeer maak, maar dit het

---

39 W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957 & "Probleem van Afrikaners is geestelik eerder as stoflik", *Die Suidwester*, 31 Jul. 1957, p. 10; Anon., "Angola Boers arrive in Union to start new life", *The Cape Argus*, 18 Nov. 1958, p. 2; A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(3), Jun. 1959, p. 16.

40 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief W. & A.C.M. Ludeke – mnr. & mev. P.P.H. Alberts, 03.03.1949.

41 SAUK: T58/9 18/56–58(58), Onderhoud W.A. de Klerk.

42 W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, pp. 6–7; Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.

43 Banco de Angola, "Extracto do relatório do Banco de Angola", in Anon., *Índice das actividades económicas do Ultramar*, p. 262.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar moeilik gegaan omdat hulle geen voorligting en tegniese hulp ontvang het nie.[44] Hulle was ook van ruilhandel by die naaste Portugese winkeltjie afhanklik. Die Duitsers in Angola het egter buitelandse kontakte gehad en kon sodoende van die "wurggreep van ruilhandel" ontsnap.[45] Onder die Afrikaners met koffieplantasies was Werner Voigt by Ganda, Hans Paulissen naby Ganda, Eduard Storbeck by Dongo, Jan Diederiks by Capala, Theuns de Klerk en Danie Storbeck by Chicuma en Barend Ludeke.[46]

Jan Diederiks, Theunis de Klerk en Danie Storbeck, Werner Voigt en Johann Paulissen het sisalplantasies en sisalfabrieke besit. Die verwerking het behels dat die sisal geoes, gewas, gedroog, gekam en gebaal word. Die eindproduk is gewoonlik aan nabygeleë Portugese handelaars verkoop.[47]

Enkele Afrikaners soos Pieter de Villiers en Gert Benade het tabak aangeplant.[48]

Veeboerdery

In die suide van Angola was baie goeie veld vir beesboerdery. Brandsiek en ander veesiektes was onbekend. In die omgewing van Tunda het ongeveer tien gesinne verspreid gewoon en in die veertigerjare 'n goeie bestaan as beesboere gemaak, maar hulle het nie die kapitaal gehad om hul besigheid uit te brei nie.[49] Beesboerdery het behels dat hulle met hul veetroppe rondtrek en soms in takskerms gebly het.[50]

'n Portugese navorser het in 1958 bevind dat sommige veeboere dikwels gekla het omdat die Portugese owerheid nie veewagters aan hulle voorsien het nie. Dit was vir hom duidelik dat hulle hierdie werk as vernederend beskou het. Gevolglik het hy dikwels pa's

---

44 W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957.
45 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
46 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; M.A. du Plessis, 11.07.2007; Kruger-gesin, 13.07.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
47 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 6; W.A. de Klerk, "Swerwer op die sonpad: 3. Dié wat vergeet het om terug te keer", *Sarie Marais*, 27 Mei 1959, p. 45; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 221; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; P.W.J. Opperman, 13.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; M.A. du Plessis, 11.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; Telefoniese onderhoude: J.J. Diederiks, 30.08.2005, M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
48 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005.
49 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, pp. 1–4; J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", I. *Die Hervormer*, 47(6), Sept. 1955, p. 7; A.J.A. Cardoso, *Angola: Your neighbour*, p. 28.
50 P.S. van der Walt, "Gemeentelike berigte: Tunda, Gambos Angola", *Die Hervormer*, 40(8), 20 Okt. 1948, p. 14.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en seuns eerder in die aangename skadu van hulle huise as in die veld aangetref. Vir hom was dit 'n belangrike rede waarom hulle veeboerdery misluk het.[51]

Dit was volgens buitestanders 'n lekker, gemaklike lewe: "Deurdat die beesboerdery geen of byna geen werk met sig meebring[,] kan hulle rustig sit[,] elk onder sy eie doringboom […] Die enigste tyd verdryf is om te gaan jag en dan later die velle ens. te bewerk."[52]

As gevolg van veesiektes (soos longsiekte en brandsiekte) het die Boere by Que en Capeio (verder noord in Sentraal-Angola) min vee besit.[53]

Behalwe drie gesinne in die suide van Angola wat elk 'n trop van meer as honderd beeste besit het, het die meeste Afrikaners slegs klein troppies van selde meer as 20 beeste besit. Dit was oor die algemeen hulle enigste bron van rykdom: Hulle het die melk gedrink, botter en kaas gemaak en van tyd tot tyd 'n bees vir kontant verkoop.[54] Die verkoop van beeste was dikwels die enigste bron van kontantinkomste.[55]

Oor die algemeen het hulle nie met skape geboer nie omdat die klimaat ongunstig vir skaapboerdery was. Magiel Prinsloo het wel in die vyftiger- en sestigerjare met karakoelskape by Capolopopo in die Namib geboer. Peet Prinsloo het met 'n groot trop boerbokke geboer omdat die Portugese baie lief vir bokvleis was.[56]

Transportry

'n Opvallende kenmerk van die Portugese kolonisasie was die feit dat die Portugese hulle tegnologie (gebaseer op die krag van wind, water en diere) laat vaar het en die tegnologie wat Afrika se inheemse bevolking gebruik, aangeneem het.[57] Monteiro skryf dat die tegnologie van die wiel so onbekend in Angola was dat die inboorlinge veral probleme met

---

51 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18.
52 NHK: K1/2 3/27/19, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk, Oktober 1926.
53 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 3; J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", IV, *Die Hervormer*, 47(9), Des. 1955, p. 7.
54 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 19; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
55 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), p. 3; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", p. 2.
56 FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 2; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; M.W.U. (Basie) Prinsloo, 22.08.2008; V. Wentzel, "Angola, unknown Africa", *National Geographic*, Vol. 120 No. 3, Sept. 1961, p. 366.
57 M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 12.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kruiwa ondervind het – as dit leeg was, het hulle dit op hulle kop gedra en as dit vol was, het twee of drie mense dit saam opgetel en só gedra. By ’n ander geleentheid het hy gesien hoe een die handvatsels in die lug hou terwyl ’n tweede persoon die voorwiel met sy hande in die rondte gedraai het.[58]

In Portugal was wel ’n primitiewe oskar (*carroça nacional*) bekend. Die kar is getrek deur twee osse met ’n stuk hout wat aan hulle horings vasgemaak is (nie deur jukke nie). Dit is net in ’n beperkte mate in Angola gebruik. Die Boere het dit skreeukarre genoem omdat dit ’n skreeugeluid maak wat kilometers ver gehoor kon word.[59] Dit lyk nie of die *carro alentejano* van die Alentejo-streek in Portugal, ’n tweewielkar wat deur twee muile of donkies getrek word, veel inslag in Angola gevind het nie, hoewel dit in die Eerste Wêreldoorlog as vervoermiddel in Angola gebruik is.

In Angola het die Portugese setlaars gevolglik die wiel as algemene vervoermiddel laat vaar en na ’n stelsel van draers (*carregadores*) oorgeskakel. In die dun bevolkte dele van die suide van Angola was dit ’n voortdurende probleem om swart draers te vind. Die riviere was in so ’n beperkte mate bevaarbaar dat goedere selde in bote vervoer is.[60] Ander algemene vorme van vervoer was die draagmat of draagstoel (*tipóia*) en die ry-os.[61] Weens die ongunstige klimaat, die tsetsevlieg en perdesiekte was perde onbekend as ’n vorm van vervoer.[62]

Die koms van die ossewa het ’n revolusie in die vervoerbedryf in Angola teweeggebring en ’n belangrike bydrae gelewer om die binneland van Angola vir verkeer te ontsluit.[63] Destyds is die ossewa beskou as die “groote veroveraar van Afrika”.[64] Boerewaens was voor die koms van die spoorlyne en vragmotors die belangrikste vorm van vervoer in die

---

58 J.J. Monteiro, *Angola and the River Congo*, I, p. 196.

59 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 122; NAN: A.233, W.J.B. Chapman, “An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]”, p. 18; F. de Flaming, “Korrespondensie: Antwoord op ‘Noticias’”, *Die Suidwes Afrikaner*, 13 Apr. 1928; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 21; J. von Moltke, *Veldsmanne*, p. 198; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 37.

60 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 20; D. Birmingham, *Portugal and Africa*, p. 21; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 26.

61 Kyk o.a. J.J. Monteiro, *Angola and the River Congo*, I, pp. 163–164, & P.J. Veth & J.F. Snelleman (reds.), *Daniël Veth’s Reizen in Angola*, pp. 176–177, 199, 252, 274–275; C. Ivens, “L’Angola méridional”, *Bulletin de la Société d’Études Coloniales* (Bruxelles), vol. 5, 1898, p. 10; H.W. Barker, *The Story of Chissamba*, p. 25.

62 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 330.

63 J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 283, 287; H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, p. 31; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 5; M. Kuder, *Angola*, pp. 57–58; D.L. Wheeler, “The Portuguese in Angola, 1836–1891”, pp. 275–276; D. Birmingham, “Wagon Technology, Transport and Long-distance Communication in Angola 1885–1908”, p. 2; D. Birmingham, *Empire in Africa*, p. 45.

64 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 131.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

suide van Angola.[65] Dit was swaar voertuie met vier wiele wat deur 16 tot 20 osse getrek is en 1½–2 ton goedere oor swak paaie vervoer het. Dieselfde vrag kon deur 60–80 draers vervoer word, wat vinniger en goedkoper as waens was.[66] Die aanvraag na transport was egter so groot dat ossewaens die enigste oplossing was omdat daar nooit genoeg *carregadores* beskikbaar was nie.[67]

Aanvanklik is transportry op ’n beskeie skaal beoefen en die belangrikste vrag was ivoor van Ovamboland en katoen van die laagliggende dele onder die eskarp na die kus.[68] In die distrik Moçâmedes het die ekonomie aansienlik gegroei en die inkomste uit doeane aansienlik toegeneem nadat die Boere die vervoer in die binneland oorgeneem het.[69]

Vanaf 1885 het die rubberhandel ’n bloeitydperk beleef. Die transportryers het groot ekonomiese voordeel hieruit getrek, want daar was eenvoudig nie genoeg *carregadores* om die rubber van die binneland na die kus te vervoer nie. Toe die rubberhandel in 1911 in duie stort, was dit vir hulle baie nadelig. Hulle kon gedeeltelik daarvoor kompenseer deur byewas na die kus te vervoer. Op die terugreis van Benguela is verbruikersgoedere na die binneland vervoer. Transportry was vir die Afrikaners van Caconda, Moxico en Bié die belangrikste bron van inkomste.[70]

Die tsetsevlieg in die noordelike en sentrale dele van Angola het die ossewaens tot die suide van Angola beperk. Die Boere het nietemin ’n vervoernetwerk opgebou wat tot in Noord-Rhodesië en die Belgiese Kongo gestrek het.[71] Weens die geweldige afstande het dit beteken dat hulle op togte soms van 12 tot 14 maande weg van hulle gesinne af

---

65 P. Möller, *Journey in Africa through Angola, Ovampoland and Damaraland*, p. 14.

66 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 319; H. Marquardsen, *Angola*, p. 148; H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, p. 31; A. Schachtzabel, *Im Hochland von Angola*, p. 153; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 100.

67 J.T. Tucker, *Currie of Chissamba (Herald of the Dawn)*, p. 130; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 26.

68 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 26.

69 A. de Paiva, “Expedição ao Bihé: Estudos de plan’alto. Relatório official”, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 14(1), 1895, p. 34; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, vol. I, p. 286; D.L. Wheeler, “The Portuguese in Angola, 1836–1891”, pp. 276–277.

70 A. Schachtzabel, *Angola: Forschungen und Erlebnisse in Südwestafrika*, p. 15; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 5; W.G.R. Clarence Smith, “Mossamedes and its hinterland, 1875–1915”, pp. 234–236, 377–379; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, pp. 26, 63; M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 20; Persoonlike onderhoud: F.J. Engelbrecht, 09.08.2006. Vir die rubberhandel kyk G.M. Childs, *Umbundu kinship & character*, pp. 207–212 & C.E. Ivens, “Vice-Consulat de Belgique à Mossamedes (Angola): Rapport No. 1”, *Recueil consulaire contenant les rapports commerciaux des agents belges a l’étranger*, tome 100, 1898, p. 7.

71 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, pp. 26–27; Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was.[72] Twee-derdes van die waens wat vir die Angola Land Trading and Transport Company (wat as "the Wagon Crowd" bekend gestaan het) tussen Benguela en Katanga transport gery het, was Boerewaens.[73]

In geval van inboorlingoorloë het die Boere se ossewaens 'n onmisbare bydrae gelewer om militêre voorraad te vervoer.[74] Daar was so baie Boere-transportryers en ossewaens in 1905 in Benguela dat dit soos 'n Boeredorpie gevoel het.[75] Op poskaarte van dorpies in die suide van Angola was ossewaens (*carros boers*) gedurende hierdie tyd 'n algemene gesig.[76]

'n Aktiwiteit wat nou met transportry saamgehang het, was die bou van paaie, wat die basis gevorm het van latere hoofpaaie in die suide van Angola. Voordat die Boere na Angola gekom het, was daar geen paaie in Angola nie.[77] Reeds in 1881 het die Boere aangebied om 'n pad tussen Humpata en Moçâmedes oor Bibala te bou. Dié plan is deur die Portugese owerheid afgekeur. Die owerheid het dit uiteindelik self gebou teen 'n aansienlik hoër koste as die Boere se aanbod. Dit het boonop baie langer geneem.[78]

In 1882 is die pad tussen Humbe en Huíla voltooi, sodat dit toe moontlik was om Angola van Walvisbaai af per ossewa te bereik.[79] In 1890 het paaie na die Bié-hoogland gevolg.[80] Teen 1905 het die Boere dus die enigste twee paaie van belang in Angola gebou: die pad van Benguela deur Caconda na Bié en die binneland en die pad van Moçâmedes wat by Caconda by hierdie pad aangesluit het.[81]

---

72 H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", pp. 246, 253, 256; Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.

73 J.B. Thornhill, *Adventures in Africa under the British, Belgian and Portuguese flags*, pp. 188–189.

74 M. Kuder, *Angola*, p. 58.

75 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, p. 43.

76 Poskaarte: "Um carro Boer atravessando o rio Cunene. Planalto de Mossamedes", "Um casamento Boer. Planalto de Mossamedes", "6. Mossamedes. "Um carro boer carregando", "129. Mossamedes. Avenida Praia do Bonfim", "Carro Boer", "Vau de carros no Cubango (Cuangar)" & "Angola – Uma travessia no rio Cunene. Carros boers conduzinda viveres para a coluna do general Pereira d'Eça"; J. Loureiro, *Memórias de Angola*, p. 153; J. Loureiro, *Memórias de Benguela e do Lobito*, p. 42; P. Salvador, *Era uma vez ... Angola*, pp. 110, 117, 165.

77 J.F. Pinto, *Angola: Notas e comentários dum colono*, pp. 303–304; G.S. Dias, *No planalto da Huíla*, p. 81; T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 52; H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, pp. 31, 40; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 171, 262–264; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 100; M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, p. 29.

78 U. von Dewitz, "Reisen in dem Portugiesischen Westafrika. III. Von Mossamedes bis Humpata und Huilla", *Deutsche Kolonialzeitung*, Jg. 4, Heft 5, 1. März 1887, p. 149; C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, pp. 180–181.

79 C. Duparquet, *Viagens na Cimbebasia*, p. 174; C. Duparquet, "Die Reise nach Cimbebasia 1879–1884", p. 174; G.S. Dias, "O padre Duparquet e os Boeres da Huíla", *Portugal em África*, 2(3), 1946, p 36.

80 J. Johnston, *Reality versus Romance in South Central Africa*, pp. 59–60.

81 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, p. 67; G.S. Dias, "O padre Duparquet e os Boeres da Huíla", *Portugal em África*, 2(3), 1946, p. 36; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 171, 263; A.F. de Sá, "Vias de Ligação da Huíla com o Mar", *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 34, Janeiro–Junho de 1973, pp. 35–36; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 234; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 26.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die pad tussen Porto Alexandre en Humbe is deur Jan Robbertse en William Chapman, in samewerking met die Companhia de Mossamedes, gebou.[82] Ander Afrikaners, soos Willem Venter, het weer oral in Angola paaie gebou, selfs tot aan die Cassairivier op die grens van die Belgiese Kongo.[83]

Voordat die Benguela-spoorlyn gebou is, het die Boere nie geld of markte gehad nie en van ruilhandel geleef. Die bou van die spoorlyn het as 'n "geskenk" vir hulle gekom, want hulle waens het die spoorwegmateriaal na die spooreindpunte vervoer. Mettertyd kon hulle 'n bietjie kapitaal opbou.[84]

Met die koms van meganiese vervoer (aanvanklik die spoorweë en later motors en vragmotors) en die verbeterde infrastruktuur van die land (spoorweë en paaie) was dit later baie moeilik om 'n bestaan uit transportry te maak. Die voltooiing van die spoorlyne vanaf Benguela – in 1928 is die Kongolese grens bereik – en Moçâmedes het dus die doodsklok vir die bedryf gelui[85] en die koms van vragmotors en motorpaaie het dié bedryf die finale nekslag toegedien.[86] Die verdwyning van die ossewa as vervoermiddel was onteenseglik een van die grootste ekonomiese teenslae wat die Afrikaners van Angola getref het.[87] Die feit dat hulle teen 1928 nie meer 'n bestaan uit transportry kon maak nie, was 'n belangrike rede vir die trek na Suidwes-Afrika.

Dit was vir die Boere 'n bitter pil om te sluk dat ossewaens met die koms van die motor nie op motorpaaie (*estradas*) toegelaat is nie en hulle tot die ossewapaaie (*matemba*) moes beperk.[88] Ossewaens is selfs verbied om 'n brug by Quilengues oor die Coporolorivier te gebruik, hoewel dit spesiaal vir ossewaens gebou is.[89]

Interessant genoeg het die begin van die armblankevraagstuk in Transvaal teen die

---

82 W.J.B. Chapman, "Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman" (1858–1902), pp. 152–155.

83 A.J. van der Walt, *Noordwaarts!*, p. 203.

84 J.B. Thornhill, *Adventures in Africa under the British, Belgian and Portuguese flags*, p. 188; M. Kuder, *Angola*, p. 58.

85 M. Kuder, *Angola*, p. 58; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 378–378; Persoonlike onderhoud: F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.

86 SAUK: 58/8 18/57–59(58), Onderhoud Mnr. Engelbrecht, 02.10.1958; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 380; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 27.

87 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 20.

88 H. Marquardsen, *Angola*, p. 148; J.F. Pinto, *Angola: Notas e comentários dum colono*, pp. 301, 303–304; C.P. Curtis & R.C. Curtis, *Hunting in Africa. East and West*, pp. 240–241; Th. Delachaux & Ch.E. Thiébaud, *Land und Völker von Angola*, p. 70; T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 92; A. Schachtzabel, *Angola: Forschungen und Erlebnisse in Südwestafrika*, p. 26; W. Jaspert, *Afrikanisches Abenteuer*, p. 75; W. Jaspert, *Through unknown Africa*, p 95; O. Jessen, *Reisen und Forschungen in Angola*, p. 138; A.M. de F. Soares, *As operações militares no sul de Angola em 1914–1915*, p. 115. Die woord *etemba* beteken "ossewa" – Kyk P. Biewenga, "Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere", pp. 59, 121.

89 J.F. Pinto, *Angola: Notas e comentários dum colono*, pp. 304–306.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

negentigerjare van die negentiende eeu ook saamgeval met die koms van spoorverbindings tussen Johannesburg en Pretoria en verskillende hawens aan die kus tussen 1892 en 1895 (en die gevolglike verdwyning van transportry as 'n inkomste),[90] hoewel dit sekerlik nie die belangrikste oorsaak van die armblankevraagstuk in Transvaal was nie.

Teen die einde van die twintigerjare van die twintigste eeu, toe die Benguela-spoorlyn al tot by die grens met die Belgiese Kongo voltooi is en dit al moontlik was om met motors deur groot gedeeltes van die land te reis, het 'n reisiger nog opgemerk: "A slower method, which will doubtless attract many people, would be to hire an ox-wagon and team and Boer driver, which can easily be done at a reasonable figure."[91]

Die Boere kon nie die monopolie handhaaf wat hulle in die transportbedryf gehad het nie. Mettertyd het Portugese transportryers ook tot die bedryf toegetree. Die kompetisie in die transportbedryf het dermate toegeneem dat daar 'n ooraanbod van waens en 'n krimpende aanvraag daarvoor was. Die vervoerkoste het gevolglik met ongeveer die helfte afgeneem. In 'n register van alle besighede en ekonomies aktiewe persone in Angola in 1945 is geen Afrikaners meer as transportryers gelys nie.[92] Dié feit gee 'n aanduiding van die agteruitgang van die Afrikaner op ekonomiese gebied. Dit beteken nie dat daar geen Afrikaners was wat as transportryers gewerk het nie. Hulle was waarskynlik in diens van Portugese firmas of hulle dienste was te onbeduidend om hulle as transportryers te lys.

Hoewel die goue eeu van transportry, wat van diere gebruik maak, teen 1945 grootliks verby was, was daar nog etlike persone wat daaruit 'n lewe gemaak het. In groot hawestede wat met spoorlyne met die binneland verbind is, was 'n groot aantal vervoermaatskappye bedrywig. In Benguela het twee maatskappye (uit 27) nog van diere gebruik gemaak. In die binneland, ook by plekke wat met die spoor verbind was, was daar nog baie vervoermaatskappye wat diere as vervoermiddel benut het. Op die belangrike spoorwegterminus Huambo het nege van die vervoermaatskappye nog diere gebruik, en slegs een meganiese vervoer benut. Op Quipeio het al nege vervoermaatskappye diere benut en was daar geen meganiese vervoermaatskappye nie.[93]

Die feit dat daar ten spyte van die koms van die spoorlyne en meganiese vervoer steeds mense was wat 'n lewe uit transportry kon maak, kan maklik verklaar word as die toestand

---

90 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I), p. 138.

91 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 187.

92 Banco de Angola, "Extracto do relatório do Banco de Angola", in Anon., *Índice das actividades económicas do Ultramar*, p. 384; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 27.

93 Banco de Angola, "Extracto do relatório do Banco de Angola", in Anon., *Índice das actividades económicas do Ultramar*, pp. 252, 328–329; Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die paaie in Angola in ag geneem word. Dit was steeds nodig om goedere van die spoorwegstasies na plekke weg van die spoor af te neem. Omdat daar nie goeie paaie was wat hierdie plekke met mekaar verbind het nie, was dit nodig om van diere gebruik te maak.

Gedurende en kort ná die Tweede Wêreldoorlog was brandstof en motoronderdele feitlik onverkrygbaar in Angola. Transportry met ossewaens het gevolglik 'n kortstondige bloeitydperk tot ná die oorlog beleef.[94] 'n Hele paar Afrikaners was ná die Tweede Wêreldoorlog nog daarby betrokke om gedurende die somermaande goedere van die spoorwegstasies soos Ganda na Portugese winkeltjies in die binneland te vervoer. Onder hulle was Theunis en Hendrik de Klerk, Willem en Kerneels Opperman, Chrisjan Putter en Cornelius Engelbrecht en van sy seuns.[95]

Onder die transportryers was daar ook José Francisco Monteiro (getroud met Gertruida Magrieta Sophia Piorek) wat in die omgewing van Caluquembe en Cubal met mielies en koring transport gery het.[96] Michael Prinsloo het in 1946 tydelik 'n inkomste uit transportry verdien, maar gehoop om deur landbou vooruit te kom.[97] Theunis de Klerk kon in sy jong dae 'n redelike bestaan uit transportry met sy wa en osse maak. Die vragmotor het mettertyd op die toneel verskyn en die werk oorgeneem. Hy kon egter nie kapitaliseer en 'n vragmotor aanskaf nie. Later kon hy geen werk kry nie en was hy genoodsaak om te boer en te jag.[98]

Teen die einde van die veertigerjare van die twintigste eeu is ossewaens dus steeds as vervoermiddel gebruik, hoewel minder as vroeër. Sommige is omskep in *carroças*, Portugese oskarre met twee wiele wat baie ligter as ossewaens was.[99] Die ossewa as vervoermiddel het egter nie verdwyn nie. So laat as ongeveer 1956 moes 'n reisiger sy motor op 'n ossewa laai om die 16 km van Forte Roçadas tot by Humbe af te lê toe sy motor nie die pad gedurende die reënseisoen kon baasraak nie.[100]

Sommige Afrikaners in Angola het tot aan die einde van die vyftigerjare van die twintigste eeu 'n lewe uit transportry gemaak. Onder hulle was Tom de Jager, die Ludekebroers en die Engelbrecht-broers.[101] Teen 1958 kon die ossewa byna as 'n museumobjek

---

94 Persoonlike onderhoude: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.
95 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.
96 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.
97 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
98 A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(3), Jun. 1959, p. 16; Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006.
99 C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, p. 255.
100 F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 212.
101 SAUK: 58/8 18/57–59(58), Onderhoud mnr. Engelbrecht, 02.10.1958; Persoonlike onderhoude: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006; A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; J.J. de Jager, 27.04.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskou word. Slegs ’n paar gesinne het dit nog vir eie gebruik aangewend, en selde in diens van ander persone transport gery.[102]

Huursoldate

’n Belangrike rede waarom die Portugese owerheid die Boere in Angola verwelkom het, was dat verwag is dat Boere ’n buffer teen vyandige swartes sou vorm. Hulle reputasie in gevegte teen inboorlinge en die feit dat hulle altyd gewen het, was in Angola reeds voor hulle koms bekend. Die kritiek wat mense soos David Livingstone teen die Boere gehad het, het dus nie so baie gewig in Angola gedra nie. Aanvalle deur inboorlinge op Portugese garnisoene en dorpe soos Moçâmedes is deur die Boere beëindig.[103]

Weens die Boere se weersin in Groot-Brittanje is hulle ook deur die Portugese owerheid as ’n moontlike buffer teen die Engelse gesien.[104]

Die Boere het onder meer ’n belangrike rol in die “pasifikasie” van die Ovimbundu en Ovambo in die suide van Angola en die Bié-oorlog (1890) gespeel.[105] Om as huursoldate in die pasifikasie-oorloë te veg, was vir baie Boere ’n belangrike bron van inkomste. Hulle kon selfs meer verdien as met transportry, maar dit was ’n onbestendige bron van inkomste.[106] Die groot aantal oorloë waaraan hulle deelgeneem het, kon seker in ’n mate hiervoor vergoed.

Op foto’s wat gedurende die pasifikasie-oorloë in die suide van Angola geneem is, is *carros boers* eweneens dikwels teenwoordig.[107] Portugese bronne verskaf nogtans nie veel inligting oor die Boere se deelname aan hierdie oorloë nie.[108] Die Boere het ook

---

102 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 20; Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.

103 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 283; D.L. Wheeler, “The Portuguese in Angola, 1836–1891”, pp. 272–273, 276; M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, p. 29. Kyk J. Dias, “Angola”, in V. Alexandre & J. Dias, *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 422–423, vir toestande voor die aankoms van die Boere.

104 D.L. Wheeler, “The Portuguese in Angola, 1836–1891”, p. 272; M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, p. 29; W.G.R. Clarence Smith, “Mossamedes and its hinterland, 1875–1915”, p. 91.

105 H. Marquardsen, *Angola*, p. 138; H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 52; p. 31; A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, p. 9; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 100; M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, p. 29; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 71; F.S. Arnot, *Garenganze: West and East*, pp. 59–60; J. Johnston, *Reality versus Romance in South Central Africa*, pp. 61–62.

106 W.G.R. Clarence Smith, “Mossamedes and its hinterland, 1875–1915”, pp. 171–172; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 27.

107 L.A. de P. Guimarãis, *Campanha do Humbe 1897–1898*, teenoor p. 17 & teenoor p. 33.

108 G.S. Dias, “Espelho de lealdade”, *O Mundo Português*, Vol. VIII, No. 91, Julho de 1941, pp. 287–296; G.S. Dias, “Os auxiliares nas campanhas do Sul de Angola”, *Revista Militar*, anno XCV, No. 5, Maio de

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

baie selde medaljes of erkenning vir hulle deelname aan hierdie oorloë ontvang.[109] Een van die min Portugese wat lof vir die Boere gehad het, was José Heliodoro de Faria Leal, wat in *O Comércio* die Boere teen die beskuldigings van Gastão Sousa Dias en João de Almeida verdedig het.[110]

Boere-huursoldate het 'n daaglikse loon van tussen 4s/6d en £1 per man ontvang, hulle ossewaens en perde aan die Portugese owerheid verhuur en boonop die helfte van die gebuite vee ontvang.[111] In die tydperk kort ná die Dorslandtrekke en hulle vestiging in Angola, toe 'n hele paar Boere nie 'n enkele bees besit het nie, was dit 'n manier om hulle veestapel op te bou.

Oor 'n tydperk van veertig jaar het die Boere aan 22 oorloë teen die inheemse stamme in die suide van Angola deelgeneem.[112] Die laaste van hierdie oorloë was maar so onlangs as 1915 toe Portugese die Kwanjama-stam onder Mandume onderwerp het. Nadat Mandume met sy volgelinge tot suid van die grens met Suidwes-Afrika gevlug het, is hierdie stam eers in Februarie 1917 deur Suid-Afrikaanse troepe onder kol. M.J. de Jager onderwerp.

Met die pasifikasie-oorloë in die suide van Angola iets van die verlede het die Boere 'n belangrike deel van hulle ekonomiese basis verloor.[113] Tog word vermeld dat A.J.D. (Hans) Alberts in Junie 1935 as kommandant op 'n veldtog moes gaan: "Daar aangekom[,] vind ons alleen sy vrou en kinders by die wa. Hy self was saam met 'n afdeling soldate op 'n Kaffer-ekspedisie."[114]

1943, pp. 280–287; G.S. Dias, *Os auxiliares na ocupação do sul de Angola*, pp. 9, 25, 29–31, 41–42, 47, 51–53, 57, 64–66, 68, & G.S. Dias, *O tenente Quintino Rogado* het egter 'n paar verwysings. Die meeste verwysings oor die Boere se militêre rol in die pasifikasie-oorloë is te vinde in die boeke van R. Pélissier: *História das Campanhas de Angola: Resistência e Revoltas 1845–1941* (2 dele), *Les campagnes coloniales du Portugal 1844–1941* & *As Campanhas Coloniais de Portugal 1844–1941*. Pélissier steun egter baie swaar op reeds gepubliseerde inligting in Portugese bronne.

109 NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", p. 34.

110 J.H. de F. Leal, "Os Boers", *O comércio*, 12 de Janeiro de 1928, soos vertaal deur Anon., "Die Angola-Boere: Wat 'n Portugees van hulle denk", *Ons Vaderland*, 3 Febr. 1928.

111 H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, p. 228; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 171–172; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 27; M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 156.

112 Anon., "Wat Angola in die Boere verloor", *Die Burger*, 8 Aug. 1928, p. 7; E.T. Meyer, *Die koms van die Angolaboere na Suidwes-Afrika in 1928–1929*, p. 17.

113 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 27; M. Newitt, *Portugal in Africa*, p. 156.

114 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Andries [= Hans] Alberts – P.P.H. Alberts, 06.04.1937.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jag

Vanaf die vroegste tye van die blanke nedersetting aan die Kaap het jag 'n belangrike rol gespeel. Dit was vanselfsprekend dat 'n Afrikaner 'n goeie skut sou wees. Nie net die ekonomiese betekenis van die jag was belangrik nie, maar ook die rol wat "die lokstem van die jagveld" in die afwesigheid van ander vorme van vermaak in terme van sport en ontspanning gespeel het.[115] As 'n mens die jagstories van die Angola-Boere lees of aanhoor, is daar 'n "element van avontuurlikheid wat hulle verbeelding aangegryp het".

Ook vanaf die vroegste tye is hierdie jagters daarvan beskuldig dat hulle hul boerderyaktiwiteite ter wille van die jag verwaarloos het. In Transvaal kon van hierdie nomadiese veeboere wat agter die wild aangetrek het, nog teen die einde van die negentiende eeu in sekere dele aangetref word. Enkele Afrikaners kon selfs teen die dertigerjare van die twintigste eeu nog 'n nomadiese lewe in die noordelike dele van Transvaal lei en uit jag 'n bestaan maak. Hierdie leefwyse het kort daarna in Suid-Afrika uitgesterf.[116] Mettertyd moes hulle verder na die noorde uitwyk. In 1905 kon van hulle nog in Rhodesië aangetref word.[117] Die Boere wat na Kenia uitgewyk het, is bestempel as "a crowd of indigent Dutch who don't farm the land they occupy but … have supported themselves by the unlicensed slaughter of the once numerous game".[118]

Baie Boere in Angola moes voor 1928 noodgedwonge uit jag 'n bestaan probeer maak omdat hulle nie meer 'n bestaan uit landbou en veeteelt kon maak nie.[119] Jag was gevolglik een van hulle vernaamste ekonomiese aktiwiteite. Die onderdrukking daarvan, tesame met die verdwyning van die ossewa as vervoermiddel, was die een van die ernstigste ekonomiese teenslae wat hulle getref het. Gevolglik het agteruitgang en verarming ingetree sodat die meeste Boere in 1928 besluit het om die land te verlaat.[120]

Die belangrikste produkte wat jag opgelewer het, was ivoor, volstruisvere, velle en rieme, benewens vars en gedroogde vleis (biltong) en seekoeispek asook sambokke, swepe en sweepstokke wat van seekoei- en renostervelle gemaak is.[121]

---

115 P.J. van der Merwe, *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, pp. 10–13.
116 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I), p. 108; R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), p. 8.
117 P.J. van der Merwe, *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, pp. 18, 20.
118 E. Steinhart, *Black Poachers, White Hunters: A Social History of Hunting in Colonial Kenya*, p. 97.
119 J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 287–288.
120 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18; J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", V. *Die Hervormer*, 47(10), Jan. 1956, p. 6.
121 P.J. van der Merwe, *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, pp. 13–17; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 28; Persoonlike onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 1: Droëry van olifantbiltong op rotse in Angola, ca. 1964. *Uit:* Private versameling, D.F. Immelman.



Figuur 2: 'n Tipiese toneel in die jagveld van Angola. Seekoeibiltong en spek word oor takke gedroog. Die skedel op die voorgrond is dié van 'n waterbuffel. Alfred Meyer (regs) en Willie Chapman (links) by hul kampplek, ca. 1926. *Uit:* Private versameling, E.T. Meyer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een van die vernaamste besware wat die Portugese owerheid teen die Angola-Boere gehad het, was juis dat hulle 'n bestaan uit jag gemaak het. Volgens die Portugese was hulle wrede uitroeiers (*exterminadores ferozes*) van wild en waarnemers het opgemerk dat die wild spoedig verdwyn in die gebiede waar hierdie Boere begin jag het.[122] Veral olifante en volstruise in die omgewing van Humbe en seekoeie in die riviere in die suide van Angola is grootliks uitgeroei.[123]

Kolonel F.C.R. Statham, wat Angola in die twintigerjare van die twintigste eeu besoek het, beweer dat leeus vroeër volop was, maar dat jagters – gewoonlik Boere – so baie diere vir pelse en velle geskiet het dat die leeus weens 'n gebrek aan kos uitgesterf of gevlug het. Hy beweer dat dieselfde lot buffels aan die Kunene tussen Capelongo en Humbe en elande getref het, maar dat runderpes ook 'n rol in die uitdunning van buffels gespeel het. Hy het die Boere gevolglik as "that great enemy of all wild things, the Boer hunter with his wagon" bestempel.[124] Hy beskryf die slagting soos volg:

> Along the path of the trek they left not only their own skeletons, and those of their oxen, but thousands upon thousands of the bones of the game they killed for meat and skin; they were to the game of the land as the locusts were to the grass.[125]
>
> […] For the Boer lives by hunting still; he has killed most of the animals on these beautiful highland slopes and valleys, and now drives his long wagon team to the Cunene, Cubango and Cuando Rivers, where he can still shoot to his heart's content, until the wagon creaks under the load of skins of what had once been beautiful wild things.[126]
>
> […] Now empty of the animal life that once roamed over it, there was a great silence in this desert country, a silence that has succeeded the deadly trail of the Boer hunter from the Cape northwards and then westwards till it found Angola.[127]
>
> […] I have no right to criticize these people, loving the hunting life, and living it

122 US: Aanwins no. 73 Veth, Daniël David 1850–1885, 73/15/21 & 73/15/22, Brief P.J. van der Kellen – *Het Nieuws van de Dag*, 25.07.1885; A. von Danckelmann, "Ein Besuch in den portugiesischen Kolonien Südwestafrikas, Sommer 1883", *Deutsche Geographische Blätter* (Geographische Gesellschaft in Bremen), Band VII, Heft 1, 1884, p. 57; H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, p. 228; H. Marquardsen, *Angola*, pp. 103, 138; F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 217; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 72; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 277.

123 C.E. Ivens, "Vice-Consulat de Belgique à Mossamedes (Angola): Rapport No. 1", *Recueil consulaire contenant les rapports commerciaux des agents belges a l'étranger*, tome 100, 1898, p. 9;
FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, p. 70; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 136.

124 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, pp. 129, 157, 252, 262.

125 *Ibid.*, p. 376.

126 *Ibid.*, p. 157.

127 *Ibid.*, p. 159.

© University of Pretoria

> myself whenever possible. There is, of course, no excuse for any one like myself, who has not the Boer's need, to slaughter game like a Boer […][128]

Kolonel Statham het die hoop uitgespreek dat die Portugese owerheid stappe sal neem om wild te beskerm, aangesien die Boere hulle boerdery sal verwaarloos om 'n lewe van jag te maak. Boonop sou hulle baie meer geld daaruit kon verdien om as gidse vir ryk trofeejagters op te tree en hulle waens aan trofeejagters te verhuur.[129]

Hoewel die Boere sekerlik wild op groot skaal uitgedelg het, het daar steeds baie wild in Angola voorgekom.[130] Volgens João de Almeida was wildgetalle in die omgewing van die Cubango, Cuito en Cuando teen 1910 groter as enige getal wat jy jou kon indink, hoewel dit in die omgewing van blanke nedersettings al afgeneem het.[131] Selfs aan die einde van die koloniale tyd in Angola was die Boere se eertydse jagvelde steeds jagtersparadyse.

Aan die ander kant was die wild (soos olifante) in sekere gebiede (soos Bié) uitgeroei lank voordat die Boere hulle daar gevestig het. Die uitvoer van ivoor by Moçâmedes het reeds teen 1870 begin afneem, tien jaar voordat die Boere hulle in Angola gevestig het. Dit is seker ook nie vreemd nie as 'n mens in ag neem dat die Ovimbundu in daardie streke toe reeds vir 250 jaar oor die gebruik van vuurwapens beskik het.[132]

Nadat die Afrikaners in 1928 vertrek het, het wildgetalle weer toegeneem. Roofdiere het so vermeerder dat hulle in sekere distrikte weer die lewe van mense en diere begin bedreig het.[133]

Die Portugese owerheid het hulle gewoonlik nie aan die jagtery van die Boere gesteur nie en weinig beheer daaroor uitgeoefen.[134] Gevolglik het die Boere 'n vrye hand gehad om na hartelus onwettig te jag, waarna produkte soms onwettig verkoop is. Dus is die Boere deur die Portugese owerheid as die groot smokkelaars en sluikhandelaars (*contrabandistas*) van die suide van Angola beskou.[135] Vir die Portugese owerheid het dit

---

128 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 376.
129 *Ibid.*, pp. 376–377.
130 C.R. Machado [de Faria e Maia], "Colonização do planalto de Huíla e Mossamedes", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 36(10–12), Outubro–Dezembro de 1918, p. 289, & *Colonização do planalto de Huíla e Mossamedes*, p. 25; O. Jessen, *Reisen und Forschungen in Angola*, p. 17.
131 J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 50–51.
132 G.M. Childs, *Umbundu kinship & character*, p. 207; J. Dias, "Angola", in V. Alexandre & J. Dias, *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 491. Kyk ook P. Johansson, *The Trader King of Damaraland Axel Eriksson*, pp. 66, 75–76, in hierdie verband.
133 L. Wells, "Angolan safari", *Geographical review*, 30(4), Oct. 1940, pp. 572.
134 C.R. Machado [de Faria e Maia], "Colonização do planalto de Huíla e Mossamedes", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 36(10–12), Outubro–Dezembro de 1918, p. 289, & *Colonização do planalto de Huíla e Mossamedes*, p. 25.
135 G.S. Dias, *Cartas de Angola*, p. 184; H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, p. 228; N.C. Matias, "Os boers Portugueses da Humpata: Um fracasso da Política de Assimilação Portuguesa", p. 294.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelyk of die Boere hulle so min as moontlik steur aan die regulasies wat sekere spesies beskerm, wild in sekere gebiede bewaar het, lisensies vereis en die verkoop van wildsvleis verbied het.[136]

Om die wild te beskerm en hierdie onwettige jag en smokkelhandel aan bande te lê, is in later jare allerhande jagregulasies uitgevaardig en op die Boere van toepassing gemaak.[137] Dit wil voorkom of dit by die Portugese owerheid minder om bewaring gegaan het as om maniere te vind om die Boere aan bande te lê. Daar is immers gedurende hierdie tydperk geen wetenskaplike ondersoeke na die fauna en flora van die streek deur die Portugese owerheid gedoen nie, terwyl die "Boeregevaar" (*o perigo boer*) voortdurend die owerheid se aandag geniet het.[138]

Die Portugese owerheid het aan die Boere toestemming begin weier om hulle gewere by hulle te hou.[139] Daarna het die Portugese owerheid probeer om elke Boer £5 lisensiegeld vir sy geweer te laat betaal, maar dit is deur die Boere teengestaan. Hulle is gevolglik met ontwapening gedreig indien hulle in gebreke bly om hierdie lisensiegeld te betaal. Daarna het sommige Boere oorweeg om na Barotseland te trek.[140]

Benewens 'n geweerlisensie wat die draer gemagtig het om twee gewere en 200 patrone by hom te dra en slegs deur 'n uitgebreide burokratiese proses verkry kon word, moes 'n jaglisensie uitgeneem word. 'n Spesiale lisensie moes weer uitgeneem word om olifante te jag.[141] Dit wil voorkom of die uitreiking van lisensies vir die owerheid 'n belangrike bron van inkomste was.[142]

'n Kommissie van die Hervormde Kerk het gedurende 'n besoek in 1955 bevind dat die meeste Afrikanermans vir vier tot vyf maande per jaar in die jagveld vertoef, maar dat die jagtogte nie baie voordeel oplewer nie.[143] Omdat die mans in die jagveld was, kon

---

136 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18.

137 Kyk bv. A.F.R. Lima, Convenção, *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 13, Sabbado 30 de Março de 1901, pp. 162–165; H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, p. 229; J.M.R. Norton de Matos, Portaria No. 1:229 de 5 de Novembro de 1914, *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 45, Sábado 7 de Novembro de 1914, pp. 989–990; T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 52; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, p. 70.

138 Dit het by geleentheid in die Portugese parlement aandag geniet. Kyk M.C. Proença, *A questão colonial no parlamento (1910–1926)*, p. 62.

139 T.A. Barns, *Angolan sketches*, p. 52.

140 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, p. 68; J.B. Thornhill, *Adventures in Africa under the British, Belgian and Portuguese flags*, p. 188; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 323–324.

141 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, pp. 37–38.

142 J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 515–517; NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", p. 109.

143 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 4. Kyk ook Persoonlike onderhoud: M.A. du Plessis, 11.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle dikwels nie die kerkdienste van besoekende predikante bywoon nie.[144]

Kommissies van die Hervormde Kerk het gewoonlik redelik neerhalend na hierdie jagtersbestaan verwys, byvoorbeeld: "Hulle is dan ook meesal gewoon aan die luilekker lewe, van bietjie saai, en dan maar weer jagveld toe, altans in die meeste gevalle."[145] Elders word beweer: "Net die mans persone bly maar baie lui om te werk, en wil net jag, veral in die nag[,] dan jag hulle[,] en op die dag wanneer hulle moet werk, slaap hulle."[146]

Pieter Nannings van Capeio het op sy beurt dit soos volg gestel:

> Mocht de jachtaffére tog maar eens en voor altyd de kop ingeslaan worden, dan zou handenarbeid noodwendig moeten plaasvinden en het huislik lewen beter worden. Elk kind wat hier onder ons menzen geboren word, word gebore met de erfsonde in zyn kop "jacht" en word niet geboren met de schone erfenis in zyn kop "arbeid". Tog zal met verloop der jaren de schone erfenis "arbeid" zegevieren.[147]

Bart de Paiva het eweneens nie 'n hoë dunk gehad van die jagterslewe van sommige Afrikaners in Angola nie:

> Dit is seker meer as tien jaar wat mnr. Jacobsz en sy mense uit Suidwes gekom het en hulle op die wal van die Cubango-rivier kom vestig het. Toe was Suidwes nie goed nie, net Angola was goed, omdat die Cubango-rivier vol seekoeie was. Nou dat alles doodgeskiet is, nou is Angola nie meer goed nie, ewe skielik is hier ook geen toekoms meer nie.[148]

"En vir hierdie soort lewe [boerdery] sien die boere in Angola nie kans nie; hulle loer net na wildspore," het hy verder geskryf.[149]

Die jagters het gewoonlik vir 'n paar maande gedurende die winter gaan jag en hulle gesinne, en 'n melkkoei om melk te voorsien, is gewoonlik saamgeneem. Ossewaens is nog as vervoermiddel gebruik omdat daar in daardie streke nog nie paaie was nie.[150]

---

144 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935; NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 2; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 114; P.P.H. Alberts, "Gemeentelike berigte: Outjo, S.W.A.", *Die Hervormer*, 40(6), 20 Sept. 1948, p. 12; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950; NHK: K1/2 3/33/5, "Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952".

145 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 4.

146 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 5.

147 Brief van P. Nannings soos aangehaal in FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 161.

148 B. de Paiva, "Ons lesers aan die woord: Werk in Angola", *Die Suidwester*, 4 Jan. 1958, p. 6.

149 B. de Paiva, "Ons lesers aan die woord: Werk in Angola", *Die Suidwester*, 4 Jan. 1958, p. 6.

150 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; Kruger-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is nog in die distrik Huíla gejag, maar nie meer op die vlaktes van Caluquembe en Chicuma of die omgewing van Silva Porto nie.[151] Vroeër was Theunis de Klerk se jagveld nog in die omgewing van Chicuma, Ganda, Que en Capelongo.[152]

Tom de Jager en Boet Hayes het in die vyftigerjare van die twintigste eeu in die Shimborro (Otjimpolo) gejag. Wild was daar selfs in die sewentigerjare nog volop.[153] Freek Engelbrecht het tot in die vyftigerjare op jagtogte in die Manjanas, suid van Capeio, gegaan.[154] Barend Ludeke se jagveld was vir tien jaar lank (1948–1958) in die omgewing van Henrique de Carvalho (Saurimo) in die Congo, 'n streek in Angola.[155]

Die Boerejagters het groter wild soos olifante of elande verkies omdat dit meer vleis vir die prys van een koeël beteken het. Wanneer 'n olifant geskiet is, is die vleis in lang repe gesny en aan takke gehang om te droog (kyk figuur 1).[156] Wanneer die wildsvleis droog is, is dit met boombas in bale gebind en so aan Portugese handelaars verkoop om die "geweldige vleishonger in die noorde" te bevredig.[157]

Hannes de Jager het benewens vleis ook vis gedroog en in bale verkoop. Die vis is met nette gevang, gesout en gedroog voordat dit in bale gebind is.[158]

Die velle van die wildsbokke is ook verkoop. Soms is dit in rieme gesny, gebrei en dan as rieme aan die Portugese handelaars verkoop.[159]

Gedurende die somermaande het Tom de Jager en Boet Hayes op krokodille in die Cuvelairivier jag gemaak en dan die velle verkoop.[160] In die noorde het Barend Ludeke ongeveer 75 tot 100 krokodille per jaar in die riviere by Henrique de Carvalho (Saurimo) vir dieselfde doel geskiet.[161]

In die vyftigerjare was wild in die suide by Ompupa in die Sandveld naby die Kunene nog volop. Daar is op buffels, olifante en seekoeie jag gemaak. Die ivoor, velle en biltong

---

gesin, 13.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; J.J. de Jager, 27.04.2008.

151 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18.

152 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005.

153 Persoonlike onderhoud: J.J. de Jager, 27.04.2008.

154 Persoonlike onderhoud: F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.

155 Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.

156 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; J.J. de Jager, 27.04.2008.

157 Mev. P.H. Storm, "Ons reis na Angola", fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen, p. 23; Persoonlike onderhoude: F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; M.A. du Plessis, 11.07.2007; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; Kruger-gesin, 13.07.2007; J.J. de Jager, 27.04.2008.

158 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

159 Persoonlike onderhoud: F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.

160 Persoonlike onderhoud: J.J. de Jager, 27.04.2008.

161 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is aan die firma Venâncio Guimarães op Sá da Bandeira verkoop.[162]

'n Groot groep Afrikaners was teen 1956 nog jagters wat biltong gemaak en aan die inheemse bevolking verkoop het. Maar teen hierdie tyd het hulle gesukkel om 'n bestaan uit jag te maak, want gewere en ammunisie was duur en daar was regulasies wat iemand verbied het om meer as twee pond gedroogde vleis te besit.[163] Die dae wat 'n mens gerieflik 'n bestaan uit jag kon maak, was onherroeplik verby.[164]

Theunis de Klerk het olifante by Capelongo vir beide die vleis en die ivoor geskiet.[165] In die noorde het olifante en renosters nie voorgekom nie.[166]

Barend Ludeke het vooraf bestellings by die inheemse bevolking vir vars vleis geneem en dan per voet na die jagveld in die omgewing van Henrique de Carvalho geloop waar hy in die wintermaande sowat ses maande lank gejag het. Hy het gemiddeld 300 tot 400 bastergemsbokke per jaar geskiet, waarvan die vars vleis onmiddellik verkoop is aan mense wat vir dié doel saam na die jagveld gereis het. Wanneer Portugese hotelle en winkels hom vir vleis gevra het, het hy met 'n bakkie gery en maklik 75 tot 100 duikers per aand langs die grootpad met 'n .22 platgetrek. Hy het soms biltong gemaak van die vleis van buffels en elande wat eweneens in die omgewing van Henrique de Carvalho gejag is. Soms is die vleis aan Diamang verkoop om kos aan hulle werkers te voorsien.[167]

Albertus Kruger was 'n besonder goeie skut en het per kontrak biltong aan 'n spoorwegmaatskappy verkoop as voedsel vir hulle swart werknemers. Hy het besonder baie leeus geskiet, selfs ses leeus by een geleentheid.[168]

Buffels, elande, bastergemsbokke, wildebeeste, rietbokke en seekoeie is ook vir hulle vleis gejag. "Biltong was nogal goed op die mark" en is gewoonlik aan Portugese handelaars verkoop.[169] Vars vleis is gewoonlik aan die plaaslike bevolking verkoop. In gebiede waar ossewaens nie gebruik kon word nie, is die karkasse met 'n houtslee, getrek

---

162 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Joh. [= Hans] Alberts – P.P.H. Alberts, 12.11.1939; Persoonlike onderhoude: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005; G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.

163 C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35.

164 M. Voigt, "Angola-Vrou Skryf: Ons was geskok", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*. 6 of 7 Sept. 1957, p. 15.

165 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005.

166 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.

167 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.

168 Persoonlike onderhoud: Kruger-gesin, 13.07.2007.

169 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; Kruger-gesin, 13.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur twee tot vier osse, deur die bos vervoer.[170] In die noorde is die vleis ook aan winkels, selfs tot in die Belgiese Kongo, verkoop.[171]

Die meeste jagters het egter vir die pot of huishoudelike gebruik (vars vleis en biltong) geskiet.[172] In die omgewing van Chicuma het Pieter Opperman op bastergemsbokke, bosbokke, rietbokke, klipbokkies en oorbietjies jag gemaak.[173] José Francisco Monteiro het waterbokke, rietbokke en duikers in die omgewing van Caluquembe geskiet,[174] terwyl Freek Engelbrecht oorbietjies in die omgewing van Capeio gejag het.[175]

Die reuseswartwitpens was beskermde wild en is volgens Freek Engelbrecht nie deur die Boere geskiet nie.[176]

Seekoeie is geskiet om sambokke van die vel te maak. Die spek kon óf as voedsel gebruik word óf gebruik word om seep te kook. Die vleis is vars geëet of gedroog om biltong te maak (kyk figuur 2).[177] Seekoeie is in die groot riviere in die suide soos die Cuvelairivier en die Cubango gejag.[178] Kolonel Statham beskryf dit as:

> the repulsive and time-wasting trade in hippopotamus flesh – which involves the hunting, killing, and cutting up of the hippos, the drying of their flesh, and the bartering of it with the natives.[179]

Twee Afrikaners (waaronder Johannes van der Merwe) was in 1958 by Dundo in die Lunda-distrik in diens van Diamang om leeus en "tiers" (luiperds) te skiet wat die maatskappy se beeste aangeval het en hulle prospekteerders die skrik op die lyf geja het.[180] Martiens van Dyk was ook as jagter in Diamang se diens.[181] Sommige van die Afrikaners by Saurimo het ook vir 'n bestaan gejag. Omdat die Portugese regering hulle stelselmatig aan bande begin lê het, het party los werkies gedoen. Ander het nog transport gery of vir ander boere geploeg. Dit was egter moeilik om op te hou jag. Soos Johannes van der Merwe dit gestel het: "Jy verander nie maklik jou geaardheid nie."[182]

---

170 Mev. P.H. Storm, "Ons reis na Angola", fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen, p. 23; Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005.
171 Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.
172 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
173 Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005.
174 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.
175 Persoonlike onderhoud: F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.
176 Persoonlike onderhoud: F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.
177 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.
178 B. de Paiva, "Ons lesers aan die woord: Werk in Angola", *Die Suidwester*, 4 Jan. 1958, p. 6; Persoonlike onderhoude: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
179 J. Johnston, *Reality versus Romance in South Central Africa*, p. 28.
180 SAB: BTS 86/7/1/1, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 31.10.1958.
181 Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.
182 SAB: BTS 86/7/1/1, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 31.10.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cornelis du Plessis het gedurende die sestigerjare tot 1968 nog ’n lewe uit jag in die suide van Angola gemaak. Wanneer hy gaan jag het, het hy sy vrou en baba saamgeneem en ’n maand lank weggebly. Hulle het op ’n donkiekarretjie met ’n matras en ’n seil daaroor geleef. Slegs die allernodigste is saamgeneem. Omdat hulle gewoonlik naby ’n statjie gekamp het, het die inwoners vir hulle vars melk, hoenders en hoendereiers as geskenke gebring. Op hulle beurt kon hul weer wildsvleis aan hulle tydelike bure skenk. Olifante was toe nog volop en hy het olifante vir vleis en ivoor geskiet. Renosters is vir hulle horings geskiet, en leeus en seekoeie vir hulle velle. Sebras en koedoes is vir biltong geskiet.[183]

Magiel en Corneels Prinsloo en soms Joaquim Pedro (Boet) Milho was gedurende die sestigerjare safarileiers vir oorsese jagters.[184] Victor Martins was ’n grootwildjagter wat op Capelongo gebly het.[185]

Onder die Boere was dit nog altyd belangrik om een bok per koeël plat te trek. Om dit nie reg te kry nie, is as ’n vernedering beskou. Sommige lede van die Ludeke-familie het bekendheid as skuts verwerf. Daar is gesê: “Die Ludekes kan goed skiet, maar hulle kan nie tel nie.”[186]

Bosbou

Hout was nie net belangrik vir die vervaardiging en instandhouding van ossewaens nie, maar ook vir ’n klein meubelindustrie.[187] Koos de Klerk en Hans Alberts het ’n meule by Nene naby Humpata opgerig waar hout gesaag is en meubels en waens gemaak is.[188] Die ruïne is vandag nog sigbaar.[189]

In die winter het die Boere mahonie, kiaat (dolfhout) en ander soorte hout in die Onderveld gekap. Die mark was maar skraal daarvoor.[190] Sommige Boere, soos Willem

183 Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
184 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989; FJNS: M.C.J. Voigt, “My opmerkings”, p. 2; Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.
185 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005.
186 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; E.P.J. Ludeke, 26.07.2006; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; Kruger-gesin, 13.07.2007.
187 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 28.
188 FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 1; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 97; Persoonlike onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005.
189 FJNS: F.J.N. Stassen, “Dagboek van ’n reis deur Angola 2003”, 06.09.2003 & “Dagboek van ’n reis deur Angola 2008”, 28.08.2008.
190 Private versameling, Doc Immelman, Brief P.S. van der Walt – Doc Immelman, 24.02.1964.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Prinsloo, het kiaat in die woude ontgin. Die Rooms-Katolieke sendingstasie naby Humpata het kiaat-, mahonie- en perdepramhout by sommige Boere aangekoop.[191] Theunis Duvenhage het dennebome naby Humpata aangeplant.[192] Ander Boere het weer bloekombome (blougom- sowel as rooigomsoorte) aangeplant. Bloekomhout is as stutblokke in myne, steierwerk in bouwerk, dwarslêers en brandhout op die spoorweë gebruik.[193]

In later jare het die owerheid die onbeheerde uitkap aan bande probeer lê deur lisensies vir houtkap te vereis. Dit wil voorkom of die inkomste wat daaruit gegenereer is vir die owerheid van primêre belang was.[194]

Ná 1928 was min Afrikaners in die bosboubedryf betrokke. W.A. de Klerk het wel gedurende sy reis deur Angola in 1957 Afrikaners aangetref wat houtblokke in afgeleë dele van Angola gesaag het.[195] Onder hulle was waarskynlik ook Willie Storbeck wat twee jaar lank bome afgekap en planke daarvan gesaag het.[196] Theuns Botha was omstreeks 1956 'n opsigter oor swartes wat mahonie en kiaat gekap het.[197] Ben Ludeke het vir sakgeld oskarre gemaak van kiaat wat hy in die woude gaan kap het.[198]

Mynbou

Die belangrikste bron van goud was die sand van die Cassingarivier, die Otchitandarivier (met sy sytakke die Osse en die Colui) en die Cuvelairivier in die omgewing van Cassinga wat reeds in 1889 deur 'n mynbou-ingenieur Max Arndt van Transvaal ontdek is. Arndt het selfs een van die plekke aan die Otchitandarivier Goudkopje gedoop. 'n Sindikaat Angola-Boere, Suidwesters en Portugese het daarop aanspraak gemaak dat hulle 'n eerste kleim op die goudveld het, maar die Portugese regering het dit aan die Companhia de Mossamedes toegeken. Die geskil daaroor het jare lank geduur. Die ontginning daarvan was nie lonend nie en in 1904 is dit gestaak.[199] Gedurende die dertiger- en veertigerjare

191 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 61–63, 115.
192 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 516.
193 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 61.
194 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 516; SAB: BTS 86/7/1 Vol. 1, Brief E. Meyer – Sekretaris van Buitelandse Sake, 12.09.1927.
195 Anon., "Angola-Boere: W.A. de Klerk Antwoord Mnr. Von Moltke", *Die Burger*, 9 Jun. 1959.
196 Persoonlike onderhoud: J.E. Truter (née De Klerk).
197 C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35.
198 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.
199 Anon., "Trekboeren in Angola", *Ons Land*, 27 Sept. 1894; NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", pp. 44–45; J.P. do Nascimento, "Exploração geographica e

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die twintigste eeu het 'n paar Afrikaners goud in hierdie omgewing gedelf. Onder hulle was Hans Alberts en J.J. de Jager.[200]

'n Aantal Afrikaners het gedurende die veertiger en vyftigerjare ook alluviale goud by die "goudvelde" van Chipindo (adres Galangue, Ganguelas) en Cuengué Central (naby Chipindo) gedelf. Onder hulle was Artur dos Santos, Flip Behan, Johannes de Jager, Koos de Jager, Tom de Jager, Gert Scholtz, Auguste Raes, Philip van der Walt, Theunis de Klerk en 'n "gras weduwee" De Klerk.[201] Die delwers het tydelik in grashuise gewoon.[202] Sommige Afrikaners het net vir 'n rukkie gedurende die wintermaande vir 'n byverdienste vir goud gedelf. Toe dit nie meer lonend was nie, het hulle na hul plase teruggetrek. Onder hulle was Bart de Paiva, Hans Paulissen, Jan Diederiks, Theuns de Klerk en Eduard Storbeck.[203]

Hannes de Jager het vir 'n tyd lank in vennootskap met Amerikaners by Cassongue vir goud gedelf.[204]

Spoelgoud is herwin deur gouddraende gruis te sif en daarna in 'n delwerskottel uit te was. Aanvanklik was die delwery betalend, maar mettertyd het die kleims uitgewerk geraak.[205]

In die veertigerjare het Hans Alberts jaarliks aan die Calongarivier in die ooste van Angola vir alluviale goud gedelf. Die goud was nie juis volop nie en is ook nie in betalende hoeveelhede gevind nie. Daar was in elke skottel gruis nietemin 'n paar goudkorrels. Die goud is later herwin deur die gruis oor 'n *bumba*-kombers ('n spesiale soort kombers) te

---

mineralogica no Districto do Mossamedes em 1894–1895", *Portugal em África*, Annexo, vol. 5, no. 60, Dezembro 1898, pp. 88–90; O. Warburg (Hrsg.), *Kunene–Sambesi-Expedition H. Baum 1903*, pp. 36, 38–39, kaart ; J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 607–609; H. Marquardsen, *Angola*, p. 50; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 236–237, 302; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, pp. 18, 28, 52; E.M. Chilver & U. Röschenthaler, *Cameroon's Tycoon: Max Esser's Expedition and its Consequences*, p. 122.

200 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Joh. [= Hans] Alberts – P.P.H. Alberts, 12.11.1939; Persoonlike onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006.

201 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 8–9; NHK: G25 3/3/2, Huweliksregister Nederduitsch Hervormde Gemeente Humpata (1926–1928); FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 12; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; H.D. Behan, 07.07.2007; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; N.J. Robberts, 30.08.2008.

202 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

203 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.

204 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

205 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spoel en dit dan aan die einde van die dag uit te spoel (kyk figuur 16). Dit is aan die firma Venâncio Guimarães in Sá da Bandeira verkoop.[206]

Soms is ’n goudklont gevind. Dit is ’n *pepita* genoem.[207] By ander geleenthede is ’n diamantjie soms in die uitgewaste gruis gevind.[208] Silwer is ook by geleentheid herwin.[209]

Flip Behan was ’n prospekterende geoloog (*pesquisador mineiro*) en het afsettings van kassiteriet (tin) en koperoksied ontdek. Dit was ongelukkig nie maklik om in Angola chemiese analise van die erts te doen nie.[210]

Ander ekonomiese aktiwiteite

In die sensus van 1926 in Suid-Afrika is reeds meer as ’n duisend beroepe geïdentifiseer.[211] Hierteenoor het die Afrikaners in Angola slegs ’n handjie vol beroepe beoefen. In ’n register van alle besighede en ekonomies aktiewe persone in Angola in 1945 kon geen Afrikaners se name gevind word nie. Daar is wel ’n verwysing na ’n klompie Boere naby Otchinjau wat van veeteelt geleef het.[212]

Omdat hulle geen vakleerlingskappe ondergaan het nie, was die meeste Afrikaners aanvanklik relatief onbeholpe in die beroepe wat beoefen is deur grofsmede, timmermanne, plaasopsigters en skoenmakers (met leer wat hulle self gelooi het), hoewel hulle geen probleem gehad het nie om hierdie tipe werk vir hul self te doen. Hulle het ook waens, deure, ploeë, byle en gewere in ruil vir mielies, boontjies, geld of arbeid herstel vir beide swartes en blankes. Hulle het egter hierdie beroepe selde as gesalarieerdes beoefen. Dit is slegs in die grootste nood gedoen. Om vir ’n “baas” te werk, het nie binne hierdie “trotse en miserabele edelmanne” se gedragskode bestaan nie. Hulle het hul onafhanklikheid nougeset beskerm. Volgens ’n Portugese waarnemer het drie eeue se algehele onafhanklikheid sonder fiskale teuels en burokratiese of militêre verpligtinge hulle gemaak wat hulle is. Om vir iemand anders te werk, was vir hulle niks anders as ’n vorm van slawerny nie.[213]

---

206 Private versameling, H.G. van der Westhuizen: P.S. van der Walt, “Met ’n handbyl tussen die leeus”, p. 1; Persoonlike onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005.
207 Persoonlike onderhoude: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
208 Persoonlike onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006.
209 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
210 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief F.J. Behan – P.P.H. Alberts, 03.03.1947.
211 E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel III), p. 139.
212 Banco de Angola, “Extracto do relatório do Banco de Angola”, in Anon., *Índice das actividades económicas do Ultramar*, p. 384.
213 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 20.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onder die Afrikaners in Angola het sommige 'n bietjie kennis van skrynwerk en messelwerk gehad, maar daar was nie geskoolde ambagsmanne nie.[214]

Die oorsake hiervan kan reeds in die diepgewortelde pionierstradisie in die Kaapkolonie, naamlik die "sug na 'n selfstandige bestaan", herken word. Dit was vir die onafhanklike Boere ondenkbaar dat 'n blanke hom teen 'n loon by 'n blanke sal verhuur. In 'n gemeenskap waarin blankes mekaar as gelykes beskou het, is so iets as vernederend ervaar. Die feit dat slawe en bruin mense in die Kaapkolonie die werkersklas gevorm het, het seker in geen geringe mate nie tot hierdie persepsie bygedra.[215]

Daar het gevolglik nie die Europese tradisie van 'n goed geskoolde blanke ambagsman ontstaan nie en die ambagte is deur hoofsaaklik Maleiers en bruin mense beoefen. Mettertyd het 'n tradisie ontstaan waarvolgens alle handearbeid beskou is as die werk van gekleurde en swart diensbodes en knegte. Dit is gevolglik "kafferwerk" genoem en dit is as vernederend vir 'n wit man beskou om hierdie tipe werk te doen.[216] 'n Duitse waarnemer het reeds in 1904 ingesien dat die "armblankeklas" onder die Afrikaners in Suider-Afrika ontstaan het omdat jonger seuns wat die familieplaas nie kon erf nie, anders as wat die gebruik in Europa was, nie na die dorpe getrek het om arbeiders, handwerkers, kooplui of amptenare te word nie maar gedwing was om verder te trek en 'n nuwe boerdery te begin.[217]

In later jare het die omstandighede verander en dit was nie vir die Afrikaners meer moontlik om soos hulle voorouers 'n selfstandige bestaan uit boerdery te maak nie. Hulle het dus toenemend in diens van ander persone getree. In die meeste gevalle het hulle voortgegaan met boerderyaktiwiteite. In ander gevalle het hulle in fabrieke begin werk.[218]

Twee Afrikaners (waaronder Johannes van Dyk) het van 1946 tot 1954 (en moontlik langer) op sisalplantasies by Cuemba gewerk.[219] Auguste Raes het ook in 1946 op 'n

---

214 SAUK: T58/9 18/56–58(58), Onderhoud Mnr. S. Eloff, 25.11.1958.

215 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I), pp. 166–168; P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770–1842)*, p. 323; P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 183–187.

216 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I), pp. 164–166, 174–175; R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), pp. 53–58, 72–77, 173; E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel III), p. 24; Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, pp. ix, xi, xvii; P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 188–191; J.L. Sadie, "The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy", *Annale*, 2002/1, p. 5.

217 M.R. Gerstenhauer, "Burenansiedlung und Burenpolitik in Südwestafrika", *Zeitschrift für Kolonialpolitik, Kolonialrecht und Kolonialwirtschaft*, Jg. 6, Nr. 1, Januar 1904, p. 49.

218 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.

219 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Briewe Margaretha Nannings – Mara Alberts, 30.08.1947 & Johannes van Dyk – P.P.H. Alberts, 31.01.1954.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plantasie gewerk en beoog om vir ’n Duitser te gaan boer.[220] Teen 1956 het hy vir die Duitser Alfred Kath by Monte Verde, Mombolo geboer.[221] By Chicuma het ook ’n paar Afrikaners as voormanne op plantasies gewerk en ’n redelike inkomste verdien.[222] Hans Paulissen en Willie Storbeck het beide vir ’n tyd lank op koffieplantasies vir Duitsers gewerk.[223]

Willie Opperman het vertel dat hy ’n “rykmansbestaan” as plaasvoorman op ’n Duitser se plaas gevoer het. Hy het £25 per maand verdien, wat glo meer was as wat enige ander Afrikaner toe in Angola verdien het.[224] Pieter Opperman het agtereenvolgens as voorman by ’n koffieplantasie (by Lomupa, Capala) en bestuurder by ’n melkery gewerk.[225] Hendrik de Klerk het vir ’n Duitser op Chicuma ’n melkery teen ’n salaris bestuur. Hy word as “hardwerkend” en ’n “agtermekaar en presiese boer” beskryf.[226] Hans Ludeke het ook ’n betrekking by ’n melkery by ’n hospitaal gehad.[227] Albertus Kruger het soms by ’n melkery by Capeio gewerk.[228] Cornelis du Plessis het benewens sy verdienste uit jag ook vir ene Jordaan op Tunda met mielies geboer.[229]

Sommige Afrikaners het soms vanweë hulle kennis van beeste werk gekry om beestroppe van drie- tot vierhonderd oor afstande van honderde kilometer na markte soos Vila Luso en die distrik Lunda te neem. Weens die geweldige afstand tussen die weiding en afsetpunte soos die diamantmyne in die noorde het dit beteken dat hulle soms tot ses maande lank van die huis afwesig was. Dikwels is die beeste bedreig deur leeutroppe wat hulle maande lank agtervolg het. Magiel Prinsloo het reeds in 1949 en 1950 beeste na hierdie plekke aangeja. Later het Joaquim Pedro (Boet) Milho, Tom de Jager en Corneels Prinsloo bygekom. Corneels Prinsloo het vir ongeveer drie jaar lank beeste van Humbe af na Vila Luso vir die firma Venâncio Guimarães in Sá da Bandeira aangejaag. Troppe van ongeveer duisend beeste is in groepe van vyftig onder die toesig van swart wagters onderverdeel. Dit het ongeveer ses maande geneem om een tog af te lê. In later jare het

220 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
221 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Auguste Raes – P.P.H. & Mara Alberts, 14.04.1956.
222 J.A. Viljoen, “Ons Reis na Angola, II”, *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, p. 13.
223 Persoonlike onderhoud: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
224 A. Verster, “Angola-Boere”, *Die Hervormer*, 50(1), Apr. 1959, p. 17.
225 Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005.
226 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 5; W.A. de Klerk, “Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms”, *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16; SAUK: T58/9 18/56–58(58), Onderhoud H.J. de Klerk, 25.11.1958; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 50; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
227 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.
228 Persoonlike onderhoud: Kruger-gesin, 13.07.2007.
229 Persoonlike onderhoud: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy ook beeste van Capolopopo af aangejaag.[230]

Enkele Afrikaners het klein winkeltjies begin. Jan Diederiks het 'n "smous winkeltjie" benewens sy sisalplantasies en sisalfabriek besit.[231] Enkele persone van Portugese afkoms wat in die Afrikaanse gemeenskap ingetrou het, het ook winkeltjies besit. Francisco (Frans) Milho het benewens sy aktiwiteite as boorman 'n winkeltjie en 'n boerdery op Chiange besit. Dit is in samewerking met sy kinders en sy skoonseun Rui de Jesus Martins bedryf.[232] Fernando da Costa Teixeira, wat met 'n Afrikaanse vrou Helena Elizabeth Fourie getroud was, het ook 'n paar winkels besit.[233]

Enkele Afrikaners het as ambagsmanne gewerk. Jan (Johannes Jacobus of João Diamantino) Pienaar was 'n grofsmid van beroep,[234] Francisco (Frans) Milho was 'n boorman vir die Portugese owerheid[235] en Barend Milho en Theuns Botha was motorwerktuigkundiges.[236]

Enkele Afrikaners het hulle bestaan uit ander ekonomiese aktiwiteite gemaak. Piet Milho het 'n goeie bestaan uit die brand van kalk gemaak.[237] Romero de Miranda het ook kalk by Bimbe naby Humpata ontgin.[238]

Geen Afrikaners het professionele beroepe gehad nie. Jacobus Frederik Botha Ferreira (Co) de Paiva was in 1957 'n geneesheer in Luanda.[239] Hy het egter nie meer by die Afrikanergemeenskap ingeskakel nie en kon Afrikaans nie meer goed praat nie.[240] Hermann Weyhe was teen 1947 'n tandarts in Benguela.[241] Hoewel hy met 'n Afrikanervrou, Gertbrecht Elizabeth (Betty) Peters, getroud was, is hulle gedurende die dertigerjare geskei en kon hy nouliks meer as lid van die Afrikanergemeenskap beskou word.

---

230 FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 3; Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; J.J. de Jager, 27.04.2008.

231 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948; M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18; Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.

232 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007.

233 Persoonlike onderhoud: D.M. Ludeke (née Teixeira), 29.08.2005.

234 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 12.01.1960 (26.01.1960), p. 2.

235 Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007.

236 C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35; Persoonlike onderhoude: S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007; B.C. Milho, 11.07.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.01.2009.

237 Mev. P.H. Storm, "Ons reis na Angola", fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen, p. 19; Persoonlike onderhoud: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007.

238 Persoonlike onderhoud: D.F. Immelman, 02.07.2007.

239 W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 126.

240 SAUK: Acc. No. 4956, Bart de Paiva, Onderhoud met W.A. de Klerk, "Afrikaners en hul spore in Angola", 18 Aug. 1957.

241 Banco de Angola, "Extracto do relatório do Banco de Angola", in Anon., *Índice das actividades económicas do Ultramar*, p. 246; Persoonlike onderhoud: E.T. Meyer, 30.04.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omvang van die armoede

Reeds in 1935 het ds. M.M. Grobler bevind: "Met 'n paar uitsonderinge verkeer al die Afrikaners daar in die grootste armoede. Baie het nouliks klere of kos. […] Hulle sê daar self hulle 'verkaffer', 'n harde woord, maar miskien die suiwerste woord om hulle toestand weer te gee."[242]

"Verkaffer"[243] is 'n woord wat in die verlede al dikwels vir Afrikaners gebruik is. Duitse setlaars in Duits-Suidwes-Afrika het "verkaffer" en "verboer" gedurende die Duitse koloniale bewind soms as sinonieme gebruik.[244] In die verslag van die Transvaal Indigency Commission (1907) is daar verskeie verwysings na "kaffirised whites".[245] Die Carnegie-kommissie het bevind dat "verkaffering" selde in Suid-Afrika voorgekom het as gevolg van die sterk bewussyn van superioriteit onder die oorgrote meerderheid van die armblankes in Suid-Afrika. Dit was waarskynlik ook die rede dat baie min verhoudings oor die kleurskeidslyn aangeknoop is.[246]

In 1948 het slegs een van die ses families in Saurimo iets gehad om van te leef.[247] Ds. J.A. Viljoen het in 1952 bevind dat baie Afrikaners van Angola net die klere aan hulle lyf besit.[248] In die omgewing van Silva Porto was daar twee gesinne en 'n bejaarde alleenloper wat tussen die swartes geleef het en van die liefdadigheid van die publiek afhanklik was.[249] Gedurende hierdie tyd is so 'n "deurmekaarwonery" deur die meeste Afrikaners as iets negatiefs en die begin van morele verval gesien.

Die volksraadslid vir Rustenburg in die Suid-Afrikaanse parlement, J.H. Fouché, het op 8 September 1953 beweer: "in Northern Angola there are also numbers of Afrikaans families. These people are making a poor living. They live around ponds where they sow rice and other products. They have a very hard life. […] We understand that the life there is terrible."[250]

---

242 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935. In M.M. Grobler, "Hulp vir die Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 31 Mrt. 1937, p. 13 maak hy 'n soortgelyke stelling.

243 Oor die begrip "verkaffer' kyk I. Schönberg, *Die weisse Brille*, pp. 307–308, 399. In Portugees is die woord *cafrealizado* vir die begrip "Africanization" of "going native" gebruik, kyk G.S. Dias, *No planalto da Huíla*, p. 91; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 152, 224 & F.C. Padrão, *A Colonização do Sul de Angola 1485–1974*, p. 117.

244 H. Bley, *South-West Africa under German Rule, 1894–1914*, pp. 110–111; E.L.P. Stals, "Duits-Suidwes-Afrika na die Groot Opstande", p. 138.

245 M. & M. Russell, *Afrikaners of the Kalahari*, p. 119.

246 Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, pp. xix–xx.

247 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 2.

248 J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola, II", *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, p. 11.

249 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 21.

250 J.H Fouché, *Hansard*, 8 September 1953, par. 3060–3061; AHU: MU/GM/GNP. Serie 084 Pasta 3. 4ᴬRep. Angola Problemas políticos administrativos. (1956–1960). "Situação dos boers em Angola", Brief Legação de Portugal – Ministro dos Negócios Estrangeiros, 23.09.1953.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1954 het die Portugese owerheid geskat dat daar 393 Afrikaners (81 gesinne) is waarvan slegs 16 persone (6 gesinne) (4%) in 'n goeie ekonomiese posisie verkeer. 188 persone (41 gesinne) (48%) het in gemiddelde ekonomiese posisie en 189 (34 gesinne) (48%) het in 'n swak ekonomiese posisie verkeer.[251]

Flip Alberts het die Afrikaners in vier groepe verdeel: 15% in goeie omstandighede, 25% in gemiddelde omstandighede ("nie baie goed nie en ook nie te swak"), 30% sleg af en 30% baie sleg af.[252] 'n Kommissie van die Hervormde Kerk het in 1957 'n soortgelyke verdeling gemaak, naamlik "enkele gesinne wat buitengewoon goed daaraan toe is en tred hou met ontwikkeling", "mense wat wel wil werk en dan ook besig is om moreel en materiëel [sic] op die been te kom" en "diegene wat erg moreel sowel as materiëel [sic] verval het".[253] Die mening is uitgespreek dat die "grootste oorsaak van hierdie verval die armoede is waarin ons mense hulle bevind".[254]

Ds. J.D. Storm het in 1946 beweer: "Die Afrikaners het in die meeste gevalle ambisie verloor en is maar tevrede as hulle nie honger ly nie."[255] In 1950 het hy bevind dat die mense sedert sy vorige besoek in 1946 nog verder agteruit gegaan het.[256]

'n Kommissie van die Hervormde Kerk het in 1955 bevind dat slegs 38 uit 84 gesinne hulself kon onderhou. Dieselfde kommissie het ten opsigte van twee Afrikanergemeenskappe ook gerapporteer: "Die mense in die omgewing [Que] is uiters arm. Werklus en inisiatief ontbreek en dit is moeilik om vas te stel waarvan hulle bestaan," en "Die mense [by Capeio] het geen middel van bestaan nie. Vee besit hulle nie en alhoewel daar magtige strome lopende water is, word die landbou maar swak beoefen. Die naturelle maak 'n baie beter bestaan."[257] Mev. P.H. Storm het in 1950 opgemerk:

> Die lewe van hierdie mense is nie juis rooskleurig nie. Blykbaar voer hulle 'n moeilike bestaan. Gesaaides bestaan hier [Capeio] nie juis nie, en hoor 'n mens maar net praat van jag.[258]

---

251 AHU: MU/GM/GNP. Serie 084 Pasta 3. 4A Rep. Angola Problemas políticos administrativos. (1956–1960). "Situação dos boers em Angola", Brief Secretário Geral, Direcção dos Serviços da Administração Civil – Ministro do Ultramar, 08.04.1954.

252 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 12.

253 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 6.

254 NHK: Byvoegsel tot Agenda van die Algemene Kerkvergadering, 9 Maart 1961 e.v.d., Bylae L.L, A.B. van N. Herbst & P.M. Smith: Rapport insake lidmate in en uit Angola, pp. 1–2.

255 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3.

256 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 3.

257 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, pp. 2, 4, 6.

258 Mev. P.H. Storm, "Ons reis na Angola", fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen, p. 23.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Bloemfonteinse sakeman, Johan Pienaar, het Angola in 1956 op 'n jagtog besoek en vertel van die armoede wat hy daar aangetref het:

> Naby Donga [Dongo] was hy by 'n mev. Heyns [Hayes]. Haar enigste besittings was ses bokke en 'n paar hoenders. Die bokke is almal deur leeus gevang en die hoenders het verdwyn sodat net een oorgebly het. Sy met haar sewe kinders en die hoender slaap nou in 'n pondokkie van pale en klei op die grond onder hul velle.[259]

Hierdie brokkie inligting is sensasioneel verder oorvertel: "Oom Petrus [Venter] vertel van 'n weduwee met sewe kinders. Hulle enigste besitting is 'n hoender! Net een hoender!"[260]

'n Spesiale verteenwoordiger van *Die Volksblad* het, toe hy in 1958 die eerste klomp Afrikaners sien gerepatrieer word, tot die gevolgtrekking gekom: "Ek het nog nooit 'n groep blankes gesien wat so arm is nie." Hy het ook berig dat hoewel hulle brandarm is, hulle beslis "geen agterlike of minderwaardig Afrikaners [is] nie".[261]

Teenoor die Afrikaners wat "dikwels in toiings gekleed" gaan, het dit oënskynlik met die inheemse bevolking goed gegaan: "Die naturel hier dra goeie klere, eet voedsame kos en is in staat om te werk vir 'n loon."[262] Johan Pienaar het hiermee saamgestem: "Ek het nog nooit naturelle of ander mense in hagliker omstandighede en meer sonder hoop sien leef as my eie mense daar nie."[263]

Gedurende dieselfde tyd was die ekonomiese omstandighede van die Angola-Boere in Suidwes-Afrika ook nie besonder goed nie. Daar word vermeld dat die grootste meerderheid werklik arm was en nie hulle verpligtings teenoor hulle kerk kon nakom nie.[264]

Daar is waarskynlik min volke in Afrika wat oor die laaste twee eeue so erg onder negatiewe stereotipering (veral aan die hand van Engelssprekendes) moes ly as die Afrikaners, hoewel daar soms bewondering vir hulle jagvernuf en rol as pioniers in Afrika was. Die joernalis Henry Nevinson het met veragting en bewondering van die Afrikaners in Angola gesê:

> A slovenly, unwashed, foggy-minded people[,] they are a strange mixture of simplicity

---

259 C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35.
260 P. de Villiers, "Bring ons terug na Unie!", *Die Brandwag*, 28 Jun. 1957, p. 30.
261 Anon., "Angola-Boere Brandarm Maar Edel Van Inbors", *Die Volksblad*, 1 Okt. 1958.
262 P. de Villiers, "Bring ons terug na Unie!", *Die Brandwag*, 28 Jun. 1957, p. 30.
263 C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35.
264 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. C.S. van H. Steenekamp – Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ongedateer (ca. Maart 1939).

© University of Pretoria

> and cunning, but for a knowledge of oxen and wagons and game they have no rivals, and in war I should estimate the value of one Boer family at about ten Portuguese forts.[265]

Afrikaners is veral gestereotipeer as "ignorant, brutish and stupid". Britse setlaars het die Afrikaners dikwels verguis vir hulle armoede, terwyl hulle geneig was om die probleem mis te kyk wanneer die probleem hulle eie mense geraak het. Dit was ook vir die Afrikanergemeenskap in Ghanzi geensins 'n vreemde verskynsel nie.[266]

'n Mens kry die idee dat die omstandighede van die Afrikaners in Rhodesië ook op die meeste Afrikaners in Angola van toepassing was. 'n Groot deel van die Afrikaners wat hulle in die streke Gazaland, Marandellas, Melsetter en Enkeldoorn in Rhodesië gevestig het, was van die bywonersklas. As gevolg van hulle beperkte hulpbronne moes hulle van die land af leef. Fisiese isolasie het hulle lot erger gemaak sodat daar min aansporing was om kontantoeste vir die mark te verbou. Eers met die koms van verbeterde paaie het hulle ekonomiese omstandighede verbeter. Armoede en geografie kan egter nie alleen die voortgesette isolasie van hierdie gemeenskappe verklaar nie. Kultuur het ook 'n rol gespeel. Hulle het hulself as eilande van Afrikanerdom in 'n see van vreemdelinge beskou. In 'n gemeenskap waar eenvormigheid hoog geag is, het die Afrikaners geweier om in die dominante Britse kultuur opgeneem te word en na Suid-Afrika opgekyk as 'n bron van inspirasie. Hulle onwrikbare "vasklou" aan hulle taal, kultuur en godsdiens het verwerping onafwendbaar gemaak. Deur die noodlottige band van armoede, geografiese isolasie en kulturele afsondering was hulle gedoem om die "onsigbare wit mense" van Rhodesië te word.[267]

Die sosiale status van die Afrikaners van Angola kan miskien ook vergelyk word met dié van Chinese immigrante in Engelssprekende setlaarsgemeenskappe: Hulle het weliswaar 'n aktiewe rol in hul eie gemeenskap en 'n beperkte ekonomiese rol in die gemeenskap as 'n geheel gespeel, maar nie 'n meer prominente rol in die politieke aangeleenthede van die gemeenskap as 'n geheel nie. Hulle het dus die kop omlaag gehou en beperkte invloed gehad.[268]

Een van die redes waarom Suid-Rhodesië in 1922 dit verwerp het om as 'n vyfde provinsie by die Unie van Suid-Afrika aan te sluit, was juis die vrees vir toestroming van Afrikaner-bywoners. As gevolg van vrese om deur arm Afrikaner-immigrante verswelg te

---

265 H. Nevinson, *A Modern Slavery*, p. 68.
266 C.S. Nicholls, *Red Strangers*, p. 64; M. & M. Russell, *Afrikaners of the Kalahari*, pp. 8, 118–119.
267 D. Kennedy, *Islands of white*, pp. 19–21.
268 D. Pearson, *The Politics of Ethnicity in Settler Societies*, pp. 70–71, 193.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word, het die British South Africa Company in Rhodesië allerhande maatreëls getref om hulle immigrasie aan bande te lê, byvoorbeeld deur persone met minder as £500 te verbied om staatsgrond aan te koop. In 1913 het 'n inspekteur van lande opgemerk:

> I repeatedly noticed numbers of poor Boer families migrating into Rhodesia from the back veldt of the Transvaal … [T]hey are heavily in debt in the Transvaal and have only a small plot of land of a few morgen handed down to them by their forefathers … and so with their families they become outcasts and poverty stricken into this territory.[269]

Eers gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu kon Afrikaners in Rhodesië van die "traditional stereotype of the poor, uneducated, unprogressive, potentially disloyal, backveld farmer" ontsnap. Hulle het gesogte immigrante geword weens die kapitaal en boerderykennis wat hulle in die land ingebring het.[270]

Die meeste Suid-Afrikaanse immigrante na Kenia kon eweneens beswaarlik bekostig om grond aan te koop en baie moes hulle as gevolg van finansiële beperkinge uithuur as plaasbestuurders en transportryers. Sommige het plakkers op ander blankes se plase geword.[271] 'n Groot deel van armblankes in dié land het gevolglik uit Afrikaners bestaan. Hulle was aan die onderkant van die sosiale rangorde onder die blankes. Eers toe die Afrikaners voordeel kon trek uit die ekonomiese vooruitgang wat die Tweede Wêreldoorlog gebring het, het die armblankevraagstuk in Kenia verdwyn.[272]

Oorsake van die armoede

Die oorsprong van die armoede wat onder die Afrikaners van Angola ná 1928 geheers het, lê in die rampspoedige Dorslandtrekke wat hulle verarm het. Reeds gedurende die trek was hulle van liefdadigheid van hulle rasgenote in die suide van Afrika afhanklik.

Volgens Daniel Veth het hulle getal beeste en trekosse kort ná hulle aankoms in Angola aansienlik verminder. Al hulle skape en bokke is dood en bykans al hul perde.[273] 'n Idee van die omvang van die ongesonde klimaat kan gekry word uit die feit dat hulle vee

---

269 D. Kennedy, *Islands of white*, pp. 37–39, 122.
270 R Hodder-Williams, *White Farmers in Rhodesia, 1890–1965*, p. 215.
271 D. Kennedy, *Islands of white*, pp. 25, 40.
272 C.S. Nicholls, *Red Strangers*, pp. 158, 231.
273 US: Aanwins no. 73 Veth, Daniël David 1850–1885, 73/15/21 & 73/15/22, Brief P.J. van der Kellen – *Het Nieuws van de Dag*, 25.07.1885; P.J. Veth & J.F. Snelleman (reds.), *Daniël Veth's Reizen in Angola*, p. 231.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 840 trekosse, 2160 beeste, 120 perde en 3000 skape en bokke in September 1880[274] afgeneem het tot 523 trekosse, 511 beeste, 8 perde, 71 skape en 79 bokke in Julie 1883. Slegs een persoon het meer as 40 trekosse en beeste besit. 'n Hele paar gesinne het buiten 'n huis geen ossewa of vee besit nie. Die feit dat al die Angola-Boere teen 1883 maar 43 swart arbeiders (waarvan die meeste kinders was wat op die slagveld gevang is) gehad het, gee 'n verdere aanduiding van die armoede wat onder hulle geheers het.[275]

Die runderpes van 1896–1897 het ook 'n belangrike rol gespeel om die Afrikaners verder te verarm, hoewel hulle hul veeverliese kon beperk deur die diere betyds in te ent.[276] Sommige van die Angola-Boere was ná die runderpes verplig om hulle tot akkerbou te wend om ekonomies op die been te kom.[277]

'n Analise van die opgawes van die besittings van die groep wat in 1928 na Suidwes-Afrika verhuis het, toon dat die meeste maar min besit het.[278] Sommige kon nie eens hulle skuld betaal toe hulle die land verlaat nie.[279]

Gedurende hierdie tydperk het Suid-Afrika met die armblankevraagstuk geworstel. Daar is geskat dat 300 000 tot 400 000 persone (20–25% van die blanke bevolking) in buitengewone armoede geleef het.[280] Hierdie vraagstuk is reeds in die dertigerjare van die twintigste eeu met die Carnegie-kommissie, wetgewing, indiensneming deur die staat en staatshulp aangepak. Teen die einde van die vyftigerjare was die probleem grootliks uit die weg geruim.

Vir die blanke bevolking in Angola het daar van owerheidsweë geen hulp gekom om die vraagstuk op te los nie. Die Afrikaners van Angola het dus langer verarm gebly as Afrikaners in ander dele van Afrika.

Dit is onseker volgens watter wetenskaplike beginsels die Carnegie-kommissie hulle indeling van armblankes in Suid-Afrika gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu

---

274 W.W. Jordan, "Journal of the Trek Boers", *Cape Quarterly Review*, 1, 1881, p. 167; "Journal of the Trek Boers to Mossamedes", in D.C.F. Moodie, *The history of the battles and adventures [...]*, p. 323. Die getal van 3000 bokke en skape is waarskynlik nie korrek nie.

275 A. de Paiva, "Concelho de Humpata. Relação estatistica dos boérs portuguezes estabelicidos na Humpata, relativa a 1 de julho de 1883", *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 11, 17 de março de 1884, pp. 173–178. Dis ook gepubliseer in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, pp. 131–142.

276 W.J.B. Chapman, "Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman" (1858–1902), pp. 154–160.

277 A. Chatelain & A. Roch (Eds), *Héli Chatelain. L'ami de l'Angola*, p. 246.

278 NAN: A.10 & SAB: BTS 86/7/1, Vol. 1, Statistieke: Aanwysende die totale getal persone met besittings wat uit die verskillende distrikte van Angola verhuis, ca. 1928; Aanvullingslys Angola-Trekkers: Bihe en Mombolo, ca. 1928; Vervolg van Statistieke van Angola-Trekkers naar die Suidwes-gebied, ca. 1928.

279 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 151–152, 167, 172.

280 E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel III), pp. 131, 230–231.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedoen het. Dit wil nietemin voorkom of geskiedkundige en geografiese faktore 'n rol gespeel het in die totstandkoming van verskillende groepe armblankes in Suid-Afrika.[281] Dit wil ook voorkom of die oorsake van die verarming van die Afrikaners in Angola teruggevoer kan word na die ontstaan van twee groepe armblankes in Transvaal: die "Transvaalse bosveld-tipe" en die "veragterde groepstipe".

Die beskrywing van 'n weduwee uit die Waterberg van die "Transvaalse bosveld-tipe" stem baie ooreen met die lewensomstandighede van sommige Angola-Boere:

> Baie van ons Transvalers het nooit geleer werk nie; ons was gewoond om agter die wild aan te trek met waens en tente. Dit was 'n gemaklike, aangename lewe. Af en toe trek ons dan na die kus met velle, rieme, sambokke en biltong om te handel. Ons doen dan ons inkope en kom ná afwesigheid van 'n paar maande weer terug. Hierdie trekgees is nog in ons boere […] Hierdie swerwende onsekere bestaan is byna die reël onder die ou Transvalers.[282]

Die "veragterde groepstipe" word weer soos volg getipeer:

> Deur geografiese of geskiedkundige oorsake het daar oral in ons land klein afgesonderde groepe ontstaan, veral langs riviere of waterryke klowe. Miskien 'n paar geslagte agtereen woon die groepie daar in gedeeltelike afskeiding van die res van die volk. In Transvaal veral bestaan die neiging by lede [= lidmate] van dieselfde Kerk om so te versamel. Ná verloop van tyd ontwikkel sekere tradisies aangaande huislike, kerklike en maatskaplike gebruike, totdat 'n vaste groepstempel op die lewe afgedruk word. Dink- en spreekwyses, methodes van handel en boer ontstaan, geheel eie aan die groep. Nuwe idees en gewoontes word met suspisie aangesien en selfs teengestaan. As gevolg kom daar gewoonlik agteruitgang; intellektuele en fysiese inteling vind plaas. Die lede van die groep trou net onder mekaar, met nadelige gevolge vir die nageslag. Die hele groep raak agter in die ekonomiese stryd.[283]

Die Carnegie-kommissie het gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu bevind dat daar geen bewys gevind kon word dat epidemiese of endemiese siektes, ondervoeding of wanvoeding, of die klimaat die armblankevraagstuk in Suid-Afrika veroorsaak het nie. Die kommissie het wel bevind dat armoede en onkunde ondervoeding veroorsaak en ge-

---

281 J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), pp. 1–17.
282 *Ibid.*, pp. 8–9.
283 *Ibid.*, p. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volglik die probleem vererger.[284] Daar bestaan geen rede om te vermoed dat hierdie bevinding nie ook op sommige Afrikaners in Angola van toepassing was nie.

Vermoedelik was die patriargale stelsel ook deels vir die verarming van die Afrikaners van Angola verantwoordelik. In Suid-Afrika het die Carnegie-kommissie bevind:

> Die patriarchale familiestelsel wat in landelike streke vroeër algemeen was, het daartoe bygedra om onder die afstammelinge tradisionele manier van boer te bestendig, maar dikwels ook 'n oorsaak van onkunde in besigheidsake, van gebrek aan selfstandigheid en ondernemingsgees, sowel as van oorbevolking van plase.[285]

As gevolg van die gebrek aan opleiding het daar vir die Afrikaners van Angola geen ander bestaansmoontlikheid oorgebly as boerdery nie.[286] Die feit dat daar 'n gebrek was aan voorbeelde van Afrikaners wat met sukses ander beroepe gevolg het, het waarskynlik verder tot die probleem bygedra. Entrepreneurs soos gedurende die twintigste eeu onder die Afrikaners in Suid-Afrika ontstaan het, het nie onder die Afrikaners van Angola ontwikkel nie.[287]

'n Engelse reisiger deur Angola aan die begin van die twintigerjare van die twintigste eeu het die mening uitgespreek dat dit vir hom voorkom of die Boere nie in staat is om die land te ontwikkel nie.[288] Dit het gelyk of dit hulle bo alles aan die ywer en uithouvermoë ontbreek om groot ondernemings met intensiewe arbeid te bedryf. Waarnemers was veral verwonderd oor hulle geringe vooruitgang in die voorafgaande twintig tot dertig jaar.[289]

Daar is beweer dat diegene wat in 'n swak ekonomiese posisie verkeer het, se probleem aan onaktiwiteit en gebrek aan ambisie te wyte was. Hulle wou nie ontwikkel of hul aktiwiteite uitbrei nie en was tevrede met bestaansboerdery.[290] Dikwels is dit bloot as luiheid

---

284 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), pp. 52–53; W.A. Murray, *Die fysieke toestand van die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel IV), p. 127; Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, pp. xiv–xv.

285 Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, p. xi.

286 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17; J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3.

287 Kyk J.L. Sadie, "The fall and rise of the Afrikaner in the South African economy", *Annale*, 2002/1, pp. 18–20, vir voorbeelde van Afrikaner-entrepreneurs in Suid-Afrika.

288 J.C.B. Statham, *Through Angola: A coming colony*, p. 162.

289 H.Fr. Schatteburg, *Angola – Westafrika von Heute!*, p. 31.

290 AHU: MU/GM/GNP. Serie 084 Pasta 3. 4A Rep. Angola Problemas políticos administrativos. (1956–1960). "Situação dos boers em Angola", Brief Secretário Geral, Direcção dos Serviços da Administração Civil – Ministro do Ultramar, 08.04.1954.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestempel: "30% [van die Afrikaners] is baie sleg af, dit is mense wat hopeloos te lui is om te werk."[291] Ds. J.A. Viljoen het hiermee saamgestem: "Een ding is seker, harde werk soos die Suidwesters dit ken, ken hulle nie."[292] Flip Alberts het die mense van Chicuma meer kleurvol beskryf: "Die klompie mense sal goed leef as hul net wil werk en ophou om rond te kuier, en te skinder onder mekaar en Sondag nie te gebruik as 'n dag van 'danspartytjies' nie."[293]

Bart de Paiva het na aanleiding van 'n berig dat die Afrikaners van Angola bereid was om te werk as hulle gerepatrieer word, geskryf: "Dit is vir ons so verblydend om te verneem dat die boere uiteindelik gewillig is om in Suidwes of die Unie iets te gaan doen wat hulle in Angola nooit bereid was om te doen nie; nl. om te gaan werk."[294]

Die beskuldiging van Afrikaner-trekboere as "lui" en dat hulle nie weet om te werk nie, kom al 'n lang pad. So vroeg as 1662 is sommige vryburgers as "versopene, luije, lompe vlegels" bestempel. Veral reisigers en waarnemers wat nie altyd hulle lewensomstandighede verstaan het nie, het hul dikwels van luiheid beskuldig. Dit is ook so dat die Boere se lewensomstandighede nie altyd bevorderlik was vir die kweek van "arbeidsame gewoontes" nie.[295]

In die verslag van die Transvaal Indigency Commission (1906–1908) is daar verskeie verwysings na "kaffirised whites": "They have been accustomed to loafing about at home and hunting. They really do not know what it means to put in a day's hard work."[296] Die kommissie se beskrywing van sommige armblankes in Transvaal kon net sowel 'n beskrywing van die ekonomiese aktiwiteite van sommige Afrikaners in Angola wees:

> Die boer se manier om sy boerdery te dryf[,] is nog dieselfde as dié van die Voortrekkers. Dit kan eintlik glad nie boerdery genoem word nie. Dis onstelselmatig, primitief en verspillend. Dit bestaan hoofsaaklik in die oppas van 'n bietjie beeste en 'n trop skape en bokke. Die beginsel van wetenskaplike veeteelt word nie verstaan nie, en die belangrikheid daarvan word nie gewaardeer nie. Beeste word eenvoudig behandel as 'n gerieflike soort eiendom en word meestal aan hulleself oorgelaat. Landbou is beperk tot die omkrap van 'n lap grond om die mielies te verbou wat die hoofvoedsel van die

---

291 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 12; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 191 het soortgelyke kritiek deur 'n Suidwester van die Angola-Boere opgeteken.

292 NHK: K1/2 3/33/5, Brief Ds. J.A. Viljoen – Ds. T.F.J. Dreyer, 26.04.1956.

293 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 9.

294 B. de Paiva, "Ons lesers aan die woord: Werk in Angola", *Die Suidwester*, 4 Jan. 1958, p. 6.

295 P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 9, 174–178, 217–218.

296 Soos aangehaal in M. & M. Russell, *Afrikaners of the Kalahari*, p. 119.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> plaasbewoner uitmaak en waarvan enkele sakke aan die naaste winkelier verkoop kan word. Die agterlike boer se hele bestaan is ingerig op 'n van-die-hand-in-die-tand-basis.[297]

Die Carnegie-kommissie het die soortgelyke verskynsel van "'n tekort aan die gewoonte en die gewilligheid om te werk" as "gebrek aan arbeidsaamheid" of "gebrek aan arbeidsame gewoontes" bestempel en dit as een van die oorsake van die armblankevraagstuk in Suid-Afrika geïdentifiseer. Hierdie verskynsel moet van blote "luiheid" onderskei word en was ook nie onder alle armblankes teenwoordig nie.[298]

Isolasie het hier 'n belangrike rol gespeel. In Suid-Afrika het dit gepaard gegaan met 'n selfversorgende boerdery en geringe moontlikhede om boerderyprodukte te bemark sodat die belangrike prikkel om produksie te verhoog, ontbreek het. Tevredenheid met 'n lae lewenstandaard was deels hiervoor verantwoordelik. Dit was ook deels 'n erfenis van die pionierstydperk en 'n tradisionele lewenswyse wat as gevolg van isolasie langer voortbestaan het as wat elders die geval was.[299]

Dit is nie vergesog nie om te aanvaar dat dieselfde faktore 'n rol gespeel het in die verarming van die Afrikaners van Angola. Gevolglik was sommige Afrikaners in Angola met min tevrede, deels as 'n erfenis van die pionierstyd en deels as gevolg van groeiende armoede.

In 1957 het die Vliegtuigkommissie Christiaan Putter op sy plaas aangetref waar hy al sedert 1928, toe sy transportwa daar onklaar geraak het, gewoon het. "Op hierdie plase was daar geen spore van arbeid sigbaar nie" behalwe 'n stuk grond wat die regering met hulle implemente, arbeid en saad bewerk het. Die grootste deel van die oes sou na Putter as die eienaar van die stuk grond gaan. Hy en sy seun was ontevrede omdat van hulle verwag is om gerwe te pak:

> Die Portugese verwag nou dat ek en my seuns soos kaffers in die warm son sou moet staan en gerwe pak, en buitendien moes my stomme seuns soos wilde kaffers dwarsdeur die somer die voëls jaag by die land. Hulle gewerskaf op my grond het gemaak dat daar amper geen meer duiker of steenbok te sien is nie.[300]

---

297 Report of Transvaal Indigency Commission, p. 61, soos aangehaal en vertaal in W.A. Murray, *Die fysieke toestand van die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel IV), p. 3.

298 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), pp. 51–52, 72–77, 172–173; Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, pp. x–xi.

299 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), p. 173.

300 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, pp. 4–5.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dieselfde kommissie het ook bevind:

> 'n Paar myl verder het ons 'n moeder, wat op die laaste verwagtend was, met haar twee dogtertjies aangetref by die stat van 'n naturel genaamd "Outa Loper". Loper, 'n oorlamse naturel, het saam met die Dorsland-trekkers na Angola getrek en besit nou 'n plaas. Die vader van die blanke gesin [Klaas Putter] was bywoner by hom op die plaas. Die blanke se gesin het ons in die uiterse slordige toestand aangetref in 'n gras hut, terwyl die naturelle eienaar van die plaas se kinders in netjiese khaki-klere gekleed was. Die blanke vrou het ons meegedeel dat hulle daar ook sal moet trek omdat "Loper" kla dat haar man nie wil werk nie. By nadere ondersoek het geblyk dat "Loper" 'n paar honderd koffieboompies tot sy blanke bywoner se beskikking gestel het, met behulp van sy seuns die gate vir die bome gemaak het en van die blanke verwag het om dit te plant. Ons het die verdroogde ongeplante boompies by die voorbereide toekomstige boord aangetref. Ons het die blanke man nie te spreke gekry nie, hy het glo by naburige statte gaan kuier.[301]

Noukeuriger waarnemers het hulle armoede nie as die resultaat van luiheid gesien nie maar as "werkskuheid". As gevolg van hulle isolasie en agteruitgang het hulle "die vermoë om te werk afgeleer. Werk as deel van 'n daaglikse roetine het opgehou bestaan."[302] Johannes Hans Piorek het byvoorbeeld nie eintlik gewerk nie en is deur sy kinders onderhou.[303] Hierdie probleem is ook geïdentifiseer onder sommige van die Angola-Boere wat in 1928 na Suidwes-Afrika getrek het.[304]

Om hierdie rede het 'n kommissie van die Hervormde Kerk in 1957 aanbeveel dat beesboerdery die aangewese oplossing vir sommige Afrikaners se ekonomiese onaktiwiteit is omdat "deur middel van beesboerdery, wat minder liggaamlike arbeid vereis, die verantwoordelikheidsin en lus om te werk weer gekweek word by die mense en die adel wat die arbeid bring weer erfgoed vir hulle kinders kan word".[305]

Die skrywer W.A. de Klerk, wat Angola in 1957 besoek het, was van mening dat die benarde posisie van sommige Afrikaners van Angola gedeeltelik die resultaat van "ontoe-

---

301 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 5; Persoonlike onderhoud: Prof. B.J. Engelbrecht, 19.02.2004.

302 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 7.

303 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; M.O. de F.F. Piorek, 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007.

304 NAN: SWAA 849 A68/5/4/122, W. Volkman, "Report concerning the Angola farmers settlement in the Grootfontein flats", 22.10.1937.

305 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reikende stoflike middele" was, maar dat "ontoereikende geestelike middele" die grootste rede hiervoor was. De Klerk was van mening dat, hoewel luiheid in 'n beperkte mate die oorsaak vir die armoede is, hulle ongunstige omstandighede die gevolg van ongunstige omstandighede in Angola oor die algemeen was, want daar was baie ander mense wat ook in sodanige omstandighede gelewe het. Boonop was dit selfs vir die Afrikaners wat bereid was om te werk, moeilik om vooruit te kom in Angola.[306]

Dit moet vermeld word dat daar ook mense was wat ten opsigte van al die inwoners van Angola die beskouing gehuldig het dat "[the] people did not know how to work".[307] Sommige, soos Artur de Paiva, het die Boere selfs beskou as mense wat hardwerkender as die res van die bevolking in Angola was – "a people more practical, more energetic and less indolent than we are".[308]

Volgens die Suid-Afrikaanse konsul-generaal in Angola, H.L.T. Taswell, was die algemene lewenstandaard in Angola besonder laag. Onder die blankes was armoede en ongeletterdheid groot. Hy kon nie met sekerheid sê of die armoede onder Afrikaners groter as dié onder die res van die blanke bevolking was nie.[309] 'n Portugese besoeker aan Angola het in 1954 geskat dat 80% van die blanke bevolking op die rand van armoede leef.[310] Sowat 25% van die bevolking van Luanda het teen die einde van die sestigerjare in krotbuurte (*muceques*) geleef. Hier is geen kleuronderskeid getref nie en wit, swart en *mestiço* het in rasseharmonie langs mekaar geleef.[311]

In teenstelling met die Portugese van Angola, waarvan die grootste deel in stede soos Luanda gewoon het, het die Afrikaners in Angola bykans nooit in stede gewoon nie. Slegs enkele gevalle is opgeteken van Afrikaners wat verstedelik het. Die verstedelikingsproses wat onder Afrikaners in Suid-Afrika plaasgevind het, en as "plaasverlating" en "plattelandsverarming" deur die Carnegie-kommissie bestempel is,[312] het dus nooit onder die Afrikaners van Angola plaasgevind nie. Die oorsake van hulle armoede moet inteendeel deels daarin gesoek word dat hul nooit verstedelik het nie, tot aan die einde 'n

---

306 W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957 & "Probleem van Afrikaners is geestelik eerder as stoflik", *Die Suidwester*, 31 Jul. 1957, p. 10; W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, pp. 7–8.

307 F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 61.

308 G.S. Dias, *Artur de Paiva*, soos vertaal deur F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 89.

309 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, Brief H.L.T. Taswell – Sekretaris van Buitelandse Sake, 30.10.1957.

310 J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 333.

311 M.A. Samuels & N.A. Bailey, "Education, Health, and Social Welfare", p. 196, in D.M. Abshire & M.A. Samuels (Eds), *Portuguese Africa: A handbook*; P.K. Huibregtse, *Angola. the real story*, pp. 22, 123; G. Bender, *Angola under the Portuguese*, p. 201.

312 Vgl. die titel van Deel I van die Carnegie-kommissie se verslag: J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

landelike bestaan probeer volg het en gevolglik in die ekonomiese wedloop in Angola agtergeraak het.

Omdat die Carnegie-kommissie oortuig was van die "fundamentele verband wat daar tussen die verarming op die plase en die trek na die dorpe en stede bestaan",[313] het hulle die fundamentele denkfout gemaak dat die proses van verarming omgekeer kon word deur die trek na die dorpe en stede hok te slaan ten spyte van alle feite in hulle ondersoek wat op die teenoorgestelde gedui het, dit wil sê dat die trek na die dorpe en stede eerder aangemoedig moes word.

Dit is belangrik dat die onderverdeling van plase nooit in Angola voltrek is nie en dus nie dieselfde rol as in Suid-Afrika gespeel het nie. Dit was dus vir die Afrikaner tot aan die einde van die koloniale tydperk moontlik om 'n bestaansboerderytjie op sy stukkie grond na te volg, iets wat in Suid-Afrika toe nie meer moontlik was nie. Daar was gevolglik nie dieselfde ekonomiese druk om hulle plasies te verlaat en na dorpe of stede te trek nie. Dit moet ook gesien word teen die agtergrond dat daar in Angola nog altyd surplus grond vryelik beskikbaar was.

Die Afrikaners van Angola het nie die "politieke stemkrag" gehad wat hulle rasgenote elders gehad het om die regering te dwing om iets aan hulle probleem te doen nie. In Suid-Afrika het regerings wat simpatiek teenoor die lot van die armblanke gestaan het, baie gedoen om die probleem aan te spreek, en gevolglik hulle stemme tydens verkiesings te trek. Die Afrikaners van Angola het nie dieselfde meganisme gehad nie en gevolglik moes hulle organisasies in Suid-Afrika, soos die FAK, ATKV, RDB, die Hervormde Kerk en die Suid-Afrikaanse regering nader om die probleem aan te spreek.

Die trekgees

Die Afrikaners van Angola se onvermoë om op een plek te bly, het telkens die verbasing van reisigers uitgelok.[314] Vicente Ferreira, hoë kommissaris in Angola (1926–1928), het dit as *índole vagabunda* (swerwersgeaardheid) beskryf.[315] Ds. J.D. Storm het hulle leefwyse in 1946 opgeteken:

> Baie mense lei egter nog grootliks 'n trekkerslewe. Hulle woon in hartbeeshuisies en

313 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), p. 118.
314 H. Marquardsen, *Angola*, p. 138; A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, p. 9; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 277; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 72.
315 V. Ferreira, *Estudos Ultramarinos. Vol. III: Angola e os seus problemas (2.ª Parte)*, p. 123.

© University of Pretoria

> as die plek hulle om een of ander rede nie beval nie, trek hulle verder en bou maar weer 'n ander huisie.[316]

Die Carnegie-kommissie het ook bevind dat die "trekgees" een van die oorsake van verarming onder die Afrikaners in Suid-Afrika was.[317]

'n Portugese navorser het selfs beweer dat hy onder al die Afrikaners van Angola geen gesin aangetref het wat teen 1958 al meer as agt jaar op dieselfde plek gebly het nie. Hy het die mening uitgespreek dat die Boere nie rondtrek as gevolg van 'n slegte gewoonte of wisselvallige temperament nie. Dit was die gevolg van hulle omstandighede. Tropiese weiding bestaan hoofsaaklik uit gras wat arm aan fosfor en van lae voedingswaarde is. Wanneer dit bewei word en deur veldbrande afgebrand word, word dit vinnig hard en oneetbaar. Terselfdertyd word die tropiese grondtipes vinnig uitgeput. In warm streke met 'n hoë reënval is die grond suur en laterities en bevat min humus. Wanneer dit ontbos en bewerk word, word dit deur die gesamentlike aksie van hitte en reën nog vinniger onvrugbaar. Los grond en humus word deur die reën en riviere weggevoer. Dit is gevolglik noodsaaklik om voortdurend op die trekpad te wees.[318] Dit is per slot van rekening die wyse waarop landbou eeue lank deur die inheemse bevolking in die tropiese gebiede van Afrika beoefen is.

Uit 'n ontleding van die "trekgees" soos wat dit onder die Angola-Boere gemanifesteer het, blyk dit dat ons in hoofsaak met 'n lewenswyse te doen het wat vroeër doeltreffend was, maar noodlottig geword het waar dit in veranderde omstandighede steeds nagevolg is.

Afrikaners in meer gegoede omstandighede

Dit is belangrik om te onthou dat die ekonomiese toestande van die Afrikaners van Angola van "besonder vooruitstrewend" tot "die uiterste vorm van verval" gewissel het.[319]

Volgens 'n Portugese waarnemer was daar slegs vier gesinne wat teen 1958 in gegoede omstandighede geleef het.[320] Werner Voigt se gesin is as "'n besonder vooruitstrewende

316 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3. M.C.J. Voigt (née Prinsloo) (Persoonlike onderhoud: 25.07.2006) beskryf hulle lewenswyse in amper dieselfde woorde.
317 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), p. 7; Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, p. x.
318 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 16, 21.
319 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 4.
320 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

boeregesin" bestempel.[321] Sy plaas het soos 'n dorpie gelyk. Hy het sisal- en koffieplantasies gehad. Daar was twee fabrieke waar die koffie en sisal verwerk is. Dit is alles aangedryf deur twee hidro-elektriese turbines wat hy self opgerig het. Daar was ook 'n hospitaal wat hy self gebou en waar twee verpleegsters en 'n dokter, wat hy self betaal het, gewerk het.[322] Voigt was 'n gebore en getoë Duitser wat met 'n Afrikanervrou, Carolina Storbeck, getroud was. Hy was dus streng gesproke nie lid van die Afrikaanse gemeenskap nie hoewel hy ingeskakel het by sy talle Afrikaanse familielede.[323] Jan Diederiks is eweneens beskryf as "redelik welgesteld".[324] Hy het met sy eie kapitaal 'n sisalplantasie van 80 morg, tesame met 'n sisalfabriek voorsien van sy eie hidro-elektriese krag, aangelê, dit uitmuntend bestuur en op 'n hoë produksiepeil gehou.[325]

By Capala en Chicuma het 'n hele paar Afrikaners in gegoede toestande geleef, waaronder Eduard Storbeck, Hendrik de Klerk, Gert Benade en Wentzel Coetzer. Sommige het groot plantasies gehad. Werner Voigt en Álvaro Castelões da Fonseca, wat met Afrikanervroue getroud was, het ook in hierdie groep geval. [326] In 1946 het Gert Benade 115 beeste (sy broer Floris se beeste ingesluit) en 'n wa besit. Hy het botter gemaak, mielies geoes en koring vir eie gebruik geplant. Auguste Raes en Johannes van Dyk het onderskeidelik 50 en 48 beeste gehad en op plantasies gewerk. Hendrik de Klerk het 'n wa en 60 beeste besit, terwyl David Enslin "42 beeste, 2 waens met motor bande" onder sy besittings getel het.[327] Willem de Klerk was moontlik die enigste Afrikaner in Angola wat 'n kapitaal van £2000 besit het.[328]

Die Afrikaners in die Sandveld (António de Brito, twee Milho-gesinne, Paul van der Walt, Hans Alberts, twee De Paiva-gesinne en die Prinsloos) kon ook hulself handhaaf.[329]

---

321 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 4.
322 Persoonlike onderhoude: Prof. B.J. Engelbrecht, 19.02.2004 & 25.02.2004.
323 FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 3.
324 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, ongedateer (ca. Des. 1958).
325 W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, p. 8 noem dit 80 morg; W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957, noem dit 80 hektaar; W.A. de Klerk, "Swerwer op die sonpad: 3. Dié wat vergeet het om terug te keer", *Sarie Marais*, 27 Mei 1959, p. 45; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 221; Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
326 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 11.
327 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 3; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Dagboekie van sy besoek aan Angola, 1948.
328 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 156.
329 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 11–12; NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 11.

© University of Pretoria

In 1946 het Hans Alberts 250 beeste, 'n wa en 2 ploeë besit en 'n gemiddelde inkomste van £2 per maand uit kaas verdien. Magiel Prinsloo het in 1946 3 koeie, 20 jong ossies, 'n wa en 'n eenskaarploeg besit,[330] wat hom ook een van die meer gegoede Afrikaners in Angola gemaak het. Teen 1957 het hy al 100 melkkoeie gehad "en elkeen gee net 'n koppie melk". Van die melk is botter gemaak.[331]

Willem Venter het volgens sy eie verklaring baksteenhuise op elk van sy drie plase in die *concelho* Humpata (Nene, Palanca en Mocuma) besit, benewens damme, watervore, lande, vrugtebome, heinings en buitegeboue op hierdie eiendomme. In terme van roerende goed het hy twee waens met 36 osse, 30 beeste, 'n gesoute perd, 'n geweer, meubels en landbou-implemente besit.[332]

Pogings om die armoede aan te spreek

Ds. J.G.M. Dreyer, 'n besoekende Hervormde predikant, het gevoel dat armoede die onderliggende oorsaak van baie maatskaplike probleme is, want "armoede versleg mens totaal, en al wat mens is, verag so 'n individu".[333] Onder die gevare wat armoede gebring het, was veragtering en verlaging van lewenspeil en sedelike peil.[334] In Suid-Afrika het die Carnegie-kommissie bevind dat armoede 'n demoraliserende uitwerking het. Dit veroorsaak 'n verlies aan selfrespek en skep 'n gevoel van minderwaardigheid.[335] Dit is nie onmoontlik nie dat armoede onder sommige Afrikaners in Angola dieselfde uitwerking gehad het.

Gedurende dieselfde tyd het daar 'n "gevoel van afhanklikheid by armes teenoor die regering" onder blankes in Suid-Afrika bestaan. Dit het verskeie vorme aangeneem waarvan die vernaamste kenmerk was dat van die staat verwag is om kostelose dienste aan burgers te bewys.

In Suid-Afrika was dit nie tot arm mense beperk nie. Die Carnegie-kommissie het bevind dat staatshulp die probleem eerder vererger as opgelos het en dat dit daartoe bygedra het om die armblanke te demoraliseer. Herhaalde male was die versoek van sulke mense: "Die land moet ons help. Julle mag mos nie toelaat dat ons afsak tot die peil van die hotnot en die kaffer nie!"[336]

---

330 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
331 W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 100–101.
332 SAB: PM 1/2/340, PM94/163, Verklaring deur W.A. Venter, 27.02.1929.
333 Afrikaners in Angola (32 ondertekenaars), "Angola-Afrikaners vra om hulp", *Die Suidwester*, 4 Sept. 1957, p. 4.
334 J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", IV. *Die Hervormer*, 47(9), Des. 1955, p. 20.
335 Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, p. xviii.
336 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I),

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onder die Afrikaners van Angola was daar minder sprake van ’n soortgelyke “gevoel van afhanklikheid” teenoor die regering. Die opvatting was eerder dat die regering hom nie oor die lot van enige arm persoon in Angola bekommer nie. Daar was gevolglik geen sprake daarvan dat hulle ooit by die Portugese owerheid om hulp sou aanklop nie. Die algemene gevoel in daardie jare was eerder: “Zy bedelen niet, want een Afrikaaner bedelt niet spoedig, dat is hem van nature een oneer, hy zal liever aan ziel en lichaam gebrek en honger lyden.”[337]

In 1948 het Pieter Nannings ’n sewepuntplan aan die Kommissie van die Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk voorgelê. Dit het die stigting van kapitaalfondse soos ’n “vee fonds” vir die opbou van ’n veestapel, ’n “kapitaalfonds” vir die aankoop van landboutoerusting, ’n “Philantrophy’s Kapitaal” vir die besoldiging van ’n predikant of sendeling, ’n Portugese onderwyser en ’n Suid-Afrikaanse onderwyser en ’n “geld fonds” vir die uitrusting van ’n skool en biblioteek behels.[338] Hy het later hierdie planne effens uitgebrei, maar dit het nooit ernstige aandag geniet nie.

Slegs enkele Angola-Boere kon hulle op ekonomiese gebied handhaaf. Die meerderheid kon nog ’n lewe uit selfonderhoudende, gemengde boerdery, transportry en jag maak, dekades nadat hierdie lewenswyse elders uitgesterf het. Mettertyd het grootskaalse verarming ingetree en die meerderheid kon nie meer ’n menswaardige bestaan in Angola maak nie. Die oorsake van hierdie verarming het ver in die verlede gelê, enersyds in die rampspoedige Dorslandtrekke en andersyds in ekstensiewe boerdery en die “tradisie om selfstandig te boer” wat so vroeg as 1657 ontstaan het. Die Afrikaners se verarming was ook deels die gevolg van reeds bestaande armoede en die gebrek aan ekonomiese ontwikkeling in Angola. Buitestanders het min begrip vir die Angola-Boere se oënskynlike gebrek aan ekonomiese aktiwiteite gehad en dit as “luiheid” en ’n gebrek aan arbeidsame gewoontes bestempel. Die armoede het ’n demoraliserende uitwerking gehad en was deels die oorsaak van die lae sedelike peil onder sommige Afrikaners in Angola.

---

pp. 172, 219–221; J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), pp. 81–83; Carnegie-kommissie, “Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie”, *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, p. xxx.

337 P.A. Nannings, “Korrespondensie”, *Die Hervormer*, 20 Apr. 1947, p. 22.

338 NHK: K1/2 3/31/9, Brief P.A. Nannings – Ds. T.F.J. Dreyer, Februarie 1948.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 8
MATERIËLE KULTUUR VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958)

Behuising

Die Angola-Boere se huise was aanvanklik baie eenvoudig. Dit het slegs een verdieping gehad en bestaan uit houttakke wat regop in die grond geplant en met klei bedek was. Meestal het wonings slegs twee vertrekke gehad. Mure was met kalk gewit en die onderste deel met oker geverf. Die klein, lae vensters het nie ruite gehad nie, maar is met wit katoen toegemaak. Deure het bestaan uit 'n bo- en onderdeur. Die dakbalke is met rieme aan mekaar vasgemaak. Die huise het misvloere en grasdakke gehad.[1]

'n Paar jaar later het 'n tipiese Afrikanerwoning in Angola soos volg daar uitgesien: mure van rousteen met 'n grasdak, deure van geelhout en balke, hanebalke, kappe en latte van perdeprambome of bloekombome.[2]

In latere jare is slegs enkele klip- en baksteenwonings gebou.[3] Teen 1910 was daar in Humpata net een woning van klip, teenoor 104 wonings met rousteenmure en 100 wonings van pale en klei. (Teen hierdie tyd het die meeste Boere Humpata al verlaat.)[4] Toe die Gereformeerde pastorie in 1922 op Mombolo gebou is, was dit die eerste pastorie in Angola wat nie van net roustene gebou is nie. Dit het 'n klipfondament, 'n vloer van gebakte stene en rousteenmure gehad.[5]

Teen 1958 het 'n tipiese Afrikanerwoning in Angola soos volg daar uitgesien: 'n reghoekige vorm, met 'n deur, een of twee klein vensters en nie meer as twee of drie

---

1 US: Aanwins no. 73, 73/4 L.J. Goddefroy, Journaal van der reis naar de Portugeesche bezittingen in West-Afrika onder de leiding van de heer D.D. Veth, 1884–1885, p. 39; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 138; P.J. Veth & J.F. Snelleman (reds.), *Daniël Veth's Reizen in Angola*, p. 230; A. von Danckelmann, "Ein Besuch in den portugiesischen Kolonien Südwestafrikas, Sommer 1883", *Deutsche Geographische Blätter* (Geographische Gesellschaft in Bremen), Band VII, Heft 1, 1884, p. 49; Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006.

2 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 47; Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005. Private versameling, J.J. Viljoen: Vertelling van M.J. Viljoen in J. Viljoen (samest.), "Kinderspore langs die Nossob" verskaf inligting oor hoe so 'n huis gebou is.

3 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 138.

4 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 286 n.

5 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 25.12.1922.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vertrekke nie: 'n voorhuis (wat as woon- en eetkamer gedien het) en een slaapkamer (langs die voorhuis) of twee slaapkamers (aan weerskante van die voorhuis). Die huise het bestaan uit mure van regop pale en klei, grasdakke en kleivloere, en is gebou volgens die konstruksiemetode van die inheemse bevolking (kyk figure 3–14).[6] Later is die grasdakke deur sinkdakke vervang.[7] Die Afrikaners in die suide van Angola se wonings was gewoonlik meer luuks en was van bakstene gebou.[8]

Die meubels was eenvoudig, maar nie ongemaklik nie. Gewoonlik het die Boere dit self gemaak.[9] Tafels en stoele is uit 'n donkerbruin houtsoort vervaardig en soms met ivoor of been ingelê.[10] Sommige meubels sou waarskynlik ooreenstem met dié wat reisigers in die binneland van Suid-Afrika teen die einde van die agtiende eeu in pioniershuise aangetref het.[11]

Die meubels in sommige wonings was min en oud, van swak gehalte en nie in 'n goeie toestand nie. In die voorhuise was 'n tafel, 'n paar gewone stoele en 'n bank of ou sofa, soms 'n laaikas of vertoonkas en naaimasjien. Soms was daar riempiestoele of -banke. In die slaapkamer was 'n ysterkatel, 'n kermisbed geïmproviseer van stokke of houtkissies, 'n koppenent, 'n klerekas en soms 'n laaikas.[12] Die bed is dikwels self vervaardig en het bestaan uit 'n raamwerk wat op mikke geplaas is. Soms was 'n ysterkatel die enigste meubelstuk.[13] Badkamers het waarskynlik nie algemeen voorgekom nie. 'n Kas met 'n skottel om in te was en soms 'n spieël kon daarin aangetref word.[14]

Die bekende Hollandse sindelikheid was nog in die meeste wonings sigbaar, hoewel 'n bietjie afgewater. Die ergste verval is aangetref in die wonings waar armoede en vuilheid hand aan hand gegaan het.[15]

Bedag op die brandgevaar, was die kombuis of "kookhuis" 'n entjie van die huis af geleë. Dit was rond of vierkantig en het 'n es met 'n skoorsteen gehad. Daar was soms 'n

---

6 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 17; In J.A. Viljoen, " Bevestiging van Eerw. van der Walt in Angola", *Die Hervormer*, 44(10), Jan. 1954, p. 7, verskyn 'n foto van so 'n "Boerewoning", met vermelding van die feit dat die meeste Afrikaners in Angola huise bewoon wat van stene gebou is. Soortgelyke foto's is ook te vind in C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35; Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; J.J. de Jager, 27.04.2008.

7 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.

8 FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 3.

9 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

10 P.J. Veth & J.F. Snelleman (reds.), *Daniël Veth's Reizen in Angola*, p. 231.

11 Kyk P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 224–226.

12 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 17.

13 Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

14 Persoonlike onderhoud: J.J. de Jager, 27.04.2008.

15 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groter en ’n kleiner buiteoond van klei. Die kookgereedskap het uit kastrolle en driebeenpotte bestaan. In die kombuis kon die volgende ook aangetref word: kalbasse as houers (weens hulle armoede), ’n klompie kleipotte, ’n bietjie breekware van enemmel en ’n stampblok en stamper van hout (kyk figure 3, 4, 6, en 19).[16]

Nie ver van die woning nie was ’n skuur of stoorkamer van dieselfde vorm. In die skuur of stoorkamer sou ’n mens ’n ou ploeg, ’n wawiel en ’n hoop goedere kon aantref. Daar was gewoonlik ’n hoenderhok (kyk figure 6 en 20) onder die dakrand van die woonhuis, en ’n beeskraal en ’n varkhok bestaande uit ronde heinings van pale. Die varkhok was kleiner as die beeskraal en het ’n grasdak gehad.[17]

Hoewel dié wonings omrede die klimaat en beskikbare grondstowwe daar effens anders sou uitsien, het dit waarskynlik nie veel verskil van sommige wonings wat die Carnegie-kommissie in die dertigerjare van die twintigste eeu algemeen onder armblankes in Suid-Afrika aangetref het nie:

> Huise met mure deels van gebakte en deels van rou stene, of van klip en modder; met plat dak en gegalvaniseerde ysterplate of van grond (“brak”), met plafon van riet of sonder plafon, 2 tot 4 kamers van gemiddeld 10 by 12 vt. in afmeting.[18]

Die Carnegie-kommissie het bevind dat 64% van die wonings wat hulle in Suid-Afrika ondersoek het, onbevredigend was. Op die platteland was dit selfs so hoog as 71%. Die kommissie het verder bevind dat hierdie tipe woning ’n nadelige invloed op die ordelikheid, die kuisheid en die sedelikheid van die gesinslewe het. Hierdie wonings was boonop oorbevolk, wat die bewoners se vatbaarheid vir siekte verhoog het.[19]

Gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu het armblankes in Suid-Afrika dikwels sonder gemakshuisies klaargekom en van natuurlike skuiling in die naburige veld gebruik gemaak. In gevalle waar gemakshuisies (“kleinhuisies”) wel beskikbaar was, was dit gewoonlik slegs vir vroulike gebruik bedoel.[20] Daar bestaan geen rede om te vermoed dat omstandighede van die Angola-Boere enigsins verskil het nie.

---

16 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 17–18; Persoonlike onderhoude: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; S.C. Stofberg (née Horn), 25.04.2008; J.J. de Jager, 27.04.2008.

17 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 17–18.

18 W.A. Murray, *Die fysieke toestand van die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel IV), p. 69.

19 J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), pp. 24–26, 152; Carnegie-kommissie, “Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie”, *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, pp. xiv, xviii.

20 W.A. Murray, *Die fysieke toestand van die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel IV), pp. 8, 71.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 3: ’n Afrikanerwoning wat van gras gebou is. Links is ’n kookskerm, met ’n skottel op die dak en ’n minimum kookgerei. In die voorgrond is ’n hoop vuurmaakhout, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.




Figuur 4: ’n Afrikanerwoning wat van gras gebou is. Die kleredrag van die mans is tipies van die Afrikaners in Angola – velskoene, geen kouse nie en ’n kortbroek. Omdat dit winter is, dra die mans baadjies. Die man regs sit op ’n stampblok vir mielies. Die stamper agter hom kan nie op die foto gesien word nie. Links kan die rietskerm wat as deur dien, gesien word, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 5: Die netjiese woning van gras waarin Frans Milho gewoon het wanneer hy geboor het. *Uit:* Private versameling, mev. M.M. Neethling (née Milho).



Figuur 6: Japie Piorek se werf op Tunda. In die middel is die woning, ’n konstruksie van pale. Regs is die kombuis, wat ook van pale gebou is. Links kan ’n hoenderhok gesien word, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 7: 'n Bewoonde Boerewoning op die wal van die Okavango. Die dak is van gras en die mure van houtpale, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, dr. H.A. van Dalsen.



Figuur 8: Merktekens van armoede en swaarkry kan aan die Van der Merwe-gesin van Angola gesien word, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, dr. H.A. van Dalsen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 9: ’n Afrikanerwoning van pale en klei met ’n grasdak, ’n plankdeur en ’n skerm voor die venster. *Uit:* Private versameling, E.J.H. Labuschagne (née Botha).



Figuur 10: ’n Afrikanerwoning met rousteenmure en ’n grasdak, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 11: Nog ’n woning van verarmde Afrikaners in Angola, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, dr. H.A. van Dalsen.



Figuur 12: Die netjiese werf van die De Klerk-gesin by Chicuma. Links is die baksteenhuis met ’n teëldak. Regs daarvan is ’n buitegebou met ’n grasdak. Heel regs is ’n ossewa wat toe nog in gebruik was, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 13: Die De Klerk-gesin se netjiese baksteenwoning wat ook in figuur 12 getoon word, hier met 'n teëldak. Die gesin verskyn voor die woning, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.



Figuur 14: Die netjiese grasdakwoning van Eduard Storbeck by Dongo, Capala. Maria Storbeck staan heel links. *Uit:* Private versameling, mev. J.E. Truter (née De Klerk).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 15: 'n Tydelike grasskerm (kyk ook fig. 17) wat as woning benut word, waarskynlik deur mense wat die kerkdiens van die besoekende predikant bywoon, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.



Figuur 16: 'n Tydelike woning van Afrikaners wat by Cuengué Central goud gedelf het. Op die pale hang komberse (waarin die goud opgevang word) wat gedroog word nadat die goud herwin is. Breggie de Klerk, toe 16 of 17 jaar oud, sit op die kampstoeltjie. *Uit:* Private versameling, mev. G.E. Storbeck (née De Klerk).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 17: ’n Tydelike grasskerm (kyk ook fig. 15) wat as woning benut word, waarskynlik deur mense wat die kerkdiens van die besoekende predikant bywoon, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.



Figuur 18: ’n Tydelike grasskerm wat vir ’n kerkbyeenkoms of troue gebou is. Die gebou met die grasdak en rousteenmure in die agtergrond is Willem Ludeke se permanente woning. V.l.n.r.: Betta Botha (later Labuschagne), Fanie de Jager, Elsie Botha. Voor sit Johanna Storbeck (née De Klerk). *Uit:* Private versameling, E.J.H. Labuschagne (née Botha).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 19: Pedro Milho se bakoond by Pocólo, ca. Oktober 1957. *Uit:* M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 11–31, plaat 9.



Figuur 20: Pedro Milho se hoenderhok by Pocólo, ca. Oktober 1957. *Uit:* M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 11–31, plaat 11.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Mens kry selfs die indruk dat die wonings nie veel verskil het van wat reisigers teen die einde van die agtiende eeu in die binneland van Suid-Afrika aangetref het nie: ongeveer 30–40 voet (9–12 m) lank en 20 voet (6 m) breed, 'n voorhuis wat as sitkamer, eetkamer en kombuis gedien het en twee kamers aan weerskante daarvan. Soms is 'n kombuis agter die voorhuis aangebou en soms was daar 'n buitekombuis. In die grensdistrikte was die wonings nog eenvoudiger en dikwels het die hele gesin in die enigste slaapkamer geslaap. Sommige huise het slegs een vertrek gehad, wat as slaapkamer vir die hele gesin, pakkamer en die huisvesting van pluimvee en speenvarkies gebruik is.[21]

Onder die armste Afrikaners in Angola, soos die weduwee Anna Christina Erasmus (née Greyling), het die huis slegs uit 'n grasskerm bestaan.[22] Ander beskrywings van die Boerewonings skets besonder armoedige toestande: "Hulle slaap in krotte van pale (met modder dig gemaak) op die grond op bondels gras onder velle. Bedags loop hulle in toiings en soms byna nakend,"[23] en "Die pondokkies waarin hele gesinne woon, is gemaak om pale en klei en snags slaap man, vrou en kind op gras op die grondvloer, met slegs 'n wildsvel as bedekking, want iets soos 'n kombers is buite hulle bereik."[24]

Die "Vliegtuigkommissie" van 1957 het Floris Visser se "slordig saamgepakte grashut" by Chicuma (kyk figure 3 en 4) aangetref: "Binne in die hut het ons hoegenaamd geen meubels aangetref nie, nie eers 'n sak of kombers nie."[25] Die kommissie het ook een van die Pioreks aangetref wat "in die verre Noorde met sy gesin bloot onder 'n paar Elandsvelle gewoon het en op die inboorlinge aangewys was vir voedsel".[26]

Gedurende Augustus 1958 het S.J.D. (Groot Faan) Labuschagne van Gobabis 'n uitgebreide reis deur Angola onderneem waartydens die meeste Afrikaners van Angola besoek is. Tydens die reis het hy oral die grootste ellende aangetref. Die ergste toestande het hy in dorpe aangetref, waar geen sanitasie beskikbaar was nie. Op Silva Porto het vier Afrikanergesinne tussen die inheemse bevolking in strooise gewoon.[27]

Die primitiewe voorkoms van sommige huise was nie soseer die resultaat van die armoede waarin sommige Afrikaners verkeer het nie as hulle nomadiese leefwyse. Omdat hulle nog grootliks 'n trekkerslewe gelei het, het hulle hartbeeshuisies gebou, wat hulle ná uiters twee of drie jaar verlaat en maar op 'n ander plek 'n huisie gebou het.[28]

---

21 P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 210–213.
22 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
23 C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35.
24 P. de Villiers, "Bring ons terug na Unie!", *Die Brandwag*, 28 Jun. 1957, p. 30.
25 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 4.
26 NHK: K48 6/3, Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommentaar op Angola-film, 23.01.1959.
27 SAB: BTS 86/7/1/1 & NAN: BIN 8 B16, Brief S.J.D. Labuschagne – Dr. A. Coetzee, 02.09.1958.
28 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3; M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

W.A. de Klerk maak melding van Afrikaners wat in 1957 in 'n riethuis in Angola gewoon het.[29]

Onder die Afrikaners wat sulke tydelike wonings opgerig het, was die beesboere in die suide, die jagters, die myners en kerkgangers. Die beesboere in die suide het soms in takskerms gebly terwyl hulle met hul veetroppe rondgetrek het.[30] Soms het die jagters vir maande lank in grasskuilings vertoef.[31] Die delwers het gewoonlik ook in tydelike grashutte gewoon (kyk figuur 16). Muskietnette was dikwels noodsaaklik omdat baie muskiete by die riviere voorgekom het.[32]

Die lidmate wat in 1948 by Capeio ds. W.P. van der Merwe se dienste bygewoon het, het gedurende sy besoek in tydelike takskerms gewoon (kyk figure 15, 17 en 18).[33] In 1952 het lidmate ook bykans twee maande in "grasskerms" op Barend Ludeke se plaas by Capeio op ds. J.A. Viljoen se besoek gewag.[34] In 1954 het dieselfde lidmate van Capeio twaalf dae lank "in die oop kampies van takke en bossies" gewoon terwyl Paul van der Walt hulle bearbei het.[35]

Paul van der Walt beskryf hoe twaalf gesinne by een kerkgeleentheid om die beurt met 'n oskar na die kerkplek aangery is. Twee gesinne uit die verre noorde het toe al 'n maand lank in grasskerms op die predikant se koms gewag. Skuilings is gewoonlik van boomtakke of gras gemaak. Die beddens het bestaan uit elandsvelle wat oor 'n paar houte gespan is. Die melkkoeie was aan 'n paar bome vasgemaak en die hen met kuikens is ook saamgeneem omdat niemand tuis gebly het om hulle te versorg nie.[36]

Die tydelike skuilings het waarskynlik baie gelyk soos Boerewonings wat reisigers aan die einde van die agtiende en begin van die negentiende eeu in die Kaapkolonie aangetref het.[37] In Suid-Afrika was "skuilplekke van riet en gras" gedurende die dertigerjare

---

29 W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 234.

30 P.S. van der Walt, "Gemeentelike berigte: Tunda, Gambos Angola", *Die Hervormer*, 40(8), 20 Okt. 1948, p. 14; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 118; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

31 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989.

32 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

33 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 4.

34 B.J. Ludeke, "Uit die Gemeentes: Angola-wyk Capeio", *Die Vreugdebode*, I(5), Des. 1952, p. 23; J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola, II", *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, p. 13, in Anon. [Viljoen, J.A.], "Flitse uit Angola", *Die Vreugdebode*, II(5), Des. 1953, p. 9, verskyn 'n foto van so 'n grasskerm wat by Capala opgerig is; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 37.

35 P.A. Nannings, "Uit die Gemeentes: Capieo [= Capeio]", *Die Vreugdebode*, III(3), Aug. 1954, p. 15.

36 P.S. van der Walt, "Die potloodstrepie", *Die Hervormer*, 78(4), Jul. 1986, p. 11.

37 P.J. van der Merwe, *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap*, pp. 145–146, 234–235, gee 'n aantal beskrywings van sulke wonings. Kyk ook P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 218–224.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die twintigste eeu ook nie ongewoon onder armblankes nie.[38] Die Carnegie-kommissie het nog talle blankes aangetref wat die grootste deel van hulle lewe nog nooit in 'n huis gewoon het nie.[39]

Huise van Afrikaners van die "plantersklas", soos dié van Theunis, Hendrik en Willem de Klerk, Dolf Botha, Eduard Storbeck, Wentzel Coetzer en Gert Benade was baie meer luuks. Dit was meestal netjiese baksteenhuise met teël-, sink- of grasdakke, waarvan beide die werf en die huis netjies was (kyk figure 10 en 12–14). Hulle het gewoonlik buitetoilette gehad.[40] Hannes de Jager het in 'n baksteenhuis by Capelongo gewoon.[41]

Werner Voigt (wat streng gesproke nie lid van die Afrikanergemeenskap van Angola was nie maar wel met 'n Afrikanervrou getroud was) het 'n groot huis van bakstene met 'n teëldak gehad. Tweehonderd gaste kon in die ingangsportaal onthaal word. Dan was daar ook 'n groot sitkamer, 'n groot eetkamer, 'n studeerkamer, verskeie slaapkamers met badkamers, 'n groot kombuis, 'n spens en 'n strykkamer. Onder die buitegeboue was twee gastehuise. Saam met die ander buitegeboue, fabrieke en pakkamers het die hele kompleks soos 'n klein dorpie daar uitgesien.[42]

Selfs die kerkgeboue het maar 'n armoedige voorkoms gehad. Die Hervormde Kerk se kerkgebou op Que het in 1955 uit 'n grasdak en grasmure bestaan.[43] In 1948 is kategete op Chicuma onderrig in 'n "gebou wat van pale en latte gemaak is en met gras bedek was".[44] Kort ná die stigting van die Hervormde gemeente Angola (1953) is besluit om 'n "rousteen met 'n grasdak geboutjie" op te rig om kerkdienste op Capeio te hou.[45] Op Tunda is in 1953 besluit om 'n grasdak op te rig vir die kerkdienste twee keer per jaar.[46]

Ds. J.H. van Heerden het in 1970 lidmate van die Hervormde Kerk in Angola besoek:

---

38 W.A. Murray, *Die fysieke toestand van die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel IV), p. 76. R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), verskaf foto's van armblankes in Suid-Afrika se wonings teen die dertigerjare van die twintigste eeu (in die fotoseksie tussen p. 180 & p. 181).

39 P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 223–224.

40 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 5; Persoonlike onderhoude: M.A. du Plessis, 11.07.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.01.2009.

41 Persoonlike onderhoude: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

42 FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 3; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 19.01.2009.

43 J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", IV. *Die Hervormer*, 47(9), Des. 1955, p. 7.

44 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 117.

45 NHK: G25 1/1/3, Notule van 'n gemeentevergadering op Capeio, 15.08.1953.

46 NHK: G25 1/1/3, Notule van 'n gemeentevergadering op Tunda, 26.09.1953, in Anon. [Viljoen, J.A.], "Flitse uit Angola", *Die Vreugdebode*, II(5), Des. 1953, p. 9, & J.A. Viljoen, " Bevestiging van Eerw. van der Walt in Angola", *Die Hervormer*, 44(10), Jan. 1954, p. 7, verskyn 'n foto van so 'n "kerkgebou" wat by Chicuma opgerig is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onder hulle was Magiel en Andries Prinsloo wat by Gaingongo in die omgewing van Chibía gewoon het:

> Die Prinsloo huis was vir ons erg interessant. Met 'n paar trappies op na die voorstoep, was daar vanaf die stoep links 'n stoepkamer, en reguit, die voordeur na die sit-eetkamer. Vanaf die sit-eetkamer kon mens reguit na die hoofslaapkamer, of reguit agter uit by die agterdeur, na die kombuis, so 10 meter agter die huis. Die kombuis was so 3 x 3 meter, met heuphoogte mure aan 3 kante, en 'n sinkdak. Die "stoof" was 'n oop vuurherd met rooster, en metaalhake van 'n dakbalk af, waaraan mens potte oor die vuur kon hang op verskillende hoogtes. Alle maaltye is genuttig op die voorstoep.[47]

Nie ver van die Prinsloos af nie het 'n bejaarde egpaar gewoon:

> Daar aangekom vind ons 'n hartbeeshuisie, kompleet soos 'n skets in my St. 5 Geskiedenishandboek, uit die dae toe die Voort[r]ekkers hulle in Transvaal gevestig het. Die hele struktuur was van gras. Een groot vertrek, met voor- en agterdeur. Na regs in die hoek 'n bed, en na links 'n tafel met 'n paar los stoele. Agter uit 'n gras afdak met vuurmaakplek as kombuis. […] Moet darem sê dit was die enigste mense in Angola wat so gewoon het.[48]

Sommige Afrikaners in Angola het nog die nomadiese leefwyse van die Voortrekkers voortgesit. Hulle was waarskynlik die heel laaste Afrikaners wat nog so geleef het. Ds. Van Heerden beskryf die kamp van Pieter de Villiers by Cachingues so:

> Die kamp het bestaan uit 'n 3 ton Bedford (stompneus) en 'n afgeleefde ou Landrover, so 7 tree uitmekaar, met 'n bokseil tussen die twee voertuie gespan. Daar was 'n vuurmaakplek, en 'n klomp voustoeltjies. Die mense was stomverbaas dat ons hulle opgespoor het, want hulle versit elke week of twee na 'n nuwe plek, afhangend van hoe die wild is. Hulle leef van jag. Ruil vleis en biltong vir basiese goed soos suiker, sout en meel. Hulle klere was eenvoudig en basies, maar skoon en netjies.[49]

---

47 Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, "Gedagtes oor Angola", 05.09.2007. Volgens FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 4, is hierdie beskrywing korrek behalwe dat daar nooit 'n es met potte en hake in die kombuis was nie. Daar was wel 'n gewone houtstoof soos wat algemeen in gebruik was.

48 Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, "Gedagtes oor Angola", 05.09.2007.

49 *Ibid.*, 05.09.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kleredrag

Die kleredrag was eenvoudig, opvallend en onvoldoende. Die mans het kortbroek of langbroek gedra, 'n hemp met sakke, 'n hoed en ruwe velskoene wat hulle self gemaak het van leer wat hulle gelooi het. Hulle het nie kouse of sokkies gedra nie. Die vroue het eenvoudige rokke van geweefde of bedrukte materiaal saam met sandale of selfgemaakte, ruwe velskoene, weer eens sonder kouse gedra. Die kinders het amper geen klere gedra nie en die meeste het kaalvoet geloop.[50] Omdat Angola 'n redelik warm klimaat het, was 'n trui iets onbekends.[51]

Toe die eerste Afrikaners in 1959 gerepatrieer is, was 'n amptenaar van die Departement Binnelandse Sake se indrukke:

> Alhoewel hulle bloedweinig besittings het en skraps aan klere en lewensmiddele is, is daar geensins gebrek gelei [sic] nie. Die klere is maar eenvoudig (goedkoop gehalte) maar in elk geval skoon en heel.[52]

Voor 1928 kon van die Angola-Boere nog gesê word: "Daar is nie Boere wat die vreemde volke na-aap deur hulle baard te skeer nie, en die meisies en die vrouens dra algar kappies."[53] Kyk figure 21–23 en 37–38 vir voorbeelde van hulle kleredrag.

Die Angola-Boere wat in 1928 na Suidwes-Afrika gerepatrieer is, het veral die aandag getrek met hulle kleredrag:

> Wat my in die eerste plek getref het, was die tiepiese Voortrekker-kleredrag van die mense. Blywend is die indruk wat die groot swart kappies en lang rokke met lang moue op 'n mens maak.
>
> Die vrouens skyn 'n algemene voorliefde te hê vir swart. As 'n mens die kêrels onder mekaar hoor praat van meisies, dan hoor jy dat daar vir hulle niks mooier is as 'n meisie met 'n wit vel en 'n swart rok [nie].[54]

Die kappies en lang rokke wat sommige vroue teen 1958, en sommige selfs teen 1975,

---

50 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18; NHK: K1/2 3/34/5, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – H.L.T. Taswell, 12.11.1956.
51 Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
52 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 0.10.1958, p. 1.
53 A.J. van der Walt, *Noordwaarts!*, p. 202.
54 D. de Jager, "My indrukke van die Angola-trek: Die volksaard van die Angola-Boere", *Die Burger*, 5 Jan. 1929 & *Die Suidwes Afrikaner*, 1 Febr. 1929, p. 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 21: 'n Afrikanervrou met 'n swart kappie, Martie Prinsloo (née Du Preez). *Uit:* Private versameling, M.C.E. Voigt (née Prinsloo).



Figuur 22: 'n Netjiese Afrikaanse bruidspaar. Fanie Opperman en Hansie Ludeke op hulle bruilof op 24 Junie 1957. *Uit:* Private versameling, M.C.E. Voigt (née Prinsloo).



Figuur 23: 'n Tipiese Afrikanergesin in Angola. Baie ouer Afrikanervroue het nog swart kappies gedra, terwyl die jonger geslag daarvan afgesien het. Agter: Hendrik de Klerk. Voor v.l.n.r.: Theuns, ma Maria (née Ivens) met Hannie op die skoot, Hendrik, ouma Van der Walt, Lenie, Carel. *Uit:* Private versameling, mev. J.E. Truter (née De Klerk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog gedra het, was 'n eienaardigheid.[55] Die belangrikste doel van die kappie was om die vroue se gesig en hals teen son en wind te beskerm. Hulle het nie daarvan gehou om "soos kaffers" te verbrand nie.[56] Soms is handskoene gedra om die hande teen die son te beskerm.[57] Van die ouer vroue het slegs swart rokke saam met hul swart kappies gedra.

Vir 'n Portugese waarnemer het dit gelyk of die mans nie omgee vir die armoedige voorkoms van hulle klere nie, terwyl die vroue en veral die dogters ongemaklik voorgekom het en selfs gebloos het wanneer hulle onverwags besoek kry, en dan vinnig hulle hare reggemaak en netjiese of kerkklere aangetrek het, wat "'n skerp kontras gevorm het met die verweerde en slordige klere wat hulle aanvanklik aangehad het".[58]

In 1952 is medisyne, skoene en klere in Suidwes-Afrika gekollekteer en onder die Afrikaners in Angola uitgedeel.[59] In 1953 het Paul van der Walt weer tweedehandse klere in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika gekollekteer vir die Afrikaners in Angola. Daar was heelwat probleme om dit in Angola ingevoer te kry omdat die owerheid in Angola die klere nie wou toelaat nie.[60] Uiteindelik het die Portugese owerheid jare later, op 19 November 1958, nadat die meeste Afrikaners in Angola na Suid-Afrika gerepatrieer is, toestemming gegee dat invoerbelasting op die klere afgeskaf word.[61]

Vervoermiddele

Keer op keer word in verslae daarvan melding gemaak dat bykans geen Afrikaners voertuie gehad het nie en dat hulle lang afstande te voet of per slee afgelê het na die kerkdienste en gemeentelike aktiwiteite van besoekende predikante.[62] In 1946 het die tantes Coetzer,

---

55 Persoonlike onderhoud: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005; E-pos: G.J.C. van Niekerk, 24.08.2005; A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(5), Aug. 1959, p. 16 het 'n foto van tantes Rachel Benade en Maria Visser met hulle kappies.

56 Persoonlike onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, p. 237.

57 Persoonlike onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006.

58 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 18.

59 M.M. van der Walt, "Baie dankie!", *Die Vreugdebode*, I(5), Des. 1952, p. 19.

60 SAB: BTS 86/7/1/1, Brief Mev. E.J. Mulder – Eerste Minister, 30.06.1955; NHK: K1/2 3/34/5, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – H.L.T. Taswell, 12.11.1956; SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 28.08.1958; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 60–61, 108, 111–112.

61 SAB: BTS 86/7/1, Vol. 1. & NHK: K1/2 3/34/5, Brief Gil de Almeida Coutinho – Cônsul Geral da União Sul Africana, 19.11.1958; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 159.

62 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17; Mev. P.H. Storm, "Ons reis na Angola", fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen, p. 32; J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola, II", *Die Vreugdebode*,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Visser en Gertruida Putter (84 jaar oud) 5 uur lank met ’n slee gery om die erediens by te woon.[63] Tydens dieselfde besoek het Barend Ludeke, sy vrou en ’n kind van twee weke oud, asook Cecilia Johanna Brits (née Van der Walt) met ’n tweejarige kind 80 km te voet afgelê om die erediens by te woon.[64] In 1952 het een dogter 15 myl (24 km) te voet afgelê om gekatkiseer te word.[65] Van die lidmate van Chicuma “het sommige te voet, ander weer met waens en fietse” na Dongo, Capala gekom om in 1954 deur Paul van der Walt bearbei te word.[66] Hulle het geen geld gehad om motors – nie eens vir noodgevalle – te huur nie.[67]

In 1940 het Paul van der Walt en Magiel Prinsloo met vragmotors na Angola getrek. Omdat dit gedurende die Tweede Wêreldoorlog was, was brandstof en onderdele nie beskikbaar nie. Hulle het gevolglik die vragmotors verkoop en ossewaens aangeskaf.[68]

Teen die veertiger- en vyftigerjare van die twintigste eeu het slegs enkele Afrikaners nog ’n ossewa besit (kyk figuur 24). Daar is soms nog vir maande lank daarmee gejag.[69] Ander Afrikaners kon gedurende hierdie tyd nog ’n bestaan maak uit transportry. Sommige Afrikaners het van oskarre gebruik gemaak. Dit het gewoonlik twee ysterwiele gehad en is deur twee tot vier osse getrek.[70]

Hoewel houtsleë ook deur inboorlinge gebruik is, is dit deur die Afrikaners na Angola gebring. Dit is van boomstompe gemaak, driehoekig (dit wil sê ’n houtmik), sonder wiele of dak, deur osse getrek en kon op alle paaie gebruik word (kyk figuur 25).[71]

I(6), Febr. 1953, p. 13; P.A. Nannings, “Uit die gemeentes: Capeio, Angola”, *Die Vreugdebode*, II(6), Febr. 1954, p. 11; P.A. Nannings, “Angola ontwaak! Stadige Begin van Bearbeiding, Door de Ned. Herv. Kerk van Suid-Afrika”, *Die Hervormer*, 45(11), Febr. 1954, p. 4; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

63 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946, & Mara Alberts, Verslag van haar besoek aan Angola, 1946; NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; M. Alberts, “Besoek aan Angola”, *Die Christelike vrou*, Sept.–Okt. 1946, p. 5; J.D. Storm, “Afrikaners in Angola”, *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17.

64 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Mara Alberts, Verslag van haar besoek aan Angola, 1946.

65 NHK: K1/2 3/33/5, “Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952”; J.A. Viljoen, “Ons Reis na Angola, II”, *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, p. 13.

66 W. Coetzer, “Uit die Gemeentes: Chicuma-Capala”, *Die Vreugdebode*, III(3), Aug. 1954, p. 16.

67 P.A. Nannings, “Uit die gemeentes: Capeio, Angola”, *Die Vreugdebode*, II(6), Febr. 1954, p. 11; P.A. Nannings, “Angola ontwaak! Stadige Begin van Bearbeiding, Door de Ned. Herv. Kerk van Suid-Afrika”, *Die Hervormer*, 45(11), Febr. 1954, p. 4.

68 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.


69 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; J.J. de Jager, 27.04.2008.

70 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

71 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 21; Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 24: 'n Ossewa, wat toe nog in gebruik was, by Capala, Chicuma, ca. Oktober 1957. *Uit:* M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 11–31, plaat 12.



Figuur 25: 'n Houtslee in gebruik by Capala, Chicuma, ca. Oktober 1957. *Uit:* M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 11–31, plaat 12.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fietse en "bromponies" was ook 'n algemene vorm van vervoer.[72] Jan Diederiks het 'n motorfiets besit.[73] Hy het later twee vragmotors gehad wat in 1958 gebruik is om die Angola-Boere na die grens met Suidwes-Afrika te vervoer.[74] Corneels Prinsloo het ook 'n motorfiets besit.[75]

Perde het nie goed in Angola geaard nie. Kort ná die Boere se aankoms in Angola het die meeste van hulle perde van siektes gevrek sodat daar teen 1883 slegs agt perde in hulle besit was.[76] Slegs die Afrikaners se hardkoppigheid het veroorsaak dat hulle nog perde aangehou het. Teen 1958 was die enkele perde, soos Piet du Plessis van Tunda se brandmaer perd, 'n oorblyfsel van die "goeie ou tyd".[77]

Enkele gesinne het van donkies gebruik gemaak. Theuns Duvenhage het sy donkie met perdetuie opgesaal. Hy het met 'n motor na Angola gekom, maar dit later verkoop en 'n donkiekarretjie aangeskaf.[78]

Voedsel

Die Angola-Boere se voedsel het baie ooreengestem met die Boerekos van Afrikaners op die platteland in Suid-Afrika.[79] Dit was eenvoudig en soms beperk tot mielies (in die vorm van mieliepap, stampmielies of mieliegruis), koring, rys of boontjies.[80] Skaapvleis, pluimvee of wildsvleis is saam met die groente geëet.[81] Vir ontbyt is gewoonlik pap en melk geëet en koffie gedrink.[82]

---

72 H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", p. 260; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
73 Mev. P.H. Storm, "Ons reis na Angola", fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen, p. 30.
74 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
75 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
76 A. de Paiva, "Concelho de Humpata. Relação estatistica dos boérs portuguezes estabelicidos na Humpata, relativa a 1 de julho de 1883", *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 11, 17 de março de 1884, pp. 173–178 (Dis ook gepubliseer in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, pp. 131–142.).
77 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 21.
78 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 21; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
79 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
80 W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957; Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
81 Persoonlike onderhoude: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
82 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omdat daar baie gejag is, het die meeste Afrikaners baie wildsvleis geëet. Dit was deel van byna elke ete.[83] Onder die wild wat geëet is, was rietbok, kringgat (waterbok), bastergemsbok, bosbok, klipbok, duiker en oorbietjie.[84] Dit was die gebruik om seekoeispek saam met wildsbiltong te eet. Dit was glo 'n baie smaaklike gereg.[85]

Vark is gewoonlik slegs een keer per jaar in die winter geslag. Die vleis kon baie lank vars gehou word deur dit in vet gaar te maak, die vleis in 'n emmer, skottel of ander houer te sit en dit in die gesmelte vet in te lê. Die gebruik was noodsaaklik omdat hulle nie yskaste geken het nie, wel koelkamers.[86]

Die vroue het gewoonlik nog brood in buiteoonde gebak. Drie soorte brood is gebak: soetsuurdeegbrood, aartappelsuurdeegbrood en patatbrood. In die jagveld is brood in 'n uitgeholde miershoop (termietnes) gebak.[87]

Twee soorte aanvullers tot koffie is gebruik, hoewel die meeste Boere self koffie aangeplant het: witgatwortel en patats. Die witgatwortel is uitgegrawe, ontbas, gewas, fyngekap, gemaal en gebrand. Patats kon ook in blokkies gesny, gedroog en gebrand word en by die koffie gevoeg word.[88]

Onder die groot verskeidenheid veldvrugte was die grysappel, jakkalsbessie, verskeie soorte klappers, kremetart, kruisbessie, maroela, mispel, moepel, noem-noem, stamvrug, tjiembamba, toep-toepies, waterbessies, wildedadel, wildedruiwe, wildekoejawel, wildenartjie, wildeperske, wildepynappel en wildevye.

Van die noem-noem is asyn, konfyt en 'n smeer gemaak. Asyn is ook van stamvrugte, turksvye, waterbessies, wildekoejawels, wildepruime of wildevye gemaak.[89] Angola is

---

83 Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; J.J. de Jager, 27.04.2008.

84 Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; A.F.F. Monteiro, 02.07.2007; Kruger-gesin, 13.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007

85 Persoonlike onderhoude: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007 & 13.09.2007.

86 Persoonlike onderhoud: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

87 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

88 Persoonlike onderhoud: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

89 D. Postma, "De Trekboeren en Humpata", *Het Zuid Afrikaansch Tijdschrift*, XXV, Jun. 1890, p. 306; D. Postma, "Vervolg van 'De Trekboeren en Humpata'", *De Maandbode*, 1 Nov. 1890; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 241; C.E Ivens, "Vice-Consulat de Belgique à Mossamedes (Angola): Rapport No. 1", *Recueil consulaire contenant les rapports commerciaux des agents belges a l'étranger*, tome 100, 1898, p. 61; O. Warburg (Hrsg.), *Kunene–Sambesi-Expedition H. Baum 1903*, p. 499; A. Alberts, "Kinders van Angola: Die kind se omgewing", *Die Hervormer*, 71(4), Jul. 1979, p. 9; A. Alberts, *Swart weerlig*, p. 47; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 100; J. von Moltke, *Jagkonings*, p. 175; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 50–51; E.L.P. Stals, *Die Van der Merwes van Ehomba*, p. 23; J. Viljoen (samest.), *Pioniers van die Dorsland*, p. 54; Persoonlike onderhoude: G.D. Prinsloo, 13.10.2005; M.A. du Plessis, 11.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ryk aan heuning en hulle het dit dikwels uit byneste in die veld gehaal.[90]

In die jagveld is ’n melkkoei gewoonlik saamgeneem om melk te voorsien. In die oggend is pap en melk vir ontbyt geëet en koffie gedrink. In die middag is gekook. Die middagete was gewoonlik beperk tot ’n kombinasie van boontjies, mieliepap of stampmielies, vleis, rys, aartappels of pampoen. In die aand is wildsvleis gebraai en pap gemaak.[91]

Aan die begin was die Portugese eet- en drinkgewoontes vir die Afrikaners nogal vreemd:

> Die welgestelde Portugees het verskillende gewoontes wat nie ooreenkom met die van die Afrikaner nie, veral met sy ete. Ten eerste word koffie of tee byna nooit gebruik nie. Die plek hiervan word ingeneem deur wyn of brandewyn, gestook van die suikerriet. Hierdie soort wyn is baie lekker soet en ’n gesonde drank. Ook word dit in die plek van water gebruik vir drinkdoeleindes. Die enigste ander soort drank wat gebruik word[,] is kakao, wat na die ete soms op tafel kom. In die plek van poeding eet hy meestal vrugte na sy ander kos; die kos word in opskepskottels op tafel geplaas, en elkeen help homself.[92]

Een gewoonte wat sommige Afrikaners by hulle Portugese vriende oorgeneem het, was om wyn of selfs *aguardente* tydens of ná etes te drink.[93] Sommige Portugese boere het op hulle beurt weer die Boeregewoonte oorgeneem om besoekers koffie aan te bied en op sekere tye van die dag koffie te drink.[94]

Sommige Angola-Boere het mettertyd baie geregte op die Portugese manier voorberei.[95] Party families het die bereiding van geregte van gedroogde of gesoute vis by die Portugese aangeleer en baie lief daarvoor geword. Hulle het ook olyfolie in plaas van vet of botter in geregte begin gebruik. Sommige het selfs ’n smaak vir blaarslaai en olywe ontwikkel.[96]

Onder die Portugese geregte wat die Afrikaners in Angola berei het, was veral vis-

---

90 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
91 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007.
92 J.G. Prinsloo & J.G. Gauché, *In die woeste weste*, p. 109.
93 Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
94 A. Alberts, “Kinders van Angola: Die vorming van die Angola-boerekind”, *Die Hervormer*, 71(3), Jun. 1979, p. 7.
95 Persoonlike onderhoude: M.O. de F.F. Piorek, 05.07.2007; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007 & 13.09.2007.
96 Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; G..M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007 & 13.09.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geregte. *Bacalhau* (gesoute, gedroogde vis) kon op baie maniere voorberei word. Dit was ook ’n tradisionele gereg tydens die Kersete.[97] Vir *bacalhoada* kon *bacalhau* saam met uie, aartappels, groen kool en ’n bietjie olyfolie gekook word. Dit kon fyngemaak word en saam met gekookte eier en olywe geëet word. *Azeite* (olyfolie), asyn, sout en peper kon na smaak bygevoeg word.[98] Ander visgeregte was *arroz com atum* (tuna met rys), *salada de atum* (tunaslaai)[99] en *sardinhas* (sardiens).[100]

Caldeirada is bokvleis (of skaapvleis as bokvleis nie beskikbaar is nie) wat saam met aartappels, uie tamatie, groenrissie, knoffel, speserye, olyfolie en wyn as ’n bredie gaargemaak is, amper soos die Suid-Afrikaanse potjiekos.[101] *Cozido* is ook ’n gereg soortgelyk aan Suid-Afrikaanse potjiekos, gemaak van vleis, hoender of vis.[102] In een variasie daarvan word boontjies met varkpootjies gekook, in ’n ander is hoender en rys met tamatie, groenrissie, knoffel, uie en olyfolie berei. Dit kan saam met spaghetti of macaroni geëet word.[103]

Ander geregte het ingesluit *churrasco* (gebraaide Portugese hoender, met baie brandrissie daaroor), *batatas* (gekookte aartappels) en *macarrão* (macaroni), wat met *chouriço* (gegeurde Portugese wors) geëet kon word.[104]

Vir nagereg is voorberei *banho de Maria* (Maria se bad), wat soos crème caramel proe en in ’n spesiale kastrolletjie (*Banho de Maria*) gaar gestoom word, of *arroz doce* (soet rys), wat van rys en vla gemaak word.[105]

Samevattend kan gesê word dat die Angola-Boere se huise, meubels, kleredrag en vervoermiddele die tekens van hulle armoede getoon het. Hulle voedsel was grootliks dieselfde as Afrikaners in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, hoewel sekere geregte van die Portugese in Angola oorgeneem is.

---

97 Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 19.01.2009.

98 Persoonlike onderhoude: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007 & 13.09.2007. C. Robertson, *Portuguese Cooking*, pp. 118–123, verskaf ’n paar van die mees algemene resepte vir *bacalhau*.

99 Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 19.01.2009.

100 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

101 Persoonlike onderhoud: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 19.01.2009. Volgens C. Robertson, *Portuguese Cooking*, pp. 88–90, is *caldeirada* gewoonlik ’n vissop.

102 Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 19.01.2009. C. Robertson, *Portuguese Cooking*, p. 137, verskaf ’n resep vir *cozido*.

103 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 19.01.2009.

104 Persoonlike onderhoude: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007 & 13.09.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007. C. Robertson, *Portuguese Cooking*, p. 138, verskaf ’n resep vir *churrasco*.

105 Persoonlike onderhoud: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 13.09.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 19.01.2009. C. Robertson, *Portuguese Cooking*, pp. 146–147, verskaf resepte vir *pudim flan* (wat ooreenstem met die resep vir *banho de Maria*) en *arroz doce*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 9
GEESTELIKE KULTUUR VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958)

Sedert die eerste Europeërs na die Kaap gekom het, het die trekkers deur hulle intellektuele en geografiese isolasie al hoe meer van die hoofstroom Westerse denke afgesonder geraak. Die Afrikaners van Angola het eweneens baie geïsoleerd gelewe en min of byna glad nie met die buitewêreld in aanraking gekom.[1] Hulle onkunde, behoudendheid en isolasie het veroorsaak dat alle nuwe wetenskaplike denke verwerp is. Toe sommige van hulle in moderne Portugese skole aan betreklik verouderde intellektuele konsepte (sommige driehonderd jaar oud) blootgestel is, het hulle dit as 'n "konfrontasie" tussen Europa en hulle eie wêreldbeeld ervaar.[2] Vakke soos wetenskap en geologie, waarin evolusie ter sprake kom, het lynreg gebots met hulle wêreldbeskouing wat op die Bybelse skeppingsverhaal en sondeval gebaseer was.[3] Sommige kinders kon nie aanvaar dat die aarde "rond" is of om sy eie as draai nie.[4]

Jan Diederiks het die Afrikaners van Angola beskryf as die "die lewende fossiel […] van 'n wêreldjie wat eenmaal was". Hy het gevoel dat hulle in die verkeerde eeu gelewe het, en die gevangenes van hul karaktersterkte en behoudendheid was.[5]

'n Kommissie van die Hervormde Kerk was in 1957 daarvan oortuig dat die geslag Afrikanerkinders in Angola die laaste geslag sal wees "wat as gevolg van oorlewering nog in 'n mate in staat is om die lewensopvatting van die Afrikaner gehoorsaam te wees".[6]

Pieter Nannings was 'n uitsondering wat in die breër wetenskaplike wêreld 'n bydrae gelewer het deur 'n vis wat hy in Midde-Afrika gevang het, na 'n museum in Nederland te stuur. Dit is toe na hom vernoem as *Barbus nanningsi*.[7]

---

1 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 3.
2 A. Alberts, "Kinders van Angola: Europa konfronteer die Boere-kinders", *Die Hervormer*, 71(12), Mrt. 1980, p. 18.
3 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 115.
4 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 56.
5 W.A. de Klerk, "Swerwer op die sonpad: 3. Dié wat vergeet het om terug te keer", *Sarie Marais*, 27 Mei 1959, pp. 47, 51; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 223.
6 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 8.
7 J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola, II", *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, p. 13; http://www.filaman.ifm-geomar.de/Country/CountrySpeciesSummary.cfm?Country=Angola, besoek op 14.06.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henry Behan was ook een van die weinige uitsonderings en het wetenskaplike instrumente soos 'n teleskoop, maatlint en 'n afstandsmeter (wat in kilometer gemeet het) besit.[8] Sy broer Flip het 'n goeie opleiding as geoloog gehad.[9]

Afrikaanse leesstof

Reeds voor 1928 het die posisie ten opsigte van Afrikaanse leesstof benard daar uitgesien: "So 'n ding as 'n boekwinkel waar die Afrikaner kan koop[,] is daar nie en om boeke te bestel[,] is deur die slegte wisselkoers 'n onmoontlikheid geword." Die gebrek aan leesstof en die gerugte waarop mense vertrou het, was 'n bron van verdeeldheid, bitterheid en misverstand: "Daar is geen voorligting, geen opbou, geen verdediging en derhalwe ook geen publieke opinie nie," het ds. D.G. Venter in 1926 geskryf.[10]

Leesstof was feitlik iets onbekends.[11] Die Kanadese sendeling John T. Tucker het reeds in 1932 versoek dat Afrikaanse "geestelike en opbouende lektuur" aan die Afrikaners van Angola gestuur word.[12] In 1944 het hy die versoek herhaal dat, benewens geestelike lektuur, geïllustreerde Afrikaanse tydskrifte aan hulle gestuur word.[13] Die Hervormde Kerk het in 1945 op 'n soortgelyke versoek van mej. Sylvi Kyllönen van die Finse sending besluit om – benewens Bybels, psalm- en gesangboeke, *Kerkalmanakke* en *Kort begrippe* – twaalf Kinderbybels na die lidmate in Angola te stuur.[14] Tuure Valdemar Vapaavuori was veral daarby betrokke om vir hulle geestelike lektuur in Afrikaans in die hande te kry en uit te deel.[15]

In amptelike verslae en kerkblaaie is herhaaldelik oproepe om Afrikaanse Bybels, psalm- en gesangeboekies, *Kerkalmanakke*, *Kerkblaaie*, Sondagskoolroosters en ander "mooi en goeie leesstof" gedoen.[16] Dit is dan deur besoekende predikante saamgeneem

---

8 Persoonlike onderhoud: H.D. Behan, 07.07.2007.
9 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief F.J. Behan – P.P.H. Alberts, 03.03.1947.
10 D.G.V. [D.G. Venter], "Kerk en Skool. Op besoek in Angola", III, *Die Kerkblad*, 1 Febr. 1927, p. 12.
11 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 3.
12 J.T. Tucker, "Die oorblyfsel van Boere in Angola", *De Kerkbode*, 4 Mei 1932, p. 846.
13 NHK: K1/2 3/30/14, Brief John T. Tucker – A.F. Louw, 04.07.1944; J.T. Tucker, "Boere in Angola", *Die Kerkblad*, 7 Jul. 1944, p. 14; NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 07.12.1944.
14 NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 12.09.1945.
15 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
16 M.M. Grobler, "Hulp vir die Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 31 Mrt. 1937, p. 13; M. Alberts, "Besoek aan Angola", *Die Christelike vrou*, Sept.–Okt. 1946, p. 5; NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 24.09.1946; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en onder die Angola-Boere versprei om die behoefte aan leesstof te verlig.[17]

Tot so laat as 1946 is tweedehandse Hollandse Bybels en psalm-en-gesangeboekies deur besoekende predikante vir hulle saamgeneem. Daar is eers jare later na Afrikaanse Bybels en psalm-en-gesangboeke oorgeskakel. Benewens die Bybel is Afrikaanse koerante en tydskrifte benut om die kinders te leer lees.[18] Die leesstof was oorwegend geestelik van aard. Hans Alberts was in 1946 op *Die Hervormer* ingeteken,[19] terwyl enkele gemeentelede *Die Hervormer* maandeliks gratis ontvang het.[20]

Min mense het Afrikaanse koerante en tydskrifte ontvang.[21] Herman Smit het verskeie tydskrifte en koerante ontvang, waaronder *Het Zoeklicht*, *Die Burger*, *Die Brandwag* en *Die Huisgenoot*.[22] Bart de Paiva was op *Die Huisgenoot* ingeteken,[23] terwyl Theunis de Klerk omstreeks 1955 die *Naweekpos* deur bemiddeling van ds. J.H.H. Janson ontvang het.[24] Sommige Afrikaners was op tydskrifte soos *Die Huisgenoot*, *Keur*, *Die Brandwag*, *Die Touleiertjie* (deel van *Die Brandwag*), *Sarie Marais*, *Rooi Rose*, *Landbouweekblad*, *Inspan*, *Ster*, *Die Christelike Vrou* en *Fyn Goud* ingeteken. Dit het soms maande geneem om hulle te bereik.[25] Vervolgverhale en kortverhale van J. van Elders in *Die Huisgenoot* was veral gewild.[26] Hulle het ook koerante soos *Die Suidwester*, *Die Suidwes-Afrikaner* en *Die Vaderland* gelees.[27] Vir die tydskrif *Sarie Marais* het hulle hoë lof gehad.[28] Werner Wilhelm Voigt, 'n Duitse boer, het op die *Landbouweekblad* ingeteken omdat dit nuttige inligting oor boerderytoestande in Afrika bevat het.[29]

---

17 Persoonlike onderhoude: F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

18 NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 07.12.1944; NHK: K1/2 3/30/14, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Ds. J.D. Storm, 21.11.1945; P.A. Nannings, "Korrespondensie", *Die Hervormer*, 20 Apr. 1947, p. 22; Anon., "Angola-Boere Brandarm Maar Edel Van Inbors", *Die Volksblad*, 1 Okt. 1958; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

19 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.

20 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946; P.A. Nannings, "Korrespondensie", *Die Hervormer*, 20 Apr. 1947, p. 22; H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", p. 249.

21 Anon., "Ons Volksgenote in Angola", *Inspan*, VI (3), Des. 1946, p. 15; Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.

22 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, p. 388.

23 Private versameling, Doc Immelman, Brief Nasionale Tydskrifte Beperk – Doc Immelman, 17.07.1968.

24 NHK: K48 5/1/1, Brief T.C. de Klerk – Ds. J.H.H. Janson, 15.11.1955.

25 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief T. C. de Klerk – P.P.H. Alberts, 23.04.1949; H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", pp. 249, 262; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; Kruger-gesin, 13.07.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

26 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

27 H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", pp. 249, 262; Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

28 Anon., "Angola-Boere Brandarm Maar Edel Van Inbors", *Die Volksblad*, 1 Okt. 1958.

29 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1945–1946 het vier jong Afrikaners – A.N.J.D.A. (Andries Alberts), C.J.G.P (Corrie Prinsloo), J.J.D. (Jan Diederiks) en Marthie Prinsloo – enkele bydraes aan *Die Brandwag* gestuur.[30] Herman Smit en Paul van der Walt het ook kortverhale en vertellings geskryf wat in *Die Huisgenoot* gepubliseer is.[31]

Slegs enkele Afrikaners het boeke besit. Onder hulle was Jan Diederiks, wat 'n versameling hoofsaaklik Nederlandse boeke by Pieter Greshoff geërf het.[32] Daar was wel enkele Afrikaanse boeke soos *Die bergstroom ruis* (D.F. Malherbe) en *Onthou! In die skaduwee van die galg* (Hendrina Rabie-Van der Merwe) wat onder mekaar gesirkuleer is.[33]

Interessantheidshalwe kan die Afrikaners van Angola se leesgewoontes vergelyk word met dié van Afrikaanse leerlinge teen die dertigerjare van die twintigste eeu. In 'n opname wat onder meer as 15 000, hoofsaaklik Afrikaanssprekende, leerlinge gedoen is, is bevind dat koerante in 40% van huishoudings aangetref is en dat dit deur 12% van leerlinge gelees is. *Die Huisgenoot* is in 22% van huishoudings aangetref en deur 16% van leerlinge gelees, terwyl *Die Kerkbode* in 16% van huishoudings aangetref is en deur 5% van leerlinge gelees is. C.J. Langenhoven se boeke is meer as enige ander boek gelees, die Bybel ingeslote. *Die Huisgenoot* het waarskynlik naas Langenhoven die meeste daartoe bygedra om Afrikaanse kinders aan die lees te kry.[34]

Afrikaanse radio-uitsendings

Uitsendings van die Afrikaanse diens van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) kon oor 'n groot deel van suidelike Afrika opgevang word. Dit is onseker hoeveel Afrikaners in Angola radio's gehad het. Tog het die radio 'n belangrike kulturele rol vervul.

---

30 A.N.J.D.A., "Uit die Lewe: Slagting onder die Bokke", *Die Brandwag*, 12 Jan. 1945; A.N.J.D.A., "Uit die Lewe: Wie Lus Beskuit …", *Die Brandwag*, 19 Jan. 1945; A.N.J.D., "Uit die Lewe: Getroue Perdewagter", *Die Brandwag*, 20 Apr. 1945; A.N.J.D.A., "Ervarings en Voorvalle: 'Ek Het Jou Mos Gesê'", *Die Brandwag*, 17 Aug. 1945; A.N.J.D.A.,"Uit Die Lewe: Gif op die Voorposte" & "Uit Die Lewe: Oor 'n Nuwe Geweer", *Die Brandwag*, 11 Jan. 1946, p. 3; A.N.J.D.A., "Uit Die Lewe: Die Oog van die Riem", *Die Brandwag*, 25 Jan. 1946, p. 39; J.J.D., "Uit die Lewe: Stroomaf In 'n Kano", *Die Brandwag*, 24 Aug. 1945; C.J.G., "Uit Die Lewe", *Die Brandwag*, 18 Jan. 1946, p. 31; C.J.G., "Ervarings en voorvalle: Leer Om Leer …", *Die Brandwag*, 5 Apr. 1946, p. 13; M. Prinsloo, "Die Touleiertjie: Van ons maats", *Die Brandwag*, 31 Jan. 1946, p. 45.

31 Kyk H. Smit, "Die 'condenado' (vertelling uit Angola)", *Die Huisgenoot*, 21 Jun. 1940; P.S. van der Walt, "'n Eensame Graf in Angola", *Die Huisgenoot*, 16 Apr. 1943, p 19.

32 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.

33 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

34 E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel III), pp. 369–370.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paul van der Walt het na die kerkdienste oor die radio geluister en dan later weer in sy preke gebruik. Vir ander Afrikaners in Angola was dit 'n bron van inligting oor Suid-Afrika (byvoorbeeld nuusbulletins), terwyl ander graag na die kerkdienste geluister het.[35] Sommige het met groot entoesiasme na die rugbyuitsendings geluister en Springbok- en Blou Bul-ondersteuners (dit wil sê van Noord-Transvaal Rugbyunie se rugbyspan) geword.[36] Radio RSA het eens ook 'n Portugese diens gehad. Sommige Afrikaners het dus na die nuus in Portugees oor hierdie stasie geluister.[37]

Ander vorme van vermaak was beperk. Sommige Afrikaners het nie bioskoop toe gegaan nie – "Dit was duiwels!" aldus Danie Storbeck.[38] Ander Afrikaners het grammofone besit waarop grammofoonplate gespeel is. Soms is daar gedans. Veral Chris Blignaut se plate was baie gewild.[39] By ander Afrikaners was volkspele weer baie gewild.[40]

Afrikaanse taal

Teen 1928 was Afrikaans so ingeburger in die suide van Angola dat beweer is daar was toe meer Portugese wat Afrikaans kan praat as Afrikaners wat Portugees kan praat.[41] Verskeie gevalle van Portugese wat Afrikaans goed kon praat, is opgeteken.[42] Vir handelaars wat met die Boere besigheid gedoen het, was dit absoluut noodsaaklik om Afrikaans te kon praat aangesien die meeste Boere slegs Afrikaans kon praat.[43] Hierteenoor is dit opvallend

35 SAUK: T58/9 18/56–58(58), Onderhoud Mnr. Opperman, 25.11.1958; Anon., "Gryse Angola-moeder dankbaar om terug in Vaderland te wees: Soek tevergeefs na Dogter op Stasie", *Die Transvaler*, 19 Nov. 1958; T. Potgieter, "Voorbeeld van die Angola-boere", *Die Transvaler*, 17 Des. 1958; D. Immelman, "'Oom' Bart de Paiva: Pionier van Angola", *SWA Jaarboek*, 1967, p. 69; H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", p. 249; SAUK: T58/9 18/56–58(58), Onderhoud met ene Opperman; Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

36 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

37 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.

38 Persoonlike onderhoud: D.J. Storbeck, 11.09.2005.

39 Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

40 Persoonlike onderhoud: Kruger-gesin, 13.07.2007.

41 A.J. van der Walt, *Noordwaarts!*, p. 201; W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 15.

42 J.P. do Nascimento, *Da Huilla às terras do Humbe (Notas a lápis)*, p. 104; Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, pp. 117 n., 119 n., 122 n.; A.J. van der Walt, *Noordwaarts!*, pp. 201–202; C.F. McDonald, *Op vlug deur donker Afrika*, p. 119; GKSA: Humpata Bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", p. 76; A. Alberts, "Kinders van Angola: Die vorming van die Angola-boerekind", *Die Hervormer*, 71(3), Jun. 1979, p. 7.

43 C.E. Ivens, "Vice-Consulat de Belgique à Mossamedes (Angola): Rapport No. 1", *Recueil consulaire contenant les rapports commerciaux des agents belges a l'étranger*, tome 100, 1898, p. 66; H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907 – Junho 1909)*, p. 174.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat slegs 'n minderheid van die ongeveer 2000 Afrikaners wat Angola in 1928 verlaat het, Portugees kon praat.

By die Portugese owerheid het die persepsie bestaan dat die inheemse bevolking Afrikaans makliker as Portugees kan aanleer en moontlik met die Boere kon saamsweer teen die Portugese owerheid.[44] Dit was vir hulle opmerklik dat die Afrikaanse kinders die plaaslike inheemse tale beter kon praat as Portugees.[45] Teen 1957 was daar nog Portugese in Angola wat Afrikaans met hulle swart werkers, wat afstammelinge van die "mak volk" was, gepraat het.[46]

Die Switserse sendeling Héli Chatelain het vlot Afrikaans met die Boere gepraat en ook in Afrikaans met hulle gekorrespondeer.[47] Tuure Valdemar Vapaavuori van Finland, 'n sendeling by Soussangue, Chicuma, kon ook vlot Afrikaans praat en het Afrikaanse doopsertifikate aan dopelinge uitgereik. By geleentheid het hy vir hulle in Afrikaans gepreek. Afrikaners het van heinde en ver met sleë opgedaag om sy dienste by te woon.[48]

Omdat die Portugese in Angola die tegnologie van die ossewa van die Boere oorgeneem het en daar nie Portugese terme vir die onderdele van ossewaens en die name van trekosse was nie, het hulle die Afrikaanse name daarvoor gebruik. Omdat hulle nie altyd geweet het wat die naam beteken nie, het dit dus gebeur dat 'n pikswart os Witlies en 'n bont os Rooiland genoem is.[49] Dit was ook vir ander reisigers opvallend dat beeste en osse dikwels Afrikaanse name gekry het, dikwels deur eienaars wat glad nie Afrikaans magtig is nie. Selfs vandag nog word beeste en osse met Afrikaanse name in Angola aangetref.[50]

Omdat die gebruik van Afrikaanse name vir wild so algemeen was, is die Afrikaanse name van wild soms gebruik in jagregulasies wat van tyd tot tyd uitgevaardig is.[51]

Dit sou 'n geregverdigde veronderstelling wees dat die Afrikaans van die Angola-

---

44 G.S. Dias, *Jornadas Heróicas de Artur de Paiva*, p. 179.
45 J.G.H. van der Walt, "Op reis in Portugees West Afrika. IV. Die Boere", *Het Kerkblad*, 1 Mrt. 1920, p. 9.
46 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16; Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
47 SAM: HC, Briewe H. Chatelain – Susanna A. Behan, 05.02.1906 & 30.04.1906; H. Chatelain – Andries de Klerk, 04.02.1907; H. Chatelain – Daniel Grobler, 12.03.1906 & 27.11.1906; H. Chatelain – Josia Hamman, 02.03.1907; H. Chatelain – Hendrik Pretorius, 24.03.1906 & 07.04.1906; H. Chatelain – Joh. H. van der Merwe, 12.03.1906, 12.06.1906 & 31.10.1906. Kyk ook A. Chatelain & A. Roch (Eds), *Héli Chatelain. L'ami de l'Angola*, p. 212; D. Birmingham, "Wagon Technology, Transport and Long-distance Communication in Angola 1885–1908", p. 5; D. Birmingham, *Empire in Africa*, pp. 47–48, 52.
48 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
49 A. Alberts, "Kinders van Angola: Die vorming van die Angola-boerekind", *Die Hervormer*, 71(3), Jun. 1979, p. 7.
50 E-pos: Jan Viljoen, 23.08.2005; Persoonlike onderhoud: S.J.D. (Faan) van der Merwe, 02.09.2008.
51 J.M.R. Norton de Matos, Portaria No. 1:229 de 5 de Novembro de 1914, *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 45, Sábado 7 de Novembro de 1914, pp. 989–990.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Boere deur Portugees, Afrikatale van die plaaslike bevolking en selfs Duits beïnvloed sou kon word. Aan die ander kant sou dit ook moontlik wees dat, weens die betreklike isolasie van die Afrikanergemeenskappies in Angola, Afrikaans min invloed van hierdie tale sou kon toon.

In ’n studie oor die Afrikaans van die Angola-Boere omstreeks 1959 het S. Strydom onder meer bevind daar nie van punktuasie in hulle briewe gebruik gemaak word nie. Ou spellingsvorme uit Nederlands (soos *jij* en *hij*) het in sommige gevalle behoue gebly. Strydom het gedink dat dit moontlik op die invloed van die Nederlandse Bybel kon dui. Woorde is dikwels verkeerd gespel (wat Strydom aan gebrekkige skoolopleiding toegeskryf het). Die sinstruktuur het soms vreemd aangedoen en soms was daar ’n bepaalde onbeholpenheid wat sintaksis betref. Hulle skryftaal was ’n betreklik getroue weergawe van die spreektaal (weer eens die resultaat van gebrekkige skoolopleiding).[52]

In sy artikel bespreek Strydom ook ’n beperkte aantal vorme van klinkerwisseling en klinkereienaardighede, medeklinkerverskynsels en ander taalverskynsels soos naamgewing, volksetimologie, idiomatiese uitdrukkings en leenwoorde uit Portugees en Afrikatale. Hy kom tot die gevolgtrekking dat ons hier met Afrikaans in isolasie te doen het en sluit af:

> Die gebrek aan skoolonderrig, die afwesigheid van dryfvere tot geestelike ontwikkeling, die geringe kontak met Afrikaans in die vaderland, bring mee dat die Afrikaans van die Angolaboer gedeeltelik herinner aan die Afrikaans van vroeër en gedeeltelik ook vreemd aandoen.[53]

W.A. de Klerk het in 1957 verskeie opnames van hulle taalgebruik gemaak en bevind dat dit heelwat ooreenstem met die taal van die Voortrekkers soos dit in *Die Dagboek van Louis Trigardt* gebruik word. In hulle afsondering het hulle dus die taal van ’n vergange tyd behou. Hy het ook bevind dat daar onderling individuele taalverskille was en dat sommige se taalgebruik meer “modern” en ander s’n meer “argaïes” as dié van die res was.[54]

---

52 S. Strydom, “Die Afrikaans van die Angolaboere”, in *Taalkundige opstelle van oud-studente aan prof. dr. T.H. le Roux*, pp. 68–69. H. du Plessis (projekleier), “Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes”, het ’n soortgelyke studie oor die Afrikaans van die “mak volk” gelei en tot soortgelyke gevolgtrekkings oor hulle taalgebruik gekom.

53 S. Strydom, “Die Afrikaans van die Angolaboere”, in *Taalkundige opstelle van oud-studente aan prof. dr. T.H. le Roux*, pp. 78–79.

54 W.A. de Klerk, *Die laer*, pp. 347–348. H. du Plessis (projekleier), “Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes”, pp. 45, 84, 92, het tot soortgelyke gevolgtrekkings oor die taalgebruik van die “mak volk” gekom.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Afrikaners van Angola was oor die algemeen trots om Afrikaners te wees en het 'n besondere behae daarin geskep om hulle taal suiwer te hou.[55] Persone wat in kontak was met die Angola-Boere wat in 1928 na Suidwes-Afrika gerepatrieer is, het dikwels hulle verbasing uitgespreek dat hulle "suiwer Afrikaans" gepraat het. Hoewel daar woorde uit Portugees en Afrikatale in hulle woordeskat was, was daar bykans geen Anglisismes nie. Wanneer hulle emosioneel raak, het hulle Portugese skeldwoorde gebruik.[56] Afrikaanse vloekwoorde het hulle nie gebruik nie – "die mense daar gebruik nie rowwetaal nie".[57]

Ds. J.G.H. van der Walt het ná sy besoek in 1920 opgemerk: "Als in aanmerking geneem word, dat elke boer kan kaffer-taal praat en dat die kinders dikwels al kaffertaal praat nog eer hulle Afrikaans ken, dan is dit treffend dat die taal so suiwer geblij het."[58]

Hoewel hulle nog goeie Afrikaans gepraat het, was daar mettertyd 'n duidelike Portugese aksent merkbaar.[59] "Die aksent was bietjie anderster as nou," het een van die Angola-Boere in later jare onthou.[60] Teen 1958 was dit vir 'n spesiale verslaggewer van *Die Volksblad* steeds opvallend dat hulle geen Engelse woorde of Anglisismes gebruik het nie. Hy kon ook nie Portugese woorde in hulle taalgebruik hoor nie.[61] 'n Verslaggewer van *Die Suidwester* was eweneens beïndruk deur "die suiwerheid van hulle Afrikaans", hoewel hulle woorde soos "onmogelik" gebruik het. Dit was vir hom opvallend dat hulle Afrikaans ná 'n eeu in afsondering "wonderbaarlik behoue" gebly het.[62]

Die Boere het voldoende kennis van die spreektaal van die Portugese opgedoen, maar dikwels in gebreke gebly om te leer om die taal te lees en te skryf.[63]

In 1957 het 'n kommissie van die Hervormde Kerk bevind "dat, hoewel die mense

---

55 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005.

56 D. de Jager, "My indrukke van die Angola-trek: Die volksaard van die Angola-Boere", *Die Burger*, 5 Jan. 1929 & *Die Suidwes Afrikaner*, 1 Febr. 1929, p. 3; Ou vale [J.H. Erlank], "Onder die Angola-Trekkers", *Die Huisgenoot*, 28 Mei 1937, p. 35; J.J. Steenkamp, "Die Angola-Boere. Hul Taal en Besondere Taalgebruik", *Die Huisgenoot*, 11 Aug. 1939, p. 35; Die Taalwag, "Angolaboere se Taal (I)", *Die Burger*, 4 Jan. 1941; L.G. Green, *Lords of the last Frontier*, p. 176; Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

57 D. de Jager, "My indrukke van die Angola-trek: Die volksaard van die Angola-Boere", *Die Burger*, 5 Jan. 1929 & *Die Suidwes Afrikaner*, 1 Febr. 1929, p. 3; P.P.H. Alberts, "Gemeentelike berigte: Outjo, S.W.A.", *Die Hervormer*, 20 Apr. 1947, p. 17.

58 J.G.H. van der Walt, "Op reis in Portugees West Afrika. IV. Die Boere", *Het Kerkblad*, 1 Mrt. 1920, p. 9.

59 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17; Persoonlike onderhoud: D.F. Immelman, 02.07.2007. W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 220 het ook opgeteken dat hoewel Jan Diederiks netjiese, korrekte Afrikaans gepraat het daar al 'n effense Portugese aksent by hom bespeurbaar was.

60 Persoonlike onderhoud: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

61 Anon., "Angola-Boere Brandarm Maar Edel Van Inbors", *Die Volksblad*, 1 Okt. 1958.

62 Anon., "Suidwesters is goed vir Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 1 Okt. 1958, pp. 1, 4.

63 J.G.H. van der Walt, "Op reis in Portugees West Afrika. IV. Die Boere", *Het Kerkblad*, 1 Mrt. 1920, p. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog goeie Afrikaans besig, ons en andere tog by hulle verby praat, bloot omdat hulle net nie meer dieselfde begrippe aan uitdrukkings en taalgebruik heg as ons nie".[64] Volgens Klaas Steytler was hulle taal al deur Portugees beïnvloed. Hulle het byvoorbeeld die woord "straat" vir "pad" gebruik. Ander eienaardighede was die gebruik van "huis" vir "winkel", "sithuis" vir "sitkamer", "eethuis" vir "eetkamer" en "staradio" vir "telefoon". "Tuin" en "huis" is ontrond en as "tyn" en "hys" uitgespreek.[65]

Dit wil voorkom of in huisgesinne met 'n Portugese vader en Afrikaanse moeder oorwegend Portugees gepraat is, hoewel daar darem ook 'n bietjie Afrikaans gebruik is. Die meerderheid kinders uit sulke huwelike het min Afrikaans gepraat, hoewel hulle dit 'n bietjie kon verstaan. In die gevalle waar hulle in 1975 na Suidwes-Afrika of Suid-Afrika gevlug het, het hulle eintlik eers Afrikaans leer praat nadat hulle Angola verlaat het.[66]

In 1954 moes een van die jong lidmate, Cristóvão Groesbeek de Lima, sy katkisasieklasse in Portugees ontvang nadat hy van die Rooms-Katolieke Kerk oorgekom het.[67] Johannes Piorek Seirós het in 1958 met sy aankoms in Suid-Afrika swak Afrikaans maar vlot Portugees gepraat.[68] P.J. van Zyl het met sy aankoms in Suid-Afrika in 1959 ook maar moeilik Afrikaans gepraat.[69]

Tydens 'n besoek van Lou du Plessis in 1973 moes hy met sy familie in Portugees kommunikeer, hoewel sy kleinniggies Marie de Miranda, Miemie Diogo en Hendriena de Oliveira (almal lede van die De Paiva-familie) darem op 'n manier Afrikaans kon praat.[70] Co de Paiva, 'n dokter in Luanda, kon teen 1957 nie meer goed Afrikaans praat nie.[71]

Dit is moontlik dat daar al 'n effense stigma daaraan gekleef het om Afrikaans te praat. In 1950 was daar die geval van Magdalena Hayes (née Botha) wat deur haar eie kinders gespot is "oor sy Afrikaans praat, en aan die Bybel glo".[72] Baie Portugese het

---

64 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 7.
65 K. Steytler, "Panorama: 'Angoliere' Praat Interessante Afrikaans", *Die Transvaler*, 18 Nov. 1958.
66 Persoonlike onderhoude: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006; A.F.F. Monteiro, 02.07.2007; M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; M.O. de F.F. Piorek, 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; J.P. Seirós, 23.05.2008.
67 W. Coetzer, "Uit die Gemeentes: Chicuma-Capala", *Die Vreugdebode*, III(3), Aug. 1954, p. 16.
68 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 14; Anon., "70 Angola-afrikaners vertrek vandag na die Unie", *Die Suidwester*, 29 Nov. 1958, p. 2; Persoonlike onderhoud: J.P. Seirós, 23.05.2008.
69 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 32.
70 U.M. du Plessis, *Op vér Paaie. Vertellinge uit die lewe van Ursula M. du Plessis*, p. 93; L.M. du Plessis & U.M. du Plessis, *Terugblik op die lewe van Lourens Marthinus du Plessis*, p. 109; Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
71 W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 126.
72 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

neergesien op die Afrikaanse taal. In sommige gevalle het Portugese mans dit glad nie verdra as hulle Afrikaanse vroue Afrikaans in hulle huise praat nie. Daar word beweer dat sommige vroue deur hulle mans geslaan is as hulle dit sou waag.[73]

Dit is opvallend dat in *Die Vreugdebode*, 'n blaadjie wat onder die Hervormde lidmate in Suidwes-Afrika en Angola versprei is, gereeld oordenkings in Portugees deur Paul van der Walt gepubliseer is.

Afrikaanse volksfeeste en sosiale byeenkomste

Die Boere by Humpata het vanaf 1911 tot 1927 "Dingaansfees" (Geloftedag) op 15 en 16 Desember gehou. Die program daarvan het grootliks ooreengestem met soortgelyke vieringe wat in Suid-Afrika gehou is.[74]

In die Sandveld het 'n aantal gesinne (dié van Magiel Prinsloo, Paul van der Walt, Hans Alberts, Bart de Paiva en Willem Venter) in later jare rondom 15 Desember by-mekaargekom en met ossewaens onder 'n groot maroelaboom by Tunda laer getrek. Daar is gesellig verkeer en die kinders het tot laatmiddag kinderspeletjies en jukskei gespeel. In die aand is 'n groot kampvuur gemaak. Godsdiens is gehou, voordragte gelewer en daar is van die Voortrekkers se geskiedenis vertel. Hulle het die geskiedenis van die Boere met moedersmelk ingekry. Op die oggend van Dingaansdag is almal vroegoggend gewek deur 'n paar geweerskote. Later in die oggend is weer godsdiens gehou.[75] Op 16 Desember 1970 is 'n Geloftefeesdiens deur ds. W.P. van der Merwe by Lubango gehou. Dit is ook deur die De Paiva-familie bygewoon.[76] Ook elders in Angola is Dingaansdag gevier en die tradisie in stand gehou. 'n Gedenkdiens is gehou en die gelofte is voorgelees. In die middag is Boeresport gehou.[77]

Solidariteit met die res van die Afrikanerdom word op 'n sonderlinge manier geïllustreer deur twee briewe wat Afrikaners van Angola ten tye van die inwyding van die Voortrekkermonument gestuur het om by dié geleentheid voorgelees te word (maar nooit voorgelees is nie) en in koerante en tydskrifte gepubliseer te word.[78] Die een brief was

---

73 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.
74 Anon., "Dingaansfees op die Koenene", *Die Suidwes Afrikaner*, 17 Des. 1928; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 175–178.
75 M. Voigt, "Waardering aan die oue ds PS van der Walt (92 jaar)", *Konteks*, 5(12), Des. 1994, pp. 20–21; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
76 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 210.
77 Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
78 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.A. Nannings – Angola Kommissie van die Hervormde Kerk, 02.11.1949.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van "Ons klompie Afrikaners afstammelinge van die Voortrekkers en Dorslandtrekkers, hier in die verte van Angola"[79] en die ander was "Een Bootskap uit Angola van Suid Afrikaner Voortrekker families en kinders aan het hele reusagtige geestdriftige feestvierende Afrikanerdom aan die voet van die Voortrekkers Monument op Pretoria".[80]

Die tyd tussen Kersfees en Nuwejaar was die groot sosiale geleentheid van die jaar. Daar is reeds lank voor die tyd gebak en geslag. 'n Hele paar gesinne het in 'n groot ossewalaer gekamp. Boeresport en skietkompetisies is gehou. Daar is sommer twee dae lank aanmekaar gedans, terwyl die kinders lekker met mekaar gespeel het.[81] Groot geskenke is nie aan mekaar gegee nie omdat daar nie winkels in die omgewing was nie.[82] By Chicuma is op Wentzel Coetzer se plaas vergader.[83] Met Kersfees is gewyde liedere gesing. Wanneer die De Klerks en Paulissens bymekaargekom het, het Hans Paulissen viool gespeel en sy vrou Dorothea klavier.[84] In die suide van Angola het die Prinsloos, Van der Walts, De Paivas, Pioreks, Milho's en Voigts afwisselend op verskillende plase bymekaargekom. Daar is vir beide Kersfees en Nuwejaar bymekaar gekom. Met Nuwejaar is jukskei gespeel, tougetrek en volkspele "tipies op die ou manier gedoen".[85]

Slegs sporadiese kontak is met Afrikaanse kultuurverenigings gemaak. Gedurende November en Desember 1946 het Jan Diederiks die FAK, die RDB, die ATKV en ander Afrikaanse kultuurorganisasies in Johannesburg gaan spreek in verband met die oprigting van 'n skool vir Afrikaners in Angola.[86] In 1954 was daar 'n tak van die NHSV (Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging) in Chicuma-Capala bedrywig.[87] Dit is deur Mimie, eerwaarde Paul van der Walt se vrou, gestig. Sy was die voorsitter en Marthie Prinsloo die sekretaresse.[88]

Met verloop van jare is verskeie herdenkingsfeeste vir die Dorslandtrek en die repatriasie van 1928 gehou, onder meer by Rietfontein (Etosha) (Oktober 1950), Riet-

---

79 NHK: K1/2 3/32/5, Brief D.B. Enslin & J.J. Hamman, 20.11.1949.
80 NHK: K1/2 3/32/5, "Bootskap" opgestel deur P.A. Nannings, begelei deur 'n brief P.A. Nannings – Angola Kommissie van die Hervormde Kerk, 02.11.1949.
81 Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
82 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
83 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
84 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
85 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007.
86 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Algemene sekretaris, FAK – Ds. J.J. Prinsloo, 15.01.1947 & P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 14–16; J.J. Diederiks, "Korrespondensie: Afrikaans in Angola", *Die Hervormer*, 20 Apr. 1947, pp. 21–22.
87 B. Storbeck, "Uit die Gemeentes: N.H.S.V. Chicuma-Capala, Angola", *Die Vreugdebode*, III(4), Okt. 1954, p. 20.
88 M. Voigt, "Waardering aan die oue ds PS van der Walt (92 jaar)", *Konteks*, 5(12), Des. 1994, p. 21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

fontein (Gobabis) (Oktober 1951), Swartbooisdrif (Junie & Julie 1953), Rietfontein (Etosha) (Oktober 1955), Humpata (Julie 1957), Swartbooisdrif (1969), Swakopmund (April 1988) en Swartbooisdrif (Augustus 2001, Augustus 2003 en Augustus 2008).[89]

Op 10 Oktober 1950 is 'n monument by Rusplaas (Otjitundua) in Kaokoland ter ere van die Dorslandtrekkers deur die administrateur van Suidwes-Afrika, kol. P.I. Hoogenhout, onthul.[90] Die gedagte was om die 75ste herdenking van die Dorslandtrek by wyse van 'n Heldedagfees te vier. Kaokoland het lank laas soveel blankes gesien.[91] Tydens die fees van Oktober 1951 te Rietfontein (Gobabis of Omaheke) was daar 200 feesgangers teenwoordig en 'n gedenkplaat is op 10 Oktober 1951 onthul.[92]

Tydens die fees van 26 Junie tot 2 Julie 1953 is die deurtog van die Angola-Boere in 1928 (25 jaar tevore) herdenk en 'n monumentjie is bokant Swartbooisdrif op die suidoewer van die Kunene opgerig.[93] Die fees is deur lede van die De Paiva-familie en Peet Prinsloo wat in Angola gewoon het, bygewoon.[94] In Oktober 1955 is 'n fees by Rietfontein in die Etosha-wildtuin gehou waartydens 'n monumentjie by die graf van Johanna Alberts onthul is.[95]

Die fees van 1957 was 'n belangrike katalisator vir die repatriasie van die Angola-Boere in 1958.

Gedurende 23 tot 27 Julie 1969 is 'n verdere herdenkingsfees by Swartbooisdrif gehou om die repatriasie van 1928–1929 te herdenk en die administrateur J.G.H. van der Watt het 'n monumentjie te onthul.[96] Volgens E.T. Meyer is die herdenkingsfees van 1969 gehou:

---

89 G.D. van der Smit, *Biografie en Geslagsregister van Pieter van der Smit en eggenote Martha Maria (gebore Prinsloo)*, p. 214; U.M. du Plessis, *Op vér Paaie. Vertellinge uit die lewe van Ursula M. du Plessis*, pp. 76–80; L.M. du Plessis & U.M. du Plessis, *Terugblik op die lewe van Lourens Marthinus du Plessis*, pp. 92–100; P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, pp. 41–69.

90 Anon., "Administator [sic] Unveils Monument to Angola Boers at Rusplaas", *The Windhoek Advertiser*, 11 Oct. 1950, p. 2; Private versameling, E.M.M.E. Maritz: P. van der Merwe, "Die Dorslandtrek", p. 6; P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, pp. 43–46.

91 W.A. de Klerk, *Drie swerwers oor die einders*, pp. 86–87.

92 Private versameling, E.M.M.E. Maritz: P. van der Merwe, "Die Dorslandtrek", p. 6; P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, pp. 41–43.

93 W.P. van der Merwe, "Fees aan Kunene-rivier", *Die Hervormer*, 44(6), Sept. 1953, p. 19; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 146; P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, pp. 53–55.

94 U.M. du Plessis, *Op vér Paaie. Vertellinge uit die lewe van Ursula M. du Plessis*, p. 78; L.M. du Plessis & U.M. du Plessis, *Terugblik op die lewe van Lourens Marthinus du Plessis*, p. 95.

95 P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, p. 47.

96 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 204; Private versameling, E.M.M.E. Maritz: P. van der Merwe, "Die Dorslandtrek", p. 6; P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, pp. 56–58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> om die gebeurtenisse in Angola oor ’n tydperk van 50 jaar te herdenk, om die klem nog eens te laat val op die oorsake wat gelei het tot die landverhuising na Suidwes-Afrika, om die gedagtes terug te voer na die groot trek na Suidwes-Afrika veertig jaar gelede, om terug te kyk op die eerste jare van swaarkry en ontberings in die nuwe tuiste Suidwes-Afrika, en om rekenskap te gee van die bydrae wat die Angola-Boere reeds gelewer het tot die ontwikkelingsgeskiedenis van Suidwes-Afrika.[97]

Met die honderdjarige herdenking van die Dorslandtrek in 1974 en 1975 kon geen herdenkingsfeeste gehou word nie, aanvanklik weens brandstofbeperkings en later weens die verslegtende politieke toestand en die dreigende oorlog in Angola.[98]

Boererate en bygeloof

By gebrek aan bekwame dokters en opgeleide verpleegsters was daar in Suid-Afrika gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu algehele onkunde onder die armer gedeeltes van die blanke bevolking omtrent verskeie eenvoudige higiënereëls. Ernstige epidemies is beperk deur die groot afstande wat mense van mekaar geskei het. By bevallings was dikwels slegs die primitiefste hulp in die vorm van onopgeleide en onervare familielede en bure, en selfs inboorlingvroue, beskikbaar.[99] Daar bestaan min rede om te vermoed dat toestande onder die Afrikaners van Angola enigsins anders was. Die hoë sterftesyfer onder Afrikanervroue tydens kindergeboortes en die gebrek aan dokters op die Angolese platteland bevestig hierdie vermoede.

In die afwesigheid van mediese dokters het die Angola-Boere hulle dus in tye van siekte of ongeluk tot Boererate, Hollandse medisyne en geloofsgenesers gewend. Terwyl sommige middele verstandig en nuttig was, het baie ander die kenmerke gedra van die primitiewe toestande waaronder hulle geleef het. Ds. Pieter Biewenga meld dat vier “geneesmeesters” (homeopate), vier tandetrekkers en “vroulike dokters” (vroedvroue) voor 1928 onder die Angola-Boere gewerk het. Hy het glad nie ’n hoë dunk van hulle vermoëns gehad nie.[100]

Die Carnegie-kommissie het bevind dat daar nog ’n aansienlike mate van bygeloof

---

97 SAUK: Acc. No. 1337, Onderhoud E.T. Meyer, 23 Jun. 1969.
98 P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, p. 59.
99 W.A. Murray, *Die fysieke toestand van die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel IV), p. 7.
100 P. Biewenga, “Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere”, pp. 193–200.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omtrent die ontstaan van siekte, plae en rampe gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu onder blankes in Suid-Afrika bestaan het. Daar is gevoel dat die gedurige kontak met swart mense baie daarmee te doen gehad het en dat baie blankes "die toordokter met sy dolosse" in die geheim besoek het. In die noorde van Suid-Afrika het dit meer dikwels voorgekom. Die geloof in goëlery, spoke, geeste en toordery was bykans algemeen onder die minder ontwikkelde lede van die samelewing.[101]

Andries Alberts het geskryf dat Gert Groesbeek 'n gevreesde towenaar was. Wanneer iets gesteel is, is hy ingeroep om die skuldige(s) "uit te ruik". Daar is in 'n kring om 'n koedoehoring gedans en die geeste van Floors en Kawiwi is uit die doderyk opgeroep. Tydens die klimaks word die hele groep gehipnotiseer totdat een in vervoering raak, aan die koedoehoring gryp en die horing die persoon slinger tot op die plek waar die gesteelde goed is.[102] Ds. Pieter Biewenga beskryf ook sommige van die kulkunsies wat Gert Groesbeek uitgevoer het. Onder die Angola-Boere het die storie mettertyd begin loop dat hy "met die duiwel werk". Groesbeek het dit ontken, maar aan niemand verklap hoe hy sy toertjies gedoen het nie.[103] Groesbeek was ook 'n fortuinverteller en kon die mens se toekoms in 'n glas helder water sien wanneer hy in mistieke bepeinsing was. Hy het ook towerkunsies geken en kon hom soos 'n Houdini uit moeilike situasies bevry wanneer hy vasgebind was.[104]

Pieter Biewenga beskryf gevalle van goëlery en toordery onder Angola-Boere by Drimiopsis in Suidwes-Afrika in 1937 wat deur die "toovenaar" Koos Steyn besweer is.[105]

Die geloof in sieners, visioene en spoke was ook algemeen onder die Angola-Boere. Gert Alberts se visioen is reeds onder die trekredes van die Dorslandtrek bespreek. Willem Grobler het vanaf 1927 "gesigte" gesien.[106] Daar is ook sprake van 'n "siener", Kerneels du Toit, wat voorspel het dat die Boere Angola gaan verlaat.[107] Biewenga vertel ook 'n paar stories oor die geloof in spoke.[108]

Toestande was waarskynlik onder die Afrikaners in Angola dieselfde as die Afrikaners in Suid-Afrika. "Veldmedisyne" en "medisynebossies" is gebruik om sommige kwale te

---

101 E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel III), p. 100; J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), p. 38.
102 A. Alberts, *Swart weerlig*, pp. 112–113.
103 P. Biewenga, "Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere", pp. 111–113.
104 A. Alberts, *Swart weerlig*, p. 113.
105 GKSA: P. Biewenga-versameling, lêer 31 (b), Brief Pieter Biewenga – Anje Biewenga (Zuster), 01.02.1937.
106 J. von Moltke, *Veldsmanne*, p. 150.
107 J.L. Hattingh, "Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875–1895", p. 566.
108 P. Biewenga, "Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere", pp. 148–153.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dokter. In sommige gevalle, as dit nie moontlik was om self na die kruiedokter te gaan nie, is ’n klossie hare na hom gestuur “en dan sê hy vir jou presies wat jy makeer en hy stuur vir jou dan worteltjies wat jy moet drink”.[109] Von Moltke meld hoe ’n swart man wat per ongeluk raakgeskiet is, na twee “Kafferdokters” geneem is. Hy gee ook ’n beskrywing van die genesing.[110]

Samevattend kan gesê word dat die Afrikaners van Angola later as ’n “lewende fossiel” en die slagoffers van hulle eie behoudendheid bestempel is. As gevolg van hulle geografiese afsondering, behoudendheid en onkunde is alle nuwe wetenskaplike denke verwerp. Gevolglik het enkele (aangetekende) gevalle van bygeloof en die gebruik van boererate onder hulle voorgekom. Hoewel baie Angola-Boere ná 1928 Portugees aangeleer het, kon hulle steeds vlot en suiwer Afrikaans praat. Enkele argaïese woorde het wel in hulle taalgebruik voorgekom. Die kulturele band met hulle volksgenote in Suid-Afrika is lewend gehou deur enkele Afrikaanse boeke, tydskrifte en koerante, asook radio-uitsendings, die herdenking van Dingaansdag, die viering van Kersfees, Nuwejaar en Afrikaanse volksfeeste asook die periodieke besoeke van predikante van die Hervormde Kerk.

109 H.C. Klopper, “’n Karakterisering van Dorslandafrikaans”, p. 262.
110 J. von Moltke, *Jagkonings*, pp. 138–139.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 10
ONDERWYS ONDER DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958)

Die ontstaan van die onderwysprobleem voor 1928

Volgens die Protestantse leer is van elke individu verwag om sy Bybel te kan lees ten einde sy persoonlike godsdiensplig na te kom. Dit het die voordeel gehad dat bykans elke Afrikaner leer lees en skryf het. Hoewel die Afrikanerpioniers vir eeue lank onder die mees primitiewe toestande geleef het, het gevalle van ongeletterdheid gevolglik feitlik nie voorgekom nie.[1] Daar word beweer dat nie een Afrikanerkind in Angola ongeletterd opgegroei het nie. Almal kon genoeg lees en skryf om die Bybel te lees, hoewel die onderwyspeil onder die Afrikaners in Angola nie besonder hoog was nie.[2]

Sedert die sewentiende eeu tot in die twintigste eeu was die kern van onderwys onder Afrikaners godsdienstig van aard. Aanneming in die Kerk was dikwels die enigste doel daarvan. Dit was die poort tot agtenswaardigheid, lidmaatskap van die Kerk en om ’n kerklike huwelik aan te gaan. Tot in die twintigste eeu was aanneming (die sogenaamde “Boerematriek”) die belangrikste maatstaf van opvoeding onder die armblankes in Suid-Afrika.[3]

Die Afrikaners van Angola se lae onderwyspeil dateer uit die tydperk voor 1928. Teen 1926 het ds. T.F.J. Dreyer bevind dat, hoewel sy katkisante goed kon lees, hulle spelling beroerd was. Daar was teen hierdie tyd slegs vier Afrikaanse kinders in ’n Portugese skool.[4]

Vir dekades lank was daar geen Portugese skole vir die Afrikaners van Angola beskikbaar nie, selfs al wou hulle hul kinders na Portugese skole stuur. Eers in 1899 is ’n klein Portugese hulpskooltjie by Humpata op die been gebring.[5] Verdere pogings om

---

1 E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel III), pp. 14, 18; P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, p. 247.
2 G.S. Dias, *No planalto da Huíla*, p. 83; C.F. McDonald, *Op vlug deur donker Afrika*, p. 140; Private versameling, mnr. E.T. Meyer: Brief H. Graphorn – E.T. Meyer, 01.10.1952; A. Alberts, “Kinders van Angola: Onderwys in Angola”, *Die Hervormer*, 71(7), Okt. 1979, p. 20.
3 E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel III), pp. 14, 18.
4 NHK: K1/2 3/27/19, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk, Oktober 1926; J. Viljoen, *Pioniers van die Dorsland*, p. 51.
5 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Portugese skole te open, het eers gevolg toe die waarnemende goewerneur-generaal, Paiva Couceiro (1907–1909), en die goewerneur van Huíla, João de Almeida, gepoog het om die Boere deur 'n Portugese skooltjie met die Portugese kultuur te assimileer.[6] Dit het groot teenkanting van die Boere uitgelok en hulle het geweier om hul kinders na die Portugese skool te stuur.[7]

Boereskooltjies is gewoonlik slegs opgerig wanneer daar geen Portugese skool beskikbaar was nie.[8] Die Boere was dus op hulself aangewese om vir onderwys vir hulle kinders te sorg. Hulle moes onderwysers se salarisse en vir oprigting van die skole betaal. Dit is met 'n wisselende mate van sukses bekroon. Van tyd tot tyd het Boereskooltjies opgeskiet, net om vinnig ten gronde te gaan. Die meeste onderwysers het slegs 'n paar maande skoolgehou en moes dan 'n ander betrekking vind omdat die ouers nie genoeg skoolgeld betaal het om hulle te onderhou nie. In 'n enkele geval het die onderwyser (Herman Smit) vyf jaar lank uitgehou.[9]

Die gemiddelde Afrikanerkind het 'n skoolloopbaan van tussen twee maande en een jaar gehad.[10] Die skrywer P.J. van der Merwe het gedurende sy skoolloopbaan by sewe verskillende onderwysers skool gekry en nie by een van hulle langer as 'n paar maande nie.[11]

Onderwys het onder die toesig van die skoolkommissie, wat aan die kerkraad verbonde was, plaasgevind.[12] Ná die kerkskeuring in 1908 het onmin die onderlinge samewerking tussen die kerkgenootskappe verhinder en was dit niks snaaks dat aparte skooltjies vir die Gereformeerde en Hervormde Kerk digby mekaar gestaan het nie.

Onderwys was hoofsaaklik daarop gemik om kinders te leer lees en skryf (en meer

---

6 "Ofício N.o 259 do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o M. S. E. N. M. U.", 25 de Junho de 1908, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 15, nos. 59–62, Janeiro–Dezembro de 1958, pp. 64–65; "Ofício N.o 157 do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o M. S. E. N. M. U.", 27 de Abril de 1909, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 16, nos. 63–66, Janeiro–Dezembro de 1959, pp. 37–38; H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907 – Junho 1909)*, pp. 175–176; J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 290, 394–396; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 325–326.

7 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 325; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 278; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 72.

8 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 18–19.

9 J.G.W. Zahn, "Uit Angola", *Suidwes Nuus*, 11 Mei 1923; P.J. van der Merwe, "Onderwys in Angola (1881–1926)", *Die Vreugdebode*, 1(2), Jun. 1952, p. 11; J.F. Mouton, "Oom Paul vertel … My skooldae in Angola", *Die Hervormer*, 74(10), Jan. 1983, p. 12; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 89.

10 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 48.

11 J. von Moltke, *Veldsmanne*, p. 287; W.P. van der Merwe, "Petrus Johannes van der Merwe; 'n Kort lewenskets", *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 56, 1962, p. 59.

12 P.J. van der Merwe, "Onderwys in Angola (1881–1926)", *Die Vreugdebode*, 1(2), Jun. 1952, p. 9; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 10.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spesifiek om die Bybel te lees) en het ook eenvoudige rekenkunde en die memorisering van gedeeltes uit die Bybel behels. Ander vakke soos wetenskap en aardrykskunde (behalwe Bybelse en Suid-Afrikaanse geskiedenis) is ten sterkste verbied. Daar is slegs aan Christelike onderwys geglo.[13] Hulle het geleer "nie waar die padda sy eier lê en daai dinge nie – net uit die Here se Woord".[14] Die Nederlandse Bybel was dikwels die enigste handboek.[15] Eers van 1922 af is Afrikaanse taalboekies gebruik.[16]

Die besef dat dit vir die Afrikanerkinders in Angola nodig is om Portugees op skool te leer (ten einde hulle te help om amptelike dokumente te verstaan en in te vul) het eers teen ongeveer 1920 onder die Afrikaners posgevat.[17] Gedurende die tydperk tot 1928 het slegs 40 seuns Portugese skole besoek. Meisies het nie Portugese skole besoek nie omdat daar gevrees is dat hulle met Portugese mans kan trou as hulle Portugees kan praat.[18]

Vermoedelik het slegs vyf Afrikanerseuns tot 1928 aan die hoërskool (Escola Primaria Superior da Huíla) op Sá da Bandeira gestudeer.[19] Onder hulle was Flip, Martiens en Andries (die skrywer) Alberts, Flip du Plessis, Peet van der Merwe en moontlik Paul Oosthuizen.[20] Volgens oorlewering kon slegs twee Angola-Boere Portugees grammatikaal korrek praat.[21] 'n Onderwyser aan dié skool, die bekende historikus Gastão Sousa Dias, was nietemin van mening dat die Afrikaners onder die beste, gehoorsaamste en hardwerkendste leerlinge van die skool getel het.[22]

Toe die Afrikaanse skool van Hennie Venter op Humpata in 1926 deur die Portugese owerheid gesluit is en die onderwyser gedreig is dat hy hom aan 'n misdaad skuldig maak deur in Afrikaans skool te hou, was dit duidelik dat die Afrikanergemeenskap in Angola by 'n kruispad gekom het. Die verbod op Afrikaanse skole was een van die redes waarom die Angola-Boere besluit het om die land te verlaat.[23] Die Afrikaners het gevoel dat die

---

13 P.J. van der Merwe, "Onderwys in Angola (1881–1926)", *Die Vreugdebode*, 1(2), Jun. 1952, p. 9; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 48.
14 Persoonlike onderhoud: J.A. Vermaak (née Breedt), 06.07.2007.
15 D. Postma, "Onse Afrikaanse Volksplanting in Angola, Portugees West Afrika", *Die Unie*, 1 Aug. 1922, p. 45.
16 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 12.
17 W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 152.
18 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, pp. 85–86.
19 A. Alberts, "Kinders van Angola: Onderwys in Angola", *Die Hervormer*, 71(7), Okt. 1979, p. 20.
20 Persoonlike onderhoude: H.J. Alberts (née Venter) & J.P. Alberts, 30.08.2005; G.D. Prinsloo, 13.10.2005; M.A. du Plessis, 11.07.2007; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Skoolrapport van P.P.H. Alberts, 1924–1925.
21 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 70.
22 G.S. Dias, *No planalto da Huíla*, p. 83; G.S. Dias, "Angola e o problema da colonização Boer", *Boletim da Agência das Colónias*, Ano 4.^{0}, No. 33, Março de 1928, p. 225.
23 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 16–19.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Portugese owerheid nooit weer Afrikaanse skole sal toelaat nie, buiten miskien 'n bietjie Afrikaans op skool.[24]

Die voortsetting van die onderwysprobleem ná 1928

In 1935 was daar geen enkele onderwysinrigting waarvan die Afrikaners van Angola gebruik gemaak het nie. Hulle was nie in staat om uit eie geledere in hulle onderwysbehoeftes te voorsien nie.[25] Die meeste kinders het dus sonder onderwys opgegroei, behalwe vir die bietjie onderwys wat hulle tuis kon geniet.[26] Dit is soms deur ouers, soms deur ouer broers of susters verskaf. Selfs teen 1952 was die Bybel (soms in Nederlands) die belangrikste skoolboek, hoewel Afrikaanse boekies soms gebruik is.[27]

In die groter dorpe en stede was daar wel Portugese skole. Omdat die meeste Afrikaners in geografiese afsondering op die platteland gewoon het, was hulle ver verwyder van die Portugese skole in die groter dorpe. Weens hulle armoede kon hulle nie die vervoerkoste en die skoolgeld betaal nie.[28]

Die probleem is deels die gevolg daarvan dat daar geen verpligte onderwys in Angola is nie. Enige pogings om die onderwysprobleem aan te spreek, was gedoem omdat daar nie skoolplig was nie.[29] Die probleem is vererger deurdat al die jare van gebrek aan onderwys die "gevoel vir die noodsaaklikheid daarvan verstomp [het]", dus "stel die mense oor die algemeen geen belang daarin nie".[30]

Omdat sommige Boere slegs oor hulle familielede as bron van arbeid beskik het, kon hulle dit nie bekostig om hulle kinders as arbeidsbron af te staan en skool toe te stuur nie.[31] Die meeste Afrikanerkinders was gevolglik nie baie lank op skool nie omdat daar

---

24 W.P. van der Merwe, "Die Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, Mei 1950; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 12–13.

25 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935.

26 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 4; SAUK: 58/8 18/57–59(58), Onderhoud Mnr. Engelbrecht, 02.10.1958; Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; Kruger-gesin, 13.07.2007.

27 J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola", *Die Vreugdebode*, I(5), Des. 1952, p. 17; A. Verster, "Angola-Boere", *Die Hervormer*, 50(1), Apr. 1959, p. 16.

28 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3; W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16.

29 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, p. 2; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 5.

30 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, p. 2; W.P. van der Merwe, "Die Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, Mei 1950.

31 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 44.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van hulle verwag is om by hulle ouers op die plaas te gaan werk.[32] Sommige ouers was dus gekant teen onderwys. Daar is veral van jonger kinders gebruik gemaak om voëls op graanlande te verjaag wanneer die graan ryp word. "[W]ie sal dan vir ons voëls jaag?" is gevra toe ds. J.D. Storm in 1950 met ouers oor die voorgenome Afrikaanse skool gepraat het.[33] Dié houding was 'n algemene probleem wat oral onder Afrikaners elders in Afrika voorgekom het.[34]

Baie ouers wou nie hulle kinders na Portugese skole stuur nie omdat hulle nie wou gehad het dat hulle kinders met Portugese kinders meng nie.[35] Die feit dat die Portugese skole Rooms-Katoliek was, was 'n bydraende faktor tot die Afrikaners se weiering om hulle kinders na Portugese staatskole te stuur.[36] Daarbenewens is vakke soos wetenskap en geologie aan die Portugese skole onderrig. Dit het ook die evolusieleer behels en het gevolglik met die ouers se wêreldbeskouing, wat op die Bybelse skeppingsverhaal en sondeval gebaseer is, gebots.[37]

'n Verdere belangrike rede waarom die Afrikaners van Angola hulle kinders nie na Portugese staatskole gestuur het nie, was die Afrikaners se rassetrots. Hulle het verkies om eerder ongeleerd te bly, want "die wittetjie en die kaffertjie moet nou langs mekaar sit op een bank".[38] Ds. Storm het dit soos volg verwoord:

> Maar al sou die Afrikaners dit kan bekostig om hulle kinders in die Portugese skole te plaas, is dit nie aan te moedig nie, omdat daar geen kleurskeidslyn bestaan nie. Die Afrikanerkind sou dan saam met die baster (en die is daar baie) en kaffer op dieselfde skoolbank moet sit.[39]

Enkele kinders het wel ná 1928 in Portugese skole opleiding ontvang. Onder hulle was Frans Milho se kinders Grieta, Barend en Marthie. Omdat hulle gedurende die veertigerjare 'n ruk lank in Suidwes-Afrika (waar segregasie in die skole toegepas is) gewoon het, was dit vir aanvanklik vreemd om langs swart en *mestiço*-kinders in die skool te sit en gekleurde

---

32 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005.
33 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 5; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.
34 M.R. Gerstenhauer, "Burenansiedlung und Burenpolitik in Südwestafrika", *Zeitschrift für Kolonial-politik, Kolonialrecht und Kolonialwirtschaft*, Jg. 6, Nr. 1, Januar 1904, p. 78 (vir Suidwes-Afrika).
35 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
36 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16; Persoonlike onderhoud: Prof. B.J. Engelbrecht, 19.02.2004.
37 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 115.
38 SAUK: 58/8 18/57–59(58), Onderhoud Mnr. Engelbrecht, 02.10.1958; SAUK: T76/94, Onderhoud P.S. van der Walt, 22.07.1976; Anon., "Ligte is 'n bietjie skerp sê Angola-Afrikaner", *Die Suidwester*, 20 Des. 1958, p. 9; H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", p. 261.
39 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderwysers te hê. Hulle het egter almal hul laerskoolopleiding (*quarta classe*) in Sá da Bandeira voltooi. Hulle kon nie almal verder studeer nie omdat dit vir hul vader moeilik was om die skoolgeld te betaal.[40] Marthie het die verste gevorder en die hoërskool op Sá da Bandeira bygewoon.[41] Andries Alberts was ook in die Portugese laerskool op Sá da Bandeira en het 'n boekhoukursus in junior sertifikaat (st. 8) per korrespondensie geslaag.[42]

Truida de Jager het vir 'n ruk lank 'n Portugese skool op Chipindo bygewoon en *quarta classe* daar voltooi.[43] António Francisco Fernandes (Tony) Monteiro het ook *quarta classe* in die Portugese skool op Caluquembe voltooi. Nadat hulle in 1975 na Suidwes-Afrika gevlug het, het hy standerd 8 op die Afrikaanse hoërskool op Tsumeb voltooi.[44] Sarel van Dyk was op 'n Portugese hoërskool op Silva Porto.[45] João de Sousa van Santo Amaro (getroud met Johanna Koekemoer) het ook sy kinders in Portugese skole laat leer.[46]

Twee kinders van Susanna Susara van der Walt, Erna Piechazeck en Pieter Ludeke, kon Portugees lees en skryf, maar nie Afrikaans nie omdat hulle in 'n Amerikaanse sendingskool was.[47] Onder die eerste groep Angola-Afrikaners wat in 1958 in Suidwes-Afrika aangekom het, was onder andere twee broers wat drie jaar onderwys by 'n Nederlander ontvang het – die meeste onderwys wat enige van die 29 kinders van hierdie groep ontvang het.[48]

Dan was daar kinders soos dié van Theuns Duvenhage wat vroeër in Suidwes-Afrika gewoon het en tot standerd 4 op skool was.[49] Paul van der Walt het aanvanklik drie en later vier dogters in Suidwes-Afrika agtergelaat om te studeer. Die oudste dogter het oor die pos verder geleer.[50] Johannes Marthinus Smit het op die Moravia-skool, Osire in Suidwes-Afrika onderrig ontvang terwyl sy ouers in Angola gewoon het.[51]

---

40 Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007; B.C. Milho, 11.07.2007.
41 Persoonlike onderhoud: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007.
42 NHK: K1/2 3/30/14, Briewe A.N.J.D. Alberts – Ds. Joh. Dreyer, 09.08.1944 & A.J.D. Alberts – Ds. T.F.J. Dreyer, 25.11.1944; A. Alberts, *Swart weerlig*, p. 88; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 2; Persoonlike onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005.
43 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
44 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.
45 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief J. & A. van Dyk – P.P.H. & Mara Alberts, 20.04.1955.
46 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 7.
47 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
48 T. Boshoff, "Hulle is Hier en Het Hulp Nodig", *Byvoegsel tot Die Burger*, 18 Okt. 1958.
49 NHK: K1/2 3/33/5, Brief Ds. J.A. Viljoen – Ds. T.F.J. Dreyer, 26.04.1956; Persoonlike onderhoud: C.C. Lötter (née Duvenhage), 21.05.2009.
50 NHK: K1/2 3/30/14, Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 10.11.1944; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 2.
51 NAN: SWAA 857 A68/5/13/3, Brief Herman Smit – Administrateur van Suidwes-Afrika, 31.08.1941.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van alle manlike Portugese onderdane is verwag om 'n jaarlikse militêre belasting, die *taxa militar*, te betaal, wat in 1947 ongeveer £1 9s. 1¾d. bedra het. Indien iemand die land wou verlaat, is van hom verwag om 'n bedrag gelykstaande aan 25 jaar se *taxa militar* te deponeer. In Suidwes-Afrika moes 'n verdere £25 vir elke skoolgaande kind by sy aankoms in Suidwes-Afrika gedeponeer word. Daarna moes nog £46 jaarliks vir immigrasie, skoolgelde en koshuisfooie betaal word. Die meeste ouers kon dit nie bekostig nie.[52] Daarteenoor het Jan Diederiks die mening gehuldig dat die *taxa militar* slegs ongeveer 8s. bedra het, en dat 'n bedrag gelykstaande aan 25 jaar se *taxa militar* nie by die grens betaal hoef te word nie.[53]

Daar was wel 'n paar Afrikaanse plaasskole in Angola.[54] In 1946 het Floris Visser van Chicuma 'n skooltjie begin met 'n paar kinders. Omdat hy self geen noemenswaardige opleiding geniet het nie, kon hy vir die kinders net die mees elementêre kennis bybring.[55] Op 23 Februarie 1948 is nog 'n Afrikaanse skooltjie met 22 leerlinge by Chicuma geopen.[56] Die Afrikaanse skooltjie by Mooi Uitsien (Vista Alegre), Chicuma het 50 tot 60 leerlinge gehad. Lottie Duvenhage (née Van Dyk) en Theunis de Klerk was 'n ruk lank onderwysers. Willie Opperman, Kerneels Opperman, Cielie Coetzer (née Benade) en Tom de Jager het ook by ander geleenthede daar onderwys gegee.[57]

Flip Behan het privaat vir sommige Afrikanerkinders skool gegee.[58] Dit lyk of hy 'n goeie opleiding as geoloog gehad het.[59] Sannie Theron was 'n vir rukkie onderwyseres vir die kinders van die Angola-Boere wat vir spoelgoud gedelf het voordat haar familie weer na Suidwes-Afrika teruggetrek het.[60]

Tydens katkisasie van Hervormde lidmate in 1953 was daar jong mans wat nie kon lees en skryf nie.[61] Die meerderheid jong lidmate in 1955 kon glad nie of beswaarlik lees.[62] Uit 'n groep van tien seuns van agtienjarige ouderdom was daar in 1956 nie een

---

52 NAN: SWAA 857 A68/5/13/3, Brief Herman Smit – Administrateur van Suidwes-Afrika, 31.08.1941; P.J. van der Merwe, "Boere in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jul. 1947, pp. 14–15.
53 "Tot sover" [J.J. Diederiks], "Korrespondensie: Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1948, p. 11.
54 Telefoniese onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 24.08.2006.
55 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946, J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3; Anon., "Afrikaners se lotgevalle in Angola", *Die Suidwester*, datum ontbreek (ca. 1948).
56 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, A. Raes, Bekendstelling van skool, ongedateer (ca. 1948).
57 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005, G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; P.W.J. Opperman, 13.09.2005; E.P.J. Ludeke, 26.07.2006; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; C.C. Lötter (née Duvenhage), 21.05.2009.
58 SAUK: Acc. No. 4957, J.J. Diederiks, Onderhoud met W.A. de Klerk, "Afrikaners en hul spore in Angola", 25 Aug. 1957.
59 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief F.J. Behan – P.P.H. Alberts, 03.03.1947.
60 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.
61 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, pp. 303–304.
62 J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", IV. *Die Hervormer*, 47(9), Des. 1955, p. 7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat kon lees of skryf nie. Sommige kon net tot tien tel. Die dogters kon almal min of meer skryf. In sommige gevalle het seuns in die bosse verdwyn wanneer hulle ouers hulle wou onderrig en eers teen die aand weer hul opwagting gemaak.[63] Die probleem was so erg dat Afrikaners hulle swart arbeiders uit die werk moes roep om vir hul die briewe te lees wat die owerheid aan hulle geskryf het.[64]

By geleentheid is die gedagte uitgespreek dat daar ook vir volwassenes onderwys aangebied moet word. Hulle lewenstandaard sou verhoog indien hulle voorligting in boerdery kon ontvang.[65]

Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu was daar Afrikaanse skole in verskeie kolonies in Afrika, soos Rhodesië[66] en Kenia,[67] waar klasse in Afrikaans aangebied is.

Die Duitse gemeenskap in Angola het soortgelyke probleme ondervind om vir hulle kinders onderwys te gee. Sommige is aanvanklik na Windhoek of Duitsland gestuur. Ander ouers het weer privaat onderwysers gehuur, maar dit was baie duur. In sommige gevalle is van halfgeleerde onderwysers of studente gebruik gemaak.[68]

Later is ’n Duitse skool by Chicuma geopen. Toe die Geallieerde lande Portugal ná die Tweede Wêreldoorlog verbied het om Duitse onderwysers aan te stel, was dit ’n probleem om geskikte onderwysers vir die skool te vind. Die probleem is omseil deur Duitssprekende Switserse onderwysers aan te stel. Later kon Duitse onderwysers met behulp van ’n uitruilskema weer aangestel word. Onderwys het in Duits en Portugees plaasgevind. Nadat die bevrydingsoorlog in 1961 uitgebreek het, is die Duitse skool na Benguela verskuif omdat dit daar veiliger was.[69] Teen 1973 was daar 83 kinders op skool met 7 of 8 Duitse onderwysers.[70] Carl en Marthie Voigt het hulle kinders na die Duitse skool op Benguela gestuur.[71] Die Afrikaners het hulle kinders normaalweg nie na die Duitse skool gestuur nie omdat hulle dit nie kon bekostig nie.[72]

---

63 P.S. van der Walt, “Brief uit Angola”, *Die Hervormer*, 48(3), Jun. 1956, pp. 14–15.
64 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, p. 322.
65 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 5.
66 R Hodder-Williams, *White Farmers in Rhodesia, 1890–1965*, p. 70.
67 C.S. Nicholls, *Red Strangers*, pp. 103–104, 174–175, 250–251.
68 I. Schönberg, *Die weisse Brille*, p. 284.
69 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005; K. von Krosigk, “Entwicklungsanstösse deutscher Siedler in Angola”, *DASP-Hefte*, vol. 17, 1989, p. 27; I. Schönberg, *Die weiße Brille*, pp. 160, 284–288.
70 E. Joubert, *Die nuwe Afrikaan*, p. 80.
71 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.
72 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 6; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pogings om onderwysprobleem aan te spreek (1946–1953)

In 1947 was daar sprake van ’n plan wat deur Andries (Vaalwater) Alberts uitgewerk is, waarvolgens die Afrikaners in Sentraal-Angola na die suide verplaas sou word. Dit het ook die oprigting van ’n Portugese staatskool op staatskoste, onderrig in Portugees, addisionele onderrig in godsdiens en Afrikaans en opleiding in moderne veeboerdery behels.[73] Dit is egter deur die Afrikaners van Angola verwerp omdat “daar veel te veel risiko’s en ellende aan verbonde sit”.[74]

Hierteenoor was daar in 1948 ’n plan van die Hervormde Kerk om kinders van Afrikaners in Angola na Suid-Afrika te laat kom vir onderwys. Verskeie stappe is aanbeveel om dit te bewerkstellig. Daar is aanbeveel dat by die Portugese regering aangedring moes word om ’n skool by Chicuma op te rig, sou hierdie planne nie uitvoerbaar wees nie.[75] Toe die Hervormde Kerk in 1952 ’n plan uitgewerk het om die onderwysprobleem onder Afrikaners in Angola aan te spreek, was dit in wese dieselfde program.[76]

Gedurende hierdie tyd het die latere ds. Andries Alberts, wat toe ’n student in Suid-Afrika was, gevoel dat die beste oplossing sou wees indien ouers hulle kinders na skole in Suid-Afrika stuur.[77] Met die Algemene Kerkvergaderings van 1951 en 1954 is die moontlikheid ondersoek om die kinders van die Angola-Boere na Suid-Afrika “oor te dra”.[78] Die algemene gevoel onder die Angola-Boere was egter: “Ons sien geen kans om ons kinders uit Angola weg te stuur nie.”[79]

In 1950 het ds. W.P. van der Merwe die gebrek aan onderwys as die grootste probleem onder die Afrikaners van Angola uitgesonder. Onderwys sou die grootste probleem van alles, “die ‘onhanteerbaarheid’ van daardie mense, by gebrek aan gesonde verstand”, oplos.[80]

Ds. J.D. Storm het die standpunt gestel dat die tweejaarlikse predikantsbesoeke sonder

---

73 A. Alberts, “’n Afrikaanse skool in Angola?”, *Inspan*, 6(5), Febr. 1947, pp. 13, 35; A. Alberts, “Hulp vir Angola-Afrikaners”, *Die Hervormer*, Jun. 1950, p. 2; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 4.

74 FJNS & NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.A. Nannings – Heeren van de Kerk, FAK & RDB, 31.07.1950; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 5.

75 NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 24.03.1948; NHK: K1/1, Notule van die Algemene Kerkvergadering, 11.05.1948 en volgende dae, “Rapport insake kinders van Angola Boere”.

76 P.G. Geertsema, “Gambos-skema en die kerk”, *Die Suidwester*, 4 Mrt. 1953, p. 7.

77 A.N.J.D. Alberts, “Die Afrikaners in Angola”, *Die Hervormer*, 20 Mrt. 1947, p. 17.

78 NHK: K1/1 1/1/14, Notuleboek van die Algemene Kerkvergadering, 08.03.1951, p. 112; 21.03.1951, p. 175 & 09.03.1954, p. 194.

79 P.G. Geertsema, “Ons Lesers Aan Die Woord: Kommissie Antwoord Mnr. J.M. Alberts”, *Die Suidwester*, 12 Nov. 1952.

80 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, p. 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderwys niks sal baat nie. Die oplossing hiervoor is óf om 'n predikant te stuur óf om Portugese skole op te rig óf om 'n sendingstasie te stig.[81] Hy het die gebrek aan skole ook uitgesonder as een van die drie grootste probleme waarmee Afrikaners van Angola te kampe het.[82]

Die Portugese owerheid het by herhaling sy bereidwilligheid uitgespreek om skole op te rig indien dit daartoe versoek word.[83] Die owerheid sou egter nie vir die oprigting van koshuise betaal nie. Daarvoor sou die Afrikanergemeenskap self moes instaan.[84] Ds. J.D. Storm het in 1950 aanbeveel dat die owerheid 'n skool by Caluquembe (die mees sentrale plek) oprig, terwyl die Kerk vir die oprigting van 'n koshuis instaan.[85] Alternatiewelik kon drie verskillende skole by Vouga, Capala en Caluquembe opgerig word, maar die ouers sou dan self daarvoor verantwoordelik wees dat hulle kinders by die skool kom. Die derde moontlikheid sou wees om die kinders op die een of ander manier vir hulle skoolopleiding na Suid-Afrika te bring.[86] Die Kerk sou dan alle koste daarvoor moet dra omdat die ouers dit nie kon bekostig nie. Dit is verstaanbaar dat die meeste ouers teen hierdie moontlikheid gekant was.[87]

In 1950 het P.A. Nannings 'n alternatiewe program van tien punte opgestel. Dit het samevattend neergekom op die bou en uitrusting van 'n skool met 'n "Portugees gediplomeerde Protestantse onderwyser", die bou en uitrusting van 'n kosskool met "flinke gesonde Hervormde opgevoede en geleerde skoolplaatsouders", die bou van 'n pastorie en kerk en die aanstelling van 'n predikant of sendeling, finansiële hulp in die vorm van 25 beeste en landbougereedskap aan elke gehude paar, die voorsiening van "medikament voor mens, vee en plant" en die aanstelling van 'n "administrateur controleur" vir hierdie organisasie.[88]

Voorts is aanbeveel dat die skool op Vouga op die sentrale plato van Angola opgerig

---

81 W.P. van der Merwe, "Die Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, Mei 1950.
82 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950.
83 P.J. van der Merwe, "Boere in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jul. 1947, p. 15; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 5; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), p. 6; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", p. 5; Anon., "Portugese baie simpatiek teenoor oprigting van skool vir Afrikaners in Angola", *Die Suidwester*, 1 Nov. 1952, p. 12.
84 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 5.
85 *Ibid.*, pp. 5–6.
86 *Ibid.*, p. 5; NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 12.
87 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 6.
88 FJNS & NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.A. Nannings – Heeren van de Kerk, FAK & RDB, 31.07.1950. FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 5, bevat ook 'n afskrif van hierdie brief.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word.[89] Flip Alberts het egter aanbeveel dat die kinders na Suidwes-Afrika gestuur word, of dat 'n koshuis op Caluquembe gebou word omdat die onderwyseres op Vouga 'n "Baster meid" is en daar nie 'n koshuis bestaan nie. Sy ander beswaar was dat hierdie tien punte "seker afkomstig van die Gereformeerde Kerk" is.[90]

Gedurende 1951 was daar sprake van 'n skool vir Afrikanerkinders wat in Augustus met die samewerking van die NG Kerk gestig wou word.[91] Hierdie plan het vinnig doodgeloop.

Paul van der Walt het op die vergadering van die Ring van Suidwes-Afrika (Hervormde Kerk) in Junie 1952 gevoel dat die Afrikaners van Angola in Angola bearbei moet word en die kinders daar gehelp moet word. Die Portugese regering sou ook nie toelaat dat Afrikanerkinders na Suidwes-Afrika gebring word vir skoolopleiding nie. Flip Alberts en Hans Alberts het egter gevoel die enigste oplossing is om die kinders na Suidwes-Afrika te bring en elke twee jaar 'n predikant te stuur om die lidmate te bearbei.[92]

Op verskeie vergaderings van die Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk het die vraagstuk of skoolgaande kinders uit hulle ouers se sorg verwyder moet word en na Suidwes-Afrika en Suid-Afrika gestuur word, ter sprake gekom.[93] In hierdie verband het die Algemene Kommissie 'n versoek van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging in 1950 ontvang, wat terselfdertyd hulle hulp aangebied het.[94] Nadat hulle fondse ingesamel het, kon sowat 20 leerlinge na die Unie gebring word vir hulle skoolopleiding.[95] Daar was sprake daarvan dat nege kinders van Chipindo (3 De Jagers, 2 Raese, 3 Hayese, 1 Van der Walt) na Suidwes-Afrika of Suid-Afrika sou kom vir skoolopleiding.[96]

Begryplikerwyse was slegs enkele ouers bereid om hulle kinders vir onderwys na die Unie te stuur. 'n Opname in 1952 het getoon dat daar ongeveer 30 kinders was wie se ouers daartoe bereid was: 5 van Chipindo, 3 van Cuvelai, 3 van Nova Lisboa, 9 van Chicuma,

---

89 FJNS & NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.A. Nannings – Heeren van de Kerk, FAK & RDB, 31.07.1950.
90 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ongedateerde begeleidende brief van P.P.H. Alberts tot Brief P.A. Nannings – Heeren van de Kerk, FAK & RDB, 31.07.1950.
91 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Ds. T.F.J. Dreyer, 20.07.1951.
92 NHK: R13 1/1/1, Notule Ringsvergadering te Otjiwarongo, 02.06.1952.
93 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ongedateerde begeleidende brief van P.P.H. Alberts tot Brief P.A. Nannings – Heeren van de Kerk, FAK & RDB, 31.07.1950; K1/2 1/1/9, Notuleboek van die Kommissie van die Algemene Vergadering, 13.06.1951, K1/2 1/1/9, Notuleboek van die Kommissie van die Algemene Vergadering, 10.06.1952, p. 6, 01.12.1953, pp. 2–3 en 14.06.1955, p. 9; H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, pp. 257–258, 262, 265, 305, 311, 316.
94 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Sekretaresse van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging – Scriba van die Kommissie van die Algemene Vergadering, 02.06.1952.
95 Anon., "Kom in Unie Skoolgaan: Afrikaners Sukkel in Angola", *Die Burger*, 14 Mrt. 1952.
96 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 8.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8 van Que en 2 van Jau. By Capala was daar 43 kinders wie se ouers 'n versoekskrif onderteken het om eerder daar 'n skooltjie op te rig.[97]

Gedurende 'n reis deur Angola in 1953 het Paul van der Walt altyd leie, griffels, papier en leesboekies saamgery en op dié wyse kortstondig aan 52 kinders onderwys gegee.[98]

Jan Diederiks se besigheidsplanne (1946–1953)

Deur die jare het Jan Diederiks verskeie planne gehad waarvolgens die skool met 'n besigheid gekombineer kon word. Hy is nie deur alle lede van die Afrikaanse gemeenskap in Angola vertrou nie en is onder meer beskryf as "'n gevaarlike knaap", hy "dink aan 'n ander niks, as hy net sy sak kan vol kry" en maak allerhande planne "sodat hy voordeel kan trek uit die hulp, als sal na sy smous winkeltjie gaan, tot sy voordeel en nie tot voordeel van die mense nie".[99]

Gedurende November en Desember 1946 het hy die FAK, die RDB, die ATKV en ander Afrikaanse kultuurorganisasies in Johannesburg gaan spreek om geldelike steun vir die oprigting van 'n skool vir Afrikaners in Angola te werf.[100] Omdat dit te duur sou wees ('n geraamde £18 000), het die FAK eerder die gedagte van 'n permanente predikant om die mense in Angola te bearbei (geraamde koste £600 per jaar), ondersteun.[101] Mettertyd het dié saak doodgeloop.[102]

Tydens Diederiks se eerste besoek in 1946 het hy ook die gedagte om 'n sakeonderneming aan die skool en koshuis te koppel, waarvan die winste mettertyd die koste van die skool en koshuis moes dra, gepropageer. Vir hierdie onderneming het hy £3500 benodig wat deur bydraes van die publiek gefinansier sou word.[103] Sy besigheid sou dan voordeel

---

97 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), pp. 5, 8; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", pp. 3, 6.

98 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, p. 304.

99 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 14. M.C.J. Voigt (née Prinsloo) (Persoonlike onderhoude: 25.07.2006 & 28.02.2007) ondersteun hierdie bewerings.

100 Anon., "Afrikaners in Angola", *Die Transvaler*, 11 Nov. 1946, p. 8; Anon., "Ons Volksgenote in Angola", *Inspan*, VI(3), Des. 1946, p. 15; J.J. Diederiks, "Korrespondensie: Afrikaans in Angola", *Die Hervormer*, 20 Apr. 1947, pp. 21–22.

101 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Algemene sekretaris, FAK – Ds. J.J. Prinsloo, 15.01.1947; NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 14–16.

102 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16.

103 J.J. Diederiks, "Korrespondensie: Afrikaans in Angola", *Die Hervormer*, 20 Apr. 1947, p. 21.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

trek uit die koshuis.[104] Hy het toe gevoel repatriasie sal nie die probleem oplos nie omdat die mense arm is, ongeskool, en nie van moderne boerderymetodes weet nie.[105] In 1948 het hy dus op ’n gemeentevergadering te Chicuma heftig beswaar gemaak teen ds. W.P. van der Merwe se voorstel dat die Angola-Boere na Suidwes-Afrika moet repatrieer.[106]

In 1950 is ’n verdere brief in dié verband aan die redakteur van *Die Hervormer* gerig, waarby ’n akte vir die stigting van ’n skool en sakeonderneming ingesluit is. Vir hierdie twee ondernemings sou £5000 elk benodig word. Die ampsdraers sou J.J. Diederiks (direkteur), T.C. de Klerk (bestuurder) en W.A. Opperman (onderbestuurder) wees. Daar is voorsien dat die sakeonderneming mettertyd die onkoste van die koshuis en selfs ’n predikant sal dra.[107] Hannes de Jager het van hierdie nuwe plan die volgende gedink: “Daar die £4000 wat die algemene handelaar van Capala op aandring is vir sy binnevet [= *benefit*], maar, daar steek geen nut in vir die Angola Kinders nie.”[108]

Teen 1953 het sy planne die oprigting van ’n garage waar Afrikanerseuns as motorwerktuigkundiges opgelei word en die aanplant van ’n plantasie van 200 000 bome waarvan die opbrengs ná 15 jaar die lopende koste van die skool en koshuis sou dek, behels. Vir hierdie doelwitte wou hy £20 000 insamel.[109]

Die Plaassoekkommissie (1952)

Ds. J.A. Viljoen is in 1952 deur F.J. (Flip) Oosthuizen, Paul van der Walt, G.J. (Gert) van Staden en J.M. (Martiens) Venter as kommissielede vergesel. Die doel van die kommissie was om ’n geskikte plaas te identifiseer om ’n skool vir Afrikaanse kinders op te rig waar hulle primêre Portugese onderrig, landbouonderrig en Afrikaanse godsdiensonderrig sal ontvang. Mettertyd sou ’n permanente predikant ook daar gevestig word. Die “Plaassoekkommissie” het gevoel skoolkinders moet uit die ouers se “verderflike lewensomstandighede” verwyder word om ’n goeie opvoeding te ontvang. [110] In 1955 het Piet

104 FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 34.
105 Anon., “Ons Volksgenote in Angola”, *Inspan*, VI(3), Des. 1946, p. 15.
106 W.P. van der Merwe, *’n Outobiografie*, p. 117.
107 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 6; NHK: K1/2 3/32/5, Brief W.A. Opperman, W.A. de Klerk & T.C. de Klerk – Geagte Redakteur, 31.10.1950.
108 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief J.J. de Jager – P.P.H. Alberts, 27.11.1950.
109 NHK: K1/2 3/33/5, Brief P.S. van der Walt – Ds. A.J.G. Oosthuizen, 14.05.1953.
110 NHK: R13 1/1/1, Verslag van die Angola-kommissie vir die ringsvergadering van 10.06.1953; Anon., “Herv. Kerk se planne met Afrikaners in Angola”, *Die Suidwester*, 24 Sept. 1952; Anon., “Portugese baie simpatiek teenoor oprigting van skool vir Afrikaners in Angola”, *Die Suidwester*, 1 Nov. 1952, p. 12; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, pp. 31–32.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nannings hiermee saamgestem en aan die "Kosskoolkommissie" gesê: "[H]oe verder die kinders kan wegkom uit die verrotte omgewing, hoe beter."[111] By afloop van die besoek is besluit om die plaas Tunda vir die skool aan te koop, geboue op te rig vir die skool en koshuise, implemente aan te koop, die plaas in bedryf te stel en voort te gaan met die stigting van die skool. Paul van der Walt sou sy aandag aanvanklik toewy aan die opbou van die skoolplaas en later aan geestelike bearbeiding van die lidmate.[112]

Spoedig het hewige verset (meestal deur inwoners van Chicuma en Martiens Alberts van Outjo) in die plaaslike pers in Suidwes-Afrika ontbrand teen Tunda as die voorgestelde plek van die landbouskool en Paul van der Walt as onderwyser.[113]

Omdat die Hervormde Kerk in gebreke gebly het om die restant (£244) van 'n koopsom van £400 teen Februarie 1953 vir die plaas Tunda te betaal, het die koop in elk geval deur die mat geval. Paul van der Walt het ongeveer dieselfde tyd kennis gegee dat hy hom van die skoolsaak onttrek. Alle planne met die inrigting van Tunda as 'n skoolplaas het gevolglik tot stilstand gekom.[114] Teen Junie 1953 het die Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk amptelik opdrag gegee dat alle werk en uitgawes aan die plaas onmiddellik gestaak moet word.[115] Teen 15 Augustus 1953 is aangekondig dat die planne met die skool op die lange baan geskuif is omdat baie Afrikaners in Angola te kenne gegee het dat hulle Suidwes-Afrika toe wil trek.[116]

Dit sou 'n verdere drie jaar duur, waarin die Afrikanerkinders in Angola geen skoolopleiding geniet het nie, voordat die Hervormde Kerk oorgegaan het tot die stigting van die skool op Tunda.

---

111 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 4.

112 P.G.G. [P.G. Geertsema], "Die Bearbeiding van ons Lidmate in Angola", *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, pp. 5, 7.

113 Kyk J.N. [J.M.] Alberts, "Afrikaners in Angola", *Die Suidwester*, 8 Okt. 1952; P.G. Geertsema, "Ons Lesers Aan Die Woord: Kommissie Antwoord Mnr. J.M. Alberts", *Die Suidwester*, 12 Nov. 1952; J.M. Alberts, "Ons Lesers Aan Die Woord: Landbouskool In Angola", *Die Suidwester*, 3 Des. 1952; J.M. Alberts, "Korrespondensie", *Die Hervormer*, Febr. 1953, p. 5; J.J. Diederiks & 16 ander persone, "Ons Lesers Aan Die Woord: Afrikaners in Angola Oor Kosskool", *Die Suidwester*, 4 Febr. 1953; J.J. Diederiks, "Ons Lesers Aan Die Woord: Skool op Gambos", *Die Suidwester*, 18 Febr. 1953, p. 4; P.G. Geertsema, "Gambos-skema en die kerk", *Die Suidwester*, 4 Mrt. 1953, p. 7. Kyk ook FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 40–52, 64–66, 77–78, vir sy weergawe en siening van hierdie korrespondensie.

114 NHK: K1/2 3/33/5, Brief P.S. van der Walt – Ds. A.J.G. Oosthuizen, 14.05.1953; NHK: K1/2 3/33/5, P.S. van der Walt – Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering & Ring van Suidwes-Afrika in sitting 10.06.1953; NHK: K48 5/1/1, P.S. van der Walt, Verslag van werksaamhede aan die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk, Maart 1957.

115 NHK: R13 1/1/1, Verslag van die Angola-kommissie vir die ringsvergadering van 10.06.1953.

116 NHK: G25 1/1/3, Notule van 'n gemeentevergadering op Capeio, 15.08.1953.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Kosskoolkommissie (1955)

Tussen 13 Julie en 6 Augustus 1955 het die "Kosskoolkommissie", bestaande uit ds. J.G.M. Dreyer ('n lid van die Kommissie van die Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk), J.H.H. Janson (administrateur van die Hervormde Kerk), ds. J.A. Viljoen (Windhoek) en ouderling Martiens Venter en sy vrou Angola besoek met die doel om 'n geskikte plaas vir die landbouskool te identifiseer.[117] Op 'n vergadering op Chicuma, waar slegs Afrikaners van Sentraal-Angola teenwoordig was, het 22 van die aanwesiges ten gunste van 'n skool in die suide en 20 persone ten gunste van 'n skool in Sentraal-Angola gestem.[118] By Capeio (13 gesinne) was almal op 'n enkele gesin na ten gunste van 'n skool in die suide.[119]

Die kommissie het bevind dat Afrikanerkinders nie staatskole bywoon nie omdat: die kleurskeidslyn nie bestaan nie, die ouers nie belangstel nie weens die geweldige afstande en die ouers wat as gevolg van hulle armoede nie die vervoer kan bekostig nie, en die vrees vir die invloed van die Rooms-Katolieke Kerk in staatskole.[120]

By afloop van die kommissie het Martiens Venter £3000 geskenk vir die skool. Daar is reeds begin met die aankoop van 'n trekker, 'n drieskaarskottelploeg, 'n sleepwa, 'n Lister-enjin, 'n windpomp en ander implemente. Daar is ook ooreengekom dat hy £1000 aan die Hervormde Kerk sou leen vir die aankoop van die plaas Tunda, en dat die kerk binne drie jaar die bedrag aan hom sal terugbetaal. Die kommissie se aanbeveling dat daar begin moet word met die stigting van 'n "landbou inrigting" op Tunda (dit is met opset nie 'n skool genoem nie) en dat daar met tien seuns en vier dogters begin moet word, is aanvaar.[121] Daar is ook aanbeveel dat Paul van der Walt behulpsaam moet wees met kinders wie se ouers hulle vir onderwys na Suidwes-Afrika wil stuur.[122]

---

117 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 1; J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", I. *Die Hervormer*, 47(6), Sept. 1955, p. 7; J.G.M. Dreyer, "Ons lesers aan die woord: Leraar Vertel van Boere in Angola", *Die Transvaler*, 1 Jul. 1955; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 130–136.

118 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 3; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 131.

119 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 4.

120 *Ibid.*, p. 6.

121 *Ibid.*, p. 7; NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 06.09.1955; NHK: K1/2 3/33/5, Brief Vise-skriba van die Algemene Kerkvergadering – Di. Muller & Viljoen en ander geadresseerdes, 08.09.1955; J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", V. *Die Hervormer*, 47(10), Jan. 1956, p. 8.

122 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die skool op Tunda (1956–1958)

In April 1956 het Paul van der Walt voorlopig toestemming van die goewerneur van Huíla in Sá da Bandeira verkry om sy skool te begin. Die goewerneur het ook onderneem om self 'n draai op Tunda te maak. Paul van der Walt het intussen tien seuns by Chicuma in Sentraal-Angola gaan oplaai en na Tunda geneem.[123] In dieselfde maand het die skool op Tunda met twaalf seuns begin. Gedurende die dag het hulle vyf uur lank Portugees geleer, godsdiens in Afrikaans is in die aand onderrig en Sondae is hulle gekatkiseer.[124]

Die koshuis (sien figuur 26) was 'n integrale deel van die skool op Tunda. Interessant genoeg het die Carnegie-kommissie reeds 'n kwarteeu tevore bevind dat 'n stelsel van koshuise die enigste wyse is om ekonomies aan kinders van behoeftige ouers skool-opvoeding te verskaf. Hulle het verder bevind dat so 'n stelsel die belangrikste manier is om van onderwyskant die armblankevraagstuk aan te pak.[125]

Teen die einde van 1956 was daar reeds ongeveer 40 kinders, waaronder 25 seuns, op skool.[126] Aan die begin van 1957 was daar 42 kinders, wat 'n jaar later tot 47 aangegroei het.[127] Sowat 60 kinders van skoolgaande ouderdom het nie die skool bygewoon nie en dus geen skoolopleiding ontvang nie.[128] Die feit dat slegs 40 kinders in die koshuis geakkommodeer kon word en talle ander weggewys is, was moontlik 'n faktor wat daartoe bygedra het dat al hoe meer ouers teen die skool gekant geraak het.[129]

José (Zeca) de Paiva is as onderwyser aangestel omdat wetgewing in Angola vereis het dat onderwysers oor 'n diploma in Portugese onderwys moes beskik.[130] De Paiva kon nie aanpas nie omdat hy aan meer geleerde kinders in Portugese skole gewoond was en het later bedank.[131]

---

123 P.S. van der Walt, "Brief uit Angola", *Die Hervormer*, 48(3), Jun. 1956, pp. 14–15; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 139–141.

124 NHK: K1/2 3/335, Brief Ds. J.A. Viljoen – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.05.1956; NHK: K1/2 3/34/5, Brief P.S. van der Walt – Kommissie van die Algemene Vergadering, 20.01.1957; P.S. van der Walt, "Brief uit Angola", *Die Hervormer*, 48(3), Jun. 1956, pp. 14–15.

125 Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, p. xxvii.

126 NHK: K48 5/1/1, P.S. van der Walt, Verslag van werksaamhede aan die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk, Maart 1957.

127 NHK: K1/2 3/34/5, Brief P.S. van der Walt – Kommissie van die Algemene Vergadering, 20.01.1957; NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 15.01.1958.

128 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 9.

129 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16.

130 NHK: K48 5/1/1, P.S. van der Walt, Verslag van werksaamhede aan die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk, Maart 1957. Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.

131 NHK: K48 5/1/2 Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 30.05.1959.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paul van der Walt het so hard aan die skool gewerk dat hy sy pligte as predikant begin verwaarloos het.[132] Teen Junie 1956 was hy nie meer in staat om sy gemeentelike pligte ten volle na te kom nie en daar is vir sy gesondheid gevrees.[133] Teen die einde van 1956 is die beheer van die kosskool op Tunda aan die direksie van die Hervormde Weeshuis op Krugersdorp oorgedra. Dit het dus nie meer onder die toesig van die Algemene Kommissie geval nie.[134] Die skool is verder gekortwiek deur ’n gebrek aan fondse. Die gemeente se bydrae was ontoereikend.[135] Van die ouers het ook geen bydraes gekom nie, behalwe van Willem de Klerk en Danie Storbeck wat vir hulle kinders se klere gesorg het.[136] Boonop het die beloofde bydraes van die Hervormde Kerk nie opgedaag nie sodat Paul van der Walt uit sy sak vir die skool se uitgawes moes begin bydra. Teen Februarie 1957 het hy aangekondig die skool sal teen Maart moet sluit indien die Hervormde Kerk nie hulle bydrae aanstuur nie.[137] Omdat die Hervormde Kerk steeds nie fondse vir die skool bewillig het nie, het hy dus teen 17 Maart die Hervormde Kerk in kennis gestel dat die skool by gebrek aan fondse voorlopig moet sluit en dat die meeste kinders na hulle ouers teruggestuur is. Die brief is afgesluit met “dit sal in alle eeue ’n blaam op ons kerk se naam wees as ons hier halfhartig optree”.[138]

Die feit dat die kinders ná slegs sewe maande weer by hulle ouers terugbesorg is, was waarskynlik die finale nekslag van enige planne om die Afrikaners in Angola te hou en hulle nood daar te verlig. Daar was voortaan min geesdrif vir die skool en ’n al hoe groter groep Afrikaners het die begeerte uitgespreek om na Suid-Afrika of Suidwes-Afrika te emigreer waar hulle kinders behoorlike onderrig kan ontvang en hul aan ’n menswaardige toekoms kan bou.[139]

Die Hervormde Kerk het steeds gesloer met die betaling van rekeninge en eers teen Junie, nadat die skool vir die wintervakansie gesluit het, die gevraagde fondse oorgeplaas.[140] Die skool het toe eers op 1 Oktober 1957 heropen.[141]

---


132 P.I. du Plessis, “Gemeentelike nuus: Angola”, *Die Hervormer*, 48(2), Mei 1957, **p. *.**
133 M.W. Prinsloo, “Gemeentelike berigte: Gemeente Angola – Pocolo”, *Die Hervormer*, 48(10), Jan. 1957, p. 24. Kyk ook FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 153.
134 NHK: K1/2 3/34/5, Brief Vise-skriba Kommissie van die Algemene Vergadering – P.S. van der Walt, 08.12.1956; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 148.
135 P.I. du Plessis, “Gemeentelike nuus: Angola”, *Die Hervormer*, 48(2), Mei 1957, p. 21.
136 FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 155.
137 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 02.02.1957; NHK: K48 5/1/1, P.S. van der Walt, Verslag van werksaamhede aan die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk, Maart 1957.
138 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 17.03.1957.
139 W.A. de Klerk, “Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms”, *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16.
140 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 3.
141 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 14.08.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 26: Die dogters se slaapsaal by Paul van der Walt se skool by Tunda, ca. Oktober 1957. *Uit:* M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, pp. 11–31, plaat 5.



T E R

H E R I N N E R I N G

aan de Bediening van de H. Doop.

Ek verklaar lat die Dogtertje Gebore is die 24 de Setember en 1937 en Chicuma ANGOLA, van Mnr. Rudolf Phlippis Botha, Gebore die 6 ste Mei van 1896 en Otjimbingue, S. W. AFRICA, en sy vrau Joaga-mina Katarina Elisabetha Botha, Gebore die 26 ste Setember van 1905 en Caconda ANGOLA,

Is vendag van my gedoop, in geloof in die Evangelie en ontvang die naam van

E L I S A B E T H A J O H A N N A E L I N A

As getuie:
Paul de Klerk, Chicuma ANGOLA
en
Maria Storbeck, Chicuma ANGOLA.

Chicuma ANGOLA, die 15 ste Ocktober van 1944.

Tuure Valdemar Vapaavuori

Tuure Valdemar Vapaavuori.

Preedikant van die Luteraanse Kerk van Finland, Senleng preedeker Evangelie Filafrikaan, Sussangue, Chicuma ANGOLA.

Figuur 27: 'n Doopsertifikaat wat deur Tuure Valdemar Vapaavuori in Afrikaans uitgereik is vir die doop van Elisabetha Johanna Helena Botha op 15 Oktober 1944. *Uit:* Private versameling, mev. E.J.H. Labuschagne (née Botha).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teen Oktober 1957 is aangekondig dat 'n groot koshuis vir Angola-Afrikaners op Tunda opgerig gaan word. Ná die voltooiing van die koshuis sou kinders tot standerd 6 opgelei word.[142] Dié ambisieuse planne is nooit verwesenlik nie.

Teen Februarie 1958 is die koshuis al weer gekortwiek deur 'n gebrek aan fondse. Daar was nou 47 kinders op skool, terwyl vir slegs 25 begroot is. Van die Hervormde Kerk se kant is geen addisionele fondse beskikbaar gestel nie en Paul van der Walt het weer gedreig dat die kinders huis toe gestuur sal moet word as die begroting nie klop nie.[143] Teen Mei 1958 het die nood so gedruk dat Paul van der Walt die opbrengs van die kerkbasaar vir die skool moes gebruik en die kerkraad eers later daarvan verwittig het.[144]

Nadat 'n Portugese skoolinspekteur die skool besoek het, het hy bevind dat die geriewe gebrekkig is en onderneem om op die nabygeleë dorp Vila de Almoster (Chiange) 'n skoolgebou op te rig. Die Portugese regering sou ook twee onderwysers aanstel en besoldig.[145] Die Portugese owerheid wou egter die versekering hê dat die kinders na die staatskool sal kom. In die verlede het die Portugese al twee keer skole vir Afrikanerkinders gebou en dan het hulle ouers weggetrek voordat die skole klaar gebou is.[146]

Die Vliegtuigkommissie (1957)

'n Kommissie, wat later bekend geword het as die Vliegtuigkommissie en bestaande uit A.B. van N. Herbst, dr. B.J. Engelbrecht en Hendrik Vermooten ('n argitek), het Angola tussen 28 Junie en 6 Julie 1957 met Vermooten se ligte vliegtuig besoek, met die opdrag om die aangeleentheid in verband met die skool en koshuis te Tunda te ondersoek.[147]

Ná die bekendmaking van die kommissie se bevindinge is kritiek uitgespreek oor die feit dat die kommissie net enkele dae in Angola was, 'n kort rukkie op sekere plekke was, die meerderheid Afrikaners in Angola nie besoek het nie, en hulle op eerw. Paul van der Walt vir inligting verlaat het en gevolglik nie vertroud was met die omstandighede van die Afrikaners in Angola nie.[148]

---

142 Anon., "Groot koshuis vir kinders van Angola-Afrikaners kom op Tunda", *Die Suidwester*, 19 Okt., p. 6.
143 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 09.02.1958.
144 NHK: G25 1/1/3, Notule van die gemeentevergadering gehou op Tunda, 23.05.1958, p. 13.
145 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 02.02.1957; NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 4.
146 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 02.02.1957.
147 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957; oorspronklike dagboekie in besit van prof. B.J. Engelbrecht.
148 G.D. van der Smit, "Ons lesers aan die woord: Die Angola-Afrikaners en die Kerk", *Die Suidwester*, 24 Aug. 1957, p. 8 & "Die Afrikaners in Angola", *Die Suidwester*, 30 Aug. 1957, p. 6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kommissie het bevind dat Tunda 'n uitstekende plaas vir beesboerdery is. Met die verbeterings en vordering was hulle teleurgestel. Nieteenstaande die feit dat ouderling Martiens Venter goeie materiaal verskaf het vir die oprigting van die geboue, was die geboue so swak opgerig dat die kommissie van mening was dit moes afgebreek word. Daar is ook bevind dat die kookgeriewe en kombuisgereedskap uiters karig was en dat die skool se administrasie swak gedoen word. Hulle was nietemin beïndruk met wat Paul van der Walt met sy min ambagslui en gebrek aan finansies reggekry het. Die ouers wat voorstanders van die skool was, was baie tevrede met die vordering van hulle kinders op skool.[149]

Ná afloop van hulle ondersoek het die kommissie aanbeveel dat daar sonder versuim voortgegaan word met die onderwys op Tunda, die tydelike koshuis en skoollokale vervang word met meer permanente geboue, iemand anders as koshuisvader en plaasbestuurder aangestel word en Paul van der Walt hom by sy bediening bepaal, en dat fondse beskikbaar gestel moet word vir die bedryf van die onderneming.[150]

Die kommissie het voorgestel dat alle Afrikaners in die noorde van Angola in 'n Afrikaanssprekende gemeenskap by Tunda saamgetrek moet word sodat daar redelik onbelemmerd aan hulle opheffing gewerk kan word.[151] Hierdie planne om Tunda te ontwikkel, is met groter dringendheid deurgevoer nadat prof. Geoff Cronjé van die Universiteit van Pretoria bekendgemaak het dat hy 'n sosiologiese ondersoek na die Afrikaners in Angola gaan doen en daar besef is dat in so 'n ondersoek die powere geriewe by Tunda baie sleg op die Hervormde Kerk sal reflekteer.[152]

Dit is seker verstaanbaar dat baie ouers nie graag hulle kinders na 'n afgeleë skool wou stuur nie. Daarom is dit nie snaaks nie dat kinders soms van ouers en jonger broers en susters vergesel is wanneer hulle na die skool gekom het. In een geval het 'n vrou met twee kleiner kinders en drie skoolgaande kinders van Bailundo gekom. Paul van der Walt het hulle teruggestuur.[153]

'n Groot groep van die Afrikaners in Angola het gevoel die skool op Tunda is geen redding vir die Afrikaners nie. Dit sou verkwisting van geld en tyd wees en hoogstens tydelik uitkoms kon bied. Daar was ook die probleem dat kinders wat hulle skoolopleiding

149 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, pp. 2–3, 5; NHK: K1/2 1/1/9, Notule Moderamen van die Hervormde Kerk, 14.08.1958.
150 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 8, 10–11.
151 *Ibid.*, p. 9.
152 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Ds. C.H. Muller, 15.08.1957; Anon., "Volkskomitee gestig vir Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 14 Aug. 1957, p. 3.
153 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 08.12.1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voltooi het steeds nie ’n toekoms in Angola gehad het nie.[154] Teen hierdie tyd het die trekgees reeds posgevat en die meeste ouers het oorweeg om te emigreer. Paul van der Walt het steeds sy gemeentelike pligte versaak, terwyl hy ook nie meer gereeld by die skool was nie.[155]

Op 18 Augustus 1958 het die skool op Tunda finaal sy deure gesluit en is die laaste kinders na hulle ouers geneem.[156] Vir buitestanders was dit merkwaardig wat die skooltjie in ’n paar maande reggekry het. Die algemene kennis van die leerlinge, leergierigheid en vermoë om rekenkundige berekeninge te doen, het hulle opgeval.[157]

In ander Afrikalande het die Afrikaners soortgelyke probleme op onderwysgebied ondervind. ’n Opname onder blanke setlaars in Kenia in 1925 het aangetoon dat ’n aansienlike persentasie (tot 25%) geen onderwys ontvang het nie, en dat die probleem veral onder Afrikaners akuut was. Gevolglik is beweer dat “it is by no means unknown to find on some remote farm Dutch children up to eighteen years of age who can neither read nor write”. Hoewel die gebrekkige onderwys deels aan armoede toegeskryf kan word, kan dit ook aan hulle kulturele insulariteit toegeskryf word omdat die openbare skole in Kenia met goeie rede as sentrums van indoktrinasie in die dominante Engelse linguistiese en kulturele norme gesien is.[158] Dieselfde probleem is in Rhodesië ondervind. Die siviele kommissaris van Melsetter, wat hoofsaaklik deur Afrikaners bewoon is, het in 1918 opgemerk dat ’n aansienlike persentasie van die blanke (skoolgaande) bevolking bykans geen onderwys ontvang nie. In die Victoria-distrik is opgemerk dat Afrikanerkinders “are growing up without even the most elementary knowledge”.[159]

Die opvoeding van die kinders is grootliks verwaarloos. Hulle primitiewe omstandighede ten spyt, het ongeletterdheid selde voorgekom, maar die geletterdheidsvlak was bedroewend laag. Onderwys is gewoonlik deur nabye familielede behartig en het bestaan uit weinig meer as basiese reken- en skryfvaardighede, met die oog op aanneming in die kerk. Slegs enkele kinders het ’n kortstondige laerskoolopleiding op plaasskooltjies en Portugese skole geniet. Die lofwaardige poging van Paul van der Walt wat daarin kon slaag om ’n Boereskooltjie op Tunda vir twee jaar aan die gang te hou, was die enigste uitsondering op die grootskaalse verwaarlosing van onderwys.

---

154 Afrikaners in Angola (32 ondertekenaars), “Angola-Afrikaners vra om hulp”, *Die Suidwester*, 4 Sept. 1957, p. 4.
155 NHK: K1/2 1/1/9, Notule Moderamen van die Hervormde Kerk, 14.08.1958.
156 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 14.08.1958; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 156.
157 SAUK: T58/9 18/56–58(58), Onderhoud Mnr. S. Eloff, 25.11.1958.
158 D. Kennedy, *Islands of white*, pp. 169–170; C.S. Nicholls, *Red Strangers*, p. 198.
159 D. Kennedy, *Islands of white*, pp. 169–170.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 11
GODSDIENSTIGE LEWE VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958)

Die Gereformeerde Kerk (1881–1928)

Die persone wat aan die Dorslandtrek deelgeneem het, was oor die algemeen baie godsdienstig. Hulle het reeds van die begin af leidende figure gekies om as ouderlinge en diakens onder die trekkers te dien. Saam met persone wat voorheen ouderlinge en diakens was, het hulle 'n kerkraad gevorm. Kerkdienste is gereeld deur hierdie persone behartig. In 1877 is die lede van die derde trekgroep deur ds. Jan Lion Cachet van die Gereformeerde gemeente Philipstown as "de trekkende Gemeente der Geref. Kerk van Zuid-Afrika" georganiseer.[1]

Op kerklike gebied het die Gereformeerde gemeente van St. Januario Humpata op 19 Desember 1881 tot stand gekom. Die meeste Dorslandtrekkers was reeds lidmate van die Gereformeerde Kerk. Enkele lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk het ook 'n kerklike tuiste in die Gereformeerde Kerk gevind.[2] Vir bykans dertig jaar was dit die enigste kerkgenootskap onder die Angola-Boere. Die gemeente Humpata het slegs vir kort tye 'n vaste predikant gehad. By gebrek aan predikante is hulle al om die paar jaar deur predikante van die Gereformeerde Kerk besoek. Die gemeente is tussen 1882 en 1904 deur die "Commissie ter behartiging van de geestelyke belangen der Geref. Gemeente te St. Januario, Humpata" van die Gereformeerde Kerk bygestaan.[3]

Met verloop van tyd het meer Afrikaners hulle noord van Humpata gevestig. Die lidmate van Que, Cubal, Hanha en Catumbela het afsonderlik 'n wyk van die gemeente

---

1 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 110; J. Lion Cachet, *Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, A.D. 1859–1909*, pp. 153–156; K. van Tonder, "Die eerste honderd jaar: 1859–1959", pp. 22–23, & B. Van der Walt, "Ook buite die grense van ons land", p. 106, in Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, *Uit dankbaarheid: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1859–2009*.

2 GKSA: HU 1.1.2., Notule Gemeentevergadering Humpata, 19.12.1881; J. Lion Cachet, *Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, A.D. 1859–1909*, pp. 157–160.

3 GKSA: HU 1.1.1., Notules van die "Commissie ter behartiging van de geestelyke belangen der Geref. Gemeente te St. Januario, Humpata", 1882–1904; J. Lion Cachet, *Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, A.D. 1859–1909*, pp. 161–3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Humpata gevorm. Omdat hulle vir jare lank geen besoek van ’n Gereformeerde predikant uit Suid-Afrika ontvang het nie, en óf glad nie besoek is nie óf slegs kortstondig besoek is wanneer ’n predikant Humpata wel besoek het, het hulle ds. Pieter Biewenga, wat toe sendelingleraar onder die “mak volk” in Humpata was en al as predikant in die Gereformeerde Kerk toegelaat is, gevra om vir hulle dienste te hou. Die bemoeienis van Herman Smit, wat hulle tot ander insigte wou bring, het hulle voorneme laat versterk en hulle het by die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk aansoek gedoen om ’n selfstandige gemeente te vorm. Op 26 Mei 1906 is die gemeente Que gestig, en op 28 Mei 1906 is ds. Biewenga as predikant van die gemeente bevestig. Hy sou vir die res van die Afrikaners se verblyf die predikant vir dié gemeente wees. Mettertyd het die lidmate van Sacanjimba en Mombolo deel van die gemeente Que gevorm.[4]

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1910–1928)

Op 6 April 1908 was dit tydens ’n kerkraadsvergadering duidelik dat die standpunt van ’n groot aantal lidmate van die gemeente Humpata nie met die sinodale standpunt van die Gereformeerde Kerk oor die sending te versoen is nie.[5] Op 7 April 1908 is ’n bedankingsbrief wat deur 118 lidmate onderteken is, gerig aan Humpata-gemeente se predikant, ds. H. Pasch.[6]

Die aanleidende oorsaak was dat hulle nie kans gesien het dat ds. Pasch ook vir die sendinggemeente (die “mak volk”) preek en een keer in drie maande gedurende die week die sakramente aan hulle bedien nie. Daar was al ’n lang tyd ongelukkigheid onder ’n faksie in die gemeente oor ’n verskeidenheid aangeleenthede, byvoorbeeld die feit dat die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk Herman Smit nie op grond van sy

---

4 GKSA: QU 1.1.1, Kort geskiedenis van die gemeente Que; J. Lion Cachet, *Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, A.D. 1859–1909*, pp. 164.

5 GKSA: HU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 06.04.1908; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 22–36, verskaf ’n bevooroordeelde weergawe van die kerkskeuring en die daaropvolgende gebeure wat in groot mate van die notule van die vergadering verskil. W.P. van der Merwe, “Die kerk onder die Dorslandtrekkers”, *Hervormde Teologiese Studies*, 3(1–2), 1946, pp. 10–24, en Z.C. Robberts, “Die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Angola” verskaf ’n bondige geskiedenis van die kerkskeuring en die geskiedenis van die Hervormde Kerk in Angola. Verdere verklarings is te vinde in GKSA: HU 2.1.6, “Briewe en aantekeninge oor kerkskeuring ingesluit”, o.a. J. van Rooy, “Onderhoud met oudl. J.C.A.C. Labuscagne, Gobabis, 17 April, 1953”; J. van Rooy, “Verklaring afgeneem van oudouderlings Lou du Plessis en Megiel v/d Merwe (gesamelik), deur ds. J. v. Rooy, Bonne Esperance, Gobabis, 19/2/53”; M. Snyman, “Aantekeninge oor Verhaal van Tant Miemie Snyman” & S.P.J. en A.C.M.J. van Vuuren, “Mnr. S.P. van Vuuren se relaas re. Die Kerkskeuring in Angola, 6 April 1908”.

6 NHK: G25 1/1/1, Notule Gemeentevergadering Humpata, 31.05.1910.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"singuliere gawes" as predikant wou orden nie en omdat die voorafgaande sinode (1907) besluit het dat die sending onder die "mak volk" in Humpata "krachtig voortgezet worde". Smit was een van die leidende figure in die kerkskeuring en het ná die skeuring kerkdienste vir die ontevrede faksie gehou.[7] Die rede vir die skeuring was dus nie bloot die persoon van ds. Pasch soos die skrywer P.J. van der Merwe in *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)* beweer nie.[8]

Op 18 April 1908 het 124 lidmate van die Gereformeerde Kerk Humpata die skriba van die sinode van die Gereformeerde Kerk in kennis gestel dat hulle hul onttrek aan die sinodale verband en opsig van die Gereformeerde Kerk omdat "onze gevoelens omtrent de zaak der Zending, geheel afwijken van de inzichten der Synode".[9] Van hierdie persone het kort daarna hulle bedanking teruggetrek. Hierdie kerkskeuring is later as "die smartvolste in ons geskiedenis" bestempel – "Nog nooit tevore was die Afrikanergees so verwoes, verwring en verneder nie."[10]

Die ontevredenes het hulle hierop tot die sinode van die Gereformeerde Kerke van Nederland gewend. Hierdie sinode het spoedig hulle aansoek om hulp bespreek en dit aan ds. B. van Schelven en prof. H. Kuyper opgedra om uit die Skrif aan te toon dat die ontevredenes se standpunt onjuis is en hulle te vermaan om hul besluit te herroep. Ten tweede moes hulle aangeraai word om met ds. Pasch te versoen en weer hulle verband met die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, wat hulle oor al die jare geestelik en finansieel gesteun het, op te neem.[11] Hierdie aanbeveling is nooit deur die ontevredenes ter harte geneem nie.

Die Hervormde Kerk se gemeente Humpata is op 31 Mei 1910 deur ds. Pieter van Drimmelen en ouderling J.G. Benade van die gemeente Marico tydens 'n gemeentevergadering van die ontevredenes gestig. Tydens dié vergadering is die Kerkwet van die Hervormde Kerk in sy geheel voorgelees en deur slegs 34 persone, wat op een uitsondering

---

7 H.P.J. Pasch, "Brief van Ds. Pasch aan prof. J. Lion Cachet", *Bijvoegsel van "Het Kerkblad"*, 1 Jun. 1908; GKSA: *Handelingen van de Vijftiende Algem. Synodale Kerkvergadering, samengesteld uit al de Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika, vergaderd te Pretoria, Transvaal, van den 4den Maart tot den 14den Maart 1907*, pp. 60–61. [Art. 34, p. 17.]; Anon., "Notulen", Artikels 38–40, 59. *Het Kerkblad*, 1 Mrt. 1907.

8 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 25–34; NHK: G25 1/1/1, Notule Gemeentevergadering Humpata, 31.05.1910, Brief 118 Ondertekenaars – Ds. M. Postma, 18.04.1908, bevestig hierdie stelling.

9 NHK: G25 1/1/1, Notule Gemeentevergadering Humpata, 31.05.1910, Brief 118 Ondertekenaars – Ds. M. Postma, 18.04.1908.

10 NHK: K1/2 3/9/6, Brief Gert Alberts & 123 ander persone – Ds. M. Postma, 18.04.1908; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 117.

11 Anon., "Humpata", *Het Kerkblad*, 1 Okt. 1908, p. 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na almal hoofde van gesinne was, onderteken.[12] Op 11 Januarie 1919 is 'n tweede Hervormde gemeente, in 'n grasgeboutjie te Mombolo met 14 lidmate, deur ds. Pieter van Drimmelen gestig. Hy is tydens sy terugreis na Humpata oorlede.[13]

Teen 1923 het ds. S.J. Strydom van die Hervormde Kerk bevind dat die verhouding tussen die twee kerkgenootskappe nog veel te wense oorlaat, hoewel dit in daardie stadium veel beter was as in die tyd onmiddellik ná die skeuring toe dit "ellendig sleg" was.[14] In 1926 het ds. T.F.J. Dreyer van die Hervormde Kerk beweer dat die vroeëre vyandigheid tussen lidmate van die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk iets van die verlede was. Die lidmate van die Gereformeerde Kerk het dienste van Hervormde predikante bygewoon hoewel daar Hervormde lidmate was wat nog nooit weer hulle voete in die Gereformeerde Kerk se gebou gesit het nie.[15]

Kerklike bearbeiding van die Afrikaners (1928–1935)

Ouderling Hans Alberts was die enigste kerkraadslid van die Hervormde Kerk wat ná 1928 in Angola gebly het. Volgens hom was daar in 1929 16 lidmate van die Hervormde Kerk en 25 gesinne lidmate van die Gereformeerde Kerk.[16] Flip Alberts stel die getal lidmate van die Hervormde Kerk op slegs twaalf.[17] In die noorde (dit wil sê Sentraal-Angola) was daar nooit voorheen baie lidmate van die Hervormde Kerk nie. In Mombolo was slegs vier gesinne (uit 57) tien jaar tevore (1923) lidmate van die Hervormde Kerk. Ds. S.J. Strydom was toe van oordeel dat die Hervormde Kerk geen toekoms in die noorde van Angola het nie.[18]

Volgens die Kanadese sendeling John T. Tucker was die meerderheid van die 150 tot 200 Afrikaners in Angola in 1932 lidmate van die Gereformeerde Kerk.[19] Van die 28

---

12 NHK: G25 1/1/1, Notule Gemeentevergadering Humpata, 31.05.1910; J.G. Benade, "Herinneringe aan die stigting van die gemeente Humpata in 1910", *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 33, 1939, pp. 110–111; Z.C. Robberts, "Die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Angola".

13 P. van der Smit, "In memoriam. Dominé P. van Drimmelen. De Stichting van de Nederd. Herv. Kerk te Mombolo, in Portug. West Afrika", *Die Hervormer*, 10(11). 15 Mei. 1919, pp. vii–viii.

14 NHK: K1/2 3/27/8, Ds. S.J. Strydom – Hoogeerwaarde Kommissie van die Algemene Vergadering, 03.12.1923, p. 12.

15 NHK: K1/2 3/27/19, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk, Oktober 1926.

16 NHK: K1/2 3/27/8, Brief Joh. Alberts – Ds. A.J. Barger, 10.11.1929.

17 P.P.H. Alberts, "'n Stukkie geskiedenis oor Angola", *Die Vreugdebode*, I(2), Jun. 1952, p. 13.

18 NHK: K1/2 3/27/8, Ds. S.J. Strydom – Hoogeerwaarde Kommissie van die Algemene Vergadering, 03.12.1923, pp. 3, 13.

19 J.T. Tucker, "Die oorblyfsel van Boere in Angola", *De Kerkbode*, 4 Mei 1932, p. 846.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesinne op Chicuma het slegs drie aan die Hervormde Kerk behoort, terwyl al ses gesinne op Capeio lidmate van die Gereformeerde Kerk was. Die Gereformeerde Kerk het "[ge]weier om hulle verder te bearbei".[20] Vermoedelik was dit deels die gevolg daarvan dat 'n groot aantal lidmate van die Gereformeerde Kerk in die sentrale dele van Angola reeds by geleentheid aan die kerklike tug onderworpe was.

In 1929, kort nadat die meerderheid Angola-Boere na Suidwes-Afrika getrek het, het die eerste versoek gekom om 'n Hervormde predikant na die lidmate in Angola te stuur. Dit is spoedig deur verdere versoeke opgevolg.[21] Hoewel van die Hervormde predikante die Angola-Boere in Suidwes-Afrika besoek het, was dit oor die jare moeilik om 'n predikant te vind wat die Angola-Boere gereelder kon besoek.[22] In 1931 het drie lidmate van die Gereformeerde Kerk van Chicuma ouderling Hans Alberts oor kerklike sake kom spreek en sewentig Gereformeerde lidmate het aangedui dat hulle bereid was om lidmate van die Hervormde Kerk te word.[23]

Die probleem was ongelukkig dat van die Hervormde predikante se gemeentes verwag is om grootliks die reiskoste van hulle predikante na Angola te dra en dan boonop vir maande sonder 'n predikant te wees. Die Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk was ook nie bereid om die koste te dra nie, en die lidmate in Angola was te min en te arm om die koste te dra.[24]

Die Kanadese sendeling dr. John T. Tucker het reeds in 1932 gewys op die geestelike nood van die Afrikaners wat in Angola agtergebly het. Hy het besef dat hulle te min was om 'n permanente predikant te regverdig, maar het aanbeveel dat 'n reisende predikant hulle van tyd tot tyd besoek. Sy kerk, die United Church of Canada, was bereid om aan hulle hulp te verleen. Die Afrikaners sou selfs kon aansluit by 'n "Portugees-Protestantse Kerk" wat in Angola in die vooruitsig gestel is. Die United Church of Canada was bereid om jaarliks verslae oor hulle bediening aan Afrikaners aan die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika voor te lê.[25]

By gebrek aan kerklike bearbeiding van die Afrikaners deur die drie Afrikaanse susterkerke is hulle deur sendelinge en predikante van ander kerkgenootskappe bearbei. Een

---

20 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935.

21 NHK: K1/2 3/27/8, Briewe Joh. Alberts – Ds. A.J. Barger, 10.11.1929 & 08.08.1930; NHK: K1/2 1/1/5, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 30.12.1931.

22 NHK: K1/2 1/1/5, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 03.09.1932 & 02.06.1933.

23 NHK: K1/2 3/27/8, Brief T. de Klerk, H. de Klerk, W.C. Opperman & M. Behan – Joh. Alberts, 26.10.1931; P.P.H. Alberts, "'n Stukkie geskiedenis oor Angola", *Die Vreugdebode*, I(2), Jun. 1952, p. 13; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 2.

24 NHK: K1/2 3/27/8, Brief Skriba van die Algemene Kommissie – Ds. J.J. Prinsloo, 16.05.1933; NHK: K1/2 3/27/8, Brief Ds. P.J. Smit – Skriba van die Hervormde Kerk, 28.08.1933.

25 J.T. Tucker, "Die oorblyfsel van Boere in Angola", *De Kerkbode*, 4 Mei 1932, p. 846.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lidmaat is in 1928 deur ds. J. Steed by Chissamba, oos van Silva Porto, gedoop.[26]

Male sonder tal is die aanbeveling gedoen dat doopseels en huweliksertifikate in beide Portugees en Afrikaans uitgereik moet word. Vir dié doel moes die vertaling amptelik goedgekeur word (byvoorbeeld deur die Portugese konsul in Johannesburg).[27] Dr. John T. Tucker het reeds in 1932 versoek dat dit gedoen word omdat die Portugese owerheid baie waarde daaraan geheg het.[28] Hierdie aanbevelings het nie gerealiseer nie.

Ds. M.M. Grobler van die Hervormde gemeente Brakpan was die enigste Afrikaanse predikant wat die Afrikaners van Angola gedurende ’n tydperk van 20 jaar tussen 1926 en 1946 besoek het. Hy het op 27 Mei 1935 van Brakpan vertrek en op 31 Mei 1935 in Windhoek aangekom. Die eerste deel van sy herderlike besoek was aan Suidwes-Afrika, wat in daardie stadium nog geen vaste Hervormde predikant gehad nie. Naby die grens met Angola het hy twee gesinne uit die noorde van Angola aangetref wat besig was om na Suidwes-Afrika te verhuis. Hy is in Angola deur sy vrou en ouderling J.M. (Hansie) du Plessis van Gobabis vergesel. Tydens dié besoek in Junie en Julie 1935 het hy 26 kinders gedoop en 17 lidmate aangeneem. Kerkdienste is op Humpata, Chicuma en Capeio gehou. Hy het nie tyd of geld gehad om die tien gesinne by Saurimo, die vier gesinne by Andulo en die vier gesinne by Bailundo te besoek nie. ’n Aantal lidmate van die Gereformeerde Kerk het aan ds. Grobler te kenne gegee dat hulle beoog om by die Hervormde Kerk aan te sluit.[29] Teen 1951 was daar waarskynlik slegs vier gesinne wat lidmate van die Gereformeerde Kerk was en nog nie by die Hervormde Kerk aangesluit het nie.[30]

Ongelukkig het ds. Grobler nie kerkregisters aangelê of op datum gehou nie.[31] Hoewel hy persoonlik aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor sy reis verslag gedoen het, is slegs ’n kort verslag van sy reis in *Die Hervormer* gepubliseer.[32]

---

26 NHK: G25 3/1/3, 04.11.1928, p. 1; H. Monnier, *Fondation et développement de la Mission Philafricaine en Angola, 1897–1947*, p. 40.

27 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 22.10.1950, p. 5; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 4.

28 J.T. Tucker, “Die oorblyfsel van Boere in Angola”, *De Kerkbode*, 4 Mei 1932, p. 846.

29 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935; NHK: K1/2 3/30/14, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 30.10.1945; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, lyste van die dopelinge en die persone wat aangeneem is; P.P.H. Alberts, “Gemeentelike berigte: S.W. Afrika”, *Die Hervormer*, 25(7), 25 Sept. 1935, p. 7.

30 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 26.09.1951.

31 In NHK: G25 3/1/3, G25 3/2/3 en G25 3/3/3 verskyn slegs die name van twee dooplidmate en geen lidmate wat deur ds. Grobler aangeneem is. FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins beskik wel oor ’n lys van die 26 persone wat gedoop is en ’n lys van die 17 persone wat aangeneem is.

32 In NHK: K1/2 1/1/6, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 11.12.1935, 05.03.1936 & 19.06.1936 word ds. Grobler voortdurend aangespreek om ’n verslag oor sy reis in *Die Hervormer* te publiseer. Dit is uiteindelik gedoen in M.M. Grobler, “Hulp vir die Afrikaners in Angola”, *Die Hervormer*, 31 Mrt. 1937, p. 13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds. Grobler het in 1935 aanbeveel dat reëlings in verband met herderlike besoeke eerder in samewerking met die Portugese konsul in Johannesburg getref word, want "[d]ie Portugese in Angola is 'n onmoontlik speul".[33]

Vir elf jaar ná ds. Grobler se besoek het geen predikant die Angola-Boere besoek nie. Daar was wel sprake van 'n voorgenome besoek van ds. C.S. van H. Steenekamp in Augustus 1939, maar dit is waarskynlik deur sy beroep na 'n gemeente in Suid-Afrika in die wiele gery.[34] Daarna was daar gereeld versoeke dat die Hervormde lidmate wat van die Gereformeerde Kerk oorgekom het nie weer in die steek gelaat moet word nie.[35] Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was dit as gevolg van petrolrantsoenering nie moontlik om 'n Hervormde predikant na Angola te stuur nie.[36] Daar is besluit om 'n herderlike skrywe aan die lidmate in Angola te rig waarin die besluit verduidelik word. Die hoop is uitgespreek dat 'n besoek ná afloop van die oorlog sou volg.[37]

Ds. J.D. Storm van Wolmaransstad was in 1943 bereid om na Angola te gaan, maar sy besoek is eweneens deur die Tweede Wêreldoorlog in die wiele gery. Hy het nietemin onderneem om hulle ná die oorlog te besoek. 'n Voorgenome besoek deur ouderlinge Paul van der Walt en Hans Alberts aan die lidmate in Angola gedurende 1944 het nooit plaasgevind nie.[38] Dr. John T. Tucker van die Currie Institute se sendingstasie Dondi by Bela Vista het in die veertigerjare 'n aantal huwelike bevestig en 'n aantal babas gedoop. Dit is in Portugees gedoen. Een jong vrou het 500 myl (800 km) afgelê om in September 1942 belydenis van geloof te doen.[39]

Die NG Kerk het 'n versoek van ds. Tucker om hulp aan die Angola-Afrikaners na die Gereformeerde Kerk verwys omdat hulle gedink het die meeste van hierdie mense was nog lidmate van die Gereformeerde Kerk.[40] Hulle is spoedig daarop gewys dat hierdie mense intussen by die Hervormde Kerk aangesluit het omdat die Gereformeerde Kerk hulle laat weet het die Gereformeerde Kerk is nie meer in staat om hul te bearbei nie.[41]

---

33 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935.
34 NHK: K1/2 1/1/6, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 02.03.1939 & 10.05.1939; NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. C.S. van H. Steenekamp – Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ongedateer (ca. Maart 1939); NHK: K1/2 3/28/6, Brief P.P.H. Alberts – Ds. T.F.J. Dreyer, 07.08.1939.
35 NHK: K1/2 3/29/1, Brief P.P.A. Alberts – Ds. T.F.J. Dreyer, 19.05.1940.
36 NHK: K1/2 3/29/1, Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.09.1941; NHK: K1/2 1/1/5, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 10.03.1943.
37 NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 10.03.1943.
38 NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 14.09.1943 & 20.09.1944; NHK: K1/2 3/30/14, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Ds. P. du Toit, 22.11.1944; J. Dreyer, "Besluite van belang geneem op die Algemene Kommissie-vergadering op 20 en 21 September 1944", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1944, p. 4.
39 NHK: K1/2 3/30/14, Brief John T. Tucker – A.F. Louw, 04.07.1944; NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
40 Anon., "Boerefamilies in Angola", *Die Kerkbode*, 13 Sept. 1944, p. 218.
41 NHK: K1/2 3/30/14, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Ds. P. du Toit, 22.11.1944.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die afwesigheid van Afrikaanse predikante het die Angola-Boere hulle na Protestantse sendinggenootskappe gewend om hulle huwelike "voor die sending" te bevestig of hulle kinders te laat doop.[42] 'n Hele klomp Afrikaanse kinders (waaronder J.G. de Klerk, E.J.H. Botha en G.M.S.J. de Jager) is in 1943–1944 deur die Finse sendeling ds. Tuure Valdemar Vapaavuori van die Mission Philafricaine by Soussangue, Chicuma en Caluquembe gedoop en 'n paar egpare is deur hom in die huwelik bevestig. Vapaavuori was Afrikaans magtig en het netjiese doop- en huweliksertifikate in Afrikaans uitgereik (kyk figuur 27).[43] Carl R. Dille van die Missão Evangélica te Chilesso naby Andulo het op 3 Oktober 1941 'n huwelik tussen twee Afrikaners bevestig.[44] 'n Skotse sendeling, R.C. Allison, het sommige van die Afrikaners in die noorde van Angola bearbei.[45] In die suide van Angola het Paul van der Walt maandeliks 'n diens gelei.[46]

Ds. Storm van Wolmaransstad het in 1946 uitvoering gegee aan sy bereidheid om Angola ná die Tweede Wêreldoorlog te besoek. Voor sy besoek het hy opdrag ontvang om 'n nuwe doop- en lidmaatregister aan te lê, sy diskresie te gebruik met die aanneming van nuwe lidmate en die doop en om Gereformeerde lidmate te bearbei asof hulle lidmate van die Hervormde Kerk was.[47] Ds. Storm het tydens hierdie besoek ses huwelike bevestig, 44 lidmate aangeneem en 32 kinders gedoop[48] Hy is deur Flip en Mara Alberts vergesel. Kerkdienste is op Tunda, Chicuma, Capeio, Chipindo, Lubango en Chibía gehou. Die eerste kerkbasaar is in Angola gehou. In sommige gevalle het lidmate 18 en selfs 25 jaar tevore laas 'n Afrikaanse predikant gesien.[49] Omdat dit kort ná die Tweede Wêreldoorlog was, is brandstof gerantsoeneer, wat dit vir ds. Storm onmoontlik gemaak het om tien gesinne in Saurimo en enkele gesinne in Capeio te besoek.[50]

Op Tunda is die vrou van Artur de Paiva jr. (Maria Graciette dos Santos Nobrega de Paiva) as lidmaat aangeneem. Sy was Portugees magtig, maar nie Afrikaans nie, sodat sy

---

42 H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", p. 260.
43 NHK: G25 3/1/3, 11.07.1943, p. 1; H. Monnier, *Fondation et développement de la Mission Philafricaine en Angola, 1897–1947*, p. 40; Persoonlike onderhoude: G.M.S.J. van der Merwe (née de Jager), 12.07.2007, E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
44 NHK: K48 6/5, Huweliksakte, 03.10.1941.
45 H.J. Uys, "Kinders uit Angola na Unie", *Die Suidwester*, 9 Apr. 1952, p. 14.
46 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007.
47 NHK: K1/2 3/30/14, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Ds. J.D. Storm, 21.11.1945.
48 NHK: G25 3/1/3, G25 3/2/3 & G25 3/3/3; NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17.
49 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946, & Gemeente Angola, 1946, & Mara Alberts, Verslag van haar besoek aan Angola, 1946; M. Alberts, "Besoek aan Angola", *Die Christelike vrou*, Sept.–Okt. 1946, p. 5.
50 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

per tolk in die leer van die Hervormde Kerk onderrig moes word.[51] Teen 1952 het sy Afrikaans al byna onder die knie gehad.[52]

Die kerkraadslede het egter nie meer hulle pligte behartig nie. Nie een van die kerkraadslede wat in 1935 verkies is, het ds. Storm se dienste bygewoon nie.[53] Van die gemeentelede in Chicuma het nietemin gevoel dat vandat ds. Storm hulle besoek het, "daar weer 'n lig tussen ons klompie Afrikaners hier in Angola" is.[54]

Flip Alberts het ná die besoek van ds. J.D. Storm aanbeveel dat die Hervormde Kerk as 'n sendingkerk in Angola geregistreer moet word.[55] Die alternatief was om óf 'n predikant te stuur om Afrikaanse skole op te rig óf 'n sendingstasie op te rig. 'n Sendingstasie sou egter £5000 kos. Die stigting van 'n sendingstasie deur 'n predikant van die Hervormde Kerk is ook as een van drie moontlike oplossings vir die onderwysprobleem in Angola aanbeveel. Daarvoor sou 'n oproep aan die "volk" gemaak moes word.[56] Beide in 1946 en 1950 het ds. J.D. Storm gevolglik aanbeveel dat dit noodsaaklik is dat die Hervormde Kerk as sendingkerk in Angola geregistreer moet word om sodoende amptelik erken te word.[57] Die Portugese konsul in Johannesburg is in 1951 en 1956 genader oor die proses wat gevolg moet word.[58] Later is die Hervormde Kerk deur die Britse konsul in Luanda na dr. John T. Tucker, verteenwoordiger van die Protestantse Aliança Evangélica in Angola, verwys.[59] Teen 1956 het hulle nog geen sukses daarmee behaal nie en het by die konsul-generaal van die Unie van Suid-Afrika in Luanda om hulp aangeklop.[60]

Lidmate het dikwels hulle diepe teleurstelling uitgespreek dat die besoeke van die predikante so haastig afgehandel word.[61] Boonop is gevoel dat die predikante net daar is om te jag, en dit terwyl die geestelike bearbeiding van die lidmate afgeskeep word.

---

51 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p 118.
52 J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola, II", *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, p. 9.
53 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
54 A.C. Raes, "Gemeentelike berigte: Chicuma, Angola", *Die Hervormer*, 20 Apr. 1947, p. 17.
55 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
56 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, pp. 4–5; W.P. van der Merwe, "Die Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, Mei 1950.
57 NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 24.09.1946; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 4.
58 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Portugese Konsul, Johannesburg, 06.03.1951; NHK: K1/2 1/1/ 7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 04.12.1956.
59 NHK: K1/2 3/32/5, Brief S.P. House, Britse konsul in Luanda – Secretary Dutch Reformed Church of Africa, 10.10.1951.
60 NHK: K1/2 3/34/5, Brief Skriba Ned. Hervormde Kerk – H.L.T. Taswell, 12.11.1956.
61 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, pp. 2–3; NHK: K1/2 3/33/5, "Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952"

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ds. W.P. van der Merwe van die Hervormde gemeente Parys het tydens sy besoek van 11 Julie tot 17 Augustus 1948 vier huwelike bevestig, 34 lidmate aangeneem en 40 kinders gedoop.[62] Hy was 'n afstammeling van Angola-Boere en is in dié land gebore. Hy is deur sy eggenote en Flip Alberts vergesel. Daar is 26 kerkdienste op Pocólo, Chibía, Chicuma, Dongo, Que, Capeio, Chipindo, Nova Lisboa en Cuengué Central gehou en die Nagmaal is sewe keer bedien.[63] Op Santo Amaro is agt kinders van João Edgar de Oliveira de Sousa en Johanna Francina de Sousa (née Koekemoer) op dieselfde dag (29 Julie 1948) gedoop.[64] Die lidmate op Vila Luso en Saurimo is nie besoek nie omdat verneem is dat die mans in die jagveld is.[65] Ds. Van der Merwe het die Hervormde Kerk in Angola se sieletal op 350 geskat.[66]

Ds. Storm, as Hervormde predikant van Bronkhorstspruit, het tydens sy tweede besoek (van 15 Julie tot 11 Augustus 1950) ses huwelike bevestig, nege lidmate aangeneem en 23 kinders gedoop.[67] Hy is deur sy eggenote en Flip Alberts vergesel. Gemeentevergaderings is gehou en kerkraadslede verkies en in hulle ampte bevestig. Kerkdienste is op Capeio, Nova Lisboa, Chipindo, Que en Tunda gehou. Daar was selfs 'n kerkbasaar op Chicuma wat £18 opgelewer het. Die tyd het weer eens ontbreek om die lidmate in Saurimo en Vila Luso te besoek. Die koste daaraan verbonde sou dit ook nie regverdig nie en sommige van die mans was in die jagveld.[68]

Die besoek van ds. J.A. Viljoen van die Hervormde Kerk Windhoek in September en Oktober 1952 was slegs die vyfde besoek van 'n predikant van die Hervormde Kerk in 26

---

62 NHK: G25 3/1/3, G25 3/2/3 & G25 3/3/3.

63 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Dagboekie van sy besoek aan Angola, 1948, & P.P.H. Alberts, Verslag van sy tweede besoek aan Angola, 1948; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, pp. 111–119; P.A. Nannings, "Gemeentelike berigte: Capeio, Angola", *Die Hervormer*, 40(6), 20 Sept. 1948, pp. 11–12; P.P.H. Alberts, "Gemeentelike berigte: Outjo, S.W.A.", *Die Hervormer*, 40(6), 20 Sept. 1948, pp. 12–13; P.P.H. Alberts, "Gemeentelike berigte: Outjo, S.W.A.", *Die Hervormer*, 40(8), 20 Okt. 1948, pp. 12–13; P.S. van der Walt, "Gemeentelike berigte: Tunda, Gambos Angola", *Die Hervormer*, 40(8), 20 Okt. 1948, p. 14.

64 NHK: G25 3/1/3, 29.07.1948, p. 4; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Verslag van sy tweede besoek aan Angola, 1948.

65 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 2; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Verslag van sy tweede besoek aan Angola, 1948; W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 114; P.P.H. Alberts, "Gemeentelike berigte: Outjo, S.W.A.", *Die Hervormer*, 40(6), 20 Sept. 1948, p. 12.

66 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, p. 1.

67 NHK: G25 3/1/3, G25 3/2/3 & G25 3/3/3.

68 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950; Mev. P.H. Storm, "Ons reis na Angola", fotostaat van dagboek in besit van prof. H.G. van der Westhuizen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

jaar aan die Afrikaners in Angola.[69] Ds. Viljoen is deur Flip Oosthuizen, Paul van der Walt, Gert van Staden en Martiens Venter, wat 'n "Plaassoekkommissie" gevorm het, vergesel.[70] Geen huwelike is bevestig nie, 9 lidmate is aangeneem en 27 kinders is gedoop.[71] Gemeentevergaderings is gehou en kerkraadslede verkies en in hulle ampte bevestig. Altesaam 14 kerkdienste is in die afdelings Pocólo-Chibía, Kee (Que), Chicuma en Capeio gehou. Dit is deur die meeste lidmate bygewoon. Die afdelings Vila Luso en Chipindo is nie besoek nie omdat dié plekke so ver was dat dit te veel tyd in beslag sou neem, omdat sommige gesinne op die jagveld was, omdat sommige gesinne (by Chipindo) reeds oorweeg het om te trek en omdat die besoek deels 'n "plaassoekkommissie" was en dié twee plekke nie moontlikhede was nie. Een gesin het meer as 800 km vanaf Saurimo gereis, gedeeltelik per ossewa en gedeeltelik per trein, om na ds. Viljoen te kom luister. Ná hulle aankoms het hulle vir meer as twee maande in tydelike grashutte gewoon terwyl hulle op die predikant gewag het.[72]

Die kommissie het bevind dat "ons mense op geestelike gebied agteruitgaan en verval" en dat daar "alle tekens van verdere verval en agteruitgang is". Kerkraadslede het gekla dat hulle geen gesag kon uitoefen nie. Sedert die besoek van die laaste predikant (ds. Storm in 1950) het daar "baie onreëlmatighede" plaasgevind. Armoede was die grootste rede vir die verval. Die mening is uitgespreek dat bearbeiding deur 'n vaste predikant die geestelike en morele agteruitgang sal laat ophou.[73]

Daar moet onderskei word tussen die Angola-kommissie wat deur die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk benoem is en die Angola-kommissie wat deur die Ring van Suidwes-Afrika benoem is. Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1948 is 'n "Kommissie vir die Angola aangeleenthede" of "Kommissie vir Angola" in die lewe

---

69 NHK: K1/2 3/33/5, "Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952"; J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola, II", *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, p. 13.

70 Anon., "Herv. Kerk se planne met Afrikaners in Angola", *Die Suidwester*, 24 Sept. 1952; Anon., "Portugese baie simpatiek teenoor oprigting van skool vir Afrikaners in Angola", *Die Suidwester*, 1 Nov. 1952, p. 12; J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola", *Die Vreugdebode*, I(5), Des. 1952, pp. 13, 15, 17; J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola, II", *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, pp. 9, 11, 13; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 31–40.

71 NHK: G25 3/1/3, G25 3/2/3 & G25 3/3/3.

72 NHK: K1/2 3/33/5, "Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952"; J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola", *Die Vreugdebode*, I(5), Des. 1952, pp. 13, 15, 17; J.A. Viljoen, "Ons Reis na Angola, II", *Die Vreugdebode*, I(6), Febr. 1953, pp. 9, 11, 13; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 37.

73 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), pp. 1, 6–7; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", pp. 1, 5.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geroep, bestaande uit ds. W.P. van der Merwe en ander lede van die Algemene Kerkvergadering. Hulle het 'n "Rapport insake kinders van Angola Boere" tydens die Algemene Kerkvergadering voorgelê.[74] Met die Algemene Kerkvergadering van 1951 het die kommissie die moontlikheid ondersoek om die kinders van die Angola-Boere na Suid-Afrika "oor te dra".[75]

Op 21 April 1952 het ds. W.P. van der Merwe die Ring van Suidwes-Afrika laat weet dat eersgenoemde kommissie ontbind het omdat die Ring van Suidwes-Afrika 'n aparte kommissie benoem het.[76] Op die ringsitting van 1950 het die Ring van Suidwes-Afrika drie of vier ouderlinge gekies om beurtelings besoekende predikante na Angola te vergesel. Daar is nooit beoog om die kerksake van Angola op die ringsitting te bespreek nie.[77] Dit wil voorkom of ds. Van der Merwe verkeerdelik aangeneem het dat die "kommissie" die werksaamhede van sy Angola-kommissie oorgeneem het.

Die Ring van Suidwes-Afrika het gevolglik op sy volgende ringsvergadering in Junie 1952 die bearbeiding van die lidmate in Angola behandel. Ds. T.F.J. Dreyer het op hierdie vergadering drie opsies genoem. Die eerste twee, om die mense aan hulle lot oor te laat of na Suidwes-Afrika te laat verhuis, was nie haalbaar nie. Gevolglik moes die Hervormde Kerk 'n predikant soek wat permanent daar kon gaan bly. Hy sou 'n verkorte predikantskursus moes bywoon en dan om die beurt in Afrikaans en Portugees preek. Skole sou in samewerking met die Portugese regering opgerig moet word. Daar sou moontlik ook 'n koshuis met die predikant of 'n onderwyser as huisvader kan wees.[78]

Die Ring het gevolglik 'n Angola-kommissie, bestaande uit ds. P.G. Geertsema (sameroeper), Flip Alberts, Hans Alberts en Paul van der Walt, benoem om die saak verder te ondersoek. Tydens dieselfde ringsitting het die Angola-kommissie verslag gelewer en aanbeveel dat die Hervormde Kerk ouers en kinders wat wou repatrieer, moes nader. Daar is besluit dat 'n permanente predikant vir Angola gevind moet word. Voorlopig moes 'n predikant nog dieselfde jaar 'n herderlike besoek aan Angola bring. Paul van der Walt en Hans Alberts is afgevaardig om Angola te besoek om inligting in te win oor hoeveel mense wil repatrieer en daaroor aan die ring verslag te doen; hulle moes ook kerkraadsvergaderings hou en kerkdienste lei.[79]

---

74 NHK: K1/1 1/1/14, Notuleboek van die Algemene Kerkvergadering, 11.05.1948 en volgende dae, p. 11 en NHK: K1/1, Notule van die Algemene Kerkvergadering, 11.05.1948 en volgende dae, "Rapport insake kinders van Angola Boere".
75 NHK: K1/1 1/1/14, Notuleboek van die Algemene Kerkvergadering, 08.03.1951, p. 112 & 21.03.1951, p. 175.
76 NHK: R13 7/8, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Ds. P.G. Geertsema, 21.04.1952.
77 NHK: R13 7/8, Brief Ds. P.G. Geertsema – Ds. W.P. van der Merwe, 30.04.1952.
78 NHK: R13 1/1/1, Notule Ringsvergadering te Otjiwarongo, 02.06.1952.
79 *Ibid.*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die bediening van ds. P.S. van der Walt (1953–1958)

Reeds in 1946 het ds. J.D. Storm die versoek gerig dat 'n verkorte predikantskursus vir Andries Alberts ontwerp word en hy dan na Angola gestuur word om sendingwerk onder die Portugese te doen, asook om Afrikaners te bearbei.[80] Daarop is 'n verkorte kursus wat twee jaar sou duur vir hom uitgewerk.[81]

Andries Alberts het reeds in 1944 'n hartstogtelike versoek aan die Hervormde Kerk gerig dat hulle hom moet bystaan om te leer vir predikant. Hy het genoem dat omstandighede hom verhoed het om te ontwikkel, maar dat hy miskien goed kon ontwikkel as hy die kans daartoe gebied sou word.[82] Meer as 'n jaar later het hy steeds gesukkel om die nodige dokumente in die hande te kry.[83] Sy wens sou uiteindelik 14 jaar later bewaarheid word toe hy op 22 Februarie 1958 te Dordrecht as predikant georden is.[84]

Die Ring van Suidwes-Afrika het in Junie 1952 weer 'n versoek aan die Kommissie van die Algemene Vergadering gerig om 'n permanente predikant vir Angola te kry. 'n Verkorte predikantskursus van slegs 'n jaar lank moes vir so 'n persoon opgestel word. In 'n vertroulike gedeelte van die brief is Paul van der Walt vir die pos aanbeveel.[85] Ds. Dreyer het Paul van der Walt ná die ringsvergadering in die teenwoordigheid van di. Geertsema en Viljoen gepols om te verneem of hy nie volgens hierdie prosedure bereid is om predikant te word vir Angola nie. Van der Walt het gevoel dat hy reeds 50 jaar oud is en dus moontlik te oud vir die beroep is. Daar was ook ander persone wat meer geskik was as hy.[86]

Nadat Van der Walt nietemin ingewillig het, het hy 'n verkorte teologiese opleiding ondergaan en op 10 Desember 1952 sy eksamen suksesvol afgelê.[87] Onmiddellik ná sy ordening op 14 Desember 1952 het 'n hewige stryd oor hom as persoon ontbrand. Die sterkste verset het van die teologiese student Andries Alberts en sy oom Flip Alberts gekom. 'n Reeks skerp bewoorde briewe is aan die Algemene Kommissie gerig om hulle

---

80 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 24.09.1946.
81 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. A. Oosthuizen & Ds. Vermooten – Skriba Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 07.12.1946.
82 NHK: K1/2 3/30/14, Brief A.N.J.D. Alberts – ds. Joh. Dreyer, 09.08.1944; NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 20.09.1944.
83 NHK: K1/2 3/30/14, Brief A.N.J.D. Alberts – ds. Joh. Dreyer, 22.11.1945.
84 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, p. 344.
85 NHK: K1/2 3/33/5, Brief Di. J.M. Dreyer, P.G. Geertsema & J.A. Viljoen – Kommissie van die Alg. Kerkvergadering, 09.06.1952.
86 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 9–10.
87 *Ibid.*, pp. 52–54.

© University of Pretoria

saak te stel. Die een beswaar was dat Paul van der Walt onbevoeg vir sy taak was. Die ander beswaar was dat hy slegs as eerwaarde – en nie predikant nie – vir Angola aangestel is. Dit sou "onberekenbare skade vir ons kerk inhou".[88] Die Algemene Kommissie is versoek om sy opdragte te staak en die saak in heroorweging te neem.[89]

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk het op 19 Maart 1953 besluit om self die stigting van die gemeente en die bevestiging van die predikant waar te neem. Daar is ook besluit dat die gemeente direk onder die Kommissie van die Algemene Vergadering sal ressorteer sodat dié gemeente nie sitting op die Ring van Suidwes-Afrika sal hê nie.[90]

Op die eersvolgende vergadering van die Ring van Suidwes-Afrika daarna, op 10 Junie 1953, het die Angola-kommissie gerapporteer dat hulle drie vergaderings gehou het en vier lede, ds. J.A. Viljoen, ouderlinge G.J. van Staden en F.J. Oosthuizen en diaken J.M. Venter, gekoöpteer het. Verslag is gelewer oor die werksaamhede en gebeure in Angola gedurende die voorafgaande jaar. In die lig van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se versoek om die aangeleentheid oor te neem, is besluit om geen verdere Angola-kommissie te benoem nie.[91]

Die gemeente sou bekend staan as die Nederduitsch Hervormde Gemeente Angola en is op 8 Augustus 1953 te Chicuma deur ds. Viljoen van Windhoek in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gestig. Eerwaarde Paul van der Walt is op dieselfde dag as leraar bevestig en het die volgende dag sy intreepreek gehou. Die gemeente is in vier wyke georganiseer – Gambos, Chicuma, Que en Capeio. Volgens opnames het die gemeente 'n sieletal van 333, waaronder 161 lidmate uit ongeveer 65 gesinne, gehad. Die grense van die gemeente sou die geografiese grense van Angola wees.[92]

In 1955 het 'n kommissie van die Hervormde Kerk bevind dat die geestelike bearbeiding van hulle lidmate nie so doeltreffend was nie weens die feit dat die predikant nie in die sentrum van die gemeente kan woon nie, die geweldige afstande wat veroorsaak dat

---

88 NHK: K1/2 3/33/5, Brief A.N.J.D. Alberts – Kommissie van die Alg. Kerkvergadering, 28.12.1952. Kyk ook FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 63–64, vir sy siening van hierdie gebeure.

89 NHK: K1/2 3/33/5, Brief A.N.J.D. Alberts – Kommissie van die Alg. Kerkvergadering, 05.03.1953.

90 NHK: 1/1/9, Notuleboek van die Kommissie van die Algemene Vergadering, 19.03.1953, p. 19 & K1/2 3/33/5, Brief Ds. C.S. van H. Steenekamp – Ds. P.G. Geertsema, 04.04.1953.

91 NHK: R13 1/1/1, Notule Ringsvergadering te Windhoek, 10.06.1953; NHK: R13 1/1/1, Verslag van die Angola-kommissie vir die ringsvergadering van 10.06.1953.

92 NHK: G25 1/1/3, Notule van 'n gemeentevergadering op Chicuma, 08.08.1953; NHK: K1/2 3/33/5, Brief Ds. J.A. Viljoen – Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 01.09.1953; J.A. Viljoen, " Bevestiging van Eerw. van der Walt in Angola", *Die Hervormer*, 44(10), Jan. 1954, pp. 6–7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afdelings hoogstens twee keer per jaar besoek kan word, die lidmate so uiters armoedig en agterlik is, en die maatskaplike en sedelike peil so laag is.[93]

Van gereelde versorging van die lidmate was daar nie sprake nie.[94] Paul van der Walt het besoeke aan sy uitgestrekte gemeente in sy "reisende pastorie" gedoen – 'n Bedford-vragmotor met 'n tent, bed en slaapgeriewe (kyk figure 28 en 29).[95] Dit is opvallend dat Paul van der Walt gedurende die hele vyf jaar van sy bediening nooit die lidmate op Vouga, Saurimo of Vila Luso besoek het nie, iets wat gedurende hierdie tydperk tog sekerlik vir hom nie onmoontlik sou wees nie – veral omdat geen predikant van die Hervormde Kerk hulle vir meer as veertig jaar sedert die Nederduitsch Hervormde gemeente Humpata in 1910 gestig is, besoek het nie.

Die notules van die gemeente Angola (Humpata) vir 'n tydperk van meer as vyf jaar beslaan maar 14 bladsye, en skep nie die indruk dat die gemeentevergaderings gereeld gehou is of doeltreffend was nie. Notules van slegs 11 vergaderings is gedurende die vyf jaar in die notuleboek aangeteken. Geen vergaderings is op Vouga, Saurimo of Vila Luso gehou nie.[96] Boonop is gemeentevergaderings op 12 en 16 Augustus 1953 op Kee (Que) en Capeio gehou waarvan geen notule in die notuleboek beskikbaar is nie.[97]

Die verkiesing van nuwe kerkraadslede was keer op keer die belangrikste doel van die vergaderings. Gewoonlik was daar geen ander sake op die agenda nie. Ander sake wat soms vlugtig aandag geniet het, was die keuse van kerkplekke, die skoolsaak, die aanstelling van 'n basaarkommissie en wat om met die opbrengs van die basaar te doen.[98]

Dit is opvallend dat geen enkele tugsaak gedurende die vyfjarige bestaan van die gemeente behandel is nie. Dit is verrassend in die lig van talle waarnemers se kommentaar oor die sedelike en morele peil van die Afrikaners van Angola. By 'n enkele geleentheid is 'n jong paartjie van Capeio wat in die huwelik bevestig wou word, wel deur Paul van der Walt gedreig dat hulle die laaste paartjie van daardie wyk sou wees wat in die huwelik bevestig sou word indien hul huwelik misluk, aangesien die vorige drie paartjies wat bevestig is, se huwelike misluk het.[99]

---

93 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 5.
94 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16.
95 J.G.M. Dreyer, "Die ossewa het voorgeloop", II. *Die Hervormer*, 47(7), Okt. 1955, p. 8.
96 NHK: G25 1/1/3. Gemeentevergaderings is gehou op Chicuma (8 Augustus 1953), Capeio (15 Augustus 1953), Tunda (26 September 1953), Capala (20 November 1954), Tunda (7 Mei 1955), Chicuma (13 Augustus 1955), Que (18 Augustus 1955), Dongo, Capala (11 Augustus 1956), Capala (11 Augustus 1956), Catemo, Capeio (15 Junie 1957) en Tunda (23 Mei 1958).
97 J.A. Viljoen, "Bevestiging van eerw. Van der Walt in Angola", *Die Vreugdebode*, II(4), Okt. 1953, pp. 9, 11.
98 NHK: G25 1/1/3.
99 NHK: G25 1/1/3, Notule van 'n gemeentevergadering op Capeio, 15.06.1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 28: Ds. Paul en Mimie van der Walt by die vragmotor waarmee hulle Angola deurkruis het om die Afrikaanse gemeenskap in Angola te bearbei. *Uit:* Private versameling, mev. J.E. Truter (née De Klerk).



Figuur 29: Netjiese kerkgangers tydens die erediens van 30 Junie 1957. Ds. Paul van der Walt en sy vrou staan in die middel. *Uit:* Private versameling, prof. B.J. Engelbrecht.

© University of Pretoria

Jaar	Kinders gedoop	Lidmate aangeneem	Huwelike bevestig
1953	17	19	1
1954	19	16	3
1955	16	12	5
1956	12	4	2
1957	11	8	5
1958	16	4	2

Tabel 5: Statistiek Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in Angola, 1953–1958[100]

Onmin tussen Paul van der Walt en Flip Alberts het volgens Paul van der Walt reeds so vroeg as 1940 ontstaan toe Flip Alberts vir Paul van der Walt wou laat verstaan dat sy verkiesing as afgevaardigde na die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk nie in orde was nie omdat hy self die Algemene Kerkvergadering as afgevaardigde wou bywoon.[101] Flip Alberts sou mettertyd Paul van der Walt se aartsteenstander word.[102]

Teen die tyd dat Paul van der Walt met sy bediening as missionêre leraar in Angola begin het, was daar gedurige beskuldiging oor en weer tussen hom en die Alberts-familie (Hans, Andries, Flip en Martiens) dat die een party die ander by die Portugese regering verdag sou probeer maak. By geleentheid is Hans Alberts selfs deur die Portugese regering aangehou.[103]

Kort nadat Paul van der Walt as missionêre leraar ingeseën is, het daar hewige teenkanting teen sy bediening ontstaan. Die Kommissie van die Algemene Vergadering het 'n brief aan alle kerkraadslede in Suidwes-Afrika gerig "om hierdie geskille in broederlike gees te probeer bylê en die moeilikhede uit die weg te ruim". 'n Beroep is op hulle gedoen om die besluit van die hoogste liggaam van die Kerk te eerbiedig en te help uitvoer.[104]

Mettertyd is die Afrikaners van Angola in twee groepe verdeel, met Jan Diederiks

100 NHK: G25 3/1/3, G25 3/2/3 & G25 3/3/4.
101 NHK: K1/2 3/29/1, Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 11.03.1940; NHK: K1/2 3/29/1, Brief Ds. C.S. van H. Steenekamp – Ds. T.F.J. Dreyer, 16.03.1940.
102 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", wei in besonderhede hieroor uit.
103 NHK: K1/2 3/33/5, Brief A.J. Alberts – Kommissie van die Algemene Vergadering, 10.11.1953 & Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 24.08.1954.
104 NHK: R13 7/9, Brief Vise-voorsitter, Algemene Kommissie – Broeders Kerkraadslede, 28.09.1954.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die een kant en Paul van der Walt aan die ander kant.[105] Die gemeente was geweldig verdeeld oor Paul van der Walt. Theunis de Klerk van Chicuma het geskryf: "Al die mense is al vetop [*fed-up*] vir eerw v/d Walt […] hij is net vir die aansienlikes en rijkes," en bygevoeg: "Die keer sal dit 'n rumo[e]rige kerk wees en baie wil nie eers kerk toe gaan nie."[106] Volgens Paul van der Walt het van die gemeentevergaderings op Chicuma selfs op vuisgevegte uitgeloop weens die ernstige verdeeldheid wat daar geheers het.[107] Volgens mev. Marthie Voigt het dit wel onstuimig op hierdie vergaderings gegaan maar dit het nooit op vuisgevegte uitgeloop nie.[108] Dit wil egter voorkom of Paul van der Walt se onvermoë om 'n versoenende houding in te neem, nie bevorderlik was vir die gesindheid in sy gemeente nie.

Kerklike twiste was nie iets nuuts wat van 1928 dateer nie. Een van die kenmerke van die kerkgeskiedenis in Angola is juis die groot aantal kerklike twiste wat dikwels jare geneem het om te besleg. In 1926 het ds. T.F.J. Dreyer bevind dat al die kerklike twiste deur "een man met 'n paar handlangers" veroorsaak is. Ná 'n vergadering van vyf uur lank is kerklike twiste beslis wat al van voor ds. S.J. Strydom se besoek (1923) dagteken. Die kerklike twiste het dit moeilik gemaak om kerkraadslede te kry, want die kerkraad is die skuld vir al die onenigheid gegee.[109]

Veral die afdeling Chicuma is keer op keer uitgesonder vir sy kerklike twiste, want "die groepie mense van Chicuma kan glad nie met vrede saam leef nie. Sodat die buite staner, en [= in] sy siel lekker kry oor die klompie slegte Afrikaners."[110] Daar was in Chicuma ook 'n gebrek aan leiding van kerkraadslede. Tydens die besoek van ds. J.D. Storm in 1950 het hy onderlinge verdeeldheid en familietwiste op Chicuma aangetref. Lidmate was gekant teen die uittredende kerkraadslede en niemand het algemene goedkeuring weggedra nie. Die probleem was so erg dat 'n besonder jong persoon (W.M. Opperman, 27 jaar oud) as ouderling gekies moes word omdat ouer kandidate nie die res van die afdeling se goedkeuring weggedra het nie. In die afwesigheid van predikante is dienste selde indien ooit deur ouderlinge gehou. Wanneer dit wel gehou is, is dit as gevolg van kerklike onenigheid swak bygewoon. Tydens die besoek van 1952 was daar in een afdeling onder al elf gesinne nie een wat nie in die een of ander rusie of onenigheid

105 NHK: K48 1/1/1, Notule Dagbestuur van die Bestuurskomitee van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 27.09.1957, p. 2; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; P.W.J. Opperman, 13.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005.
106 NHK: K48 5/1/1, Brief Theunis de Klerk – Onkel Antie Niggies Neef, 12.05.1957.
107 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 146–147.
108 FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 4.
109 NHK: K1/2 3/27/19, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk, Oktober 1926.
110 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewikkel was nie. Die kerkraadslede was na bewering magteloos omdat hulle self daarin betrokke was.[111]

Teen die einde van Van der Walt se bediening het hy feitlik geen gemeentelike arbeid meer gedoen nie en was hy ook nie meer gereeld by die skool nie.[112] 'n Besluit deur die moderamen van die Hervormde Kerk om Van der Walt se dienste as skoolhoof en leraar te beëindig, is deur 'n latere besluit van die Algemene Kommissie op 2 September 1958 herroep.[113]

Paul van der Walt het later 'n manuskrip, "Ses jaar in die sif van Satan", oor sy belewing van die jare 1952–1958 geskryf en daarin beweer: "Niemand weet van die ondergrondse gekonkel wat daar in die duister gebroei het terwyl ek in Angola gewerk het nie."[114]

Die bediening van ander kerkgenootskappe (1928–1958)

Minder as 10% van die aanvanklike trekkers uit Transvaal was lidmate van die NG Kerk.[115] Behalwe vir 'n enkele besoek deur ds. H.J. Neethling in 1895 was die NG Kerk nooit in die tydperk voor 1928 in Angola betrokke nie. Die enkele lidmate van die NG Kerk is aangeraai om by die Gereformeerde Kerk aan te sluit omdat daar te min lidmate vir twee kerkgenootskappe was.[116] By verskeie geleenthede gedurende die tydperk ná 1928 is die gevoel uitgespreek dat die NG Kerk die bearbeiding van die Afrikaners van Angola van die Hervormde Kerk moet oorneem, siende dat die NG Kerk soveel groter en finansieel sterker as die Hervormde Kerk is. Ds. W.P. van der Merwe het in 1950 dit ook as een van drie moontlike oplossings voorgehou.[117]

In 1955 is op die jaarvergadering van die Algemene Armsorgkommissie van die Kaapse Sinode van die NG Kerk besluit om 'n afvaardiging bestaande uit ds. S.H. van der

---

111 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, pp. 2–3; NHK: K1/2 3/33/5, "Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952".

112 NHK: K1/2 1/1/9, Notule Moderamen van die Hervormde Kerk, 14.08.1958.

113 NHK: K1/2 1/1/9, Notule Kommissie die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk, 02.09.1958.

114 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe"; Private versameling, prof. H.G. van der Westhuizen: Brief P.S. van der Walt – H.M. Rex, 18.12.1971.

115 Gedurende September 1876 was van die 198 volwassenes (409 siele) aan die Krokodilrivier 174 lidmate van die Gereformeerde Kerk, 18 van die NG Kerk en 6 van die Hervormde Kerk – Anon., "Kerknieuws. Emigratie", *De Maandbode*, 1 Nov. 1876.

116 H.J. Neethling, "Stellenbosch", *De Vereeniging*, 6 Nov. 1895.

117 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, p. 5.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Spuy, vergesel van di. G.E. Bruwer en J.T. van Arkel, na Angola te stuur om toestande onder die Afrikaners daar te peil.[118] Hierdie besluit is nooit uitgevoer nie.

Die meeste gesinne met Portugese vaders en Afrikaanse moeders het aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort. Hulle was gevolglik meer tuis in die Portugese samelewing en hulle huistaal was gewoonlik Portugees, terwyl hulle kinders na Portugese skole gegaan het.[119] Volgens mev. Betta Labuschagne was die Portugese Rooms-Katolieke dikwels nie kerkvaste mense nie.[120]

Besoekende Hervormde predikante het gereeld by die gesin van Artur dos Santos en Danielina Frederika dos Santos (née De Klerk) by die goudvelde van Chipindo aangegaan. Dos Santos was Rooms, maar die Hervormde Kerk goedgesind.[121] Hulle het vermoedelik drie kinders gehad, maar dié is nie in die Hervormde Kerk gedoop nie.

Met die verloop van jare het enkele Afrikaanse huisgesinne by die Rooms-Katolieke Kerk aangesluit. Dit was veral Afrikaners in die noorde van Angola wat vir dekades lank nie meer deur die ouderlinge en predikante van die Hervormde Kerk besoek is nie. Die families van W.A.P. Verster en Jan (Johannes Jacobus of João Diamantino) Pienaar was Rooms.[122] In 1954 het Jan Pienaar en sy gesin, asook Cristóvão Groesbeek de Lima, van die Rooms-Katolieke Kerk na die Hervormde Kerk oorgegaan.[123] 'n Klomp kinders van Gideon Fourie is in die Rooms-Katolieke Kerk gedoop, maar het belydenis van geloof in die Hervormde Kerk afgelê.[124] Kinders van die Hayes-familie is ook in die Rooms-Katolieke Kerk gedoop omdat hulle nie in die Gereformeerde Kerk welkom was nie.

Kort ná die Angola-Boere se aankoms in Suidwes-Afrika in 1928 was daar sprake dat die "wederdopers" baie aktief onder hulle bearbei het.[125] "Wederdopers" is 'n verouderde en neerhalende benaming in die volksmond wat dui op die oortuiging van lidmate van alternatiewe geloofsgemeenskappe (neerhalende benaming "sektes") dat hulle as volwassenes gedoop behoort te word.[126] Daar was onder die Angola-Boere in Suidwes-Afrika ook steun vir die AEB (Afrika Evangelisasie Bond). Die mening is uitgespreek dat daar

---

118 NHK: K48 5/1/1, Koerantberig uit onbekende koerant, "N.G. Kerk ook begaan oor Afrikaners in Angola", 31 Aug. 1955.
119 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.
120 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
121 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 8.
122 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, P.P.H. Alberts, Raport [sic] Die Gemeente Angola, 1946; NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 8.
123 NHK: G25 3/2/3/ Lidmateregister Humpata, p. 9.
124 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 94–95; P.S. van der Walt, "Die potloodstrepie", *Die Hervormer*, 78(4), Jul. 1986, p. 11; Telefoniese onderhoud: E. Fourie (née Piechazeck), 15.01.2009.
125 NHK: K1/2 3/27/8, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Ds. A.J. Barger, 11.11.1929; FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief Andries Alberts – Flip Alberts, 10.11.1929.
126 F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1377.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seker geen plek in die land (Suid-Afrika) is waar die alternatiewe geloofsgemeenskappe so bedrywig is as in Suidwes-Afrika nie. Die "sekte" van Rutherford was een van hierdie alternatiewe geloofsgemeenskappe.[127]

In 1950 het ongeveer ses huisgesinne van Saurimo aan die Baptiste Kerk behoort.[128] Hulle het dit noodgedwonge gedoen omdat daar geen ander Protestantse kerkgenootskap tydens "die 25-jarige herderloosheid" in die omgewing was nie. Een van hierdie gesinne (Hamman) en die weduwee Christina Johanna Kruger (née Ludeke) het in 1953 en 1954 onderskeidelik weer na die Hervormde Kerk teruggekeer toe hulle na Capeio verhuis het.[129]

Theunis Louis Opperman en Julieta Koekemoer de Sousa Opperman het in 1956 aan 'n Amerikaanse Protestantse kerk behoort.[130]

Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) het in 1908 ontstaan en daarna dramatiese groei beleef.[131] Sommige lede van die Ludeke-familie het in die vyftigerjare by die AGS aangesluit. Hulle is gewoonlik deur onderdompeling in riviere gedoop.[132] Die ander Afrikaners het gevolglik soms na lidmate van die AGS spottenderwys as "damduikers" verwys.[133] Barend Jurgens (Ben) Ludeke is kort ná sy geboorte op 1 Julie 1952 deur pastoor H.P. Grobler van die AGS gedoop. Hy is deur Hans Harmse, 'n neef van Ben se ma, vergesel. Pastoor Grobler en Hans Harmse het hulle van 1962 af jaarliks kom besoek.[134] Ben Ludeke is ook op 16 Oktober 1952 in die Nederduitsch Hervormde Kerk gedoop.[135] 'n Belangrike rede vir die verandering van kerk was die feit dat die Hervormde Kerk hulle al vir ten minste 22 jaar nie meer besoek het nie.[136]

Tydens ds. M.M. Grobler se besoek in 1935 het hy een Afrikaanse gesin aangetref wat aan die "Blourokke" behoort het.[137] Die Blourokke is lede van die Spade Reën Send-

---

127 NHK: K1/2 3/28/6, Brief J.C. van der Merwe – Ds. T.F.J. Dreyer, 23.09.1936; NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. A. Oosthuizen – Kommissie van die Algemene vergadering, 09.01.1937.
128 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 6.
129 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 95; P.A. Nannings, "Uit die gemeentes: Capeio, Angola", *Die Vreugdebode*, II(6), Febr. 1954, p. 9; P.A. Nannings, "Uit die Gemeentes: Capieo [= Capeio]", *Die Vreugdebode*, III(3), Aug. 1954, p. 15; P.A. Nannings, "Angola ontwaak! Stadige Begin van Bearbeiding, Door de Ned. Herv. Kerk van Suid-Afrika", *Die Hervormer*, 45(11), Febr. 1954, p. 4.
130 NHK: G25 3/1/3, 05.08.1956, p. 13, Doopregister Humpata.
131 I.S. v.d.M. Burger, "Die geskiedenis van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika (1908–1958)", pp. 200–202.
132 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; E.P.J. Ludeke, 26.07.2006; F.J. & A.C.M. Engelbrecht, 09.08.2006.
133 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
134 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; F.J. & A.C.M. Engelbrecht, 09.08.2006.
135 NHK: G25 3/1/3, Doopregister Nederduitsch Hervormde Gemeente Humpata (1946–1958).
136 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.
137 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935.

© University of Pretoria

ing van Suid-Afrika wat in 1927 tot 1928 in Benoni ontstaan het nadat hulle van die AGS afgeskei het.[138] Dit is nie bekend hoe die beweging in Angola posgevat het en of daar ook in later jare lede daarvan in Angola was nie.

Van die Sewendedagadventiste se leesstof is in 1926 onder die Boere in Angola versprei.[139] Dit is nie bekend of dié kerk ooit onder die Afrikaners van Angola posgevat het en of daar ook ná 1928 lidmate van dié kerk in Angola was nie. Daar was wel verskeie sendinggemeentes van die Sewendedagadventiste in Angola.

Enkele Afrikaners in Angola was nie betrokke by kerkgenootskappe nie. Onder hulle was "Floris Visser wat geen geloof het nie" en "Jan Diederiks wat sê die Bybel is 'n storie Boek [en] wat aan geld glo".[140] Van Jan Diederiks is ook gesê: "die man [glo] aan geen kerk nie en aan geen Christelike geloof nie".[141]

Op kerklike gebied het die Angola-Boere eweneens agteruitgegaan en, met die uitsondering van 'n tydperk van vyf jaar (1953–1958), toe hulle deur ds. Paul van der Walt van die Nederduitsch Hervormde Kerk bearbei is, is hulle slegs vyf keer in dertig jaar kortstondig deur predikante besoek. Dit was besonder moeilik om al die lidmate in die uitgestrekte geografiese gebiede van Angola gereeld te besoek en sommige het in vyftig jaar nooit besoek van 'n predikant ontvang nie. Van der Walt se ampstermyn was besonder kontroversieel en 'n beduidende aantal Angola-Boere het nie goed met hom oor die weg gekom nie. Daar is ook aanduidings dat hy sy ampspligte by geleentheid verwaarloos het. In die lig van al hierdie probleme op kerklike gebied, is dit dus geen wonder nie dat enkele Angola-Boere by ander kerkgenootskappe aangesluit het.

138 P.J. Cloete, "Die Spade Reners in die lig van die Skrif", pp. 3, 5; I.S. v.d.M. Burger, "Die geskiedenis van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika (1908–1958)", pp. 309–325.
139 GKSA: Humpata Bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", p. 48.
140 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 10.
141 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 14. Sien ook FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 38.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 12
VERHOUDINGE MET ANDER GEMEENSKAPPE (1928–1958)

In Angola het die Afrikaners met ’n verskeidenheid gemeenskappe te doen gekry. Hulle verhouding met sommige het haakplekke opgelewer, soos met die Portugese gemeenskap, hoofsaaklik vanweë verskille in kultuur, godsdiens en nasionaliteit en omdat hulle ekonomies met mekaar meegeding het. Hierdie haakplekke het dus voorgekom ten spyte daarvan dat hulle tot dieselfde rasgroep (die blanke rastipe) en ekonomiese klas behoort het. Met ander gemeenskappe, soos die sogenaamde “mak volk”, het hulle weer baie goed oor die weg gekom, ten spyte daarvan dat hulle tot verskillende rasse behoort het – hoofsaaklik omdat hulle dieselfde taal, godsdiens en kultuur gedeel het. In gevalle waar ras, taal, godsdiens en kultuur hulle van ander gemeenskappe geskei het, soos met die inboorlinggemeenskappe, het daar in die vroeë vestigingsjare gewelddadige botsings voorgekom.

Deur die loop van die afgelope paar eeue het etnosentriese kragte ’n groot invloed op die Afrikanerkultuur gehad. Gedurende die tyd wat die Afrikaners in Angola gebly het, het dit net so ’n groot invloed op hierdie gemeenskap uitgeoefen. Daar was gewoonlik ’n duidelike skeidslyn tussen diegene wat in die groep aanvaar is en diegene wat nie in die groep aanvaar is nie. In later jare het hierdie skeidslyn in ’n mate vervaag.

Wanneer iemand buite die groep getrou het, is so ’n persoon deur die gemeenskap verwerp, tensy die eggenoot ook die Protestantse geloof aangeneem het. Dit was vir hulle ondenkbaar dat iemand ’n verhouding met iemand van ’n ander velkleur sou aanknoop. Daar was geen manier waarop so persoon ooit weer in die gemeenskap opgeneem word nie.

Die Afrikanergemeenskap in Angola was net so dikwels aan die ontvangkant van diskriminerende maatreëls waar besluite op grond van ras of godsdiens geneem is. Eers in die jare ná 1928, toe hulle as groep minder onderskeibaar van die Portugese in Angola was, en te min was om ’n militêre bedreiging vir die owerheid te wees, was hulle minder onderworpe aan diskriminerende maatreëls. Dit wil voorkom asof die Portugese owerheid van hulle as ’n groep vergeet het en nie meer van hulle bestaan bewus was nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Portugese koloniste

Aanvanklik was die verhouding tussen die Afrikaners en die Portugese in Angola goed. Die Afrikaners is met ope arms in Humpata verwelkom en het later ’n groot bydrae tot die ontwikkeling van die suide van Angola gemaak.[1] Van die Portugese owerheid se kant af is gehoop dat die Afrikaners en Portugese gekruis kan word om ’n nuwe, “suiwer” blanke ras van geskikte koloniste tot stand te bring (deur *aportuguesamento e assimilação* – verportugesing en assimilasie).[2]

Die houding van die Boere teenoor die Portugese owerheid is selfs deur ’n kundige as “Os *boers* são muito dedicados a Portugal” (die Boere is baie toegewy aan Portugal) getipeer,[3] en die verhouding tussen die owerheid en die Boere is as ’n “broederlike kameraderie” bestempel.[4] Sommige Portugese het so ’n groot bewondering vir die Boere gehad dat hulle baie van die Boere se gewoontes oorgeneem het. Van Domingos de Paiva is gesê: “Hy bestyg sy perd, jag en klee hom soos ’n Boer en praat selfs Hollands.” En van Nunes Correia: “Hy besit al die kwaliteite om binne ’n kort tydjie ’n ware Boer te wees.”[5]

In teenstelling met hierdie positiewe evaluering van die verhoudinge tussen die Boere en die Portugese owerheid het daar mettertyd verwydering en selfs wantroue en vooroordeel ingetree.

Volgens die Romeinse beleid van *divide et impera* (“verdeel en heers”), wat baie deur die Portugese bewonder is, het die owerheid vanaf 1883 verskillende ander groepe tussen die Boere probeer vestig ten einde hulle te isoleer sodat hulle nooit ’n bedreiging vir die Portugese owerheid kon vorm nie.[6] In 1883 is ’n halfdosyn Portugese setlaars van die mislukte kolonie Júlio de Vilhena (van Pungo Andongo) by Humpata hervestig. In

---

1 D. Postma, “De Trekboer. Van St. Januario, Humpata”, *Die Brandwag*, 10 Des. 1913, p. 475; G.S. Dias, “O padre Duparquet e os Boeres da Huíla”, *Portugal em África*, 2(3), 1946, pp. 28–38; M.A.F. de Oliveira, *Angolana (Documentação sobre Angola), I (1783–1883)*, p. 253 n.

2 AHU: Rep. 2, P. 5, No. 412, 9 de dezembro de 1882, Brief Governador Geral – Ministro, 09.12.1882; M.A.F. de Oliveira & C.A.M. do Couto, *Angolana (Documentação sobre Angola), II (1883–1887)*, p. 142, Portaria van 8 Apr. 1884; A. de Paiva, “Expedição ao Bihé: Estudos de plan’alto. Relatório official”, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 14(1), 1895, pp. 34–35; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, vol. I, p. 286; Anon., “Os boers de Angola”, *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 4 (42), Dezembro de 1928, p. 221; J.V., “A História. Tentativas de fixação à terra (1845–1885)”, *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 13, Maio–Junho de 1963, p. 38; A. de Sá, Albino, “Artur de Paiva”, *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 23, Outubro–Novembro–Dezembro de 1968, p 24.

3 J.P. do Nascimento, *O districto do Mossamedes*, p. 55.

4 J.P. do Nascimento, *Da Huilla às terras do Humbe (Notas a lápis)*, p. 89.

5 *Ibid*., p. 104 (my vertaling).

6 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 93; J.T. Tucker, *Angola: The Land of the Blacksmith Prince*, p. 104; V. Ferreira, *Estudos Ultramarinos. Vol. III: Angola e os seus problemas (2.ª Parte)*, p. 123; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 44; N.C. Matias, “Os boers

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teenstelling met die hardwerkende, selfversorgende Boere kon hierdie setlaars slegs met aansienlike owerheidshulp op die been kom.[7] In 1883 is ook gepoog om Basters uit Suidwes-Afrika tussen die Boere te vestig. Die twee groepe het in die verlede nie altyd goed oor die weg gekom nie en kon by geleentheid selfs as vyande beskou word. Ten spyte van aanvanklike probleme het die twee groepe later (1909) heel gemaklik met mekaar oor die weg gekom.[8]

Pogings, in 1883–1885 en 1888–1890, om hierdie groep Boere met 569 Portugese koloniste uit Madeira en ander koloniste uit die Algarve- en Minho-distrikte van Portugal te assimileer, het eweneens misluk.[9] Die rede hiervoor kan deels gevind word in die samestelling van die Portugese koloniste. Die tweede groep Madeira-koloniste het misdadigers, werkloses, boemelaars, diensplig ontduikers, ou mans, terminale gevalle van tuberkulose en selfs 'n swart matroos ingesluit.[10] Verder was die geloofsverskil tussen die Rooms-Katolieke Portugese en die Protestante Boere te groot en het die Boere hierdie Portugese as hulle sosiale minderes beskou.[11] As teenreaksie het sommige Boere Humpata verlaat en op die nabygeleë Palanca gaan woon.[12]

Portugueses da Humpata: Um fracasso da Política de Assimilação Portuguesa", pp. 291–292; J. Dias, "Angola", in V. Alexandre & J. Dias, *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, pp. 444–445.

7 F.J.P. do Amaral, Portaria No. 68, *Boletim Official do Governo geral da Província de Angola,* supplemento ao No. 4, Sabbado 27 de Janeiro de 1883, pp. 69–70; P.F. Antunes, "África occidental portugueza. A fronteira do Sul", *Boletim de Sociedade de Geographia de Lisboa*, 4(10), 1883, pp. 475; J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 93, 281; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 126–127; J. Dias, "Angola", in V. Alexandre & J. Dias, *Nova História da Expansão Portuguesa (Volume X). O Império Africano (1825–1910)*, p. 440 & 440 n. 251.

8 Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, pp. 143–146; A. de Sá, Albino, "Artur de Paiva", *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 23, Outubro–Novembro–Dezembro de 1968, pp. 28–29; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 279; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 126.

9 C. Ivens, "L'Angola méridional", *Bulletin de la Société d'Études Coloniales* (Bruxelles), vol. 5, 1898, p. 32; E. Janssens, "Les Boers dans l'Angola méridional", *Bulletin de la Société Royale de Géographie d'Anvers*, vol. 22, 1898, p. 273; J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 93, 281; T.A. Barns, *Angolan sketches*, pp. 41–42; A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, p. 9; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 101; M. Kuder, *Angola*, p. 57; M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, p. 29; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 127, 167, 180, 183; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 44; C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, pp. 184–188.

10 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 183.

11 A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, p. 9; J. Duffy, *Portuguese Africa*, p. 101.

12 J.P. do Nascimento, *O districto do Mossamedes*, p. 53; J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 93; Anon., "Os boers de Angola", *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 4(42), Dezembro de 1928, p. 222; J.V., "A História. Tentativas de fixação à terra (1845–1885)", *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 13, Maio–Junho de 1963, p. 38; J.V., "A História. Formação duma consciência ultramarina (1885–1901)", *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 14, Julho–Dezembro de 1963, p. 24; N.C. Matias, "Os boers Portugueses da Humpata: Um fracasso da Política de Assimilação Portuguesa", p. 295.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 30: 'n Arm gesin Portugese "kolonies" by Palanca. Hierdie tweewieloskarre word vandag nog in Angola aangetref. Let op die fiets, wat destyds 'n algemene vorm van vervoer onder arm mense was, ca. 1975. *Uit:* Private versameling, dr. H.F. Heese.



Figuur 31: Jan Slagveld van der Merwe saam met sy vrou, ca. Julie 1957. *Uit:* Private versameling, me. K. Steytler.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens 'n Portugese tydgenoot van die Boere in Angola, wat dikwels saam met hulle aan inboorlingoorloë deelgeneem het, José Heliodoro de Faria Leal, "vorm ons twee volksgroepe so verskillend soos die leeus en die tiers".[13] Daniel Veth het ook daarop gewys dat die verskil in volksaard tussen die Boere en Portugese te groot is vir hulle om op die lang duur op goeie voet met mekaar te bly. Aan die een kant het die Boere gekla oor die fyn geslepenheid waarmee die Portugese handelaars met hulle besigheid gedoen het. Aan die ander kant het die Portugese gekla oor die Boere se gebruik om ongenooid van hulle gasvryheid gebruik te maak.[14] Klein verskille, soos waarneming dat die Portugese uitbundiger en geselliger en die Boere terughoudender sou wees, het ongetwyfeld aanpassing bemoeilik.[15]

In later jare het die Portugese se opinie van die Boere baie gewissel. Sommige het gevoel dat hulle die beste koloniste van die land is, wat die taal en gewoontes van die inboorlinge die beste ken. Ander het gevoel dat hulle leeglêers was wat die grond onbewerk laat.[16]

Faria Leal het die volgende mening oor die Boere uitgespreek:

> Die meerderheid van hulle is 'n half-nomadiese ras, wat al die deugde van die oorspronkelike volk verloor het, wat niks nuuts bygewin het as luiheid, oordrewe genoegsaamheid, wantroue en 'n hewige haat teen die meesters van die land, waarin hul grootvaders toevlug gevind het, teen die meesters wat nie verstaan het om aan hulle die skool, liefde, vertroue en 'n vaste tuiste te gee onder ons wette en soewereiniteit.[17]

Artur de Paiva, die Portugese soldaat wat die Boere seker beter as enigiemand geken het, het beweer dat die Boere baie bewus van rasseverskille was, maar dat hulle deur hulle kontak met die Portugese baie van hulle bevooroordeeldheid teenoor ander rasse verloor het.[18] Hierteenoor het João de Almeida beweer:

> Die Boere kon van groot waarde vir die vorming van 'n kolonie gewees het, as ons sorg gedra het dat om hulle te voeg by elemente wat meer energiek, meer prakties en

---

13 J.H. de F. Leal, "Os Boers", *O comércio*, 12 de Janeiro de 1928, soos vertaal deur Anon., "Die Angola-Boere: Wat 'n Portugees van hulle denk", *Ons Vaderland*, 3 Febr. 1928.
14 P.J. Veth & J.F. Snelleman (reds.), *Daniël Veth's Reizen in Angola*, p. 298.
15 F.C. Padrão, *A Colonização do Sul de Angola 1485–1974*, p. 117.
16 G.S. Dias, *No planalto da Huíla*, p. 84; J.H. de F. Leal, "Os Boers", *O comércio*, 12 de Janeiro de 1928, soos vertaal deur Anon., "Die Angola-Boere: Wat 'n Portugees van hulle denk", *Ons Vaderland*, 3 Febr. 1928.
17 J.H. de F. Leal, "Os Boers", *O comércio*, 12 de Janeiro de 1928, soos vertaal deur Anon., "Die Angola-Boere: Wat 'n Portugees van hulle denk", *Ons Vaderland*, 3 Febr. 1928.
18 A. de Paiva, "A expedição ao Cubango. 1885–1886", *Boletim de Sociedade de Geographia de Lisboa*, 7(2), 1887, p. 137; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, vol. I, p. 101.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> minder lui was as dié wat ons daarheen gestuur het, en as beter amptenare boonop gekies was om hulle te administreer.[19]

F. Cerviño Padrão het daarop gewys dat daar altyd 'n wedersydse wantroue is wanneer groepe waarvan die kultuur baie verskil, met mekaar kennis maak. Wanneer 'n groot aantal lede van die een groep randfigure of uitgeworpenes van hulle eie groep is, is hierdie aanpassing baie moeiliker.[20] Die persepsie van die Afrikaners van die Portugese in Angola is gevorm voor die eerste kwart van die twintigste eeu toe die meerderheid Portugese in Angola misdadigers (*degredados*) was.[21] Latere immigrasie deur die armste Portugese van die laagste lae van die bevolking het geensins daartoe bygedra om hierdie vooroordeel uit die weg te ruim nie. Hierdie vooroordeel het tot diep in die twintigste eeu bestaan.

Boeredogters het oor die algemeen nie na Portugese skole gegaan nie omdat gevrees is dat hulle met Portugese kan trou as hulle Portugees kan praat.[22] Daar was enkele uitsonderings.[23] Vir Boereseuns was dit weer ondenkbaar om alleen met Portugese meisies te praat hoewel hulle dit geredelik met Boeremeisies gedoen het. Boeremeisies het dus die reputasie gehad dat hulle kuis gebly het tot hulle troudag, terwyl die Boere van mening was dat dit nie die geval met Portugese meisies was nie.[24] Volgens Bettie Wilkie (née De Jager) het hulle nie eintlik met Portugese gemeng nie omdat die "Portugese mans Afrikanermeisies verniel en hulle slaan".[25] Baie Afrikaanse ouers het gevolglik Portugese mans nie toegelaat om by hulle dogters te kom kuier of met hulle bevriend te raak nie.[26]

Daar het ook vooroordeel teenoor die Portugese ten opsigte van hulle sedelike peil bestaan en die feit dat hulle geredelik seksuele verhoudings oor die kleurskeidslyn aangeknoop het. "Die mooiste Portugese man het 'n swart aia … 'n ousie … 'n meid!" het 'n Afrikaner wat in Angola gebore is, gesê.[27] Dit was gevolglik vir sommige Boere ondenkbaar dat hulle Portugese in hulle huise sou ontvang omdat daar so op hulle neergesien is. Vir hulle was sommige Portugese op dieselfde sosiale vlak as nieblankes.[28] Portugese mans

---

19 J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 95 (my vertaling).
20 F.C. Padrão, *A Colonização do Sul de Angola 1485–1974*, p. 117.
21 Kyk in hierdie verband G. Bender, *Angola under the Portuguese*, pp. 57–94.
22 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, p. 85; J. Viljoen (samest.), *Pioniers van die Dorsland*, p. 51.
23 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 89.
24 A. Alberts, *Swart weerlig*, p 18.
25 Persoonlike onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; Telefoniese onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 24.08.2006.
26 Persoonlike onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; Telefoniese onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 24.08.2006.
27 Persoonlike onderhoud: J.A. Vermaak (née Breedt), 06.07.2007.
28 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"met meide" is nooit in Afrikaners se huise ontvang nie.[29] Portugese kinders is ook beledig deur insinuasies te maak dat hulle van buite-egtelike afkoms was.[30]

Onder die Portugese in Angola was daar nog 'n klas wat deur die Boere "kolonies" of "kelonies" genoem is. Hulle was Portugese koloniste van die eiland Madeira en is algemeen deur die Boere as 'n lae klas Portugees beskou.[31] As een van die Boere sy kind sou aansê om sy skoene aan te trek, sou hy sê: "Jy loop so kaalvoet, een van die dae het jy net sulke weglê-tone soos 'n Portugese kolonie."[32] Die koloniste uit Madeira het dan ook kaalvoet en haweloos in 1885 in Angola aangekom.[33] Portugese setlaars uit Portugal het die Portugese setlaars uit Madeira ook as minderwaardig beskou.[34] Hulle is deur 'n opgevoede Portugees as "individue van die heel laagste klas, lui en gewelddadig" en "onopgevoed, oningelig, gewelddadig en lui" beskryf.[35] Boerekinders het op hulle beurt die Portugese kinders uitgeskel as *chicoronhos*, verwysend na die arm, ongeleerde, onbeskaafde handwerkers afkomstig van Madeira en hulle afstammelinge.[36] Waarskynlik verskil dit nie van kinders vanoor die hele wêreld se optrede in die algemeen nie.

Een van die vernaamste besware van die Portugese teen die teenwoordigheid van die Boere in die land was juis dat hulle nie van die Portugese hou nie, weier om Portugees te leer en nie eintlik met die Portugese meng en trou nie.[37]

Verdere vooroordeel teenoor die Portugese in Angola het ten opsigte van hulle Rooms-Katolieke geloof bestaan. Die Afrikaners het geweier om Rooms-Katolieke te

---

29 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

30 A. Alberts, "Kinders van Angola: Die Portugese treiter die Boere-kinders", *Die Hervormer*, 71(9), Des. 1979, p. 15.

31 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", pp. 76–77; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; E.T. Meyer, 13.07.2007.

32 Die Taalwag, "Angolaboere se Taal (Slot)", *Die Burger*, 18 Jan. 1941, p. 16; A. Alberts, "Kinders van Angola: Die Portugese treiter die Boere-kinders", *Die Hervormer*, 71(9), Des. 1979, p. 15. Kyk ook SAUK: Acc. No. 68275, Onderhoud Andrew Alberts, "Afrikaans van swart mense", 30 Mrt. 1988.

33 P.J. Veth & J.F. Snelleman (reds.), *Daniël Veth's Reizen in Angola*, p. 277.

34 A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, pp. 9, 67; W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 56.

35 J.P. do Nascimento, *O districto do Mossamedes*, pp. 53, 57. Kyk ook A. de Moraes, *Memórias de Angola*, p. 72 vir 'n beskrywing van hulle lewenstyl.

36 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007. A. Alberts, "Kinders van Angola: Die Portugese treiter die Boere-kinders", *Die Hervormer*, 71(9), Des. 1979, p. 15, gebruik die term *scaronha*, wat duidelik 'n foutiewe spelling en uitspraak van die woord *chicoronho* is. Vir die korrekte betekenis van die woord kyk F.T. Pimenta, *Brancos de Angola: Autonomismo e Nacionalismo (1900–1961)*, p. 47; F.T. Pimenta, "Angola's whites: political behaviour and national identity", *Portuguese Journal of Social Science*, 4(3), 2005, p. 178; F.T. Pimenta, "The National Identity of Angolan White Settlers", in D.R. Curto & A. Rappas (Eds), *Colonialism and Imperialism: Between Ideologies and Practices*, p. 47.

37 G.S. Dias, *No planalto da Huíla*, pp. 84–86; J.B. Thornhill, *Adventures in Africa under the British, Belgian and Portuguese flags*, p. 188; F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 217; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", pp. 278–279; M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, p. 29.

© University of Pretoria

word.[38] Die Portugese owerheid het vroeër selfs 'n Rooms-Katolieke priester na die Boere gestuur om hulle oor te haal na die Rooms-Katolieke geloof. Soos te verwagte, het dié poging op niks uitgeloop nie.[39] Aan die ander kant was daar 'n uitstekende verhouding tussen die Boere en die personeel van die Rooms-Katolieke sendingstasie by Huíla. Die Boere het geen probleem gehad dat vader Duparquet 'n Rooms-Katolieke sendingstasie in hulle gebied oprig nie. Enkele Boerekinders is selfs na die Rooms-Katolieke sendingskool gestuur.[40]

Sommige Portugese kinders het die Boerekinders as *Holandeses* uitgeskel en hulle getreiter dat Afrikaans geen taal is nie maar 'n brousel van die veragtelike Nederlanders. Die eeue oue wrywing tussen Portugal en Nederland oor die handel in die Ooste, die Nederlandse besetting van Luanda van 1641 tot 1648 en die feit dat die Boere oor die jare 'n aantal Nederlanders as onderwysers aangestel het, het waarskynlik tot hierdie antagonisme bygedra. Selfs so laat as 1972 het ds. Andries Alberts gevind die Portugese in Angola het so 'n lae dunk van die Boere gehad dat dit vir sommige ondenkbaar was dat "groot" leiers soos die destydse eerste minister John Vorster en "slim" wetenskaplikes soos die hartoorplanter dr. Chris Barnard Boere kon wees.[41]

Sommige opgevoede Portugese het die Boere dus as onopgevoed beskou.[42] Baie Portugese het ook neergesien op Afrikaans as taal. In sommige gevalle het Portugese mans dit nie verdra dat hulle Afrikaanse vroue Afrikaans in hul huise praat nie. Daar word beweer dat sommige vroue deur hulle mans geslaan is as hulle dit sou waag.[43]

In enkele gevalle is Afrikaners nog *boers* genoem. Dit het 'n pejoratiewe betekenis gehad.[44] Soms is die Portugese standaardbelediging *filho da puta* (seun van 'n hoer) hier bygevoeg.

Artur de Paiva en Carlos Roma Machado het dit as een van die Portugese owerheid se groot foute beskou dat hulle nie die karakter en trots van die Boere geken het nie. Volgens hulle sou daar meer ondertrouery tussen Portugese en Boere gewees het, ongeag

---

38 A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, p. 9; M.A. Samuels, *Education in Angola, 1878–1914*, p. 29; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 72.
39 D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 280.
40 G.S. Dias, "O padre Duparquet e os Boeres da Huíla", *Portugal em África*, 2(3), 1946, pp. 28–38; Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, p. 118 n.
41 US: Aanwins 222, K.V. 31 (7/2), "Oom Andries Alberts van Humpata", p. 9; A. Alberts, "Kinders van Angola: Die eie as behoudende faktor", *Die Hervormer*, 71(6), Sept. 1979, p. 17; A. Alberts, "Kinders van Angola: Die Portugese treiter die Boere-kinders", *Die Hervormer*, 71(9), Des. 1979, p. 15; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 34–35, 50; A. Alberts, *Swart weerlig*, p. 16.
42 A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, p. 67.
43 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.
44 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; P.W.J. Opperman, 13.09.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die taalkundige, kulturele en godsdienstige verskille, as die owerheid 'n beter klas kolonis uit die noorde van Portugal na Angola gestuur het. Die resultaat was dat die Boere hulle al hoe meer uit die openbare lewe in Angola onttrek het.[45]

Faria Leal het die mening uitgespreek dat as die Boere nie godsdiensdwang in die Portugese skole ervaar het nie, beurse tot hulle beskikking gestel is, hulle in die Portugese leër opgeneem is en hulle aanstellings in die staat en fabrieke gekry het, hulle moontlik in die Portugese samelewing opgeneem sou word. Wat hulle in die Unie van Suid-Afrika vermag het, is 'n goeie voorbeeld waartoe hul onder 'n goeie regering in staat is.[46]

Die Portugese en die Afrikaners het nogtans in later jare redelik goed oor die weg gekom. Die meeste Afrikaners het Portugese vriende gehad.[47] Volgens mev. Marthie Voigt is die Portugese oor die algemeen 'n baie gasvrye volk en lojaal aan hul vriende. Hulle meng egter nie besigheid en vriendskap nie.[48] Die feit dat alle Afrikaners wat ná 1928 in Angola gebly het, Portugees aangeleer het, het seker in geen geringe mate nie tot beter verhoudinge met die Portugese bygedra.

Die Duitse gemeenskap in Angola het ook goed met die Portugese oor die weg gekom, maar van grootskaalse sosiale integrasie was daar nie sprake nie. Daarvoor was beide groepe se Europese agtergrond net te verskillend.[49]

Heese het bevind dat daar in die tydperk 1881–1928 30 huwelike tussen Portugese mans en Afrikanervroue in Angola was (uit 'n totaal van 447 huwelike).[50] Hy het hierdie verskynsel daaraan toegeskryf dat daar 'n numeriese oorwig van vroue onder die Angola-Boere was, terwyl daar weer 'n groot tekort aan vroue onder die Portugese in Angola was.[51] Die Afrikanervroue het gewoonlik met die hoogste klas Portugese mans getrou.

---

45 A. de Paiva, "Expedição ao Bihé: Estudos de plan'alto. Relatório official", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 14(1), 1895, pp. 34–35; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, vol. I, p. 286; C.R. Machado [de Faria e Maia], "Colonização do planalto de Huíla e Mossamedes", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 36 (10–12), Outubro–Dezembro de 1918, p. 293, & *Colonização do planalto de Huíla e Mossamedes*, p. 29; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, p. 91.

46 J.H. de F. Leal, "Os Boers", *O comércio*, 12 de Janeiro de 1928, soos vertaal deur Anon., "Die Angola-Boere: Wat 'n Portugees van hulle denk", *Ons Vaderland*, 3 Febr. 1928.

47 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; E.P.J. Ludeke, 26.07.2005; G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; Kruger-gesin, 13.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

48 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

49 I. Schönberg, *Die weiße Brille*, pp. 263–264.

50 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", pp. 44, 46, 61–63. Die berekenings is baie verwarrend en Heese se syfers stem nie altyd ooreen nie.

51 *Ibid*., pp. 44–45.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar het gevolglik min huwelike tussen Madeira-Portugese en Afrikanervroue plaasgevind.[52] Volgens my berekening moet by hierdie getal ook ongeveer 15 saamwoonverhoudings gevoeg word, en ongeveer sewe verbintenisse waar dit onseker is of die paartjie wettig getroud is.

In die meeste van hierdie gevalle is die gesin nie deur die Afrikaanse gemeenskap geassimileer nie. Wanneer iemand wel met 'n Portugees getrou het, is daardie persoon deur die gemeenskap uitgestoot en daarna as 'n Portugees behandel. Sulke Portugees-Afrikaner-gesinne het ook nie meer by die Protestantse kerke ingeskakel nie.[53]

Die eerste huwelik tussen 'n Portugees en 'n Afrikaner in Angola was tussen die latere beroemde Portugese soldaat Artur de Paiva en Jacomina Botha, die dogter van die Boerekommandant J.F. (Koos) Botha.[54]

Een van die interessante voetnote in die geskiedenis is die huwelik tussen J.A. (Koos) de Klerk, luitenant van Manie Maritz, en *dona* Maria Catarina Leão de Almeida e Silva van Alcobaça, wat op 19 Maart 1919 in Portugal getroud is nadat hy gedurende die Eerste Wêreldoorlog in Portugal geïnterneer is. Ná die oorlog het hulle op Humpata gaan bly. Uit hulle huwelik is Darius Flores Leão de Almeida e Silva de Klerk gebore. Toe die res van die Afrikaners van Angola in 1928 trek, het hulle agtergebly omdat Koos de Klerk 'n saagmeule saam met Hans Alberts besit het en dit nie verkoop kon kry nie. *Dona* Maria Catarina het Angola in 1934 saam met Darius verlaat en Koos de Klerk is in 1939 in Kaapstad oorlede. Teen 1974 het *dona* Maria Catarina in Alcobaça gewoon. Sy kon toe nog suiwer Afrikaans praat.[55]

Reeds in 1935 het ds. M.M. Grobler bevind: "Huwelike tussen Afrikaners en Por-

---

52 Die eerste huwelik (tussen João D'Oliveira en Aletta Janse van Vuuren) het eers in 1916 plaasgevind. Kyk H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 77 en L. Basson, "Portuguese immigration into South Africa", *Familia*, vol. 25, no. 1, 1988, p. 7.

53 C.F. McDonald, *Op vlug deur donker Afrika*, p. 140; H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", pp. 46, 63, 73; Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.

54 Oor De Paiva het 'n hele paar biografieë die lig gesien, o.a. deur Henrique de Paiva Couceiro in L. Cordeiro & E. de Vasconcelos, "Sessão de 8 de Novembro de 1900", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 19 (1–2), Janeiro–Fevereiro de 1901, pp. 159–171; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, (2 dele); G.S. Dias, *Jornadas Heróicas de Artur de Paiva*; G.S. Dias, "Evocação de Artur de Paiva, no 50.º ano da sua morte", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 69 (9–10), Setembro–Outubro 1951, pp. 504–528; J.D. Silva, *Artur de Paiva*. (Cadernos Coloniais No. 5); A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*. (Colecção Pelo Império No. 43); A. de Sá, Albino, "Artur de Paiva", *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 23, Outubro–Novembro–Dezembro de 1968, pp. 4–53, & No. 24, Janeiro–Fevereiro–Março, pp. 25–52.

55 R. Macnab, *Journey into yesterday: South African Milestones in Europe*, p. 24; US: Aanwins 222, K.D. 32 (1/3), Brief Ena de Klerk van Rooyen – W.A. de Klerk, 28.08.1974; US: Aanwins 222, K.D. 32 (2/1), Brief Darius de Klerk, W.A. de Klerk, 11.09.1974; D. de Klerk, *The Boers in Portugal*, pp. 111–126.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tugese begin toe te neem."[56] Volgens berekening is daar ná 1928 52 verbintenisse tussen Portugese en Afrikaners aangegaan – ten minste 19 wettige huwelike en ten minste agt saamwoonverhoudings. Dit is onseker hoeveel van die oorblywende 25 verbintenisse wettige huwelike was en hoeveel saamwoonverhoudings.

Die Portugese owerheid

Hoewel die verhoudinge tussen die Portugese owerheid en die Boere aanvanklik (vanaf 1881) goed was, het dit spoedig versleg. Een van die vernaamste redes vir die verslegtende houding was die gebrek aan wedersydse begrip tussen die Boere en die Portugese owerheid.

Aan die kant van die Portugese owerheid is min in die doen en die late van die Boere belanggestel. In die Portugese parlement het die Boere van Angola selde ter sprake gekom.[57] Die eerste omvattende artikel oor die Boere in Angola het eers nadat die meeste Boere uit Angola vertrek het in die Portugese pers verskyn. Dit is boonop deur 'n Suid-Afrikaner geskryf.[58] Die eerste wetenskaplike ondersoek na die Angola-Boere het eers weer in 1958, ná die tweede repatriasie van Angola-Boere, verskyn.[59] Dit is opgevolg deur ander artikels van oppervlakkige aard.[60]

Die feit dat daar bykans geen berigte ooit oor die Afrikaners van Angola in Angolese koerante verskyn het nie,[61] het waarskynlik tot hierdie onkunde bygedra. In 1953 het Bart de Paiva in 'n ongepubliseerde brief aan die redakteur van *Die Suidwester* geskryf dat "in die dun koerantjies wat hier [Angola] gedruk word, het in die laaste 20 jaar niks oor die boere verskyn nie, ook die draadloos rep nooit 'n woord oor die boere nie".[62]

Die Portugese owerheid in Angola het gevolglik nie veel kennis gedra van die Afrikaners in Angola en hulle geskiedenis nie.[63] Die owerheid is bestempel as "'n owerheid wat hulle maar min bekommer oor die lot van die boere".[64] Daar is ook gevoel dat die

---

56 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935.
57 Kyk M.C. Proença, *A questão colonial no parlamento (1910–1926)*, pp. 402, 408–409, 422–423 & 429 vir die enkele uitsonderings.
58 E. Rosenthal, "Os Boers de Angola e o seu destino", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 52(1–2), Janeiro–Fevereiro. 1934, pp. 3–14, 77–78.
59 M.V. Guerreiro, "Boers de Angola", *Garcia de Orta*, 6(1), 1958.
60 Kyk bv. M.H. Vieira, "A instalação dos Bóeres no Sul de Angola (Breve monografia histórica)", *Mensário Administrativo*, No. 183–185, Outubro–Dezembro de 1962, pp. 7–12.
61 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 46.
62 Ongepubliseerde brief, Bartolomeu de Paiva – Redakteur, Die Suidwester, 07.03.1953, fotostaat in besit van prof. H.G. van der Westhuizen.
63 NHK: K1/2 3/33/5, Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 04.12.1955.
64 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Portugese owerheid eintlik glad nie in die Afrikaners van Angola belangstel nie, slegs in die vooruitgang van die land en die bevordering van Portugal se handel.[65]

By die Portugese was daar aanvanklik groot onkunde oor die Boere. Artur de Paiva vertel dat die owerheid in Luanda vir ’n lang tyd gedink het dat hulle swart is.[66] Hierdie onkunde het growwe stereotipering in die hand gewerk. Die Brasiliaanse sosioloog Gilberto Freyre, op wie se idees die Portugese owerheid hulle koloniale beleid geskoei het, het selfs beweer dat die Angola-Boere (as voorbeelde van die Noord-Europese ras) sosiologies, en selfs biologies, die mindere van die Portugese as koloniste was.[67] Selfs Henrique Galvão, die Portugese goewerneur van Huíla (1927–1929) en skrywer van verskeie boeke oor Angola, van wie ’n mens sou verwag dat hy beter oor die Boere ingelig sou wees, maak hom skuldig aan stereotipering van die volgende aard:

> Die Boere wat in Angola gewoon het, behorende – dit is seker – aan ’n tak van die Boereras, was die luiste, die mins diensbare en van die minste ekonomiese waarde. Die enigste verskil tussen hulle en die inboorlinge is kleur. In hulle gebruike en gewoontes is hulle soos die inboorlinge. […]
>
> Die Boer is ’n nomade wat daarvan hou – soos die inboorlinge – om baie kinders en baie vee te hê en wat niks anders doen nie as om sy besittings te tel, te rook, koffie te drink en te jag.[68]

Hoewel die verhouding tussen die Afrikaners en die Portugese oor die algemeen vreedsaam was, was daar ’n bepaalde antagonisme wat van tyd tot tyd tot gewelddadige insidente aanleiding kon gee. In 1892–1894 het drie verdere trekke uit Transvaal hulle op die hooglande van Angola gevestig. Daarop het die goewerneur van Moçâmedes, Júlio José Marques da Costa, versoek dat ’n aantal Portugese troepe na Humpata gestuur word omdat die Boere as ’n gevaarlike element beskou is weens hulle onafhanklikheidsdrang en gewoonte om hulle nie te veel aan die Portugese wette te steur nie.[69] In 1893 het die Portugese gevrees dat die Afrikaanssprekendes in die suide van Angola, beide blank en nieblank, in opstand kon kom.[70] Gevolglik is ’n paar honderd Portugese *dragões* (dragonders) in 1894

---

65 W.P. van der Merwe, “Die Afrikaners in Angola”, *Die Hervormer*, Mei 1950.
66 A. de Paiva, “Expedição ao Bihé: Estudos de plan’alto. Relatório official”, *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 14(1), 1895, p. 34; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, vol. I, p. 286; F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 89.
67 G. Freyre, *Aventura e Rotina*, p. 399.
68 H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, p. 228 (my vertaling).
69 H. Marquardsen, *Angola*, p. 138; A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, p. 9; C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, p. 177.
70 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 56.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit Lissabon na Moçâmedes gestuur om ’n ogie oor die Boere te hou. Dit is egter te betwyfel of hulle enige opstand onder die Boere met wapengeweld sou kon onderdruk. Bowendien was baie van hulle misdadigers wat vonnisse vir hulle oortredings uitdien of “vrywilligers” wat die lang arm van die gereg probeer ontduik.[71]

Portugese wantroue teen die Boere het onder meer die volgende maatreëls ingesluit: Wapenlisensies is aan “opstandige” Boere geweier, verdagte Boere se wapenaankope is dopgehou en twee Boere is gedeporteer. Daar is ook in 1894 besluit om nie grond aan toekomstige trekkers toe te staan nie.[72] Hierdie besluit is in 1907 bevestig.[73]

In 1896 het die Portugese owerheid die invoer van gesoute perde, merinoskape en ossewaens uit die Kaapkolonie probeer verbied. Dit was ’n maatreël wat hoofsaaklik op die Boere gemik was.[74]

In 1897 het verhoudinge al so ’n laagtepunt bereik dat ’n gewapende botsing tussen ’n groep van 60 Boere en net soveel Portugese dragonders op die laaste oomblik deur die intervensie van Artur de Paiva afgeweer is.[75] Aan die einde van dieselfde jaar het die Portugese bevolking in die suide van Angola (bestaande uit Portugese uit Portugal, Madeira en Brasilië) oorweeg om die Boere met wapengeweld te verdryf. Die oorsaak vir die onmin skyn te gewees het dat die Portugese setlaars (met staatshulp en al) nie met die Boere op handelsgebied kon meeding nie.[76] Gedurende dieselfde jaar het ’n aantal Boere as vrywilligers aan die Humbe-veldtog deelgeneem. Die Boere wat agtergebly het, moes gedurende hierdie tyd van onrus feitlik sonder ammunisie klaarkom omdat die Portugese owerheid hulle daarvan verdink het dat hulle hul van die Portugese gesag wou bevry. Daar is gevolglik geen ammunisie aan hulle beskikbaar gestel nie.[77]

---

71 Anon., “Trekboeren in Angola: Moeilijkheden verwacht”, *Ons Land*, 27 Sept. 1894; W.G.R. Clarence Smith, “Mossamedes and its hinterland, 1875–1915”, pp. 198–199; I. & R. Rudner, *Axel Wilhelm Eriksson of Hereroland (1846–1901)*, p. 178; N.C. Matias, “Os boers Portugueses da Humpata: Um fracasso da Política de Assimilação Portuguesa”, p. 293. Kyk ook AHU: Rep. 1, P. 15, No. 30, 3 de março de 1895, Governador Geral – Ministro, 03.05.1895; Rep. 1, P. 20, No. 928, 24 de setembro de 1900, Governador Geral – Ministro, 24.09.1900; Rep. 2, P. 17, No. 512, 13 de outubro de 1893, Governador Geral – Ministro,13.10.1893.

72 J.V., “A História. Tentativas de fixação à terra (1845–1885)”, *Boletim da Câmara Municipal de Sá da Bandeira*, No. 13, Maio–Junho de 1963, p. 38; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 71; W.G.R. Clarence Smith, “Mossamedes and its hinterland, 1875–1915”, p. 198.

73 “Ofício confidencial n.o 42, do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o Cônsul de Portugal na Cidade do Cabo”, 16 de Dezembro de 1907, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 14, nos. 55–58, Janeiro–Dezembro de 1957, p. 110; “Ofício confidencial do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o M. S. E. N. M. U.”, 25 de Junho de 1908, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 15, nos. 59–62, Janeiro–Dezembro de 1958, pp. 62–63.

74 C. Ivens, “L’Angola méridional”, *Bulletin de la Société d’Études Coloniales* (Bruxelles), vol. 5, 1898, p. 34.

75 TAB: SSA 530 RA2371/97 bevat uitvoerige korrespondensie oor die aangeleentheid.

76 M.R. Gerstenhauer, “Burenansiedlung und Burenpolitik in Südwestafrika”, *Zeitschrift für Kolonialpolitik, Kolonialrecht und Kolonialwirtschaft*, Jg. 6, Nr. 1, Januar 1904, p. 49.

77 J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 205–206.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens die termyne van Henrique Mitchell de Paiva Couceiro as waarnemende goewerneur-generaal van Angola (1907–1909) en João de Almeida as goewerneur van Huíla (1908–1910) is verdere maatreëls ingestel om die Boere aan bande te lê. Hulle outonomie in Humpata om hulle eie huishoudelike sake te reël, is ten volle aan bande gelê (in weerwil van die twee ooreenkomste van 1880). Hulle is selfs verbied om hul familielede op hulle plase te begrawe. Bestaande maatreëls om jag, houtkap en handel met die inboorlinge te beperk, is uitgebrei en toegepas. Nuwe belastings is op die uitvoer van beeste gehef. Die Gereformeerde predikant ds. Pasch is toestemming geweier om voet aan wal te sit toe hy ná die sinode teruggekeer het. Daar is gepoog om die Boere deur middel van 'n spesiale Portugese skool te assimileer. Nuwe Boere-intrekkers is toegang tot die land geweier. De Almeida het verder ook beweer dat die Boere onwettig op hulle grond woon.[78]

Paiva Couceiro se werkswyse het behels dat enige verdere grondtoekenning die Boere geweier word onder die voorwendsel dat daar geen grond meer vir nedersetting beskikbaar is nie. Dit was in 'n tyd toe daar bykans geen Portugese boere in die binneland van Angola was nie. Vervolgens moes hulle toegang tot die land geweier word, want "'n Boer sonder grond is 'n Boer sonder lewensonderhoud".[79] Om te verdoesel dat die nuwe maatreëls op die Boere gemik is, is in 'n geheime verslag aan die goewerneur-generaal aanbeveel dat die woord *estrangeiros* (vreemdelinge) eerder as "Boere" in die nuwe wetgewing en regulasies gebruik word.[80]

De Almeida se vernaamste besware teen die Boere was dat hulle hul nie op een plek vestig en hulle grond bewerk het nie, hul nomadiese lewe voortgesit het, nie respek vir die owerheid het nie, vee van die inboorlinge gesteel het, nie die inboorlinge as mense

---

78 "Ofício confidencial n.o 42, do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o Cônsul de Portugal na Cidade do Cabo", 16 de Dezembro de 1907, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 14, nos. 55–58, Janeiro–Dezembro de 1957, pp. 109–110; "Ofício N.o 259 do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o M. S. E. N. M. U.", 25 de Junho de 1908, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 15, nos. 59–62, Janeiro–Dezembro de 1958, pp. 64–65; "Ofício N.o 157 do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o M. S. E. N. M. U.", 27 de Abril de 1909, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 16, nos. 63–66, Janeiro–Dezembro de 1959, pp. 37–38; AHU: JCU, Rep. 1, 27 de maio de 1909, Cx. 40. Registo Liv. 9. No. 0096, Briewe Governador Geral – Ministro, 05.03.1909, Governador Geral – Ministro, 17.05.1909, Director Geral – Ministro, Jun. 1909, Governador Geral – Ministro, 14.01.1910; H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907 – Junho 1909)*, pp. 169–178; J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 288; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 325–326.

79 "Ofício confidencial do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o M. S. E. N. M. U.", 25 de Junho de 1908, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 15, nos. 59–62, Janeiro–Dezembro de 1958, pp. 62–63; TAB: CS 775 12249, Acting Assistant Colonial Secretary, Government Notice, Land in Angola, 26.09.1907 & Government Notice, Immigration to Angola, 06.02.1908; H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907–Junho 1909)*, pp. 176–177.

80 FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 82, 93.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskou het nie en hulle haat, en dat hulle hul eie republiek in die suide van Angola wou uitroep.[81]

Gedurende hierdie tyd was daar 'n avonturier en swendelaar, "generaal" François Joubert Pienaar, wat met die hulp van sommige Boere en die "mak volk" onder leiding van Oorlog (Vita) die Portugese uit die suide van Angola wou verdryf en 'n Boererepubliek onder die Russiese vlag daar wou uitroep. Pienaar is in 1906 deur Paiva Couceiro en De Almeida uit Angola uitgesit.[82] Nieteenstaande die feit dat Paiva Couceiro daarvan bewus was dat die meeste Boere Pienaar as ongewens beskou en hom nie aanvaar nie, het hy Pienaar as voorwendsel gebruik om maatreëls te tref wat alle Boere aan bande lê.[83]

Volgens Paiva Couceiro was die Boere onassimileerbaar en opstandig (*insubmissos*), het hulle hul eie taal met die inboorlinge gebruik, groot troppe vee besit en groot ruimtes daarvoor benodig en hul op die beste plekke by waterbronne gevestig.[84]

In 1911 het die goewerneur-generaal aan die *chefe do posto* van Humpata geskryf die teenwoordigheid van 'n groot aantal Boere op die Huíla-hoogland kan tot kulturele konflik (*confrontação cultural*) lei en geen verdere grondtoekenning moet in daardie omgewing gedoen word nie. Vermoedelik was die Afrikaners in die noorde minder militant of hulle het te verspreid gewoon, want hulle is nie as 'n soortgelyke bedreiging gevrees nie en grondtoekenning in daardie omgewing is nie verbied nie.[85]

Mettertyd was daar 'n opvatting onder die Portugese amptenare dat die Boere se vernaamste eienskappe "gevaarlike vyandigheid" (*perigosa hostilidade*) en "twyfelag-

---

81 J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 261, 282, 285–289; Grupo de companheiros e amigos coloniaes, *O coronel João de Almeida*, pp. 91–91; R.J.C. da Silva, "Subsídios para a História do Colonização do Distrito de Moçâmedes durante o Século XIX", *Studia*, 35, Dezembro 1972, p. 438; R.J.C. da Silva, *Subsídios para a História do Colonização do Distrito de Moçâmedes durante o Século XIX*, pp. 111–112.

82 Anon., "That story of a Boer plot", *The Cape Argus,* 3 Aug. 1906; "Ofício confidencial n.o 42, do G.G. Henrique de Paiva Couceiro para o Cônsul de Portugal na Cidade do Cabo", 16 de Dezembro de 1907, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 14, nos. 55–58, Janeiro–Dezembro de 1957, pp. 109–110; KAB: GH 1/489 65, GH 23/99 342, GH 35/240 251, GH 219 817/06; AHU: Rep. 1, P. 33, The Humble Petition of General F.J. Pienaar, 11.06.1912, in Governador Geral – Minister, 27.12.1912; NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", pp. 86–87; H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907–Junho 1909)*, p. 174; J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 288; Grupo de companheiros e amigos coloniaes, *O coronel João de Almeida*, pp. 58–59, 90–91. Vir die lewe van Pienaar kyk ook O.J.O. Ferreira, "Genl. F.J. Pienaar. Die Boer wat 'n Russiese protektoraat oor Suid-Afrika voorgestaan het", *Militaria*, 21(3), 1991, pp. 13–17 & O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers!*.

83 "Ofício confidencial no. 42, do G. G. Henrique de Paiva Couceiro para o Cônsul de Portugal na Cidade do Cabo", 16 de Dezembro de 1907, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 14, nos. 55–58, Janeiro–Dezembro de 1957, p. 109.

84 H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907 – Junho 1909)*, pp. 174–177; R.J.C. da Silva, "Subsídios para a História do Colonização do Distrito de Moçâmedes durante o Século XIX", *Studia*, 35, Dezembro 1972, p. 438. Kyk ook J. de Almeida, *Sul de Angola*, p. 287.

85 H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", p. 157, vermeld AHA: Cx. Huíla Boers, Brief Governador Geral – Chefe Humpata, 13.02.1911 & 17.02.1911 as bron hiervoor.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tige getrouheid" (*duvidosa fidelidade*) was.[86] Die laagtepunt in die verhoudinge is waarskynlik tydens die termyne van José Mendes Ribeiro Norton de Matos (goewerneur-generaal, 1912–1915, en hoë kommissaris, 1921–1923) bereik. Hy het die Boere soos alle vreemde elemente in Angola openlik gewantrou en allerhande maatreëls teen hierdie groepe uitgevaardig. Norton de Matos was van mening:

> Die Boere-gevaar is in 'n mate soortgelyk aan die naturellegevaar. Die Boer sal hom slegs teen ons draai wanneer hy ons in 'n situasie van ooglopende swakheid teenoor die Duitsers sien […][87]

Die Boere is veral daarvan verdink dat hulle dislojaal aan Portugal is en met die Duitsers in Suidwes-Afrika sal saamspan teen die Portugese.[88] Vir dié doel is Manuel Lourenço Godinho aangestel om op vreemdelinge (waarby die Boere spesifiek ingesluit is) te spioeneer en aan die owerheid verslag te doen. Sy fantasieë het sulke afmetings aangeneem dat hy ná 'n paar jaar afgedank is.[89]

Piet du Plessis, in die besonder, is daarvan verdink dat hy 'n spioen vir die Duitsers was.[90] Benewens die feit dat hy lid van die Zweite Feldkompanie van die Schutztruppe in Duits-Suidwes-Afrika was, was hy inderdaad 'n gids vir die Duitse mag onder Victor Franke wat die Portugese fort by Naulila tydens die Eerste Wêreldoorlog vernietig het.[91] Hoewel dit die enigste geval van verraad in die geskiedenis van die Angola-Boere was, het die Portugese daarna alle Boere as potensiële verraaiers beskou. Dit was 'n belangrike rede

---

86 G.S. Dias, *No planalto da Huíla*, p. 86; G.S. Dias, *Cartas de Angola*, pp. 62, 183; G.S. Dias, "Angola e o problema da colonização Boer", *Boletim da Agência das Colónias*, Ano 4.^{0}, No. 33, Março de 1928, p. 226.

87 J.M.R. Norton de Mattos, *Memórias e trabalhos da minha vida*, IV, p. 278 (my vertaling); A.M. de F. Soares, *As operações militares no sul de Angola em 1914–1915*, p. 83.

88 H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, p. 228; J.M.R. Norton de Mattos, *Memórias e trabalhos da minha vida*, IV, pp. 264–265; A.M. de F. Soares, *As operações militares no sul de Angola em 1914–1915*, p. 78; NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", p. 83; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 170–171; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 40–42.

89 H. Galvão, *Huíla (Relatório de Govêrno)*, pp. 224–226; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, pp. 79–80, 95; Anon., "Dingaansfees op die Koenene", *Die Suidwes Afrikaner*, 17 Des. 1928.

90 J.A.A. Roçadas, *Relatório sôbre as operações no Sul de Angola Em 1914*, pp. 65–66, 148–149; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, p. 5; A.M. de F. Soares, *As operações militares no sul de Angola em 1914–1915*, pp. 9, 29; G.S. Dias, *Os auxiliares na ocupação do sul de Angola*, p. 53; Persoonlike onderhoude: M.A. du Plessis, 11.07.2007; J.A. du Plessis (née Oosthuizen), 19.04.2008.

91 J.A.A. Roçadas, *Relatório sôbre as operações no Sul de Angola Em 1914*, pp. 65–66, 148–149; FJNS: E. Machado, "A minha missão especial ao Sul de Angola", 10 Febr. 1925, p. 5; W. Mattenklodt, *Verlorene Heimat: Als Schutztruppler und Farmer in Südwest*, pp. 38, 45, 47; W. Mattenklodt, *A fugitive in South-west Africa 1908 to 1920*, pp. 49–50, 56, 58.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir die verslegtende verhouding tussen die twee groepe ná die Eerste Wêreldoorlog.[92] Jare later, in 1935, is ouderling J.M. (Hansie) du Plessis op Lubango aangehou en verbied om met ds. M.M. Grobler verder noord te reis omdat hy met die spioen Piet du Plessis, sy neef, verwar is.[93]

Die feit dat daar maar min Boere was wat wapens teen die Duitsers sou opneem, hoewel hulle geredelik wapens teen die plaaslike inboorlinge sou opneem, het waarskynlik tot hierdie wantroue bygedra. Daarbenewens het die Boere wat aan Portugese kant geveg het, ook besluit om nie op Duitse troepe te skiet as daar Boere onder hulle was nie.[94]

Norton de Matos het gevolglik verdere Boere-immigasie verbied, nadat hy reeds voorheen aan Portugese konsuls instruksies gegee het om alles moontlik te doen om te verhoed dat enige Boere die land binnekom.[95] In die geval van lede van die Afrikaner-gemeenskap met Duitse verbintenisse, soos Stefanus Lambert, Hendrik Willem Siemens en Paul Köster, is hulle besittings onteien en hulle aangehou.[96] Paul Köster, die skoonseun van William Chapman, is vir die res van die oorlog na die Asore verban.[97]

Maar selfs iemand soos luitenant-kolonel (later generaal) José Augusto Alves Roçadas, wat as Boerevriend beskou is en baie saam met hulle teen inboorlinge geveg het, het aanbeveel dat die Boere se perde tydens die Eerste Wêreldoorlog onteien moes word om hul sodoende van hulle belangrikste militêre bate te ontneem. Onder die dekmantel van krygswet is die Boere se waens en spanne osse opgekommandeer. Ná die oorlog is die meeste waens en osse nie aan die Boere terugbesorg nie. Aangesien transportry vir die meeste van hulle die vernaamste bron van inkomste was, is hulle ekonomies daardeur geruïneer.[98] Kompensasie daarvoor is eers baie jare later aan die Boere uitbetaal. Die

---

92 W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 379–380. J.M.R. Norton de Mattos, *Memórias e trabalhos da minha vida*, IV, pp. 125–126, maak melding van 'n Afrikaner Scholtz wat in 1911 aangekla is van spioenasie. Die familie Scholtz het egter eers in 1912 in Angola aangekom.

93 Persoonlike onderhoud: M.A. du Plessis, 11.07.2007.

94 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 170–171.

95 J.M.R. Norton de Mattos, *Memórias e trabalhos da minha vida*, IV, pp. 279–281. H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", p. 177 vermeld ook AHA: Cx. Assuntos Consulares Estrangeiros, Telegram Governador Geral – Konsuls Kaapstad & Pretoria, 04.03.1915 & Anon., "Emigranten naar Angola", *Staatskoerant*, 12 Maart 1915.

96 NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", pp. 91–92; H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 105; H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", p. 171.

97 NAN: A.233, W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", pp. 91–92; H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", p. 171; Private versameling, E.T. Meyer: Herinneringe van Esther Louise Köster.

98 J.M.R. Norton de Mattos, *Memórias e trabalhos da minha vida*, IV, pp. 264–265; P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, pp. 170–171; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 282–283; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 40–42; Private versameling, J.J. Viljoen: Vertelling van M.J. Viljoen in J. Viljoen (samest.), "Kinderspore langs die Nossob".

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontevredenheid wat hiermee gepaard gegaan het, was ’n belangrike rede waarom die Boere Angola in 1928 verlaat het.

Baie Portugese in Angola was van mening dat die Boere ’n ongewenste element was en dat die land met die vertrek van die Boere niks verloor het nie.[99] Die Portugese houding ten opsigte van die Boere in Angola word miskien die beste verwoord in ’n artikel wat ten tye van die volksverhuising van 1928 gepubliseer is:

> Angola has welcomed and welcomes the Boer agriculturist, but does not desire the presence of the furtive hunter who roams over the interior ill-treating the native and destroying the game, or of the smuggler who is constantly crossing the border carrying with him ivory obtained in this territory.
>
> Under no law, legal or other wise, can such people be made welcome or esteemed. They are the most undesirable of colonists.[100]

F. Cerviño Padrão het bevind dat die Angola-Boere deur die Portugese owerheid aan hulle lot oorgelaat is en slagoffers van vervolging deur die Portugese owerheid was. Daar het gevolglik vir hulle slegs een weg oopgebly: om Angola te verlaat. Die geleentheid is verpas om gebruik te maak van hulle ervaring, wat nodig was vir die ontwikkeling van die suide van Angola. As gevolg van die owerheid se nalatigheid en gebrek aan visie en takt het die suide van Angola ’n paar duisend individue verloor wat buitengewoon begaaf, sistematies en ondernemend was. Mettertyd sou hulle wel met die Portugese ondertrou en in die Portugese samelewing opgeneem kon word, en moontlik ’n groot invloed op die geskiedenis van die suide van Angola kon uitoefen.[101]

Die verhaal van Willem Venter illustreer enersyds die agterdog van die Portugese owerheid teenoor die Angola-Boere, maar bied andersyds ’n interessante blik op die hoë agting wat die owerheid vir Venter gehad het. Nieteenstaande sy herhaalde bevestiging dat hy nie na Suidwes-Afrika wou trek nie, het hy baie probleme ervaar om na Angola terug te keer nadat hy in 1929 sy familie in Suidwes-Afrika besoek het. Die Portugese konsul in Windhoek het sy geldige visum om Suidwes-Afrika te besoek, afgeneem en geweier om dit aan hom terug te besorg. Eers ná intervensie van die Suid-Afrikaanse

---

99 Anon., “Os boers de Angola”, *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 4(42), Dezembro de 1928, pp. 224–225.

100 G.S. Dias, “The Boers in Angola: A Portuguese View”, *The Star*, 17 June 1928 & *The Windhoek Advertiser*, 26 May 1928, pp. 2–3 (vertaling van ’n artikel wat vroeër in *O Primeiro de Janeiro* (Oporto) (23 de Fevereiro de 1928), *A Província de Angola* (20 de Março de 1928) & *Boletim da Agência das Colónias* (Ano 4.^{0}, No. 33, Março de 1928) verskyn het).

101 F.C. Padrão, *A Colonização do Sul de Angola 1485–1974*, p. 125.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

regering kon hy ná ’n jaar se oponthoud na Angola terugkeer.[102]

In skerp teenstelling hiermee is hy vir sy militêre bydrae met die hoë militêre eerbewys as Cavaleiro da Ordem da Torre e Espada de Valor, Lealdade e Mérito (Kavalier van die Orde van die Toring en die Swaard vir Dapperheid, Lojaliteit en Meriete), ’n medalje (Medalha das Campanhas Coloniais da Rainha Dona Amélia) en ’n kruis vereer. Gedurende die Portugese president Óscar Carmona se eenmalige besoek aan Angola in 1938 het hy spesiaal die geleentheid gekry om met Willem Venter te praat. Venter is op 6 April 1944 oorlede en by Pocólo begrawe. Op 14 Julie 1971 is hy onder volle militêre eerbewys in die heldeakker te Sá da Bandeira, die Mausoléu dos Combatentes, herbegrawe.[103]

Volgens die amptelike syfers van die plaaslike owerhede in Angola was daar in 1956 slegs 80 Suid-Afrikaanse burgers in dié land,[104] wat aandui dat óf die meerderheid toe reeds as Portugese burgers genaturaliseer was óf dat die Portugese owerheid se syfers onakkuraat is.

Nadat die meeste Afrikaners teen die einde van 1959 gerepatrieer is, het sommige gekla oor die slegte behandeling wat hulle van die Portugese regering ontvang het.[105] Marthie Voigt het daarop gewys dat hierdie bewerings van alle waarheid ontbloot is.[106]

Die Portugese owerheid in Angola was met die stigting van die Volkskomitee vir Angola-Boere baie bekommerd dat die indruk geskep word dat hulle teen die Angola-Boere diskrimineer.[107] Hulle gevoeligheid in dié verband het neerslag gevind in eensydige berigte in die Angolese pers oor die Angola-Boere. Teen 1963 het ’n belangrike koerant in Angola, *A Província de Angola*, die lede van die Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante bestempel as “vyandiggesinde agente” wat “teen betaling” die stryd teen die “Portugese nasie” aangeknoop het:

> Hierdie agente is versigtig gekies en ons vind dat hulle altyd buitengewoon bekwame persone is. Hierdie persone kan beskryf word as sinies, pervert, intelligent, sonder eergevoel, sonder ideale – hulle is in staat om hul siele aan die duiwel te verkoop!

---

102 SAB: PM 1/2/340, PM94/163, “Passports and visas. Passports for Angola. WA Verster [= Venter] and Albers [sic]” (1929–1935).
103 G.S. Dias, “Espelho de lealdade”, *O Mundo Português*, Vol. VIII, No. 91, Julho de 1941, pp. 287–296; G.S. Dias, *Julgareis qual é mais excelente … (Figuras da História Angolana)*, pp. 391–405; Liga dos Combatentes. Subagência de Sá da Bandeira, *Willem Adriaan Venter* (pamflet); J. Viljoen (samest.), *Pioniers van die Dorsland*, pp. 74–75.
104 NHK: K1/2 3/34/5, Brief H.L.T. Taswell – Skriba Nederduitsch Hervormde Kerk, 20.11.1956.
105 A. Verster, “Angola-Boere (vervolg)”, *Die Hervormer*, 50(5), Aug. 1959, p. 16.
106 M. Voigt, “Oor die Angola-Boere en die Portugese regering”, *Die Hervormer*, 50(8), Nov. 1959, p. 32.
107 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, Briewe H.L.T. Taswell – Sekretaris van Buitelandse Sake, 30.10.1957 & 28.08.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Bostaande beskryf slegs die basiese karaktertrekke van hierdie mense, want die sielkundige samestelling van hierdie soort wese is baie meer ingewikkeld en verwronge – swart siele waarin ambisies gekweek word wat geen perke ken nie.[108]

A Província de Angola was normaalweg pro-Suid-Afrikaans. Die aanval op die Sentrale Volkskomitee en die Hervormde Kerk moet beskou word teen die agtergrond van die algemene gevoel wat in Angola ná die 1961-opstand teenoor Protestantse kerkgenootskappe bestaan het omdat hulle van ondermynende bedrywighede in Angola verdink is. Dié koerant het nietemin verklaar dat Angola hierdie "Portugese Afrikaners" met ope arms sal verwelkom as hulle na Angola sou wou terugkeer.[109]

Daar het eers in die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu meer begrip vir Angola-Boere gekom. Dit was nadat beide die Suid-Afrikaanse en Portugese owerhede moes saamwerk om terroristeaanslae die hoof te bied.

Die verhoudinge met die Portugese owerheid is dalk vergelykbaar met dié tussen die owerheid en Afrikanerminderhede in ander kolonies in Afrika.

In Duits-Suidwes-Afrika was die Boere byvoorbeeld aanvanklik ongewenste immigrante, maar die gevoel teen hulle het in later jare verander en hul is verwelkom weens hulle kennis van plaaslike boerderytoestande, oorlogvoering teen die inheemse stamme en transportry.[110]

In Rhodesië was die belangrikste mikpunt van die immigrasiebeleid van die koloniale owerheid aan die begin van die twintigste eeu om Afrikaners uit die land te hou.[111] Hierdie beleid het waarskynlik voortgespruit uit die algemeen negatiewe opvattings wat in Rhodesië oor Afrikaners bestaan het. Afrikaners in Rhodesië is in sommige kringe as die belangrikste kandidate vir armblankestatus beskou. 'n Engelsman het die "Boer ideal" gekarakteriseer as "a three-legged stool beside a cow-dung fire, a mug of coffee half-filled with miserable Natal sugar, sour-bread, and biltong, with a naked piccanin squatting a few feet away". Wat veral sy verontwaardiging gewek het, was nie die Afrikaner se armoede nie maar die vermoede dat die Afrikaner tevrede met sy armoedige omstandighede was.[112]

In Kenia is hulle ook as "undesirable whites" beskou en pogings is aangewend om

---

108 *A Província de Angola*, 6 de Abril de 1963, soos vertaal in SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, Brief Vise-konsul-in-bevel – Sekretaris van Buitelandse Sake, 17.06.1963.
109 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, Brief Vise-konsul-in-bevel – Sekretaris van Buitelandse Sake, 17.06.1963.
110 K. Schwabe, *Mit Schwert und Pflug in Deutsch-Südwestafrika*, pp. 367–369.
111 R Hodder-Williams, *White Farmers in Rhodesia, 1890–1965*, pp. 45.
112 D. Kennedy, *Islands of white*, p. 173.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle uit die land te hou. Die meer ekstreme Engelse setlaars het selfs sterilisasie en repatriasie na Suid-Afrika voorgestaan.[113]

Elders in Afrika het die Boere 'n mate van berugtheid gehad vanweë die opvoedingspeil van hulle kinders. "We simply cannot afford to allow the children of our European workers out here to grow up into Boers," het 'n bestuurder van Union Minière per geleentheid opgemerk.[114]

Dit wil uit die voorafgaande voorkom of die owerheid in Angola hulle, teen die agtergrond van hulle relatiewe onkunde oor die Afrikaners, dikwels deur bevooroordeelde en veralgemenende uitsprake van individue laat lei en hulle blind gestaar het teen die twyfelagtige optrede van enkele Afrikaners wat nie verteenwoordigend van die Afrikaners was nie. Die owerheid se standpunte en optrede wat hierop gevolg het, het soms aan xenofobie gegrens. Ten spyte hiervan kon die owerheid in enkele gevalle nie nalaat om erkenning te gee aan die prominente rol van die Afrikaners in die geskiedenis en ontwikkeling van hierdie Portugese kolonie nie – soos in die geval van Willem Venter. 'n Ontleding van die negatiewe standpunte en optrede van die Portugese owerheid teenoor die Afrikaners bied terselfdertyd 'n moontlike verklaring vir soortgelyke tendense elders in Afrika. Nóg in Angola nóg in die betrokke kolonies kan die prominente bydraes van Afrikaners immers ontken word.

Ander blankes in Angola

Die verhouding met die Duitsers in Angola was goed en baie Afrikaners het Duitse vriende in Angola gehad. Onder hulle Duitse vriende op Chicuma was Otto en Hermann Brunke, graaf Wilhelm von Platen, Gerd von Linde, Albert Müller, Mauritz Schlachter, Peter Vogel, Dieter Marsch en Hans Ükas.[115]

'n Hele paar Afrikaners is ná 1928 met Duitsers in Angola getroud. Onder hulle was Dorothea Elizabeth de Jager (wat op 11 September 1936 en 10 April 1945 met Johann Paulissen getroud is),[116] Martha Caterina Jacoba Prinsloo (wat op 18 Augustus 1954 met

113 B.M. du Toit, *The Boers in East Africa: Ethnicity and Identity*, pp. 156–157; C.S. Nicholls, *Red Strangers*, pp. 61.

114 B. Davidson, *The African Awakening*, p. 126.

115 Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007; Telefoniese onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 24.08.2006; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.01.2009.

116 Persoonlike onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe, (née de Jager), 12.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; Telefoniese onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 24.08.2006; I.E. Szilagy (née Paulissen), 21.08.2007. In hoofstuk 13 word verduidelik waarom sommige Afrikaners in Angola twee troudatums gehad het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Carl Wilhelm Voigt getroud is),[117] Carolina Storbeck (wat op 14 April 1930 met Werner Wilhelm Voigt getroud is),[118] Mita Robberts (wat op 4 Desember 1937 by Caluquembe met Jacob Ritter getroud is)[119] en Susanna Susara van der Walt (wat met Alberto Piechazeck saamgeleef en twee kinders by hom gehad het).[120]

Werner Wilhelm Voigt se kinders is met Afrikaners, Duitsers en Portugese getroud. Hoewel hulle Duits grootgeword het en in die Duitse gemeenskap by Ganda opgeneem is, kon almal Duits, Afrikaans en Portugees praat. Die huistale van Werner Voigt se kinders was Portugees (skoonseuns Da Ponte en Martins), Duits (Werner Wilhelm), Duits en later Afrikaans (Nils) en Afrikaans (Carl).[121]

Geen Afrikaners is ná 1928 met Nederlanders of Engelse getroud nie, hoewel enkele Nederlanders al deel van die gemeenskap was omdat hulle voor 1928 met Afrikaners getroud is. Onder hulle was Pieter Greshoff, Pieter Nannings en Gert Groesbeek. Pieter Nannings was een van die Nederlanders wat in hart en siel Afrikaner geword het en die Afrikanersaak sy eie gemaak het. Hy het boonop ’n leidende rol in kerksake gespeel.[122] Hy is beskryf as “die man na wie almal opgesien het”.[123]

Die inheemse bevolking

Die Boere het gemaklik by die koloniale opset in Angola ingepas. Oor die algemeen het hulle nie swart mense as hulle sosiale gelyke beskou nie. Daar was byna geen sosiale kontak tussen Afrikaners en swart mense buite ’n werkgewer-werknemer-verhouding nie.[124] In enkele gevalle is geleerde swartes (*assimilados*) in hulle huise toegelaat.[125]

Volgens die heersende Portugese siening van die Afrikaners van Angola het hulle die

117 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
118 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
119 Private versameling, H.F. Heese: “Angola 1973 Desember” (oefenboek met aantekenings).
120 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, “Raport” oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 5; Telefoniese onderhoud: E. Fourie (née Piechazeck), 15.01.2009.
121 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
122 FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 37.
123 Persoonlike onderhoud: Kruger-gesin, 13.07.2007.
124 Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.
125 Persoonlike onderhoud: S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

swartes gehaat en behandel asof hul veragtelike en weersinwekkende diere was.[126] Die Portugese het wesenlik dus die Afrikaners se tradisionele houding teenoor die inheemse bevolking, en hulle sogenaamde onderdrukking van en wreedheid teenoor die inboorlinge sterk afgekeur.[127]

Serpa Pinto, wat met die Boere in Transvaal kennis gemaak het, het klaarblyklik nie met hierdie evaluering saamgestem nie en het die Afrikaners hierteen en teen Engelse sendelinge se beskuldiging van in hierdie verband verdedig.[128] Artur de Paiva, wat die Boere beter as enige Portugees geken het, het die Angola-Afrikaners ook verdedig:

> Ek het nou al elf jaar saam met baie Boere gewoon. Die Boere, so lyk dit vir my, is nie verskillend van die Boere wat in Transvaal woon nie omdat hulle van daar af kom, en ek het nooit gesien dat hulle die swartes onregverdig of wreedaardig behandel nie. Inteendeel, ek kan getuig dat 'n swarte wat deur hulle opgevoed is, in morele waardes en fisieke voorkoms beter is as 'n swarte wat deur enige Katolieke of Protestantse sendingstasie wat ek ken, opgevoed is.[129]

Hoewel die Portugese bevolking in Angola oor die algemeen nie soortgelyke ekstreme rassevooroordele as die Boere gekoester het nie, was die Portugese in die suide van Angola meer rassisties as die res van die bevolking. Moçâmedes was byvoorbeeld teen 1890 die enigste dorp in die land waar segregasie nog in die skole toegepas is. Clarence-Smith is van oordeel dat hierdie rassisme die resultaat was van 'n diepgewortelde gevoel van onsekerheid, op sy beurt weer die gevolg van die ekonomiese bestaanstryd wat hulle moes voer. Hulle was voortdurend bedreig deur verarming en proletarisering en uitgelewer aan natuurrampe en sosiale bedreigings. Swart mense is as een van hierdie bedreigings gesien. Deur rasse- en etniese diskriminasie het hulle hierdie probleem die hoof probeer bied en hulle ekonomiese sekerheid ten koste van dié van swart mense probeer bevorder.[130]

Die ekonomiese bedreiging van die inheemse bevolking het ook gepaard gegaan met die fisiese militêre bedreiging wat hulle vir die blanke setlaars ingehou het. Oor 'n tydperk

---

126 G.S. Dias, *Cartas de Angola*, p. 177; G.S. Dias, "Angola e o problema da colonização Boer", *Boletim da Agência das Colónias*, Ano 4.^{0}, No. 33, Março de 1928, p. 223.

127 H. Marquardsen, *Angola*, p. 138; F.C.C. Egerton, *Angola in Perspective*, p. 217; A. de A. Teixeira, *Artur de Paiva*, p. 9; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", pp. 274, 278; L. Henderson, *Angola: Five centuries of conflict*, p. 72; D. Péclard, "Ethos missionnaire et esprit du capitalisme: La Mission Philafricaine en Angola, 1897–1907", in *Le Fait Missionnaire: Histoire et Héritages – Approche Pluridisciplinaire*, pp. 51–53.

128 D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", p. 278.

129 A. de Paiva, "Expedição ao Bihé: Estudos de plan'alto. Relatório official", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 14(1), 1895, p. 21 (my vertaling); G.S. Dias, *Artur de Paiva*, vol. I, p. 269.

130 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, pp. 55–57.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van veertig jaar het die Boere, soos reeds genoem, aan 22 oorloë teen die inheemse stamme in die suide en sentrale dele van Angola deelgeneem.[131] Dit is waarskynlik dat die verhoudinge van die Angola-Boere met die inheemse bevolking in die besonder deur hierdie voortdurende konflikte beïnvloed is. In 1947 is hierdie sentiment deur Paul van der Walt verwoord as "ek woon hier ook maar tussen duisende kaffers, en my kinders se toekoms is hier in gevaar".[132]

Die eerste keer wat die Portugese owerheid van die Boere kennis geneem het, was op 8 Desember 1879 toe die goewerneur van Moçâmedes in kennis gestel is dat 'n aantal inboorlinge gevlug het van die Boere wat hulle aangeval het.[133] Dit was waarskynlik die resultaat van 'n strafekspedisie wat die Boere geloods het nadat hulle van enkele vee beroof is.

In die jare daarna is die Boere dikwels deur inboorlingstamme van veediefstal beskuldig.[134] Op hulle beurt het die Boere beskuldigings van veediefstal teen die omringende stamme ingebring. Veral strafekspedisies, waartydens groot getalle vee as "straf" vir veediefstal gebuit is, het tot sommige van hierdie beskuldigings teen die Boere gelei.[135] Hierdie voortdurende beskuldiging, teenbeskuldiging en konflik oor vee het ongetwyfeld nie tot beter verhoudinge tussen die Angola-Boere en die inheemse bevolking bygedra nie.

---

131 Anon., "Wat Angola in die Boere verloor", *Die Burger*, 8 Aug. 1928, p. 7; E.T. Meyer, *Die koms van die Angolaboere na Suidwes-Afrika in 1928–1929*, p. 17.

132 NHK: K1/2 3/31/9, Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.12.1947.

133 De Almeida, J.B. Ferreira. 1881. "Apontamentos para a história do estabelecimento da colonia 'S. Januario', nos terrenos de Humpata (districto de Mossamedes)", II. *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 2(6), pp. 457–458; [Ofício no. 149 van 8 Desember 1879 Goewerneur Moçâmedes – Secretaria Geral] soos aangehaal deur A. de A. Felner, *Angola: Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, I, p. 90; Anon., "Os boers na costa occidental", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 2(2), 1880, p. 118; A. de Cervaes, "Transvaal e Mossamedes", *O Occidente: Revista illustrada de Portugal e do Estrangeiro*, 4.º Anno, vol. IV, no. 73, 1 de Janeiro de 1881, pp. 22–23.

134 A. von Danckelmann, "Ein Besuch in den portugiesischen Kolonien Südwestafrikas, Sommer 1883", *Deutsche Geographische Blätter* (Geographische Gesellschaft in Bremen), Band VII, Heft 1, 1884, p. 59; AHU: Rep. 1, P. 15, No. 30, 3 de março de 1895, Governador Geral – Ministro, 03.05.1895; Rep. 1, P. 20, No. 928, 24 de setembro de 1900, Governador Geral – Ministro, 24.09.1900; Anon., Berig, *Portugal em África*, 4(45), Setembro de 1897, pp. 396–397; Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, p. 116 n.; A. Chatelain & A. Roch (Eds), *Héli Chatelain. L'ami de l'Angola*, pp. 216–218, 240, 252–253; J. de Almeida, *Sul de Angola*, pp. 261, 282, 285; G.S. Dias, "Angola e o problema da colonização Boer", *Boletim da Agência das Colónias*, Ano 4.º, No. 33, Março de 1928, p. 224; C.R. Machado [de Faria e Maia], *Nostalgia Africana: Verídicas narrativas*, p. 172; N.C. Matias, "Os boers Portugueses da Humpata: Um fracasso da Política de Assimilação Portuguesa", pp. 293–294; D.L. Wheeler, "The Portuguese in Angola, 1836–1891", pp. 277–278.

135 A. de A. Felner, Angola: *Apontamentos sôbre a colonização dos planaltos e litoral do sul de Angola*, III, p. 214, "Felicitação ao Governador Geral da província pelos boers portugueses da Humpata. (Outubro de 1882)"; G.A. de Brito Capello, Portaria de 23 de Julho de 1889, *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 34, Sabbado 24 de Agosto de 1889, p. 530; A. de Moraes, *Memórias de Angola*, pp. 146–148.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende hierdie tyd was die heersende opinie onder die Portugese setlaars van Moçâmedes: "Die inboorlinge [van die plato van Huíla] … leef alleenlik van die diefstal en die bietjie wat hulle vroue op landerye verbou, niks bekommer hulle nie, niks word deur hulle benut nie. Hulle is wreedaardig en struikrowers omdat die owerheid hulle nie straf nie."[136] Dit was waarskynlik vir hulle 'n verrassing dat die Boere die inboorlinge nie toegelaat het om ongestraf hulle vee te roof nie.[137]

In 1889 het 'n klompie Boere onder kommandant J.F. Botha toestemming gekry om so 'n "rowersnes" aan te val. Na bewering het hulle, in plaas daarvan, die vee van 'n hoofman op pad daarheen saam met hulle na Humpata teruggeneem. Aanvanklike (1889) en latere (1892, 1895 en 1900) pogings om die ekspedisieleier (J.F. Botha) te arresteer, het op niks uitgeloop nie, hoofsaaklik weens die bemoeiing van Artur de Paiva (Botha se skoonseun).[138]

In een geval in 1896 is twee beeste van Boere gesteel. Tydens die daaropvolgende strafekspedisie het die Boere ongeveer 600 stuks vee gebuit.[139] Met 'n ander geleentheid in April 1897 het die Boere sonder toestemming op 'n strafekspedisie vertrek nadat 'n aantal beeste by Barend Alberts gesteel is. 'n Aantal inboorlinge is doodgeskiet en tussen 750 en 1500 stuks vee is buitgemaak. Omdat hulle gevrees het dat die Portugese owerheid met wapengeweld sal ingryp, is Paul Kruger se hulp ingeroep om as bemiddelaar op te tree. Nadat hulle skriftelik om verskoning gevra het en die gebuite vee terugbesorg het, het die saak doodgeloop.[140] In 1906 het die Boere die Rooms-Katolieke sendingstasie by Tchivinguiro naby Humpata aangeval en meer as 200 beeste weggevoer. Slegs 50 daarvan is aan die regmatige eienaars terugbesorg.[141]

Artur de Paiva het daarop gewys dat die hele aangeleentheid baie kompleks was. Hy het die Boere teen hierdie beskuldigings verdedig en daarop gewys dat veediefstal voor

---

136 *Jornal de* Mossamedes, No. 8, 25 de Novembro de 1881, soos aangehaal in C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, p. 173 (my vertaling).

137 Anon., "Angola. Boer en Portugees", *Neerlandia*, Febr. 1898.

138 AHU: Rep. 1, P. 15, No. 30, 3 de março de 1895, Governador Geral – Ministro, 03.05.1895; Rep. 1, P. 20, No. 928, 24 de setembro de 1900, Governador Geral – Ministro, 24.09.1900; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", pp. 201–202.

139 J. de Almeida, *Sul de Angola: Relatório de um govêrno de distrito (1908–1910)*, p. 285; Anon., "Os boers de Angola", *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 4(42), Dezembro de 1928, p. 222; C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, p. 176.

140 TAB: SSA, 530 RA2371/97 bevat uitvoerige korrespondensie oor dié aangeleentheid; Anon., "Angola. Boer en Portugees", *Neerlandia*, Febr. 1898; J. de Almeida, *Sul de Angola: Relatório de um govêrno de distrito (1908–1910)*, p. 285; W.J.B Chapman, "An account of the entry of the Trek Boers into Angola […]", pp. 50–51; NAN: A.233, W.J.B. Chapman, "Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman" (1858–1902), pp. 148–152; H.F. Heese, "Die Afrikaners in Angola, 1880–1928", pp. 96–98; C.A. Medeiros, *A Colonização das Terras Altas da Huíla (Angola)*, p. 176.

141 SAB: GG 1896 61/66, Brief H.S. Mackie – Edward Grey, 18.05.1907.

© University of Pretoria

die Boere se koms die inboorlinge in die distrik se vernaamste tydverdryf was. Hy het insidente waar die Boere se vee sonder meer deur die inheemse bevolking doodgemaak word wanneer hulle afdwaal en in inboorlinge se lande wei, aansienlik beperk deur kompensasie aan die inboorlinge te betaal.[142] Om die Boere se strafekspedisies teen swart stamme wat van ongehoorsaamheid of veediefstal beskuldig is, te vermy, het De Paiva voorgestel dat 'n spesiale eenheid bestaande uit blanke Portugese soldate vir dié doel in die lewe geroep word.[143] Die voorstel is nie geïmplementeer nie.

Volgens getuienis het die Boere die inheemse bevolking van Afrika deur die loop van die eeue goed leer ken. 'n Boerevriend soos Artur de Paiva het geskryf: "Die Boer het nog altyd geweet hoe om hom in die hart van die inboorling in te wurm, op so 'n wyse dat dit vir hom [die Boer] nie baie moeilik sou wees om sommige stamme aan hulle kant in opstand te laat kom nie. Met afsku het ek gesien hoe die inboorling die taal van die Boere makliker aanleer as ons eie taal [Portugees]."[144]

Daar word beweer dat die inheemse bevolking van Angola weens die wapenvernuf van die Angola-Boere groot respek vir hulle gehad het en hulle gevolglik *ovahona* (base) genoem het.[145] Met die repatriasie van 1928 is beweer dat Angola in die Boere mense verloor het "vir wie Angola se Kaffers so 'n heilige ontsag het".[146]

Teen die middel van die twintigste eeu het die Afrikaner se tradisionele wantroue teenoor ander groepe (veral swart mense) hulle in 'n al hoe moeiliker posisie op 'n oorwegend swart kontinent geplaas. Hulle opvattings ten opsigte van swart mense is oor die algemeen deur die res van die wêreld as ekstreem beskou en dikwels veroordeel.

In later jare, veral ná 1961, het daar 'n baie beter verhouding tussen sommige Angola-Afrikaners en die inheemse bevolking geheers. Die feit dat diskriminasie afgeskaf is en sommige Afrikaners diensplig in die Portugese leër gedoen het, het waarskynlik in geen geringe mate nie daartoe bygedra. Hulle moes saam met swart troepe en onder swart offisiere diensplig doen. In sommige gevalle het Afrikaanse vroue swart vroue as hulle sosiale gelykes behandel en is daar oor en weer aan mekaar besoek gebring. Die swart vroue is gewoonlik nie in wit vroue se sitkamers ontvang nie, terwyl die blanke vroue by die "strooisvuur" ontvang is. So 'n vriendin is 'n *kamba* genoem. In ander gevalle het mans soms in swart dorpies oornag wanneer hulle gejag het. Volgens Ben Ludeke was

142 A. de Paiva, "Expedição ao Bihé: Estudos de plan'alto. Relatório official", *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa*, 14(1), 1895, pp. 32–33, 36–39; G.S. Dias, *Artur de Paiva*, vol. I, pp. 283–284, 288–295.
143 Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, 194.
144 G.S. Dias, *Jornadas Heróicas de Artur de Paiva*, p. 179.
145 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
146 Anon., "Wat Angola in die Boere verloor", *Die Burger*, 8 Aug. 1928, p. 7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daar gewoonlik ’n hut wat vir blankes gereserveer is. Hulle is by sulke geleenthede baie hartlik deur die *soba* (hoofman) ontvang.[147]

Ná al die jare in Angola het die Afrikaners min van die plaaslike swart bevolking oorgeneem. Toe hulle in 1958 na Suid-Afrika gerepatrieer is, is wel kalbasse gebruik om water of tuisgemaakte bier op die trein te vervoer.[148] Die gebruik daarvan is moontlik van die inheemse bevolking in Angola oorgeneem, want die Boere het die inheemse woord vir kalbas, *matira*, oorgeneem.[149] Vermoedelik is die manier waarop sekere Angola-Afrikaners skerms en huise gebou het, ook by die inheemse bevolking aangeleer. Dit is nie bekend of die Angola-Afrikaners enige geregte van die inheemse bevolking oorgeneem het nie, hoewel sommiges Portugese geregte leer voorberei het.

In die Afrikaans van die Angola-Boere het, benewens die name van enkele plante en diere, ook enkele woorde opgeduik wat uit die inheemse tale van Angola oorgeneem is, waaronder *bumba* (’n soort kombers), *kamba* (vriend of vriendin), *kunda* (fop), *matira* (klein kalbas), *mulemba* (wildevy), *panda* (“belkorhaan”) en *soba* (hoofman).

Slawerny

Tot aan die begin van die twintigste eeu was slawerny ’n erkende instelling in Angola. Slawehandel in die binneland het destyds ongehinderd voortgegaan ná wetgewing wat dit dertig jaar tevore reeds verbied het. Bykans alle Boere het, soos hulle Portugese eweknieë, slawe gehad. Reeds met hulle aankoms in 1881 het die Boere die eerste slawe van Portugese koloniste aangekoop. Sommige, soos William Chapman, het meer as ’n honderd slawe besit. Die slawe is “grootmaakvolk” genoem – “want jy ruil of koop hom as hy klein is en jy maak hom vir jou groot”. Dit was volgens die inboekstelsel ’n algemene gebruik in die vroeë geskiedenis van Transvaal. Slawe kon geruil word vir ’n ou geweer, “miskien ’n paar meter *lappe* en ’n paar stringe blou krale en paar ringe koper – wat alles tesame omtrent 4s. of 6s. sou kos” of “’n paar bosse skulpkrale”.[150] Ds. Pieter Biewenga beskryf weer uitvoerig hoe slawe aan die begin van die eeu geruil is. Slafies is ook “Kleingoed” genoem.[151]

---

147 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.
148 Anon., “Angola Boers arrive in Union to start new life”, *The Cape Argus*, 18 Nov. 1958, p. 2; Anon., “78, she walked 7 miles”, *The Cape Argus*, 19 Nov. 1958, p. 11; A. Verster, “Angola-Boere (vervolg)”, *Die Hervormer*, 50(3), Jun. 1959, pp. 16, 30.
149 J.G.H. van der Walt, “Op reis in Portugees West Afrika. IV. Die Boere”, *Het Kerkblad*, 1 Mrt. 1920, p. 9.
150 TAB: A.1694, J. von Moltke, “Die ‘grootmaakvolk’ van die Dorslandtrekkers”, pp. 2–3, 5; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 132–133, 137–138, 141, 143; Private versameling, E.T. Meyer: Herinneringe van Esther Louise Köster, p. 1.
151 P. Biewenga, “Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere”, pp. 119–124.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Johannes von Moltke het gevalle van slawerny voor 1928 onder die Boere in Angola opgeteken.[152] Jan Harm Labuschagne het vir hom vertel: "Maar natu[u]rlik, man, ons het in Angola slawe gehad, nog van die Portugese s'n; dit was mos nog die *mode* daar gewees. Ek het partykeer sommer so twaalf tot veertien stuks gekoop."[153]

In vroeër jare het die Boere soms op ekspedisies gegaan om slawe op die hoogland van Angola te gaan vang.[154] Willem Grobler het vir Von Moltke vertel:

> Sulke slafies het nooit getjank of geskree as hulle aan ons afgegee word nie, want gewoonlik was dit dan skepseltjies wat reeds tevore gevang was of van wie die kaptein die ouers laat doodmaak het of wat hy self geruil het. Die slafies wat ons op kommando gevang het, het altyd vreeslik gehuil en geskree as ons hulle vang of van die groot volk wegvat.[155]

Oor die algemeen was dit nie nodig om op ekspedisies te gaan nie omdat daar 'n lewendige slawehandel was en dit maklik was om 'n slaaf goedkoop te ruil. Die Boere het graag in slawe handel gedryf:

> They trade to some extent in slaves, but chiefly they buy for their own use, and they almost always give them their freedom at the time of marriage. Their boy slaves they train with the same rigor as their oxen, but when the training is complete the boy is counted specially valuable on the road.[156]

Volgens Andries Alberts het droogte van tyd tot tyd in die suide van Angola voorgekom. Dit is afgewissel met groter droogtes wat met groot hongersnood gepaard gegaan het. Ouers het dan hulle kinders vir 'n bietjie voedsel verruil. Die prys van sulke slawe was nie hoog nie – soms 'n paar meter materiaal of 'n vers. Hierdie gebruik is tot in die twintigste eeu deur die Portugese koloniale owerheid toegelaat. Die verruilde kind is dan as 'n aangenome kind beskou wat op 21 jaar mondig en gevolglik vry sou wees. 'n Eienaar wat sy slafie sleg behandel, kon van kindermishandeling aangekla word.[157]

---

152 TAB: A.1694, J. von Moltke, "Die 'grootmaakvolk' van die Dorslandtrekkers"; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 130–134, 137–145.
153 J. von Moltke, *Jagkonings*, p. 121 (oorspronklik gekursiveer).
154 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 84.
155 TAB: A.1694, J. von Moltke, "Die 'grootmaakvolk' van die Dorslandtrekkers", p. 5; J. von Moltke, *Veldsmanne*, p. 143.
156 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, p. 68.
157 W.G. Clarence-Smith, *Slaves, peasants and capitalists in Southern Angola, 1840–1926*, p. 84; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 132, 267; A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 124; Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005. Vir 'n beskrywing van so hongersnood sien J. von Moltke, *Jagkonings*, pp. 280–282.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tydens 'n hongersnood wat op 'n droogte in 1903 gevolg het, het sommige Boere van die geleentheid gebruik gemaak om osse en swart kinders goedkoop vir mielies te ruil.[158] Andries Alberts se pa het gedurende 'n droogte 'n swart seuntjie vir ses sakke mielies geruil. Hy het toe die naam Tjipungu (Mielies) gekry.[159] Tydens 'n hongersnood in 1912–1913 het Willem Grobler ook slawekinders geruil.[160] Veral in die jare 1915–1917 het daar 'n groot hongersnood in die suide van Angola geheers. Baie Boere het gedurende hierdie tyd swart kinders van hulle ouers geruil of soms gratis gekry sodat die kinders nie van honger moet doodgaan nie.[161] In een geval het Daniel Robbertse 43 slawekinders vir 'n wavrag mielies verruil.[162] In een van die min dagboeke wat Angola-Boere gehou het, het Cecilia Scholtz (née Wessels) enkele gevalle van slawerny opgeteken: "hier kan ik een klein boesman mytje kry voor een kombaars[.] ik wil haar eers sien." En: "van morgen kwam de kapitein weder met de kleine slaavin[.] sy is niet ouder dan seven jaar, en heb een grooter maag dan haar lyf is, ik was soo jamer voor het arm schepsel dat ik het maar ruilde, ik geeft omtrent ach sielings aan waarde voor haar."[163]

Dit het dikwels tot botsings aanleiding gegee wanneer weggeloopte slawe by die Switserse sendingstasie van die Mission Philafricaine gaan skuil het. Die sendeling Héli Chatelain, wat andersins baie goed met die Boere oor die weg gekom het, met hulle handel gedryf en hulle waens in die stasie se smidswinkel herstel het, het selfs 'n paar doodsdreigemente gekry wanneer hy by gebrek aan 'n geskrewe dienskontrak slawe wat na die sendingstasie gevlug het nie aan hulle "eienaars" wou oorhandig nie.[164]

Teen 1928 het gevalle van slawerny grootliks verdwyn.[165] Lank nadat slawerny in Angola afgeskaf is, het hierdie eertydse slawe nog by die Boere gebly en teen lae lone vir hulle gewerk. Dit was vir hulle nie meer moontlik om na hulle eertydse stamme terug te keer nie, enersyds omdat hulle nie geweet het waar hulle vandaan kom nie en andersyds omdat hulle die inheemse stamme gevrees het.[166]

---

158 H.W. Nevinson, *A Modern Slavery*, p. 51.
159 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 124.
160 J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 132, 267.
161 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
162 J.M. Jacobsz, "Herinneringe uit Angola se dae", in. J.F. Kirsten, *Die voor- en nageslag van Johann Fridrich Kirsten (9 Maart 1875) en Gesiena W.A. Kirsten (geb. Robbertse)*, p. 133.
163 Private versameling, prof. H.M. Roos: C.J. Scholtz, "Dagboek van C.J. Scholtz. Hoe ik van Damra Lant trek naar Portgies Lant", 09.09.1911, pp. 88–89.
164 D. Birmingham, *Empire in Africa*, pp. 42–44, 52–53; D. Péclard, "Ethos missionnaire et esprit du capitalisme: La Mission Philafricaine en Angola, 1897–1907", in *Le Fait Missionnaire: Histoire et Héritages – Approche Pluridisciplinaire*, pp. 69, 72–73. Kyk ook A. Chatelain & A. Roch (Eds), *Héli Chatelain. L'ami de l'Angola*, pp. 263–264, 341.
165 J. von Moltke, *Veldsmanne*, p. 133.
166 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alle getuienis dui daarop dat ’n vorm van die inboekstelsel, soos dit in die Kaap en Transvaal bedryf is, naas slawerny deur die Angola-Boere bedryf is, hoewel die inboekstelsel natuurlik nie ’n wetlik omskrewe instelling in Angola was nie. Onder die belangrikste gemeenskaplike kenmerke van die slawerny, soos wat dit deur die Angola-Boere bedryf is, en die inboekstelsel is die feit dat slawe dikwels in tye van droogte aangekoop is, die slawe as kinders in die Afrikaanse samelewing opgeneem is en terselfdertyd uitgesluit is, in die huislike kring (deur die patriargale stelsel) opgeneem is en redelik goed behandel is, vaardighede soos ambagte aangeleer het, geleer is om die Bybel te lees, gewoonlik by volwassewording vrygestel is en dat die Boere hulle slawe selde verkoop het en nie slawe in- en uitgevoer het nie. Net soos in Transvaal is hulle “Kleingoed” genoem.[167]

Die “mak volk”

Die “mak volk” was afstammelinge van die eerste swart werkers (sowat 43) wat saam met die Boere in 1881 na Angola gekom het. Hulle was onder andere afstammelinge van Zoeloes, Tswanas, Ndebeles en ander inheemse volke van Suid-Afrika. Die meeste van hulle (ten minste 35, en waarskynlik al 43) is op die slagveld as kinders gevang en dan deur die Boere grootgemaak.[168] Hulle word ook soms die “grootmaakvolk” genoem.[169] Een van die bekendstes onder hulle, Slagveld van der Merwe, het juis sy naam gekry omdat hy op die slagveld gevind is.[170] Ander is as slawe aangekoop toe hulle nog kinders was. Van die “mak volk” het op hulle beurt weer hulle eie slawe gehad.[171]

As gevolg van hulle gedeelde ervaringe gedurende die Dorslandtrek en omdat hulle en die Angola-Boere voortdurend op mekaar aangewese was, het daar ’n besonder hegte

---

167 J.C.A. Boeyens, “‘Black Ivory’: The Indenture System and Slavery in Zoutpansberg, 1848–1869”, pp. 193, 201, 206–207, F. Morton, “Captive Labor in the Western Transvaal After the Sand River Convention”, pp. 173–174, & F. Morton, “Slavery in South Africa”, pp. 256–261, 265, in E.A. Eldredge & F. Morton (Eds), *Slavery in South Africa: Captive Labor on the Dutch Frontier*.

168 Hierdie gevolgtrekking baseer ek op my eie analise van die ouderdomme van die “mak volk” in A. de Paiva, “Concelho de Humpata. Relação estatistica dos boérs portuguezes estabelicidos na Humpata, relativa a 1 de julho de 1883”, *Boletim Official do Governo Geral da Província de Angola*, No. 11, 17 de março de 1884, pp. 173–178 (Dis ook gepubliseer in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 7, no. 30, Outubro 1950, pp. 131–142.); TAB: A.1694, J. von Moltke, “Die ‘grootmaakvolk’ van die Dorslandtrekkers”, p. 1; J. von Moltke, *Veldsmanne*, p. 131. Sien ook die verhaal oor die herkoms van aia Skilpadjie in W.A. de Klerk, *’n Swerwer op die sonpad*, pp. 111–112.

169 SAUK: T89/1264–1265, Onderhoud Marie Lochner (née Robberts), 14 Des. 1988.

170 W.A. de Klerk, *’n Swerwer op die sonpad*, p. 117.

171 TAB: A.1694, J. von Moltke, “Die ‘grootmaakvolk’ van die Dorslandtrekkers”, p. 3; J. von Moltke, *Veldsmanne*, p. 141.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en hartlike verhouding tussen hulle ontstaan. Op grond hiervan het baie van die "mak volk" selfs Afrikaanse vanne soos Van der Merwe, Alberts, Botha, Du Plessis, Robberts, Labuschagne, Oosthuizen en Dreyer aangeneem. Die Portugese het hulle "Swart Boere" genoem.[172]

Hoewel daar seker uitsonderings was, is die "mak volk" oor die algemeen goed behandel en het hulle deur die patriargale stelsel deel van 'n uitgebreide blanke gesin gevorm.[173] Kort ná die Dorslandtrek het een van die "mak volk" verklaar: "Mijn ou baas het voor mijn groot gemaakt, en waarom zou ik weggaan?"[174]

Hulle het die materiële kultuur van die Boere hul eie gemaak. Hulle het op dieselfde manier geboer en gejag; hul kleredrag was dié van die Boere; die vroue het kappies en lang rokke gedra; hulle het Boerekos geëet, Boeremusiek gemaak, Afrikaanse liedjies gesing, boererate gebruik, dieselfde Gereformeerde geloof aangehang, dieselfde taal gepraat en op dieselfde manier hul "Afrikanerskap" uitgeleef. In later jare het hulle egter nie meer Dingaansdag gevier soos die Angola-Boere nie.[175]

Die "mak volk" het 'n bepaalde trots in hulle erfenis gehad. Tydens die Humpata-fees (1957) het een opgemerk: "My klein-baas, as ek soos hierdie land se kaffers moet lewe, dan skaam ek my oë uit my kop en laat die varke dit opvreet."[176]

Die "mak volk" was aanvanklik lidmate van die Gereformeerde Kerk. Di. D. Postma, L.P. Vorster en C.J.H Vorster het by hulle ook aangedoen tydens besoeke aan die blanke Gereformeerde gemeente. Vir ongeveer tien jaar is hulle by tye deur ds. Pieter Biewenga bearbei. Nadat hy 'n beroep na die blanke Gereformeerde gemeente te Que in 1907 aanvaar het, is hulle aan die verwaarlosing oorgelaat. Geestelik is hulle daarna by geleentheid deur Pieter Nannings en Hendrik Graphorn bearbei. Die sendingwerk daar het ná 1913 tot stilstand gekom.[177]

---

172 H. Graphorn, "Briefwisseling: 'Voortrekkers van Suidwes'", *Die Huisgenoot*, 9 Jun. 1944; J. von Moltke, *Jagkonings*, p. 190; W.A. de Klerk, *Drie swerwers oor die einders*, pp. 46 & 114; W.A. de Klerk, "Die 'mak volk' van Angola", *Die Huisgenoot*, 26 Aug. 1957, p. 13; A.M. Alberts, "Die laaste swart 'Aferkaners' van Angola", *Die Huisgenoot*, 18 Jul. 1975, p. 24; SAUK: Acc. No. 68275, Onderhoud Andrew Alberts, "Afrikaans van swart mense", 30 Mrt. 1988; A. Gerber, "Swart Van der Merwes presteer in die Kaokoveld", *Die Huisgenoot*, 27 Aug. 1976, p. 30; E.L.P. Stals, *Die Van der Merwes van Ehomba*, p. 6; D. Snyman, "Noem my Van", *Huisgenoot*, 3 Okt. 2002, pp. 156–157.

173 TAB: A.1694, J. von Moltke, "Die 'grootmaakvolk' van die Dorslandtrekkers", p. 3; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 138, 141.

174 J.L. Cachet, "Een bezoek bij de Afrikaansche emigranten te St. Januario, Humpata", II, *Het Zuid Afrikaansch Tijdschrift*, X, Aug. 1882, p. 86; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 142.

175 E.L.P. Stals, *Die Van der Merwes van Ehomba*, pp. 23–27.

176 Anon., "Op Kuier met die Kennis deur Delwer", *Die Suidwester*, 20 Jul. 1957, p. 2.

177 J. Lion Cachet, *Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, A.D. 1859–1909*, pp. 143–147; C. Spoelstra, *Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den*

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat die kerkskeuring van die Angola-Boere in April 1908 die regstreekse gevolg van die bediening aan die swart Gereformeerde lidmate was. Daarna het die blanke Gereformeerde gemeente op Humpata nooit weer 'n vaste predikant gehad nie, terwyl die besoekende Gereformeerde predikante, waarskynlik in die lig van die sensitiwiteit van die bediening aan die mak volk, ook van die "mak volk" bediening verwaarloos het. Hulle is daarna slegs een keer deur 'n besoekende predikant (ds. Bos in 1920) bearbei.[178] In 1926 het ds. D.G. Venter bevind dat toestande vir hulle bearbeiding baie ongunstig is.[179] Die kerkraad van die Hervormde gemeente op Humpata het by geleentheid dit selfs nodig gevind om 'n brief aan die Gereformeerde gemeente te rig waarin hulle aangespreek word omdat hulle die sendingwerk aan die swart Gereformeerde lidmate verwaarloos![180]

Met die repatriasie van die Angola-Boere in 1928 is daar op 'n droewige wyse van die "mak volk" afskeid geneem.[181] Die Portugese owerheid het hulle verbied om saam met die Angola-Boere na Suidwes-Afrika te verhuis. In sommige gevalle is hulle deur die Angola-Boere oor die grens gesmokkel. Baie moes egter in Angola agterbly en het mettertyd verportugees.[182] Die Suidwes-Afrika Administrasie daarteenoor het geen probleem gehad as hulle hul in Suidwes-Afrika wou vestig nie. Die Administrasie was egter nie bereid om hulle toe te laat om hul in die Kaokoveld te vestig nie. Sou hulle kans sien om

---

Grooten Trek, p. 234; Anon., "Geref. zending te Angola", *Het Kerkblad*, 1 Febr. 1913, pp. 6–7; Olombe, "Onse Sending", *Het Kerkblad*, 1 Jul. 1921, pp. 4–6; H. Graphorn, "Briefwisseling: 'Voortrekkers van Suidwes'", *Die Huisgenoot*, 9 Jun. 1944; Sinodale Deputaatskap vir die Sending, *Die Sending van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, pp. 57–63; J.P. Jooste, *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859–1959*, pp. 340, 342, 344–345; E.L.P. Stals, *Die Van der Merwes van Ehomba*, pp. 9–10; K. van Tonder, "Die eerste honderd jaar: 1859–1959", p. 20, & B. Van der Walt, "Ook buite die grense van ons land", p. 106, in Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, *Uit dankbaarheid: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1859–2009*.

178 P. Bos "Bijlage van Verslag Zending Humpata", *Het Kerkblad*, 15 Febr. 1921, p. 8; P. Bos, "Verslag van bezoek en werkzaamheden in de Zendinggemeente van onze kerk te Katunda (Humpata) Angola, door ds. P. Bos, in de maanden Nov. en Dec. 1920", *Het Kerkblad*, 15 Febr. 1921, p. 9.

179 GKSA: Handelinge van die Sinodale Vergadering, 25 Maart, 1927 en volgende dae, p. 122; Agenda, p. 32.

180 P.v.D. [Pieter van Drimmelen], "Het bezoek van Ds. van Drimmelen aan Humpata!", *De Hervormer*, 6(64), 15 Aug. 1914, p. 3.

181 W.A. de Klerk, *Drie swerwers oor die einders*, p. 46; J.H. Picard, "Merkwaardige vd Merwes van die Dorslandtrek", *Paratus*, vol. 36, no. 4, Apr. 1985, pp. 42–43; Persoonlike onderhoud: M. du Plessis (gebore Steyn), 29.04.2008.

182 Anon., "The Angola Trek", *The Star*, 4 Sep. 1928; TAB: A.1694, J. von Moltke, "Die 'grootmaakvolk' van die Dorslandtrekkers", p. 4; J. von Moltke, *Veldsmanne*, pp. 133, 142; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 109–111; A.M. Alberts, "Die laaste swart 'Aferkaners' van Angola", *Die Huisgenoot*, 18 Jul. 1975, p. 26; SAUK: Acc. No. 68275, Onderhoud Andrew Alberts, "Afrikaans van swart mense", 30 Mrt. 1988; SAUK: T89/1264–1265, Onderhoud Marie Lochner (née Robberts), 14 Des. 1988; D. Snyman, "Noem my Van", *Huisgenoot*, 3 Okt. 2002, pp. 156–157; J. Viljoen (samest.), *Pioniers van die Dorsland*, pp. 54, 56–57, 61, 77–78; Nostalgis, "Hartlik geluk, Anna Francesco", *Republikein*, 11 Mei 2007; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Jacobs (née Du Plessis), 06.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by Angola-Boere in diens te tree, was die Administrasie selfs bereid om hul onder dieselfde voorwaardes as die Angola-Boere na hulle plase te vervoer.[183]

Gedurende 1930 het die Algemene Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk die vrees uitgespreek dat die sendingwerk onder hierdie omstandighede in Angola kan doodloop.[184] Dit was die laaste keer dat hulle van die Gereformeerde Kerk aandag geniet het.[185]

In 1946 het ds. J.D. Storm van die Hervormde Kerk die afstammelinge van die "mak volk" by Otchinjau in 'n toestand van verwaarlosing aangetref. Outa Slagveld van der Merwe het nog geleef. Die Algemene Kommissie het die aangeleentheid na die Evangelisasiekommissie verwys, maar die saak het geen verdere aandag geniet nie.[186]

Ná meer as veertig jaar se verwaarlosing deur die Gereformeerde Kerk het sommige van die afstammelinge van die "mak volk" eers in September 1951 weer kerklike aandag geniet toe 'n kommissie van die NG Sendingkerk hulle besoek het. Dit het gelei tot die stigting van 'n sendingstasie by Orumana in Suidwes-Afrika en 'n kerk en 'n skool by Ehomba in die Kaokoveld. 'n Aantal van die swart Van der Merwes het daarna by die NG Kerk aangesluit.[187] Dit het nie sonder probleme plaasgevind nie. Ragel van der Merwe se oordeel was:

> Ek's 'n ou Dopper. Ek gaat gereeld kerk toe. As ek gesond is, dan gaat ek. Die moeite is net dat hierdie kerk [die NG Sendingkerk] en my kerk se versies kom nie ooreen nie. Ek is Gereformeerd en hieries is nie Gereformeerd nie.[188]

Gedurende 1952 is Slagveld van der Merwe en sy "Makvolk" toegelaat om vanaf Angola na die Kaokoveld te trek en om sy nedersetting in oorleg met die naturellekommissaris te Ondangua te reël.[189]

Ná 1928 was ontmoetings tussen die "mak volk" en afstammelinge van die Angola-Boere wat Angola besoek het, hartlik en die trane het dikwels gevloei. In 1948 het 'n groepie van die "mak volk" ds. W.P. van der Merwe in Angola ingewag. Hulle was baie aangedaan om hom ná 20 jaar weer te sien.[190] Hy het soortgelyke ervarings in 1970

---

183 NAN: ATK A.T.3, Brief H.P. Smit – Andries de Wet, 23.01.1929.
184 GKSA: Handelinge van die Sinodale Vergadering, 6 Maart, 1930 en volgende dae, Art. 71, p. 69; Agenda, p. 31.
185 J.P. Jooste, *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859–1959*, p. 345.
186 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Skriba van die Hervormde Kerk – Ds. J.J. Engelbrecht, 22.10.1946.
187 E.L.P. Stals, *Die Van der Merwes van Ehomba*, pp. 28–29 & 31–32.
188 A. Gerber, "Swart Van der Merwes presteer in die Kaokoveld", *Die Huisgenoot*, 27 Aug. 1976, p. 32.
189 NAN: SWAA 2517 A522/24, Memorandum, 04.09.1952.
190 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 118. Kyk ook Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tydens sy besoek aan Angola beleef.[191]

In 1957 het die skrywer W.A. de Klerk ook oral groepies "mak volk" in Angola aangetref. Dit het hom opgeval dat hulle hul vreugde nie kon bedwing toe hulle weer Boere sien nie. Hy is selfs gevra of die Boere dan nie weer kan terugkom Angola toe nie.[192] Geesdrif vir die Humpata-fees van 1957 het so hoog onder die "mak volk" geloop dat 'n hele paar die inwyding van die monument bygewoon het.[193] 'n Sewentigjarige vrou het meer as sewe myl (11 km) gestap om die fees by te woon. Haar kommentaar by afloop van die geleentheid was: "Ai, my Basie, nou kan Aia Natie maar doodgaan want nou het sy weer van haar basies en nonnies gesien."[194]

Toe die repatriasie van 1958 plaasgevind het, is weer eens hartroerend afskeid geneem van die eertydse swart werknemers, sommige wie se voorgeslagte nog aan die Dorslandtrek deelgeneem het.[195]

Toe Lou en Lenie du Plessis in 1973 vir Loper en Doortjie, twee afstammelinge van die "mak volk" wat vroeër by Lou se familie gewerk het, op hulle plasie naby Humpata raakgeloop het, het trane van blydskap gevloei. "My mense het gekom, my mense het gekom!" het Doortjie aanmekaar uitgeroep.[196] In dieselfde jaar het die skryfster Elsa Joubert (Steytler) 'n soortgelyke, hartlike ontmoeting met afstammelinge van die "mak volk" gehad.[197]

Teen 1975 was daar nog 'n handjie vol van hierdie "swart Aferkaners" in Humpata oor. Onder hulle was Jannewarie Kwagga en sy vrou ('n dogter van Speelman en Kaatjie), Ou Veer en Klara Dreyer en 'n paar ander. Hulle was steeds stoere "Aferkaners" en het gehoop om as "Aferkaners" te sterwe. Hulle wou nooit Portugese of Angolese word nie en het steeds "met heimwee" verlang na die tyd "toe die Boere nog daar was".[198] Heelwat

---

191 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, pp. 210–212.

192 SAUK: Acc. No. 4955, 4956 & 4957, W.A. de Klerk, "Afrikaners en hul spore in Angola", 11, 18 & 25 Aug. 1957; SAUK: 15/6–17(57), W.A. de Klerk, "Vroue van die Dorsland", 10 Sept. 1957; SAUK: Acc. 5049, Hendrik de Bruyn, "Nasate van die Dorslandtrekkers (Deel 1–3)", 13, 20 & 27 Jan. 1976; W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 16; W.A. de Klerk, "Die 'mak volk' van Angola", *Die Huisgenoot*, 26 Aug. 1957, pp. 13, 18; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 109–124, 128–129, 214–215, 232.

193 SAUK: Acc. No. 4955, 4946 & 4957, W.A. de Klerk, "Afrikaners en hul spore in Angola", 11, 18 & 25 Aug. 1957; SAUK: 15/6–17(57), W.A. de Klerk, "Vroue van die Dorsland", 10 Sept. 1957; SAUK: Acc. 5049, Hendrik de Bruyn, "Nasate van die Dorslandtrekkers (Deel 1–3)", 13, 20 & 27 Jan. 1976; W.A. de Klerk, "Die 'mak volk' van Angola", *Die Huisgenoot*, 26 Aug. 1957, p. 18; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 128.

194 Anon., "Feesgangers se indrukke van Humpata-fees", *Die Suidwester*, 10 Jul. 1957, p. 1.

195 Anon., "Angola-Boer betaal £50 vir 400 pond koffiepitte", *Die Suidwester*, 22 Nov. 1958, p. 5.

196 L.M. du Plessis & U.M. du Plessis, *Terugblik op die lewe van Lourens Marthinus du Plessis*, p. 112.

197 E. Joubert, *Die nuwe Afrikaan*, pp. 60–62; Persoonlike onderhoud: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005.

198 A.M. Alberts, "Die laaste swart 'Aferkaners' van Angola", *Die Huisgenoot*, 18 Jul. 1975, p. 26; SAUK: Acc. No. 68275, Onderhoud Andrew Alberts, "Afrikaans van swart mense", 30 Mrt. 1988.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van hulle familielede was nog in Angola en is meegesleur deur die burgeroorlog wat in 1975 in Angola ontstaan het.[199]

In later jare, tot so onlangs as die begin van die een en twintigste eeu, was die afstammelinge van die "mak volk" (waarvan sommige teen daardie tyd nie meer Afrikaans kon praat nie) ook bewoë wanneer hulle afstammelinge van die Angola-Boere teëgekom het.[200] Dit is 'n ervaring wat die skrywer van hierdie proefskrif eerstehands kan bevestig toe hy in 2003 en 2008 op verskeie geleenthede afstammelinge van die "mak volk" met name soos Daniel en Martha Botha, Hannie Swart en Essie Robberts in Angola aangetref het. Die mense se vreugde om iemand "uit Transvaal" te sien wat "Hollands" praat, was opvallend. 'n Klompie van die afstammelinge van die "mak volk" het ook in 2003 die 75-jarige herdenking van die trek van Suidwes-Afrika (1928) bygewoon.[201]

Die verknogtheid van die afstammelinge van die "mak volk" aan die Afrikaners en die Afrikaanse kultuur het hulle soms in moeilike situasies laat beland. Gedurende die Grensoorlog is hulle daarvan beskuldig dat hulle hul aan die kant van die "Boere" skaar. Hulle wonings, winkels en kerk is deur Swapo-terroriste aangeval en verwoes en 'n paar lede van die Van der Merwe-familie het hulle lewe in terroristeaanvalle verloor.[202] 'n Klomp van die Van der Merwes het teen daardie tyd die Herero-kultuur deur huweliksverbintenisse aangeneem sodat daar van die oorspronklike Afrikaanse bande min te bespeur was.[203]

Die Angola-Boere in Suidwes-Afrika

By die Afrikaners in Suidwes-Afrika het daar mettertyd 'n antipatie teenoor die Afrikaners in Angola ontstaan. Ds. W.P. van der Merwe het teen 1950 die volgende redes daarvoor uitgesonder: die feit dat hulle nie in 1928 wou trek nie, die inkonsekwentheid dat hulle Angola voortdurend ophemel maar terselfdertyd om hulp vra, en die "propaganda" in Suidwes-Afrika wat tot gevolg gehad het dat sommige Angola-Afrikaners in Suidwes-

199 A. Gerber, "Swart Van der Merwes presteer in die Kaokoveld", *Die Huisgenoot*, 27 Aug. 1976, p. 32.
200 Persoonlike onderhoud: S.J.D. van der Merwe, 02.09.2008.
201 FJNS: F.J.N. Stassen, "Dagboek van 'n reis deur Angola 2003", 06.09.2003, 07.09.2003 & 14.09.2003 & "Dagboek van 'n reis deur Angola 2008", 02.09.2008 & 03.09.2008; Kyk ook M. Bakkes, "Terug na Angola", *Die Burger*, 24 Febr. 2004, p. 13; E. Britz, "In spore van Dorslandtrek: TV-kamera bring herinneringe terug", *Volksblad*, 23 Febr. 2004, p. 8.
202 SAUK: T89/913, Onderhoud Ruiter van der Merwe, 22 Jun. 1989; E.L.P. Stals, *Die Van der Merwes van Ehomba*, pp. 42–45.
203 A. Gerber, "Swart Van der Merwes presteer in die Kaokoveld", *Die Huisgenoot*, 27 Aug. 1976, p. 30.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrika na Angola teruggetrek het of steeds aan die terugtrek was.[204]

Boonop het iemand gereeld op politieke vergaderings die Afrikaners in Angola "om persoonlike en politieke redes" uitgekryt. Gevolglik het die Ring van Suidwes (Hervormde Kerk) in 1950 hulle steun aan die Afrikaners van Angola teruggetrek. Die redes hiervoor was gedeeltelik finansieel van aard en gedeeltelik weens die antipatie wat ontstaan het.[205]

Ene Mirjam het in 1952 aan *Die Suidwester* geskryf:

> Kan dan die [Afrikaners in Angola] wat nie behoeftig is nie, ook nie die hand uitsteek om iets vir die behoeftiges te doen nie? Waarom moet daar geld en dinge in Suid-Afrika gesoek word en waarom moet die kerk weer bygehaal word om daardie mense te help, waar daar in Suid-Afrika en in Suidwes soveel honderde arm families is na wie omgekyk moet word?[206]

Erge negatiewe stereotipering kom ook voor in 'n standpunt van 'n Angola-Boer wat sedert 1928 in Suidwes-Afrika gewoon het wat "sê dat as die Angola mense Suidwes toe gebring word sal hulle soos boesmans wegloop".[207]

Herman Smit, wat sekretaris van die trek van 1928 was en later weer tydelik na Angola teruggekeer het, noem in 1957 in *Die Suidwester* dat daar veral drie redes vir die Angola-Boere in Suidwes-Afrika se negatiwiteit teenoor die Afrikaners van Angola was: die verwyt dat hulle nie in 1928 getrek het nie, die feit dat hulle as lui gestereotipeer is (en gevolglik nie in Suidwes-Afrika sal kan aanpas nie) en die feit dat hulle as dom en onnosel gestereotipeer is (en gevolglik nie hulle agterstand kan inhaal nie). Hy maak in dieselfde brief korte mette van al drie argumente.[208]

Toe die eerste groep Angola-Afrikaners in 1958 gerepatrieer is, was daar benewens die groep wat hulp aangebied het om hulle te akkommodeer 'n groep mense in Suidwes-Afrika wat gepraat het van "die mense [wat hulle] op ons belastingbetalers se nek kom aflaai" omdat hulle van mening was dat dié mense altyd 'n openbare las sal wees.[209] 'n Korrespondent van *The Cape Times* was van mening dat die groep nie besonder hartlik deur die Suidwesters ontvang is nie en dat daar nie veel hoop was dat hulle maklik werk

---

204 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, pp. 2–3.
205 *Ibid*., pp. 3–4.
206 Mirjam, "Afrikanerkinders in Angola", *Die Suidwester*, 28 Mei 1950, p. 4.
207 NHK: K48 5/1/1, Brief Ds. C.H. Muller – Mnr. A.B. van N. Herbst, 04.09.1957.
208 H. Smit, "Kerke alleen kan saak nie oplos nie", *Die Suidwester*, 18 Sept. 1957, p. 4.
209 Anon., "Regering Dringend gevra om Angola-Trekkers te help", *Die Burger*, 2 Okt. 1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangebied sal word nie.[210] Dr. J. Albert Coetzee het hierteenoor gevoel dat die sentiment van die Suidwesters teenoor die Angola-Boere eerder as "apatie" bestempel moet word.[211]

Interessant genoeg het die grootste teenkanting teen die repatriasie van die Angola-Boere in 1928 ook gekom van inwoners van Suidwes-Afrika, veral uit die geledere van die Duitsers,[212] die Engelssprekende deel van die bevolking,[213] lede van die Verenigde Nasionale Suidwes-Party (wat aanvanklik ten gunste van die repatriasie was)[214] en ander Suidwes-boere.[215] Toe was die vernaamste besware eweneens dat hulle lui is ("nurtured in idleness" en "by no means industrious"),[216] onopgelei en ongeletterd (en dus nie tot die arbeidsmark kan toetree nie) en dat sommige van hulle van "swak karakter" was.[217] In die Wetgewende Vergadering het R.R.R. Blank in Mei 1928 voorgestel dat groot kennisgewingborde op die grense van Suidwes-Afrika opgerig moet word met die waarskuwing dat geen vullis in die gebied afgelaai mag word nie.[218] Daar was egter ook baie mense wat gevoel het dat die Angola-Boere bruikbaar en 'n aanwins vir die land sou wees.[219]

---

210 Anon., "Angola Boers get a cool welcome", *The Cape Times*, 29 Sep. 1958, p. 2. Soortgelyke sentimente word deur Anon., "We don't want Angola Boers – S.W. Africans", *Rand Daily Mail*, 29 Sep. 1958, uitgespreek.

211 Anon., "£20,000 plan for trekkers", *Rand Daily Mail*, 30 Sep. 1958.

212 Anon., "Die Angola Boere", *Die Suidwes Afrikaner*, 10 Febr. 1928; Anon., "Treatment of the Angola Boers", *The Cape Argus*, 12 May 1928 Anon., "Werk van die Wetgewende Vergadering", *Die Suidwes Afrikaner*, 8 Jun. 1928, p. 5; Anon., "German Critics of Mr. Werth", *The Cape Times*, 9 Sep. 1928; Anon., "Werk van die Wetgewende Vergadering: Die Angola-Boere Debat", *Die Suidwes Afrikaner*, 10 Aug. 1928, p. 2; Anon., "Kloof Tussen Duitsers en Afrikaners", *Die Volksblad*, 29 Aug. 1928; Anon., "Ueber den Kopf des Landesrats", *Lüderitzbuchter Zeitung*, den 8. Sep. 1928, p. 1; E.T. Meyer, *Die koms van die Angolaboere na Suidwes-Afrika in 1928–1929*, pp. 7–8; Anon., "Geld vir Angola-Boere afgestem!", *Die Suidwes Afrikaner*, 11 Mei 1928; NAN: A.273, SAB: PM 1/4/195 EM2/81 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 3, Adv. A. Broeksma, Memorandum "The Angola Boers", 01.06.1936, p. 16.

213 Anon., "The Angola Boers: South West settlement scheme criticised", *The Windhoek Advertiser*, 25 Jul. 1928, p. 5; P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", p. 184.

214 Anon., "Ons Antwoord aan die Administrateur", *Die Suidwes Afrikaner*, 15 Febr. 1929, p. 2; Anon., "Werk van die Wetgewende Vergadering", *Die Suidwes Afrikaner*, 15 Febr. 1929, p. 3; Anon., "Die Kritiek oor die Angola-Trek", *Die Suidwes Afrikaner*, 22 Febr. 1929, pp. 2–3; P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 185, 189.

215 Anon., "Ainda os boers de Angola", *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 4(40), Março de 1928, pp. 216–217; Anon., "Angola Boers' Trek: 'Deep gulf between German and Dutch", *The Star*, 31 Aug. 1928; P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", p. 186.

216 Anon., "The Angola Boers: South West settlement scheme criticised", *The Windhoek Advertiser*, 25 Jul. 1928, p. 5; P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 168, 197.

217 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 193, 197.

218 De Flamingh, F. 1928. "Korrespondensie: Mnr. De Flamingh teen mnr. Blank", *Die Suidwes Afrikaner*, 3 Aug., p. 6; E.T. Meyer, *Die koms van die Angolaboere na Suidwes-Afrika in 1928–1929*, pp. 7–8.

219 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 197–198.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Afrikaners in Suid-Afrika

Van die Angola-Afrikaners is gesê: "Hulle wil niks anders as Afrikaners wees nie en beskou Suid-Afrika as hulle geestelike en nasionale tuiste."[220] Dit was dus vir hulle natuurlik om toenadering te soek by "oprechte Afrikaners van Zuid Afrika, ons eigen bloed".[221] Sommige was "uiters gevoelig oor hulle armoedige toestand en leefwyse" en was bekommerd dat die Afrikaners in Suid-Afrika "te hoogmoedig vir hulle geword het en hulle om hierdie rede verag".[222]

Liggame soos die Reddingsdaadbond (RDB), die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en die Angola-kommissie van die Hervormde Kerk het aanvanklik teenoor die Afrikaners van Angola koud gestaan. Dit was waarskynlik die resultaat van hulle oningeligtheid rakende die werklike toestand onder Afrikaners van Angola, teenstrydige berigte, die onkunde van die Afrikaners van Angola en hulle oënskynlike tevredenheid om onder sulke omstandighede te lewe, die onsekerheid oor die blywende gevolge van hulp, en die houding van die Portugese regering van "hou jou hande tuis".[223]

Aan die ander kant was daar weer besorgde persone wat gevoel het: "Ons moet die mense help, omdat hulle aan ons volk behoort."[224] "Ons volk is […] klein in getalsterkte sodat ons dit nie kan bekostig dat een enkele Afrikaner verlore gaan nie."[225]

Opsommend kan gesê word dat die verhouding met ander bevolkingsgroepe – die Portugese koloniste, die inheemse bevolking en die "mak volk" – normaalweg goed was, maar dat die meerderheid Angola-Boere hulself as 'n aparte etniese groep geïdentifiseer het en hierdie identiteit gehandhaaf het. Met die Portugese gemeenskap het daar enkele haakplekke voorgekom, hoofsaaklik vanweë verskille in kultuur, godsdiens en nasionaliteit, ten spyte daarvan dat hulle tot dieselfde rasgroep en ekonomiese klas behoort het. Met die sogenaamde "mak volk" het hulle egter baie goed oor die weg gekom, ten spyte daarvan dat hulle tot verskillende rasse gehoort het, hoofsaaklik omdat hulle taal, godsdiens en kultuur in gemeen gehad het.

---

220 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Minister van Verdediging, 04.07.1950.
221 P.A. Nannings, "Dankbetuiging van Angola Boeren", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17.
222 Hierdie spesifieke aanhalings kom van P. de Villiers, "Bring ons terug na Unie!", *Die Brandwag*, 28 Jun. 1957, p. 30, wat dit amper woordeliks oorgeskryf het van C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35.
223 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, p. 4.
224 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 6.
225 NHK: K48 6/1, Oproep van die Volkskomitee vir Angola-Boere; Volkskomitee vir Angola-Boere, *'n Oproep deur die Volkskomitee vir Angola-Boere*.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 13
MAATSKAPLIKE TOESTANDE ONDER DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1928–1958)

Sedelike peil

Afrikaners het deur die eeue meestal ’n hoë sedelike peil gehandhaaf. Hulle het jonk getrou en ’n eerbare huwelikslewe was die reël. Vroeëre reisigers en waarnemers in die Kaapkolonie het normaalweg ’n baie gunstige indruk van hulle sedelike peil gekry. Dit was deels die gevolg van streng norme wat in die samelewing gegeld het (en deur kerkrade toegepas is) en die invloed van die Statebybel.[1]

Die Angola-Boere het oor die algemeen groot gesinne gehad met gemiddeld vier tot nege kinders per gesin.[2] Hierdie gesinne was in ’n hegte patriargale verband saamgesnoer en ’n gesonde gesinslewe was in die meeste gevalle van toepassing. Elke gesin het op sy beurt ingeskakel by ander gesinne van nabye familielede wat dikwels in dieselfde omgewing gewoon het. Teen 1958 was dit nie vergesog om te beweer dat bykans alle Afrikaners in Angola nabye familie van mekaar was nie. Verouderde aanspreekvorme soos “oom”, “tannie”, “neef” en “niggie” was dus nie te ver uit die kol nie omdat dit dikwels op die familieverband tussen die betrokkenes gedui het.

Dat die meerderheid Afrikaners van Angola die sedelike leefwyse van hulle voorvaders voortgesit het, word onder meer bevestig deur ds. J.D. Storm wat verklaar het dat die meeste lidmate ’n goeie sedelike peil gehandhaaf het, maar dat daar tog agteruitgang gekom het.[3] In laasgenoemde verband het hy klaarblyklik verwys na lede van spesifieke families wat hulle aan losbandigheid skuldig gemaak het. Dit is nogtans nie moontlik om die omvang hiervan statisties betroubaar te bepaal nie, maar daar sal na verskillende tersaaklike voorbeelde hiervan verwys word.

Die Kanadese sendeling dr. John T. Tucker het in 1932 in ’n artikel, waarin op die geestelike nood onder die Afrikaners van Angola gewys is, die “degenererende invloed van die tropiese klimaat en omstandighede” genoem. In ’n brief aan *De Kerkbode* druk proponent E.P. Groenewald dr. Tucker se standpunt sterker uit: “Deurdat hulle so afgesonder is en nooit ’n predikant sien nie, is hulle geneig om die weg van die Portugese te

1 P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, p. 253.
2 M.V. Guerreiro, “Boers de Angola”, *Garcia de Orta*, 6(1), 1958, p. 16.
3 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gaan, en hulle oor te gee aan die algemene morele agteruitgang." Dit het vir die sendingarbeid van dr. Tucker 'n probleem geskep: "Die inboorlinge is maar alte geneig om op die onvoorbeeldige gedrag van die blankes te wys en dit christelik te noem. Daardeur word afbreek [sic] gedoen aan die sendingarbeid."[4] Paul van der Walt het gedurende sy bediening onder die Afrikaners van Angola die "invloed van hulle omgewing" uitgesonder as iets wat aangespreek moes word.[5]

"Degenerasie" is 'n woord wat veral 'n besondere stigma in die koloniale woordeskat gehad het. Daarin word die ineenstorting van Europese waardes en standaarde saamgevat, 'n wit man se verandering van 'n "beskaafde mens" na 'n "barbaar". Die simptome van degenerasie het gewissel van "relatively mild" en "mental inertia" deur ernstige alkoholiese losbandigheid tot die ergste vorm van "going native", wat die aanvaarding van die plaaslike bevolking se kleredrag, huise, gewoontes en, les bes, 'n verhouding met 'n inboorlingvrou behels het.[6] In die verlede is die woord "verkaffering" dikwels gebruik om hierdie situasie te beskryf.

Ds. W.P. van der Merwe het, ná 'n besoek aan Angola in 1948, in 'n uitvoerige verslag oor die Afrikaners van Angola die volgende oorsake as redes vir die maatskaplike verval uitgesonder: armoede, die swak geestelike en sedelike toestand en die onderwysprobleem.[7] In 1950 het ds. J.D. Storm ook armoede, gebrek aan skoling en morele verval, met verwysing na hierdie aangeleentheid, uitgelig.[8]

Die lae sedelike peil van sommige Afrikaners in Angola was iets wat al voor 1928 sy kop uitgesteek het. Reeds in 1901 het Pieter Biewenga geskryf:

> En dan ook in de tweede plaats gaat het er op een Boerenbruiloft in den regel zeer onstichtelijk toe. Tenminste toen er voor 2 jaren ook bruiloft was op dezelfde plaats [Chihinge by Humpata] was het een dronkemansboel, twist en vechtpartij […].[9]

In 1926 het ds. T.F.J. Dreyer bevind dat die sedelike peil van die Afrikaners by Humpata en die Sandveld agteruitgegaan het. Die kerkraad moes verskeie mense onder sensuur plaas. Hy het dit aan die invloed van nuwe manlike intrekkers uit Damaraland (Suidwes-Afrika) toegeskryf wat in byna alle gevalle van onsedelikheid betrokke was. In een geval het dieselfde persoon twee meisies van onderskeidelik 16 en 17 jaar swanger gemaak.

---

4 Anon., "Boere in Angola", *De Kerkbode*, 4 Mei 1932, p. 822.
5 P.S. van der Walt, "Ons taak in Angola", *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 50, 1956, p. 65.
6 D. Kennedy, *Islands of white*, p. 173.
7 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950; kyk ook W.P. van der Merwe, "Die Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, Mei 1950.
8 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950.
9 GKSA: P. Biewenga-versameling, lêer 31(b), Het dagboek van P. Biewenga (Pieteroom), zendeling-leeraar te Humpata in het Portugeesche Angola, 30.12.1901.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die lae sedelike peil van die Portugese is ook vir die Angola-Boere se verval verantwoordelik gehou. Daar was onder meer ’n geval van ’n weduwee wat ’n buite-egtelike verhouding met ’n Portugees gehad het.[10]

Johannes von Moltke het ook enkele gevalle van losbandigheid onder die Angola-Boere voor 1928 opgeteken. “Krul” Piet van der Merwe het sy vrou en kinders op die trek agtergelaat en met ’n trekkerweduwee, Hester Opperman, die pad gevat na Transvaal deur Damaraland.[11] Von Moltke beweer ook “nou het Ou Daan Robbertse en wyle ou Willem Grobler my vertel wat die agterblywende mans met die grasweduwees gedoen het.”[12]

Sommige Angola-Boere is soms as “wilde” of “kwaai” mense bestempel. So was daar “die wilde Gert Visser” en “Maria Piorek met 2 wilde seuns” (Japie en Hans Piorek).[13] Margie Groesbeek is ook beskryf as “’n anderster vrou” en “’n bietjie wild”.[14] In 1949 het Pieter Nannings opgeteken: “Die kwaai man Berd [= Berend] Ludeke ze vrouw [vermoedelik Helena Margie Catharina de Klerk] en haar eigen kindertjes het van hem nu een paar weken gelede gevlucht naar haar familie terug[.] zy en haar kindertjes kon dit niet meer onder slagen en mishandelingen uit hou. Gelukkig misschien nog net op tyd anders had ons altemet weer doodslag begravenis gehad.”[15]

’n Mens kan in die lig hiervan nie anders nie as om die barmhartigheidswerk van Pieter en Grieta Nannings te bewonder nie. In hulle leeftyd het hulle sewe kinders, waaronder vyf Afrikaners, in pleegsorg geneem.[16] In 1946 het hulle al twee dogtertjies aangeneem.[17] In 1947 het hulle ook vir Klérie Robberts onder hulle sorg geneem voor sy in 1948 getroud is.[18] Onder die ander kinders wat in hulle pleegsorg was, was Dailina (of Lina) van Dyk, Mina Enslin, ’n Portugese meisie Lili Pires en ’n *mestiça*-meisie Donnie, wie se pa ’n blanke Portugees was.[19] Teen 1948 het hulle die weduwee Magdalena Josina Johanna Hayes, wat vier mans (Bronkhorst, Badenhorst, Carvalho en Hayes) oorleef het,

---

10 NHK: K1/2 3/27/19, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk, Oktober 1926.
11 PU: C.J.H. & L.M. du Plessis, “Die Do[r]slandtrek, soals vertel deur die trekkers C.J.H. du Plessis en L.M. du Plessis”, p. 44; US: Aanwins 222 K.V. 145(2), Brief J. von Moltke – W.A. de Klerk, 09.08.1965, p. 2.
12 US: Aanwins 222 K.V. 145(2), Brief J. von Moltke – W.A. de Klerk, 09.08.1965, p. 2.
13 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, “Raport” oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 9.
14 Persoonlike onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006.
15 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief P.A. Nannings – P.P.H. Alberts, 08.05.1949.
16 NHK: K1/2 3/33/5, Brief P.A. Nannings – Algemene Kerkvergadering & Ringsvergadering van Suidwes-Afrika, Sept. 1953; Ds. J.A. Viljoen – Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 01.09.1953; FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, p. 37.
17 M. Alberts, “Besoek aan Angola”, *Die Christelike vrou*, Sept.–Okt. 1946, p. 5.
18 NHK: K1/2 3/31/9, Brief P.A. Nannings – Ds. J.D. Storm, 25.06.1947; Persoonlike onderhoude: F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.
19 Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke, 29.07.2006; G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook in hulle sorg geneem.[20] Hoewel hulle graag permanent die koste van die pleegsorg op hulle wou neem, kon hulle dit in later jare nie meer doen nie en het toe by die Hervormde Kerk 'n toelagie daarvoor ontvang.[21] Sannie Scheepers, wat met Pieter Greshoff saamgeleef het, het ná sy dood twee kinders in pleegsorg gehad.[22] Dit vorm 'n kontras met die geval van twee weeskinders van onderskeidelik 11 maande en twee jaar wie se vader kort voor 1949 oorlede is. Omdat die moeder, Christina Johanna van der Walt, hulle nie kon opvoed nie, wou sy hulle aan 'n weeshuis in Suidwes-Afrika afgee.[23]

Hierdie verval op sedelike gebied het neerslag gevind in 'n hele paar gebruike wat normaalweg deur die samelewing afgekeur word. In hierdie verband was dit veral gevalle van saamwonery, losbandigheid, "verportugesing", buite-egtelike kinders, egskeidings of seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn wat die afkeur van besoekende waarnemers ontlok het.

Saamwonery

Onder die Boere was dit voor 1928 die gebruik om 'n huwelik deur 'n "trou-offisier", 'n predikant (as daar een beskikbaar was) of 'n ouderling te bevestig en die huwelik dan by die Portugese administrasie te registreer. Die meeste Angola-Boere het gevolglik twee troudatums gehad. Vir die Boere was die kerklike huwelik egter die belangrike seremonie, terwyl die bevestiging van die huwelik by die plaaslike *chefe do posto* of sy sekretaris vir hulle geen waarde gehad het nie. Aanvanklik is alle huwelike geregistreer, maar met verloop van tyd is daar vir 'n verskeidenheid redes minder klem gelê op die amptelike registrasie daarvan. In die noorde van Angola sou 'n paartjie gedurende die reëntyd vir maande lank na die *administrador* (landdros) moes reis, wat natuurlik onmoontlik was. Dit het soms gebeur dat paartjies tot drie keer na die *administrador* moes reis om te trou en telkens onverrigter sake moes terugkeer, en dan die vierde keer maar hoop laat vaar het.[24]

Egpare wat wettig voor die Portugese owerheid getroud is, was gevolglik die uitsondering. Gewoonlik is 'n huwelik op 'n baie "losse" voet aangegaan deur gewoonweg

---

20 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief P.A. Nannings – P.P.H. Alberts, 11.12.1948.
21 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.A. Nannings – Angola Kommissie van die Hervormde Kerk, 08.05.1949.
22 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006.
23 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Waarde Dominee [T.F.J. Dreyer], 02.09.1949.
24 C. Ivens, "L'Angola méridional", Bulletin de la Société d'Études Coloniales (Bruxelles), vol. 5, 1898, pp. 33–34; E. Janssens, "Les Boers dans l'Angola méridional", Bulletin de la Société Royale de Géographie d'Anvers, vol. 22, 1898, p. 275; NAN: A.10, 1, Brief H. Smit – Direkteur Angolaboere Nedersettings, 09.10.1929; SAUK: 58/8 18/57–59(58), Onderhoud Mnr. Engelbrecht, 02.10.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saam te leef. Uit sulke verbintenisse is dan kinders gebore sonder dat die ouers wettig getroud is. Dikwels is die "sewende gebod oortree", waarna na die kerkraad "gehardloop" is met die oog op 'n kerklike huweliksinseëning deur die ouderling. Een ouderling wat aanvanklik geweier het om aan so 'n versoek te voldoen, het later wel ingewillig toe hy deur die vader of skoonvader van die egpaar met 'n pak slae gedreig is.[25]

Gevolglik het 'n gebruik onder die Afrikaners ontstaan waarvolgens 'n huwelik deur die ouderling "bevestig" word en later deur 'n besoekende predikant "kerklik ingeseën" word wanneer hulle met die *fait accompli* gekonfronteer word.[26] So 'n kerklike inseëning was natuurlik vir die Portugese owerheid van nul en gener waarde aangesien net huwelike wat in die Rooms-Katolieke Kerk of voor die burgerlike *chefe do posto* of *administrador* bevestig is, erken is. Kinders wat uit sulke huwelike gebore is, is gewoon as "onwettig" geregistreer en moet, in die lig van hierdie moeilike omstandighede, nie noodwendig as 'n aanduiding van sedelike verval onder die Angola-Boere beskou word nie.[27]

Van die ses pare wat in 1946 deur ds. J.D. Storm in die eg verbind is, het vyf al vir jare saamgewoon. Hy het gevoel dat dit nie losbandigheid was nie, maar eerder 'n gevolg van die feit dat dit so moeilik was om 'n huwelik deur die owerheid te laat voltrek.[28] Dit moet ook in ag geneem word dat dit die eerste besoek van 'n Afrikaanse predikant in elf jaar aan die Afrikaners van Angola was en dat 'n mens kwalik van 'n voornemende egpaar kan verwag om so lank vir 'n predikant te wag!

'n Verdere geval wat hierby aansluit, is dié van Marthie Milho en Cornelis du Plessis. Hulle het 'n hele paar jaar saamgeleef voordat hulle spesiaal na Suidwes-Afrika gereis het om 'n paar jaar ná die geboorte van hulle seun te trou. Dit was ook eerder die gevolg van die probleme om burokratiese vereistes na te kom as van onsedelikheid.[29]

Die belangrikste redes vir hierdie toestand was dus dat niemand deur die owerheid verplig is om wetlik te trou nie, die omslagtige proses om die huwelik geregistreer te kry, alle benodigde dokumente te bekom en die hoë koste om alle vereiste sertifikate te kry – wat 'n wettige huwelik buite sommige persone se bereik geplaas het.[30]

Aan die ander kant het daar wel gevalle voorgekom wat as onsedelikheid bestempel

---

25 NHK: K1/2 3/33/5, "Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952".
26 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 4.
27 NHK: K1/2 3/33/5, "Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952".
28 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", Die Hervormer, 20 Okt. 1946, p. 17.
29 Persoonlike onderhoud: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007.
30 NHK: K1/2 3/30/14, Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 10.11.1944; J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", Die Hervormer, 20 Okt. 1946, p. 17; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 4; NHK: K1/2 3/33/5, "Verslag van die geestelike werksaamhede van die kerklike afvaardiging na Angola met geleentheid van die besoek gedurende September – Oktober 1952".

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan word. Ds. M.M. Grobler het byvoorbeeld reeds in 1935 melding gemaak van 'n saamwonery met Portugese sonder dat 'n wettige huwelik gesluit word.[31] In 1938 het Angola-Boere in Suidwes-Afrika ook hulle kommer uitgespreek oor die feit dat "jong meisies wat baaie arm is met Portugiese mans begin saam te lewe".[32] Boeremeisies "wat met Portugese mans deurmekaar was", is herhaaldelik in die jare daarna opgeteken.[33]

Johanna Viljoen het met 'n Portugees João José Vasconcelos (wat vroeër met 'n suster van haar getroud was) en met wie sy in 1928 weggeloop het, saamgewoon. Hy is moontlik teen 1946 oorlede.[34]

Sannie Scheepers, wat self buite-egtelik gebore is, het in 'n buite-egtelike verhouding met die Nederlander Pieter Greshoff saamgeleef.[35] Sy is later met Fanie de Jager getroud, maar hy het haar ná 'n ruk verlaat.[36] Greshoff het reeds 'n buite-egtelike dogter, Antoinette Maria Greshoff, gehad by Susara Maria Magrieta Oosthuizen, wat met Jacobus Oosterwald Joubert getroud was.[37]

Flip Alberts gebruik die word "nam" om hierdie verhoudings te beskryf, byvoorbeeld "sy [Gertruida Robberts] het ook ['n] 'pik-gits-swart-kaffer' genam", en verklaar dit met die Portugese woord *amigar*,[38] dit wil sê om bevriend te raak. 'n Amptenaar van die Departement Binnelandse Sake stel dit soos volg: "Daar is van hulle wat deur ouderlinge of selfs ouer familielede die leviete voorgelees is, soos hulle dit uitdruk, hulle het vrouens 'genam'."[39]

Dan was daar die geval van oom Koos van der Walt (69 jaar oud) van Capeio wie se vrou hom in 1946 ontval het. Binne ses dae ná haar dood het hy reeds die weduwee Christina Johanna Kruger as vrou geneem, maar hy het beoog om later 'n vrou van 14 of 16 jaar oud te kry. Met ds. W.P. van der Merwe se besoek in 1948 het hy hom gevra om hulle liewer te trou "want om hoerdery te voorkom[,] het hy besluit om 'n vrou te nam". Dit lyk of ds. Van der Merwe hierdie versoek afgekeur het, want in die huweliksregister van Humpata kon geen huweliksbevestiging van so 'n egpaar opgespoor word nie.[40]

---

31 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935.
32 NAN: SWAA 836 A68/5/4 (v3), Brief K.H.W. Vogelbruck – Sekretaris vir SWA, 25.02.1938.
33 NHK: K1/2 3/30/14, Briewe P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 10.11.1944 & A.J.D. Alberts – Ds. T.F.J. Dreyer, 25.11.1944.
34 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
35 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 03.10.1924, artikel 11; GKSA: Humpata bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", p. 58.
36 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag November 1959 – November 1960, 10.11.1960, pp. 2, 7; Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006.
37 H.F. Heese, "Huwelike Noord Angola".
38 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 3–4.
39 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 30.09.1958.
40 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 6–7; NHK: G25 3/3/3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1949 het Paul de Klerk vir Johanna van den Berg weggejaag nadat hulle 'n ruk saamgewoon het.[41] Johanna is later met Klaas Visser getroud en Paul de Klerk met Johanna Sophia Gertruida Prinsloo.

Samevattend kan dus gesê word dat 'n hele paar gevalle van saamwonery onder die Afrikaners van Angola voorgekom het. In die meeste gevalle was dit nie as gevolg van onsedelikheid nie, maar as gevolg van probleme om burokratiese vereistes na te kom.

Losbandigheid en "verportugesing"

Besoekende waarnemers het gevalle van losbandigheid aan die permissiewe invloed van die Portugese samelewing toegeskryf en dit gewoonlik met "verportugesing" gelykgestel. In 1944 het Paul van der Walt 'n geval opgeteken waar 'n klompie Afrikanermans na Bié gegaan het om vir hulle [swart] vroue te gaan haal. Toe hulle met hulle "bruide" terugkeer, het die bruide met Portugese mans weggeloop en moes die mans weer op 'n vrousoek-ekspedisie gaan.[42]

In 1946 was daar die geval van Susanna Susara (Sannie) van der Walt van Capeio, wat eers met Frederik Philippus de Villiers getroud is, daarna van hom geskei is en met Piet Ludeke, by wie sy twee kinders gehad het, saamgeleef het. Ná Ludeke se dood het sy saamgeleef met 'n Duitser, Alberto Piechazeck (ook gespel Piacheck, Peiachek, Pechazech, Pehaschek, Piechaezek, Piatscheck en Pigazik), by wie sy ook twee kinders gehad het. Aan ds. Storm is vertel dat sy 'n onsedelike lewe lei. Haar een dogter het met 'n Portugees saamgeleef.[43] Sy is in 1948 as "grasweduwee" bestempel,[44] d.w.s "'n [g]etroude vrou wie se man tydelik nie by haar is nie",[45] maar wat in hierdie geval klaarblyklik permanent nie meer by haar is nie. Dit word gestaaf deur die feit dat sy en die dogter tydens hierdie besoek in 'n tugsaak aangekla is.[46] In 1950 word vertel dat sy siek is "aan die ou siekte [geslagsiektes] opgetel by kaffers".[47] By Chipindo was 'n tweede "gras weduwee" De Klerk.[48]

In 1949 het Pieter Nannings van Sannie van der Walt se dogter opgeteken: "Die getrouwde kind Lenie van Susanna de Veliers of hoer is van hier weg geloop met een chefe de posto van Cangar of met een Afrikaanse dokter H.P. Kirsten uit Runter [= Rundu] S.W."[49]

---

41 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief T.C. de Klerk – P.P.H. Alberts, 24.05.1949.
42 NHK: K1/2 3/30/14, Brief P.S. van der Walt – Ds. T.F.J. Dreyer, 10.11.1944.
43 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
44 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 5.
45 F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p. 333.
46 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 6.
47 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 7.
48 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 8–9.
49 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief P.A. Nannings – P.P.H. Alberts, 08.05.1949.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Betreklik min gevalle van geslagsiektes is onder die Afrikaners van Angola opgeteken sodat daar voldoende rede is om te aanvaar dat enkele gevalle van sifilis onder hulle uitsonderings was. Dit toon ooreenstemming met die Carnegie-kommissie se verslag oor die mediese toestande van armblankes in Suid-Afrika gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu.[50]

In 1957 het 'n kommissie van die Hervormde Kerk melding gemaak van "feeste", danspartye waarheen oud en jonk gegaan het en met groot losbandigheid en die drink van "veel wyn" gepaard gegaan het. Sulke "feeste" was dikwels die oorsaak dat dogters van 14–15 swanger geraak het en moes trou.[51]

Tydens 'n besoek van 'n ander kommissie van die Hervormde Kerk aan die goewerneur van Huíla op Sá da Bandeira in 1952 het die goewerneur "met groot verontwaardiging gepraat oor Afrikaners wat hulle volwasse meisiekinders aan mans verkoop en sulke ouers 'n skande vir hulle volk genoem".[52]

Afvaardigings van die Hervormde Kerk het hulle gewoonlik in sterk negatiewe terme oor die Portugese kultuur en sedes, wat dikwels met die inheemse kultuur en sedes gelykgestel is, uitgelaat, onder andere as "die vervalle Portugese en kafferkultuur […] waar dierdrange en totale vervlakking aan die orde is".[53]

In 1950 was daar volgens mnr. De Sousa drie Afrikaanse gesinne in Bailundo "wat vir Kerk en Volk verlore is". Hulle het glo heeltemal verportugees en glo selfs hulle vanne verander.[54] Verskeie gevalle is opgeteken van Afrikaanse meisies wat met Portugese mans saamgeleef het, waaronder "Mevr. Petronella H. Scheepers wat … 'n portugees gevat het" (1946)[55] en "Sannie Enslin sy het weer 'n Blou-Portugees genam (amigar)" (1948).[56] Ná haar man Pieter se dood het Sannie Enslin met Alberto Dias saamgeleef. Sy het Dias later gelos en is met David van der Merwe getroud.[57] 'n "Blou-Portugees" verwys na 'n *mestiço*, soos wat ds. H.J. Neethling die Portugese geklassifiseer het: "Sommigen wit, sommigen blaauw, sommigen zwart".[58]

---

50 W.A. Murray, Die fysieke toestand van die armblanke. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel IV), pp. 120–123.
51 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 7.
52 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), p. 6; FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 5; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", p. 4.
53 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 6; NHK: Byvoegsel tot Agenda van die Algemene Kerkvergadering, 9 Maart 1961 e.v.d., Bylae L.L, A.B. van N. Herbst & P.M. Smith: Rapport insake lidmate in en uit Angola, p. 1.
54 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 2.
55 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
56 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 3–4.
57 Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.
58 H.J. Neethling, "Op reis naar Humpata", *De Vereeniging*, 7 Aug. 1895.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Elders maak Theunis de Klerk melding van mense wat teen 1957 nie sal wil trek nie, naamlik: "die wat hulle so ver swaar [=aangetrou] en ondertrou het met die Bloubaarde".[59] Volgens Jan Diederiks was daar "'n hele broeisel daar" en het daar 'n "koffiepitsituasie" ontstaan. Onder andere was daar die Ludekes "wat geen wit mense was nie" omdat hulle met die "bloulieste" (dit wil sê Portugese) vermeng het. Diederiks het verklaar: "Waar verbastering plaasvind, dan word die kinders gebore met sekere kenmerke, naamlik vlekke," en slaan "blou vlekke" op hulle lieste en rug uit. Dit was die "merk van die dier". "Bloulieste" was 'n term wat vir Portugese en *mestiços* gebruik is. Die was nie iets waaroor gepraat is nie omdat dit "onder die kombers in gevee" is.[60]

Die Afrikaners van Angola het dus oor die algemeen 'n hoë sedelike peil gehandhaaf, hoewel 'n hele paar gevalle van losbandigheid voorgekom het. Sulke losbandigheid is gewoonlik in sterk negatiewe terme as "verportugesing" bestempel omdat besoekende waarnemers dit as navolging van 'n Portugese leefwyse en aanvaarding van Portugese sedes gesien het.

Buite-egtelike kinders

In die lig van die lae sedelike peil van sommige Angola-Boere is dit nie verrassend nie dat 'n groot aantal buite-egtelike kinders gebore is. Hier word met enkele voorbeelde volstaan.

Cecilia Jacoba van der Walt het op 25 Julie 1948 drie kinders van drie verskillende vaders gedoop: Louis Rodrigues Gomes (gebore 17 Februarie 1931), Gideon François Fourie (gebore 4 Julie 1936) en Álvaro Mata de Gouveia (gebore 3 Januarie 1942). Flip Alberts meld dat die eerste twee seuns "baie min verstand" het, die tweede was "so te sê verstandeloos" en meen dat die probleem die gevolg daarvan is dat die moeder en die vaders ondervoed is en gevolglik kinders met "ondervoed-verstand" in die lewe bring.[61] Teen 1950 het sy in die grootste armoede geleef.[62]

Acácio Pedrosa Neves en Cecilia Jacoba de Klerk het vier buite-egtelike kinders gehad voor hulle op 9 Desember 1945 tydens 'n Rooms-Katolieke diens op Cuíma getroud is.[63]

Carel Clement Eduard de Klerk het twee buite-egtelike seuns gehad: Carel Clement de Klerk (by Cornelia Botha)[64] en Hendrik Jacobus de Klerk (by Susanna Cornelia Ludeke,

---

59 NHK: K48 5/1/1, Brief Theunis de Klerk – Onkel Antie Niggies Neef, 12.05.1957.
60 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005; Telefoniese onderhoud: J.J. Diederiks, 30.08.2005.
61 NHK: G25, 3/1/3, 25.07.1948, p. 3; NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 6.
62 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 7.
63 H.F. Heese, "Huwelike Noord Angola".
64 NHK: G25 3/1/3, Doopregister Humpata, 12.10.1952, p. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat haar man P.J. (Pieter) de Villiers in die eerste jaar van hulle huwelik verlaat het en met De Klerk saamgeleef het).[65] Haar seun Hendrik Jacobus de Villiers by Pieter Jacobus de Villiers is gebore nadat sy met De Klerk getroud is.[66]

In die geval van Hendrik Jacobus Storbeck (die seun van Charles Frederik Storbeck en Susanna Elizabeth Botha) is die moeder, wat pas 15 jaar oud geword het, tydens die bevalling oorlede.[67] Sannie Theron het ook ’n buite-egtelike kind gehad. Hoewel die kind se vader met haar wou trou, wou haar pa dit nie toelaat nie. Die Therons het nie lank in Angola gebly voordat hulle na Suidwes-Afrika teruggetrek het nie.[68] Daar is ook ’n geval van Jan Duvenhage opgeteken wat “ook die paadjie van die ander gevolg [het] en sit hulle ook met [twee] buite-egtelike kinders”.[69]

Egskeidings

Hoewel daar dikwels beweer is dat daar geen egskeidings onder Afrikaners van Angola voor 1928 voorgekom het nie, het dit tog in enkele gevalle gebeur. Omdat dit as ’n groot skande, en selfs sonde, gesien is, is daar nie eintlik daaroor gepraat nie en dit is dikwels geheim gehou. In sommige gevalle het dit eers jare later bekend geraak. Paul van der Walt het so ’n egskeiding beskryf:

> ’n Klein groepie gemeentelede van die wyk Tjiehienghie waar die egskeidende egpaar gewoon het, het vir die spesiale geleentheid in die kerk vergader. Toe word die egpaar opgeroep om voor die gemeente gestel te word.
>
> Terwyl hulle met hulle rûe teenmekaar [sic] staan, gooi een ouderling ’n swart lanferlap bo-oor hulle, sodat sy punte op elkeen se voete lê. Vervolgens knip ’n ander ouderling die lanferlap met ’n groot skêr tussen hulle deur, sodat elkeen met ’n stuk kan wegstap. Dit het geskied onder ’n stortvloed van trane van al die aanwesiges.
>
> Swart lanfer is net gebruik waar die dood ingetree het, en die simboliek was dat die twee geskeides vir mekaar dood is.
>
> […] My ma het dikwels gesê sy gaan liewer na ’n mens se begrafnis toe as om sy

65 NHK: G25 3/1/3, Doopregister Humpata, 31.07.1955, p. 12; Persoonlike onderhoud: F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.
66 NHK: G25 3/1/3, Doopregister Humpata, 24.08.1958, p. 15.
67 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
68 Persoonlike onderhoude: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; C.J. du Plessis (née Du Plessis), 24.08.2008.
69 NHK: K1/2 3/33/5, Brief Ds. J.A. Viljoen – Ds. T.F.J. Dreyer, 26.04.1956.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> egskeiding by te woon. Daar is min oor hierdie saak gepraat want die skandaal moes doodgeswyg word.[70]

In later jare is egskeiding en verlating nie meer as sulke groot skandes gereken nie en meer gevalle het voorgekom. Ook in Suid-Afrika het egskeidings onder die blanke bevolking gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu aansienlik toegeneem. Die feit dat dit nie as so groot skande as vroeër beskou is nie, het eweneens hiertoe bygedra.[71] Hier word eweneens met enkele voorbeelde onder die Afrikaners van Angola volstaan.

Christiaan Izak Lourens Fourie was met Jesina Maria Dreyer getroud. Daarna is ’n skeibrief deur ds. Pieter Biewenga uitgereik. Hy is daarna op 15 November 1926 met Susanna Maria Elizabetha Ludeke getroud.[72] Frederik de Villiers het die Gereformeerde Kerkraad van Que gevra om sy huwelik met Susanna van der Walt te ontbind omdat sy reeds ’n geruime tyd in owerspel met Piet Ludeke geleef het. Die kerkraad het besluit om aan beide ’n skeibrief uit te reik.[73] Sarel van Dyk en sy eggenoot is deur die Gereformeerde kerkraad van Que as gevolg van “twis” geskei.[74]

Henry Daniel Behan en Margie Petronella Groesbeek is ook deur middel van ’n skeibrief van mekaar geskei. Hy is daarna met Hendrina Henrietta Robberts getroud, en in 1938 ná haar dood met Francina Elizabeth (Bettie) de Jager.[75] Margie en Cristóvão of Júlio de Lima het daarna ’n verhouding aangeknoop en is mettertyd getroud.

Sannie Scheepers, wat eers saam met die Nederlander Pieter Greshoff buite-egtelik saamgeleef het, het later met Fanie de Jager getrou. Hulle was moontlik nie wettig getroud nie, het geen kinders gehad nie en is nog tydens hulle verblyf in Angola geskei.[76]

Suzy (Susanna Hendrina) Scholtz is van Willie (Willem Frederik Carel) Storbeck geskei. Sy het later in Suidwes-Afrika met Casper Jan Harm Swartz getroud en Willie is met Hannie (Johanna Elizabetha) de Klerk getroud. Willie Storbeck en Hannie de Klerk is ook later geskei.[77]

Klaas Putter het met Martha Maria van den Berg getrou, haar verlaat en met Maria Eugenia Verster, met wie hy later sou trou, saamgeleef. Teen die tyd dat Putter en Verster

---

70 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, pp. 101–102.
71 J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), pp. 29–30, 153.
72 NAN: A.10, Lêer 1, Registrasie van huwelike deur Angola nedersetters voltrek, nommer 72.
73 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 28.09.1925, artikel 5.
74 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 26.09.1921, artikel 4 & 20.11.1922, artikel 4; GKSA: Brief P. Biewenga – Algemene sinode, 1923.
75 Persoonlike onderhoude: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006; H.D. Behan, 07.07.2007.
76 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe, (née de Jager), 12.07.2007.
77 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007; S.H. Swartz (née Scholtz), 19.04.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getrou het, het hulle drie kinders gehad; Verster het 'n vierde kind gehad waarvan Putter nie die vader was nie. Putter het 'n "swak indruk" geskep en in later jare boonop so baie skuld gemaak dat dit nie verwag is dat hy weer ooit daaruit sou kom nie.[78]

Susara Cornelia (Sarie) Ludeke het haar man Carel Clement Eduard de Klerk ná minder as 'n jaar "kwaadwillig" verlaat en saam met Pieter Jacobus de Villiers saamgeleef. Later in Suid-Afrika het sy De Villiers ook verlaat en met 'n Portugees, Amaral, getrou.[79] Ds. Paul van der Walt het die volgende opmerking oor Ludeke en De Klerk gemaak:

> Na 'n jaar het die vroutjie haar man kwaadwillig sonder rede verlaat en na haar ouers teruggegaan. Alle pogings om haar met haar man te versoen het misluk. Sy het met die kind na die noorde gegaan en 'n ander man gevat. Om die man nie te dwing om dieselfde pad te gaan nie is hy later weer in die huwelik bevestig.[80]

Van der Walt kon nie daarvan onbewus gewees het dat 'n buite-egtelike kind van Carel Clement Eduard de Klerk en Cornelia Botha – Carel Clement (gebore 6 Julie 1952) – gedurende hierdie tyd gebore en gedoop is nie, terwyl Sarie Ludeke en Pieter de Villiers op hulle beurt weer 'n buite-egtelike kind gehad het – Hendrik Jacobus de Villiers (gebore 10 Januarie 1957).[81] Terwyl Sarie Ludeke met De Villiers saamgeleef het, het sy 'n kind (Hendrik Jacobus de Klerk) by De Klerk gehad.[82]

Johannes Marthinus Engelbrecht se tweede vrou Clara Isabella Nel het hom kort ná hul huwelik verlaat terwyl hy in die jagveld was. Albei het kort daarna hertrou.[83]

Erna Piechazeck, die dogter van Sannie van der Walt, het haar man Hendrik Kruger verlaat en by Gideon Fourie gaan woon. Sy en Fourie het vier kinders gehad voor hulle in 1958 getroud is. Fourie het op sy beurt weer sy vrou, Martha Maria Harmse, verlaat.[84] Martha Harmse het later 'n dogter Rudolfina Fernanda by 'n getroude Portugese man, Fernando Passos, gehad.[85]

Opsommend kan dus gesê word dat 'n groot aantal egskeidings en verbreking van

---

78 NHK: G25 3/3/4 Huweliksregister Humpata, 15.08.1955; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, pp. 4–5.
79 NHK: G25 3/1/3, 31.07.1955, p. 12, Doopregister Humpata; Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.
80 NHK: G25 3/3/3, Huweliksregister Humpata. NHK: G25 3/1/3, 31.07.1955, p. 12, Doopregister Humpata, bevat 'n soortgelyke inskrywing.
81 NHK: G25 3/1/3, 12.10.1952, p. 9 & 24.08.1958, p. 15, Doopregister Humpata.
82 NHK: G25 3/1/3, 31.07.1955, p. 12, Doopregister Humpata.
83 Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.
84 Telefoniese onderhoud: E. Fourie (née Piechazeck), 15.01.2009.
85 NHK: G25 3/1/3 Doopregister Humpata, 09.06.1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verbintenisse onder die Afrikaners van Angola voorgekom het. Egskeidings het in Angola oor die algemeen makliker plaasgevind omdat 'n paartjie dikwels in die eerste plek nooit wettig getroud was nie en dus sonder enige burokratiese rompslomp hulle verbintenis kon verbreek. In 'n Portugese kolonie soos Angola, waar die Rooms-Katolieke Kerk groot inspraak in burgerlike aangeleenthede gehad het, sou dit waarskynlik glad nie so maklik gewees het om wettig te skei as 'n paartjie aanvanklik wettig getroud was nie.

Seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn

Aan die begin van die blanke volksplanting aan die Kaap het daar nie sulke sterk vooroordele teenoor seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn bestaan nie. Trouens, ná noukeurige ondersoek is bereken dat Afrikaners in Suid-Afrika onder meer as gevolg hiervan vandag gemiddeld 6,9% nieblanke bloed in hulle are het.[86]

Mettertyd het onder Afrikaners 'n baie sterk vooroordeel teen seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn ontstaan. Dit was deels die resultaat van 'n gevoel van superioriteit wat by die oorgrote meerderheid van die blanke bevolking bestaan het.[87] Die Carnegie-kommissie het byvoorbeeld bevind dat hoewel geslagsgemeenskap tussen blankes en nieblankes teen die dertigerjare van die twintigste eeu meer as in die verlede voorgekom het, dit nog 'n uitsondering was, ook by veragterde blankes. Diegene wat hulle daaraan "skuldig" gemaak het, het sosiale uitgeworpenes geword en die nageslag van sulke verbintenisse is gewoonlik nie in die blanke samelewing opgeneem nie.[88]

Die terme "ras(se)vermenging", "bloedvermenging" en "verbastering", almal met 'n negatiewe konnotasie, is in Suid-Afrika en ook in die meeste ander lande wêreldwyd gebruik om hierdie verhoudings te tipeer. In die Portugese literatuur word die terme *miscigenação* en *mestiçagem* gebruik, waar die eerste term 'n rassekonnotasie het en die tweede term meer na die kulturele proses verwys. In meer resente publikasies word die term "kreolisasie" verkies.[89]

In Suid-Afrika is hierdie teenkanting vanaf 1948 onder die bewind van die Nasionale

---

86 J.A. Heese, *Die herkoms van die Afrikaner, 1657–1867*, p. 54.

87 Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, p. xx; P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, pp. 244–245, 255–257.

88 J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), pp. 33, 35–36, 153.

89 F.R. Ribeiro, "*Fornicatie* and *Hoerendom* or the Long Shadow of the Portuguese: Connected Histories, Languages and Gender in the Indian Ocean and Beyond", *Social Dynamics*, 2007, 33(2), pp. 33, 36.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Party in wetgewing geformaliseer.[90] Die ideologiese onderbou van hierdie wetgewing (as deel van die apartheidsbeleid) is deur die sosioloog Geoff Cronjé in werke soos *'n Tuiste vir die nageslag* verwoord. Waar Cronjé "rassevermenging" in negatiewe terme gesien het, het die Brasiliaanse sosioloog Gilberto Freyre dit as iets positiefs gesien wat aangemoedig moet word. Freyre se Lusotropikalisme het op sy beurt weer die ideologiese onderbou verskaf vir wetgewing waarvolgens die Portugese kolonies gedurende die *Estado Novo* geregeer is. Die etnosentriese kragte in die Afrikanergemeenskap, wat as apartheid uiting gevind het, het dus 'n direkte teenstelling met Lusotropikalisme gevorm.[91]

Dit is interessant dat beide sosioloë, toe hulle met dieselfde verskynsel, naamlik die heterogeniteit en hibriditeit van hulle onderskeie nasies se oorsprong, gekonfronteer is, vorendag gekom het met twee verskillende oplossings waarvolgens "rasseharmonie" in hulle onderskeie tuistes bewerkstellig kan word. Wat vir die een sosioloog 'n skande ("bloedvermenging") was, was vir die ander 'n meesterlike oplossing (*miscigenação*).[92]

In veral Duitse en Britse kolonies in Afrika is daar op verskillende maniere uitdrukking gegee aan teenkanting teen seksuele verhoudings tussen blank en swart. In Duits-Suidwes-Afrika het seksuele verbintenisse tussen die Duitse mans en inheemse vroue die Duitse koloniale owerheid, wat veral gesteld was op die handhawing van rassuiwerheid, hoofbrekens besorg. Sulke verhoudings het min onder die Boere van Duits-Suidwes-Afrika voorgekom.[93] In die meeste Britse kolonies was daar eweneens wetgewing wat seksuele verbintenisse tussen blanke vroue en swart mans verbied het. Pogings van die owerheid om seksuele verbintenisse tussen blanke mans en inheemse vroue te verbied, het daarenteen gewoonlik sterk teenkanting van die (manlike) setlaars uitgelok. Totdat wetgewing in die vyftigerjare in Kenia verander is, was daar geen straf vir blanke mans wat seksuele verbintenisse met inheemse vroue aangeknoop het nie, terwyl swart mans die doodstraf kon kry vir seksuele verbintenisse met blanke vroue.[94]

Daar was nogtans enkele Afrikaners in sommige Afrikalande wat seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn heen aangeknoop het en tot 'n "kleurling"-bevolking aan-

---

90 Onder hierdie wetgewing tel die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, No. 55 van 1949 en die Ontugwet, No. 21 van 1950 (spesifiek artikel 16) wat gepromulgeer is om die Ontugwet, No. 5 van 1927 (wat seksuele verhoudinge tussen blankes en swartes verbied het) uit te brei om seksuele verbintenisse tussen blankes en alle ander rassegroepe te verbied. Duisende persone is onder hierdie wet vervolg.

91 F.R. Ribeiro, "*Fornicatie* and *Hoerendom* or the Long Shadow of the Portuguese: Connected Histories, Languages and Gender in the Indian Ocean and Beyond", *Social Dynamics*, 2007, 33(2), pp. 35–36.

92 *Ibid*., pp. 37–38.

93 Vergelyk E.L.P. Stals, "Duits-Suidwes-Afrika na die Groot Opstande", pp. 133–142, teenoor T. Leutwein (wat oor die algemeen min ooghare vir die Boere gehad het), *Elf Jahre Gouverneur in Deutsch-Südwest-Afrika*, p. 417.

94 C.S. Nicholls, *Red Strangers*, p. 249.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leiding gegee het. In Kenia was daar byvoorbeeld 'n geval van 'n Afrikanerman wat met 'n Nandivrou so 'n verhouding aangeknoop het.[95] In Tanganjika is Katerina Cornelia Odendaal, wat onder die vulkaan Meru gewoon het, deur die Afrikanergemeenskap verwerp omdat sy vyf kinders by 'n swart man gehad het.[96]

Een van die redes waarom die Afrikaners Angola in 1928 verlaat het, was die vrees vir ondertrouery met die Portugese. Omdat sommige Portugese mans dikwels verbintenisse met inheemse vroue aangeknoop het, was baie Afrikaners van mening: "Dan sou ons ook van die swartes familie word."[97]

Ds. D. Postma het die omstandighede wat hy in 1922 aangetref het, soos volg beskryf:

> Vele [Portugese] ken geen skaamte meer, maar vermeng hulle eenvoudig met die heidense kaffer. 'n Jong Portugees kom b.v. van Portugal, sit 'n winkel op naby 'n Kafferstad en neem dan een of meer kaffermeide vir sy vrouëns [sic]. As hy later ryk genoeg is, neem hy miskien van sy eie nasie 'n vrou en die moet dan tevrede wees met die basterkinders, wat hy vir hom uitsoek uit sy talryke kroos. As hy dan met sy Portugese vrou getroud is, stuur hy eenvoudig die meide weer terug strooihuis toe.
>
> Deur die vermenging tref mens pikswart, blou bont en donkergeel Portugese aan […][98]

Die Carnegie-kommissie het op sy beurt in Suid-Afrika bevind:

> Langdurige ekonomiese gelykheid tussen armblankes en die groot gros van die gekleurdes en die nabyheid van hulle woninge aan mekaar, het die neiging om sociale gelykheid tussen hulle te veroorsaak. Dit verswak die tradisie wat rassevermenging teenwerk.[99]

Dit is moontlik dat die tradisie van ekonomiese gelykheid tussen blank en swart in Angola 'n rol kon gespeel het in die feit dat seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn heen daar meer voorgekom het as wat die geval in Suid-Afrika sou wees.

Sommige Suid-Afrikaners was nogtans van oordeel dat die Afrikaners in Angola nie by gemengde huwelike betrokke was nie. Ná die volksverhuising van die Angola-Boere na Suidwes-Afrika in 1928 is dr. Hans van Rensburg (die latere kommandant-generaal

---

95 C.S. Nicholls, *Red Strangers*, p. 249.
96 R. Malan, "The last Afrikaner", *Fair Lady*, 24 Aug. 1994, pp. 80–88, 90; B.M. du Toit, *The Boers in East Africa: Ethnicity and Identity*, p. 172 n. 4.
97 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, p. 221.
98 D. Postma, "Angola en Ons Mense Daar", *Die Kerkblad Feesnommer*, Des. 1923, p. 20.
99 Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblankevraagstuk in Suid-Afrika*, p. xx.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Ossewa-Brandwag) aangestel om die meer as 800 huwelike van die Angola-Boere oor drie geslagte te ondersoek en retrospektief ingevolge die Wettiging van Angola Huwelike Wet (Legalization of Angola Marriages Act), No. 47 van 1934 te wettig. In 'n paragraaf wat sedertdien dikwels aangehaal is, het hy verklaar:

> I want to state here, categorically and gratefully, that in those eight hundred marriages there was not a single one in which both parties to the marriage were not European.[100]

In sy verslag aan die minister het hy dit soos volg gestel:

> Alhoewel hul tot die derde geslag geleef het in 'n land waar verbastering met naturelle en kleurlinge nie net gekondoneer maar selfs aangemoedig word en mode is in sommige kringe, het ek geen enkele geval van onsuiwere bloed aangetref nie. Die mense het hul blanke ras deurgaans skoongehou.[101]

Van Rensburg het egter slegs die huwelike van die Angola-Boere wat na Suidwes-Afrika verhuis het, nagegaan. Seksuele verhoudings oor die kleurskeidslyn wat nie op huwelike uitgeloop het nie, is ook nie deur hom ondersoek nie.[102]

Teen 1928 was daar al ten minste vyf huwelike van Afrikaners met persone van gemengde afkoms, almal van hulle tussen drie gekleurde Hayes-broers en vyf blanke vroue (twee broers het as wewenaars hertrou).[103] Hierdie gevalle lewer interessante inligting op oor die beskouing van die Afrikaners van Angola oor "bloedvermenging" en hoe hierdie beskouing oor die jare heen verander het. Die afstammelinge van hierdie huwelike is later ten volle in die blanke gemeenskap opgeneem. Daar was wel in enkele gevalle teenkanting van familielede wanneer sommige lede van die Afrikanergemeenskap met 'n lid van die Hayes-familie wou trou.[104]

Die Hayes-familie was die nasate van die verbintenis van die afstammelinge van 'n Ierse voorouer met wit en bruin vroue, wat van Namakwaland kom.[105] Die latere geslag seuns is almal met blanke vroue getroud. Reeds in 1926 het ds. T.F.J. Dreyer bevind dat hulle volgens Artikel 3 (die vroeëre Artikel 2) van die Wet van die Nederduitsch Hervormde

---

100 H. van Rensburg, *Their Paths Crossed Mine*, p. 56.
101 NAN: A.273 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 3, Brief J. van Rensburg – Die minister, 14.01.1936. P.J. van der Merwe, "Boere in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jul. 1947, p. 15. haal 'n soortgelyke brief aan homself gerig oor die kwessie aan.
102 Kyk NAN: A.10, 2–4, Registrasie van huwelike deur Angola nedersetters voltrek, 1–302.
103 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", pp. 87–88, 125.
104 Persoonlike onderhoud: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk).
105 E-pos: M. Upham, 22.03.2008.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerk van Afrika nie lidmate van die Hervormde Kerk kan wees nie. Die probleem was dat hulle in die daaglikse lewe, maar nie op kerklike gebied nie, as gelykes aanvaar is. "Hulle [die drie seuns] word deur die boere in die huis ontvang en met die hand gegroet, kortweg as gelyke[s] beskou." Die kinders is later in die Rooms-Katolieke Kerk gedoop en die familie het Rooms-Katolieke dienste bygewoon omdat daar geen ander uitweg was nie.[106]

In 1946 was dit 'n voortslepende probleem en hulle het aangedui dat hul nie graag Rooms-Katolieke lidmate wil wees nie en eerder in die Hervormde Kerk opgeneem wil word. Die gevoel was nou (in 1946) dat hulle maar in die blanke gemeenskap opgeneem kan word.[107] Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit om die saak na ds. J.D. Storm en die plaaslike kerkraad te verwys.[108]

Ten opsigte van Elizabeth Catharina Hayes en Magrietha Christina Hayes (tweelingsusters, gebore 8 September 1909) het Paul van der Walt die volgende inskrywing in die lidmaatregister gemaak: "Tweelingsusters, broer woon tussen kaffers – baster kinders word deur twee susters versorg."[109] Hy het ook oor hulle twee broers, Christiaan Johannes Hayes (gebore 18 Oktober 1917) en Johannes Petrus Hayes (gebore 16 April 1933), die volgende inskrywing gemaak: "Deur wangedrag geskors. Leef met naturelle vrou."[110]

Ds. Pieter Biewenga noem dat een Angola-Boer se dogter met 'n "Indiër" (waarskynlik 'n Indo-Portugees) uit Macau getroud is.[111]

Volgens Paul van der Walt is slegs "twee kleurling kinders" in die tydperk tot 1928 onder die Boere gebore.[112] Elders beweer hy dat die Afrikaners van Angola tot 1928 slegs drie gekleurde afstammelinge gehad het.[113] Daar was waarskynlik heelwat kinders wat uit sodanige verbintenisse gebore is. Die Switserse sendeling Héli Chatelain het byvoorbeeld 'n foto geneem van 'n Boesmanvrou wat in die Kalahari gevang is saam met haar kinders, waarvan 'n Boer die vader was.[114]

Johannes Jurie Folkus is in 1925 voor die kerkraad gedaag om te vra of hy wettig van sy vorige vrou geskei is. Uit sy antwoord was dit duidelik dat hy nie oor 'n skeibrief beskik nie maar een aangevra het. Die rede vir die "egskeiding" was "door Hoereerdery door haar bedryft". Dit is aan hom duidelik gemaak dat sy kind Gertruida Maria Magrieta

---

106 NHK: K1/2 3/27/19, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk, Oktober 1926.
107 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
108 NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 24.09.1946.
109 NHK: G25 3/2/3, Lidmateregister Nederduitsch Hervormde Gemeente Humpata (1946–1958), p. 8.
110 *Ibid.*, p. 8; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 92.
111 P. Biewenga, "Verhale uit die lewe van Dorslandtrekkers en Angola-boere", p. 192.
112 Private versameling, Doc Immelman: Brief P.S. van der Walt – Doc Immelman, 06.12.1962.
113 H.G. van der Westhuizen, *Herder van Angola*, p. 221.
114 D. Birmingham, *Empire in Africa*, pp. 49–50.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by Johanna Elizabeth Magrieta Alberts deur haar ouers tot doop gebring kan word.[115] Hy het ook ’n kind by ’n bastervrou in Damaraland gehad.[116] Sy karakter is deur die Trek-kommissie soos volg opgesom: “Kan nie beskou word as Angola-Boer nie, was 4 jaar in land. Sleg van karakter. Het eers met bastermeid saamgeleef.”[117]

Onder die mans van ander nasionaliteite wat met Boerevroue getroud was, was daar ’n paar wilde karakters. Die Switserse sendeling Héli Chatelain kon vir Anna Susanna Behan (née Van der Walt) suksesvol vir sifilis behandel. Haar man Henry Daniel Behan kon hy ongelukkig nie daarvan genees nie. Later is sy met die Belg (Vlaming) Auguste Charles Francisco Raes getroud. Hy was blykbaar ’n redelik gewelddadige man. Na bewering het hy een van sy swart bywywe vermoor en haar hut afgebrand om die bewyse van die moord te vernietig.[118] Die nasate van Behan en Raes sou ná 1928 onder die lede van die Afrikanergemeenskap in Angola tel.

In die Afrikaanse letterkunde het Chris Barnard ’n roman, *Moerland*, geskryf met die fiktiewe Lukas Christoffel van Niekerk, die seun van ’n Boervrou van Angola en ’n swart man, as hoofkarakter. Die historiese gegewens rondom die hoofkarakter is hoofsaaklik fiktief.[119]

By Molepolole was daar ’n “kleurling”-gemeenskap, bestaande uit nasate van die Dorslandtrekkers wat gedurende die trek omgedraai het, hulle by Molepolole gevestig en mettertyd as “Khama se Boere” en selfs die “wit slawe van Molepolole” bekend gestaan het. Onder hulle was daar Dorslandtrekkers met vanne soos Lottering, Van Vuuren, Oosthuizen, Steyn en Horn. Die “kleurling”-families het dieselfde sosiale en ekonomiese status as die blankes geniet.[120] By Ghanzi was daar ’n soortgelyke gemeenskap van “kleurlinge” en blankes wat die afstammelinge van Dorslandtrekkers, bruin mense, Basters, Boesmans en die inheemse bevolking was. Baie was lidmate van die Gereformeerde Kerk.[121]

Johannes von Moltke noem enkele gevalle van seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn heen onder die Angola-Boere voor 1928. So beweer hy dat W.W. Jordan ’n

---

115 NHK: G25 1/1/1 Notule Kerkraadsvergadering, 24.07.1925 (voortsetting op 31.07.1925).
116 GKSA: Humpata bylaag 2.1.3, D.G. Venter, “Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926”, p. 82.
117 NAN: A.10 & SWAA68/5/4/120, Evaluering van Angola-Boere in 1928, Klas D.
118 D. Birmingham, *Empire in Africa*, pp. 49, 53.
119 Telefoniese onderhoud: C. Barnard, 09.01.2009.
120 US: Aanwins 222 K.V. 57(2), Brief Bill van Niekerk – W.A. de Klerk, 23.01.1966, pp. 3–4; W.J. Makin, *Across the Kalahari Desert*, pp. 23–25; F.J. Ramsay, “The rise and fall of the Bakwena dynasty of South-Central Botswana, 1820–1940”, pp. 278–279, 373–374; Persoonlike onderhoude January-familie, 03.04.2009; Gert Jansen, 03.04.2009.
121 M. & M. Russell, *Afrikaners of the Kalahari*, pp. 55, 63–64, 68–70, 88–90, 94–98, 127.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"onegte kind" by Hessie Bouwer gehad het.[122] (Een van haar kinders is inderdaad Hendrik Worthington Bouwer gedoop.) Hy maak ook die bewering van 'n familie wat volgens hom in Hans Schinz se boek *Deutsch-Südwest-Afrika* vermeld word: "Die meisiekinders moes almal seksueel onversadigbaar gewees het, want waar hulle vee opgepas het, het hulle witman, swartman of bruinman wat by hulle verbygekom het[,] gesollisiteer!"[123]

Daar was ook in 1946 die geval van Gertruida Harmse wat haar man Christiaan Robberts verlaat het, toe met 'n Portugees saamgeleef het en toe "'n kaffir gevat het". Sy was eers in die Belgiese Kongo, maar het later na Cazombo in Angola teruggekeer. "Sy het 'n dogtertjie [Clara Isabella Robberts, genoem Klérie] van ongeveer 12 jaar by haar, wat die kaffir nou glo ook tot vrou begeer."[124] In Junie 1947 kon Pieter Nannings ná elf maande se moeite daarin slaag om Klérie "uit de klauwen van Satan" te red en onder sy en sy vrou se sorg geplaas te kry. Sy was "[b]yna naakt en zonder combaars en kleren", kon nie lees of skryf nie en het baie swak Afrikaans gepraat. Sy moes 900 km per motor en trein aflê om by hulle uit te kom. Haar pa, Christiaan Robberts, was intussen in die gevangenis vir "contra banden", maar het daarin geslaag om te ontsnap. Dit was nie bekend waar hy hom op daardie tydstip bevind het nie.[125]

Flip Alberts noem in sy "Raport" (sic) oor sy besoek aan Angola ook "nog eene Martinus van Dyk woon onder die kaffers" en "Dawid Harmse, [het] ook die kaffers aangeneem as sy tuis plek".[126]

Ds. Storm, wat gewoonlik baie diplomaties was, het in 1946 geskryf: "Nou het gerugte die rondte gedoen dat ons mense in Angola besig is om te verkaffer, maar gelukkig is dit nie waar nie."[127] Hy het verder opgeteken: "Dit het my reeds opgeval dat sommige van die Angolaboere geneigd is om te gemeensaam met die kaffer om te gaan en dat sommige hulle selfs met die hand groet."[128]

In 1952 het 'n kommissie van die Hervormde Kerk daarop gewys "dat daar van ons mense is wat reeds die skeidslyne tussen wit en swart verontagsaam en oortree en dat

---

122 US: Aanwins 222 K.V. 145(2), Brief J. von Moltke – W.A. de Klerk, 09.08.1965, p. 2.
123 *Ibid.*, p. 2. Ek kon hierdie geval, selfs ná herhaalde kere se lees van die relevante gedeelte, nie opspoor nie.
124 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946, & P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 3–4; NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 24.09.1946.
125 NHK: K1/2 3/31/9, Briewe P.A. Nannings – Ds. J.D. Storm, 25.06.1947 & P.A. Nannings – P.P.H. Alberts, 07.09.1947. Sien ook FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 37–38 oor haar geval.
126 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 3.
127 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Okt. 1946, p. 17.
128 J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daar uit hierdie vermenging kinders gebore is wat nog 'n vraagstuk vir ons Kerk mag word".[129] Die "Vliegtuigkommissie" het in 1957 "van enkele gevalle verneem waar Afrikaanse vaders hulle dogters tot beskikking van kleurlinge gestel het in ruil vir 'n paar bottels wyn".[130]

Flip Alberts het reeds tydens sy besoek in 1948 bevind: "[Hulle] gee glad nie om of dit wit is, of dit Basters is, of dit kaffers is nie, want daar is van hulle wat al sieklik is [dit wil sê geslagsiektes opgedoen het]."[131] In 1950 het hy sy bevinding herhaal "en dan gee hulle niks ook om nie met die swartes om te gaan nie".[132] Ds. J.D. Storm het tydens dieselfde besoek bevind:

> Dit is ongelukkig 'n feit dat baie geestelik en sedelik al ver afgedwaal het. So is daar in Kee [= Que] twee jongmans (Piorek, wie se vader 'n Pool was, en Ivans [= Ivens]) wat tussen kaffirs lewe en meide gevat het). In die omgewing van Soarimo [= Saurimo] is daar twee vrouens wat tussen kaffirs lewe en 'n sekere B. Ludeke vroeër van Capeio lewe ook nou tussen kaffirs. Die mense in Capeio beskou Soarimo eintlik as die toevlugsoord van die losbandiges.[133]

In Que het ds. Storm bevind dat: "Baie mense het ook alreeds die Portugese lewensbeskouing aangeneem." In Que het Theunis de Klerk vir hom gevra om sy dogter in die huwelik te bevestig met Japie Piorek, waartoe hy uiteindelik ingestem het in die hoop om hom te rehabiliteer. "Ons het naamlik verneem dat hy [Piorek] alreeds kinders by 'n meid het." Ds. Storm het die saak met die vader van die bruid bespreek wat gemeen het dat "indien ek [ds. Storm] hulle nie trou nie, hulle tog maar mekaar sal vat, en voeg tog nog by, dat die Portugese ook maar eers meide het, en dan later met 'n witmeisie trou".[134] Piorek se *mestiço*-dogter het vir Piorek en sy vrou in die huis gewerk en is oorlede toe sy 'n onwettige aborsie ondergaan het.[135] Toe hulle Angola in 1975 verlaat, het van hierdie *mestiço*-kinders in Angola agtergebly.[136]

---

129 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), p. 10; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", p. 7.

130 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 6.

131 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 13.

132 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, pp. 5–6.

133 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 3 (klein foutjies in interpunksie verbeter, verder onveranderd weergegee).

134 *Ibid.*, p. 4.

135 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007.

136 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, pp. 3–4; Persoonlike onderhoude: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007; M.O. de F.F. Piorek, 05.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Flip Alberts het in 1950 die toestand in Vila Luso soos volg beskryf: "2 vrou mense onder die kaffers, en 2 mans onder die meide" en in Capeio: "En die volgende mans is onder die meide[:] B. Kruger, Piet Ludecke" en in Kee (Que) 2 of 3 mans "wat tussen die meide [is:] P. Piorek, en H. Ivans [= Ivens], wat sy moeder elke dag slaan, oor sy nie vir die meid werk nie, of wil werk nie, so slaan hy dan sy moeder om die meid te behaag. En die meid van die Piet Piorek is nog 'n skeel oog meid."[137]

Teen 1952 het hy 'n meer volledige opsomming verskaf:

> daar is mense wat al klaar verkaffer het soos b.v. P. Visser, 2 Pioreks, M. v. Dyk, D. Enslin, D. Harmse, B. Kruger, mev. G. Robberts geb. Harmse, mev. S. v.d. Walt met een van haar seuns, Piet Ludecke, P. Verster, Jan Pienaar, wat nou João de Valtinho [= Diamantino Pienaar] geword het, en Johanna Viljoen wat heeltemal kaffer is, met haar kind. Sy het ook 'n hele paar kaffers vir mans.[138]

Maria (Gesina Maria Magdalena) Putter het 'n verhouding met Noah, een van die swart sendelinge van die Mission Philafricaine by Driefontein (Três Fontes), aangeknoop. Uit hulle huwelik is 'n swart (of *mestiço*-) seun gebore. Dié seun het in Angola agtergebly. Maria het later met 'n De Nobrega getrou en twee kinders by hom gehad.[139] Uit die verbintenis van Albano Paiva Mendonça, 'n swart Angolees, en Hendrika Johanna Nicolasina Fourie is drie kinders gebore.[140]

Die "Vliegtuigkommissie" het in 1952 die volgende geval opgeteken: "Ons het die blanke man [Klaas Putter] nie te spreke gekry nie, hy het glo by naburige statte gaan kuier."[141]

Seksuele verhoudings oor die kleurskeidslyn het gewoonlik gepaard gegaan met 'n saamwonery. Geen gevalle is bekend waar Afrikaners wettig met *mestiços* of swartes getroud is nie.

Daar is ook die interessante geval van Aletta Johanna Ludeke wat in 1939 as 'n verbode immigrant onder seksie 4 (1) C en H van die Wet tot Regeling van Immigratie (Immigrants' Regulation Act), No. 22 van 1913 verklaar is. Haar beroep is aangedui as 'n "native servant" van M.P. Brand van Gwelo, Rhodesië.[142] Haar ouers Pieter Jacobus Ludeke en Elizabeth Magdalena Diederiks het ongeveer 1914 van Angola na die Belgiese Kongo

---

137 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, pp. 6, 7, 9.
138 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 26.09.1951.
139 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006.
140 NHK: G25 3/1/3, 05.10.1952, p. 8, Doopregister Humpata; Persoonlike onderhoud: J.P. Seirós, 23.05.2008.
141 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 5.
142 KAB: PIO 283, 15362E, Immigration papers, Miss A.J. Ludeke.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getrek, waar sy in 1915 gebore is en in 1921 aan die Lualabarivier gedoop is.[143]

Net soos die Afrikaanse gemeenskap het die Duitse gemeenskap in Angola nie die gekleurde kinders van lede van hulle gemeenskap aanvaar nie. In een geval moes die gekleurde kinders van 'n Duitse setlaar na Duitsland uitwyk, waar hulle vermoedelik meer geredelik aanvaar is. 'n Mens kon sê dat die Duitse setlaars eerder langs die swartes as saam met hulle gewoon het.[144]

Die gemak waarmee enkele lede van die Afrikaanse gemeenskap in Angola seksuele verbintenisse oor die kleurskeidslyn aangegaan het, is – benewens hulle armoede – sekerlik die aspek van hulle leefwyse wat die grootste verontwaardiging onder besoekende volksgenote uitgelok het. Sodanige verbintenisse sou in Angola geen wenkbrou van Portugese waarnemers laat lig nie en sulke verbintenisse was nie net wettig nie, maar is selfs van owerheidsweë aangemoedig. In Suid-Afrika, daarteenoor, is seksuele omgang tussen wit en swart mense volgens die Ontugwet, No. 5 van 1927 verbied en as 'n kriminele oortreding beskou. Sodanige verhoudings het reeds voor 1928 onder die Angola-Boere voorgekom. Beide in 1958 en 1975 is kinders wat uit sodanige verbintenisse gebore is, toegang tot Suid-Afrika en Suidwes-Afrika geweier omdat slegs persone van "suiwer" blanke afkoms toegelaat is om oor die grens te kom.

Ondertrouery

Ondertrouery was vir die Afrikaners van Angola nie 'n vreemde verskynsel nie. Met die Dorslandtrekke was die meeste Dorslandtrekkers reeds familie van mekaar. Die gemeenskap by Mombolo was egter meer heterogeen as dié by Humpata omdat 'n groot aantal families hulle daar gaan vestig het in teenstelling met die beperkte aantal wat hulle by Humpata gevestig het.[145]

Reeds teen 1915 was die Boere as gevolg van ondertrouery omtrent almal familie van mekaar.[146] Heese was nogtans van mening dat slegs sewe van die 302 huwelike wat voor 1928 aangegaan is maar ná 1928 herregistreer is "familiehuwelike" was.[147] Die probleem sou dertig, veertig jaar daarna seker veel erger gewees het.

---

143 J.P. Roux, "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zambië, 1895–1975", pp. 132–134.
144 I. Schönberg, *Die weisse Brille*, pp. 160, 263–264.
145 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 61.
146 C.F. McDonald, *Op vlug deur donker Afrika*, p. 140.
147 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 61.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een manier om ondertrouery te vermy, was om met Portugese te trou.[148] Daaraan het 'n stigma gekleef omdat die Afrikaners die Portugese as hulle sosiale minderes beskou het. Wanneer iemand wel met 'n Portugees getrou het, is daardie persoon, soos reeds genoem, deur die gemeenskap uitgestoot en daarna as 'n Portugees behandel.[149] Die ander uitweg was om ongetroud te bly.

Flip Alberts het in 1948 en weer in 1950 die vrees uitgespreek dat die klompie Afrikaners binne tien jaar een familie sal wees.[150] Op plekke soos Capala, waar daar baie Afrikaners gewoon het, is die stelling gemaak: "Ons is al so onder mekaar getroud dat omtrent almal familie van mekaar is."[151] Ds. T.F.J. Dreyer het teen 1953 gewaarsku dat die "bekende gevolge van so 'n ondertrouery" binnekort sigbaar sal wees.[152]

Op Cuvelai het die skrywer W.A. de Klerk in 1957 vier ongetroude dogters van die Hayes-gesin aangetref, waarvan drie reeds verby hulle troujare was. Hulle het dit gerasionaliseer: "As ons nie onder ons eie mense kan trou nie, bly ons liewer soos ons is."[153] Ironies genoeg was hierdie gesin van gemengde afkoms en twee broers, Christiaan Johannes Hayes en Johannes Petrus Hayes, het verbintenisse met inheemse vroue oor die kleurskeidslyn aangeknoop,[154] terwyl nog 'n broer Willem (Bill) met 'n Portugese vrou getroud was.[155]

As trekrede is in 1958 aangevoer die vrees vir die "verbastering wat daar later sal moet plaasvind indien die klein gemeenskap nie onder mekaar wil introu nie".[156]

In ander klein Afrikanergemeenskappe in Afrika was ondertrouery ook 'n wesenlike probleem, byvoorbeeld die gemeenskap van Ghanzi.[157] In Suid-Afrika was dit een van die verskynsels wat die Carnegie-kommissie ondersoek het. Daar is bevind dat dit veral in eensame bergklowe of langs riviere voorgekom het, maar dat dit tydens die dertigerjare van die twintigste eeu al hoe minder voorgekom het.[158]

---

148 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 18.
149 C.F. McDonald, *Op vlug deur donker Afrika*, p. 140; Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
150 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 6; NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 5.
151 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 18; Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
152 NHK: K1/2 3/33/5, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Minister J.G. Strydom, 27.05.1953.
153 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 18.
154 NHK: G25 3/2/3, Lidmateregister Nederduitsch Hervormde Gemeente Humpata (1946–1958), p. 8.
155 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.
156 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.J. van Dyk – Ds. T.F.J. Dreyer, 14.12.1955; Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
157 M. & M. Russell, *Afrikaners of the Kalahari*, p. 70.
158 J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), pp. 9, 28–29.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Miskien kan hier volstaan word deur te sê dat die gevaar van ondertrouery altyd onder die Afrikaanse gemeenskap in Angola aanwesig was. Hierdie bedreiging is nooit verwesenlik nie omdat al hoe meer lede van die gemeenskap mettertyd huwelike met persone buite die Afrikanergemeenskap aangegaan het. Die repatriasie van 1958 het hierdie probleem finaal uit die weg geruim.

Misdaad onder die Angola-Boere

Die blanke bevolking van Suid-Afrika het van die vroegste tye af agting vir wet en orde gehad. Selfs in pionierstoestande, waar owerheidsgesag nog swak was, het die Afrikaners hulle selde aan bandeloosheid oorgegee. Teen die dertigerjare van die twintigste eeu was dit ook ’n kenmerk van die armblankes van Suid-Afrika. Oor die algemeen is botsings met die owerheid, misdaad en gevangenisstraf as ’n groot skande beskou.[159]

Dit was oor die algemeen ook die geval met die Afrikaners van Angola. Hulle het “om maar slegs een minuut in ’n tronk te beland […] as ’n verfoeilike skande verafsku”.[160] Hoewel daar al beweer is dat daar geen misdaad voor 1928 onder die Boere in Angola voorgekom het nie,[161] was daar tog enkele gevalle van veediefstal, wilddiefstal, openbare dronkenskap en wanbetaling van skuld. Nie een van hierdie oortredings is deur die Boere as ernstige misdade beskou nie, hoewel dit afgekeur is.

Die Carnegie-kommissie het bevind dat daar veral drie tipes oortredings is waaraan armblankes in Suid-Afrika hulle teen die dertigerjare van die twintigste eeu skuldig gemaak het: oortreding van jagwette, onwettige drankhandel (veral aan swart en bruin mense) en onwettige diamanthandel. In al drie hierdie gevalle het die bevolking dit nie as ’n skande, ernstige oortreding of misdaad beskou nie. In sekere dele van Suid-Afrika kon mense tot kort voor hierdie tydstip nog onbelemmerd jag en dit is selfs as ’n onvervreembare reg beskou om op jou eie grond na willekeur te jag. Onwettige drankhandel is meer as ’n vergryp as ’n oortreding beskou en die algemene beskouing was dat die diamante aan almal behoort en dit nie ’n skande is om met onwettige diamante betrap te word nie.[162]

---

159 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I), p. 216; R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), pp. 83, 174; J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), pp. 17, 41.

160 A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 34 (oorspronklike woordorde omgeruil).

161 A. Alberts, “Betekenis van die Dorslandtrek”, *Tydskrif vir Letterkunde*, 3(3), Aug. 1965, p. 49.

162 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), pp. 84–86; E.G. Malherbe, *Onderwys en die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel III), pp. 273–275; J.R. Albertyn, *Die armblanke en die maatskappy*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel V (a)), p. 41; Carnegie-kommissie, “Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie”, *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, p. xvii.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sekere individue onder die Afrikaners van Angola het hulle ook aan twee van hierdie drie tipes oortredings skuldig gemaak, naamlik oortreding van jagregulasies en onwettige diamanthandel. Drankhandel was nie in Angola 'n oortreding nie. Inteendeel, in die meeste handelstransaksies was drank 'n algemene ruilmiddel. Sonder 'n betroubare geldstelsel was drank dikwels die enigste ruilmiddel.

Ook in ander Afrikanergemeenskappe in Afrika was misdaad iets seldsaams. In die gemeenskap van Ghanzi was daar in die tydperk 1970–1973 slegs nege strafsake (uit 417) teen Afrikaners. Sewe daarvan was vir oortredings van jagwette.[163]

Die impak van oor en weer beskuldigings van veediefstal is reeds onder die verhouding met die swart bevolking van Angola bespreek. Behalwe strafekspedisies, uit weerwraak vir veediefstal, het daar enkele gevalle voorgekom waar Angola-Boere as individue van veediefstal beskuldig is. 'n Hele paar van hierdie gevalle was egter persone wat nie as Angola-Boere beskou is nie. Onder hulle was Johannes Coetzee en Christiaan de Jager du Preez wat in Suidwes-Afrika op 25 Junie 1927 aan veediefstal skuldig bevind is.[164] Daar was ook Johannes Jurie Folkus (wat 'n slegte reputasie geniet het) en Lourens Oosthuizen (wat 'n vals naam gebruik het).[165]

Geen gevalle van veediefstal is onder die Angola-Boere ná 1928 opgeteken nie.

Op 'n minder ernstige noot het Flip Alberts in 1950 die volgende komiese voorval opgeteken: "[D]ie ou Tante Grieta Putter van byna 90 jaar se blik trommeltjie word oop gebreek van haar eie dogter[,] dan steel hul haar lekkers of geld uit."[166]

Dit is opmerklik dat hoewel die Angola-Boere misdaad en gevangenisstraf as 'n groot skande beskou het, die onwettige jag van wild nie in dieselfde lig beskou is nie. Die Carnegie-kommissie het in hierdie verband ten opsigte van Suid-Afrika bevind:

> Speciaal hierdie praktyk is nie strydig met hulle volksethos en tradisies nie, want dit is mense wat veelal jagters en die afstammelinge van jagters is, en wat daaraan gewoond is, en dit as 'n vanselfsprekende reg beskou, om die wild te skiet waar dit mag gevind word.[167]

Ivoorhandel in Angola het mettertyd in smokkelhandel ontaard waaraan selfs die hoogste amptenare in die land deelgeneem het; "[A]lmal het in die versoeking gekom om onwettig ivoor te koop of te verkoop, en baie min kon daardie versoeking weerstaan". In die koerante is pryse vir beide gelisensieerde en ongelisensieerde ivoor gekwoteer. Die pryse vir

---

163 M. & M. Russell, *Afrikaners of the Kalahari*, p. 92.
164 NAN: A.10 & SWAA68/5/4/120, Evaluering van Angola-Boere in 1928, Klas D; NAN: ATK, A.T.3, Brief Waarnemende Sekretaris vir Suidwes-Afrika – Herman Smit, 16.11.1928; Persoonlike onderhoud: J.E.M. Lambert (née Kok), 28.05.2008.
165 NAN: A.10 & SWAA68/5/4/120, Evaluering van Angola-Boere in 1928, Klas D.
166 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 10.09.1950, p. 10.
167 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), p. 86.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongelisensieerde ivoor was hoër omdat daarop nie uitvoerbelasting betaal is nie. Vindingryke planne is gemaak om die gereg te omseil.[168]

Volgens Pieter Nannings was Christiaan Robberts in die gevangenis vir "contra banden", maar het daarin geslaag om te ontsnap.[169] Volgens Willie Ludeke en Freek Engelbrecht was hy egter in die tronk vir onwettige olifantjag.[170]

Onder 'n segment van die Duitse bevolking in Suidwes-Afrika was daar in 1928 'n persepsie dat die Angola-Boere niks anders as 'n klomp wilddiewe was nie.[171] Die groot aantal onwettige jagekspedisies in Kaokoland het waarskynlik tot hierdie persepsie bygedra. In Kenia is die Boere eweneens bestempel as "no respecters of game regulations".[172]

Die eerste gevalle van diamanthandel onder die Angola-Boere is reeds in 1896 aangeteken.[173] Volgens Erns Ludeke is die woord "diamante" nie in geselskap genoem nie omdat iemand dan die suspisie sal hê dat jy diamante het om te verkoop of graag wil koop. Volgens hom was die suspisie dat daar diamante onder hulle besittings was moontlik die rede waarom baie van hulle persoonlike besittings in 1958 op die grens moes agterbly.[174]

Volgens Willie Ludeke het Grieta Nannings vir sommige swart mense klere gemaak, waarvoor hulle haar met diamante betaal het. Pieter en Grieta Nannings kon dit gevolglik bekostig om twee keer Nederland toe te gaan.[175]

Volgens Breggie Storbeck (née De Klerk) was daar enkelinge onder die Angola-Afrikaners wat "met enige ding gesmokkel het". Daaronder het wapens, slawe, goud, diamante en ivoor, biltong en velle (die produkte van onwettige jagtogte) getel. "In nou se taal was hulle eintlik 'n klomp kriminele gewees," het sy verklaar. Hierdie onwettige produkte is veral oor die grens by Suidwes-Afrika en by die Belgiese Kongo gesmokkel. Omdat die Afrikaners transportryers was, was die logistiek van die vervoer van kontrabande nie 'n probleem nie. Diamante is vanaf die noorde deur Lubango oor die Kunene gesmokkel. Onder die smokkelaars het Jan Diederiks en 'n paar Van der Merwes, Ludekes en Behans getel.[176] Jan Diederiks is in 1955 van diamanthandel aangekla en gedurende

---

168 J. von Moltke, *Jagkonings*, pp. 266, 289–294; Persoonlike onderhoud: S.C. Stofberg (née Horn), 25.04.2008.

169 NHK: K1/2 3/31/9, Briewe P.A. Nannings – Ds. J.D. Storm, 25.06.1947 & P.A. Nannings – P.P.H. Alberts, 07.09.1947. Sien ook FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 37–38 oor haar geval.

170 Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke, 29.07.2006 & 26.08.2006; J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006; F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.

171 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", p. 188.

172 E. Steinhart, *Black Poachers, White Hunters: A Social History of Hunting in Colonial Kenya*, p. 97.

173 E.M. Chilver & U. Röschenthaler, *Cameroon's Tycoon: Max Esser's Expedition and its Consequences*, p. 126.

174 Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2005.

175 Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke, 29.07.2006 & 26.08.2006; J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.

176 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1964 was hy in die tronk, vermoedelik vir, onder meer, diamanthandel. (Later word hierop uitgebrei.)

Oor die algemeen het drankmisbruik tot die eerste helfte van die twintigste eeu selde onder Afrikaners in Suid-Afrika voorgekom aangesien die "volksetos" daarteen gekant was.[177] Slegs enkele gevalle van drankmisbruik is onder die Afrikaners van Angola aangeteken hoewel hulle as gevolg van die Portugese invloed in 'n omgewing geleef het waarin vryer met drank omgegaan is as in die tradisionele Afrikanergemeenskap in Suid-Afrika.[178] Johannes Hans Piorek was volgens oorlewering maar "taamlik lief vir die dop" en het lang ente gestap om drank te vind wat sy behoefte kon bevredig.[179]

Die wanbetaling van skuld is blykbaar nie deur sommige Angola-Boere as 'n misdaad gesien nie. Verskeie gevalle hiervan het voor 1928 voorgekom. William Chapman noem enkele voorbeelde van bedrog deur twee broers, Ben en Jan Horn.[180] Die sendeling Héli Chatelain het ook heelwat probleme gehad om 'n bedrag wat die weduwee Anna Susanna Behan (née Van der Walt) hom geskuld het van haar te verhaal.[181] Later het hy in moedeloosheid gesê: "A Boer's word of honour is as tangible as the wind."[182]

Toe die Angola-Boere in 1928 na Suidwes-Afrika verhuis het, is twee kommissies in die lewe geroep om te sorg dat hulle hul skuld betaal voordat hulle Angola verlaat. Volgens Portugese wetgewing was dit nie moontlik om te emigreer as alle uitstaande skuld nie betaal is nie. 'n Gedeelte van die Angola-Boere kon hulle skuld betaal uit die bedrag wat hulle vir hulle vee ontvang het. Die kommissies sou die skuld betaal van die arm Angola-Boere wat nie vee besit het nie of te min besit het om hulle skuld te delg.[183]

Samevattend kan dus gesê word dat die Afrikaners van Angola, ten spyte van hulle armoede, groot agting vir wet en orde gehad het en misdaad feitlik onbekend onder hulle was. Hoewel enkele gevalle van oortredings van jagregulasies en onwettige diamanthandel voorgekom het, is dit deur die gemeenskap nie as ernstige misdaad beskou nie, hoewel dit afgekeur is. Hierdie opvatting is in ooreenstemming met die opvatting wat gedurende dieselfde tydperk onder hulle volksgenote in Suid-Afrika jeens hierdie tipe oortredings geheers het.

---

177 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel I), p. 216; R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), pp. 82, 174; Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, p. xvii; P.J. van der Merwe, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657–1842)*, p. 253.

178 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.

179 Persoonlike onderhoud: S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007.

180 NAN: A.233, "Reminiscences concerning the life of William James Bushnell Chapman" (1902–1916), p. 26.

181 D. Birmingham, *Empire in Africa*, pp. 47–48, 53.

182 *Ibid*., p. 48 (vertaling in Engels).

183 P.W. Möller, "Aspekte van die Blanke problematiek in Suidwes-Afrika, 1920–1950", pp. 151–152.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL IV

Hoofstuk 14
DIE REPATRIASIE VAN DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA IN 1958

Ontstaan van die repatriasiegedagte

Volgens kenners is terugkeer die groot ongeskrewe hoofstuk in die geskiedenis van migrasie. ’n Beduidende persentasie mense wat aanvanklik emigreer, keer mettertyd na hulle land of plek van oorsprong terug. In die begin van hierdie studie is reeds gemeld dat ’n “mite van terugkeer” by diasporaverskynsels ter sprake kan wees, hoewel dit nie ’n noodsaaklike voorvereiste is nie. Volgens beskikbare getuienis is die besluit om terug te keer dikwels meer kompleks en ambivalent as die oorspronklike besluit (gewoonlik om ekonomiese redes) om te trek. Die terugkeer is nie altyd vreugdevol nie, want diegene wat na hulle oorspronklike tuiste terugkeer, voel dikwels of hulle dubbeld gemarginaliseer is.[1]

Voor 1928 het die Angola-Boere by verskeie geleenthede pogings aangewend om met buitelandse hulp te repatrieer. Op 28 September 1883, kort ná hulle aankoms in Humpata, het hulle vir die eerste keer aan Paul Kruger die versoek gerig om met staatshulp “van dit onbestaanbaar land” te repatrieer “naar een beskaafd gedeelte van Zuid Afrika”. Daar is ook ’n versoek aan die Gereformeerde Kerk gerig om hulle met die voorgenome repatriasie by te staan.[2] As reaksie op die versoek is ds. M. Pelser na Humpata afgevaardig en van die nodige geldelike middele voorsien om die trekkers se terugkeer na Transvaal moontlik te maak.[3] Tydens sy besoek het al die teenwoordiges, met twee uitsonderings, op 17 Julie 1884 op ’n openbare vergadering gestem om na Transvaal terug te keer. Kort daarna het 50 gesinshoofde, wat bykans elke gesin op Humpata verteenwoordig het,

---

1 R. King (general ed.), *Origins: An atlas of human migration*, p. 9.

2 TAB: SS 870 R5712/83, Brief P.J. Botha – S.J.P. Kruger, 28.09.1883; TAB: SS 899 729/84, Brief R.J. Holsthausen, H.P.J. van Wijk, E.E. Jordaan & P.J. van der Merwe – S.J.P. Kruger, 20.10.1883; Brief Ds. H.S. Bosman & Petrus Postma – Vice President, 22.04.1884. Op 28 September 1883 en in Oktober 1883 is ’n soortgelyke briewe aan Ds. Postma gerig – Kyk D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, pp. 154–158, & TAB: A.787, Band 120B, pp. 16–21.

3 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, p. 171. Kyk ook GKSA: HU 1.1.1, Notule Commissie ter behartiging van de geestelijke belangen der Geref. Gemeente te St. Januario, Humpata, 24.11.1883, art. 4, p. 11; 03.04.1884, art. 3, p. 13 & 15.01.1885, art. 3, pp. 16–17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beëdigde verklarings onderteken dat hulle na Transvaal sal terugkeer sodra hulle hul graan, wat nog groen op die lande was, geoes het. Die belangrikste redes vir die trekbeweging was die feit dat daar geen kopers vir hulle landbouprodukte was nie, die ongesonde klimaat vir veeboerdery, die gevaar van koors gedurende die somermaande in die laerliggende gedeeltes en die feit dat hulle nie titelaktes vir hulle grond ontvang het nie.[4]

Kort hierna het 'n kommissie uit die noorde teruggekeer met die bevinding dat daar geskikte landbougrond en weiding in die gebied rondom Bié en Caconda is. 'n Aantal gesinne het gevolglik besluit om nie na Transvaal terug te keer nie. Sowat 23 gesinne (van 'n aanvanklike 35 gesinne) het teen die einde van Oktober 1884 Angola onder leiding van L.M. du Plessis verlaat met die doel om na Transvaal terug te keer.[5] Hulle was meestal lede van die tweede trek.[6] Sowat 40 gesinne het in Angola agtergebly.[7]

Nadat hulle teen ongeveer Januarie 1885 deur William Worthington Jordan oorreed is, het van die terugkerendes gedurende 1885 na die gebied rondom Grootfontein in die latere Suidwes-Afrika getrek en 'n kortstondige "Republiek van Upingtonia" gestig, terwyl ander oor Rietfontein (Gobabis) of Namaland na Transvaal teruggekeer het.[8] Ná die moord op Jordan op 30 Junie 1886 by Olukonda in Ovamboland, en 'n verdere moord op Roelof du Toit op 23 Mei 1887 by Asfontein, het dié planne in duie gestort en het sommige van die inwoners van Upingtonia na Humpata en sommige na Transvaal teruggekeer.[9] Gedurende 1895 was daar weer sprake van Angola-Boere wat na Damaraland wou repatrieer.[10] Die rede daarvoor is nie bekend nie.

Aan die einde van 1907 het Henrique de Paiva Couceiro 'n aantal maatreëls ingestel

---

4 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, pp. 164–167.

5 TAB: A.779, Band 1, "Verslag van 'n Kommissie-trek in 'n rigting Noord-Oos van Humpata, 1884"; US: Aanwins no. 73 Veth, Daniël David 1850–1885, 73/15/21 & 73/15/22, Brief P.J. van der Kellen – *Het Nieuws van de Dag*, 25.07.1885; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, pp. 172–173. Kyk ook GKSA: HU 1.1.1 Notule Commissie ter behartiging van de geestelijke belangen der Geref. Gemeente te St. Januario, Humpata, 15.04.1886, art. 4, p. 19 & 18.04.1887, art. III, p. 22.

6 PU: A. Alberts, "Rita McDonald: Geskiedenis van die McDonalds: Voorwoord", p. 3.

7 D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, pp. 176–177.

8 NAN: ZBU 1882, Akten Nr. U.IV.P Landansprüche Jordan uns Genossen (1885–1890) bevat dokumente oor die "republiek van Upingtonia". Kyk ook H. Schinz, *Deutsch-Südwest-Afrika*, pp. 347–353; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, pp. 176–180; G.P.J. Trümpelmann, "Die Boer in Suidwes-Afrika", pp. 33–56; G.P.J. Trümpelmann, "Upingtonia", in *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, vol. 11; D. Immelman, "Dorslandtrek: 'n Terugblik na 100 jaar", *S.W.A. Jaarboek*, pp. 43–44; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 129; N.A. Burger, "Die Dorslandtrek.'n Histories-geografiese studie, 1870–1954", pp. 345–385.

9 H. Schinz, *Deutsch-Südwest-Afrika*, pp. 352–353; D. Postma, *Eenige schetsen voor eene geschiedenis van de Trekboeren […]*, pp. 181–187; G.P.J. Trümpelmann, "Die Boer in Suidwes-Afrika", pp. 50, 52–53; G.P.J. Trümpelmann, "Upingtonia", in *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, vol. 11; E.L.P. Stals, "Die Aanraking tussen Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika, 1850–1915", pp. 313–314; W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 129.

10 H.J. Neethling, "Op reis naar Humpata", *De Vereeniging*, 2 Okt. 1895.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om dit vir die Angola-Boere so moeilik as moontlik te maak om in Angola te bly. As reaksie daarop het meer as 50 Boeregesinne in die loop van drie jaar die land verlaat.[11] Onder die ontevredenes was ongeveer 120 persone wat in 1909 na Transvaal wou terugtrek. Volgens skatting sou slegs 60 persone vir hulle vervoer terug kon betaal. Een van hulle beweegredes was dat hul sonder inkomste gesit het omdat hulle nie meer 'n inkomste uit transportry kon verdien ná die einde van die Cuamato-oorlog in 1907 nie. Verskeie persone is in armoede gedompel. Hulle versoek om deur Betsjoeanaland met hulle vee te trek, is deur die Britse owerheid afgekeur weens die gevaar van verspreiding van veesiektes. Nadat hulle verplig was om hulle vee te verkoop, kon 'n groot groep dit nie bekostig om te emigreer nie en het by die Transvaalse regering om staatshulp aansoek gedoen om te repatrieer.[12] Omdat daar onsekerheid oor hulle nasionaliteit was en sommige as Portugese burgers genaturaliseer is, wou die Britse regering nie staatshulp verleen om hulle te repatrieer nie.[13] Gevolglik het slegs sewe gesinne (ongeveer 40 persone wat almal familie van mekaar was) onder leiding van die jagkoning Jan Harm Robberts in 1909 per skip en vervolgens oor land na Rustenburg teruggekeer.[14] In die Himba-chronologie het hierdie jaar gevolglik die naam gekry van *Mbuta* (die bynaam van Jan Harm Robberts, wat "kort" beteken).[15]

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het 12 gesinne Angola-Boere, waaronder vier Hayes-gesinne en die gesinne van Daniel Robberts, Ben Oppel, Johannes Erasmus, Frikkie de Flamingh, Piet en Fanie Lambert, Piet en Gert Scholtz en die weduwee M. Ludeke, na die Kaokoveld in Suidwes-Afrika getrek en vir die duur van die oorlog daar oorgestaan. Ná afloop van die oorlog het hulle na Angola teruggetrek.[16]

Daar was by verskeie geleenthede sprake daarvan dat van die Angola-Boere na die Belgiese Kongo wou trek. Die feit dat die Boere soms van "die Kongo" gepraat het wanneer hulle die distrik Lunda in die noordooste van Angola bedoel, kan soms tot verwarring

---

11 "Ofício confidencial no. 42, do G.G. Henrique de Paiva Couceiro para o Cônsul de Portugal na Cidade do Cabo", 16 de Dezembro de 1907, in Anon., *Arquivos de Angola*, segunda serie, vol. 14, nos. 55–58, Janeiro–Dezembro de 1957, pp. 109–110; H. de P. Couceiro, *Angola (Dois anos de governo, Junho 1907 – Junho 1909)*, p. 177; Anon., "Os boers de Angola", *Boletim da Agência Geral das Colónias*, 4(42), Dezembro de 1928, p. 224.

12 TAB: CS 907/17796 & GOV 1228 PS 89/2/09, Brief H.C. Mackie (Britse konsul, Luanda) – Sir E. Grey (Under Secretary of State for Foreign Affairs), 24.07.1909.

13 TAB: CS 907/17796, Under Secretary of State – High Commissioner, Johannesburg, 05.10.1909.

14 H.Ph.J. Pasch, "Verdediging van Ds. Pasch", *Het Kerkblad*, 1 Okt. 1909, p. 6, (noem slegs 30 persone); J.F. Kirsten, *Die voor- en nageslag van Johann Fridrich Kirsten (9 Maart 1875) en Gesiena W.A. Kirsten (geb. Robbertse)*, pp. 88–89.

15 G.D. Gibson, "Himba epochs", *History in Africa*, vol. 4, 1977, p. 97.

16 SAB: GG 608 9/59/180, Telegram Hoofd, Windhoek – Defence, Cape Town, 09.02.1918; PU: S.O. Lambert, Herinneringe "Vertel deur van Stephanus Oskar Lambert", p. 27; J. von Moltke, *Jagkonings*, p. 279; Anon., "Heldin van die Dorsland", *Die Brandwag*, 10 Okt. 1958 (meld 11 gesinne); E.L.P. Stals & Antje Otto-Reiner, *Oorlog en vrede aan die Kunene*, p. 48.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanleiding gee.[17] In 1895 het die Angola-Boere met die Belgiese Kongo onderhandel oor 'n voorgenome trek na die Cuango.[18] Gedurende 1916 het die gesinne van Barend Jacobus Christiaan, Barend Jacobus en Pieter Johannes Ludeke van Sacanjimba na Elizabethville en die Lualabarivier in die Belgiese Kongo getrek. Hier het hulle tot 1924 gebly toe hulle na Rhodesië en Suid-Afrika getrek het. Sommige van hulle het daarna weer per ossewa na die Belgiese Kongo getrek waar hulle tot 1932 gebly het en hul toe finaal in Rhodesië gevestig het.[19] Vermoedelik was dit dieselfde groep wat teen 1919 na Katanga (Belgiese Kongo) getrek het. Na aanleiding van hulle gunstige berigte het ander Afrikaners ook oorweeg om na die Belgiese Kongo te trek.[20]

'n Aanduiding van die "treklus" wat onder sommige Afrikaners vaardig was, is te vinde in die geskiedenis van Hans (Johannes Jochemus) en Levina du Toit. Nadat die agtienjarige Levina haar eerste man tydens die Dorslandtrek verloor het, is sy en Hans tydens die trek by die Okavango (Leeupan) getroud. Daarna het hulle vier jaar lank deur die Kalahari en Damaraland getrek en toe vir vier jaar hulle op Humpata gevestig. Ná 'n verdere twee jaar se verblyf op Grootfontein (Republiek Upingtonia) het hulle weer deur die Dorsland na Transvaal teruggetrek, waar hulle op Rustenburg en toe op Groote Spelonken (Soutpansberg) gewoon het. Daarna het hulle in 1893 met die "Sesde Dorslandtrek" vir die derde keer deur die Dorsland getrek. Ná 14 jaar se verblyf op Grootfontein het hulle in 1908 met die skip van Swakopmund na Mombasa vertrek. Nadat hulle vir tien jaar op die Uashin Gishu-plato gewoon het, het hulle in 1918 oor die Ruwenzori (die Berge van die Maan) na die Belgiese Kongo getrek, waar hulle op verskillende plekke gewoon het. Mettertyd het die Afrikanergemeenskap in die Belgiese Kongo tot 70 persone aangegroei. Nadat Levina in 1936 by Rona oorlede is, het Hans na die Uashin Gishu-plato teruggetrek, waar hy in 1938 oorlede is.[21]

'n Verdere aanduiding van die trekgees onder die Angola-Boere kan gevind word in 'n mededeling van Pieter van der Smit aan Hippoliet Meert in Gent dat die Boere van Que verdeeld was oor watter rigting hulle moes trek: Daar was groepe wat onderskeidelik na Transvaal, Damaraland (Suidwes-Afrika), Betsjoeanaland, Oos-Afrika en Katanga (die

---

17 Kyk bv. GKSA: Humpata Bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", p. 46.

18 M.R. Gerstenhauer, "Burenansiedlung und Burenpolitik in Südwestafrika", *Zeitschrift für Kolonialpolitik, Kolonialrecht und Kolonialwirtschaft*, Jg. 6, Nr. 1, Januar 1904, p. 49. Sien ook W.G.R. Clarence Smith, "Mossamedes and its hinterland, 1875–1915", p. 199 n. 46.

19 J.P. Roux, "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zambië, 1895–1975", pp. 132–134.

20 GKSA: HU 2.2.2, Humpata Bylaag, Brief Kerkraad van Que – Sinode, 1919 (ongedateer).

21 UJ: A.L. Aucamp-aanwins, Dagboek 4, Geskiedenis van die Du Toit-familie van Damaraland. Dié geskiedenis is ook gepubliseer in B.M. du Toit, *The Boers in East Africa: Ethnicity and Identity*, pp. 36–37, 136 & V.E. d'Assonville, *Kerk op die Wit Hooglande*, pp. 26–28, 49–50, 60–61, 64.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Belgiese Kongo) wou trek.[22]

Hierdie rustelose en soms onsekere "trekgees" word ook met die repatriasie van 1928 bevestig toe enkele gesinne, wat oorspronklik in 1922 van Ghanzi na Angola getrek het, weer direk na Ghanzi wou trek.[23]

Onder die Boere wat in 1928 in Angola gebly het, word in 1935 vir die eerste keer melding gemaak van 'n nuwe trek uit Angola toe G.D.J. (Gert) Scholtz navraag gedoen het oor die owerheid in Suidwes-Afrika se houding oor nuwe immigrasie na Suidwes-Afrika en of hulle dit nog ondersteun. As motivering vir die voorgenome immigrasie het Scholtz aangevoer: "Die toestande hier word by die dag slegter." Daar was ook ontevredenheid oor die ekonomiese toestand onder die Portugese en die Duitsers in Angola. 'n Hele paar families wou na Suidwes-Afrika trek as hulle soos in 1928 gehelp kon word. Hulle was te arm om sonder hulp te trek en het waarskynlik nie aan die nodige immigrasievereistes voldoen nie. Angola is teen hierdie tyd al vir drie jaar deur 'n sprinkaanplaag geteister.[24] Gert Scholtz se brief is op 20 Junie 1935 opgevolg deur 'n tweede petisie, onderteken deur 34 gesinshoofde en individue, en gerig aan die welvaartsbeampte van die Angola-setlaars in Suidwes-Afrika, E.C. Biermann. Hulle toestand is as "uiters haglik en dringend" beskryf:

> Ons kindertjies word totaald ongeleerd groot en hoe langer die versuim hoe minner kans vir die arme goetjies skole te geniet. Die toestand is ook so moeilik, dat ons Afrikanerdom by die dag terug gaan [= agteruit gaan] […].[25]

In die lig van hierdie omstandighede het sommige gesinne toe reeds hulle eiendom verkoop en na Suidwes-Afrika vertrek.[26] Onder hulle was Sarel Putter (6 gesinslede), die weduwee Maria Putter, die weduwee Paulina van der Merwe (4 gesinslede) en J.J. Nieuwenhuizen (4 gesinslede).[27]

Die administrateur van Suidwes-Afrika, D.G. Conradie, het 'n redelik afwysende houding teenoor hierdie versoeke ingeneem. Hulle is in kennis gestel dat die owerheid hulle weliswaar nie sal verhinder om te trek nie, maar dat die owerheid ook geen hulp aan hulle sal verleen nie. Hulle moes boonop 'n immigrasiedeposito van £40 betaal. Volgens Conradie kon geen finansiële hulp verleen word nie omdat die bestaande Landneder-

---

22 W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 210–211, G.D. van der Smit, *Biografie en Geslagsregister van Pieter van der Smit en eggenote Martha Maria (gebore Prinsloo)*, pp. 134–136.

23 GKSA: P. Biewenga-versameling, lêer 31 (b), Brief Pieter Biewenga – Zuster, Neven en Nichten, 29.12.1927; GKSA: Partikuliere Sinode 3.1.4, Brief Ds. P. Biewenga – Ds. D. Postma, 25.10.1927.

24 NHK: K1/2 3/30/14, Brief Gert & Sannie Scholtz – J.J. Scholtz, 20.01.1935; NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935.

25 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, Brief G.D.J. Scholtz – E.C. Biermann, 20.06.1935.

26 *Ibid.*

27 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, Brief E.C. Biermann – Hoof Amptenaar van Lande, 12.08.1935.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

settingsfonds uitgeput was en enige beskikbare fondse eerder aangewend sou word om die Angola-Boere en immigrante uit Suid-Afrika wat reeds in Suidwes-Afrika is, by te staan. Hy was ook van mening dat, in die lig van die vele klagtes van die Angola-Boere in Suidwes-Afrika, "dit dwaasheid [sou] wees om te vra dat ons nog meer mense in die posisie moet plaas".[28] Die mening is ook uitgespreek dat die Unieregering verantwoordelikheid vir die nuwe intrekkers moet aanvaar en dat dit dalk beter sal wees as hulle op besproeiingsnedersettings in Suid-Afrika geplaas word.[29]

In teenstelling met die ongenaakbare houding van die administrateur teenoor nuwe immigrante het die Angola-Boere wat reeds in Suidwes-Afrika gevestig was, 'n baie meer tegemoetkomende houding ingeneem. Hulle was bereid om nuwe intrekkers met vee te help, ten spyte daarvan dat hulle teen hierdie tyd self baie swaar gekry het.[30] Teen hierdie agtergrond was baie Angola-Boere onseker of dit die moeite werd sou wees om na Suidwes-Afrika te emigreer.

Oor die jare heen is verdere halfhartige pogings aangewend om die oorblywende Afrikaners in Angola na Suidwes-Afrika te repatrieer. 'n Moontlike bron van finansies was die fondse wat bewillig is om die Afrikaners in Argentinië na Suid-Afrika terug te bring.[31] Al hierdie planne het op niks uitgeloop nie.

Die repatriasiegedagte het nogtans voortgeleef. Teen 1953 is 'n versoekskrif, onderteken deur die hoofde van 34 gesinne (bykans uitsluitlik van Chicuma, Que en Ganda), aan die administrateur van Suidwes-Afrika gerig. Daarin is vermeld dat hulle "begerig is om te verhuis na Suidwes-Afrika" en dat Martiens Alberts van Outjo aangestel is om namens hulle toestemming te verkry om na Suidwes-Afrika te trek en die Suid-Afrikaanse regering te versoek om behulpsaam te wees met die voorgenome emigrasie.[32]

Redes waarom sommige Afrikaners van Angola in 1958 getrek het

Die gebrek aan toekomsvooruitsigte was klaarblyklik een van die vernaamste redes waarom die Afrikaners in 1958 besluit het om te trek. Die algemene gevoel is verwoord as "[V]ir die Afrikaanse en Duitse kinders is geen toekoms in Angola nie". Jan Diederiks, Andries Alberts, Paul van der Walt en talle ander Afrikaners het dit amper woordeliks herhaal:

---

28 NAN: SWAA 836 A68/5/4 (v3), Brief D.G. Conradie – J.B.M. Hertzog, 24.09.1935.
29 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, Brief E.C. Biermann – Hoof Amptenaar van Lande, 12.08.1935.
30 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, Brief E. Meyer – D.G. Conradie, 01.08.1935.
31 NHK: K1/2 1/1/6, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 08.12.1937 & 02.03.1939.
32 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G. Strijdom – Ds. T.F.J. Dreyer, 24.07.1953.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Hier is vir ons geen toekoms nie."[33] In 'n brief aan *Die Suidwester* het 32 ondertekenaars dit nog sterker uitgedruk:

> Die toekoms hier vir ons is maar bitter ellendig, wa[n]t ons kan dit aanvoel en vooruitsien. Ons en ons kinders gaan verdwyn as volk en nasie, ook ons kultuur en tradisie. Ons almal gaan beland saam met die naturel in sy krot. Ons toevlug sal tot die naturel wees, soos dit vandag reeds is dat van ons mense op 'n naturel se grond en in sy stroois woon.[34]

Dit is telkens beklemtoon dat 'n belangrike oorweging vir verhuising die gebrek aan onderwysgeriewe vir die kinders in Angola was en dat hulle ter wille van hul kinders se toekoms trek.[35] Dit is interessant dat die onderwyskwessie en die toekoms van hulle kinders in 1928 ook aanleidende oorsake vir die trek was.[36] Dit is opvallend dat daar in beide gevalle aan die kant van die Afrikaners oënskynlik voorheen min erns met die onderwyssaak was en dat die kinders op hierdie gebied aan verwaarlosing oorgelaat was. In beide gevalle was die onderwyspeil van die kinders nie baie hoog nie.

In enkele gevalle het godsdienstige redes blykbaar 'n rol gespeel in die besluit om te trek. Een Afrikanervrou wou trek "dat ek ook soos 'n ordentlike mens in 'n kerk kan kom".[37]

In ander gevalle het familie- en genetiese oorwegings ook 'n rol gespeel. Sommige Afrikaners het in 1958 getrek omdat byna almal al familie van mekaar was en hulle noodwendig sal moes begin ondertrou as hulle langer in Angola bly.[38] Ander Afrikaners het getrek omdat hulle familielede getrek het en hul nie alleen in Angola wou agterbly nie.[39] Nog ander het 'n behoefte gehad om weer hulle familie in Suidwes-Afrika te sien.[40]

---

33 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, p. 16; SAUK: Acc. No. 4957, Mev. Jacobs, Onderhoud met W.A. de Klerk, "Afrikaners en hul spore in Angola", 25 Aug. 1957; W.A. de Klerk, "Swerwer op die sonpad: 3. Dié wat vergeet het om terug te keer", *Sarie Marais*, 27 Mei 1959, p. 51; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, p. 199.

34 Afrikaners in Angola (32 ondertekenaars), "Angola-Afrikaners vra om hulp", *Die Suidwester*, 4 Sept. 1957, p. 4.

35 W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957 & "Probleem van Afrikaners is geestelik eerder as stoflik", *Die Suidwester*, 31 Jul. 1957, p. 10; Afrikaners in Angola (32 ondertekenaars), "Angola-Afrikaners vra om hulp", *Die Suidwester*, 4 Sept. 1957, p. 4; Anon., "Angola-Boere Brandarm Maar Edel Van Inbors", *Die Volksblad*, 1 Okt. 1958; A. Greeff, "Angola-Boere Keer Terug: 'Broer – my broer' het sy gesnik", *Die Landstem*, 4 Okt. 1958; Anon., "Angola Boers arrive in Union to start new life", *The Cape Argus*, 18 Nov. 1958, p. 2; Anon., "Angola-Boer betaal £50 vir 400 pond koffiepitte", *Die Suidwester*, 22 Nov. 1958, p. 5; Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007; Kruger-gesin, 13.07.2007; J.J. de Jager, 27.04.2008.

36 P.J. van der Merwe, *Ons halfeeu in Angola (1880–1928)*, p. 217.

37 SAUK: Acc. No. 4957, Onderhoud met W.A. de Klerk, "Afrikaners en hul spore in Angola", 25 Aug. 1957.

38 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.

39 Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005.

40 Persoonlike onderhoud: G.M.S.J. van der Merwe (née De Jager), 12.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een persoon, Marthie Voigt, het na Suid-Afrika getrek omdat sy dringende mediese behandeling nodig gehad het wat sy nie in Angola kon kry nie.[41]

Die haglike ekonomiese toestand van Angola in die vyftigerjare was blykbaar vir sommige 'n oorweging. Die wêreldwye insinking in die vraag na sisal ná die Tweede Wêreldoorlog het tot 'n aansienlike daling in die prys van sisal gelei. Vir sommige produsente, soos Jan Diederiks, was dit moontlik die rede dat hulle gevoel het hul kan nie meer 'n bestaan maak nie.[42]

Dit is belangrik om in ag te neem dat die meerderheid van die Afrikaners voor die uitbreek van die "bevrydingstryd" in Angola (15 Maart 1961) gerepatrieer het en dat die politieke onstabiliteit en onveilige situasie daarna in Angola nog nie 'n rol kon speel in die besluit om te trek nie.[43] 'n Hele paar Afrikaners wat daarna gerepatrieer het, het daarenteen die bedreiging wat swart mense in Angola vir hulle ingehou het en die uitbraak van die "bevrydingstryd" as redes aangegee waarom hulle besluit het om Angola te verlaat.[44] Die groep wat Angola in Oktober 1961 verlaat het, het spesifiek "as gevolg van die terrorisme en ander oorsake" en die "onseker toestand in Angola" na Suid-Afrika teruggekeer.[45]

Uit die Belgiese Kongo, wat op 30 Junie 1960 onafhanklik geword het, het 'n gesin bestaande uit 'n Portugese vader en Afrikaanse moeder met vier seuns na Angola gevlug. Paul van der Walt het hulle bygestaan om die kinders in 'n Suid-Afrikaanse skool te kry. Ter motivering het hy aangevoer: "My gedagte is dat hierdie soort mense wat reeds met die swartes gebots het, die regte soort immigrant vir Suid-Afrika is."[46]

Verskillende gedagtes oor repatriasie

Teen die vyftigerjare was daar verskillende gedagterigtings oor repatriasie onder die Angola-Afrikaners. Die eenvoudigste verdeling in hierdie verband is tussen diegene wat wou trek en dié wat nie wou trek nie. Onder buitestanders kan vier verskillende standpunte onderskei word: Die Angola-Boere moet eenvoudig aan hulle lot oorgelaat word; hulle

---

41 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

42 W.A. de Klerk, "Swerwer op die sonpad: 3. Dié wat vergeet het om terug te keer", *Sarie Marais*, 27 Mei 1959, p. 45.

43 J.A. Coetzee, "Angola-Afrikaners nie oor terrorisme gerepatrieer", *Dagbreek en Sondagnuus*, 17 Jan. 1965, p. 6.

44 Persoonlike onderhoude: D.J. Storbeck & G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.

45 NHK: K48 1/1/1 D, Oorsig van die voorsitter van die Volkskomitee vir Angola-Boere op die vergadering van 12.06.1961; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 3.

46 NHK: K48 5/1/2, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 18.12.1961.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet permanent in Angola bly maar daar gehelp word; hulle moet voorlopig in Angola bly maar mettertyd na Suid-Afrika of Suidwes-Afrika emigreer; hulle moet onmiddellik gehelp word om te emigreer.

'n Ander gedagte was dat die mense op hul eie gelaat moes word om "koersloos" in Angola te verdwyn.[47] Dié gedagte het betreklik min steun geniet en is nooit werklik ernstig oorweeg nie.

Hierteenoor het die standpunt dat die Afrikaners in Angola ondersteun moet word wyer aanklank gevind. Ds. J.D. Storm het die mening uitgespreek dat repatriasie nie vir die Angola-Boere 'n oplossing is nie omdat hulle onopgelei en onontwikkel is en gevolglik nie opgewasse vir die lewe in Suid-Afrika nie. In Suid-Afrika sou hulle ekonomies slegter af wees as in Angola en net armlastiges word. Die meeste mense wou buitendien nie verhuis nie.[48] Hierdie standpunt het wye ondersteuning geniet, onder andere van Jan Diederiks (aanvanklik), Andries Alberts (wat toe 'n student in Suid-Afrika was) en die Vliegtuigkommissie (1957).[49] Daar is gevoel dat die arm Afrikaners baie goedkoper in Angola kon leef as in Suidwes-Afrika, want in Angola was kos goedkoop. Boonop was vrugbare grond met lopende water gratis beskikbaar.[50] In hierdie geval moes 'n predikant jaarliks gestuur word om die mense in Angola te bearbei.[51] Dit was ook doodgewoon 'n feit dat die meeste Angola-Afrikaners nie oorweeg het om te emigreer nie en gelukkig was met die toestande in dié land,[52] "want ieder heeft zyn eigen huisje of hutje, zyn plaats of zyn plaatsje, zyn eigen heldere watervoor, land en landjes".[53] Dit is keer op keer in die briewerubrieke van plaaslike koerante beklemtoon. Hierdie groep het hulle ook van die repatriasiegedagte gedistansieer. Dit het tot hewige briefwisseling in *Die Suidwester* tussen die voor- en teenstanders van die verskillende gedagterigtings gelei.[54]

---

47 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 16–17.

48 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; J.D. Storm, "Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Jan. 1947, p. 3; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 6.

49 Anon., "Ons Volksgenote in Angola", *Inspan*, VI (3), Des. 1946, p. 15; A.N.J.D. Alberts, "Die Afrikaners in Angola", *Die Hervormer*, 20 Mrt. 1947, p. 17; NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 10.

50 Mirjam, "Afrikanerkinders in Angola", *Die Suidwester*, 28 Mei 1950, p. 4.

51 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 16–17.

52 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935; NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946; NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.09.1950, p. 6.

53 NHK: K1/2 3/31/9, Brief P.A. Nannings – Ds. T.F.J. Dreyer, Februarie 1948.

54 Kyk o.a. M. Voigt, "Ons lesers aan die woord: Baie wil nie trek nie", *Die Suidwester*, 16 Nov. 1957, p. 6; D.L. Swart, "Ons lesers aan die woord: In die Unie en Suidwes is daar plek vir hulle", *Die Suidwester*, 16 Nov. 1957, p. 6; H.S. Prinsloo, "Ons lesers aan die woord: 'Oproermakers' en 'standvastiges' in Angola", *Die Suidwester*, 23 Nov. 1957, p. 4; D. Storbeck, "Laat Dié Trek Wat Wil", *Die Suidwester*, 7 Des. 1957, p. 14; J.J. Diederiks & T. de Klerk, "Ons lesers aan die woord: Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 4 Jan. 1958. Teen 4 Januarie 1958 het die redakteur van *Die Suidwester* aangedui dat korrespondensie oor hierdie onderwerp afgesluit word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierteenoor het Flip Alberts gevoel dat repatriasie met staatshulp en in samewerking met die regerings van beide lande die beste oplossing is en so gou moontlik moet geskied.[55] Jan Diederiks en sommige van die Afrikaners by Chicuma was teen 1957 groot voorstanders van onmiddellike repatriasie.[56] Nadat die skrywer W.A. de Klerk 'n besoek aan die land gebring het, was hy daarvan oortuig dat repatriasie die enigste oplossing vir die geestelike en materiële probleme van die Afrikaners van Angola is, hoewel hy voorsien het dat dit met heelwat probleme gepaard kan gaan.[57] Ds. W.P. van der Merwe het in 1950 eweneens bevind dat emigrasie die blywendste oplossing vir die Afrikaners van Angola is, maar dat die mense daarvan niks wil hoor nie. Hy het nietemin gevoel dat die probleme in hierdie verband nie onoorkomelik is nie.[58] Die beste oplossing voorlopig sou wees om die ouers te kry om hulle kinders na skole in Suidwes-Afrika te stuur en dat die ouers dan spoedig hulle kinders sou volg.[59] 'n Soortgelyke standpunt is deur sy broer dr. Paul van der Merwe, redakteur van *Die Suidwester*, gehuldig. Dr. Paul van der Merwe het gevoel dat repatriasie 'n geleidelike proses moes wees wat oor 25–30 jaar moes strek. Die Vliegtuigkommissie (1957) was ook van mening dat repatriasie 'n langtermyndoelwit moet wees.[60]

Intussen het die repatriasiekwessie heelwat aandag in die Hervormde Kerk geniet. In 1949 is geldelike hulp aan die Afrikaners van Angola op 'n ringsvergadering van die Ring van Dorsland (Hervormde Kerk van Suidwes-Afrika) bespreek. Daar is gevoel dat dit slegs tydelike verligting sal bring en dat die mense "finansieel, kultureel en geestelik gered sal wees" net indien hulle na Suidwes-Afrika of Suid-Afrika repatrieer.[61] Gedurende Augustus 1952 het die Hervormde Kerk 'n versoek aan die minister van lande van die Unieregering gerig vir staatsteun aan immigrante uit Angola na die Unie.[62]

In 1953 het die Kommissie van die Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk hom ten gunste van die repatriasie van al die Angola-Boere na Suid-Afrika of Suidwes-Afrika uitgespreek. Die Kerk was nie ten gunste van die repatriasie van slegs 'n deel van die Angola-Boere nie omdat dit te moeilik sou wees om die agterblywende deel te bearbei.[63]

---

55 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 16–17.
56 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 6.
57 W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, p. 8.
58 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Voorsitter en lede van die Algemene Kommissie, 18.03.1950, pp. 1–2.
59 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 117.
60 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, pp. 1, 10.
61 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. W.P. van der Merwe – Skriba, Kommissie van die Algemene Vergadering, 10.09.1949.
62 NHK: K1/2 3/32/5, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Minister van Lande, 16.08.1952.
63 NAN: BIN 8 B16, Brief Ds. A. Oosthuizen – Dr. Van Rhyn, Administrateur S.W.A., 19.06.1953.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1955 het 'n kommissie van die Hervormde Kerk bevind dat repatriasie op groot skaal nie kan plaasvind nie omdat 'n groot aantal gesinne nie wil trek nie, weens die hoë koste van so 'n trek, en ook omdat daar nie grond in Suid-Afrika of Suidwes-Afrika vir die Angola-Boere beskikbaar gestel kon word nie.[64] Hoewel die kanse vir repatriasie gering was, is aanbeveel dat samewerking met ander Afrikaanse susterkerke en kultuur-organisasies gesoek moet word.[65]

Repatriasie het wyer prominensie gekry toe die Afrikaners van Angola in 1953 in die Suid-Afrikaanse volksraad ter sprake gekom het. Die volksraadslid vir Rustenburg, J.H. Fouché, het daarop gewys het dat 'n fonds vir die "Relief and Repatriation of Distressed South Africans" gebruik behoort te word om hulle na Suid-Afrika te repatrieer.[66]

Inligting oor die Angola-Boere se bereidheid om in die vroeë vyftigerjare te emigreer, is teenstrydig. Enersyds het dit gelyk of daar teen 1951 groot entoesiasme vir emigrasie na Suidwes-Afrika en Suid-Afrika onder die Afrikaners van Angola was.[67] Daar is vir die eerste keer 'n opname gemaak van die aantal Afrikaners wat bereid sou wees om na Suidwes-Afrika of Suid-Afrika te emigreer. Op hierdie lys verskyn die name van 331 persone van 76 gesinne.[68] Hierdie data verskil van dié van twee kommissies wat Angola in 1952 besoek het. In Junie het Paul van der Walt en Hans Alberts byvoorbeeld bevind dat slegs vier gesinne by Chipindo bereid was om te trek, en twee van hulle slegs as daar plase aan hulle beskikbaar gestel word. Gedurende September van dieselfde jaar het die "Plaassoekkommissie" bevind dat uit 55 gesinne nie een bereid was om te trek nie.[69]

Die gedagte om te emigreer, het nogtans 'n hupstoot gekry vanweë die droogte wat in 1955 in Angola geheers het en die daaropvolgende hongersnood omdat geen oes verwag is nie. Daar is private versoeke gerig om met staatshulp te repatrieer.[70] Teen 1957 het die droogte nog voortgeduur. Selfs die fonteine by Humpata het opgedroog.[71]

Ander faktore het ook die emigrasiegedagte bevorder. Nuwe wetgewing is byvoorbeeld deur die Portugese owerheid uitgevaardig dat slegs botter wat by 'n goedgekeurde melkery ("botter huis") geproduseer is, verkoop mag word. Melk of room kon slegs aan fabrieke verkoop word indien melkboere in besit was van 'n lisensie, wat moeilik was om

---

64 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 6.
65 *Ibid.*, p. 10.
66 J.H Fouché, *Hansard*, 8 September 1953, par. 3060–3061.
67 Kyk NHK: K1/2 3/32/5 vir korrespondensie gedurende hierdie tydperk.
68 NHK: K1/2 3/32/5, Brief P.P.H. Alberts – Kommissie van die Ned. Hervormde Kerk, 26.09.1951.
69 P.G. Geertsema, "Ons Lesers Aan Die Woord: Kommissie Antwoord Mnr. J.M. Alberts", *Die Suidwester*, 12 Nov. 1952.
70 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.J. van Dyk – Sekretaris van Suidwes-Afrika, 26.08.1955; NHK: K48 5/1/1, P.S. van der Walt, "Rapport van die gemeente Angola … vir die jaar 1955".
71 NHK: K1/2 3/34/5, Brief P.S. van der Walt – Kommissie van die Algemene Vergadering, 20.01.1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die hande te kry. Dit het dit vir baie melkboere onmoontlik gemaak om hulle botter, melk of room van die hand te sit sonder om 'n boete op die lyf te loop.[72]

Reeds in 1956 is die hoop uitgespreek dat die voorgenome fees wat in 1957 by Humpata gehou sou word 'n geskikte geleentheid was om repatriasie te bevorder.[73] Teen 1957, ná die fees, was die meerderheid Afrikaners van Angola ten gunste daarvan om gerepatrieer te word. In 'n brief aan *Die Suidwester* het 32 gesinshoofde aangedui dat hulle ten gunste van repatriasie na Suidwes-Afrika of Suid-Afrika is.[74] In 'n verdere brief aan *Die Suidwester* het 78 persone met 75 kinders aangedui dat hulle ten gunste van die voorgenome repatriasie is.[75]

Tog het 'n kommissie van die Hervormde Kerk gedurende dieselfde jaar bevind hulle het "maar enkele gevalle teëgekom wat die begeerte uitgespreek het om na Suidwes-Afrika of die Unie te verhuis. En dan ook alleen indien daar plase tot hulle beskikking gestel kan word". Dié kommissie het gevoel dat die kommissielede oor "grondige ervaring" in hierdie aangeleentheid beskik en dat enige afwykende opinie "alleen maar op vlugtige indrukke berus".[76]

Die kommissie het nietemin die wysheid gehad om tot die gevolgtrekking te kom dat daar "ook nie op hulle [die Angola-Boere se] oordeelsvermoë staatgemaak [kan] word nie. So kan hulle maklik enige ding wysgemaak word. […] Hulle kan net so maklik oorgehaal word om na die Unie te wil trek as wat hulle oorgehaal kan word om in Angola te bly."[77] Hierdie waarneming verklaar die weersprekende gevolgtrekkings waartoe verskillende persone gedurende die vyftigerjare gekom het. In die pers is wel kritiek uitgespreek teen die kommissie se bevinding dat die Afrikaners van Angola nie dadelik gerepatrieer kan word nie en eers intellektueel opgevoed en opgehef moet word.[78]

---

72 NHK: K48 5/1/1, Brief Theunis de Klerk – Onkel Antie Niggies Neef, 12.05.1957.
73 P.G. Geertsema, "Ons Lesers Aan Die Woord: Kommissie Antwoord Mnr. J.M. Alberts", *Die Suidwester*, 12 Nov. 1952; NHK: K1/2 3/335, Brief Ds. J.A. Viljoen – Ds. T.F.J. Dreyer, 28.05.1956.
74 Afrikaners in Angola (32 ondertekenaars), "Angola-Afrikaners vra om hulp", *Die Suidwester*, 4 Sept. 1957, p. 4.
75 J.J. Diederiks & T. de Klerk, "Ons lesers aan die woord: Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 4 Jan. 1958; Anon.,"78 Afrikaners bereid om uit Angola te kom", *Die Suidwester*, 29 Jan. 1958, p. 7.
76 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 10; Kyk ook J.G.M. Dreyer, "Ons lesers aan die woord: Leraar Vertel van Boere in Angola", *Die Transvaler*, 1 Jul.
77 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 8.
78 G.D. van der Smit, "Ons lesers aan die woord: Die Angola-Afrikaners en die Kerk", *Die Suidwester*, 24 Aug. 1957, p. 8 & "Die Afrikaners in Angola", *Die Suidwester*, 30 Aug. 1957, p. 6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Beskikbaarheid van plase in Suidwes-Afrika

Die gedagte dat daar plase in Suidwes-Afrika vir die Angola-Boere beskikbaar gestel moet word, kom 'n lang pad, sedert die "groot uittog" van 1928. Sommige Angola-Afrikaners was wel bereid om na Suidwes-Afrika te emigreer, mits daar plase aan hulle beskikbaar gestel word. Hulle was dus nie bereid om bywoners te word nie.[79]

Die Suidwes-Administrasie het gevoel dat hulle nie oor die nodige fondse beskik het nie en dat by die Unieregering aangeklop moet word.[80] Daar was teen 1953 nog £250 000 van die Angola Fonds beskikbaar om Afrikaners uit Angola in Suidwes-Afrika te hervestig.[81] Adv. J.G. Strijdom, minister van lande in die Unieregering, het in 1953 egter bevestig dat geen grond in Suidwes-Afrika of Suid-Afrika beskikbaar is om mense uit Angola te hervestig nie.[82] Tydens 'n besoek van 'n kommissie van die Hervormde Kerk in 1955 het die administrateur van Suidwes-Afrika ook beklemtoon dat daar geen moontlikheid bestaan dat plase aan Angola-Boere beskikbaar gestel kan word nie omdat daar reeds 500 aansoeke van Suidwes-boere vir grond in die gebied is.[83]

Tydens 'n vergadering van die Volkskomitee vir Angola-Boere op 26 November 1957 het D.N. Erasmus daarop gewys dat die indruk geskep is dat die Afrikaners van Angola slegs bereid is om te trek as hulle plase ontvang. Hy het 'n brief voorgelees waarin verklaar is dat hulle bereid is om te trek omdat hulle hul kinders gered wil hê.[84]

Die aanloop tot die repatriasie

Die lot van die Afrikaners van Angola het voor 1957 weinig aandag buite die geledere van die Hervormde Kerk geniet. Gedurende 1956 het 'n jaggeselskap waarvan 'n Bloemfonteinse sakeman, Johan Pienaar, lid was, Angola besoek en met hulle terugkeer 'n baie swart prentjie van die Afrikaners van Angola geskilder. Sy ervaringe is gedurende Junie

79 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt – Ring van SWA, ongedateer (ca. 1952), pp. 3–4; NHK: K1/2 3/32/5, Brief A.J. Alberts & P.S. van der Walt, "Rapport van die twee broeders wat deur die Ring van S.W.A. afgevaardig is na Angola om ons lidmate aldaar te besoek", pp. 2–3; NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Kommissie van die Algemene Vergadering, 07.07.1957, p. 10.

80 NHK: K1/2 3/28/6, Brief Ds. M.M. Grobler – Ds. T.F.J. Dreyer, 29.11.1935.

81 NAN: BIN 8 B16, Aantekening op Uitvoerende Komitee Besluit 413 van 08.05.1953.

82 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G. Strijdom – Ds. T.F.J. Dreyer, 24.07.1953. Kyk ook NAN: BIN 8 B16, Aantekening op Uitvoerende Komitee Besluit 413 van 08.05.1953.

83 NHK: K1/2 3/33/5, Brief J.G.M. Dreyer & J.H.H. Janson – Kommissie van die Algemene vergadering, Augustus 1955, p. 5.

84 NHK: K48 1/1/1, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 26.11.1957, p. 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1957 in *Die Burger*, *Die Volksblad* en *Die Oosterlig* gepubliseer en het groot opspraak verwek.[85]

Pienaar se "ekspedisie" het tot die Hoffman Angola-ekspedisie van die Nasionale Museum van Bloemfontein in 1958, waarvan hy ook lid was, aanleiding gegee. Hulle het kontak met Afrikaners van Angola gemaak, maar ongelukkig niks meer nagelaat as 'n vlugtige verwysing of twee van die besoek nie. Hulle het voorsien dat die Angola-Afrikaners vir geslagte lank nog 'n probleem vir Suid-Afrika sou wees.[86]

Gedurende Junie 1957 is sy wedervaringe saam met 'n hartstogtelike pleidooi deur Pierre de Villiers in *Die Brandwag* gepubliseer, waarin gewag gemaak is van 'n "pleitroep": "Red die Afrikaners in Angola van totale ondergang en bring hulle terug Unie toe!" De Villiers het beweer:

> Vir hierdie mense bestaan daar geen hoop op 'n beter en rooskleuriger toekoms nie. Vir hulle het die daaglikse stryd om siel en liggaam aan mekaar te hou eens te veel geword en sommige stoere ou pioniers, wat vroeër floreer het as jagters en transportryers, het reeds lankal tou opgegooi.[87]

Marthie Voigt het uit Ganda, Chicuma gereageer en op verskeie onjuisthede in Pierre de Villiers se artikel gewys.[88]

Die voorafgaande berigte is ook deur ander koerante oorgeneem. Lesers het onmiddellik aanbiedinge van hulp gemaak en gevra aan watter organisasie hulle hul bydraes kan stuur. Die gevoel is uitgespreek dat iets vir hulle volksgenote gedoen moet word, net soos voorheen hulp aan buitelandse vlugtelinge uit die Belgiese Kongo en Hongarye en vloedslagoffers in Nederland verleen is. Daar het sterk stemme opgegaan dat hierdie mense gehelp moet word om te repatrieer.[89] Op 1 Julie 1957 het die redakteur van *Die Transvaler* aangekondig dat stappe tot hulpverlening reeds gedoen word.[90]

---

85 C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35; C.E. Boshoff, "Nuwe tyding", *Byvoegsel tot Die Burger*, 22 Jun. 1957, p. 41.

86 NALN: Ms. 2561/83/581, Brief Johan Pienaar – Dr. J. Albert Coetzee, 16.09.1958; Anon., "Angola Boers did much. School plan to beat poverty", *The Friend*, 1958 (datum onbekend); P.H. Ollemans, *Hottentot hunt*, pp. 61, 63.

87 P. de Villiers, "Bring ons terug na Unie!", *Die Brandwag*, 28 Jun. 1957, p. 29.

88 M. Voigt, "Angola-Vrou Skryf: Ons was geskok", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*. 6 of 7 Sept. 1957, p. 15.

89 M.S. van Heerden, "Ons lesers aan die woord: Dit is Ons Nasie, Ons Eie", *Die Transvaler*, 1 Jul. 1957; D.J. Kocks, "Ons lesers aan die woord: Hulpbetoon Aan Angoolse Boere", *Die Transvaler*, 1 Jul. 1957; P.J. Bezuidenhout, "Ek sal help", *Die Brandwag*, 26 Jul. 1957; Anon., "Hulp vir Angola-Boere", *Die Brandwag*, 23 Aug. 1957, p. 19.

90 Kommentaar van redakteur by D.J. Kocks, "Ons lesers aan die woord: Hulpbetoon Aan Angoolse Boere", *Die Transvaler*, 1 Jul. 1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Humpata-fees (1957)

Onmiddellik hierna is die herdenkingsfees op 4 tot 8 Julie 1957 te Humpata gehou. Onder die feesgangers was daar Afrikaners uit Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Angola, verteenwoordigers van die Portugese regering, Portugese uit Angola, die "mak volk" en 'n Nederlandse sendeling van Jau. Die hoogtepunt van die fees was die onthulling van 'n monument ter ere van die Dorslandtrek.[91]

Baie Angola-Afrikaners van Suidwes-Afrika het vir die eerste keer in dertig jaar weer hulle familielede gesien. Vir oom Bart de Paiva was dit wonderlik om weer *a gente da minha raça* (die mense van my ras) te sien.[92] Die Humpata-fees was glo ook vir sommige Portugese in Angola 'n openbaring omdat hulle nie eintlik voorheen die geleentheid gehad het om Afrikaners persoonlik te ontmoet nie.[93]

Onder die Afrikaners van Angola het die geesdrif in sommige gevalle besonder hoog geloop. Een gesin het 'n motor teen ongeveer 'n kwart van hulle jaarlikse inkomste gehuur om die fees te kan bywoon. Sommige het van Chicuma na die fees gekom. Heelwat van hulle wou, hoewel hul baie arm was, bydraes maak om die monument te help betaal.[94]

Dit het Afrikaners in Angola en in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika oor en weer bewus gemaak van die verskillende omstandighede waaronder hulle geleef het. Voor hierdie geleentheid was enkele besoekende predikante van die Hervormde Kerk bykans die enigste kontak wat die Afrikaners van Angola met die groter Afrikanerdom gehad het. Bykans geen Afrikaners van Angola het Suidwes-Afrika of selfs Suid-Afrika al besoek nie; hulle kennis oor dié lande was dus maar karig, behalwe vir wat hulle in 'n paar tydskrifte kon lees.

Aan die ander kant het die Afrikaners in Suid-Afrika weinig kennis van die Afrikaners van Angola gedra. Dit was die uitsondering om eerstehandse verslae soos dié van Johan

---

91 SAB: PM 1/4/195 EM2/81 & SAB: BTS 86/7/1/2, Memorandum Beoogde Angolatrekkergedenkfees by Humpata, Angola; Anon., "Eerste feesgangers kom op Sa da Bandeira aan", *Die Suidwester*, 3 Jul. 1957, p. 1; "Feesgangers se indrukke van Humpata-fees", *Die Suidwester*, 10 Jul. 1957, p. 1; "Vriendskap Tussen Suidwes en Angola", *Die Suidwester*, 10 Jul. 1957, p. 4; "Wat Dorslandtrekkers hier gedoen sal nooit vergeet word nie", *Die Suidwester*, 10 Jul. 1957, p. 8; Anon., "Gedenknaald in Angola onthul: Treffende Hulde Gebring aan Dorslandtrekkers", *Die Transvaler*, 10 Jul. 1957; "Op Kuier met die Kennis deur Delwer", *Die Suidwester*, 13 Jul. 1957, p. 2 & 20 Jul. 1957, p. 2; Anon., "Pelgrimstog uit Unie na Humpata", *Die Transvaler*, 12 Aug. 1957; P. Steyn (red.), *Gedenkblad van die Dorslandtrek, Angola-Boere en nasate*, pp. 48–50; Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.

92 SAUK: Acc. No. 4955, 4946 & 4957, W.A. de Klerk, "Afrikaners en hul spore in Angola", 11, 18 & 25 Aug. 1957; SAUK: Acc. 5049, Hendrik de Bruyn, "Nasate van die Dorslandtrekkers (Deel 1–3)", 13, 20 & 27 Jan. 1976.

93 SAUK: Acc. No. 4957, Bart de Paiva, Onderhoud met W.A. de Klerk, "Afrikaners en hul spore in Angola", 25 Aug. 1957.

94 W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, p. 18; W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 107–109, 190–192.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pienaar en sy jaggeselskap in die pers te lees. Die gepubliseerde verslae van besoekende predikante het, hoewel erg negatief oor die armoede en die morele peil van die Afrikaners van Angola, 'n "gesuiwerde" prentjie van die realiteit geskilder wat soms heelwat verskil van die realiteit wat in verslae voor die liggame van die Hervormde Kerk gedien het.

Later is verklaar dat die Afrikaners van Angola "se oë tydens die Humpatafees oopgegaan het toe hulle die persone wat in 1928 uit Angola getrek het, met motorkarre daar sien aankom het".[95]

Met die terugkeer van die Vliegtuigkommissie van die Hervormde Kerk en feesgangers van die Humpata-fees het 'n voorbladberig in *Die Transvaler*, radio-uitsendings (onder andere deur die skrywer W.A. de Klerk), 'n film wat oor die besoek aan Angola vertoon is en verdere berigte in die pers tot groot belangstelling onder die publiek oor die toestand van die Afrikaners van Angola gelei. Die kommissie se bevinding was dat die Afrikaners van Angola 'n "proses van isolasie en verval" deurgemaak het en dat opheffing onmiddellik onder hulle moet geskied.[96]

In 'n hoofartikel van *Die Burger* van 25 Julie 1957 is verklaar dat dit die Afrikaners in Suid-Afrika se begeerte is om uit te reik na dié wat dit begeer en dat 'n einde aan dié vraagstuk gebring moet word. Sporadiese hulp, geestelik en stoflik van aard, het geen oplossing meer gebied nie. Daar is wel besef dat diegene wat terugkom, sorgbehoewend sal wees en dat die meeste volwassenes sorgbehoewend sal bly. Daar is nietemin gevoel dat repatriasie die enigste blywende oplossing sal wees en dat dit die moeite werd is om dit ter wille van die kinders te doen.[97]

Op dieselfde datum is langs hierdie hoofartikel 'n verslag van die skrywer W.A. de Klerk, wat pas uit Angola teruggekeer het, gepubliseer waarin die benarde toestand van die Afrikaners in Angola geskets word en die oorsake vir hierdie toestand bespreek word.[98] Die koerantberig in *Die Burger* is kort daarna opgevolg met twee artikels in *Die Huisgenoot*, "Ons eie bloed vergaan in Angola" en "Geen kerk, geen skool, geen toekoms", waarin die lot van die Afrikaners van Angola uitvoeriger bespreek is en wye belangstelling in hulle lot gewek het.[99] W.A. de Klerk en dr. J. Albert Coetzee is later deur die volksraadslid

---

95 NHK: K48 1/1/1, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 26.11.1957, p. 3.

96 Anon. "Verval in Angola byna ondenkbaar", *Die Transvaler*, 9 Jul. 1957, p. 1; Anon., "Angola-Boere leef in onkunde en verval", *Die Transvaler*, 9 Jul. 1957, p. 7; Anon., "Angola-Afrikaners woon in ellende – Kommissie", *Die Suidwester*, 13 Jul. 1957, p. 8; Anon., "Hulp aan Angola-Boere kan nie langer uitgestel word – Bevind Kommissie", *Die Suidwester*, 13 Jul. 1957, p. 12.

97 Anon., "Die Noodkreet uit Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957.

98 W.A. de Klerk, "'n Noodkreet Kom van Ons mense in Angola", *Die Burger*, 25 Jul. 1957 & "Probleem van Afrikaners is geestelik eerder as stoflik", *Die Suidwester*, 31 Jul. 1957, p. 10.

99 W.A. de Klerk, "Ons eie bloed vergaan in Angola", *Die Huisgenoot*, 12 Aug. 1957, pp. 6–8, 12; W.A. de Klerk, "Afrikaners in Angola (2): Geen kerk, geen skool, geen toekoms", *Die Huisgenoot*, 19 Aug. 1957, pp. 15–16, 18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir Karas (Suidwes-Afrika), Johannes von Moltke, op 'n byeenkoms van die Robertson Afrikaanse Kultuurvereniging daarvan beskuldig dat hulle die toestand van die Afrikaners in Angola oordryf het.[100]

Die Hervormde Kerk was aanvanklik nie besonder betrokke by die Volkskomitee vir Angola-Boere nie. Slegs een predikant, ds. A.J.G. Oosthuizen, is gekoöpteer en wel sonder sy medewete.[101] Nadat sommige van die Hervormde lidmate in Angola van die stigting van die Volkskomitee vir Angola-Boere gehoor het, het hulle 'n versoek aan die Hervormde Kerk gerig om hulle gewig by die Volkskomitee in te gooi en nie verder by die ontwikkeling van Tunda betrokke te wees nie: "So help laat ons hier uit Angola uit kom, en troetel nie 'n duim verder aan die skool nie. Dit is wat ons kerk moet doen en niks meer nie."[102]

Onder die Afrikaners van Angola het die trekgedagte in so 'n mate posgevat dat selfs aanvanklike ondersteuners van die gedagte om in Angola te bly later ten gunste van die trek was. Daniel Storbeck van Capala het in 'n brief in dié verband aan die Hervormde Kerk verklaar: "Soos u seker al ge hoor het wil hulle net trek[.] ja en glo my, daar is nou net nie meer keer aan nie." Hy het gevoel as die res van die gemeenskap trek, sal hulle ook "seker genoodsaak wees om te trek, terwille van my kinders se toekoms". Hy was egter nie gerus oor die noodwendigheid van die voorgenome trek nie, veral in die lig van dié kerk se teenstand teen die repatriasie, en wou nie goedsmoeds by die ander trekkers aansluit "en so doende my kerk in die rug steek nie".[103]

Paul van der Walt het min begrip gehad vir diegene wat wou trek en het die trekgedagte beskou as 'n sameswering "deur persone wat nog nooit in hulle lewe 'n hand verroer het om 'n arme te help nie". Die skielike belangstelling in die Afrikaners van Angola het hy gesien as dat dit daarop gemik is om die Hervormde Kerk se "werk in Angola ten gronde te bring". Ook het hy gevoel dat "daar selfs met ander kerke geknoei [word] solank die werk in Angola maar ten gronde kan gaan". En hy vra selfs: "Waarom haat daardie mense van der Walt?" Hy het dit betreur dat allerhande onjuisthede verkondig word. Hy was daarvan bewus dat die Afrikaners in die suide nie sal wil trek nie. Ook het hy ingesien dat die Afrikaners in die noorde (dit wil sê Sentraal-Angola) sal swaarkry as hulle na Suid-Afrika trek, maar dat die kinders darem gered sal word.[104] Toe die repatriasie nie meer

---

100 Anon., "L.V. neem W.A. de Klerk, dr. Coetzee kwalik", *Die Burger*, 8 Jun. 1959, p. 9; Anon., "Angola-Boere: W.A. de Klerk Antwoord Mnr. Von Moltke", *Die Burger*, 9 Jun. 1959; Anon., "Hardship tales about Angola Boers denied", *The Cape Argus*, 9 June 1959.
101 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Ds. C.H. Muller, 15.08.1957.
102 NHK: K48 5/1/1, Brief T.C. de Klerk – Mnr. A.B. van N. Herbst, 03.09.1957.
103 NHK: K48 5/1/1, Brief D. Storbeck – Mnr. A.B. van N. Herbst, 10.09.1957.
104 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 10.09.1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestuit kon word nie, het hy steeds volhard dat "hierdie hele treksaak 'n vuil ding [is] waaraan geen ordentlike mens kan deelneem nie".[105]

By 'n ander geleentheid het hy die Afrikaners van Sentraal-Angola daarvan beskuldig dat hulle die kerk in die rug steek en voorspel dat hulle "die Unieregering gaan verraai sodra hulle daar stemreg het". Hy het intussen selfs 'n memorandum opgestel om die mense van die noorde verdag te maak.[106]

Tussen 21 Augustus en 24 Augustus 1957 het D.N. Erasmus van Rhodesië die Afrikaners van Angola besoek om ondersoek te doen na die moontlikheid van repatriasie na Suid-Afrika. Vir hierdie doel het Erasmus later £1000 geskenk.[107] Hy het bevind dat die meeste Afrikaners in Angola na Suid-Afrika of Suidwes-Afrika wil repatrieer.[108]

So vroeg as Julie 1957 het die eerste Afrikaners hulle plase en vee begin verkoop.[109] Teen Oktober 1957 was dit algemeen dat Afrikaners kopers vir hulle plase en vee begin soek het.[110]

Die Suid-Afrikaanse regering se standpunt in dié stadium was dat die regering hom nie kan inmeng met die burgers van 'n ander land nie. Die regering was dus onwillig om op 'n wyse op te tree wat as inmenging in die interne aangeleenthede van 'n ander land beskou kan word. Kort tevore het die Suid-Afrikaanse regering in die VNO juis sterk standpunt teen inmenging ingeneem, na aanleiding van inmenging deur Indië ten behoewe van Suid-Afrikaanse burgers van Indiese afkoms.[111]

Nieteenstaande dit teen hierdie tyd duidelik was dat die oorgrote meerderheid van die Afrikaners in Angola wil emigreer, het die Hervormde Kerk steeds die standpunt ingeneem dat hulle in ieder geval spoedig ná hul aankoms in Suid-Afrika of Suidwes-Afrika sal wil terugkeer na Angola.[112] Teen Oktober 1957 het Paul van der Walt steeds verkondig dat baie mense nie wil trek nie en dat grootskaalse emigrasie buite die kwessie is.[113] Hierteenoor het Theuns de Klerk ongeveer dieselfde tyd gevoel:

---

105 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 163.
106 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 15.01.1958.
107 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 10.09.1957; NHK: K48 1/1/1, Notule Dagbestuur van die Bestuurskomitee van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 27.09.1957, p. 1; NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – J.M. Venter, 18.10.1957; Anon., "Boer Skenk £1,000", *Die Vaderland*, 26 Sept. 1957; FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 145.
108 NHK: K48 1/1/1 D, Notule Dagbestuur Volkskomitee vir Angola-Boere, 18.11.1957.
109 NHK: K48 5/1/1, Brief W.A. de Klerk – Mnr. A.B. van N. Herbst, 31.07.1957.
110 NHK: K48 5/1/1, Brief W. Voigt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 20.10.1957.
111 NAN: SWAS 447 A67/3/3, Brief Sekretaris van Buitelandse Sake – Sekretaris van Suidwes-Afrika, 12.12.1957.
112 NHK: K48 5/1/1, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – J.M. Venter, 18.10.1957.
113 Anon., "Groot koshuis vir kinders van Angola-Afrikaners kom op Tunda", *Die Suidwester*, 19 Okt., p. 6.

© University of Pretoria

> Die Kerk wat die mense moet beweeg is onnodig[.] die mense wil uit hulle eie beweging trek[.] as die Kerk hulle moet beweeg sal dit nooit gebeur nie daar die bestuur van hier Eerw. [Van der Walt] die mense hier wil hou om geld te virdien."[114]

Eers teen Februarie 1958 het Paul van der Walt besef dat die enkele Afrikaners wat nie wou trek nie meestal in die suide was, hoewel daar ook 'n paar in die noorde was. Hy het steeds min begrip vir die voornemende trekkers se beweegredes gehad en die hele trekbeweging beskou as iets wat slegs daarop gemik is om die skool op Tunda te ondermyn. Beskuldigings is gemaak dat dit nie 'n "skoon saak" is nie en dat sy gemeentelede wat ten gunste van trek is die "vyand" is.[115] Sy briewe aan die Hervormde Kerk is deurspek met voortdurende verdagmaking van voorstanders van die voorgenome trek.[116] Die Hervormde Kerk het na aanleiding van Van der Walt se verdagmaking die voorstanders van die trek as "voorbarige opswepers" bestempel.[117]

Vandag is dit moeilik om Van der Walt se optrede te verklaar omdat hy homself nooit uitgelaat het oor sy beweegredes nie. 'n Mens sou vermoed dat hy uit voeling met die Afrikaners in die noorde van Angola was en gevolglik nie daarvan bewus was dat die meerderheid van hulle voorstanders van die trek was nie. Maar dit sou nog nie sy kwaadwillige verdraaiing van feite en verdagmaking van voorstanders van die trek verklaar nie. 'n Mens vermoed gevolglik dat eiebelang 'n groot rol gespeel het, gesien die verlies aan status en salaris wat die voorgenome repatriasie vir hom ingehou het, maar hy kan kwalik as 'n baatsugtige persoon getipeer word (in teenstelling met Jan Diederiks). Die beskikbare bronne swyg egter oor sy beweegredes.

Toe die Afrikaners van Angola begin trek, is die Hervormde Kerk dus onverhoeds gevang. Die Hervormde Kerk was steeds onder die indruk daar was slegs "beweringe dat die mense na Suidwes-Afrika en die Unie kan verhuis" en moontlik is nie meer as agt gesinne by die trek betrokke nie. Die Hervormde Kerk was trouens aan die reëlings tref vir verdere aanbouings aan die skool by Tunda, terwyl die skool intussen reeds sy deure finaal gesluit het.[118]

---

114 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief T.C. de Klerk – P.P.H. Alberts, 20.11.1957.
115 NHK: K48 5/1/1, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 09.02.1958.
116 NHK: K48 5/1/1, Verskeie briewe, P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 1957–1958.
117 NHK: K48 5/1/2, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Ds. J.A. Viljoen, 22.09.1958.
118 NHK: K1/2 1/1/9, Notule Moderamen van die Hervormde Kerk, 02.09.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Volkskomitee vir Angola-Boere

Reeds aan die einde van Junie 1957 was daar berigte in die Suid-Afrikaanse pers dat ’n komitee onder leiding van dr. J. Albert Coetzee gestig gaan word met die oog op hulpverlening aan die Angola-Boere.[119] Aan die begin van Julie 1957 het dr. Coetzee aangekondig dat daar reeds ’n Volkskomitee vir Angola-Boere gestig is.[120] Hierdie aankondiging was voortydig. Berigte daaroor het nietemin reeds in die pers verskyn en die gemoedere opgesweep.

Dr. J. Albert Coetzee was gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu vir ’n rukkie die onderwyser van die Boereskooltjie op Mombolo en het daarna verskeie boeke en artikels oor die Afrikaners van Angola geskryf.[121] Ten tye van sy werksaamhede in die Volkskomitee was hy provinsiale raadslid van die Nasionale Party vir Kemptonpark.

Op 9 Augustus 1957 is die Volkskomitee vir Angola-Boere in Pretoria uiteindelik gestig nadat dit deur dr. Coetzee saamgeroep is. Dit is bygewoon deur dr. Coetzee, ds. H.J. Piek, mev. J.M. Raath (SAVF), mev. E.J. van Heerden (VLU), ds. A.J.G. Oosthuizen, ds. H.F.V. Kruger, prof. J.A. van der Walt (UNISA), A.B. van N. Herbst en prof. Geoff Cronjé (UP). Prof. B.J. Engelbrecht, Hendrik Vermooten, G.F. Robbertse, F.N. de Flamingh en J.P.G. de Flamingh was as besoekers teenwoordig.[122] Die aanleiding tot die stigting van die komitee was: “[I]n Suid-Afrika en Suidwes het berigte van die dreigende ondergang [van die Afrikaners in Angola] deurgedring tot die hart van die Afrikanerdom en orals in ons land het daar stemme opgegaan dat iets gedoen moet word om daardie mense wat ons vlees en bloed is, te red.”[123] Die Afrikaners van Angola se lot is geskets, ’n konstitusie is goedgekeur en ’n bestuurskomitee van tien lede is gekies. Die doelstelling van die Volkskomitee was “om behoeftige uitgeweke volksgenote en hul nakomelinge in Angola ekonomies en kultureel te hulp te kom”. Hoewel die woord “repatriasie” tydens die vergadering genoem is, is daar in die notule geen blyke daarvan dat repatriasie in daardie stadium

---

119 Anon., “Komitee Gestig Om Afrikaners in Angola te Help” & “‘Afrikaners in Angola moet terugkeer’: Ds. Piek Vra dat Hervestiging ’n Volksaak Moet Word”, *Die Transvaler*, 26 Jun. 1957.

120 Anon., “Oproep gedoen om landswye insameling vir die Angola-Boere”, *Die Transvaler*, 4 Jul. 1957; Anon. 1957. “Angola-Boere: Beroep om bloedeie se nood te lenig” & “Hulp Aan Volksgenote”, *Die Vaderland*, 4 Jul., p. 9; Anon., “For Him A Long Trek, But Goal Is In Sight”, *The Pretoria News*, 9 Jul. 1957, p. 1; NHK: K48 1/1/1, Notule Stigtingsvergadering: Aanhangsel A: Stigtingsrede deur dr. J. Albert Coetzee, 09.08.1957.

121 *Dorsland-trekkers* (1925), *Die swerwers: Sketse uit die Dorsland Trek* (1925); *Die trekgees* (1926); *Dorsland-awontuur* (1942); *Groot Avontuur* (1977) en *Die nooientjie van Kneukelberg: Avontuur in Angola en die Kongo* (1981).

122 NHK: K48 1/1/1, Notule Stigtingsvergadering van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 09.08.1957; Anon., “Volkskomitee gestig vir Angola-Afrikaners”, *Die Suidwester*, 14 Aug. 1957, p. 3.

123 NHK: K48 1/1/1, Notule Stigtingsvergadering: Aanhangsel A: Stigtingsrede deur dr. J. Albert Coetzee, 09.08.1957.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorweeg is as die enigste oplossing vir die lot van die Afrikaners van Angola nie: "Onmiddellike noodhulp" sou eerste aangepak word, gevolg deur "algehele rehabilitasie […] daar ter plaatse of deur repatriasie".[124]

Op dieselfde datum het die pasverkose bestuurskomitee vergader en 'n dagbestuur, bestaande uit dr. Coetzee (voorsitter), ds. Piek (ondervoorsitter) en mnr. Herbst (sekretaris-tesourier) verkies.[125] Kort daarna is 'n pamflet versprei waarin daar 'n oproep verskyn om fondse in te samel vir hulpverlening aan die Angola-Boere, aanvanklik vir "noodhulp" en later vir "permanente rehabilitasie".[126]

Kort nadat die Volkskomitee vir Angola-Boere in die lewe geroep is, het die regering aangedui dat hulle simpatiek staan teenoor die lot van die Afrikaners van Angola, hoewel hul nog nie kon aandui watter vorm hulle hulp sal aanneem nie.[127] Daar was 'n beskrywingspunt op die Nasionale Party se kongres wat aan die begin van September 1957 in Bloemfontein plaasgevind het dat die regering stappe moet neem om die Afrikaners by te staan om na Suid-Afrika terug te kom. Dit was teen hierdie tyd die algemene gevoel in Suid-Afrika.[128] Die destydse eerste minister, adv. J.G. Strijdom, het hierop gunstig gereageer en verskeie alternatiewe aangekondig waarop die regering die Angola-Afrikaners sal help as dit hulle wens is om na Suid-Afrika te repatrieer. Hulle sou dieselfde voordele as Suid-Afrikaanse burgers ontvang.[129]

Op 'n dagbestuursvergadering van die Volkskomitee op 30 September 1957 is 'n konseppleitskrif van J.J. Diederiks en T.C. de Klerk voorgehou. Daarin word die versoek herhaal dat hulle hulp sal ontvang om so spoedig moontlik te repatrieer. Die dagbestuur was bekommerd dat die pleitskrif uiters gevaarlik vir die betrokkenes kan wees, dat dit die indruk kan skep dat die mense opgesweep word om te trek en dat dit vir die regering 'n verleentheid kan wees.[130]

Op 'n buitengewone bestuursvergadering van die Volkskomitee, wat ook deur Paul van der Walt bygewoon is, is op 11 Oktober 1957 besluit om voort te gaan met die fonds-

---

124 NHK: K48 1/1/1, Notule Stigtingsvergadering van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 09.08.1957.
125 NHK: K48 1/1/1, Notule Bestuurskomitee van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 09.08.1957.
126 Volkskomitee vir Angola-Boere, *'n Oproep deur die Volkskomitee vir Angola-Boere*.
127 Anon., "Regering Stel Belang in Angola se Afrikaners", *Die Burger*, 29 Jul. 1957, p. 3; Anon., "Regering baie simpatiek teenoor Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 3 Aug. 1957, p. 8.
128 Anon., "'n Moeilike vraagstuk", *Die Suidwester*, 28 Aug. 1957, p. 4.
129 NAN: A.273 & SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, A.J.F. Viljoen, memorandum "Angola-Boere", 08.10.1957; Anon., "Regering Beloof Hulp aan Angola-Afrikaners Wat Na Unie Wil Kom", *Die Transvaler*, 19 Sept. 1957; Anon., "Regering beloof hulp aan Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 25 Sept. 1957, p. 3.
130 NHK: K48 1/1/1, Notule Dagbestuur van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 30.09.1957; Anon., "32 Angola-Boere vra spoedige hulp in pleitskrif", *Die Transvaler*, 2 Okt.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

insameling. Oor die algemeen was die vergadering ten gunste van geleidelike repatriasie van die Afrikaners van Angola. Daar sou eers in Mei 1958 'n wetenskaplike ondersoek deur prof. Geoff Cronjé na die Afrikaners van Angola geloods word. Daarna sou die repatriasie meer wetenskaplik aangepak kon word. Indien daar noodgevalle sou voorkom en mense reeds vroeër wil emigreer, sal die Hervormde Kerk hulle daarmee bystaan.[131]

Op 24 Oktober 1957 is 'n brief onderteken deur 78 volwassenes gerig aan die "Voorsitter van die Angola-Hulpfonds, Salisbury, Suid-Rhodesië" waarin hy genader word "met die versoek om ons te help sodat ons instaat gestel kan word om terug te kom na ons Vaderland[,] Nasie en Volk, want ons ellende is groot en ons het dit brood nodig" en om met die betrokke instansies te onderhandel oor die voorgenome repatriasie.[132] Die ondertekenaars was slegs van Capala, Chicuma en Capeio.[133]

Op 'n vergadering van die dagbestuur van die Volkskomitee op 18 November 1957 is samesprekings met D.N. Erasmus van Salisbury, Rhodesië, gevoer. Erasmus het sy ontevredenheid met die stadige vordering van die Volkskomitee uitgespreek. Hy het gevoel die saak word halfhartig hanteer en dat dit 'n "verskriklike klad op die Afrikanernaam" sal wees as hulle nie help nie. Die voorgenome ondersoek deur prof. Cronjé is 'n struikelblok aangesien dit te lank gaan neem om te voltooi. Erasmus het self 'n besoek aan Angola gebring en is daarvan oortuig dat die meeste mense wil repatrieer.[134]

Op die Volkskomitee se vergadering van 26 November 1957 was dit duidelik dat emigrasie die enigste realistiese oplossing vir die Afrikaners van Angola is en moontlik vinniger gaan gebeur as wat voorsien is. Dit was ook duidelik dat die Portugese regering se goedkeuring en goedgesindheid vir die repatriasie verkry moet word. Op hierdie vergadering is Erasmus gekoöpteer. In daardie stadium is reeds £965 in Rhodesië vir die Volkskomitee ingesamel, terwyl die res van Suid-Afrika maar £409 ingesamel het.[135]

Teen 7 Februarie 1958 het die Volkskomitee verneem dat die mense in Angola teleurgesteld was dat dit nog 'n ruk gaan duur voor die voorgenome repatriasie 'n aanvang sal neem.[136] In hierdie stadium was die werksaamhede van Volkskomitee beperk tot fondsinsameling en samesprekings met belanghebbendes. Op praktiese gebied is niks onderneem nie.[137]

---

131 NHK: K48 1/1/1, Notule Buitengewone bestuursvergadering van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 11.10.1957.
132 NHK: K48 5/2/3, Brief T.C. de Klerk & 77 ander – Voorsitter van die Angola-Hulpfonds, 24.10.1957.
133 NHK: K48 5/2/3, Brief D.J. Brink – Dr. J. Albert Coetzee, 11.01.1958.
134 NHK: K48 1/1/1 D, Notule Dagbestuur Volkskomitee vir Angola-Boere, 18.11.1957.
135 NHK: K48 1/1/1, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 26.11.1957.
136 NHK: K48 1/1/1 D, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 07.02.1958.
137 NHK: K48 1/1/1 D, Notules Volkskomitee vir Angola-Boere, 07.02.1958 & 16.05.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Salisbury, Rhodesië, was daar teen hierdie tyd reeds 'n Angola Hulpfonds Komitee bedrywig, wat as Rhodesiese tak van die Volkskomitee onder voorsitterskap van die energieke Erasmus gefunksioneer het. Hy het persoonlik £1000 aan die Volkskomitee geskenk.[138]

In Suidwes-Afrika is "Die Sentrale Suidwes Komitee vir Repatriasie van Angola Afrikaners" gestig met as doelstellings die repatriasie van "ons volksgenote in Angola", fondsinsameling vir hierdie doel en die "verkryging van 'n breedvoerige wetenskaplike rapport oor ons mense in Angola en alle sake wat hulle raak".[139] Die komitee het bestaan uit H.S. Prinsloo (voorsitter), A.J. Koen (ondervoorsitter), C.M. van den Heever (sekretaris), ds. J.A. Viljoen, ds. J.J. van der Walt, Manie Venter, Jan A. van den Berg, Charlie Beukes, G.D. van der Smit en Con Kruger.[140] Gedurende Julie 1958 het die Suidwes-komitee besluit om by die Volkskomitee te affilieer.[141]

Daar is begin om plaaslike komitees van die Sentrale Komitee in ander plekke in Suidwes-Afrika, soos Otjiwarongo, Outjo, Gobabis en Grootfontein, te stig.[142] Daar was ook sprake van 'n plaaslike komitee op Usakos.[143] Outjo se komitee is die "Angola Trekkers Komitee" genoem met Flip Alberts as sekretaris.[144]

Gobabis se tak is die "Streekkomitee Angola-Boere" of "Gobabis Streekkomitee vir Angola-Afrikaners" genoem en is gedurende Julie 1957 onder voorsitterskap van Charlie Chapman gestig. Ander lede was J.J. Labuschagne (ondervoorsitter), A. Conradie (sekretaris-tesourier), mev. Sophie Goosen, ds. & mev. Benecke, Philip Oosthuizen en J.A. Oosthuizen.[145]

'n Kaaplandse Volkskomitee vir Angola-Boere is op 17 Februarie 1958 in Kaapstad as tak van die Volkskomitee gestig. As ampsdraers is die skrywer W.A. de Klerk (voor-

---

138 Anon., "Hulp Uit Rhodesië vir Angola", *Die Transvaler*, 3 Okt. 1957; NHK: K48 5/2/3, Brief D.J. Brink – Dr. J. Albert Coetzee, 11.01.1958; Anon., "Planne uiteengesit Vir Repatriasie Van Angola-Boere", *Die Transvaler*, 18 Jun. 1958.

139 NHK: K48 5/2.4, Brief H.S. Prinsloo – Dr. J. Albert Coetzee, 12.03.1958; NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958, p. 1; SAB: VWN, SW 83/1, Notas in verband met 'n samespreking oor die Angola-immigrante, 23.10.1958; Anon., "Angola-komitee doen 'n oproep om fondse om volksgenote te help", *Die Suidwester*, 23 Okt. 1957, p. 7.

140 Anon., "Angola-komitee doen 'n oproep om fondse om volksgenote te help", *Die Suidwester*, 23 Okt. 1957, p. 7.

141 Anon., "Suidwes-komitee affilieer met Volkskomitee", *Die Suidwester*, 30 Jul. 1958, p. 11.

142 Anon., "Suidwesters is goed vir Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 1 Okt. 1958, pp. 1, 4; Anon., "Nog 200 Angola-Afrikaners wil terugkom", *Die Suidwester*, 22 Okt. 1958, p. 16; NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958, p. 1; SAB: VWN, SW 83/1, Notas in verband met 'n samespreking oor die Angola-immigrante, 23.10.1958.

143 NHK: K48 1/1/1 D, Transkripsie van die vergadering van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958.

144 NAN: BIN 8 B16, Brief P.P.H. Alberts – Immigrasiebeampte, Windhoek, ongedateer (ca. Okt. 1958).

145 Anon., "Suidwes-komitee affilieer met Volkskomitee", *Die Suidwester*, 30 Jul. 1958, p. 11; NAN: BIN 8 B16, Brief A. Conradie – Immigrasiebeampte, Windhoek, 11.10.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sitter), ds. A. Brandt (ondervoorsitter) en adv. P.R. de Villiers (sekretaris) gekies. Die doel daarvan was fondsinsameling vir die repatriasie van die Angola-Boere.[146] Hulle het aan die begin van April 'n pamflet gepubliseer waarin op die toestand van die Afrikaners van Angola gewys is en 'n oproep om geldelike bydraes vir die repatriasie gedoen.[147]

In die Vrystaat is daar op 12 Januarie 1958 'n tak van die Volkskomitee in Bloemfontein met ds. J.H. van Loggerenberg as voorsitter gestig. Hierdie tak was nie baie aktief nie.[148] Daar was ook 'n "Parys tak vir Angola-Boere" met J.L. Pretorius as sekretaris/tesourier en ds. J.J. le Roux as voorsitter.[149] 'n Hulpkomitee bestaande uit volksraadslede is onder F.J. Labuschagne gevorm, terwyl daar ook planne was om 'n Natalse komitee saam te stel.[150]

Dit is insiggewend om na die lys donateurs van die Volkskomitee te kyk. Die 82 instansies wat tussen 5 Februarie 1958 en 16 Mei 1958 fondse bygedra het, het bestaan uit 2 individue, 15 stadsrade en munisipaliteite, 25 skole (waarvan die meeste klein plaasskooltjies was), 25 NG gemeentes, 7 Hervormde gemeentes en 7 Gereformeerde gemeentes.[151]

Die begin van die repatriasie

As gevolg van die publisiteit oor werksaamhede van die Volkskomitee vir Angola-Boere het groepies Afrikaners in Angola hulle besittings verkoop en gereed gemaak om te vertrek.[152] Teen 16 Mei 1958 is die Volkskomitee meegedeel dat die eerste Afrikaners reeds hulle besittings verkoop het maar die geld wat hul daarvoor gekry het, begin opraak.[153]

---

146 NHK: K48 5/2/1, Notule van die Kaaplandse Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.02.1958.
147 NALN: Ms. 2561/83/573.12, Brief P.R. de Villiers – Dr. J. Albert Coetzee, 09.04.1958; Volkskomitee vir Angola-Boere, *Die Noodkreet uit Angola*.
148 NHK: K48 5/2/2, Takkorrespondensie: O.V.S; NHK: K48 1/1/1, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 07.02.1957, p. 1; Anon., "Reeds £4,000 Geïn Vir Angola-Boere", *Dagbreek en Sondagnuus*, 27 Apr. 1958; Anon., "Angola-komitee gestig in Vrystaat", *Die Suidwester*, 19 Febr. 1958, p. 12; NALN: Ms. 2561/83/581, Brief Johan Pienaar – Dr. J. Albert Coetzee, 16.09.1958.
149 NHK: K48 1/2/1, Kennisgewings van vergaderings; NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958, p. 4; NHK: K48 1/1/1 D, Transkripsie van die vergadering van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 30.10.1958, p. 1.
150 Anon., "Reeds £4,000 Geïn Vir Angola-Boere", *Dagbreek en Sondagnuus*, 27 Apr. 1958; Anon., "Planne uiteengesit Vir Repatriasie Van Angola-Boere", *Die Transvaler*, 18 Jun. 1958.
151 NALN: Ms. 2561/83/581, Volkskomitee vir Angola-Boere: Donasies ontvang vir die tydperk 5 Februarie 1958 tot 16 Mei 1958.
152 NHK: K48 5/1/2, Memorandum Kommissie van die Algemene Vergadering – Eerste Minister, 07.10.1958.
153 NHK: K48 1/1/1, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 16.05.1958, p. 2. Kyk ook SAB: BTS 86/7/1/1 & NAN: BIN 8 B16, Brief S.J.D. Labuschagne – Dr. A. Coetzee, 02.09.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Volkskomitee het hulle laat weet om nie oorhaastig te wees nie aangesien die komitee nog nie oor genoeg fondse beskik om hulle behulpsaam te wees nie.[154]

Fanie de Jager het reeds in September 1957 gereed gestaan om na Suidwes-Afrika te trek.[155] Teen die einde van 1957 was nog Afrikaners gereed om te trek: "Al die mense sit soas voëls op tak[k]e, en wag vir die trek […]"[156]

Gedurende Augustus 1958 het Groot Faan (S.J.D.) en Klein Faan Labuschagne van Gobabis 'n uitgebreide reis deur Angola onderneem waartydens die meerderheid Afrikaners in Angola besoek is. Tydens die reis het hy die weduwee Christina Johanna Kruger met vier wees kleinkinders en die gesin van Albertus Kruger (vyf persone) op sy vragmotor gelaai en oor die grens gesmokkel. Hy het hulle aanvanklik op sy plaas Schwarzwald in die Gobabis-distrik huisvesting gegee en later na die plase Hoas (van C.E.G. Labuschagne) en Steynsburg (van Jan Kruger) uitgeplaas.[157]

Gedurende dieselfde maand het Paul van der Walt Afrikaners in Bié aangetref wat reeds hulle wonings verkoop het en in tydelike hutte met bondeltjies bagasie in afwagting op die trek gewoon het.[158]

Op 11 September het die Portugese regering op 'n navraag van dr. Coetzee aangedui dat hy geen beswaar het teen die emigrasie van Portugese burgers wat Boere-afstammelinge is nie.[159] Toevallig het die eerste persone teen 12 September uit Bié begin trek.[160] Gedurende die week voor 23 September 1958 het die eerste groep van 11 persone (2 gesinne) oor die grens gekom. Hulle is op die plaas van Hendrik Labuschagne in die distrik Gobabis gehuisves. Die plaaslike tak van die Volkskomitee op Gobabis het hulle daar bygestaan om hul voete te vind.[161]

Die tweede groep van nege gesinne, bestaande uit 51 persone (die gesinne van vier Engelbrecht-broers, drie Ludeke-gesinne, 'n Kruger-gesin en 'n Brits-gesin, benewens

---

154 NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958, p. 1.
155 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Briewe T.C. de Klerk – P.P.H. Alberts, 03.09.1957, & S.E. de Jager – P.P.H. Alberts, 29.09.1957.
156 FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief T.C. de Klerk – P.P.H. Alberts, 11.12.1957.
157 SAB: BTS 86/7/1/1 & NAN: BIN 8 B16, Brief S.J.D. Labuschagne – Dr. A. Coetzee, 02.09.1958; NAN: BIN 8 B16, Brief A. Conradie – Immigrasiebeampte, Windhoek, 11.10.1958; Persoonlike onderhoud: Krugergesin, 13.07.2007.
158 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 156.
159 SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, & VWN, SW 83/1, Brief Genl. Abranches Pinto (Portugese ambassadeur) – Dr. J. Albert Coetzee, 11.09.1958; Anon., "Portugese Het geen Beswaar teen Trek van Angola-Boere", *Die Transvaler*, 24 Sept. 1958, p. 3.
160 NALN: Ms. 2561/83/581, Brief T.C. de Klerk – P.P.H. Alberts, 16.09.1958.
161 Anon., "50 Angola-Boere wag op grens", *Die Suidwester*, 24 Sept. 1958, pp. 1, 3; Anon., "51 Verflenterde Boere uit Angola Steek Grens Oor", *Die Transvaler*, 26 Sept. 1958, p. 9; NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958, p. 1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drie weduwees), het op slegs een vragmotor op 23 September by Oshikango op die grens van Suidwes-Afrika aangekom.[162]

Hulle koms het die Hervormde Kerk en die Volkskomitee vir Angola-Boere onverhoeds gevang. Geen reëlings was getref om hulle te ontvang nie.[163] Ds. Viljoen van die Hervormde Kerk op Windhoek het inderhaas vragmotors gereël om hulle na Otjiwarongo te neem. Daar is hulle in 'n tentkamp van tien tente op Martiens Venter se plaas Rooibult in die distrik Otjiwarongo gehuisves. Hulle het net 'n paar komberse, hul klere (gelap, maar silwerskoon) en eetgerei by hulle gehad. 'n Paar vroue het erg verwaarloos gelyk, terwyl die meeste mans 'n goeie indruk geskep het.[164] Een korrespondent het berig dat hy nog nooit armer Afrikaners gesien het nie.[165]

As 'n berig in *Die Vaderland* geglo kan word, moes sommige van die mans met sakdoeke op hulle kop kerk toe gaan omdat hulle nie hoede gehad het nie.[166] As 'n geheel het die groep nietemin 'n gunstige indruk geskep. 'n Amptenaar van die Departement Binnelandse Sake het dit soos volg beskryf:

> Die Pers het taamlik sensasionele berigte (heelwat oordrewe) omtrent die mense geplaas as sou van hulle baie blas wees, saam met naturelle gelewe of baie ge-assosieer het, met die voet na die grens geloop het of gebrek aan voedsel en klere het. Van hierdie groep is daar geen rede of bewyse voorhande vir sulke bewerings of uitlatinge nie maar dat dit die posisie gaan wees met toekomstige aankomelinge is nie uitgesluit nie.[167]

---

162 Anon., "50 Angola-Boere wag op grens", *Die Suidwester*, 24 Sept. 1958, pp. 1, 3; Anon., "Eerste Angola-boere Kom Aan – te Voet", *Die Transvaler*, 24 Sept. 1958; Anon., "Eindelik oor grens: Angola-trekkers se haglike lot", *Die Vaderland*, 26 Sept. 1958; Anon., "1958 Great Trek Starts – from Angola", *The Cape Times*, 26 Sep. 1958, p. 1; Anon., "Angola Boers get a cool welcome", *The Cape Times*, 29 Sep. 1958, p. 2; Anon., "We don't want Angola Boers – S.W. Africans", *Rand Daily Mail*, 29 Sep. 1958; A. Greeff, "Angola- Boere Keer Terug: 'Broer – my broer' het sy gesnik", *Die Landstem*, 4 Okt. 1958.

163 Anon., "50 Angola-Boere wag op grens", *Die Suidwester*, 24 Sept. 1958, pp. 1, 3; A. Greeff, "Angola-Boere Keer Terug: 'Broer – my broer' het sy gesnik", *Die Landstem*, 4 Okt. 1958.

164 SAUK: 58/8 18/57–59(58), Onderhoud Mnr. Martiens Venter, 02.10.1958; Anon., "50 Angola-Boere wag op grens", *Die Suidwester*, 24 Sept. 1958, pp. 1, 3; Anon., "51 Verflenterde Boere uit Angola Steek Grens Oor", *Die Transvaler*, 26 Sept. 1958, p. 9; Anon., "Op Pad na Otjiwarongo", *Die Transvaler*, 27 Sept. 1958, p. 1; Anon., "Angolaboere Se Nood Hoog: Kom kerk toe met sakdoek op kop", *Die Vaderland*, 30 Sept. 1958; Anon., "Suidwesters is goed vir Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 1 Okt. 1958, pp. 1, 4; Anon., "Angola-Boere Brandarm Maar Edel Van Inbors", *Die Volksblad*, 1 Okt. 1958; A. Greeff, "Angola-Boere Keer Terug: 'Broer – my broer' het sy gesnik", *Die Landstem*, 4 Okt. 1958; Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.

165 Anon., "Suidwesters is goed vir Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 1 Okt. 1958, pp. 1, 4. Kyk ook Anon., "Eindelik oor grens: Angola-trekkers se haglike lot", *Die Vaderland*, 26 Sept. 1958, vir die toestand waarin hulle gekom het.

166 Anon., "Angolaboere Se Nood Hoog: Kom kerk toe met sakdoek op kop", *Die Vaderland*, 30 Sept. 1958.

167 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 0.10.1958, p. 1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Intussen het ’n derde groep van 27 persone onder ’n wildevyeboom op die grens begin bymekaarkom. Daar het hulle getalle tot 28 aangegroei toe ’n baba gebore is. Die Hervormde Kerk het hulle na Outjo gebring, waar hulle tydelik in ’n tentdorpie onder beskerming van die Outjo-tak van die Volkskomitee gehuisves is.[168] Daar is onmiddellik reëlings getref om die kinders op Outjo te laat skoolgaan.[169]

Die vierde groep, bestaande uit 11 persone van die Ludeke- en De Villiers-familie, het teen 16 Oktober 1958 aangekom en is in tente op die Windhoek-skouterrein gehuisves. Hulle was aan die jag toe die ander families oor die grens gekom het.[170] Latere groepe is in die militêre kamp op Windhoek gehuisves voordat hulle na Suid-Afrika geneem is.[171]

Hulle is gevolg deur ’n verdere groep van 11 persone van die Duvenhage- en Coetzer-familie wat op Grootfontein gehuisves is.[172] Aan die begin van November het 15 lede van die De Jager- en Behan-familie op Outjo aangekom en het by familielede huisvesting gekry.[173] Hulle is ’n week later gevolg deur 66 persone.[174] Hierna het groepies nog weekliks oor die grens gekom. In Mei 1960 het 13 persone, waaronder Jan Diederiks, in Krugersdorp aangekom.[175]

Ds. J.A. Viljoen is op 22 September 1958 versoek om dringend die leiding te neem om hulle met vervoer- en verblyfreëlings by te staan. In daardie stadium was dit nog onseker watter bystand verleen sou moes word en hy is versoek om na goeddunke te handel. Daar is voorsien dat voedsel, komberse en kleding benodig sal word. Hulle het intussen berig ontvang dat die Portugese regering geen beswaar gehad het teen die emigrasie van enige Portugese burger met Afrikanervoorsate nie. Die Suid-Afrikaanse regering het onderneem om hulp te verleen sodra die mense oor die grens is.[176]

---

168 Anon., “Nog 27 Angola-Boere kom na grens”, *Die Suidwester*, 27 Sept. 1958, pp. 1, 4; Anon., “Nog 27 Angola-Boere Kom en Wil Pretoria Toe”, *Die Transvaler*, 27 Sept. 1958, p. 5; Anon., “Another 28 Arrive from Angola”, *The Cape Times*, 1 Oct. 1958, p. 3; Anon., “Suidwesters is goed vir Angola-Afrikaners”, *Die Suidwester*, 1 Okt. 1958, pp. 1, 4; Anon., “Angola-Boere Brandarm Maar Edel Van Inbors”, *Die Volksblad*, 1 Okt. 1958; Anon., “Angola-Afrikanertjie net duskant grens gebore”, *Die Suidwester*, 8 Okt. 1958, pp. 1 & 4; SAUK: 58/8 18/57–59(58), Onderhoud Mnr. Engelbrecht, 02.10.1958; NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958, p. 2.

169 Anon., “Kinders is doodgelukkig na eerste skooldag”, *Die Suidwester*, 11 Okt. 1958, p. 3.

170 Anon., “Angolaboere Woon op Skouterrein”, *Die Transvaler*, 16 Okt. 1958, p. 1.

171 Anon., “Nog 60 Angola-boere Kom in Windhoek aan”, *Die Transvaler*, 20 Nov. 1958.

172 Anon., “Nog 200 Angola-Afrikaners wil terugkom”, *Die Suidwester*, 22 Okt. 1958, p. 16.

173 Anon., “Angola-Boer sterf 3 dae voor trek na Suidwes”, *Die Suidwester*, 8 Nov. 1958, p. 3; Persoonlike onderhoud: F.E. Wilkie (née De Jager), 26.08.2006.

174 Anon., “Eerste Angola-Afrikaners het na Unie vertrek”, *Die Suidwester*, 19 Nov. 1958, p. 20; Anon., “Nog 60 Angola-boere Kom in Windhoek aan”, *Die Transvaler*, 20 Nov. 1958; Anon., “In die Unie slag hulle julle! Angola-Trekkers word bang gemaak”, *Die Suidwester*, 22 Nov., pp. 1 & 3.

175 Anon., “Immigrante uit Angola”, *Die Transvaler*, 12 Mei 1960.

176 NHK: K48 5/1/2, Brief Mnr. A.B. van N. Herbst – Ds. J.A. Viljoen, 22.09.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Intussen het dr. J. Albert Coetzee ook op die toneel verskyn, per vliegtuig na Suidwes-Afrika gereis en aangekondig dat die Volkskomitee vir Angola-Boere alle verantwoordelikheid vir die repatriasie van die mense aanvaar.[177] Sy verskyning is met 'n mate van verbasing deur die Hervormde Kerk begroet.

Op die eerste vergadering van die Volkskomitee (17 Oktober 1958) ná die aankoms van die eerste trekgroepe was dié komitee grootliks onbekend met die reëlings wat die Hervormde Kerk onder leiding van ds. Viljoen getref het om die immigrante in Suidwes-Afrika by te staan.[178]

Die trek het die vorm van "die willekeurige en wisselvallige koms van klein groepies" aangeneem. Daar is heelwat moeite gedoen om te sorg dat die aankoms van die verskillende groepe versprei word. Volgens ds. Viljoen was die trek die gevolg van "die reklame deur onverantwoordelike persone hier [Suidwes-Afrika] en in die Unie". Hy het dit duidelik gestel dat dit nie die inisiatief van die Hervormde Kerk is nie, maar dat dié kerk nie sy verantwoordelikheid op ander sal afskuif nie.[179]

Ds. Viljoen het dadelik die administrateur van die Hervormde Kerk, A.B. van N. Herbst, in Pretoria gaan spreek en 'n skema is inderhaas tussen 4 en 8 Oktober 1958 uitgewerk om verblyf vir die mense te reël, deur hulle in die Hervormde Kerk se weeshuis op Krugersdorp op te neem en na verskillende Hervormde gemeentes uit te plaas. Ds. Viljoen het daarna die administrateur van Suidwes-Afrika, D.T. du P. (Daan) Viljoen, genader om tente en vragmotors beskikbaar te stel. Daarna is die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die Suid-Afrikaanse Weermag genader.[180]

Die skriba van die Hervormde Kerk, ds. T.F.J. Dreyer, het intussen 'n versoek aan al hulle gemeentes gerig om behulpsaam te wees met die moeilike proses om gesinne in die samelewing op te neem en werk vir elke broodwinner te vind.[181] Terselfdertyd is 'n memorandum aan die eerste minister, dr. H.F. Verwoerd, gerig oor 'n aantal kwessies soos die wettiging van huwelike, die identiteit van buite-egtelike kinders, onderwys en arbeidsmoontlikhede.[182]

---

177 Anon., "51 Verflenterde Boere uit Angola Steek Grens Oor", *Die Transvaler*, 26 Sept. 1958, p. 9; Anon., "Nog 27 Angola-Boere Kom en Wil Pretoria Toe", *Die Transvaler*, 27 Sept. 1958, p. 5; Anon., "Nog 27 Angola-Boere kom na grens", *Die Suidwester*, 27 Sept. 1958, pp. 1, 4.

178 NHK: K48 1/1/1 D, Transkripsie van die vergadering van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958.

179 NHK: K48 5/1/2, Brief Ds. J.A. Viljoen – Mnr. A.B. van N. Herbst, 11.10.1958; NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag, ongedateer (ongeveer November 1958), p. 1.

180 NHK: K48 5/1/2, Brief Ds. J.A. Viljoen – Mnr. A.B. van N. Herbst, 11.10.1958; Anon., "Angola-Afrikaners kan almal Krugersdorp toe geneem word", *Die Suidwester*, 18 Okt. 1958, p. 5; Anon., "Angola-trekkers vertrek binnekort na Unie", *Die Suidwester*, 12 Nov. 1958, pp. 1 & 10.

181 NHK: K48 5/1/2, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Alle kerkrade van die Ned. Herv. Kerk, ongedateer.

182 NHK: K48 5/1/2, Memorandum Kommissie van die Algemene Vergadering – Eerste Minister, 07.10.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is opvallend dat die Suidwes-Administrasie besonder min gedoen het om die mense te ontvang. Hulle het voorlopig hulle "hande gewas" met 'n besluit om kinders van Angola-Afrikaners dieselfde behandeling in koshuise te gee as kinders van Suidwes-Afrika. Daar is klaarblyklik verwag dat die verskillende takke van die Volkskomitee verder vir die Afrikaners uit Angola moet sorg.[183] Slegs nadat hulle deur die Suid-Afrikaanse regering versoek is om behulpsaam te wees met die vervoerreëlings vanaf die grens na Windhoek, het hulle daarby betrokke geraak.[184] Dit was 'n herhaling van die geskiedenis van 1928 toe die Angola-Boere ook nie by die destydse administrateur A.J. (Albert) Werth welkom was nie. Eers ná bemiddeling van die destydse Suid-Afrikaanse regering in die persoon van die eerste minister, genl. J.B.M. Hertzog, en die minister van lande, Piet Grobler, is reëlings getref om hulle te akkommodeer.

Die Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante

Omdat twee organisasies, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Volkskomitee vir Angola-Boere, betrokke was by die organisasie van die repatriasie van die Angola-Boere, is hulle in 'n memorandum deur dr. H.F. Verwoerd versoek om in 'n meer omvattende sentrale komitee saam te werk.[185]

Op 18 Oktober 1958 het die Volkskomitee dit aan sy dagbestuur opgedra om voort te gaan met samesprekings met die Hervormde Kerk in dié verband.[186] Op 23 Oktober 1958 het die Departement van Volkswelsyn 'n vergadering met verteenwoordigers van die Volkskomitee en die Hervormde Kerk gereël waarop besluit is om, onderhewig aan goedkeuring van die bestuur van die Volkskomitee, 'n Sentrale Komitee te vorm.[187] Op 30 Oktober het die Volkskomitee hierdie besluit goedgekeur. Hulle het besluit om nie te ontbind nie en met hul werksaamhede voort te gaan. Dié besluit het hulle verduidelik deur te verklaar dat die Sentrale Komitee net so min die Volkskomitee vervang as wat dit die Hervormde Kerk vervang.[188] Die Volkskomitee is gevolglik nie ontbind nie en het

183 Anon., "Nog 27 Angola-Boere kom na grens", *Die Suidwester*, 27 Sept. 1958, pp. 1, 4; Anon., "Nog 27 Angola-Boere Kom en Wil Pretoria Toe", *Die Transvaler*, 27 Sept. 1958, p. 5; Anon., "Regering Dringend gevra om Angola-Trekkers te help", *Die Burger*, 2 Okt. 1958.
184 SAB: VWN, SW 83/1, Brief Waarnemende Sekretaris van Volkswelsyn – Sekretaris van Suidwes-Afrika, 22.10.1958; SAB: VWN, SW 83/1, Brief Sekretaris van Suidwes-Afrika – Waarnemende Sekretaris van Volkswelsyn, 10.11.1958.
185 NHK: K48 5/1/2, Brief Dr. H.F. Verwoerd – Ds. A.J.G. Oosthuizen, 13.10.1958.
186 NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958, p. 3.
187 SAB: VWN, SW 83/1, Notas in verband met 'n samespreking oor die Angola-immigrante, 23.10.1958.
188 NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 30.10.1958, p. 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

steeds gefunksioneer en vergaderings gehou.[189] Teen Junie 1961 het hulle al ongeveer £20 000 ingesamel vir die repatriasie van die Afrikaners van Angola.[190]

Teen 3 November 1958 is aangekondig dat 'n "Sentrale Angola-immigrantekomitee" gevorm is.[191] Op 4 November 1958 is die eerste vergadering van die gesamentlike komitee in Pretoria gehou. Daar is besluit op die naam Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Dit sou uit die dagbestuur van die Volkskomitee plus di. Smith en Oosthuizen van die Hervormde Kerk bestaan, dit wil sê dr. Coetzee (voorsitter), ds. P.M. Smith (sekretaris), A.B van N. Herbst (tesourier), ds. A.J.G. Oosthuizen en ds. H.J. Piek. Verteenwoordigers van die Departement van Volkswelsyn (N.B. Badenhorst), die Departement van Arbeid (Van Dyk en S. Eloff), die Departement Binnelandse Sake en die Tesourie (W.L. Bier) is later ook in die Sentrale Skakelkomitee opgeneem.[192] Die administratiewe sentrum sou die kantore van die administrateur van die Hervormde Kerk wees en sou behartig word deur die administrateur, mnr. Herbst, en sy sekretaresse, mev. H. Prinsloo.[193]

In 'n memorandum van die kabinet is die raamwerk uitgespel waarvolgens repatriasie kan plaasvind. Die algemene voorwaarde sou wees "dat die families van suiwer blanke afkoms moet wees". Daar is gevoel dat dit vir die regering groot probleme sou skep indien daar later "gemengdes" sou kom. 'n Bedrag geld sou vir 'n sentrale komitee wat uit die Volkskomitee, die Hervormde Kerk en ander liggame saamgestel sal word, bewillig word. Die Departement van Binnelandse Sake sou met die verkryging van dokumente belas wees. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë sou sorg vir die vervoer van die immigrante. Die Tesourie en die Departemente van Arbeid en Volkswelsyn sou ook op hulle onderskeie terreine betrokke wees.[194]

Die Volkskomitee het teen hierdie tyd al ongeveer £5000 vir die repatriasie van die Angola-Boere ingesamel. Die regering het onderneem om nog £5000 aan die ter stigte Sentrale Volkskomitee beskikbaar te stel.[195] Die goewerneur-generaal se komitee wat

---

189 NHK: K48 1/1/1 D. Verdere vergaderings is byvoorbeeld op 02.03.1959, 16.11.1959 en 12.06.1961 gehou. Die Volkskomitee het eers op 12 Oktober 1965 sy werksaamhede afgesluit en ontbind.

190 NHK: K48 1/1/1 D, Oorsig van die voorsitter van die Volkskomitee vir Angola-Boere op die vergadering van 12.06.1961.

191 SAB: VWN, SW 83/1, Brief Ds. P.M. Smith – Waarnemende Sekretaris van Volkswelsyn, 03.11.1958.

192 NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 04.11.1958; SAB: VWN, SW 83/1, Brief Sekretaris van Volkswelsyn – Ds. P.M. Smith, 07.11.1958; SAB: VWN, SW 83/1, Brief Sekretaris van die Tesourie – Sekretaris van Volkswelsyn en Kommissaris van Pensioene, 07.01.1959; NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1959, p. 2.

193 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Verslag oor die vordering van die repatriasie, 04.03.1959, p. 1.

194 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum (Kabinet): Angola-immigrante, 1958.

195 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum Waarnemende Sekretaris van Volkswelsyn – Minister, ongedateer (ongeveer 07.10.1958); SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum (Kabinet): Angola-immigrante, 1958, p. 4.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die "Hongaarse Fonds" beheer, het intussen besluit om dié fonds se balans van £25 000 vir buitelandse noodleniging beskikbaar te stel. Dit kon moontlik vir die repatriasie van die Angola-Boere aangewend word.[196] Later is berig ontvang dat £2500 uit dié fonds vir die Angola-Immigrante oorbetaal is.[197]

Organisasie van die repatriasie

Omdat geen teenstand van die Portugese regering ondervind is nie, kon ds. Viljoen en Jan Diederiks onbelemmerd in Angola organiseer. Ds. Viljoen het Angola vir twee weke aan die begin van November 1958 besoek om reëlings vir die voorgenome volksverhuising te tref en veral om te reël dat almal nie gelyk oor die grens kom nie.[198]

Party mense kon op eie koste kom, maar vir ander moes belasting, vervoer en lewensmiddele betaal word. Daarna is hulle op die grens in tente huisvesting gegee terwyl hulle immigrasie-formaliteite afgehandel is.[199]

Groot bedrae geld is aan Diederiks beskikbaar gestel vir organisasiewerk. Die Volkskomitee het later gesukkel om van hom 'n staat van besteding te kry en was bekommerd daaroor omdat sy uitgawes moeilik kontroleerbaar was. Die komitee was daaroor besorg dat hy rekeninge teen dubbel die normale vergoeding aan die komitee gestuur het. Daar is nietemin besluit om die saak nie verder te voer nie. Boonop het hy by verskeie persone geld geleen om die trekke moontlik te maak.[200] Gedurende die tydperk 1957–1965 het die Volkskomitee vir Angola-Boere altesaam R5 461,90 van hulle totale begroting van R44 614,74 direk aan Jan Diederiks betaal.[201]

Die meeste mense het by Oshikango oor die grens gekom. Van Oshikango is hulle

196 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum Waarnemende Sekretaris van Volkswelsyn – Minister, ongedateer (ongeveer 07.10.1958).
197 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 13.05.1959.
198 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag, ongedateer (ongeveer November 1958), p. 1.
199 *Ibid.*, pp. 1–2; NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 2.
200 NHK: K48 1/1/1 D, Notule en transkripsie van die vergadering van die Volkskomitee vir Angola-Boere, 02.03.1959 & 16.11.1959; NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 1; SAB: VWN, SW 83/1, Notules Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 05.12.1958 & 16.11.1959; Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.
201 KAB: A.2348, Marais & Du Preez, Ouditeursverslag Volkskomitee vir Angola-Boere vir die tydperk 1 April 1963 tot 30 September 1965.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eers na Ondangua, 64 km verder suid, geneem waar daar beter huisvesting, beter water en hospitaaldienste beskikbaar was.[202] 'n Amptenaar van die Departement Binnelandse Sake het toestande beskryf as:

> dae waarin die Angola Boere met hulle span kinders op die vlaktes van Ovamboland, waar water baie skaars is, die son ongenadig bak en die vlieë sit om nie weer op te vlieg nie, terwyl dosyne halfnaakte naturelle jou aangaap asof jy uit 'n ander wêreld verdwaal het, sou moes sit en wag en dit na die lang en afmattende reis op oop voertuie na die grens vanaf hulle voormalige tuistes in Angola.[203]

In Suidwes-Afrika is vervoer van die grens af tot in Windhoek deur die Suidwes-Afrika Administrasie gereël.[204] Reëlings in Suidwes-Afrika is deur ds. Viljoen en die verskillende takke van die Volkskomitee in Windhoek, Gobabis en Otjiwarongo gedoen.[205] In Windhoek is sommige Angola-Boere later in die militêre basis in tente gehuisves.[206]

As gevolg van wilde gerugte was sommige Angola-Boere aanvanklik sku om na Suid-Afrika te kom. Die bron van sommige van hierdie gerugte was blykbaar "opstokers", familielede en potensiële werkgewers wat goedkoop arbeid in Suidwes-Afrika wou bekom. Gerugte is byvoorbeeld versprei dat die Angola-Boere met pangas in die strate aangeval sou word en dat hulle as bron van goedkoop arbeid gebruik sal word.[207]

Die immigrante is per spoor van Windhoek na Krugersdorp vervoer. Volgens 'n kabinetsbesluit is tweedeklas treinkaartjies vir dié doel teen halfprys deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë beskikbaar gestel. Die verlaagde koste van die kaartjies sou deur die regering betaal word.[208] Padkos vir die reis is deur die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga, die Windhoek-tak van die Volkskomitee en die NHSV verskaf.[209] Daar is bevind dat 'n voorligter

---

202 NALN: Ms. 2561/83/581, Notule Volkskomitee vir Angola-Boere, 17.10.1958, p. 2.
203 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 15.01.1959.
204 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum (Kabinet): Angola-immigrante, 1958, p. 1; Anon., "Angola-trekkers vertrek binnekort na Unie", *Die Suidwester*, 12 Nov. 1958, pp. 1 & 10.
205 SAB: VWN, SW 83/1, Notas in verband met 'n samespreking oor die Angola-immigrante, 23.10.1958.
206 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag, ongedateer (ongeveer November 1958), pp. 1–2; NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 2.
207 Anon., "Angola-Boere bly Liewer in Suidwes: 'Vrees' Unie", *Die Transvaler*, 18 Nov. 1958; Anon., "Angola-Boere vrees dood in S.A.", *Die Burger*, 19 Nov. 1958, p. 5; Anon., "'Uitbuiting deur Familie en Ander': Angola-Boere Word met Gruwel-Stories uit Unie Gehou", *Die Burger*, 22 Nov. 1958, p. 3; Anon., "In die Unie slag hulle julle! Angola-Trekkers word bang gemaak", *Die Suidwester*, 22 Nov., pp. 1 & 3.
208 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum (Kabinet): Angola-immigrante, 1958, pp. 1–2; Anon., "Angola-trekkers vertrek binnekort na Unie", *Die Suidwester*, 12 Nov. 1958, pp. 1 & 10.
209 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag, ongedateer (ongeveer November 1958), p. 3; Anon., "Angola-trekkers vertrek binnekort na Unie", *Die Suidwester*, 12 Nov. 1958, pp. 1 & 10; Anon., "Noodhulpliga en Angola-Boere", *Die Burger*, 6 Mrt. 1959.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir die treinreis onontbeerlik is. Di. P.M. Smith, J.J. de Wet, J.C. Kruger en J.A. Viljoen het agtereenvolgens saam gereis om in dié verband behulpsaam te wees.[210]

Intussen is die weeshuis van die Hervormde Kerk op Krugersdorp in gereedheid gebring om die immigrante te ontvang. Teen 18 November 1958 het die eerste Angola-Boere op Krugersdorp aangekom, waarna 'n tweede groep op 25 November gevolg het.[211] Ds. J.J. de Wet het hierdie verantwoordelikheid geneem. Mev. Van Staden van die weeshuis het hulle versorg en verdere bystand is deur die NHSV verleen.[212] Met hulle aankoms het slegs enkele persone oor tasse beskik. Die meeste mense se bagasie was in kartondose en paraffienkissies verpak. Klere is in komberse gebondel en met spelde vasgesteek. Enkele persone het gras- of rottangmandjies gehad. Sommige persone het water in kalbasse op die trein vervoer.[213]

Met sy aankoms op Krugersdorp het Salmon van Zyl gesê: "Daar word 'n nuwe dag gebore, vir ons beteken dit die geboorte van 'n splinternuwe toekoms."[214] *Die Transvaler* het in 'n hoofartikel geskryf: "Dit wil voorkom asof die episode van die trek na die Noorde, die see en die vryheid vir die Afrikaner vir goed tot 'n einde gekom het."[215]

Ná die oordrewe koerantberigte wat hulle koms voorafgegaan het, het die Suid-Afrikaanse publiek 'n wanindruk gehad oor die Angola-Boere wat gerepatrieer is. Een van die Angola-Boere het dit soos volg uitgedruk:

> Hierdie mense [Suid-Afrikaners] meen ons Afrikaners daar [Angola] is nie beskaafde mense nie. Want toe ons hier net so kort gekom het, het baie mense gekom om te kom kyk want hulle was onder die indruk lat ons maanhaar se wol het en sterte soos 'n bobbejaan. Ja, toe vind hulle uit toe hulle nou sien lat ons ook net so lelik soos hulle [is]. Toe was hulle teleurgesteld gewees. Dit het so gelyk.[216]

---

210 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Verslag oor die vordering van die repatriasie, 04.03.1959, p. 2.

211 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag, ongedateer (ongeveer November 1958), p. 2; Anon., "Angola Boers arrive in Union to start new life", *The Cape Argus*, 18 Nov. 1958, p. 2; Anon., "Angola-Boere bly Liewer in Suidwes: 'Vrees' Unie", *Die Transvaler*, 18 Nov. 1958; Anon., "Nuwe Daeraad Vandag vir Eerste gesinne", *Die Transvaler*, 26 Nov. 1958; A. Verster, "Angola-Boere", *Die Hervormer*, 50(1), Apr. 1959, p. 16. SAUK: T58/9 18/56–58(58) bevat 'n opname wat tydens die verwelkomingseremonie op 25 November 1958 opgeneem het.

212 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Verslag oor die vordering van die repatriasie, 04.03.1959, p. 2.

213 A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(3), Jun. 1959, pp. 16, 30.

214 A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(5), Aug. 1959, p. 17.

215 Anon., "Hulle Kom Huis toe", *Die Transvaler*, 27 Nov. 1958.

216 H.C. Klopper, "'n Karakterisering van Dorslandafrikaans", p. 261. John Moody, "Angola-Boere in S.A. Afgejak en Verstoot", *Dagbreek en Sondagnuus*, 20 Jan. 1963, berig van soortgelyke ervarings wat Danie Storbeck en Maria da Fonseca se gesinne gehad het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soortgelyke ervarings is by beide die 1928- en die 1958-trekkers aangeteken.[217]

In sommige gevalle was die aanpassing moeilik. Hulle het nie geweet wat verkeersligte en stopstrate beteken nie. Die werking van 'n hysbak was vir hulle 'n openbaring.[218] Twee bejaarde vroue het vir die eerste keer in 'n lang tyd perde gesien.[219] Stowe was vir hulle vreemd en die elektriese ligte 'n bietjie skerp, "maar mens kan darem nog altyd kerse koop," het 'n mev. Enslin gesê.[220]

Danie Storbeck het verklaar: "Die lewe is so gejaagd hier. Ons is dit nie gewoond nie. Die horlosie is die baas hier." Hy het gevoel dat die Afrikaners in Suid-Afrika nie so gasvry as die Afrikaners of Portugese in Angola was nie. Boonop is hy by sy werk gespot en "Portugees" genoem. Dit was sy ervaring dat hulle hom "molesteer" en die lewe vir hom onaangenaam gemaak het. In ander gevalle is die Angolese Afrikaners in gekruide taal uitgeskel. Sommige het vir hom gesê dat hy na Suid-Afrika gekom het om die brood uit hul mond te neem.[221] Daar is soms na hulle neerhalend verwys as "Angolas" of "Angole".[222]

'n Amptenaar van die Departement Binnelandse Sake het 'n heelwat gunstiger opinie van hulle gehad:

> My persoonlike indruk betreffende die klompie mense is nie ongunstig nie. Hulle is nie totaal ongeletterd soos ek verwag het nie en skep nie die indruk van agterlikheid nie. Alhoewel hulle arm is en omtrent niks besit nie (die meeste slaap op velletjies op die grond) is daar 'n gees van gewilligheid om te werk en vooruit te kom in die lewe te bespeur. Hulle ken geen ambag, kan nie eers 'n motorvoertuig bestuur nie en het van spekulasie en jag gelewe benewens 'n bietjie landbou (saaiery) wat hulle vir eie gebruik be-oefen het. […] Hulle voorkoms en optrede is in elk geval nie die van verwaarloosde of uitgeworpenes en hulle is nie beskroomd in hulle optrede nie.[223]

---

217 A.N.J.D.A. [A.N.J.D. Alberts], "Ervarings en Voorvalle: 'Ek Het Jou Mos Gesê'", *Die Brandwag*, 17 Aug. 1945; Persoonlike onderhoude: J.J. Diederiks, 25.09.2005; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007.

218 A. Verster, "Angola-Boere (vervolg)", *Die Hervormer*, 50(3), Jun. 1959, p. 16.

219 Anon., "70 Angola-afrikaners vertrek vandag na die Unie", *Die Suidwester*, 29 Nov. 1958, p. 2.

220 Anon., "Ligte is 'n bietjie skerp sê Angola-Afrikaner", *Die Suidwester*, 20 Des. 1958, p. 9.

221 John Moody, "Angola-Boere in S.A. Afgejak en Verstoot", *Dagbreek en Sondagnuus*, 20 Jan. 1963; Persoonlike onderhoude: D.J. Storbeck & G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; F.J. Engelbrecht, 09.08.2006.

222 Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk), 17.08.2007. Volgens P.C. Schoonees *et al.*, *Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Eerste Deel A–C*, p. 203, is "Angool" 'n "Skeldnaam vir 'n Angola-Boer in S.W. Afrika" (in hierdie geval klaarblyklik ook in Suid-Afrika).

223 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 30.09.1958, pp. 4–5.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Krugersdorp is in samewerking van die Departement van Arbeid elke broodwinner gehelp om 'n werk te kry waarna hulle uitgeplaas is.[224] Daar is ook mediese ondersoeke uitgevoer, mediese behandeling verskaf, aansoek gedoen vir pensioen, vorms voltooi vir huweliksregistrasie, en aansoeke vir permanente verblyf en persoonlike identifikasie-dokumente gedoen.[225]

Nadat hierdie mense uitgeplaas is, het sommige van hulle verdere hulp in die vorm van lewensmiddele vir die eerste maand en meubels vir hulle wonings ontvang.[226] Toestemming is verleen dat die opgehoopte skuld van J.J. Pienaar en Klaas Putter betaal word, dat 'n naaimasjien vir mev. Visser aangekoop word om 'n ekstra inkomste te verdien en dat £25 aan W.C. Opperman vir die opmaak van 'n kindergraf betaal word.[227] Aan Jan Diederiks is 'n lening vir 'n huis se koopprys toegestaan, maar in die geval Theunis de Klerk is 'n soortgelyke versoek geweier.[228] Ander organisasies wat hulp verleen het, was die ACVV (Afrikaanse Christelike Vrouevereniging) en die Helpmekaar-Studiefonds.[229]

Aangesien die meeste immigrante lidmate van die Hervormde Kerk was, was dié kerk ten nouste betrokke by hulle inskakeling in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Elke Hervormde gemeente het verantwoordelikheid aanvaar vir sy immigrante en hulle ten nouste bygestaan. Dit was dus verrassend dat 'n hele paar gesinne na alternatiewe geloofsgemeenskappe ("sektes") oorgegaan het sodra hulle hul voete in Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gevind het.[230]

Teen 20 Desember 1958 het die Algemene Kommissie van die Hervormde Kerk 'n brief aan Paul van der Walt gerig met die versoek dat hy sy invloed moet gebruik om so veel mense as moontlik te laat trek. Hy is ook in kennis gestel dat die Kommissie besluit het dat die gemeente Angola op 31 Desember 1958 ontbind sal word en dat sy dienste as missionêre leraar op dieselfde dag *ipso facto* sal verval.[231] Kort daarna het hy as missionêre

---

224 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag, ongedateer (ongeveer November 1958), p. 3.
225 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 2.
226 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Verslag oor die vordering van die repatriasie, 04.03.1959, p. 3.
227 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 16.11.1959.
228 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 21.11.1960.
229 KAB: A.2348, Briewe L.M. Dorfling – Adv. P.M. de Villiers, 23.07.1959 & S.P. Pretorius – Adv. P.M. de Villiers, 01.04.1960 & 13.04.1960.
230 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", pp. 167, 173; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 5.
231 NHK: K48 5/1/2, Brief Ds. A.J. Nolte – P.S. van der Walt, 20.12.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leraar bedank en eervolle ontslag is aan hom verleen.[232] Toe hy in later jare twee van sy kleinkinders in Suidwes-Afrika wou doop, het die Hervormde Kerk geweier omdat sy bediening slegs tot Angola beperk was. Uit protes het Herman Smit uit die Hervormde Kerk bedank en by die NG Kerk aangesluit.[233]

Welsynsdienste en onderwys

Adv. J.G. Strijdom, die destydse eerste minister, het volgens 'n kabinetsbesluit ouderdoms- en ongeskiktheidsvoordele aan die Angola-Boere toegeken asof hulle Suid-Afrikaanse burgers is.[234] Teen die einde van 1959 is ouderdomspensioene aan 19 persone, ongeskiktheidstoelae aan twee persone en moedertoelaes aan drie persone toegestaan.[235] Sommige gesinshoofde (waarvan die salarisse onvoldoende was om 'n groot gesin te onderhou) het vir 'n gesinstoelaag gekwalifiseer en dit mettertyd ontvang.[236] P.W.J. Coetzer, wat met 'n gesin van nege afhanklike kinders oor die grens gekom het, het hulp baie nodig gehad omdat hy nie dadelik werk kon kry nie.[237]

Kort ná hulle 'n aankoms is 'n Wysigingswetsontwerp op die Pensioenwette (Pension Laws Amendment Bill), No. 67 van 1959 in die parlement deurgevoer om voorsiening vir hulle pensioene te maak. Volgens hierdie wetsontwerp word 'n blanke wat uit Angola na Suid-Afrika verhuis het en 'n afstammeling is van iemand wat in Suid-Afrika gebore is, geag om aan die vereistes van die verskillende pensioenwette te voldoen.[238]

Teen die einde van 1958 is een dogter (Johanna Sofia Gertruida Hamman) in die weeshuis op Krugersdorp opgeneem, terwyl twee weeskinders (waaronder Louisa Petronella Kruger) deur pleegouers aangeneem is. Nog twee ander kinders, Johannes Lourens Abraham van der Merwe en W.J. van der Merwe, is deur nabye familielede aangeneem.[239]

---

232 K1/2 1/1/9, Notuleboek van die Kommissie van die Algemene Vergadering, 10.03.1959, p. 7.
233 NHK: K48 5/1/3, Geskrif opgestel deur P.S. van der Walt, ongedateer (ongeveer November 1964); FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 168.
234 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum (Kabinet): Angola-immigrante, 1958; Anon., "Regering Beloof Hulp aan Angola-Afrikaners Wat Na Unie Wil Kom", *Die Transvaler*, 19 Sept. 1957; Anon., "Regering beloof hulp aan Angola-Afrikaners", *Die Suidwester*, 25 Sept. 1957, p. 3.
235 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 35; SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 16.11.1959.
236 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum P.J. Wiese (Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 14.04.1960; SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 21.11.1960.
237 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag November 1959 – November 1960, 10.11.1960, p. 8.
238 Anon., "Pensions for repatriates", *The Cape Argus*, 13 June 1959; Anon., "Angola-Boere Kan Pensioen Kry", *Die Burger*, 15 Jun. 1959.
239 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 13.05.1959; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, pp. 26, 28–29.

© University of Pretoria

Enkele maatskaplike probleme het ook opgeduik. Gert Jacobus Fourie en die 16-jarige Helena Elizabeth Visser het "in gewapende vrede" saamgewoon totdat hy haar verlaat en na Angola teruggekeer het. Sy is later met João (Johannes) de Nobrega getroud.[240] Jesaja Jeremia Putter het na bewering ná 'n ruk met 'n getroude vrou met kinders weggeloop. Sannie de Jager het na Suid-Afrika gekom nadat haar man Fanie haar verlaat en op Otjiwarongo gaan woon het.[241]

Sommige kinders het verwaarloos daar uitgesien en dit was duidelik dat hulle mediese behandeling moes kry.[242]'n Hele paar mans het nadat hulle in Suid-Afrika aangekom het, las ondervind van bilharzia en malaria, wat tot gevolg gehad het dat hulle afwesig was by hulle werk.[243] Die aanvanklike swak gesondheid van die groep het spoedig verbeter danksy goeie mediese versorging.[244]

Verskeie persone moes gratis mediese behandeling ontvang, waaronder C.J.A. Fourie ('n maagoperasie gevolg deur 'n heupoperasie), J.J. Hamman ('n oogoperasie), Willem de Klerk (behandeling vir sy lewer en 'n vergrote galblaas) en M.A. de Klerk ('n beenoperasie). Hendrik Prinsloo is in 'n hospitaal opgeneem omdat hy melaats was, maar is later weer ontslaan. Pieter Enslin moes mediese behandeling vir sy lyf vol sere ontvang. Oor die algemeen is die mense behandel vir chroniese siektetoestande waarvoor hulle waarskynlik geen behandeling in Angola ontvang het nie. 'n Bedrag van £500 is goedgekeur vir hulpverlening aan diegene wat nie aan siekefondse behoort nie. Verdere voorsiening is gemaak vir die verskaffing van brille en kunstande aan diegene wat dit benodig.[245]

Toe die eerste groep op 18 November 1958 op Krugersdorp aangekom het, was daar groot teleurstelling onder die kinders van skoolgaande ouderdom omdat hulle nie dadelik met skool kon begin nie en tot Januarie 1959 vir die begin van die skooljaar moes wag.[246] Die kinders van skoolgaande ouderdom is almal daarna in skole geplaas en hulle het deurgaans uitstekend gevorder.[247]

---

240 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 32.
241 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: November 1959 – November 1960, 10.11.1960, pp. 2, 7.
242 Anon., "Sien Dogter Weer ná Baie Jare: Eers Teleurstelling, Toe Groot Vreugde vir Angola-Moeder", *Die Burger*, 20 Nov. 1958, p. 3.
243 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum P.J. Wiese (Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 14.04.1960.
244 NHK: Byvoegsel tot Agenda van die Algemene Kerkvergadering, 9 Maart 1961 e.v.d., Bylae L.L, A.B. van N. Herbst & P.M. Smith: Rapport insake lidmate in en uit Angola, p. 4.
245 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, pp. 2–3, 15, 17, 25–26, 30; SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 14.04.1960.
246 A. Verster, "Angola-Boere", *Die Hervormer*, 50(1), Apr. 1959, p. 16.
247 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum Sekretaris van Volkswelsyn en Kommissaris van Pensioene – Minister, 23.06.1959, p. 3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aanvanklik is sommige deur die ander kinders op skool gespot na aanleiding van 'n artikel wat in 'n tydskrif verskyn het. Pieter Opperman se arm is gebreek toe hy tydens so 'n spottery afgeknou is. Ander kinders van Angola-Boere is met bakstene gegooi.[248] Jan Diederiks het die mentaliteit van die spotters beskryf as dié van wildehonde.[249] Maria da Fonseca het vertel dat haar kinders in die gesig gespoeg en aangerand is.[250] Die kinders is nogtans spoedig geassimileer. Reeds teen 1962 kon vermeld word dat die kinders in sommige gevalle bo verwagting presteer en nie meer as "Angolas" beskou word nie.[251] Die mening is uitgespreek dat die hele onderneming die moeite werd was net ter wille van die onderwys van die kinders: "Die begeerte om te leer was soos 'n veldbrand en die resultate baie bemoedigend."[252]

Selfs onder ouer persone was daar die verwagting om te leer lees en skryf. Sarel Putter (20 jaar oud) het byvoorbeeld gekla dat hy nie leer lees en skryf het nie.[253]

Bevolkingsregistrasie

Volgens die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, No. 44 van 1949 kon persone wat in die voormalige Boererepublieke gebore is en voor die Britse anneksasie daarvan na Angola verhuis het, aanspraak maak op Suid-Afrikaanse burgerskap as hulle voor 2 September 1949 met die oog op permanente verblyf na die Unie van Suid-Afrika teruggekeer het.[254] In 1957 is wysigings aan die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap beoog om dit vir Afrikaners wat in Angola en Argentinië gebore is, maar nog nie genaturaliseer is nie, moontlik te maak om Suid-Afrikaanse burgers te word.[255]

Toe hulle in 1958 na Suid-Afrika en Suidwes-Afrika gerepatrieer word, was hulle burgerskap vir die Suid-Afrikaanse regering 'n probleem omdat daar groot onsekerheid in dié verband bestaan het.[256] Selfs ná deurtastende ondersoeke kon die amptenare van die

---

248 Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; J.J. Diederiks, 25.09.2005; Telefoniese onderhoud: P.W.J. Opperman, 23.08.2005.
249 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
250 John Moody, "Angola-Boere in S.A. Afgejak en Verstoot", *Dagbreek en Sondagnuus*, 20 Jan. 1963.
251 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 4.
252 NHK: Byvoegsel tot Agenda van die Algemene Kerkvergadering, 9 Maart 1961 e.v.d., Bylae L.L, A.B. van N. Herbst & P.M. Smith: Rapport insake lidmate in en uit Angola, p. 4.
253 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 23.
254 SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Sekretaris van Binnelandse Sake – Sekretaris van Buitelandse Sake, 20.12.1958.
255 Anon., "Toegewings aan Angola-Boere en Suidwes-Duitsers beoog", *Die Suidwester*, 15 Jun. 1957, p. 1; Anon., "Burgerskap Vir Angola-boere", *Die Suidwester*, 15 Jun. 1957, p. 4.
256 Anon., "Status of Angola Trekkers", *The Cape Argus*, 25 Feb. 1959; Anon.,"Minister verduidelik: Angola-Boere se Posisie in Suid-Afrika", *Die Burger*, 25 Febr. 1959.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Departement Binnelandse Sake nie uitsluitsel gee of sommige van hulle volgens die vereistes van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, No. 44 van 1949 Suid-Afrikaanse burgers is en dus van die Wet op Vreemdelinge, No. 1 van 1937 vrygestel is of nie.[257]

Die feit dat sommige van hulle vreemdelingbelasting in Angola betaal het en dit as sulks op hulle verblyfdokumente aangeteken is, het in ander gevalle die deurslag gegee om te beslis dat hulle nie deur die Portugese owerheid as Portugese burgers gereken is nie.[258] Daar is nietemin besluit om die Afrikaners wat sonder dokumente uit Angola aangekom het op die een of ander manier te help. Hulle is behandel asof hulle Suid-Afrikaanse burgers is.[259]

Die meeste huwelike was nie wettig nie. Die eenvoudigste manier om al hierdie huwelike te wettig, was om almal weer te bevestig deur ’n erkende huweliksbevestiger. Gevolglik is ’n groot klomp persone by dieselfde geleentheid weer in die eg verbind.[260] Die regering het onderneem om alle kinders uit sulke huwelike te wettig sodat hulle in besit van ’n wettige geboortesertifikaat kan wees.[261] Met die repatriasie van 1928 het soortgelyke probleme rondom die wettiging van ’n groot aantal huwelike van Angola-Afrikaners ontstaan. Destyds is hierdie huwelike retrospektief gewettig deur ’n spesiale wet, die Wettiging van Angola Huwelike Wet (Legalization of Angola Marriages Act), No. 47 van 1934.

Pogings is aangewend om die naturalisasie van die Angola-immigrante te bespoedig. Diegene wat by die Suid-Afrikaanse Spoorweë gewerk het, is as tydelike werkers in diens geneem. Indien hulle genaturaliseer is, sou hul werksvoordele verbeter en kon hulle kwalifiseer vir voorregte (byvoorbeeld siekverlof en ’n siekefonds) waarop hulle aanvanklik nie geregtig was nie. Vir dié doel is konsepwetgewing ingedien om die vereistes vir naturalisasie te verander sodat die Angola-immigrante makliker genaturaliseer kan word.[262]

---

257 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 30.09.1958; Adjunk-minister van Binnelandse Sake, *Hansard*, 24 Febr. 1959, par. 1393–1394.
258 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 30.09.1958.
259 Anon., “Minister verduidelik: Angola-Boere se Posisie in Suid-Afrika”, *Die Burger*, 25 Febr. 1959.
260 Volgens NHK: G119 3/3/3, Huweliksregister Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp-Wes is 4 paartjies op 2 Desember 1958 en 8 paartjies op 3 Desember 1958 (die volgende dag) in die eg verbind.
261 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum (Kabinet): Angola-immigrante, 1958, pp. 2–3; J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk); Anon., “Minister verduidelik: Angola-Boere se Posisie in Suid-Afrika”, *Die Burger*, 25 Febr. 1959.
262 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 12.01.1960 (26.01.1960); SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum P.J. Wiese (Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 14.04.1960.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Plasing in arbeidsame betrekkings

Daar is onderneem om vir elke broodwinner 'n betrekking te kry. Vir dié doel is verteenwoordigers van die Departement van Volkswelsyn en die Departement van Arbeid in die Sentrale Skakelkomitee opgeneem.[263] Daar was van die begin af bedenkinge of sommige met die werk selfstandig sou word. Daar moes ook gewaak word teen sommige werkgewers wat net van goedkoop arbeid gebruik wou maak.[264] 'n Amptenaar van die Departement Binnelandse Sake het dit só opgesom:

> Wie ookal verantwoordelik gaan wees vir hulle eventuele plasing in gevestigde betrekkings sal uiters oordeelkundig en versigtig te werk moet gaan. Hulle sal soos kinders behandel en opgelei moet word en dit sal baie geduld en verdraagsaamheid van die werkgewer verg maar met die regte en simpatieke benadering sal hulle aanpas en inpas en behoort hulle hul plekke vol te staan. Hulle is na alles beter en betroubaarder as naturelle en behoort sodoende dienliker en bruikbaarder te wees.[265]

Teen 26 November 1958 is die eerste broodwinners deur die Departement van Arbeid in betrekkings geplaas.[266] Oor die algemeen het die plasings aanvanklik met baie probleme gepaard gegaan. Een Angola-Boer het geskryf: "Ek het 30 jaar oud geword en nog nie so swaar gehad nie soos ek dit hier kom tref het nie. Dan was dit beter dat ek in Angola gebly het." Iemand anders het weer die volgende gedagte uitgespreek: "Want ons belofte was in Angola dat ons 'n beter lewe hier sal maak in die Unie maar hier werk ons nog slegter as die kaffers in Angola …"[267] 'n Derde persoon het gesê:

> Die mense hierlangs sê daar bestaan nie meer werk met graaf vir die witman nie, maar tog moet ons klomp Angola-mense wat sterte het soos ape dit doen. Hier is so baie ander werk op die Spoor, dat hulle dar[e]m nie nodig het mense kafferwerk te gee nie …[268]

Tog het 'n aantal gesinne en persone goed aangepas en die prentjie was dus nie heeltemal so donker nie.[269]

---

263 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 2.
264 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag, ongedateer (ongeveer November 1958), p. 2.
265 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 30.09.1958, p. 4.
266 Anon., "Nuwe Daeraad Vandag vir Eerste gesinne", *Die Transvaler*, 26 Nov. 1958.
267 SAB: VWN, SW 83/1, Bylaag C van Verslag Departement van Arbeid, 01.04.1959.
268 SAB: VWN, SW 83/1, Bylaag D.(a) Verslag Departement van Arbeid, 01.04.1959.
269 SAB: VWN, SW 83/1, Departement van Volkswelsyn Memorandum oor Vergadering van die Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 13.05.1959.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die meeste mense het werk by die Suid-Afrikaanse Spoorweë gekry. Teen die einde van Februarie 1959 het 36 persone hier werk gekry, waarvan net een van werk verander het.[270] Die eerste groep van 36 broodwinners is uitgeplaas na Klerksdorp (5), Bloemhof (1), Westonaria (1), Braamfontein (1), Pienaarsrivier (1), Kroonstad (3), Springfontein (8), Bloemfontein (6), De Aar (5), Noupoort (3) en Firgrove (2).[271] Dié groep het later in Suid-Afrika tot 49 aangegroei, terwyl 'n paar ook in Suidwes-Afrika op die Spoorweë gewerk het.[272]

As ongeskoolde arbeiders het hulle 'n gemiddelde salaris van £38 per maand ontvang, wat ontoereikend vir groot gesinne was. Aangesien ongeskoolde arbeid in daardie jare hoofsaaklik deur nieblankes gedoen is, het sommige Angola-Afrikaners gevoel dat hulle "kafferwerk" doen en gevolglik die hoop uitgespreek om terug te keer Angola toe.[273] Soortgelyke vooroordeel teen fisiese handearbeid ("kafferwerk") het tot in die twintigste eeu nog onder Afrikaners voorgekom, maar dit het mettertyd begin verdwyn.[274]

Dat dit nie altyd so voorspoedig gegaan het nie, blyk uit terugvoer wat ontvang is: Paul Putter "wat op Firgrove by die Spoorweë werk, vind dit geen man se werk om die trollie met bagasie op die perron te stoot nie. Dit vereis te veel liggaamskrag en hy versoek om weggeneem te word."[275] Van Enslin, Klaas Putter en ander wat op Bloemfontein by die Suid-Afrikaanse Spoorweë werksaam was, is klagtes ontvang dat hulle totaal werksku is. Jesaja Jeremias Putter was nie in staat om sy naam te teken nie. Nadat hy 'n dag lank geoefen het, kon hy dit doen en is by die Spoorweë in diens geneem. W.C. Opperman, wat 'n gebreklike linkerbeen gehad het en boonop ongeletterd was, het ook by die Spoorweë werk gekry. D.B. Enslin (jr.) het die Hervormde Kerk laat weet dat hy sy werk een jaar nadat hy daarmee begin het, gaan laat staan en dat die kerk dan verder vir hom moet sorg.[276]

'n Tweede groep van 13 persone het op verskillende plase werk gekry. Van hulle het

---

270 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 2.
271 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Verslag oor die vordering van die repatriasie, 04.03.1959, p. 2.
272 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 34.
273 *Ibid*., p. 34.
274 R.W. Wilcocks, *Die armblanke*. (Verslag van die Carnegie-kommissie, Deel II), pp. 53–58, 72–77, 173; Carnegie-kommissie, "Gesamentlike bevindinge en aanbevelinge van die kommissie", *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*, pp. xi, xvii.
275 NHK: K48 5/1/2 Berigte ontvang in verband met Angola-Boere, ongedateer (ongeveer Januarie 1959).
276 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, pp. 5, 10, 16.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slegs twee persone ná drie maande hulle oorspronklike werk behou.[277] Enersyds kon die mense nie aanpas by die boerderyomstandighede in Suid-Afrika nie en andersyds is sekere beloftes deur werkgewers aan hulle gemaak wat nie nagekom is nie.[278]

Ter illustrasie kan enkele voorbeelde gegee word. Vyf koeie is deur 'n mnr. Neveling aan Willem Opperman beskikbaar gestel om tot sy eie voordeel te melk. Later is berig: "Opperman is ontsteld omdat Neveling verwag dat hy die koeie self moet melk (die melk van koeie is kafferwerk volgens hom)." Intussen het Neveling ook vasgestel dat mev. Opperman hout moet kap en handearbeid moet verrig. "Opperman is ontsteld omdat Neveling hom daarop gewys het dat hy die houd [sic] moet kap en nie sy vrou nie."[279]

Floris Visser het "beweer dat hy te siek is om te werk en sê dat hy getoor is. By ondersoek van die dokter kon daar niks fout met hom gevind word nie."[280] Later is bevind dat Visser geestelik versteurd is. Nadat daar verder met 'n geskikte betrekking rondgeval is, het hy by Klipfontein Organiese Produkte werk gekry. Die Departement van Arbeid het dit as "een van die gelukkigste plasings" beskou.[281]

Paul de Klerk se hooftaak was om bokke op te pas. Oor hom is gerapporteer: "Laasgenoemde taak vind hy te moeilik en sien nie kans om in die warm son te verkeer nie."[282]

Dit is opvallend dat nie een enkele persoon by die Departement van Lande om die toekenning van 'n plaas aansoek gedoen het nie hoewel hulle in Angola dikwels die vereiste gestel het dat hulle slegs sal emigreer indien plase aan hulle toegeken word.[283]

Drie persone het by fabrieke werk gekry. Omdat hulle hoër salarisse verdien het, was daar minder klagtes.[284] 'n Paar persone het ander werk gekry, byvoorbeeld as motorwerktuigkundige, winkelklerk, huishoudster of werker by die slagpale. Dit het dan nie te sleg gegaan nie.[285]

In sommige gevalle, soos dié van Willem de Klerk, is berigte ontvang dat hulle werk-

277 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 2.
278 SAB: VWN, SW 83/1, Verslag Departement van Arbeid, 01.04.1959.
279 NHK: K48 5/1/2 Berigte ontvang in verband met Angola-Boere, ongedateer (ongeveer Januarie 1959).
280 *Ibid*.
281 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 12.
282 NHK: K48 5/1/2 Berigte ontvang in verband met Angola-Boere, ongedateer (ongeveer Januarie 1959).
283 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum Sekretaris van Volkswelsyn en Kommissaris van Pensioene – Minister, 23.06.1959, p. 3.
284 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 34.
285 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1959, p. 3; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 34.

© University of Pretoria

gewers tevrede is.[286] In ander gevalle is bevind dat die persone onplaasbaar is en verskillende Hervormde gemeentes het dan "as deel van die vervulling van hulle barmhartigheidstaak die hand uitgesteek". Vier gesinne is só gehelp. Sommige het daarna uitstekende werk gekry, "[a]nder word maar net opgepas."[287]

Vir sommige persone was dit baie moeilik om in 'n werk geplaas te word. Theunis de Klerk en Klaas Putter het teen Mei 1961 al in hulle vierde betrekking gestaan.[288] Dit wil voorkom of die "werkskuheid" wat reeds vroeër in Angola geïdentifiseer is, die belangrikste rede was waarom die plasings nie suksesvol was nie. Sommige Angola-Boere was doodeenvoudig nie daaraan gewoond om 'n vaste betrekking te beklee nie en die aanpassing het gevolglik met baie probleme gepaard gegaan.[289] Van sommige persone is gesê: "Die aanpassing bly maar moeilik – die klagtes legio en die onbestendigheid onmeetbaar."[290]

Ander redes hoekom mense nie suksesvol in hulle nuwe werk kon inpas nie, was die feit dat hulle werk gedoen het waarvoor hulle nie opgelei was nie, die inkomste nie toereikend was nie of die bevorderingsmoontlikhede skraal was.[291]

Hoewel die werksplasings nie in alle gevalle suksesvol was nie, is dit nietemin as 'n sukses beskou omdat "hulle vir jare gewoond was aan 'n los en ongedissiplineerde lewe, en nie gewoon[d] was aan harde handearbeid nie".[292] Mettertyd is die meeste aanpassingsprobleme opgelos en was die meerderheid van die mense tevrede met hulle nuwe werk.[293] Die stroom klagtes gerig aan die Hervormde Kerk het minder geword en later feitlik opgehou.[294]

Dit is interessant dat een van die afstammelinge van die transportryers van weleer mettertyd hom weer in dié bedryf bevind het. Erns Ludeke het in later jare 'n multimiljoenrand-vervoerbesigheid naby Middelburg opgebou met meer as 100 mense in sy diens en 45 vragmotors in sy besit.[295]

Drie bejaardes is in tehuise opgeneem, sommige het mediese behandeling ontvang

---

286 NHK: K48 5/1/2 Berigte ontvang in verband met Angola-Boere, ongedateer (ongeveer Januarie 1959).
287 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 3.
288 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 21.11.1960.
289 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum P.J. Wiese (Departement van Volkswelsyn en Pensioene), 14.04.1960.
290 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag November 1959 – November 1960, 10.11.1960, p. 2.
291 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 12.01.1960 (26.01.1960), p. 2.
292 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum N.B. Badenhorst (Departement van Volkswelsyn en Pensioene), 29.01.1960.
293 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum P.J. Wiese (Departement van Volkswelsyn en Pensioene), 14.04.1960.
294 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, pp. 4–5.
295 Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en kon nie dadelik uitgeplaas word nie en sommige persone het sonder werk gesit omdat hulle nie die aangebode werk wou aanvaar nie.[296]

Teen 1962 het die Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante vermeld: "Die 'los' lewe waaraan etlikes gewoond was in Angola, maak gou plek vir 'n geordende bestaan en gebind aan hoër sedelike maatstawwe."[297]

Persone van gemengde herkoms

Die regering het voortdurend beklemtoon dat die hulpverlening slegs tot "families van suiwer blanke afkoms" beperk word. Daar is dus van die Sentrale Skakelkomitee vir Angola-immigrante verwag om keuring reeds in Angola te laat plaasvind. In geval van families van gemengde afkoms sou sommige lede as "Kleurlinge" afgesonder moes word. Daar is voorsien dat die "aankoms van persone en/of kinders wat nie van suiwer blanke afkoms is nie" tot baie probleme aanleiding kan gee. Die kabinet het gevolglik aanbeveel dat sulke persone liewer aangeraai moet word om "in hulle eie belang" in Angola te bly en "hulle verder in die Portugese gemeenskap te laat opneem".[298]

Kort nadat dit bekend geraak het dat groot groepe Afrikaners in September 1958 op die grens vergader om na Suidwes-Afrika en Suid-Afrika gerepatrieer te word, het die hoofimmigrasiebeampte in Windhoek geskryf: "Dit is bekend dat deur die verloop van jare bloedvermenging waarby naturelle betrokke is tot 'n sekere mate in sommige families plaasgevind het."[299]

In die lig hiervan en met die oog op die ernstige implikasies vir die regering in die lig van die destydse rassebeleid, gepaard met die feit dat die immigrasiebeampte te Oshikango onervare was, is versoek dat keuring en beheer op die grens deur amptenare van die Departement Binnelandse Sake toegepas word. In handskrif is op dié dokument bygevoeg: "Daar sal baie oordeelkundig opgetree word in die uitvoering van plig, indien goedgekeur!"[300] Spesiale reisreëlings moes getref word vir amptenare van die Departement

---

296 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 2.
297 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 4.
298 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum (Kabinet): Angola-immigrante, 1958, p. 4; NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, 0.10.1958, pp. 1–2.
299 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte, Windhoek – Sekretaris van Binnelandse Sake, Pretoria, 27.09.1958.
300 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte, Windhoek – Sekretaris van Binnelandse Sake, Pretoria, 27.09.1958.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Binnelandse sake sodat keuring reeds op die grens kan plaasvind. Dit was byvoorbeeld vir ’n amptenaar nie die moeite werd om in die geval van klein groepe na die grens te reis nie.[301]

Twee persone, waaronder ’n kind, is in 1959 op die grens toegang geweier omdat gevoel is dat hulle nie blankes is nie. Daar is voorsien dat meer sulke gevalle verwag kon word.[302] Teen die begin van Junie 1959 is nog ’n gesin by die grens geweier omdat die immigrasiebeampte by Oshikango van mening was dat een kind van die gesin ’n “kleurling kind” is.[303] Teen die begin van Augustus 1959 het ’n gesin van ses by die grens omgedraai nadat die immigrasiebeampte geweier het om hulle toe te laat omdat een van die kinders nie van “suiwere blanke afkoms” is nie. Volgens die gesin was die kind wel blank hoewel “soel van vel”.[304]

In Oktober 1961 het die bantoesakekommissaris op Oshikango ook geweier om die gesinne van Theunis Louis Opperman en Alfredo dos Santos toe te laat omdat hy oor hulle blanke afkoms getwyfel het. Opperman het omgedraai en een kind na sy oupa in Angola teruggeneem. Nadat João Diamantino Pienaar, ’n ander Afrikaner uit Angola, beswaar gemaak het en ’n verklaring dat die betrokke familie van suiwer blanke afkoms is, onderteken het, is die Oppermans, met uitsondering van ’n buite-egtelike kind van mev. Opperman, wel deurgelaat.[305]

Vir die “kwessie van rasbepaling” kon geen bevredigende oplossing gevind word nie omdat daar nie op dokumentêre bewyse, by gebrek daaraan in Angola, staatgemaak kon word nie. Daar moes dus teruggeval word op “persoonlike waarneming en ondersoek” om vas te stel of iemand van “suiwer blanke afkoms” volgens die Bevolkingsregistrasiewet, No. 30 van 1950 was. Daar moes boonop, in die lig van reperkussies, met takt opgetree word.[306] Die hoofimmigrasiebeampte in Windhoek het in dié verband berig:

---

301 NAN: BIN 8 B16, Briewe Hoofimmigrasiebeampte, Windhoek – Sekretaris van Binnelandse Sake, Pretoria, ongedateer (ca. Okt. 1958) & 15.01.1959.
302 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 13.05.1959.
303 NAN: BIN 8 B16, Brief Immigrasiebeampte Oshikango – Hoofimmigrasiebeampte Windhoek, 06.06.1959 & Brief Hoofimmigrasiebeampte Windhoek – Kommissaris van Immigrasie en Asiatesake, ongedateer (ca. Junie 1959).
304 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte Windhoek – Kommissaris van Immigrasie en Asiatesake, 13.08.1959.
305 NAN: SWAS 447 A67/4/2, Telegram Bantu – Viljoen, ongedateer (ca. Okt. 1961), Telegram Bantu – Omuhona, 07.10.1961; NAN: BIN 8 B16, Verklaring João Deamantino [= Diamantino] Pienaar, 15.10.1961; Brief Hoofbantoesakekommissaris Windhoek – Hoofimmigrasiebeampte Windhoek, 22.10.1961 & Brief Hoof-paspoortbeampte Windhoek – Hoofbantoekommissaris Windhoek, 03.11.1961.
306 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte Windhoek – Immigrasiebeampte Oshikango, 16.06.1959.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> As gevolg van die verwaarloosde toestand van die mense is dit soms uiters moeilik om op die voorkoms die suiwerheid van die ras te bepaal. Diegene wat met naturelle assosieer[,] het sonder uitsondering een of meer kinders waarvan sommige baie blank voorkom en moontlik ook sal probeer inkom. Uit die aard van hulle assosiasie in Angola kan hulle nie as gewenste immigrante beskou word nie.[307]

Repatriasie na Suidwes-Afrika

Oor die gesinne wat in Suidwes-Afrika 'n heenkome gevind het, is minder bekend.[308] Aanvanklik het ongeveer 155 persone na Suidwes-Afrika gerepatrieer.[309] Van hierdie groep het 30 persone van 5 gesinne van die vier Ludeke-broers en hulle swaer Pieter de Villiers spoedig na Angola teruggekeer: B.J.J. (Barend) Ludeke (7 persone), J.M. (Hans) Ludeke (5 persone), W.J. (Willie) Ludeke (6 persone), P.J. (Piet) Ludeke (8 persone) en P.J. (Pieter) de Villiers (4 persone).[310] Die Ludeke-broers het aanvanklik by die Suid-Afrikaanse Spoorweë op Otjiwarongo werk gekry.[311]

Hoewel Wentzel Coetzer (5 persone), Theunis de Klerk (5 persone) en Willie Storbeck (5 persone) aanvanklik na Suidwes-Afrika getrek het, het hulle later besluit om na Suid-Afrika te gaan. J.C.L. Opperman (4 persone), wat aanvanklik na Suid-Afrika getrek het, het weer later na Suidwes-Afrika verhuis. Verlange na sy familie was waarskynlik die rede vir die besluit.[312]

Ná 'n verdere rondtrekkery het ongeveer 117 Angola-Boere hulle teen 1960 in Suidwes-Afrika gevestig: die weduwee Bettie Behan (1 persoon), Dolf Botha (8 persone),

---

307 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte Windhoek – Kommissaris van Immigrasie en Asiatesake, ongedateer (ca. Junie 1959).

308 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Verslag aan die Volkskomitee, 28.02.1958, p. 3.

309 Volgens NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 33 is dit 111 persone plus drie babas wat gebore is, wat 'n totaal van 114 gee. Volgens NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag November 1959 – November 1960, 10.11.1960, p. 10 is dit 119 persone. Die getal van 155 is op my berekening gebaseer.

310 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag November 1959 – November 1960, 10.11.1960, p. 9.

311 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.

312 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 12.01.1960 (26.01.1960), pp. 1–2; SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Brief Sekretaris Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Sekretaris van Buitelandse Sake, 08.03.1960.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wewenaar Willem Brits met drie kinders (4 persone) – intussen getroud met die weduwee Cecilia Johanna Engelbrecht (2 persone), Fanie de Jager (1), Hannes de Jager (9 persone), Tom de Jager (5 persone), Pieter du Plessis (5 persone), J.H. Duvenhage (3 persone), Theuns Duvenhage (9 persone), Carel Engelbrecht (8 persone), T.L. Kruger (2 persone), Albertus Kruger (5 persone), die weduwee Christina Kruger en vier wees kleinkinders (5 persone), die weduwee J.H. Ludeke (1 persoon), Ernst Ludeke (1 persoon), J.C.L. Opperman (4 persone), W.M. Opperman (11 persone), drie dogters van Hans Piorek (3 persone), Auguste Raes (4 persone) en David van der Merwe (3 persone).[313] Hierbenewens het enkele gesinne op hul eie gerepatrieer en is nie in die amptelike statistiek opgeneem nie. Onder hulle was die gesinne van G.S. Jacobsz (5 persone), J.Z. van der Merwe (11 persone), die weduwee Anna Sofia Hayes (7 persone) en Fanie Theron (8 persone).

Dolf Botha het met sy gesin van agt aanvanklik op ’n veepos op sy ma, Cornelia Botha (née Van Dyk), se plaas in die Gobabis-distrik gewoon. As gevolg van droogte was daar nie genoeg weiding vir hulle vee nie en Jan Labuschagne het hulle gehelp. Verskillende familielede en boere van die omgewing onder leiding van die Gobabis-tak van die Volkskomitee het vee aan hulle en ’n Van der Merwe-gesin geskenk sodat hulle met ’n veeboerdery kan begin.[314]

Albertus Kruger het ook op ’n veepos in die Gobabis-distrik begin nadat Jan en Hansie Kruger, familielede wat reeds in 1928 na Suidwes-Afrika verhuis het, hom gehelp het om op die been te kom. Familielede en boere van die omgewing het eweneens ook aan hom vee geskenk. Hy het mettertyd sy eie plaas gekoop. Familielede van die Krugers soos die Engelbrechts en die Britse is ook op hierdie manier gehelp.[315]

Hannes de Jager en sy gesin het hulle op Outjo gevestig waar hy by die spoorweë ’n betrekking gekry het.[316] Sy broer Tom de Jager het aanvanklik op die myn op Tsumeb werk gekry en ’n ruk lank daar gewerk.[317] Die Duvenhages het hulle mettertyd ook op Tsumeb gevestig.[318]

---

313 SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Brief Sekretaris Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Sekretaris van Buitelandse Sake, 08.03.1960; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 33 & Vorderingsverslag November 1959 – November 1960, 10.11.1960, p. 9, bevat die name van 85 persone. Die regte getal is egter heelwat hoër en is deur my (FJNS) aangevul.

314 NHK: K48 5/2/4, Brief C.P. Chapman – Voorsitter, Volkskomitee vir Angola-Boere, 23.03.1961; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

315 Persoonlike onderhoude: Kruger-gesin, 13.07.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

316 Persoonlike onderhoud: C.L. de Jager, 12.07.2007.

317 Persoonlike onderhoud: J.J. de Jager, 27.04.2008.

318 Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die geval van die weduwee Anna Sofia Hayes het ses van haar kinders wel na Suidwes-Afrika gerepatrieer, maar sy het in Ondangua in Ovamboland agtergebly en met ’n Portugese *mestiço*, Augusto, saamgeleef.[319] Dié gesin het hul teen 1959 in Grootfontein gevestig. Een dogter het op Welwitschia (later Khorixas genoem) gewerk.[320] Hulle het reeds in 1952 na Suidwes-Afrika probeer verhuis.[321] Pieter du Plessis het ook in 1959 na Suidwes-Afrika verhuis nadat hy in 1952 aangedui het dat hy na dié land wil terugkeer.[322]

’n Terugkeer na Angola

Die meeste Angola-immigrante was tevrede met hulle omstandighede. ’n Kleiner groepie het egter die aanpassing te moeilik gevind. Kort voor lank het die klagtes begin instroom dat sommige van die mense wens om weer na Angola terug te keer. Die belangrikste besware was teen die tipe werk wat hulle nou moes doen en omdat hulle dit glo in Angola beter gehad het.[323] Volgens Hendrik de Klerk, as hy geweet het wat hy in Suid-Afrika moes deurmaak, “dan’t ek daar [in Angola] oud geword en doodgegaan en my vannie kaffers laat begrawe”.[324]

Dit was opvallend dat waar die Angola-Boere in groepies saamgetrek het (byvoorbeeld by De Aar en Springfontein), daar dikwels aanpassingsprobleme was omdat die mense hulle van die gemeenskap afgesonder en net hulle eie probleme raakgesien het. Wanneer hierdie groepies opgebreek is deur hulle na ander dorpe oor te plaas, het die probleme vinnig verminder.[325] As gevolg van ’n droogte wat in Suidwes-Afrika geheers het, wou sommige van die Angola-Boere in Suidwes-Afrika na Angola terugkeer.[326] Dieselfde het ná 1928 gebeur toe van die Angola-Boere in Suidwes-Afrika na Angola wou terugkeer.

---

319 NAN: BIN 8 B16, Brief Stasiebevelvoerder Otjiwarongo – Hoofimmigrasiebeampte Windhoek, 21.08.1959.
320 NAN: SWAA 764 A68/5/1/5880, Brief L.M. du Plessis – Hoofbeampte Immigrasiekantoor, 21.04.1960; Persoonlike onderhoud: J.E. de Klerk (née De Jager) & J.E. Truter (née De Klerk).
321 NAN: SWAA 764 A68/5/1/5880, Brief L.J. Haasbroek – Sekretaris van Suidwes-Afrika, 20.12.1952.
322 NAN: SWAA 782 A68/5/1/6428, Briewe P.I. du Plessis – Sekretaris vir S.W. Afrika, 03.12.1952, & Sekretaris van Binnelandse Sake – Hoofimmigrasiebeampte Windhoek, 26.09.1960; Telefoniese onderhoud: J.E. du Plessis (née Koekemoer), 23.07.2007.
323 SAB: VWN, SW 83/1, Verslag Departement van Arbeid, 01.04.1959; M. Voigt, “Oor die Angola-Boere en die Portugese regering”, *Die Hervormer*, 50(8), Nov. 1959, p. 32.
324 H.C. Klopper, “’n Karakterisering van Dorslandafrikaans”, p. 246.
325 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum Sekretaris van Volkswelsyn en Kommissaris van Pensioene – Minister, 23.06.1959, p. 3; SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum P.J. Wiese (Departement van Volkswelsyn en Pensioene), 14.04.1960.
326 NHK: K1/2 1/1/4D, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 29 Maart 1960.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit wil voorkom of die mans moeiliker aangepas het, terwyl die vroue en die kinders makliker aangepas het.[327] Een van die teruggekeerde Afrikanervroue het verklaar: "Ons was in Suid-Afrika gewees, maar my man wou nie daar bly nie omdat hy daar nie kon jag nie."[328] Dit wil voorkom of die belange van die vroue en kinders mettertyd geseëvier het: "Waar mans dreig om terug te gaan, trap moeders en kinders vas want hulle het nou huise en skole."[329]

In die geval van Willem de Klerk was sy vrou en sewe kinders baie gelukkig, terwyl hy na Angola wou terugkeer. Dit wil voorkom of hy die lewe vir sy gesin onhoudbaar gemaak het. Daar is voorsien dat hy moontlik psigiatriese hulp nodig sou hê en dat die kinders in die sorg van hulle moeder geplaas kan word.[330] Teen Mei 1961 het hy met een seun na Angola teruggekeer en sy vrou met ses ander kinders sonder 'n inkomste gelaat.[331] Hy het kort daarna permanent na Suid-Afrika teruggekeer.

Vanuit Suidwes-Afrika het 30 persone van 5 gesinne van die Ludeke-familie en hulle De Villiers-swaer, soos reeds vermeld, na Angola teruggekeer: Barend Ludeke (7 persone), Hans Ludeke (5 persone), Willie Ludeke (6 persone), Piet Ludeke (8 persone) en hulle swaer Pieter de Villiers (4 persone).[332] Die Ludeke-broers en hulle De Villiers-swaer het gemeen dat Jan Diederiks hulle 'n gat in die kop gepraat het.[333] Dit was vir hulle moeilik om aan te pas omdat hulle nooit voorheen vir 'n werkgewer gewerk het nie. Hulle het gevoel "dat die horlosie hulle baas geword het".[334]

Teen die begin van 1960 het die eerste gesinne (20 persone) uit Suid-Afrika na Angola begin terugkeer: Simon Riekert (1 persoon), Carl Voigt (4 persone), J.D. Pienaar (8 persone), Gideon Fourie (6 persone) en sy broer Gert Fourie (1 persoon). Teen daardie tyd het etlike ander persone ook hulle voorneme om weer na Angola terug te keer, te kenne gegee. Dit lyk of onvoldoende salarisse dikwels 'n belangrike rede vir hierdie besluit was, hoewel sommige persone waarskynlik nooit beoog het om permanent na

---

327 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum N.B. Badenhorst (Departement van Volkswelsyn en Pensioene), 17.10.1959.
328 Anon., "Afrikaners het hom vervolg, sê Boer uit Angola", *Dagbreek en Sondagnuus*, 10 Jan. 1965.
329 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 36.
330 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum P.J. Wiese (Departement van Volkswelsyn en Pensioene), 14.04.1960.
331 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 01.05.1961.
332 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag November 1959 – November 1960, 10.11.1960, p. 9; Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005; A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.
333 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.
334 Persoonlike onderhoud: A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suid-Afrika te repatrieer nie.[335] Die Fourie-broers se vader, Gideon Fourie, het met sy vierde vrou en sy skoonma (die weduwee Botha) ook na Angola teruggekeer. Nadat hy in 1961 daar oorlede is, het die twee weduwees weer na Suid-Afrika verhuis.[336]

In die geval van Simon Riekert het hy teruggegaan om sy ouers in Angola te haal. Carl Voigt se gesin kon weer ’n goeie lewe op sy ouers se plaas in Angola maak. Hy was wel in diens om as werktuigkundige opgelei te word. Johannes Jacobus (ook bekend as João Diamantino) Pienaar het oënskynlik teruggegaan omdat sy plaas nog nie verkoop is nie en hy en sy vrou te veel na ’n getroude seun in Angola verlang het. Ander redes wat aangevoer is, was die feit dat sy salaris ontoereikend vir sy groot gesin was en hy in die verkeerde beroep geplaas is.[337]

In die geval van Carl Voigt was die feit dat hy nie ’n verblyfspermit in Suid-Afrika kon kry nie en boonop militêre diensplig in Angola moes verrig, bykomende redes vir sy gesin se terugkeer. Die aanpassing was bowendien moeilik.[338]

In die gevalle van Gideon en Gert Fourie is werkskuheid geïdentifiseer as rede vir hulle terugtrek: “Die gebonde lewe en verantwoordelikheid wat werk meebring[,] was te veel en die jagveld se roepstem was te sterk.”[339]

Mev. M.E. Piorek het tydelik na Angola teruggekeer oor geld wat Jan Diederiks haar geskuld het, om die twee groot gesinne van haar kinders te besoek en om haar finansiële sake te reël.[340] Sy is toe daar oorlede.

Sommige Angola-Boere het tydelik na Angola teruggekeer om hulle besittings van die hand te sit. Jan Diederiks het verklaar dat hy na Angola terugkeer om na sy handelsbelange om te sien en sy sisalplantasie vir R24 000 van die hand te sit.[341]

Samevattend het 63 persone dus weer na Angola teruggekeer nadat hulle aanvanklik na Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gerepatrieer het.

---

335 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 12.01.1960 (26.01.1960), pp. 1–2; SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Brief Sekretaris Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante – Sekretaris van Buitelandse Sake, 08.03.1960; FJNS: M.C.J. Voigt, “My opmerkings”, p. 6.

336 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 1.

337 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, pp. 27, 31; SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 12.01.1960 (26.01.1960), p. 2.

338 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.

339 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 12.01.1960 (26.01.1960), p. 2.

340 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 22; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 23.08.2008.

341 J. Loretz, “Ryk Afrikaanse Boer Smeek Om Hulp uit Portugese Tronk”, *Die Landstem*, 28 Nov. 1964, p. 3; Anon., “Boer Terug in S.A. Na 7 Maande In Portugese Tronk”, *Die Landstem*, 9 Jan. 1965, in Anon., “Afrikaners het hom vervolg, sê Boer uit Angola”, *Dagbreek en Sondagnuus*, 10 Jan. 1965, word ’n bedrag van R32 000 genoem; Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teruggekeerdes wat weer na Suid-Afrika verhuis het

Op 15 Maart 1961 het die gewapende bevrydingstryd in Angola uitgebreek. Teen Junie 1961 het 58 persone wat na Angola teruggekeer het nadat hulle in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika was, besluit om weer na Suid-Afrika te trek.[342]

Die vyf gesinne van die Ludeke-familie en hulle De Villiers-swaer wat voorheen in Suidwes-Afrika was en toe na Angola teruggekeer het, het tussen 10 Mei 1961 en 28 Januarie 1962 weer na Suid-Afrika gekom: Barend Ludeke (7 persone), Hans Ludeke (4 persone), Willie Ludeke (7 persone), Piet Ludeke (10 persone) en Pieter de Villiers (5 persone). Hulle het intussen tot 33 persone aangegroei.[343] Nog 'n klompie persone wat eers in Suid-Afrika was en toe na Angola teruggekeer het, het ook weer na Suid-Afrika teruggekom: Simon Riekert (1 persoon), J.D. Pienaar (9 persone), Carl Voigt (5 persone) en die weduwees Botha en Fourie (2 persone).[344] Willem de Klerk en sy seun (2 persone) het ná 'n kort besoek in Angola vinnig na die res van sy gesin in Suid-Afrika teruggekeer.[345]

Onder die groep wat in Oktober 1961 uit Angola aangekom het, was die skoonsusters Elsie Maria Margaretha Pienaar (née Opperman) en Christina Johanna Opperman (née Ludeke) wat vir die tweede keer na Suid-Afrika gerepatrieer is. Hulle is by die MEI-sentrum in Brakpan gehuisves voordat hulle uitgeplaas is. Hulle het gesê dat hul alles in die opstand verloor het. Hulle plaas en woning is afgebrand en hul vee is doodgemaak.[346]

Die gesinne van Gideon en Gert Fourie was dus die enigste wat terug is na Angola maar nie met die uitbreek van die opstande weer na Suid-Afrika verhuis het nie.

Dertig ander persone het ná 15 Maart 1961 vir die eerste keer na Suid-Afrika verhuis: J.W. Riekert (4 persone), mej. M. Milho (1 persoon), T.L. Opperman (9 persone), W.A. Opperman (4 persone), Álvaro Castelões dos Santos (5 persone), Magiel Prinsloo (4 persone) en die res van die familie van Jan Diederiks (3 persone).[347] Hierdie groepie het

---

342 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 6; SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum A. Auret (Departement van Volkswelsyn en Pensioene), 22.06.1961.

343 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 1; Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.

344 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 1.

345 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 01.05.1961; Persoonlike onderhoud: J.P. Seirós, 23.05.2008.

346 Anon., "Tragic trek back – after 67 years", *Rand Daily Mail*, 26 Oct. 1961 & "Angola mothers in six-month trek to S.A.", *Rand Daily Mail*, 27 Oct. 1961.

347 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 1; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besluit om "as gevolg van die terrorisme en ander oorsake" en die "onseker toestand in Angola" na Suid-Afrika terug te keer.[348]

Persone wat in Angola agtergebly het

'n Hele paar gesinne met Portugese gesinshoofde het besluit om in Angola aan te bly. Hulle was gewoonlik al verportugees en het dus nie kans gesien om na 'n land te repatrieer waarvan hulle nie een van die amptelike tale kon praat nie. Die meeste van hierdie mense moes noodgedwonge in 1975 na Suidwes-Afrika en Suid-Afrika vlug.

Daar het ook aansoeke ingekom van Portugese wat met Afrikaners getroud was en wou emigreer. Soos in 1928, is daar weer 'n redelik afwysende houding teenoor hulle ingeneem. Die Departement Buitelandse Sake het besluit dat hulle op die gewone wyse moet aansoek doen om as immigrante toegelaat te word.[349] In sommige gevalle het die Portugese vaders dus in Angola agtergebly, terwyl die res van hulle gesinne na Suid-Afrika getrek het. Dié besluit is waarskynlik vergemaklik omdat sommige vroue nie wettig met die Portugese vaders getroud was nie. Mev. G.M.M. Putter het met haar twee kinders, Opélia Maria Constância en José Luís Mateus de Nobrega, na Suid-Afrika gekom, terwyl De Nobrega (die Portugese vader) in Angola agtergebly het.[350] Magrieta Johanna Jacoba Piorek het met haar een seun Johannes Piorek Seirós na Suid-Afrika gekom, terwyl haar ander kinders, António Piorek Seirós en Joaquina Rosa Piorek Seirós, saam met hul vader, Alfredo Agosto de Sá Seirós, in Angola agtergebly het.[351] António Seirós en Joaquina Seirós Garção het eers in 1975 met hulle gesinne na Suid-Afrika gevlug.[352]

Mev. M.H.L. da Fonseca het met twee dogters na Suid-Afrika gekom, terwyl haar man en twee seuns en een dogter in Angola agtergebly het. Sy het ter wille van haar dogters se skoolbywoning gekom. As haar man wou emigreer, moes hy dit langs die ge-

348 NHK: K48 1/1/1 D, Oorsig van die voorsitter van die Volkskomitee vir Angola-Boere op die vergadering van 12.06.1961; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Vorderingsverslag Mei 1961 – Januarie 1962, 07.02.1962, p. 3; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.

349 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 33.

350 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: November 1959 – November 1960, 10.11.1960, p. 7.

351 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 14; Telefoniese onderhoud: A.P. Seirós, 14.01.2009.

352 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Johannes Hans Piorek en Maria Elizabeth Diedericks [sic], ca. 1975; Telefoniese onderhoud: A.P. Seirós, 14.01.2009.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wone weg aanvoor.[353] Dit wil voorkom of die man se drankprobleem 'n bydraende faktor was tot die verwydering was.[354] Hy het eers ongeveer 1961 uit Angola na Suid-Afrika gevlug.[355]

Een seun van Jan Pienaar het in Angola agtergebly waar hy as werktuigkundige werksaam was. Hy wou nie kom terwyl sy ouers finansieel so swaarkry nie.[356] 'n *Mestiço*-seun van Pienaar (waarskynlik die genoemde werktuigkundige) het by 'n tante in Angola agtergebly. Hy het later na Portugal verhuis.[357]

Drie dogters van Hans Piorek (Marie, Janetta en Louisa) is deur ouderling Martiens Venter na Suidwes-Afrika geneem waar hulle goed ingeskakel het en later goed getrou het. Dit was nie deel van die repatriasie met die hulp van die Sentrale Volkskomitee nie. Daar is gevrees dat hulle met Portugese mans kan trou as hulle langer in Angola bly. Die ouers, twee broers en jongste suster het in Angola agtergebly Die twee broers, Willem en Jaap, het later hulle diensplig in Angola gedoen.[358]

Marthie Voigt se oudste broers, Magiel en Corneels Prinsloo, het ook in Angola gebly toe hulle ouers en jonger broers sowel as hulle swaer vir 'n kort ruk lank na Suid-Afrika getrek het.[359]

Teen 1962 het lede van die gesinne van Carl Voigt (5 persone) en Magiel Prinsloo (4 persone) besluit om na Angola terug te keer.[360] Hulle is gevolg deur die gesin van Jan Pienaar (9 persone).[361] Voigt en Pienaar se gesinne het dus twee keer na Suid-Afrika gekom en twee keer na Angola teruggekeer. As rede is aangevoer dat Carl Voigt nog militêre diensplig in Angola moes verrig. Marthie Voigt het ook gevoel: "As jy een keer in Angola gebly het, kan jy nie weer op 'n ander plek aanpas nie." Haar pa, Michael Prinsloo,

---

353 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 30; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

354 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: November 1959 – November 1960, 10.11.1960, p. 6.

355 Persoonlike onderhoud: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.01.2009.

356 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 31.

357 Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.

358 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; Telefoniese onderhoud: M.E. Alves (née Piorek), 26.01.2009.

359 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

360 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Februarie 1962 – November 1962, 05.11.1962, p. 1; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.

361 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Afsluitingsverslag: 28.09.1963, p. 1; Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en sy seuns Andries en Peet het saam met hulle na Angola teruggekeer. Michael en sy vrou is later daar oorlede.[362]

Die vyf gesinne van die Ludeke-familie en hulle De Villiers-swaer (nou 35 persone) wat voorheen in Suidwes-Afrika was, wat na Angola teruggetrek en tussen 10 Mei 1961 en 28 Januarie 1962 weer na Suid-Afrika getrek het, het tussen 1962 en 1964 vir 'n tweede keer na Angola teruggekeer.[363]

Afsluiting van die repatriasie

Teen 21 November 1960 het die Sentrale Skakelkomitee besluit om die weeshuis op Krugersdorp vir verdere aankomelinge te sluit en die bestaande inwoners so spoedig moontlik uit te plaas. Die weeshuis is egter eers op 11 April 1961 gesluit. Onder die persone wat die sluiting vertraag het, was Theunis de Klerk en Klaas Putter (wat beide al in hulle vierde betrekking gestaan het), die weduwees Van der Walt en Putter (wat gewag het dat hulle kinders huise kry), Wentzel Coetzer (wat tydelik daar ingewoon het nadat hy uit Suidwes-Afrika teruggekom het) en Johannes (João) de Nobrega en Helena Elizabeth Visser (wat later met mekaar getroud is). Nuwe aankomelinge is tydelik in die MEI-sentrum op Brakpan gehuisves.[364]

Teen 28 September 1963 is die repatriasie afgehandel en het die sekretaris sy afsluitingsverslag opgestel. Die laaste persoon wat oor die grens gekom het, was Francina Monteiro.[365] Die spesiale vergunning ten opsigte van reisdokumente het nie meer bestaan nie en voornemende immigrante moes voortaan aan al die gewone immigrasievereistes voldoen.[366]

Teen 1963 is die meerderheid van die ongeveer 600 Afrikaners wat teen 1958 in Angola was, gerepatrieer. Altesaam 339 persone is na Suid-Afrika en 117 persone na Suidwes-Afrika gerepatrieer. 'n Geskatte 148 Afrikaners het in Angola agtergebly, waar-

362 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.

363 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006; W.J. Ludeke, 29.07.2006.

364 SAB: VWN, SW 83/1, Notule Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, 21.11.1960 & 09.02.1962; Anon., "Tragic trek back – after 67 years", *Rand Daily Mail*, 26 Oct. 1961 & "Angola mothers in six-month trek to S.A.", *Rand Daily Mail*, 27 Oct. 1961.

365 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Afsluitingsverslag, 28.09.1963, p. 1. Haar van word hier foutief as De Mathira aangegee.

366 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Februarie 1962 – November 1962, 05.11.1962, p. 1.

© University of Pretoria

onder 63 wat weer teruggetrek het nadat hulle aanvanklik gerepatrieer is.[367]

Die Volkskomitee vir Angola-Boere het op 12 Oktober 1965 sy werksaamhede afgesluit en ontbind. Die balans van die fonds is aan die Hervormde Kerk oorbetaal om gebruik te word ten behoewe van die Angola-Boere en hulle nakomelinge en alle dokumente is aan die argief van die Hervormde Kerk vir bewaring oorhandig.[368]

	Suid-Afrika	***Suidwes-Afrika***	***Totaal***
Tot Desember 1960			
Aangekom uit Angola	262	155	417
Gebore	+21	+3	+24
Oorlede	–4	0	–4
Totaal	279	158	437
Na Suidwes-Afrika	–4	+4	0
Na Suid-Afrika	+15	–15	0
Terug na Angola	–24	–30	–54
Nuwe subtotaal	266	117	386
Tot Januarie 1962			
Nuwe aankomelinge	+23	0	+23
Terugkerendes uit Angola	+58	0	+58
Nuwe subtotaal	347	117	464
Tot Mei 1963			
Nuwe aankomelinge	+1	0	+1
Terug na Angola	–9	0	–9
Totaal by afsluiting	**339**	**117**	**456**

Tabel 6: Stand van die repatriasie met die afsluiting daarvan, 1963[369]

367 Volgens NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante: Afsluitingsverslag, 28.09.1963, p. 1; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 33 was daar 505 Afrikaners teen 1958 in Angola. Altesaam 339 mense na Suid-Afrika en 79 persone na Suidwes-Afrika gerepatrieer terwyl 79 persone óf in Angola agtergebly óf weer teruggetrek nadat hulle aanvanklik gerepatrieer is. Hierdie statistiek is duidelik baie onvolledig.

368 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1965, pp. 17–18.

369 NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslae, 16.11.1959, p. 33; 10.11.1960, pp. 9–10; 07.02.1962, p. 1; 05.11.1962, p. 1; 28.09.1963, p. 1. Hierdie syfers klop nie en is deur eie berekening aangesuiwer spesifiek vir die persone wat na Suidwes-Afrika gerepatrieer is.

© University of Pretoria

Die "winde van verandering" wat teen die einde van die vyftigerjare van die twintigste eeu oor Afrika begin waai het, het die Afrikaners wat in klein gemeenskappies oor Afrika versprei is, terug na Suid-Afrika begin waai. Een na die ander het hulle uit die Belgiese Kongo, Kenia en Tanganjika, Zambië, Betsjoeanaland en Swaziland en later Rhodesië en Suidwes-Afrika na Suid-Afrika begin terugkeer.

Hoewel die Afrikaners in Oos-Afrika in 1960 nog 'n toekoms daar gesien en die Afrikaanse skool op Thompson's Falls as "die enigste Afrikanervesting in Oos-Afrika" beskou het, het omstandighede vinnig verander.[370] Teen 1960 was daar pogings om 'n "volkskomitee" vir repatriasie uit Kenia en Tanganjika te stig.[371] Dit het nooit gebeur nie en die meeste Afrikaners uit hierdie lande het uiteindelik op eie stoom na Suid-Afrika gekom.

Dr. J. Albert Coetzee het in ongeveer 1962 die repatriasie van die Afrikaners van Angola in 1958 in die volgende perspektief geplaas: "In die groot 'huistoe-kom' van die Afrikaner wat in Afrika aan die gang is, sal die repatriasie uit Angola 'n historiese plek beklee."[372]

369 NHK: K1/2 1/1/4D, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 29 Mrt. 1960.
371 NHK: K1/2 1/1/4D, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 9 Mrt 1961 e.v.d., p. 246.
372 NALN: Ms. 2561/83/581, Aantekeninge Dr. J. Albert Coetzee, ongedateer (ca. 1962).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL V

Hoofstuk 15
DIE AFRIKANERS VAN ANGOLA (1958–1975)

Redes waarom sommige Afrikaners ná 1958 in Angola gebly het

Onder die Afrikaners wat ná 1958 in Angola gebly het, kan daar minstens vier verskillende groepe onderskei word: die betreklik welvarendes wat nie wou trek nie, die armoediges wat maar in Suid-Afrika moeilik sou aanpas en dié met verbintenisse met Portugese en verbintenisse oor die kleurskeidslyn wat onwelkom in Suid-Afrika sou wees. Daar was ook persone wat om ander redes teen repatriasie gekant was. In sommige gevalle is dit nie moontlik om uit die beskikbare inligting duidelike motiewe vir die aanbly in Angola te identifiseer nie.

Onder die meer welvarende Afrikaners wat óf nie dadelik in 1958 getrek het nie óf uit die staanspoor gebly het, het enkele prominente persone getel. Een van hulle was Jan Diederiks, ten spyte daarvan dat hy ’n groot voorstander van die repatriasie was. Hy was nie een van die eerstes wat getrek het nie omdat hy ’n sisalplantasie op Capala gehad het wat hy gesukkel het om van die hand te sit, want “die land is bankrot aan geld”.[1] Pieter Nannings het in ’n soortgelyke posisie verkeer. Hy wou al in 1959 na Suid-Afrika repatrieer, maar kon sy plaas nie verkoop kry nie.[2] Hy was eweneens welgesteld en dit was nie vir hom nodig om te trek nie.[3] Hy is mettertyd daar oorlede.[4]

In die suide van Angola was daar ’n hele paar Afrikaners wat nie aan die repatriasie deelgeneem het nie omdat hulle relatief welvarend was en groot troppe vee besit het. Omdat hulle nie plase in Suid-Afrika of Suidwes-Afrika kon kry nie, sou hulle in ’n swakker ekonomiese posisie wees as hulle trek. Hulle was gevolglik nie bereid om te trek nie.[5]

---

1 NALN: Ms. 2561/83/581, Briewe J.J. Diederiks – Dr. J. Albert Coetzee, 27.09.1958.
2 NHK: K48 6/6, Brief P.A. Nannings – Mnr. A.B. van N. Herbst, 22.09.1959.
3 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
4 W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.
5 NHK: K48 5/1/2, Brief P.S. van der Walt – Mnr. A.B. van N. Herbst, 10.10.1958; Anon., “120 Angola-Afrikaners vanjaar na Unie”, *Die Suidwester*, 15 Nov. 1958, p. 1.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teen 1961 het hulle ongeveer 45 siele getel.[6] Dit lyk dus of Afrikaners in die Sandveld die grootste groep was wat nie graag wou trek nie – in teenstelling met 1928 toe die Angola-Boere in die Sandveld die vurigste ondersteuners van die trekgedagte was.[7] Hulle geledere is spoedig aangevul deur 'n aantal Afrikaners wat weer na Angola teruggekeer het. Onder die gesinne wat in die Sandveld agtergebly het, was dié van Magiel en Cornelis Prinsloo, Paul van der Walt, Bart de Paiva, Joachim (Joaquim) Milho en Japie en Hans Piorek.[8]

Werner Wilhelm Voigt het ook in Angola gebly omdat hy uitgebreide boerderybelange gehad het. Hy was 'n welgestelde man en dit was nie vir hom nodig om vir ekonomiese redes te verhuis nie.[9] Bowendien was hy streng gesproke nie deel van die Afrikaanse gemeenskap nie, hoewel hy familiebande met verskeie persone in hierdie gemeenskap gehad het.[10] Sannie van der Walt het waarskynlik ook om ekonomiese redes in Angola agtergebly. Sy het mettertyd vyf hotelle besit. Haar broer Martiens se seun Martiens het ook in Angola gebly.[11]

Onder diegene wat te arm was om te trek, was Adriaan François (Adriano Francisco) Verster. Verster wou later, in 1967, na Suid-Afrika kom, maar het nie oor die nodige fondse beskik nie. Sy skoonseun het toe vir sy reiskoste asook geld om sy skuld in Angola te delg by die Hervormde Kerk aangeklop.[12] Hy het eers in 1975 na Suid-Afrika gevlug.[13]

In sommige gevalle het sekere Afrikaners nie getrek nie omdat hulle met Portugese getroud was en in 'n mindere of meerdere mate reeds in die Portugese samelewing opgeneem is. Sommige lede van sulke gesinne kon in elk geval nie Afrikaans of Engels praat nie en hulle sou moeilik in die Suid-Afrikaanse gemeenskap aanpas. Theunis de Klerk het geskryf: "alger sal seker nie wil trek nie, vir naam dies wat hulle so vir swaar [= aangetrou] het met die portuguese [sic]".[14] Elders skryf hy van mense wat teen 1957 nie sal wil trek nie: "die wat hulle so ver swaar [= aangetrou] en ondertrou het met die Bloubaarde".[15] Ds. W.P. van der Merwe het reeds in 1950 vasgestel dat Afrikaners wat met Portugese of Duitsers getroud is, nie sal wil trek nie.[16]

---

6 NHK: K48 5/1/2, Brief M.W. Prinsloo – Mnr. A.B. van N. Herbst, 25.02.1961.
7 NHK: K48 5/1/1, Brief Theunis de Klerk – Onkel Antie Niggies Neef, 12.05.1957.
8 FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 6.
9 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
10 FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 6.
11 Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.
12 NHK: K48 5/1/3, Briewe N.J. Putter – Mnr. A.B. van N. Herbst, 27.10.1967 & ongedateer.
13 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Adriano Francesco [sic] Verster en Isabel Maria Catharina Botha, ca. 1975.
14 NHK: K48 5/1/1, Brief Theunis de Klerk – Oupa Ouma, 16.04.1957.
15 NHK: K48 5/1/1, Brief Theunis de Klerk – Onkel Antie Niggies Neef, 12.05.1957.
16 NHK: K1/2 3/33/5, Brief Ds. T.F.J. Dreyer – Minister J.G. Strydom, 27.05.1953.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onder die Afrikaners wat in 'n mindere of meerdere mate in die Portugese samelewing opgeneem is, en om hierdie rede nie wou trek nie, was Pedro (Piet) Milho wat in Angola gebly het en teen 1970 na Krugersdorp verhuis het. Sy kinders Martha, Louisa, Cielie en Willem het op verskillende stadiums na Suidwes-Afrika getrek, terwyl sy seun Joachim Petrus (Joaquim Pedro) (Boet) eers in 1975 uit Angola gevlug het. Frans (Francisco) Milho het ook in Angola gebly en teen 1975 na Suid-Afrika gevlug.[17]

Sommige gesinne is in twee verdeel deurdat 'n deel van die gesin gerepatrieer is terwyl 'n deel in Angola agtergebly het. In die geval van Magrieta Johanna Jacoba Piorek is vier kinders uit 'n saamwoonverhouding met Alfredo Agosto de Sá Seirós gebore. Slegs een kind, Johannes Piorek Seirós, is saam met sy moeder gerepatrieer, terwyl die res van die gesin (José, Joaquina en António) saam met hulle vader in Angola gebly het.[18] In 1975 het Joaquina en António met hulle gesinne na Suid-Afrika gevlug toe die burgeroorlog in Angola uitgebreek het.[19]

Sommige gesinne kon nie in 1958 repatrieer nie aangesien die skema volgens 'n kabinetsbesluit slegs gemik was op die repatriasie van "persone van suiwer blanke afkoms". Die kabinet het besluit persone wat moontlik as "Kleurlinge" geklassifiseer kan word, moet aangeraai word om "in hulle eie belang" in Angola te bly en "hulle verder in die Portugese gemeenskap te laat opneem".[20]

Omdat persone van gemengde bloed by die grens geweier is, het byna alle gesinne met gemengde bloed waarskynlik nie probeer repatrieer nie. 'n Amptenaar van die Departement Binnelandse Sake het ná 'n gesprek met eerw. Paul van der Walt geskat dat van die ongeveer 120 persone wat teen Junie 1959 nog nie gerepatrieer het nie, ongeveer 25% (dit wil sê ongeveer 30) van "twyfelagtige blanke afkoms" was en 'n verdere 15% (dit wil sê ongeveer 18) "assosieer met […] naturelle".[21]

In Oktober 1961 was daar, soos reeds genoem, spesifieke gevalle van Angola-Afrikaners wat by die grens voorgekeer is en aanvanklik toegang tot Suidwes-Afrika geweier is omdat daar moontlik persone met gemengde bloed onder hulle was.[22] Enkeles het gevolglik in Angola agtergebly. Onder hulle was Hendrika Johanna Nicolasina Fourie.

---

17 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.01.2009.

18 Anon., "70 Angola-afrikaners vertrek vandag na die Unie", *Die Suidwester*, 29 Nov. 1958, p. 2; Telefoniese onderhoud: A.P. Seirós, 14.01.2009.

19 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Catarina Aletta Maria [= Catharina Cornelia Fransina] Ackerman en Joaquim Milho, ca. 1975; Telefoniese onderhoud: A.P. Seirós, 14.01.2009.

20 SAB: VWN, SW 83/1, Memorandum (Kabinet): Angola-immigrante, 1958, p. 4.

21 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte Windhoek – Kommissaris van Immigrasie en Asiatesake, ongedateer (ca. Junie 1959).

22 NAN: SWAS 447 A67/4/2, Telegram Bantu – Viljoen, ongedateer (ca. Okt. 1961), Telegram Bantu – Omuhona, 07.10.1961.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy het met Albano Paiva Mendonça, 'n swart Angolees, 'n verbintenis gehad waaruit ten minste drie kinders gebore is. Haar man was teen daardie tyd al oorlede.[23] Gertruida Robberts (née Harmse) was in 'n verhouding met 'n swart man betrokke en het ook verkies om te bly.[24] Friedrich Karel Lourens Abraham (Freek) Piorek se vrou was 'n *mestiça*. Hy het in Angola gebly, die burgeroorlog ná 1975 oorleef en bly waarskynlik steeds (in 2009) daar.[25] Carel Ivens (wat met 'n swart vrou saamgeleef het) en sy *mestiço*-seun (Jaap) het ook in Angola agtergebly.[26]

Ander redes waarom sommige Afrikaners in 1958 verkies het om in Angola agter te bly was dat dit vir hulle steeds moeilik was om van hul geboorteland Angola af te sien en aansluiting by hulle volksgenote in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika te vind.[27] 'n Groep, hoofsaaklik van die ouer mense, wou nie trek nie omdat die beendere van hulle ouers en kinders daar lê en hulle maar ook daar wou rus.[28] Onder hierdie groep was waarskynlik Johanna Susanna Catharina Harmse (née Swart) en Paul Enslin.[29]

Gideon Fourie het ná 'n kort verblyf in Suid-Afrika na Luahanda, Bailundo teruggekeer waar hy 'n gemengde boerderytjie gehad het. Later het hy na Mussende verder noord getrek waar hy tot 1975 'n goeie bestaan uit jag gemaak het.[30]

Cornelis du Plessis het Angola in 1968 verlaat toe sy vader, Jan Adriaan (Jan Katang) du Plessis, ernstig siek geword het.[31]

Paul van der Walt het in 1959 in Angola agtergebly en eers omstreeks 1965 na Suidwes-Afrika verhuis.[32] Hy het 'n rousteenhuisie met drie vertrekke by Etaka opgerig en daar met 'n boerderytjie voortgegaan. Hy was een van die min Afrikaners wat sterk teen die repatriasie gekant was.[33] Vir sy besluit om nie te trek nie het hy die volgende eienaardige verklaring gegee: As hy sou trek, sou die Portugese nie weer 'n Afrikaanse predikant in Angola toelaat nie. Sou daar dan weer Afrikaners in Angola kom, sou hulle dan niemand

---

23 Persoonlike onderhoud: J.P. Seirós, 23.05.2008.
24 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946 & Alberts, "Raport" oor besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 3–4; NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 24.09.1946; Persoonlike onderhoude: W.J. Ludeke, 29.07.2006; F.J. Engelbrecht & A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.
25 Persoonlike onderhoud: J.P. Seirós, 23.05.2008; Telefoniese onderhoud: A.P. Seirós, 14.01.2009.
26 Persoonlike onderhoud: J.P. Seirós, 23.05.2008; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.01.2009.
27 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968.
28 C.E. Boshoff, "Ouers Kon Hul Kindjie Nie Begrawe Nie", *Die Byvoegsel tot Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig*, 7 of 8 Jun. 1957, p. 35.
29 Persoonlike onderhoud: W.J. Ludeke & J.J. Ludeke (née Enslin), 26.08.2006.
30 Telefoniese onderhoud: E. Fourie (née Piechazeck), 15.01.2009.
31 Persoonlike onderhoud: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007.
32 H.G. van der Westhuizen, "PS van der Walt – 90 jaar oud", *Konteks*, 3(5), Mei 1992, p. 9.
33 FJNS: P.S. van der Walt, "Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe", p. 165.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hê om hulle kerklik te bearbei nie.[34] Sy verklaring strook nie met die feit dat die Hervormde gemeente Angola op 31 Desember 1958 ontbind is en sy dienste as missionêre leraar op dieselfde dag *ipso facto* verval het nie.[35] Op die datum wat hy besluit het om in Angola te bly, was daar slegs enkele lede van die Afrikanergemeenskap wat beoog het om in Angola te bly. Dit sou ook vergesog wees om vooruit te kon sien dat ongeveer 63 persone weer na Angola sou terugkeer. Volgens 'n ander verklaring het hy bedank omdat die paar Afrikaners in Angola te min was om te bearbei.[36]

Nuwe intrekkers in Angola

Twee ander faktore wat sedert 1958 op die voorgrond getree het om Angola-Boere na Angola te laat terugkeer en nuwe Afrikanerintrekkers na Angola te lok, was enersyds die skouspelagtige ekonomiese opbloei van die land gedurende die sestigerjare en andersyds verbeterde verhoudinge tussen Portugal en Suid-Afrika, wat op ekonomiese samewerking en beperkte militêre samewerking uitgeloop het. Onder die Afrikaners wat nuwe ekonomiese geleenthede in Angola raakgesien het, was Henry Fagan (wat betrokke was by 'n visfabriek in Mocâmedes)[37] en Jacques de Villiers (wat naby Moçâmedes gewoon het).[38]

Enkele Afrikaners het vir besigheidsdoeleindes in Luanda gewoon. Hulle was nuwe inkomelinge en nie nasate van die Angola-Boere nie. Volgens die Suid-Afrikaanse konsul in Luanda het nie een van hulle 'n behoefte aan 'n kerk gehad nie.[39] Volgens amptelike syfers was daar slegs ongeveer 12 persone met Suid-Afrikaanse burgerskap.[40]

Daar was ook ander nuwe intrekkers uit Suidwes-Afrika en Suid-Afrika omdat die Portugese regering intussen plase by Chitado aan die Kunene onder baie gunstige voorwaardes begin uitgee het om 'n verdedigingsbuffer te vorm. Sommige Suid-Afrikaanse burgers het daar plase ontvang.[41] Omstreeks 1958 het D.J. Barkhuizen, wat van Suidwes-Afrika af gekom het, by Tunda, Chiange geboer. Hy het nie beoog om na Suidwes-Afrika

---

34 SAUK: T76/94, Onderhoud P.S. van der Walt, 22.07.1976.
35 NHK: K48 5/1/2, Brief Ds. A.J. Nolte – P.S. van der Walt, 20.12.1958.
36 SAUK: T76/94, Onderhoud P.S. van der Walt, 22.07.1976.
37 E. Joubert, *Die nuwe Afrikaan*, p. 51; Persoonlike onderhoud: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005.
38 E. Joubert, *Die nuwe Afrikaan*, p. 60; Persoonlike onderhoud: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005; Telefoniese onderhoud: M. Roos (née De Villiers), 23.03.2009.
39 Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, "Gedagtes oor Angola", 05.09.2007.
40 N. Gonzaga, *Angola: Pequena monografia*, p. 68.
41 NHK: K48 5/1/3, Brief Ds. J.P. Snyman – Skriba, 08.10.1963; NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Brief Ds. A.N.J.D. Alberts – Mnr. A.B. van N. Herbst, 28.07.1969; M. Chapman, *Angola on the road to progress / Angola na estrada do progresso*, p. 34.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terug te keer nie en gemeen die vooruitsigte in Angola is baie beter.[42] Teen 1963 het Jan en Sophie Deysel van Grootfontein met hulle skoonseun en dogter eweneens in die omgewing van Chiange geboer.[43] Johnny Hamman, die eienaar van die Safari Motel in Windhoek, het ook 'n plaas naby Tunda gehad wat deur Cornelis Prinsloo bestuur is. Hamman het egter nooit daar gewoon nie.[44] In 1972 het Faan van der Merwe, 'n afstammeling van die Angola-Boere, grond by Neves, noordwes van Humpata, gekoop en 'n ruk lank daar gewoon.[45]

In 1974 het Roy Otto en Chris Pistorius ongeveer 13 000 ha grond by die Cubango gekry, nie ver van Vila Artur de Paiva af nie. Niek van Zyl het naby hulle grond gekry. Hulle kon dit nooit benut nie omdat hulle in 1975 die land moes verlaat as gevolg van die eskalerende konflik.[46]

Pastoor H.P. Grobler en ouderling Hans Harmse van die AGS in Windhoek het gedurende die sewentigerjare grond in die suide van Angola gekry.[47] Adv. David de Villiers het aandele in 'n plaas naby Moçâmedes gehad, maar hy het nooit daar gewoon nie.[48] Gedurende die sewentigerjare van die twintigste eeu het Engela Maritz (née Van der Merwe), 'n afstammeling van die Angola-Boere, 'n stuk grond in Angola gekoop en daar 'n huis gebou.[49] Erns Ludeke het 'n stuk grond by Cachingues (suid van Silva Porto) gekoop, maar nooit weer daar gaan woon nie.[50] Naby Nova Lisboa (Huambo) het Van Rensburgs uit die destydse Rhodesië met tabak geboer.[51] Daar was ook 'n Lusse-gesin, eweneens afstammelinge van Angola-Boere, wat teen 1974 in Bié gewoon het.[52]

Dit is verrassend dat betreklik min Suid-Afrikaanse besighede teen die einde van die koloniale tydperk in Angola belange gehad het. 'n Belangrike rede daarvoor was waarskynlik dat Suid-Afrikaanse valutabeheermaatreëls eers teen 1969 effens verslap is om investering in die buiteland vir Suid-Afrikaanse maatskappye moontlik te maak.[53]

---

42 SAB: BTS 86/7/1, Vol. 5, Brief Consul-general – Secretary for External Affairs, 02.04.1959.
43 NHK: K48 5/1/3, Brief P.S. van der Walt – Liewe Broer en Suster, 03.03.1963; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2008; S.J.D. van der Merwe, 27.04.2008; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; R. Prinsloo (née Deysel), 24.08.2008; Telefoniese onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005; J.L. Deysel, 30.04.2008, & S.J.D. van der Merwe, 02.10.2005.
44 Persoonlike onderhoude: S.F. de S. Nobrega, 23.11.2006; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; Telefoniese onderhoud: J. Hamman (sy seun) 12.07.2007.
45 W.P. van der Merwe, *'n Outobiografie*, p. 220; Persoonlike onderhoud: S.J.D. van der Merwe, 27.04.2008; Telefoniese onderhoud: S.J.D. van der Merwe, 02.10.2005.
46 Telefoniese onderhoude: C.M.J. Otto (née Labuschagne), 14.11.2007; S.J.D. van der Merwe, 02.10.2005.
47 Persoonlike onderhoud: F.J. & A.C.M. Engelbrecht, 09.08.2006.
48 Telefoniese onderhoud: M. Roos (née De Villiers), 23.03.2009.
49 Persoonlike onderhoud: E.M.M.E. Maritz (née Van der Merwe), 10.07.2007.
50 Persoonlike onderhoud: E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.
51 Telefoniese onderhoud: S.J.D. van der Merwe, 02.10.2005.
52 Persoonlike onderhoud: S.J.D. van der Merwe, 27.04.2008; Telefoniese onderhoud: S.J.D. van der Merwe, 02.10.2005.
53 M. Chapman, *Angola on the road to progress / Angola na estrada do progresso*, p. 34.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Sá da Bandeira was daar 'n bierbrouery waarin Suid-Afrikaners 'n 50% aandeel gehad het.[54] De Beers Consolidated Mines Ltd. het 'n belang in die diamantproduksie van Diamang gehad. General Mining het 'n gesamentlike vennootskap met Angola vir petroleum in die Cuanza-bekken aangegaan, terwyl Johannesburg Consolidated Investments 'n konsessie vir swael by Lobito gekry het. 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, Unipesca, was betrokke in visserye. Nog 'n Suid-Afrikaanse maatskappy het 'n slaghuis-verkoelings-verpakkingsaanleg in Nova Lisboa (Huambo) gehad. Hierbenewens was 'n aantal kleiner Suid-Afrikaanse maatskappye in die landbou bedrywig.[55]

In 1965 is die Bank of Lisbon and South Africa Ltd. in Johannesburg op die been gebring met gesamentlike Portugese en Suid-Afrikaanse kapitaal.[56] Twee Suid-Afrikaanse bankgroepe het minderheidsaandele in banke in Angola gehad: Barclays in Banco Comercial de Angola en Standard & Chartered in Banco Totta Standard de Angola.[57]

Die tweede faktor wat sedert 1958 na vore getree het, was dat die verhouding tussen Portugal en Suid-Afrika (ook Suidwes-Afrika) al hoe meer verbeter het namate beide lande diplomaties geïsoleer geraak het. Die gevoel was wedersyds: "Om ons toekoms in Afrika te beveilig[,] moet ons saamwerk." Een van die probleme wat kontak tussen die lande belemmer het, was die slegte toestand van paaie tussen Angola en Suidwes-Afrika, wat indertyd as deel van Suid-Afrika beskou is. Daar was boonop geen gereelde lugverbinding tussen die twee lande nie. Die eerste tekens van toenadering tussen die twee lande was die wedersydse uitnodiging van munisipale amptenare van Angolese en Suidwes-Afrikaanse dorpe.[58]

Die eskalerende konflik in Angola het ook Suid-Afrikaanse militêre personeel na Angola getrek. Onder hulle was die latere hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, genl. Jannie Geldenhuys, wat aan die einde van die sestigerjare vir vier jaar as vise-konsul in Luanda gestasioneer was. Die Suid-Afrikaanse militêre betrokkenheid in Angola was gedurende hierdie jare nog baie gering. Hy het boonop min kontak met die Afrikaners van Angola gehad.[59]

In die Suid-Afrikaanse parlement het die volksraadslid vir Middellande (SWA), 'n

---

54 E. Joubert, *Die nuwe Afrikaan*, p. 67.

55 M. Chapman, *Angola on the road to progress / Angola na estrada do progresso*, pp. 34, 91–94; J. Miller, *A framework for U.S. assistance in Southern Africa. Country resource paper: Angola*, pp. II–13, IV–27; G. Clarence-Smith, *The third Portuguese empire, 1825–1975*, pp. 208, 210.

56 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 233; G. Clarence-Smith, *The third Portuguese empire, 1825–1975*, pp. 212–213.

57 Anon., "Swaar gevegte skud Angola", *Beeld*, 16 Aug. 1975, p. 2; Telefoniese onderhoud: genl. J.J. Geldenhuys, 04.03.2009.

58 SAB: BTS 4/2/80/2, Brief H.L.T. Taswell – Sekretaris van Buitelandse Sake, 08.09. 1958.

59 F.J. du T. Spies, *Operasie Savannah, Angola, 1975–1976*, pp. 21–23, 25; Telefoniese onderhoud: Genl. J.J. Geldenhuys, 04.03.2009.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afstammeling van die Angola-Boere, Paul van der Merwe, op 6 Mei 1959 'n toespraak gehou waarin die historiese goeie verhoudinge tussen Suid-Afrika en Angola beklemtoon is.[60] Die goewerneur-generaal van Angola het spesiaal hiervoor sy dank aan Paul van der Merwe oorgedra.[61]

Nadat Afrikalande ná 1963 Portugal en Suid-Afrika verbied het om in hulle lugruim te vlieg, het die twee lande saamgewerk om die probleem die hoof te bied. Die twee lande het ook aangekondig dat 'n transkontinentale pad tussen Luanda en Lourenço Marques beplan word.[62]

In 1964 is Afrikaans as skoolvak in Angola ingevoer. Dit was vir die eerste keer in die geskiedenis nou vir Afrikaners moontlik om amptelik hulle moedertaal as skoolvak in Angola te neem.[63]

In Januarie 1970 is 'n ooreenkoms tussen Portugal en Suid-Afrika onderteken waarvolgens die Kunene-skema tot stand gekom het. Volgens die skema sou 28 damme in die bolope van die Kunene gebou word. Suid-Afrika sou dit grootliks finansier in ruil vir 50% van die water van die rivier en hidro-elektriese krag. Suid-Afrika sou ook in die besonder betrokke wees by damme by Gove en Calueque en die hidro-elektriese skema by die Ruacana-waterval. Hiervoor is Suid-Afrikaanse kapitaal en ingenieurs gebruik.[64] 'n Hele paar Angola-Boere het gedurende die sewentigerjare vir die Suidwes-Afrika Water- en Elektrisiteitskorporasie (SWAWEK) op Ruacana gewerk, onder andere Cilie, Basie, Peet en Andries Prinsloo, Carl Voigt, Barend Milho, Rui de Jesus Martins en Willem Abram Piorek. Dit het die voordeel gehad dat dit op die grens geleë was, dat 'n mens maklik van een land na die ander kon reis en dat hulle kinders toe na Afrikaanse skole in Suidwes-Afrika kon gaan.[65]

Die ingryping deur Suid-Afrikaanse troepe om sy belange by Calueque te beskerm, sou uiteindelik die eerste betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Weermag in die burgeroorlog in Angola wees.[66]

---

60 P.S. van der Merwe, *Hansard*, 6 Mei 1959, par. 5731–5734.
61 SAB: BTS 86/7/1/1, Brief Consul-General – Mr. Van der Merwe, 17.09.1959.
62 A.B. Herrick *et al.*, *Area Handbook for Angola*, p. 233.
63 *Ibid.*, pp. 132, 233.
64 J. Miller, *A framework for U.S. assistance in Southern Africa. Country resource paper: Angola*, pp. IV–40, IV–42; E. Joubert, *Die nuwe Afrikaan*, pp. 93–95; F.J du T. Spies, *Operasie Savannah, Angola, 1975–1976*, pp. 44–47.
65 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989; FJNS: M.C.J. Voigt, "My opmerkings", p. 7; Persoonlike onderhoude: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006; M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; M.O. de F.F. Piorek, 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007; B.C. Milho, 11.07.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
66 F.J. du T. Spies, *Operasie Savannah, Angola, 1975–1976*, pp. 46–48.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Getal Afrikaners in Angola ná 1958 en hulle verspreiding

Oor die getal Afrikaners in Angola ná 1958 bestaan daar groot onsekerheid. Die Hervormde Kerk het geskat dat daar tussen 100 en 150 Afrikaners teen 1961 in Angola woonagtig was.[67] Hierdie getal het teen 1968 aangegroei na meer as 190 Afrikaanssprekendes van 41 gesinne. Dertig van dié 41 gesinne (160 siele) was lidmate van die Hervormde Kerk.[68]

Al hierdie skattings is ver uit. Volgens berekeninge vir hierdie studie het 148 Afrikaners in 1958 verkies om in Angola te bly. Saam met 63 Afrikaners wat aanvanklik na Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gerepatrieer het en weer na Angola teruggekeer het, moes daar in 1958 nog ten minste 211 Afrikaners in Angola gebly het. By hierdie syfer is nie die gesinne getel wat al verportugees het nie. As bowendien in ag geneem word dat ten minste 538 Afrikanernasate in 1975 uit Angola gevlug het, is die syfer veel hoër.

Gedurende 1970 was die verspreiding van die Afrikaners in Angola volgens die skatting van die Hervormde Kerk soos in Tabel 7. Uit hierdie tabel is dit duidelik dat die meerderheid van hierdie Afrikaners in die suide van Angola gewoon het, by Chiange, Otchinjau, Chibía, Sá da Bandeira en Caraculo. Die tweede groot groep het in Bié gebly en wel by Nova Lisboa, Cachingues, Vouga en Silva Porto. Slegs enkele Afrikaners kon in ander dele van die land aangetref word, byvoorbeeld in die hawedorpe Benguela en Moçâmedes. Benewens hierdie Afrikaners was daar ook Afrikaners wat op Bailundo gewoon het.[69]

Dit is opvallend hoeveel Portugese vanne teen 1970 reeds onder die lidmate van die Hervormde Kerk in Angola voorgekom het. Onder hierdie vanne was Da Costa Neves, De Brito, De Oliveira, De Paiva, Martins, Milho, De Miranda, Monteiro, Dos Santos, Seirós. Die enigste Afrikaanse vanne was De Villiers, Ludeke, Opperman, Pienaar, Prinsloo, Scheepers en Van Dyk. Voigt was van Duitse en Piorek van Poolse oorsprong.[70]

---

67 NHK: Byvoegsel tot Agenda van die Algemene Kerkvergadering, 9 Maart 1961 e.v.d., Bylae L.L, A.B. van N. Herbst & P.M. Smith: Rapport insake lidmate in en uit Angola, p. 3.

68 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968; NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor 'n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970.

69 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968.

70 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor 'n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Plek	*Gesinne*	*Aantal persone*
Chiange	8	28
Otchinjau	2	4
Benguela	1	2
Chibía	3	10
Sá da Bandeira	11	23
Caraculo	1	6
Moçâmedes	1	8
Caluquembe	2	5
Nova Lisboa	2	7
Cachingues	3	27
Vouga	4	30
Silva Porto	1	3
Veg in noorde	2	2
TOTAAL	**41**	**155**

Tabel 7: Verspreiding van die Afrikaners in Angola, 1970[71]

Jan Diederiks

Omdat Jan Diederiks so ’n prominente rol in die repatriasie van 1958 gespeel het, is dit nodig om kortliks by hom stil te staan. Hoewel hy as “redelik welgesteld” beskryf word, het sommige Afrikaners in Angola gevoel dat hy sy “hoër ontwikkeling en sterker finansiële posisie” misbruik het en die ander Angola-Boere “uitgebuit het tot sy eie persoonlike voordeel”. Gedurende 1955 was hy en drie ander persone in ’n hofsaak oor diamante betrokke waarin hy, om homself te red, kroongetuie geword het en die ander persone skuldig bevind is. Hy het boonop skuld in Angola gehad. Volgens die Departement van Binnelandse Sake was hy nie juis ’n gewenste persoon nie en ’n amptenaar het aanbeveel dat die immigrasiebeampte op Oshikango opdrag moet kry om hom toelating tot die land te weier.[72]

---

71 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor ’n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970.

72 NAN: BIN 8 B16, Brief Hoofimmigrasiebeampte – Sekretaris van Binnelandse Sake, ongedateer (ca. Des. 1958). FJNS: P.S. van der Walt, “Ses jaar in die sif van Satan: Angola-herinneringe”, pp. 96–97, 108, 111–112, noem dat hy reeds teen 1953 in smokkelhandel met diamante betrokke was.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By ’n ander geleentheid is hy aangehou vir onwettige diamanthandel, maar hy kon met die intervensie van sy swaer Werner Voigt en Voigt se skoonseun Mendes da Ponte (wat ’n hoë regeringspos in Angola beklee het) vrygelaat word.[73] Gedurende Mei 1964 is hy tydens ’n besoek aan Angola deur die Portugese owerheid in hegtenis geneem. Volgens sy verklarings het dit in verband gestaan met sy optrede en sekere uitlatings wat hy in verband met die repatriasie sou gemaak het wat skadelik vir die goeie naam van die Portugese owerheid sou wees, dat hy die mense sou aangehits het om te trek en dat hy die mense “uitgesmokkel” het teen ’n betaling van R36 per persoon. Daar was ook bewerings dat hy foto’s van kinders by varkhokke geneem en gepubliseer het. Dié foto’s sou Angola se naam swart gesmeer het.[74]

Volgens die klagstaat van die Polícia Internacional e de Defesa do Estado (PIDE) het Diederiks hom aan die volgende skuldig gemaak: Hy het vanaf 1958 tot 1960 Boere aangemoedig om na Suidwes-Afrika te emigreer (’n misdryf in Angola), sedert 1963 individuele Boere en *mestiços* aangemoedig om in Suid-Afrika te gaan werk (eweneens ’n misdryf in Angola), die Portugese taal beledig en verkleineer en geweier om met swart Portugese in ’n ander taal as Kimbundu te praat, openlik sy blydskap getoon tydens die insident met die *Santa Maria* (toe dié skip deur Henrique Galvão gekaap is), staatsgrond in die Chicuma-gebied onwettig verkoop asof dit sy grond was en alkoholiese drank vervaardig en aan swartes verkoop.[75]

Diederiks het aan ’n aantal mense geskryf om verklarings op te stel wat sy aandeel in die repatriasie uiteensit en om te verklaar dat hy geen aandeel gehad het nie in die berigte wat in die pers, waaronder *Die Huisgenoot* en *Die Volksgenoot* van Rhodesië, verskyn het oor die lot van die Afrikaners in Angola. Hierdie briewe het met sy gebruiklike smekinge vir die beskikbaarstelling van fondse en die opstel van petisies om hom los te laat, gepaard gegaan.[76] Volgens Diederiks se verklaring is hy sedert Mei 1964 sewe maande in ’n Portugese tronk aangehou en teen 26 Desember 1964 onskuldig bevind en ontslaan. Met sy

---

73 FJNS: M.C.J. Voigt, “My opmerkings”, p. 7; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007.

74 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, bevat verskeie briewe in hierdie verband. J. Loretz, “Ryk Afrikaanse Boer Smeek Om Hulp uit Portugese Tronk”, *Die Landstem*, 28 Nov. 1964, p. 3; Schalk Burger, “SA vrou wil haar man uit Angola-tronk red”, *Dagbreek en Sondagnuus*, 20. Des. 1964; Anon., “The Angola Boers: South African to be charged by Portuguese”, *The Star*, 22 Dec. 1964; Anon., “Angola to try S. African”, *Rand Daily Mail*, 23 Dec. 1964; Anon., “Afrikaners het hom vervolg, sê Boer uit Angola”, *Dagbreek en Sondagnuus*, 10 Jan. 1965; Persoonlike onderhoud: P.W.J. Opperman, 13.09.2005.

75 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 26.08.1964.

76 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, Briewe J.J. Diederiks – Sekretaris van Immigrasie, 23.04.1964; J.J. Diederiks – Minister van Ekonomie, 16.11.1964, J.J. Diederiks – Minister van Buitelandse Sake, 17.11.1964; J.J. Diederiks – Minister van Immigrasie, 01.12.1964; NALN: Ms. 2561/83/581, Briewe J.J. Diederiks – Dr. J. Albert Coetzee, 13.11.1964 & 19.11.1964; US: Aanwins 222 K.D. 86, Brief J.J. Diederiks – W.A. de Klerk, 03.12.1964.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aankoms in Johannesburg het dr. Coetzee hom verwelkom en verklaar dat die hele insident waarskynlik op 'n misverstand berus het.[77] Later het Diederiks 'n rekening van R10 816,00 vir sy regskoste aan die Sentrale Skakelkomitee gestuur.[78]

Ekonomiese omstandighede

Slegs enkele Afrikaners in Angola het gevoel dat hulle uit die ekonomiese opbloei van die land in die sestigerjare van die twintigste eeu voordeel getrek het.[79] Die meeste Afrikaners was steeds armoedig en slegs enkeles het oor vervoermiddele beskik.[80] Volgens ds. Jacobs het die Afrikaners by Sá da Bandeira wel 'n verantwoordelikheidsbesef gehad, maar dieselfde kon nie van die Afrikaners op Vouga gesê word nie. Hy het gevoel dat luiheid die oorsaak van hulle agterlikheid was. Hulle sedelike en morele peil was vir hom skokkend.[81]

Ds. Andries Alberts het ná 'n besoek in 1969 gemeen die Afrikaners in die suide van Angola en in die omgewing van Sá da Bandeira is vooruitstrewend en werk hard. Hy het ook inisiatief onder die Afrikaners "in die noorde" (dit wil sê Sentraal-Angola) bespeur en gemeen dit is die resultaat van hulle kortstondige verblyf gedurende 1958–1959 in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika voordat hulle na Angola teruggekeer het. Daar is nie meer op die "ou trant" geboer nie en daar was ook belangstelling in ander beroepe. Daar was ook nou, anders as vroeër, 'n mark vir hulle landbouprodukte.[82]

Volgens ds. J.H. van Heerden het die meeste ongeveer op die broodlyn geleef, hoewel daar enkele persone was wat effens beter geleef het. Drie gesinne (Pieter de Villiers, Barend Ludeke en Piet Ludeke) het nog hulle nomadiese leefwyse voortgesit en het tydelik by Cachingues, suid van Silva Porto, gekamp.[83]

---

77 SAB: BTS 86/7/1/, Vol. 5, Brief Konsul-generaal – Sekretaris van Buitelandse Sake, 30.12.1964; Schalk Burger, "SA vrou wil haar man uit Angola-tronk red", *Dagbreek en Sondagnuus*, 20 Des. 1964; Anon., "Angola South African cleared", *The Star*, 30 Dec. 1964; Anon., "Angola court acquits S.A. farmer", *The Pretoria News*, 31 Dec. 1964; Anon., "Freed angola Afrikaner back: Accused man was helping in 'legal repatriation work'", *The Star*, 5 Jan. 1965; Anon., "'Spioenasie'-geval aangemeld by S.A. verteenwoordigers", *Die Transvaler*, 9 Jan. 1965; Anon., "Boer Terug in S.A. Na 7 Maande In Portugese Tronk", *Die Landstem*, 9 Jan.

78 NHK: K48 3/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante, Byvoeging tot afsluitingsverslag, 30.09.1965.

79 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989.

80 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968; NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor 'n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970.

81 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968.

82 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Brief Ds. A.N.J.D. Alberts – Mnr. A.B. van N. Herbst, 28.07.1969.

83 Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, "Gedagtes oor Angola", 05.09.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onderwys

'n Hele paar Ludeke-kinders, waaronder Ben en Pieter Jacobus Ludeke, het ná 1958 hulle skoolopleiding in Portugese skole ontvang. Hulle het gewoonlik skool verlaat nadat hulle *quarta classe* (vierde jaar op laerskool) voltooi het. Dit was destyds 'n vereiste om 'n bestuurderslisensie in Angola te kry. Dit was vir baie kinders nie eintlik nodig om verder te studeer nie. Enkele kinders, soos Carel Adriaan Ludeke, het *terceiro ano* (derde jaar) op 'n Portugese hoërskool en vakke op die kampus van die Universiteit van Angola op Silva Porto voltooi. Teen hierdie tyd kon hulle Portugees beter as Afrikaans praat.[84] Benewens die Ludeke-kinders was Corneels Prinsloo se kinders ook in 'n Portugese skool.[85]

Teen 1968 was daar nogtans Afrikanerkinders wat nie skoolgegaan het nie. Dit was deels die gevolg daarvan dat daar in Angola geen skoolplig was nie. Sommige was wel in Rooms-Katolieke skole, terwyl ander deur hulle ouers onderrig is. Die hoogste standerd wat behaal is, was *quarta classe*. Sommige kinders is na Suidwes-Afrika vir hulle skoolopleiding gestuur.[86]

Ná Basie Prinsloo se studie aan die Portugese hoërskool op Moçâmedes is hy in 1968 na die Afrikaanse hoërskool op Otjiwarongo in Suidwes-Afrika gestuur. Omdat hy nog onderhewig was aan diensplig in die Portugese leër, moes hy by Swartbooisdrif ongemerk deur die Kunene swem om oor die grens te kom.[87] Gedurende 1970 was daar agt Afrikanerkinders (hoofsaaklik Prinsloos) uit Angola in Suidwes-Afrika op skool.[88] Dit was moeilik om Afrikaanse seuns na Suidwes-Afrika te stuur omdat hulle nie studiepermitte kon kry nie omdat van hulle verwag is om vier jaar diensplig in die Portugese leër te doen en daar gevrees is dat hulle landuit kon vlug.[89]

Teen 1970 was daar ook ouers wat nie hulle kinders na skole in Suidwes-Afrika wou stuur nie. Slegs enkele gesinne was bereid om dit te doen.[90] Dit was teen hierdie tyd duidelik dat die gesinne Ludeke (4 gesinne) en De Villiers van plan was om permanent in Angola te bly. Dit is gevolglik as 'n deurbraak beskou dat hulle oorreed is om hul kinders

---

84 Persoonlike onderhoud: B.J. Ludeke, 29.08.2005.
85 Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
86 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968.
87 Persoonlike onderhoud: M.W.U. (Basie) Prinsloo, 22.08.2008.
88 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, p. 4 (60); SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989.
89 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989.
90 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1971, p. 7; NHK: Agenda van die Algemene Kerkvergadering, 25.04.1973 e.v.d., p. 239, Bylae A.XII: Ring van Suidwes-Afrika, p. 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van skoolgaande ouderdom (ten minste 20) na skole in Suidwes-Afrika te stuur, hoewel die gesinshoofde aangedui het dat hulle nie die skoolgelde kan bekostig nie. Die Ring van Suidwes-Afrika was bereid om vir hierdie uitgawe in te staan.[91]

Dit was ook die geval in 1974 en 1975 toe ’n aantal kinders wel na Suidwes-Afrika gekom het. Onder hulle was vyf Piorek-kinders en drie Garção-kinders. Hulle is deur die Hervormde gemeentes Tsumeb en Windhoek versorg.[92] Dit het waarskynlik teen die agtergrond van die toenemende onsekerheid in Angola gebeur.

Die feit dat rassediskriminasie nie in Angolese skole toegepas is nie, was vir die meeste Afrikaners nog vreemd, maar daar is vrede daarmee gemaak. Paul van der Walt het hieroor opgemerk: “’n Mens voel aardig as jy die klompie boere kinders by die skooldeur sien uitborrel saam met die kaffertjies en die meidjies.”[93]

Kontak met die Afrikaanse geesteswêreld

Teen 1970 het ds. J.H. van Heerden die volgende indeling onder die Afrikaners van Angola gemaak: Ses gesinne was lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk (23 uit 154 Afrikaners). Onder hulle was die gesinne van Barend Milho, Rui de Jesus Martins, José de Paiva Miranda, José Francisco Monteiro, Valentin Hayes de Oliveira en José Diamantino Pienaar (Pinaard). Soos die Portugese name aandui, was hulle oor die algemeen nakomelinge uit huwelike van Afrikaners met Portugese.

Onder die lidmate van ’n Amerikaanse sendingkerk (10 persone) het Eduardo de Oliveira, mej. Maria Teresa de Paiva de Oliveira en B. Santos getel. Die De Oliveiras se vader, Eduardo Alves de Oliveira, was ’n sendeling van hierdie genootskap, hoewel hulle moeder Hendrina Francina de Paiva de Oliveira nog ’n lidmaat van die Hervormde Kerk was.

Die lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk en die Amerikaanse sendingkerk het die Portugese taal en lewensgewoontes hul eie gemaak en kon allermins nog as Afrikaanssprekendes gereken word.

Dit was vir ds. Van Heerden duidelik dat die kinders van Japie Piorek en die gesinne

---

91 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor ’n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970.

92 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Jan.–Mrt. 1975, p. 56; NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Jul.–Sept. 1975, pp. 146–149, Bylae B, Brief P.S. Oosthuizen – Skriba van die NHK, 03.06.1975.

93 NHK: K48 5/1/3, Brief P.S. van der Walt – Liewe Broer en Suster, 03.03.1963.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ludeke (4 gesinne), De Villiers, Opperman en Van Dyk ook spoedig vir die Hervormde Kerk verlore sou wees. Ds. Van Heerden het gevoel dat dit steeds die moeite werd was om die gesinshoofde te bearbei om toe te sien dat hulle kinders nie vir die Hervormde Kerk verlore gaan nie.

Onder die oorblywende Hervormde lidmate het ses bejaarde weduwees en drie bejaarde egpare (Milho, De Paiva en De Brito) getel. Hulle sou Angola waarskynlik nooit verlaat nie.

Cornelis en Magiel Prinsloo se gesinne en hulle swaer Carl Voigt was "Afrikaanssprekende Afrikanermense" en het onder moeilike omstandighede aan die Afrikaanse taal, tradisies en leefwyse en Hervormde Kerk vasgekleef. Hulle kinders is voor die voet na Suidwes-Afrika vir skoolopleiding gestuur en hulle was getroue kerkgangers.

Van die gesinne van B.J.F. (Zeca) de Paiva en J.P. Milho kon dieselfde as bogenoemde groep gesê word, behalwe dat hulle huistaal oorwegend Portugees was en hulle oorwegende Portugese lewensgewoontes aangeneem het, hoewel daar 'n sterk Afrikaanse inslag behoue gebly het. Hulle het Afrikaans vlot gepraat, is in Afrikaans gekatkiseer en was leidende figure in die Hervormde Kerk.

Die gesin van José Diamantino Pienaar was van huis uit Afrikaanssprekend, maar het in die Rooms-Katolieke Kerk grootgeword. Hulle het oorweeg om belydenis van geloof in die Hervormde Kerk af te lê en na Suid-Afrika te emigreer. Rui de Jesus Martins se gesin was "volbloed Roomse Portugese", maar Martins het Afrikaans aangeleer en was van voorneme om by die Hervormde Kerk aan te sluit en sy kinders "Hervormd" op te voed.[94]

Ds. Van Heerden het opgemerk dat die Afrikaners in Angola "sonder uitsondering ordentlik, uiters gasvry, erg oor hulle geloof en kerkverbintenis, en deur en deur Afrikaner" was. In die geval van die De Paivas was hulle Portugese deur en deur, in terme van kleredrag, kos en gebare. Tog kon almal, selfs die kleiner kinders, nog Afrikaans praat en die psalms en gesange met oorgawe uit die kop sing, hoewel met 'n duidelike Portugese aksent.[95]

Kerklike bearbeiding

Teen 31 Desember 1958 het die werk van die Hervormde Kerk as 'n selfstandige gemeente in Angola tot stilstand gekom. Die Ring van Suidwes-Afrika is gevra om die geestelike

94 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor 'n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970.
95 Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, "Gedagtes oor Angola", 05.09.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bearbeiding van die oorblywende lidmate waar te neem.[96] Tydens die daaropvolgende Algemene Kerkvergadering (1961) is besluit dat die lidmate in Angola onder die sorg van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sal val en dat ’n predikant van tyd tot tyd gestuur sal word om hulle geestelik te bearbei.[97] Teen Februarie 1961 het een van die lidmate in die suide die Hervormde Kerk versoek om die komende winter ’n predikant te stuur om hulle te kom bearbei.[98]

Teen 1963 was daar ongeveer 35 Hervormde lidmate (70 siele) in die omgewing van Tunda en Sá da Bandeira woonagtig. Daar was ook ongeveer vier of ses gesinne in Bié en Que.[99] Paul van der Walt het soms kerkdienste vir die Hervormde lidmate op Tunda gehou. Cornelis Prinsloo het toe reeds van sy kinders deur Amerikaanse sendelinge laat doop.[100]

In 1968 was daar na raming nog 41 Afrikaanssprekende gesinne met ’n sieletal van ten minste 190 in Angola woonagtig. Dertig van die 41 gesinne (160 siele) was lidmate van die Hervormde Kerk. Die meerderheid van die ander 11 gesinne was lidmate van die Amerikaanse sendingkerk in Angola (3 gesinne) of die Rooms-Katolieke Kerk (6 gesinne). Een gesin het aan die NG Kerk behoort en een aan die Gereformeerde Kerk.[101]

Di. Jacobs, Alberts en Van Heerden het tydens hulle besoeke ’n aantal Bybels, psalm- en gesangboeke, albums en *Kerkalmanakke* vir lidmate in Angola saamgeneem.[102] Ds. Van Heerden het bevind dat *Die Hervormer* en die *Kerkalmanak* redelik goed onder die Afrikaners in Angola versprei word.[103]

Die moderamen van die Hervormde Kerk het gedurende 1964 besluit dat een van die twee predikante van die Hervormde Kerk in Suidwes-Afrika Angola voortaan jaarliks sou besoek. Besoeke sou tot suid van Sá da Bandeira beperk word en nie langer as ’n week duur nie.[104]

---

96 NHK: Byvoegsel tot Agenda van die Algemene Kerkvergadering, 9 Maart 1961 e.v.d., Bylae L.L, A.B. van N. Herbst & P.M. Smith: Rapport insake lidmate in en uit Angola, p. 4.
97 NHK: Agenda vir die Algemene Kerkvergadering, 09.03.1961 en volgende dae, p. 52; NHK: Notule van die Algemene Kerkvergadering, 09.03.1961 en volgende dae, p. 109.
98 NHK: K48 5/1/2, Brief M.W. Prinsloo – Mnr. A.B. van N. Herbst, 25.02.1961.
99 NHK: K48 5/1/3, Brief Ds. J.P. Snyman – Skriba, 08.10.1963.
100 NHK: K48 5/1/3, Brief P.S. van der Walt – Liewe Broer en Suster, 03.03.1963.
101 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968; NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor ’n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970.
102 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968; NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Brief Ds. A.N.J.D. Alberts – Mnr. A.B. van N. Herbst, 28.07.1969.
103 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor ’n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970.
104 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Julie tot Sept. 1964, pp. 94–95, & Okt.–Des. 1964, p. 75; NHK: R13 1/1/1, Notule Ringsvergadering te Otjiwarongo, 19.06.1965.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk het reeds in 1961 geen beswaar gehad dat 'n predikant van die NG Kerk tydens sy besoek aan Angola kinders van Hervormde lidmate doop nie.[105] Op 'n aanbod van die sendingsekretaris van die NG Kerk in Suidwes-Afrika om ook Hervormde lidmate in Angola in 1967 te besoek, het die Kommissie van die Algemene Vergadering van die Hervormde Kerk sy waardering daarvoor uitgespreek en hom in kennis gestel dat hulle geen beswaar daarteen het nie.[106] Dit is nogal 'n ommekeer van die besluit wat in 1947 geneem is: "Die geestelike bearbeiding van hierdie mense deur ander kerke sal nie geduld word nie."[107]

In 1968 is die lidmate van die Hervormde Kerk in twee wyke verdeel – Tunda en Vouga. Geen kerkraadslede kon vir Vouga bevestig word nie. Ds. J.H.H. Jacobs van Tsumeb was onseker of die twee wyke in Angola as wyke van die Ring van Suidwes-Afrika of die gemeente Tsumeb beskou moet word. Hy was ook nie seker hoe die doop- en belydende lidmate geregistreer moet word nie.[108] Die Kommissie van die Algemene Vergadering het aanbeveel dat Angola as 'n wyk van die gemeente Tsumeb beskou moet word en afsonderlike registers vir die wyk gehou kan word.[109] Dit is nooit gedoen nie.

Ds. Du Plooy het teen 1971 sy twyfel uitgespreek of dit nog sinvol is om die lidmate in Angola te bearbei aangesien die mees standvastige lidmate na Ovamboland (Ruacana) verhuis het, terwyl die ander verportugees.[110] Teen 1973 was dit duidelik dat die bestaande wyse van bearbeiding van die lidmate in Angola ontoereikend was en dit is aan die Kommissie van die Algemene Vergadering opgedra om in oorleg met die kerkraad van Tsumeb te besin of daarmee voortgegaan moet word. Die Kommissie het op sy beurt weer sy opdrag na die Ring van Suidwes-Afrika verwys.[111] Met die uitbreek van die burgeroorlog in Angola is nog geen verslag van die Ring ontvang nie hoewel hulle herhaalde kere daarom versoek is.

Verskeie Hervormde predikante het sedert 1963 herderlike besoeke aan die lidmate in Angola gebring. Ds. Snyman het byvoorbeeld Angola gedurende September 1963 besoek. Nege kinders van Magiel Prinsloo (1), J.P. Milho (3), Japie Piorek (2) en Zeca de

---

105 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Notule van die vergadering van 24.10.1961.
106 NHK: Notule van die Algemene Kerkvergadering, 25.04.1967 e.v.d.
107 NHK: K1/2 1/1/7, Notule Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 05.06.1947.
108 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968.
109 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1968, p. 67, & Jan.–Mrt. 1969, pp. 6–7.
110 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1971, p. 7.
111 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Mei–Jun. 1973, pp. 2–3, 66; Jul.–Sept. 1973, pp. 3, 75.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paiva (3) is op Tunda en Sá da Bandeira op 22 en 29 September 1963 gedoop. In Bié en Que was daar nog lidmate, maar hulle is nie besoek nie omdat dit onseker was waar hulle woon.[112]

Gedurende Augustus 1968 het ds. J.H.H. Jacobs van die kombinasiegemeente Tsumeb-Grootfontein 146 van die 160 lidmate van die Hervormde Kerk in Angola besoek. Ses eredienste is op twee plekke (Sá da Bandeira en Vouga) gehou. Veertien kinders van Cornelis Milho (3), J.P. Milho (1), Japie Piorek (2), S.J. da Costa Neves (1), W.M. Opperman (5), Barend Ludeke (1) en Pieter de Villiers (1) is gedoop en een lidmaat is aangeneem. Nege persone het gevra om die volgende jaar aangeneem te word.[113]

Ds. Andries Alberts van Naboomspruit was een van die Afrikaners wat ná 1928 in Angola agtergebly het. Hy het die land in 1946 verlaat toe hy in Suid-Afrika begin studeer het om vir teologiese opleiding toegelaat te word. Hy het ook die voordeel gehad dat hy vlot Portugees kon praat en aan die laerskool in Sá da Bandeira gestudeer het.[114] Hy het gedurende Junie en Julie 1969 die meerderheid lidmate in Angola besoek. Dienste is op Vouga, Chiange, Chibía (João de Almeida) en Sá da Bandeira gehou. Een kind van Hans Ludeke is te Vouga gedoop. Ds. Alberts het 'n goeie indruk van die mense in Angola gekry. Groot vooruitgang was in Angola te bespeur en baie is gedoen om die pad- en spoorverbindings uit te brei. Die vriendskap en goeie betrekkinge tussen Suid-Afrika en Portugal was vir hom opvallend. Dit het ook vir hom gelyk of die woord Protestant, anders as vroeër, vrylik gebruik kon word.[115]

Gedurende Augustus 1970 het ds. J.H. van Heerden van Otjiwarongo 111 (waaronder 35 belydende lidmate) van die 154 Afrikaners (waaronder 41 belydende lidmate) in Angola by hulle huise besoek. Dienste is gehou op Chibía, Vouga en Cachingues. Een kind van P.J. de Villiers is te Cachingues gedoop. Geen lidmate is aangeneem nie, waarskynlik omdat hulle nie vir aanneming voorberei het nie. Dit was vir ds. Van Heerden opvallend dat die Bybel nie baie gelees is nie.[116]

Ds. Du Plooy het die Hervormde lidmate in Angola gedurende 1971 en 1972 besoek.

---

112 NHK: G159 3/1/1, Doopregister, pp. 14–15; NHK: K48 5/1/3, Brief Ds. J.P. Snyman – Skriba, 08.10.1963.
113 NHK: R13 7/8 Ds. J.H.H. Jacobs – Kommissie van die Algemene Vergadering, 29.08.1968; NHK: G159 3/1/1, Doopregister, pp. 47–48.
114 Persoonlike onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005.
115 Anon., "Besoek aan Angola", [*Die*] *Vreugdebode*, vierde kwartaal 1969, p. 8; NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Brief Ds. A.N.J.D. Alberts – Mnr. A.B. van N. Herbst, 28.07.1969; NHK: G159 3/1/1, Doopregister Tsumeb, p. 48; Korrespondensie, Ds. J.H. van Heerden, "Gedagtes oor Angola", 05.09.2007.
116 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor 'n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970; NHK: G159 3/1/1, Doopregister Tsumeb, p. 48.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Twee kinders van Hans Ludeke en Barend Ludeke is in Julie 1971 te Vouga gedoop.[117] Geen besonderhede van persone wat in 1972 gedoop, aangeneem of in die huwelik bevestig is, kon opgespoor word nie.

In 1971 is die oorskot van Willem Venter opgegrawe en op 14 Julie 1971 in 'n mausoleum op Sá da Bandeira met volle militêre eerbewys herbegrawe. Die diens is deur sy kleinseun ds. Andries Alberts waargeneem en deur die Suid-Afrikaanse konsul-generaal in Luanda bygewoon.[118] Venter was, soos reeds genoem, aanvoerder van die Boerehuursoldate in die pasifikasie-oorloë in die suide van Angola en die ontvanger van verskeie eerbewyse vir sy deelname aan hierdie oorloë.

Die bevrydingstryd (1961–1975)

'n Interessante gevolg van die bevrydingstryd in Angola was dat daar Portugese in Angola was wat al hoe meer gevoel het Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Angola is 'n natuurlike eenheid en behoort te verenig. Sommige het gevoel hulle het nie meer bande met Portugal nie. Dié gevoel was veral sterk onder die Portugese jeug in Angola. Al hoe meer Portugese in Angola het in Suid-Afrika gaan vakansie hou, mediese behandeling ontvang of gaan studeer. Dit het natuurlik tot die toenadering bygedra.[119]

Paul van der Walt het reeds in 1963 sy kommer oor die toekoms van die land uitgespreek: "Angola gaan die pad van Kenia; Portugal gee nie om dat dit 'n swart staat word nie, solang hy net die handel van die land kan behou."[120]

Gedurende hierdie tyd het die Afrikaners in Angola voorbereidings vir "opstootjies" getref en hulle huise beveilig teen moontlike terreuraanvalle. In die daaglikse lewe was dit kwalik te bespeur dat die land hom in 'n oorlogsituasie bevind. Dit het ook nie gelyk of die Afrikaners van Angola besef hulle posisie sou binne enkele jare dramaties verander nie. Die vermoede het wel bestaan dat hulle deur die Portugese owerheid in die duister gehou is oor die werklike situasie. Hulle het dit vreemd gevind dat die Portugese owerheid nie ammunisie aan hulle wou verskaf om hul teen aanvalle van terroriste te verdedig nie.[121]

---

117 NHK: Agenda van die Algemene Kerkvergadering, 25.04.1973 e.v.d., p. 239, Bylae A.XII: Ring van Suidwes-Afrika, p. 2; NHK: G159 3/1/1, Doopregister Tsumeb, p. 48.

118 NHK: K48 5/1/3, Brief Ds. A.N.J.D. Alberts – Mnr. A.B. van N. Herbst, 11.06.1971; Anon., "Portugese bring hoë eer aan Boere-held", *Rapport*, 11 Jul. 1971; Persoonlike onderhoud: ds. A.N.J.D. Alberts, 22.08.2005.

119 E. Joubert, *Die nuwe Afrikaan*, pp. 55, 67–69, 78.

120 NHK: K48 5/1/3, Brief P.S. van der Walt – Liewe Broer en Suster, 03.03.1963.

121 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989; Korrespondensie, Ds. J.H van Heerden, "Gedagtes oor Angola", 05.09.2007; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 28.02.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teen 1970 het Willem en Jaap Piorek in die Portugese leër teen die bevrydingsbewegings geveg.[122] Al die Ludeke-neefs wat in Angola gebly het, waaronder Willie, Piet en Ben Ludeke, het ook vier jaar (in Ben se geval twee jaar in die berede afdeling) diensplig in die Portugese leër gedoen.[123] Barend Milho het diensplig verrig in die Portugese leër as lid van die *comandos*, dit wil sê verkenningsoldate. Hulle was ’n gedugte eenheid wat lede van die Suid-Afrikaanse Weermag, wat in daardie stadium onbekend met teeninsurgensie-oorlogvoering was, opgelei het.[124]

Basie Prinsloo, wat in die Suid-Afrikaanse Weermag diensplig gedoen het nadat hy in 1968 na Suidwes-Afrika vertrek het, moes binne agt jaar meer as 2000 dae kampe doen omdat hy die suide van Angola goed geken het en Portugees kon praat. Hy het byvoorbeeld gehelp om ’n skip in die hawe van Moçâmedes (Namibe) op te blaas. Hy was ook ooggetuie van hoe die wild in die Kaokoveld gedurende hierdie tyd deur lede van die SAW gestroop is.[125]

António Francisco Fernandes (Tony) Monteiro het, nadat hulle in 1975 na Suidwes-Afrika gevlug het, sy diensplig in die Suid-Afrikaanse Weermag op Walvisbaai gedoen.[126]

Samevattend kan gesê word dat ’n klein groepie Afrikaners ná 1958 in Angola agtergebly het. Hul geledere is aangevul deur enkele nuwe intrekkers. Hierdie tydperk word gekenmerk deur die skouspelagtige ekonomiese opbloei van Angola gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu – waarin hierdie Afrikaners in ’n geringe mate gedeel het. Dié tydperk is ook gekenmerk deur die bevrydingstryd wat in 1961 in Angola uitgebreek het en wat in 1975 tot die onafhanklikheid van Angola sou lei. Die groepie van 200 Afrikaners het hul Afrikanerskap daar onder moeilike omstandighede gehandhaaf, terwyl die meerderheid van ongeveer 600 afstammelinge van Afrikaners in Angola toenemend in die Portugese samelewing opgeneem is. Twee-derdes van hulle het reeds Portugese vanne gehad en kon nouliks nog as lede van ’n Afrikaanse gemeenskap beskou word.

122 NHK: Handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Okt.–Des. 1970, Verslag van ds. J.H. van Heerden oor ’n besoek van lidmate in Angola gedurende Augustus 1970, 02.11.1970; Persoonlike onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006.
123 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; E.P.J. Ludeke, 26.07.2006; A.C.M. Engelbrecht (née Ludeke), 09.08.2006.
124 Persoonlike onderhoud: B.C. Milho, 11.07.2007.
125 Persoonlike onderhoud: M.W.U. (Basie) Prinsloo, 22.08.2008.
126 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 16
DIE LAASTE AFRIKANERS VLUG UIT ANGOLA (1975)

Mettertyd het die geweld in die burgeroorlog tussen die drie "bevrydingsbewegings" in die aanloop tot die onafhanklikheid van Angola geëskaleer. Burgerlikes is spoedig ook in die konflik betrek. Tydens een voorval is 'n klomp skoolmeisies by hulle skool in Silva Porto koelbloedig deur Unita-soldate doodgeskiet. In talle ander gevalle is vrouens en dogters deur soldate van die bevrydingsbewegings verkrag en die mans gemartel en vermoor. Gevalle van lykskending en kannibalisme is ook opgeteken. Die Afrikanermans kon weinig doen om hulle gesinslede te beskerm omdat die wapens van diegene wat in die Portugese leër diens gedoen het, ingetrek is. Volgens die ooreenkoms wat by Alvor tussen die drie onafhanklikheidsbewegings gesluit is, sou alle burgerlikes ontwapen word. 'n Burgerlike in besit van 'n wapen kon summier gefusilleer word. Al drie bewegings het desnieteenstaande hulle burgerlike ondersteuners begin bewapen. Die Portugese burgerlikes in Angola is op skandalige wyse deur die Portugese leër in die steek gelaat. Min is gedoen om hulle besittings en lewe te beskerm. Al uitweg was om te vlug.[1]

Teen die middel van 1975 het die eerste Afrikaners uit Angola begin vlug nadat hernieude geweld in die noorde van die land uitgebreek het.[2] Op pad na die grens is die vlugtelinge voorgekeer en verder geteister, vermoor of verkrag. In ander gevalle kon hulle wegkom deur omkoopgeld te betaal. Swaar gelaaide vragmotors het die grens na Suidwes-Afrika teen Mei 1975 begin oorsteek. Mettertyd het die stroom vlugtelinge verder aangegroei.[3]

Teen 17 Junie het 47 vlugtelinge in Windhoek aangekom waar hulle inderhaas in weermagtente op die skouterrein gehuisves is. Onder hulle was sewe gesinslede van Barend Ludeke van Silva Porto.[4] Aan die begin van Augustus het sy swaer Pieter de Villiers met net die klere aan sy lyf van Malanje af gevlug. Sy plaas en besittings moes hy agterlaat. Teen daardie tyd het 15 Afrikanergesinne van daardie omgewing reeds gevlug.[5]

---

1 Verskeie berigte in *Beeld*, Mei 1975–Desember 1975; Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
2 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989; Persoonlike onderhoud: D.F. Immelman, 02.07.2007.
3 Verskeie berigte in *Beeld*, Mei–Desember 1975.
4 Anon., "Hartseer-vlug uit bloedige Angola", *Beeld*, 17 Jun. 1975, p. 3.
5 Frik Badenhorst, "Samaritaan moes vir sy lewe vlug", *Beeld*, 8 Aug. 1975, p. 2.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

José de Miranda het met sy gesin op 15 Augustus 1975 uit Humpata gevlug (kyk figuur 32 & 33).[6] Die gesin van José Francisco Monteiro (getroud met Gertruida Magrieta Sophia Piorek) het ook in Augustus 1975 van Sá da Bandeira deur Cahama en Chitado na Ruacana gevlug.[7]

Op ongeveer 16 of 17 Augustus 1975 is Rui de Jesus Martins op Chiange deur Unita-soldate aangeval. Sy gesin het reeds op 14 Augustus 1975 in 'n konvooi na Ruacana, wat hulle veilig bereik het, vertrek. Hy het daarin geslaag om te voet na Sá da Bandeira te vlug, waar hy gestrand was totdat sy swaer Barend Milho (wat tydens sy diensplig 'n lid van die verkenningsoldate in die Portugese weermag was) hom in 'n waaghalsige ekspedisie, waar hy persoonlik groot moed aan die dag gelê het, vanaf Suidwes-Afrika gered het. Verskeie familielede van Francisco Dias Milho (getroud met Susanna Gertruida Horn) het teen Augustus 1975 saam met hulle uit die suide van Angola na Suidwes-Afrika gevlug. Onder hulle was 'n aangenome dogter, Elizabeth Maria Batista Milho, Rui de Jesus Martins (getroud met Susanna Gertruida Milho) en hulle twee seuns (4 persone), Barend Christoffel Horn (getroud met Gabriela Augusta Rocha Cerejo) en drie kinders (5 persone), Louisa Petronella Prinsloo (née Milho) en Jacob Johannes Piorek (getroud met Maria Ângela Milho).[8]

By 'n ander geleentheid is 'n groep vlugtelinge (kyk figuur 37 & 38), waaronder ook Angola-Boere, wat die grens by Ruacana wou oorsteek, by Oncócua deur MPLA-soldate voorgekeer. Ná onderhandeling is 'n paar mans toegelaat om na Ruacana te gaan op voorwaarde dat hulle voedsel terugbring. Die vroue en kinders is as gyselaars gehou. By Ruacana is die groep in die geheim deur 'n paar lede van die Suid-Afrikaanse Weermag bewapen en die wapens in die voertuie weggesteek. Hulle is ook van genoeg voedsel en sterk drank voorsien om aan die MPLA-troepe te oorhandig. Die sterk drank het sy werk gedoen en die groep kon in die nag ongestoord wegglip om die grens veilig te bereik.[9]


'n Groep Suid-Afrikaanse werkers aan die Kunene-skema is aan die begin van Augustus 1975 ontruim. Ongeveer tien werkers het op die pompstasie agtergebly.[10] Gedurende dieselfde maand het 'n afdeling van 30 Suid-Afrikaanse soldate die grens oorgesteek om die werkers by die pompstasie te beskerm. Dit was die begin van die Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die oorlog in Angola.[11]

---

6 Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
7 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.
8 Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007, S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007; B.C. Milho, 11.07.2008.
9 E-pos: G.J.C. van Niekerk, 24.08.2005.
10 Frik Badenhorst, "Gevegte in Angola: SA werkers is veilig uit", *Beeld*, 11 Aug. 1975, pp. 1–2.
11 F.J. du T. Spies, *Operasie Savannah, Angola, 1975–1976*, pp. 46–48; Frik Badenhorst, "Bom bars: SA troepe in Angola", *Beeld*, 6 Sept. 1975, pp. 1, 4.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 32: Vlugtelinge uit Angola in 1975. José Carlos de Paiva Miranda en sy ouma Marie de Miranda, 'n kleindogter van Artur de Paiva en Jacomina Botha, met 'n boek van Gastão Sousa Dias oor hulle beroemde voorsaat, ca. Augustus 1975. *Uit:* Private versameling, Paul Alberts.



Figuur 33: Vlugtelinge uit Angola. Die familie van Romero de Miranda en Marie de Paiva Miranda, 'n kleindogter van Artur de Paiva en Jacomina Botha, ca. Augustus 1975. *Uit:* Private versameling, Paul Alberts.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 34: Portugese vlugtelinge uit Angola by 'n vlugtelingkamp in die destydse Suidwes-Afrika, ca. Augustus 1975. *Uit:* Private versameling, Paul Alberts.



Figuur 35: 'n Konvooi Portugese vlugtelinge uit Angola, ca. Augustus 1975. *Uit:* Private versameling, Paul Alberts.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 36: Die 78-jarige Anna Margarida Erasmus Hayes, 'n Afrikanervlugteling uit Angola by 'n vlugtelingkamp in die destydse Suidwes-Afrika, ca. Augustus 1975. *Uit:* Private versameling, Paul Alberts.



Figuur 37: Afrikanervlugtelinge wat as deel van 'n konvooi Portugese vlugtelinge deur die woestyn in die suidweste van Angola gevlug het om die grens by Ruacana oor te steek, ca. Augustus 1975. Foto: Kol. Jakkals de Jager. *Uit:* Private versameling, G.J.C. van Niekerk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Figuur 38: Afrikanervlugtelinge wat as deel van ’n konvooi Portugese vlugtelinge deur die woestyn in die suidweste van Angola gevlug het om die grens by Ruacana oor te steek. Baie ouer Afrikanervroue het toe nog kappies gedra, ca. Augustus 1975. Foto: Kol. Jakkals de Jager. *Uit:* Private versameling, G.J.C. van Niekerk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enkele Angola-Boere en hulle familielede het hul lewe in die konflik verloor. Werner Voigt is op 29 Augustus 1975 op sy plaas by Monguavolo doodgeskiet toe terroriste hulle huis aangeval het. Sy vrou Carolina (née Storbeck) is gewond, maar het die aanval oorleef en daarin geslaag om te ontvlug.[12] Op 10 September 1975 is Valentin Hayes de Oliveira, die Portugese man van een van Hans Piorek se dogters en terselfdertyd 'n kleinseun van Artur de Paiva, op sy plaas deur MPLA-troepe doodgeskiet toe hy van hulle vee wou gaan haal.[13] Margie de Lima se seun (noemnaam "Seuntjie") is in hierdie tyd deur lede van een van die bevrydingsbewegings vermoor deur hom aan 'n boom vas te bind, 'n stapel hout om hom te pak en dit aan die brand te steek.[14] Sannie van der Walt en haar broer (Martiens) se seun Martiens, Gert Visser en sy vrou Magdalena Johanna (née Opperman) en Chrisjan Putter se dogter, twee van haar dogters en haar skoonseun is ook deur terroriste in Angola vermoor.[15]

Maria Helena Botha Silva en Ana Maria Botha Silva, twee kinders uit die huwelik van David Marcos Silva en Anna Catharina Maria Botha, het gedurende hierdie tyd in Angola verdwyn en daar is nooit weer van hulle gehoor nie.[16] Johannes Hans Monteiro het ook gedurende 1975 in Angola verdwyn en daar word vermoed dat hy deur Unita vermoor is.[17]

In een geval is 'n konvooi met ongeveer 200 voertuie en meer as 1000 mense oor die grens na Suidwes-Afrika.[18] 'n Konvooi van ongeveer 80 voertuie met 105 mense wat van die Kunene-mond langs die Seekus van die Dood tot in Walvisbaai gery het, het die verbeelding van die publiek aangegryp.[19] 'n Vlugtelingkamp is intussen ook in Walvisbaai opgerig. Van daar af sou baie vlugtelinge per skip na Portugal ontruim word.

Vlugtelinge wat oor die grens na Suidwes-Afrika gevlug het, is in vlugtelingkampe in Grootfontein, die Fort (Grootfontein) en Tsumeb opgeneem voordat hulle toegelaat is om verder te reis (kyk figure 34 & 35).[20] Hulle is daar met ope arms ontvang. Die meeste vlugtelinge is per vliegtuig na die vlugtelingkamp Magaliesoord by Cullinan naby Preto-

---

12 SAUK: Acc. No. 38268, Onderhoud Marthie Voigt, 24 Febr. 1989; Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.

13 NAN: BIN 8 B16, Briewe Administrateur NHK – Sekretaris van Binnelandse Sake, 24.09.1975, p. 5 & 20.10.1975, p. 3; L.M. du Plessis & U.M. du Plessis, *Terugblik op die lewe van Lourens Marthinus du Plessis*, p. 111.

14 Persoonlike onderhoud: J.E. Truter (née De Klerk), 23.08.2007.

15 Persoonlike onderhoude: P.W.J. Opperman, 13.09.2005; E.P.J. Ludeke, 26.07.2006.

16 Persoonlike onderhoud: J.A.B. Silva, 30.06.2007.

17 Persoonlike onderhoud: A.F.F. Monteiro, 02.07.2007.

18 E. Joubert, "Die verskrikking van 'n volk op vlug", *Sarie Marais*, 8 Okt. 1975, p. 33.

19 Anon, "Nou Portugal toe: Moordende tog deur woestyn", *Beeld*, 5 Sept. 1975, p. 2.

20 E. Joubert, "Tsumeb – Dorp van barmhartiges", *Sarie Marais*, 22 Okt. 1975, p. 33; Persoonlike onderhoude: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005; C.J.A.L.W. de Barros, 11.07.2007; J.O.K. Labuschagne & S.M. Labuschagne (née Horn), 15.05.2007; J. Santos, 04.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ria geneem, waar hulle tydelik gehuisves is.[21] Teen 23 Augustus 1975 is 1920 vroue en kinders per vliegtuig en 2547 persone met vragmotors na Cullinan geneem. Meer as 7000 vlugtelinge het toe al oor die grens gekom en daar was nog duisende op pad.[22] Later is tot 2000 vlugtelinge daagliks by Tsumeb gehanteer.[23] Die laaste vlugtelinge, waaronder nasate van Angola-Boere, het teen Maart 1976 uit die land gevlug.[24]

Verskeie staatsdepartemente, waaronder Binnelandse Sake, Arbeid, Volkswelsyn en Pensioene, die Suid-Afrikaanse Polisie, die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die Suid-Afrikaanse Weermag en die Suidwes-Afrika Administrasie, was hierby betrokke.[25] Verskeie ander organisasies soos die Rooi Kruis, die Rotariërs, die Lions Club, die Vroue-Landbouvereniging, die Monday Club, die Duitse Morgensterne, die Vrouehulpdiens, Tsumeb Corporation Limited, die munisipaliteit van Tsumeb en kerkgenootskappe en individue het op ’n vrywillige basis hulp verleen.[26]

Die meeste vlugtelinge het later na Portugal en selfs na Brasilië, Venezuela en Argentinië verhuis. Sommige Portugese in Angola wou nie na Portugal reis nie omdat hulle gevoel het dat die Portugese regering hul in die steek gelaat en “verraai” het. Hulle het gevolglik verkies om hul in Suid-Afrika te vestig.[27] Die gevoel teen Portugal was so erg dat verskeie vlugtelinge verklaar het: “Net nie Portugal toe nie, dan eerder terug na Angola.”[28] Daar was boonop in Portugal groot getalle werkloses, ’n negatiewe ekonomiese groeikoers, hongersnood, regeringloosheid en ’n dreigende burgeroorlog.[29] Hulle het dus meer tuis in Afrika gevoel en gevolglik gevoel dat hulle Afrikane is en nie Europeërs nie.[30] Daar word geskat dat tussen 3500 en 4000 Portugese vlugtelinge uit Angola en tussen 18 000 en 33 000 vlugtelinge uit Mosambiek hulle permanent in Suid-Afrika gevestig het.[31]

In Suid-Afrika is hulle mettertyd in ’n groot Portugese gemeenskap opgeneem, wat

---

21 Persoonlike onderhoude: B.J. Ludeke, 29.08.2005; J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
22 E. Joubert, “Die verskrikking van ’n volk op vlug”, *Sarie Marais*, 8 Okt. 1975, p. 26.
23 E. Joubert, “Tsumeb – Dorp van barmhartiges”, *Sarie Marais*, 22 Okt. 1975, p. 33.
24 F.J. du T. Spies, *Operasie Savannah, Angola, 1975–1976*, pp. 288–289.
25 NAN: SWAS 162 AS 21/3, Notules van vergaderings, 30.09.1974, 05.10.1974 en 09.10.1974 Bevestig die drie datums.]. Dieselfde dokumente is ook te vinde in NAN: VOL 28 49/12/7/2/5.
26 E. Joubert, “Tsumeb – Dorp van barmhartiges”, *Sarie Marais*, 22 Okt. 1975, p. 33.
27 E. Joubert, “Die verskrikking van ’n volk op vlug”, *Sarie Marais*, 8 Okt. 1975, p. 28; Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
28 Anon., “Haweloos is hulle, en ontredderd”, *Beeld*, 8 Jul. 1975, p. 4. Kyk ook Anon, “Nou Portugal toe: Moordende tog deur woestyn”, *Beeld*, 5 Sept. 1975, p. 2.
29 E. Joubert, “Die verskrikking van ’n volk op vlug”, *Sarie Marais*, 8 Okt. 1975, p. 92.
30 Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
31 Persoonlike onderhoude: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005; J. Santos, 04.07.2007; L. Leal, *Breve história dos portugueses na África do Sul*, p. 61; L. Basson, “Portuguese immigration into South Africa”, *Familia*, vol. 25 no. 1, 1988, p. 9.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

350 000 siele teen 1977 getel het.[32] Groot Portugese gemeenskappe het ook in verskillende dorpe in Suidwes-Afrika ontstaan, waar hulle en hul nasate vandag nog woon.[33] Ander het hulle in Rhodesië gevestig.

Die Portugese vlugtelinge moes noodgedwonge van hulle besittings, waaronder voertuie of vragte koffie, baie goedkoop aan Suid-Afrikaners en Suidwesters verkoop om kontant in die hande te kry. Angolese geld was teen hierdie tyd waardeloos.[34] Sommige van die Angola-Afrikaners, soos Cornelis Prinsloo op Tsumeb en Betta Labuschagne (née Botha) op Rundu, het die Portugese vlugtelinge gehelp waar moontlik, veral om vir hulle te tolk.[35]

Baie Angola-Boere en afstammelinge van Angola-Boere wat hulle in Suidwes-Afrika gevestig het, het aanvanklik werk by die Departement Waterwese in Ruacana (waar daar reeds ’n klompie Angola-Boere gewerk het) en ander plekke in Suidwes-Afrika gekry.[36]

Volgens eie berekening het ten minste 554 Afrikanernasate in 1975 uit Angola gevlug. Sommige vlugtelinge was nog lidmate van die Hervormde Kerk. Baie vlugtelinge het nog familielede in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika gehad.[37] ’n Groot aantal vlugtelinge was reeds verportugees en nie meer lede van die Afrikaanse gemeenskap nie.

Familielede van hierdie vlugtelinge moes nog steeds getuig dat hulle blank is en goeie burgers van Suid-Afrika sal wees om in Suid-Afrika toegelaat te word.[38] Die stelreël “Afstammeling van Afrikaners wat blank is”, het gegeld en is streng toegepas.[39] In die geval van Carlos Norberto Botha Silva, die seun van Anna Catharina Maria Botha en David Marcos Silva, en sy vrou Filomena Gonçalves, wat hy in die Portugese kolonie Goa tydens sy diensplig ontmoet het, was dit vir hulle nie moontlik om ’n aanvaarbare lewe in Suid-Afrika te lei nie, weens die destydse Suid-Afrikaanse wetgewing (die Wet op Groepsgebiede) en hulle het gevolglik na Portugal uitgewyk.[40]

---

32 L. Leal, *Breve história dos portugueses na África do Sul*, pp. 34, 61.
33 Persoonlike onderhoude: J. Santos, 04.07.2007; M.O. de F.F. Piorek, 05.07.2007.
34 Frik Badenhorst, “Angolese besittings spotgoedkoop: Winsjagters slaan toe”, *Beeld*, 23 Aug. 1975, pp. 1–2; Anon, “Portugal nader SA: Groot plan teen winsjagters”, *Beeld*, 17 Sept. 1975, pp. 1, 4; Persoonlike onderhoude: J.O.K. Labuschagne & S.M. Labuschagne (née Horn), 15.05.2007; J. Santos, 04.07.2007; E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
35 E. Joubert, “Die verskrikking van ’n volk op vlug”, *Sarie Marais*, 8 Okt. 1975, p. 30; E. Joubert, “Tsumeb – Dorp van barmhartiges”, *Sarie Marais*, 22 Okt. 1975, p. 33; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007.
36 Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
37 Persoonlike onderhoude: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005, J.O.K. Labuschagne & S.M. Labuschagne (née Horn), 15.05.2007.
38 NAN: BIN 8 B16, Brief P.J.J.S. Potgieter e.a. – Sekretaris van Binnelandse Sake, 20.09.1975.
39 NAN: BIN 8 B16, Brief Administrateur NHK – Sekretaris van Binnelandse Sake, 24.09.1975, p. 2.
40 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Dirk Jacobus Gerhardus Stefanus Botha en Cornelia Johanna Oosthuizen, ca. 1975; Persoonlike onderhoud: J.A.B. Silva, 30.06.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In ander gevalle het Afrikaners wat verbintenisse oor die kleurskeidslyn aangegaan het, verkies om in Angola te bly. Sommige is vermoedelik in die burgeroorlog oorlede. Onder die Afrikaners wat beide in 1958 en 1975 in Angola gebly het, was Hendrika Johanna Nicolasina Fourie, Gertruida Robberts (née Harmse), Freek Piorek en Carel Ivens.

Manuel da Silva het by 'n hospitaal in Caluquembe gewerk en tot ongeveer 1979 in Angola gebly voordat hy besluit het om die land te verlaat.[41]

Onder die afstammelinge van Artur de Paiva en Jacomina Botha was daar die gesinslede van die kinders van Bartolomeu José Botha Ferreira de Paiva (hulle seun) en Christina Johanna Sophia Venter. Dit het ongeveer 39 persone ingesluit met vanne soos Da Costa Neves (6 persone), De Miranda (7 persone), De Oliveira (4 persone), De Paiva (8 persone) en De Nobrega (4 persone).[42]

Uit die huwelik van Johanna Francina Jacoba Koekemoer met João Jacinto Edgar de Oliveira de Sousa is daar 9 kinders gebore met voorname Maria de Lourdes, Willem, Romeu, Julieta, Carlos, Lea, João Edgar, Matilde en Edmundo Joaquim. Die familie het uiteindelik aangegroei tot 78 lede met vanne soos Alfeu (3 persone), Alves (2 persone), Botha (3 persone), De Sousa (16 persone), Escalda (3 persone), Ferreira (8 persone), Nunes (5 persone), Opperman (12 persone), Pinto (3 persone), Teixeira (4 persone) en Veiga (19 persone).[43] Die meeste lede van hierdie familie was verportugees. Gevolglik het hulle spoedig na Portugal verhuis. Slegs in die geval van die gesin van Theunis Louis Opperman (getroud met Julieta) het die familie nog by die Afrikaanse gemeenskap ingeskakel.

In die geval van die Hayes-familie het slegs enkele lede in 1958 na Suid-Afrika gerepatrieer. In die lig daarvan dat die lede van dié familie nie van "suiwer blanke afkoms" was nie, was dit vir die res van die familie waarskynlik nie moontlik om terselfdertyd te repatrieer nie. Teen 1975 het die omstandighede baie verander en 'n groot aantal lede van die familie het na Suidwes-Afrika gevlug. Sommige het daarna direk na Portugal gegaan, terwyl ander na Suidwes-Afrika verhuis het en mettertyd daar oorlede is. Onder hulle afstammelinge was daar ongeveer 70 persone met vanne soos Afonso (4 persone), Cardoso (3 persone), De Jager (5 persone), De Oliveira (21 persone), De Sousa (2 persone), Hayes (29 persone), Leite (2 persone), Robalo (2 persone), en Rocha (2 persone). Onder hulle het daar ook 'n hele paar persone ná 1975 na Portugal en Brasilië verhuis.[44]

---

41 Telefoniese onderhoud: A.P. Seirós, 14.01.2009.

42 NAN: BIN 8 B16, Brief Administrateur NHK – Sekretaris van Binnelandse Sake, 24.09.1975, pp. 2–4; Afstammelinge van Artur Oriola Ferreira de Paiva en Jacomina Gertruida Elizabeth Botha, ca. 1975.

43 NAN: BIN 8 B16, Beëdigde verklaring J.F.J. Koekemoer [de Sousa], 28.08.1975 & Statement J.F.J. Koekemoer [de Sousa], 18.11.1975.

44 NAN: BIN 8 B16, Brief Administrateur NHK – Sekretaris van Binnelandse Sake, 24.09.1975, p. 4; Afstammelinge van die Hayes-familie, ca. 1975.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onder die afstammelinge van die vier dogters van Joachim (Joaquim) Dias Milho en Catharina Cornelia Fransina Ackerman, wat in 1928 in Angola agtergebly het, was daar ongeveer 82 persone met vanne soos Branco (2 persone), Correia (5 persone), Da Silva (23 persone), De Felisberto (5 persone), De Nobrega (4 persone), De Oliveira (5 persone), Dias (4 persone), Garção (10 persone), Guerreira (4 persone), Lopes (6 persone), Machado (2 persone), Mateus (6 persone), Ribeiro (2 persone) en Seirós (4 persone) wat oor die grens gevlug het. Die meeste afstammelinge van Francisco Dias Milho en Susanna Gertruida Horn het voor 1975 reeds na Suidwes-Afrika getrek. Uit Angola het 14 familielede met die vanne Martins (4 persone), Milho (6 persone), Piorek (2 persone) en Prinsloo (2 persone) na Suidwes-Afrika gevlug.[45]

'n Familie wat uit die bloute in 1975 opduik, is die afstammelinge van Derek Peter Black en Miquelina Augusta Camacho (gebore in Madeira). Dié naam duik ook op onder die inwoners van die Republiek Upingtonia. In 1975 het 13 nakomelinge van die familie met die van Black na Suidwes-Afrika gevlug.[46]

'n Groot aantal nasate van die kinders van Johannes Hans Piorek en Maria Elizabetha Diederiks het in 1975 na Suidwes-Afrika gevlug. Daar was 28 gesinslede van hulle seun Johannes Hans Piorek en Johanna Elizabeth de Klerk (gebore 23 Oktober 1911) met die vanne Da Rosa (3 persone), De Oliveira (7 persone), Monteiro (10 persone) en Piorek (6 persone). Daar was 'n verdere 14 gesinslede van 'n tweede seun, Jacob Johannes Piorek, en Johanna Elizabeth de Klerk (gebore 10 September 1932) met die vanne Coelho (4 persone), Piorek (8 persone) en Tavares (2 persone). Van hulle dogter Maria Elizabeth Piorek en Christoffel Fourie was daar slegs drie gesinslede. Laastens was daar nege lede van die gesinne van twee kinders van hulle dogter Magrieta Johanna Jacoba Piorek en Alfredo Agosto de Sá Seirós met die vanne Da Silva (1 persoon), Garção (4 persone) en Seirós (4 persone). Magrieta Johanna Jacoba Piorek het reeds in 1958 met een seun Johannes Piorek Seirós na Suid-Afrika gekom, terwyl drie ander kinders saam met hul vader in Angola agtergebly het.[47]

Hierbenewens was daar ook afstammelinge van verskeie individue wat in 1975 oor

---

45 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Catarina Aletta Maria [= Catharina Cornelia Fransina] Ackerman en Joaquim Milho, ca. 1975; Persoonlike onderhoude: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007; S.G. Martins (née Milho), 11.07.2007.

46 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van John Black en Johanna Aletta Black, ca. 1975.

47 NAN: BIN 8 B16, Brief Administrateur NHK – Sekretaris van Binnelandse Sake, 22.10.1975, pp. 1–8 & 24.09.1975, p. 4; Afstammelinge van Johannes Hans Piorek en Maria Elizabeth Diedericks [sic], ca. 1975; Afstammelinge van Jacob Johannes Piorek en Johanna Elizabeth de Klerk, ca. 1975; NHK: K48 1/1/1, Sentrale Skakelkomitee vir Angola-Immigrante. Vorderingsverslag: Mei 1959 – November 1959, 16.11.1959, p. 14; Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 11.09.2005 & 04.08.2006; A.F.F. Monteiro, 02.07.2007; Telefoniese onderhoud: A.P. Seirós, 14.01.2009.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die grens gevlug het. Onder hulle was 16 afstammelinge van Maria Aletta Ackerman en Isidro da Costa Morais met vanne soos Alves (4 persone), Caldeirinha (4 persone), Mendes (4 persone) en Morais (4 persone).[48] Lodewikus Gerhardus Benade het as oujongkêrel oor die grens na sy familie in Krugersdorp gevlug.[49] Van Antonetta Christina Bojé en Artur Monteiro was daar 17 afstammelinge en familielede met vanne soos Monteiro (8 persone), Schweir (2 persone), Teixeira (2 persone) en Vieira (5 persone).[50] Hierbenewens was daar 11 nasate van Dirk Jacobus Gerhardus Stefanus Botha en Cornelia Johanna Oosthuizen, almal met die van Silva,[51] en 18 nasate van Jan Harm du Plessis en Martha Margaretha Fourie, met vanne soos Simões (8 persone), Raimundo (4 persone) en Pereira (6 persone).[52] Álvaro Castelões da Fonseca, wie se vrou en kinders reeds in 1958 na Suid-Afrika verhuis het, het ook die geleentheid aangegryp om by sy gesin aan te sluit.[53] Dan was daar 11 familielede van Helena Elizabeth Fourie en Fernando da Costa Teixeira.[54] Gideon Fourie, wat in 1958 vir 'n kort rukkie na Suid-Afrika teruggekeer het, het ook met sy gesin van 10 lede en sy broer Gert Fourie oor die grens gevlug.[55] Van Cecilia Jacoba van der Walt en João Nobrega was daar 21 familielede, met vanne soos Antunes (3 persone), Avelar (2 persone), Gonçalves (3 persone), Martins (2 persone) en Nobrega (11 persone).[56] Van Johannes Hermanus van Staden en Anna Elizabeth Botha was daar 11 nasate met vanne soos Martins (2 persone), Marto (5 persone), Mendes (1 persoon) en Penha (3 persone)[57] Van Adriano Francisco (Adriaan François) Verster het 17 familielede, met vanne soos De Freitas (1 persoon), Laranja (13 persone), Putter (2 persone) en Verster (1 persoon), asook twee pleegkinders met die vanne Gonçalves en De Matos, oor die grens gevlug.[58] Laastens was daar 13 afstammelinge van Jacobus Viljoen en Susanna Kruger met vanne soos Viljoen (4 persone) en Vasconcelos (9 persone).[59]

---

48 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Maria Aletta Ackerman en Isidro da Costa Morais, ca. 1975.
49 Persoonlike onderhoud: J.J. Diederiks, 25.09.2005.
50 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Jan Georg Matheus [sic] Kersten en Johanna Hendrina (noiensvan onbekend) [= Grobler], ca. 1975.
51 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Dirk Jacobus Gerhardus Stefanus Botha en Cornelia Johanna Oosthuizen, ca. 1975 (met handgeskrewe aantekeninge op die betrokke bladsy).
52 NAN: BIN 8 B16, Brief P.J.J.S. Potgieter e.a. – Sekretaris van Binnelandse Sake, 20.09.1975; NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Jan Harm du Plessis en Maria Magrieta Fourie, c. 1975.
53 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006; G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006.
54 Persoonlike onderhoud: D.M. Ludeke (née Teixeira), 29.08.2005.
55 Telefoniese onderhoud: E. Fourie (née Piechazeck), 15.01.2009.
56 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Cornelius van der Walt en Cornelia (noiensvan onbekend) [= A.C.A.J. Opperman], ca. 1975.
57 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Johannes Hermanus van Staden en Anna Elizabeth Botha, ca. 1975.
58 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Adriano Francesco [sic] Verster en Isabel Maria Catharina Botha, ca. 1975.
59 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Jacobus Viljoen en Susanna Kruger, ca. 1975.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die vlug van die laaste Afrikaners uit Angola het die verbintenis van die Angola-Boere met Angola ná byna ’n eeu tot ’n einde gekom.

Ten minste 70 afstammelinge en familielede van Angola-Boere het na Portugal verhuis en hulle daar gevestig. ’n Hele klomp het teen hierdie tyd familielede aan Portugese kant in Portugal gehad. Omdat die meeste van die Angola-Boere wat verportugees is nie Afrikaans of Engels kon praat nie, sou aanpassing in Suid-Afrika waarskynlik moeilik gewees het. Vir ander sou aanpassing moeilik gewees het aangesien hulle verbintenisse oor die kleurskeidslyn aangegaan het en gevolglik nie welkom in die destydse Suid-Afrika was nie.

Onder hulle was ’n paar lede van die Hayes-familie, waaronder James Paulus Cardoso (’n seun van Ana Sofia Hayes), Jean Hayes de Oliveira (getroud met Germina Sophia Hayes), Maria Amélia Hayes de Oliveira Rocha (getroud met Américo Rocha), Hernâni Hayes de Oliveira, Nelson Hayes de Oliveira, Johanna Petronella Hayes (getroud met Manuel Leite), Christiaan Johannes (Boet) Hayes,[60] en Johanio Petrus Hayes (bynaam Rapaz).[61]

Johannes Hans Piorek (“Hans Polak”) het met sy swart vrou en hulle *mestiço*-kinders in 1975 na Portugal verhuis en later ’n kurkplaas in Portugal besit. Weens die destydse Suid-Afrikaanse wetgewing (die Wet op Groepsgebiede) was dit vir hulle nie moontlik om ’n aanvaarbare lewe in Suid-Afrika te lei nie en hulle het gevolglik na Portugal uitgewyk.[62] Friedrich Karel Lourens Abraham (Freek) Piorek (wie se vrou ’n *mestiça* was) het hom eweneens in Portugal gevestig.[63]

Enkele afstammelinge van Angola-Boere het hulle in Brasilië gevestig, onder andere Dalina Hayes (getroud met Edmundo Pons de Souza) en Cecilia Ana Maria Prinsloo (getroud met ’n Pereira), tans woonagtig in São Paulo.[64] Sérgio de Nobrega (wat ná die dood van sy moeder deur Romero de Miranda grootgemaak is) was ook vir ’n paar jaar in Brasilië, maar het later na Suid-Afrika teruggekeer en is tans woonagtig in Worcester.[65]

Armando da Silva (seun van Jordão Alves da Silva en Alice Garção) en sy vrou het na Madeira verhuis. ’n Paar mense, waaronder Dorothea Teixeira Monteiro (getroud met Norbert Schweir) en Werner Wilhelm Voigt, het selfs na Duitsland verhuis.[66]

---

60 Persoonlike onderhoud: J.J. de Jager, 27.04.2008.
61 Persoonlike onderhoud: J.J. de Jager, 27.04.2008.
62 Persoonlike onderhoude: G.E. Storbeck (née De Klerk), 04.08.2006; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; J.E. Truter (née De Klerk), 23.08.2007; Telefoniese onderhoud: M.E. Alves (née Piorek), 26.01.2009.
63 Persoonlike onderhoud: J.P. Seirós, 23.05.2008.
64 Telefoniese onderhoud: P.W.J. Prinsloo, 21.09.2005.
65 Persoonlike onderhoud: S.F. de S. Nobrega, 23.11.2006.
66 FJNS: M.C.J. Voigt, “My opmerkings”, p. 8; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoofstuk 17
BETEKENIS

Met die uitbreek van die burgeroorlog in Angola in 1975 het die laaste Afrikaners uit Angola gevlug. Die verbintenis van die Afrikaners met Angola het dus ná bykans ’n eeu tot ’n einde gekom. Dit wil nietemin voorkom of ’n nuwe tydperk ten opsigte van Afrikaners se betrokkenheid in Angola aangebreek het.

In 1992 het die Verenigde Nasies Organisasie die eerste veelpartyverkiesings in Angola probeer reël. Toe UNITA nie die verkiesingsuitslag wou aanvaar nie, is die land vir ’n verdere tien jaar in ’n burgeroorlog gedompel totdat die UNITA-leier Jonas Savimbi in 2002 in ’n hinderlaag doodgeskiet is.[1]

Dit is opvallend dat baie van die Angola-Afrikaners na Angola teruggekeer het toe omstandighede sodanig verander het dat dit vir hulle veilig sou wees. So byvoorbeeld het Pieter Biewenga, ’n afstammeling van ds. Pieter Biewenga, gedurende 1995 na die omgewing van Humpata en Lubango verhuis waar hy sendingwerk begin doen het vir Koinonia-Wêreldevangelisasie. Gedurende 2003 was hy steeds daar betrokke.[2] Nils Friedrich Voigt is in April 2005 in Angola oorlede nadat hy daarheen teruggekeer het.[3] Jannie (Boet) Deysel (getroud met ’n Portugese vrou, Nina Lopes), wie se familie in die sestigerjare by Chiange geboer het, het na Lubango teruggekeer.[4] Johan van Zyl van Grootfontein het in 2007 na Angola getrek.[5] José de Miranda, ’n nasaat van Artur de Paiva, werk vir ’n konstruksiemaatskappy Africon in Angola en het ’n plaas naby Cahama in die suide van Angola ontwikkel; wildgetalle op die plaas neem stadig toe.[6] Cecil du Plessis (die seun van Cornelis du Plessis en Marthie Milho) het teen 2007 ’n visvangkonsessie langs die Cuitorivier bedryf.[7]

In 2004 het die Kommissie vir Buitelandse Bediening, bestaande uit verteenwoor-

---

1 D. Birmingham, *A Concise History of Portugal*, pp. 196–197.
2 FJNS: F.J.N. Stassen, “Dagboek van ’n reis deur Angola 2003”, 05.09.2003; Anon., *Missäo* [sic] * *Sending* * *Mission. Angola* (pamflet).
3 Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
4 Persoonlike onderhoude: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 25.07.2006 & 28.02.2007; S.G. Martins (née Milho) & B.C. Milho, 11.07.2007; R. Prinsloo (née Deysel), 24.08.2008; Telefoniese onderhoud: M.C.J. Voigt (née Prinsloo), 26.09.2005.
5 Telefoniese onderhoud: C.M.J. Otto (née Labuschagne), 14.11.2007.
6 Persoonlike onderhoud: J.C. de P. Miranda, 23.11.2006.
7 Persoonlike onderhoud: M.M. Engelbrecht (née Milho), 05.07.2007.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

digers van die drie Afrikaanse Susterkerke, 'n kommissie aangewys "om 'n ondersoek in te stel na die bedieningsbehoeftes en bedieningsmoontlikhede onder Suid-Afrikaners wat in Afrika woon en werk". Angola is hierby ingesluit.[8]

Hierdie individue is slegs 'n deel van 'n groter stroom Afrikaners wat ná 1994 geleenthede in Afrika benut het. Teen 2009 was daar in feitlik alle Afrikalande suid van die Sahara, selfs Uganda, Nigerië en die Republiek van die Kongo, Suid-Afrikaanse en spesifiek Afrikaanse boere. Maklik verkrygbare en vrugbare grond, buitengewone boerderypotensiaal, goedkoop arbeid en volop water trek hierdie boere aan. Die politieke onstabiliteit (hoewel dit in baie lande meer stabiel as Suid-Afrika is), onsekere eiendomsreg en die feit dat alle benodigdhede self van Suid-Afrika ingevoer moet word, strem egter verdere uitbreiding.[9]

Ná 1994 was Afrikaners weens hulle geskiedenis nie meer so aanvaarbaar in Suid-Afrika nie en die swart meerderheid het al hoe meer pogings aangewend om wetlik teen hulle te diskrimineer. In die res van Afrika is hulle egter met ope arms verwelkom. Teen 2009 kon Afrikaners in baie Afrikalande, soos die DRK, Tsjad, Soedan, Nigerië, Angola, Mosambiek, Somalië en Mauritanië, gevind word. Volgens Waldimar Pelser, Media24 se verteenwoordiger in Lagos, Nigerië:

> Suid-Afrikaners, jonk en oud, werk in elke bedryf en in byna elke land [in Afrika] – hulle rig selfoonnetwerke op vir MTN, hulle bou Shoprites, hulle soek goud en diamante en uraan in Mauritanië en Angola. Nando's se peri-peri drup van Nigeriese hoenderfilette. Steers dien burgers op in Zambië.[10]

Die gedagte van 'n Afrikanertuisland was teen 2008 in sekere kringe dood. 'n Mens kon nie meer praat van Afrikaners as mense wat Afrikaans praat en in Suid-Afrika woon nie. Hulle het opnuut onder die besef gekom dat daar 'n groot, wye wêreld daar buite is. Een van hulle het dit soos volg gestel: "Ons is nou deel van daai groot volume mense wat deur die wêreld beweeg."[11]

Die meeste Angola-Boere het daarin geslaag om vir hulle nuwe lewens te bou in

---

8 Anon., "Bediening van die Evangelie in Afrika aan Suid-Afrikaners", http://www.onsweb.co.za./Briewe.htm, besoek op 26.04.2005.

9 Willem Pelser, "Pasop vir die Kongo!" & "Geil grond elders in Afrika lok talle van SA", *Rapport*, 22 Febr. 2009, p. 14; Willem Pelser, "Ghana werf SA boere met gratis plase", *Rapport*, 22 Mrt. 2009, p. 7; Willem Pelser, "Agri SA en die Kongo sluit ooreenkoms", *Beeld*, 24 Mrt. 2009, p. 5; Hennie Duvenhage, "Boere kan in Kongo koop", *Sake24*, Bylae tot *Beeld*, 17 Apr. 2009, p. 1; Hennie Duvenhage, "Groot boeretrek na Kongo kan kom", *Sake24*, Bylae tot *Beeld*, 20 Apr. 2009, p. 1.

10 Waldimar Pelser, "Afrikaners vir Afrika", *Rapport*, 15 Nov. 2008.

11 *Ibid*.

© University of Pretoria

Suid-Afrika en Namibië. Hulle kinders voer nie meer 'n nomadiese bestaan waarin jag 'n belangrike ekonomiese aktiwiteit is nie. Slegs enkele van hulle nasate boer vandag nog. Hulle kinders kan dikwels nie meer Portugees en glad nie meer Umbundu of Ovambo praat nie. Die kleinkinders weet nog minder van hulle erfenis.

Wanneer 'n mens vandag in Angola rondreis, is daar min tekens van die eertydse bewoning van die land deur die Boere. Hier en daar kan nog 'n woning of twee, die bouvalle van eertydse wonings, enkele bakoonde en 'n aantal Boeregrafte aangetref word.

Op enkele plekke kan die spore van hulle ossewaens nog gesien word.[12] Op 'n landkaart is die padnetwerk in die suide van Angola sigbare oorblyfsels van die eertydse paaie wat die Boeretransportryers in Angola gemaak het. Hulle ossewaens, wat vroeër 'n algemene vervoermiddel in die suide van die land was, het reeds lank voor die laaste Boere in die land verdwyn.

Enkele plekname wat van die Boere afkomstig is – soos La Place (Laerplaas), Falcope (Vaalkop) en Três Fontes (Driefontein) – kan nog op 'n landkaart aangetref word.

Enkele afstammelinge van die "mak volk", met Afrikaanse name soos Robberts, Botha en Van der Merwe en wat nog Afrikaans kan praat, kan nog hier en daar verspreid in Angola aangetref word.

Mettertyd sal hierdie heroïese tydperk in die geskiedenis van die Afrikaners uit die geheue van die inwoners van Angola verdwyn – soos wat die bestaan van die Afrikaners van Angola ná 1928 reeds gedurende hulle eie leeftyd uit die volksgeheue verdwyn het. Wanneer 'n nuwe geskiedenis van Angola geskryf word (die eerste in meer as 35 jaar), is dit moontlik dat die bydrae van die Afrikaners tot die ontwikkeling van die land nie eens daarin vermeld sal word nie.

Dit was nietemin nodig om navorsing oor hierdie klein, vergete episode in die trekgeskiedenis van die Afrikaners te onderneem en dit op skrif te stel. Hierdie werk is dus 'n poging om 'n bietjie van die erfenis van die Angola-Boere vas te vang voordat dit uit die kulturele geheue vervaag en in die newels van die vergete verlede verdwyn.

---

12 Persoonlike onderhoud: E. Steytler (Elsa Joubert), 10.05.2005; FJNS: F.J.N. Stassen, "Dagboek van 'n reis deur Angola 2003", 06.09.2003.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bylae 1

GEOGRAFIESE NAME

PLEKNAME

Naam voor 1975	Vroeëre naam of naam ná 1975
Ambrizete	Nzeto
(Vila) Artur de Paiva	Cubango, Cuvango, Vila da Ponte
Carmona	Uíge
Cassinga	Kassinga
Duque de Bragança	Calandula
Forte Roçadas	Xangongo
Henrique de Carvalho	Saurimo
(Vila) João de Almeida	Chibía
(Vila) Luso	Luena
Malanje	Malange
(Vila) Mariano Machado	Ganda
Moçâmedes	Namibe
Nova Lisboa	Huambo
Nova Sintra	Catabola
Novo Redondo	Sumbe
Pereira de Eça	Ngiva of Ondjiva
Porto Alexandre	Tombua
Sá da Bandeira	Lubango
Serpa Pinto	Menongue
Silva Porto	Bié (Bihé), Cuito
Teixeira da Silva	Bailundo
Teixeira de Sousa	Luao
Vila da Ponte	(Vila) Artur de Paiva, Cubango, Cuvango
Vila de Almoster	Chiange
Vila de Folgares	Capelongo
Vila Nova do Seles	Uco, Uku
Vila Salazar	N'Dalatando

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

NAME VAN LANDE

Vroeëre naam	**Latere naam (na onafhanklikheid)**
Belgiese Kongo	Zaïre (Demokratiese Republiek van die Kongo)
Betsjoeanaland	Botswana
Franse Kongo	Republiek van die Kongo
Kongo-Brazzaville	Republiek van die Kongo
Njassaland	Malawi
(Noord-)Rhodesië	Zambië
Portugees-Guinee	Guinee-Bissau
Ruanda-Urundi	Rwanda en Burundi
(Suid-)Rhodesië	Zimbabwe
Suidwes-Afrika	Namibië
Tanganjika	Tanzanië

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bylae 2

AFRIKANERS WAT IN 1928 IN ANGOLA AGTERGEBLY HET

Gesin	Woonplek	Aantal gesinslede
Alberts, Andries Johannes Daniel x Maria Aletta Venter	Humpata	4
Alkaim, José Mayer x Jacomina Gertruida Elizabeth Grobler	Cubal	2–3
Behan, Filippus Jacobus x Hendrina Henrietta Robberts	Cubal	2
Behan, Henry Daniel x Christina Johanna Robberts	Cubal	3
Behan, Margie Petronella (née Groesbeek) (geskei, saamwoonverhouding)	Cubal	1
Benade, Lodewikus Gerhardus x Rachel Anna Maria Visser	Cubal	7
Black, Josef W.F.	Humpata	1
Botha, Rudolf Philippus x Jacomina Catharina Elizabeth van Dyk	Cubal	3
Botha, Theunis Louis x Elsie Maria Magrietha Botha	Bié	4–7
Branco, José Alberto x Catharina (Cornelia) Francina Milho	Humpata	2
Brits, Adriaan Jan Adam x Maria Magrieta Wilhelmina Weber	Bié	2
Bronkhorst, Anna Elizabeth (saamwoonverhouding)	Bié	1
Bronkhorst, Isabella Catharina Maria (saamwoonverhouding)	Bié	1
Bronkhorst, weduwee Magdalena Josina Johanna (saamwoonverhouding)	Bié	1
Burger, Barend Bartholomeus x Susara Margaretha Watson	Bié	9
Coetzer, Pieter Wilhelm Johann (ongetroud)	Cubal	1
Coetzer, Wentzel Christoffel x Anna Susanna Catharina Putter	Cubal	2
Correia, mnr. x Anna Botha	—	2
Da Câmara, Alfredo Marques x Jesina Maria Delport (wed. Dreyer)	Bié	2–3
Da Costa, Ana Benedita do Sacramento (née Monteiro) (getroud)	Humpata	1
Da Costa Neves, Sebastião Justino x Jacomina Gertruida Elizabeth de Paiva	Humpata	2
De Brito, António Leino x Gertruida Magdalena Steyn	Sandveld	2
De Cruz, Theodoro José x Anna Susanna Catharina van Dyk	Cubal	0–2
De Jager, Christiaan Lodewyk (ongetroud)	Cubal	1
De Jager, Johannes Jacobus x Francina Catharina Lambert	Cubal	7
De Jager, Thomas Jan Lambert (ongetroud)	Cubal	1
De Klerk, Hendrik Jacobus x Maria Elizabetha Ivens	Cubal	5

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

De Klerk, Jacobus Abraham x Maria Catarina Leão de Almeida e Silva	Humpata	3
De Klerk, Paul Jacobus Gustavus (ongetroud)	Cubal	1
De Klerk, Theunis Christiaan x Danielina Frederika Pieternella G. Diederiks	Cubal	8
De Klerk, Willem Abraham x Gertruida Magrieta Sofia Putter	Cubal	6–9
De Klerk, Zacharias x Cecilia Jacoba Visser	Cubal	3
De Nobrega, João x Cecilia Jacoba van der Walt	Humpata	2
De Nobrega, Joaquim Martins x Ângela Maria Dias Milho	Humpata	2
De Oliveira, Valentin x Magrieta Christina Hayes	Humpata	3
De Paiva, Bartolomeu José Ferreira Botha x Christina Johanna Sofia Venter	Humpata	7
De Paiva, Jacobus Frederik Botha Ferreira (Co)	Humpata	1
De Sousa, Augusto Anoleto x Magdalena Christina Verster	Bié	2
De Sousa, João Jacinto Edgar x Johanna Francina Jacoba Koekemoer	Mombolo	6
De Sousa, Manuel José Rodrigues x Anna Margaretha Petronella Verster	Bié	2
De Sousa, Mario x Sara Maria Helena Harmse	Humpata	3
De Villiers, Hendrik Jacobus x Martha Susanna Ludeke	Bié	3
Diederiks, Marie Elizabeth (née Greyling) (weduwee & kind)	Cubal	2
D'Oliveira, João António x Aletta Gertruida Petronella Janse van Vuuren	Humpata	0–2
Du Plessis, Martha Margaretha (weeskind)	Bié	1–2
Du Plooy, mej. (saamwoonverhouding)	Humpata	1
Engelbrecht, Cornelis Johannes Petrus x Christina Johanna Ludeke	Bié	10–12
Engelbrecht, Cornelis Johannes Petrus x Magrietha Johanna Taljaard	Bié	2
Enslin, Catharina Maria Engela (née Harmse) (weduwee)	Bié	1
Enslin, Dawid Bernardus x Martha Maria Ludeke	Bié	6–7
Enslin, Paul Jacobus Robberts (ongetroud)	Bié	1
Enslin, Pieter Jacobus (ongetroud)	Bié	1
Enslin, Pieter Jacobus x Danielina Jacoba Opperman	Bié	2–3
Erasmus, Pieter Johannes	Cubal	1
Erasmus, Anna Christina (née Greyling) (weduwee)	Cubal	1–2
Fourie, Christoffel Johannes Adriaan x Hendrika Johanna Nicolasina van Zyl	Bié	4–6
Fourie, Gideon François x Johanna Hendrina Gloudina Dorothea Viljoen	Bié	4–8
Fourie, Jesina Maria (née Dreyer) (saamwoonverhouding)	Bié	1
Garção, José Maria x Martha Maria Aletta Milho	Humpata	2
Gomez, Francisco L. x Johanna van Staden	Humpata	0–2
Greshoff, Pieter Marthinus x Anna Zacharia de Klerk	Cubal	2
Groesbeek, Gert x Anna Christina de Klerk	Cubal	3
Hamman, Josias Jacobus x Ella (Elsie) Catarina Horn	Bié	2

© University of Pretoria

Harmse, Barend Johannes x Johanna Susanna Catharina Swarts	Bié	7–12
Harmse, Pieter Jacobus x Martha Susanna Ludeke	Bié	4
Hayes, Germina Sophia (kind)	Humpata	1
Hayes, James Paules x Anna Sofia Smit	Humpata	5–10
Hayes, John Victor x Johanna Hendrina Geertruida Steyn	Humpata	2–4
Hayes, Michael x Anna Margharida Erasmus	Humpata	4–6
Hayes, Michael x Johanna Jacoba van Zyl	Humpata	0–3
Ivens, Jacob Johannes x Maria Elizabeth Piorek	Cubal	2
João, Manuel x Martha Magrieta Viljoen	Sandveld	3
Klopper, Willem Jacobus Marthinus x Martha Louisa Prinsloo	Bié	2–5
Koester, Paul Johann Heinrich x Sarah Margaretha Chapman	Mombolo	8
Kruger, Hendrik Abraham x Christina Johanna Ludeke	Bié	6
Louw, mnr.	Bié	1
Ludeke, Barend Jacobus x Cornelia Helena van der Walt	Bié	2
Ludeke, Barend Jacobus Jurgens x Johanna Hendrina Ludeke	Bié	7
Ludeke, Cornelis Johannes Petrus x Anna Johanna (of Christina) van Zyl	Bié	3
Ludeke, Daniel Rudolf x Johanna Susanna Erasmus	Bié	2
Ludeke, Jan	Bié	1
Ludeke, Martha (saamwoonverhouding)	Bié	1
Ludeke, Petrus Jacobus x Susanna Susara van der Walt	Bié	6
Ludeke, Ragel Jacoba Barendina (née Engelbrecht) (weduwee)	Bié	1–5
Ludeke, Willem Joachim x Aletta Catharina Martha van der Walt	Bié	4
Ludeke, Willem Joachim x Johanna Gezina Weber	Bié	3
Manuel, C.O. x Christina Johanna (nooiensvan onbekend)	Cubal	2
Marques, Jesina (née Fourie) (saamwoonverhouding)	Bié	1
Mendes, Custodio Benquerença Ferreira x Hester Johanna van Staden	Mombolo	3
Monteiro, Artur x Antonetta Christina Bojé	Humpata	3
Monteiro, Carolino do Sacramento x Martha Aletta Maria Ackerman	Humpata	2
Monteiro, Joaquim Maria x Lukina Cornelia van der Merwe	Que	3
Morais, Isidro da Costa x Maria Aletta Ackerman	Humpata	3
Nannings, Petrus Albertus x Gertruida Margaretha Sophia Bezuidenhout	Bié	2
Nieuwenhuizen, Johannes Mattheus x Catharina Elizabeth Louw	Cubal	4
Oosthuizen, Lourens Daniel x Engela Maria Hermina de Jager	Cubal	4
Opperman, Albertus Stefanus Abraham x Johanna Elizabeth Coetzer	Bié	4–6
Opperman, Willem Marthinus x Helena Elizabeth Botha	Cubal	8–12
Pienaar, João Diamantino (Johannes Jacobus) (minderjarige kind)	Bié	1

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Piorek, Johannes Hans x Johanna Hendrina Pretorius	Cubal	3
Piorek, Johannes Hans x Maria Elizabeth Diederiks	Cubal	6
Prinsloo, Baltharus Johannes (ongetroud)	Bié	1
Prinsloo, Hendrik Frederik x Martha Maria Jordaan	Bié	5–11
Putter, Christiaan Johannes Jacobus x Maria Johanna Visser	Cubal	8–12
Putter, Sarel Eloff x Anna Susanna van der Walt	Cubal	3–4
Putter, Gertruida Margrieta Sophia (née Van Dyk) (weduwee)	Cubal	1
Raes, Auguste Charles x Anna Susanna van der Walt	Cubal	2–3
Ribeiro, Manuel x Anna Margaretha Ackerman	Humpata	2
Robberts, Christiaan (ongetroud)	Bié	1
Robberts, Mita (minderjarig, ongetroud)	Cubal	1
Scheepers, Maria Susanna (weduwee & kind)	Cubal	2
Scheepers, Petronella Hendrieka (saamwoonverhouding)	Bié	1
Scholtz, Gert Daniel Jacobus x Susanna Hendrika Nieuwenhuizen	Cubal	5–6
Sell, Aletta Johanna Christina (née Kirsten) (weduwee)	Humpata	1
Silva, David Marcos x Anna Catharina Maria Botha	Humpata	2
Sternberg, Friedrich x Jacomina Gertruida Elizabeth Coetzer	Cubal	2
Storbeck, Eduard Frederik John x Maria Adriana Grobler	Cubal	8
Van den Berg, Wilhelmina Susanna (née Prinsloo) (weduwee)	Bié	3–4
Van der Merwe, David Johannes Jacobus x Susanna Catharina J. Enslin	Bié	5–6
Van der Merwe, Paulina Jacoba (née Putter) (weduwee)	Cubal	1
Van der Walt, Jacobus Petrus x Susara Susanna Steyn	Bié	3–9
Van der Walt, Jan Johannes Gysbertus x Anna Catharina M. van der Merwe	Bié	5–7
Van der Walt, Philippus Jacobus x Sarah Albertina Ludeke	Bié	2
Van Dyk, Johannes Hendrik (ongetroud)	Bié	1
Van Dyk, Marthinus Jacobus x Catharina Johanna Maria Harmse	Bié	4
Van Zyl, Johannes Abraham x Elizabeth Catharina Venter	Bié	2
Vasconcelos, João José x Johanna Susanna Viljoen	Sandveld	2
Venter, Willem Adriaan x Hester Johanna Cornelia Botha	Humpata	2
Verster, Adriaan François x Isabella Catharina Maria Botha	Bié	3
Verster, Maria (saamwoonverhouding)	Bié	1
Verster, Willem Andries Petrus (waarskynlik ongetroud)	Bié	1
Viljoen, Daniel Frederik x Correia	Sandveld	2–4
Visser, Floris x Maria (Joh)anna Catharina Benade	Cubal	6
Visser, Jesaja Jeremia (ongetroud)	Cubal	1
Visser, Sannie (weduwee)	Cubal	1

© University of Pretoria

Visser, Cecilia Jacoba (née Bezuidenhout) (weduwee)	Bié	1–4
Weyhe, Herman Adolf Karl x Gertbrecht Elizabeth Peters	Mombolo	3
Wilhelm, Joachim Helmuth (was getroud met M.M.S.G. du Plessis)	Mombolo	1
TOTAAL		**386–471**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bylae 3

AFRIKANERVROUE WAT TEEN 1928 MET PORTUGESE MANS GETROUD WAS EN IN ANGOLA AGTERGEBLY HET

Naam	Troudatum
Botha, Anna x Correia[1]	—
De Paiva, Jacomina Gertruida Elizabeth x Sebastião Justino da Costa Neves[2]	09.09.1927
Delport, Jesina Maria (née Dreyer) xx Alfredo Marques da Câmara[3]	18.06.1927
Harmse, Sara Maria Helena x Mario de Sousa (van Madeira)[4]	—
Janse van Vuuren, Aletta Gertruida Petronella x João António D'Oliveira[5]	1916
Koekemoer, Johanna Francina Jacoba x João Jacinto Edgar de Oliveira de Sousa[6]	1923
Milho, Anna Margaretha x Manuel Ribeiro[9]	23.09.1922
Milho, Catharina Cornelia Fransina x José Alberto Branco[7]	—
Milho, Martha Maria Aletta x José Maria Garção[8]	23.09.1922
Monteiro, Ana Benedicta do Sacramento x Martinho da Costa[10]	09.03.1918

1 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
2 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 114.
3 *Ibid.*, p. 114.
4 NAN: SWAA 709 A68/5/1/4262, Verklaring deur Passasier of ander persoon, M. de Sousa en ander, 20.09.1949; Persoonlike onderhoud: P.J.J.S. Potgieter, 01.06.2008; Telefoniese onderhoud: M.P. Vermeulen (née De Sousa), 14.01.2009.
5 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 118.
6 NHK: K1/2 3/31/9, P.P.H. Alberts, "Raport" oor sy besoek aan Angola, 07.09.1948, pp. 7–8.
7 NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Brief Waarnemende Sekretaris vir Suidwes-Afrika – C.H. Hahn, ongedateer (ca. 1928), vergesel van verklarings deur Anna Margareta Ribeiro, Martha Maria Aletta Garção & Catharina Cornelia Fransina Branco, 26.07.1928. Dieselfde dokumente is ook in NAN: ATK A.T.1. Persoonlike onderhoud: P.J.J.S. Potgieter, 01.06.2008.
8 NAN: SWAA 835 A68/5/4 (v2), Brief Waarnemende Sekretaris vir Suidwes-Afrika – C.H. Hahn, ongedateer (ca. 1928), vergesel van verklarings deur Anna Margareta Ribeiro, Martha Maria Aletta Garção & Catharina Cornelia Fransina Branco, 26.07.1928. Dieselfde dokumente is ook in NAN: ATK A.T.1. Persoonlike onderhoud: P.J.J.S. Potgieter, 01.06.2008.
9 *Ibid*.
10 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", pp. 114, 132.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Steyn, Gertruida Magdalena x António Leino de Brito (van Macau)[11]	28.02.1922 & 02.05.1922
Van Dyk, Anna Susanna Catharina x Theodoro José de Cruz (van Angola)[12]	30.11.1897
Verster, Magdalena Christina x Anoleto de Sousa[13]	18.08.1926
Onbekend, Christina Johanna x C.O. Manuel[14]	17.06.1928
TOTAAL	**14**

11 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 115; GKSA: HU 5.1.1 Gereformeerde Kerk Humpata Huweliksregister, p. 55, 02.05.1922.

12 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 115; GKSA: QU 5.1.1 Gereformeerde Kerk Que Huweliksregister, 30.11.1897.

13 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928); H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 141.

14 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 131.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bylae 4

AFRIKANERVROUE WAT TEEN 1928 MET PORTUGESE MANS SAAMGELEEF HET EN IN ANGOLA AGTERGEBLY HET

Naam

Badenhorst, Magdalena Josina Johanna Badenhorst (née Botha, weduwee Bronkhorst)[1]

Behan, Margie Petronella (née Groesbeek) (vermoedelik met Julio of Cristóvão de Lima)

Bojé, Antonetta Christina Bojé[2]

Botha, Isabella Catharina Maria[3]

Bronkhorst, Anna Elizabeth[4]

Bronkhorst, Isabella Catharina Maria[5]

Du Plooy, mej. (met ene De Sousa)[6]

Erasmus, Anna Christina Erasmus (née Greyling) (met ene José)[7]

Fourie, Jesina Maria (née Dreyer)[8]

"Krul", Lettie (vermoedelik Sell?)[9]

Ludeke, Christina Johanna Ludeke (met J. Maraes)[10]

Ludeke, Martha[11]

1 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928). Sy het later met ene Carvalho getrou en nog later met 'n Hayes – FJNS: P.P.H. Alberts-aanwins, Brief P.A. Nannings – P.P.H. Alberts, 11.12.1948
2 NAN: BIN 8 B16, Afstammelinge van Jan Georg Matheus [sic] Kersten en Johanna Hendrina (noiensvan onbekend) [= Grobler], ca. 1975.
3 H.F. Heese, "Genealogie as Hulpwetenskap van die Geskiedenis met verwysing na die Boeretydperk in Angola 1881–1928", p. 152. Sy is later met Adriaan François Verster getroud.
4 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928). Sy het Angola in 1930 verlaat en na Suid-Afrika geëmigreer.
5 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).
6 GKSA: Humpata bylaag 2.1.3, D.G. Venter, "Dagboek van my reis in Angola Jul. – Sept. 1926", pp. 26, 30–31.
7 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 13.10.1919, artikel 8; 20.11.1922, artikel 4; 17.09.1923, artikel 4; Persoonlike onderhoud: E.J.H. Labuschagne (née Botha), 01.08.2007. Sy het by hom 'n buite-egtelike kind gehad.
8 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 01.10.1926, artikel 11.
9 W.A. de Klerk, *'n Swerwer op die sonpad*, pp. 214–215.
10 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 06.04.1912, artikel 6; 07.04.1917, artikel 5.
11 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Scheepers, Petronella Hendrieka Scheepers[12]

Sell, Aletta Johanna Christina (née Kirsten)[13]

Van der Merwe, Lukina Cornelia (met Joaquim Maria Monteiro)[14]

Van Staden, Hester Johanna (met Custodio Benquerença Ferreira Mendes)[15]

Van Staden, Johanna (met Francisco L. Gomez)[16]

Verster, Anna Margaretha Petronella (met Manuel José Rodrigues de Sousa)[17]

Verster, Maria[18]

Viljoen, Johanna Susanna (met João José Vasconcelos)[19]

TOTAAL **19**

---

12 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.

13 GKSA: HU 1.1.3, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 27.04.1923, artikel 3; 21.12.1923, artikel 3; 02.08.1924, artikel 3. A. Alberts, *In Vreemdelingskap*, p. 101.

14 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 26.09.1921, artikel 5; 17.09.1923, artikel 4; 28.09.1925, artikel 5; GKSA, Brief P. Biewenga – Algemene sinode, 1923; NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928). Sy het later besluit om wel te verhuis en is in 1929 met Jacob Dirk Taljaard, 'n Angola-Boer afkomstig van Ghanzi, getroud – Persoonlike onderhoud: J.F. Potgieter (née Taljaard), 01.06.2008.

15 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928); GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 01.10.1926, artikel 20.

16 GKSA: HU 1.1.2, Notule Kerkraadsvergadering Humpata, 18.02.1889, artikel 4; 03.05.1889, artikel 8; 30.09.1892, artikel 5. Hulle het reeds vroeg uit die Afrikaanse gemeenskap verdwyn, hoewel Gomez 'n lid van die Gereformeerde Kerk geword het. Hy was blykbaar nooit wettig van sy eerste vrou geskei nie en het onwettig met Johanna getrou. Dit kon nie vasgestel word of hulle ooit daarna 'n wettige huwelik gesluit het nie.

17 GKSA: QU 1.1.1, Notule Kerkraadsvergadering, Que, 06.04.1912, artikel 5; NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).

18 NAN: SWAA 849 A68/5/4/120, "Lys van persone wat nie sal trek nie", ongedateer (ca. 1928).

19 NHK: K1/2 3/31/9, Brief Ds. J.D. Storm – Ds. T.F.J. Dreyer, 22.08.1946.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bylae 5

AFRIKANERS WAT ONGEVEER 1958 IN ANGOLA GEWOON HET

Gesin	Woonplek	Aantal gesinslede
Behan, Filippus Jacobus x Francina Elizabeth de Jager	Chipindo	2
Benade, Floris Nicolaas x Anna Susanna Putter	Capala	7
Benade, Lodewikus Gerhardus (vrygesel)	Capala	1
Benade, Rachel Anna Maria (née Visser) (weduwee)	Capala	1
Botha, Elsie Maria Magrietha (née Botha) (weduwee)	Luahanda	1
Botha, Rudolf Philippus x Jacomina Catharina Elizabeth van Dyk	Chicuma	8
Botha, Theunis Louis x Elisabetha Wilhelmina Putter	Chicuma	3
Branco, Catharina (Cornelia) Francina (née Milho) (weduwee)	Humpata	1
Brits, Willem Willemina Jacobus x Cecilia Johanna van der Walt	Capeio	6
Cardoso, Ana Sofia (née Hayes) (nie getroud nie)	Cuvelai	3
Coetzer, Pieter Wilhelm Johan x Magdalena Johanna Susanna de Klerk	Chicuma	8
Coetzer, Pieter Wilhelm Johann x Cecilia Jacoba Benade	Chicuma	11
Coetzer, Wentzel Christoffel x Anna Susanna Catharina Putter	Chicuma	3
Da Costa Neves, Sebastião Justino x Jacomina Gertruida E. de Paiva	Sá da Bandeira	3
Da Fonseca, Álvaro Castelões x Maria Heila Levina Storbeck	Capala	5
Da Ponte, António Mendes x Adriana Gisela Voigt	Capala	2
De Brito, António Leino x Gertruida Magdalena Steyn	Chibía	2
De Jager, Johannes Jacobus x Gesina Maria Magdalena de Klerk	Chipindo	10
De Jager, Stefanus Engelbrecht (ongetroud)	Capala	1
De Jager, Susanna Maria (née Scheepers) (geskei, met moeder)	Capala	2
De Jager, Thomas Jan Lambert x Gertina Johanna Hayes	Chipindo	5
De Klerk, Carel Clement Eduard x Margaretha Johanna Francina Benade	Chicuma	4
De Klerk, Hendrik Jacobus x Johanna Elizabeth de Jager	Chicuma	3
De Klerk, Hendrik Jacobus x Maria Elizabetha Ivens	Chicuma	7
De Klerk, Paul Jacobus Gustavus x Johanna Sophia Gertruida Prinsloo	Chicuma	2
De Klerk, Theunis Christiaan x Danielina Frederika P.G. Diederiks	Caluquembe	3
De Klerk, Theunis Christiaan x Francina Catharina Sw(i)egelaar	Chicuma	4

© University of Pretoria

De Klerk, Willem Abram x Johanna Gezina Ludeke	Chicuma	9
De Miranda, Romero Marques x Maria Teresa Ferreira Venter de Paiva	Humpata	3
De Nobrega, Gilberto x Maria Amélia de Sousa	Humpata	2
De Nobrega, João van der Walt x Mercedes do Rosário Sousa	—	5
De Oliveira, Eduardo Alves x Hendrina Francina Venter de Paiva	Humpata	6
De Paiva, Artur Botha Ferreira Venter x Maria Graciette Nobrega	Humpata	3
De Paiva, Bartolomeu José Ferreira Botha x Christina Johanna Sofia Venter	Curoca	2
De Paiva, Bartolomeu José Ferreira Botha x Heila Hermina Coetzer	Pocólo	3
De Sousa, João Jacinto Edgar x Johanna Francina Jacoba Koekemoer	Nova Lisboa	2
De Villiers, Pieter Jacobus x Susara Cornelia Ludeke	Chicuma	5
Diederiks, Jan Johannes x Rosina Storbeck	Capala	6
Dos Santos, Alfredo Álvaro x Anna Christina (Annie) Storbeck	Ganda	5
Dos Santos, Artur x Danielina Frederika de Klerk	Chipindo	5
Du Plessis, Pieter Ignatius x Jacomina Elizabeth Koekemoer	Pocólo	5
Duvenhage, Jan Hendrik x Maria Elizabetha de Klerk	Chicuma	3
Duvenhage, Theunis Gerhardus x Charlotta Catharina van Dyk	Que	9
Engelbrecht, Carel Adriaan x Jacomina Johanna Harmse	Capeio	8
Engelbrecht, Frederick Jacobus x Anna Johanna Helena Hamman	Capeio	5
Engelbrecht, Jacobus Johannes x Magrietha Johanna Taljaard	Capeio	2
Engelbrecht, Johannes Marthinus x Johanna Elisabetha Coetzer	Chicuma	4
Enslin, Dawid Bernardus x Ellie Catrina Hamman	Vila Luso	3
Enslin, Dawid Bernardus x Martha Maria Ludeke	Vila Luso	4
Enslin, Johannes Marthinus x Christina Johanna Putter	Vila Luso	6
Erasmus, Anna Christina (née Greyling) (weduwee)	Chicuma	1
Erasmus, Pieter Johannes (ongetroud)	Chicuma	1
Ferreira, Raul Rebeca x Lea Koekemoer de Sousa	Nova Lisboa	7
Fourie, Christoffel Johannes Adriaan (wewenaar en 2 kinders)	Que	3
Fourie, Gideon François x Helena Elizabeth Botha	Luahanda	4
Fourie, Gideon François x Erna Piechazeck	Luahanda	6
Fourie, Hendrika Johanna Nicolasina (x Albano Paiva Mendonça)	Que	4
Fourie, Jan Hendrik x Maria Invam de Sousa	Que	5
Hamman, Josia Jacobus x Cornelia Botha	Vila Luso	9
Harmse, Martha Maria (met 2 kinders)	Luahanda	3
Hayes, Anna Sofia (née Smit) (weduwee met 5 kinders)	Artur de Paiva	6
Hayes, Johanio (Johannes) Petrus (ongetroud)	Cuvelai	1
Hayes, Magdalena Josina Johanna (née Botha) (weduwee)	Nova Lisboa	1

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ivens, Carel Clement Eduard (ongetroud)	Que	1
Jacobsz, George Sebastiaan x Sarah Petronella Elizabetha Breedt	Artur de Paiva	5
Kruger, Albertus Stefanus x Susanna Susara Engelbrecht	Silva Porto	7
Kruger, Christina Johanna (weduwee met 2 kleinkinders)	Silva Porto	3
Kruger, Louisa Petronella (weeskind)	Silva Porto	1
Kruger, Petrus Johannes x Albertina Magdalena Prinsloo	Saurimo	6
Laranja, António Marques x Maria Alice Verster	—	7
Ludeke, Aletta Catharina Martha (weduwee)	Capeio	1
Ludeke, Barend J. (ongetroud)	—	1
Ludeke, Barend Jacobus x Helena Margie Catharina de Klerk	Capeio	9
Ludeke, Barend Jacobus Jurgens x Ragel Jacoba Barendina Harmse	Capeio	7
Ludeke, Barend Jacobus Jurgens x Johanna Hendrina Ludeke	Capeio	2
Ludeke, Erens Petrus (Erens Pedro) (ongetroud)	Capeio	1
Ludeke, Ernst Petrus Jacobus (ongetroud)	Capeio	1
Ludeke, Jacobus Petrus x Cornelia Johanna Opperman	Capeio	5
Ludeke, Johannes Marthinus x Gertruida Magrieta Sofia Ludeke	Capeio	5
Ludeke, Johannes P. (ongetroud)	—	1
Ludeke, Petrus Jacobus x Anna Catharina Martha Ludeke	Capeio	8
Ludeke, Willem Joachim x Jacomina Jacoba Enslin	Capeio	5
Martins, Rui de Jesus x Susanna Gertruida Milho	Chiange	2
Martins, Victor do Carmo x Louisa Hermina Voigt	Capelongo	2
Milho, Francisco Dias x Susanna Gertruida Horn	Chiange	7
Milho, Petrus Gerhardus x Louisa Pieternella Grobler	Pocólo	3
Monteiro, Eduardo António x Julieta Maria Teixeira	—	2
Monteiro, Francina	Capala	1
Monteiro, José Francisco x Gertruida Magrieta Sophia Piorek	Caluquembe	4
Nannings, Petrus Albertus x Gertruida Margaretha Sophia Bezuidenhout	Capeio	2
Neves, Cecilia Jacoba de Klerk (x Acácio Pedrosa Neves)	Longonjo	5
Opperman, Albertus Stefanus Abraham x Johanna Albertina Ludeke	Chicuma	3
Opperman, weduwee	—	4
Opperman, Gertruida Margaretha Sophia (née Putter) (weduwee)	Capeio	1
Opperman, Johan Christiaan Louis x Christina Johanna Engelbrecht	Luahanda	4
Opperman, Pieter Willem Johan x Sofia Aletta Ludeke	Chicuma	6
Opperman, Theunis Louis x Julieta Koekemoer de Sousa	Luahanda	10
Opperman, Wentzel Christoffel x Rachel Anna Maria Putter	Chicuma	4
Opperman, Willem Maarten x Cecilia Jacoba Putter	Chicuma	6

© University of Pretoria

Opperman, Willem Martin x Danielina Catharina Jacoba van Dyk	Chicuma	5
Opperman, Willem Martin x (Ragel) Magrieta Johanna Francina Visser	Chicuma	11
Piechazeck, Albert Adolph (ongetroud)	Vouga	1
Piechazeck, Susanna Susara (née Van der Walt) (weduwee)	Vouga	1
Pienaar, João Diamantino x Elsie Maria Magrieta Opperman	Luahanda	9
Piorek, Friedrich Karel Lourens Abraham (saamwoonverhouding)	Que	1
Piorek, Jacob Johannes x Johanna Elizabetha de Klerk	Chiange	6
Piorek, Johannes Hans x Johanna Elizabeth de Klerk	Que	8
Piorek, Maria Elizabetha (née Diederiks) (weduwee)	Que	1
Prinsloo, Cornelius Johannes Gerhardus x Gerbrecht Elizabeth Coetzer	Chiange	4
Prinsloo, Hendrik Frederik (ongetroud)	Saurimo	1
Prinsloo, Michael Wilhelm x Cecilia Johanna Du Plessis	Chiange	5
Prinsloo, Michael Wilhelm x Aletta Maria (Magdalena) Du Toit	Chiange	4
Putter, Christiaan Johannes Jacobus x Maria Johanna Visser	Chicuma	6
Putter, Gesina Maria Magdalena x De Nobrega (huwelikstatus onseker)	Chicuma	5
Putter, Nicolaas Jacobus x Martha Maria van den Berg	Chicuma	6
Putter, Paul Jacobus Gustavus Wilhelmus x M.M.E. Opperman	Chicuma	6
Raes, Auguste Charles Francisco x Margaretha Maria Emma de Jager	Chicuma	4
Riekert, Johan Wilhelm x Martha Susanna Ludeke	Saurimo	5
Scheepers, Petronella Hendrieka (saamwoonverhouding)	—	1
Seiros, Alfredo Agosto de Sa x Magrieta Johanna Jacoba Piorek	Humpata	6
Simões, Martha Margaretha (née Du Plessis) (weduwee)	Luahanda	3
Storbeck, Charles Frederik x Filipina Wilhelmina Putter	Chicuma	4
Storbeck, Daniel Jacobus x Gertbrecht Elizabeth (Breggie) de Klerk	Capala	9
Storbeck, Eduard Frederik John x Maria Adriana Grobler	Capala	2
Storbeck, Eduard Frederik John x Maria Elizabeth de Klerk	Dongo	6
Storbeck, Willem Frederick Carel x Johanna Elizabetha de Klerk	Capala	5
Teixeira, Fernando da Costa x Helena Elizabeth Fourie	Bailundo	2
Theron, Fanie x Willa	—	8
Van der Merwe, David Johannes Jacobus x Johanna Susanna Duvenhage	—	2
Van der Merwe, David Johannes Jacobus x Susanna Gertruida Enslin	—	1
Van der Merwe, Jan Hendrik x Clara Isabella Robberts	—	4
Van der Merwe, Pieter Jacobus (gesin met grootmoeder)	—	5
Van der Merwe, Susanna Catharina Johanna (née Enslin) (weduwee)	Saurimo	1
Van der Walt, Anna Susanna (ongetroud)	Capeio	1
Van der Walt, Jacobus Petrus (wewenaar)	Vouga	1

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van der Walt, Jan Johannes Gysbertus (buite-egtelike kind)	—	1
Van der Walt, Johannes Gysbertus (ongetroud)	Cuvelai	1
Van der Walt, Paul Stephanus x Jacomina Gertruida Elizabeth Venter	Chiange	2
Van der Walt, Sarah Albertina (née Ludeke) (weduwee)	—	1
Van Zyl, Salomon Cornelis x Johanna Hendrina Piorek	Caluquembe	6
Verster, Adriaan François (Adriano Francisco) (wewenaar)	Silva Porto	1
Visser, Floris x Anna Susanna Catharina Piorek	Chicuma	6
Visser, Helena Elizabeth	—	—
Visser, Lodewikus Gerhardus x Magdalena Johanna Opperman	Chicuma	2
Visser, Nicolaas Jacobus x Johanna Paulina van den Berg	Ganda	8
Voigt, Carl Wilhelm x Martha Caterina Jacoba Prinsloo	Chicuma	4
Voigt, Werner Wilhelm x Carolina Storbeck	Chicuma	4
TOTAAL		**588**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BRONNE

I ARGIVALE BRONNE

1. ONGEPUBLISEER

AFRICANA-VERSAMELING, UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG (UJ)

A.L. Aucamp-aanwins

Dagboek 4 Geskiedenis van die Du Toit-familie van Damaraland.

ARCHIV DER SCHWEIZER ALLIANZ MISSION (ALLIANCE MISSIONNAIRE ÉVANGÉLIQUE SUISSE), WINTERTHUR, SWITSERLAND (SAM)

Famille Chatelain. Copies de lettres & divers (1885–1888, 1906–1910) (HC)

ARQUIVO HISTÓRICO ULTRAMARINO, LISSABON (AHU)

Secretaria de Estado da Marinha e Ultramar (SEMU)

Direcção Geral do Ultramar (DGU)

SEMU/DGU/Angola, 1A Repartição.

Pasta	*Nº.–V Ano*	
P.3,	Nº–V–787 (1882–1883).	No. 426, 15 de dezembro de 1882.
P.15,	Nº–V–799 (1895).	No. 30, 3 de março de 1895.
P.20,	Nº–V–804 (1900).	No. 928, 24 de setembro de 1900.
P. 33,		The Humble Petition of General F.J. Pienaar, 11.06.1912, in Governador Geral – Ministro, 27.12.1912.

SEMU/DGU/Angola, 2A Repartição.

Pasta	*Nº.–V Ano*	
P. 5,	Nº–V–832 (1881).	No. 412, 9 de dezembro de 1882.
P. 17,	Nº–V–844 (1893).	No. 512, 13 de outubro de 1893.

Junta Consultiva do Ultramar (JCU)

ACL/SEMU/DGU/JCU/01, Rep. 1, 30 junho de 1881, Cx. 15. Registo Liv. 3. No. 1090.
ACL/SEMU/DGU/JCU/01, Rep. 1, 27 de maio de 1909, Cx. 40. Registo Liv. 9. No. 0096.

Ministério das Colónias (MC)

Direcção Geral das Colónias do Ocidente e Oriente.
Sala 5. 6A Rep. No. 867. Miscelânea (1919–1921).

Ministério do Ultramar (MU)

Direcção Geral de Administração política e civil.
MU/GM/GNP. Serie 084 Pasta 3. 4A Rep. Angola Problemas políticos-administrativos. (1956–1960). "Situação dos boers em Angola".

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DOKUMENTASIESENTRUM, J.S. GERICKE-BIBLIOTEEK, UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH, STELLENBOSCH (US)

Private aanwinste

Aanwins no. 73 Veth, Daniël David 1850–1885

Lêer

73/4 Goddefroy, L.J. Journaal van der reis naar de Portugeesche bezittingen in West-Afrika onder de leiding van de heer D.D. Veth, 1884–1885.

73/15 Briewe i.v.m. dood van D.D. Veth en die voortsetting van die ekspedisie.

Aanwins no. 222 De Klerk, W.A.

Aanwins no. 256 Joubert, Elsa

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK, POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS, POTCHEFSTROOM (PU) (NOU NOORDWES-UNIVERSITEIT)

ALBERTS, Andries. 1996. "Rita McDonald: Geskiedenis van die McDonalds: Voorwoord".

BEZUIDENHOUT, A.F. Herinneringe "Vertel deur ou tante Anna Fransina Bezuidenhout (geb. Oosthuizen)". Opgeteken deur George Diederik van der Smit op 26 Aug. 1940, pp. 1–21.

DU PLESSIS, C.J.H. & L.M. s.d. "Die Do[r]slandtrek soals vertel deur die trekkers C.J.H. du Plessis en L.M. du Plessis". Opgeteken deur Gert Hendrik du Plessis (jongste seun van die verteller) gedurende die twintigerjare van die twintigste eeu. Manuskrip. 71 pp.

LAMBERT, S.O. Herinneringe "Vertel deur van Stephanus Oskar Lambert". Opgeteken deur George Diederik van der Smit op 5 September 1940, pp. 22–28.

